Omdat ons die evangelie glo,
leef ons met hoop

# AGENDA

## 4-8 Mei 2015

47ste Sinodesitting

## Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

(Wes-en-Suid-Kaapland)









**PROTEKTUM**
Versma Bellville (Pty)Ltd
Insurance Brokers
Versekeringsmakelaars
**FSP NO.** 4943







# PROTEKTUM KERKSKEMA VERSEKERING

- Laer premietariewe.
- Gratis ekstra voordele slegs vir ons kliënte.
- Jarelange ondervinding van kerkversekering en eise.
- Professionele en effektiewe dienste met ondervinding, kundigheid en tegniese bekwaamheid.
- Sover moontlik alle administrasie en korrespondensie namens kliënte te hanteer.
- Persoonlike, een-tot–een ondersteuning, leiding en toegewyde vennootskap.

**Raak vandag deel van Protektum se Kerkskema versekering:**

**Skakel:** 021 974 7300
**Sel:** 08244672220 - sms en ons skakel u terug.
**Epos:** info@protektumsa.co.za

Protektum (Versma Bellville (Pty) Ltd) is 'n geregistreerde finansiële diensverskaffer (FSP: 4943)

**Die volgende dekkings is gratis vir ons kerke ingesluit met die uitneem van dié afdelings:**

**Geboue omvattend:** Toevallige skade R50 000.
**Geboue omvattend:** Bars van geysers, watertenks en pype.
**Geboue omvattend:** Toevallige skade aan masjienerie van swembaddens, boorgate, sprinkelbesproeïngstelsel, elektriese hekke of motorhuisdeure R5 000.
**Diefstal:** Diefstaldekking sonder gewelddadige in- of uitbreek tot maksimum R10 000.
**Getrouheidswaarborg:** Ampsdraers is ingesluit.
**Gemeenregtelike aanspreeklikheid:** Bykomende versekerdes soos ouderlinge, diakens, dienswerkers, katege of vrywilligers wat namens die kerk optree as ampsdraers, is ingesluit.
**Gemeenregtelike aanspreeklikheid:** Professionele aanspreeklikheid en onregmatige ontslag is gedek tot R100 000.
**Gemeenregtelike aanspreeklikheid:** Werkgewersaanspreeklikheid is ingesluit vir R1 000 000.
**Persoonlike ongevalle:** Tydelike algehele ongeskiktheid is gedek vir 'werklike inkomste'.
**Huiseienaars:** Toevallige skade R50 000.

# Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika
# (Wes-en-Suid-Kaapland)

## Agenda
## vir die
## sewe en veertigste vergadering
## van die Sinode
## wat gehou word van
## Maandag 4 Mei 2015 om 13:00
## tot Vrydag 8 Mei 2015 om 14:00
## te ATKV Goudini Spa,
## Rawsonville

# Verbintenis 2003

Ons getuig dat die lewende Here ons hier ontmoet het.
Dit raak ons diep en het ons lewens verander.

- Ons voel bevoorreg dat ons getroue God ons roep om met oorgawe as sy vrygemaakte kinders hier in Afrika te leef.
- Ons aanvaar dat die nood van ons land ook óns verantwoordelikheid is.
- Ons is bly dat ons dit nie alleen hoef te dra nie, maar dat ons saam met ander gelowiges kan hande vat.

Omdat ons in die Opgestane Gekruisigde glo, is ons hoop groter as ons vrese.
Ons gaan dit nie hierby laat nie, al kos dit ook wat.

Daarom verbind ons ons

- om die God van grenslose genade beter te leer ken;
- om 'n kerk van ontferming te wees vir alle gebrokenes;
- om armoede te help bestry en mense te help om hulle waardigheid te herontdek;
- om ons te beywer vir die omvattende ontwikkeling van mense;
- om as NG Kerk-familie te herenig;
- om as geloofsgemeenskap met integriteit te lewe en
- om as gemeentes mekaar te versorg.

Ons bid dat die Gees van God ons hierin gehoorsaam sal maak.

# Verbintenis 2007

God Drie-Enig is aan die werk.
Niemand kan dit keer nie.



Selfs deur óns werk God.
Ons verwonder ons hieroor,
want ons is kleipotte wat maklik breek.
Ons weet nie alles nie.
Ons maak foute.
Ons is dikwels selfgerig en verdeeld.

Maar God lós ons nooit, en stuur ons
om kerk-sáám-met-ander te wees
ons sien die eenheid tussen gelowiges groei;
om kerk-vír-ander te wees
ons is nie daar vir onsself nie;
om kerk-in-Afrika te wees
ons is geseënd om hier te leef; en
om kerk-vir-die-skepping te wees
ons is verantwoordelik vir die omgewing.
Kom ons doen dit!

# Moderamen 2015

Omdat ons die evangelie glo, lewe ons met hoop.

# Inhoudsopgawe


Vorige Verbintenisse ........ 3

Inhoudsopgawe ........ 5

Brief aan elke Afgevaardigde ........ 7

Dagprogram ........ 11

Ordereëlings, Tydelike Taakspanne en Afkortings ........ 13

| | | |
|---|---|---|
| **A.** | **Moderamen** | **16** |
| | Bylaag 1 – Struktuurontwikkeling | 22 |
| | Bylaag 2 – Taakspan vir Menswaardigheid | 26 |
| | Bylaag 3 – Taal en die bevordering van geslagsgelykheid | 42 |
| | Bylaag 4 – Die NG Kerk en apartheid | 48 |
| | Bylaag 5 – Funksionering van ringe en die herindeling van ringsgrense | 51 |
| | Bylaag 6 – Uitslag Artikel 1 | 62 |
| **B.** | **Verslae van Diensgroepe** | |
| **1.** | **Diensgroep vir Armoede en Sorg** | **68** |
| 1.1 | Vigs Taakgroep – Gesamentlike verklaring | 71 |
| 1.1 | Badisa | 72 |
| 1.2 | GHBM | 77 |
| **2.** | **Diensgroep vir Gemeentebegeleiding** | **79** |
| 2.1 | Sinodale Taakspan vir Gemeentebegeleiding | 80 |
| 2.2 | Sinodale Taakspan vir Vrouebegeleiding | 81 |
| 2.3 | Sinodale Taakspan vir Gemeente-ontwikkeling en Kerklike Samewerking | 83 |
| 2.4 | Sinodale Taakspan vir Predikantebegeleiding | 93 |
| 2.5 | Sinodale Taakspan vir Kinder-, Jeug- en Familiebediening | 94 |
| **3.** | **Diensgroep vir Getuienis (KGA)** | **96** |
| 3.1 | KGA identiteit en verantwoording ……. | 96 |
| 3.2 | Algemene bedieningsfokusse en vorige sinodebesluite… | 97 |
| 3.3 | Bedieningswerk in die praktyk: | |
| 3.3.1 | Sinodale Taakspan vir Familie Ekumene in en buite Afrika …………. | 101 |
| 3.3.2 | Sinodale Taakspan vir Getuienis deur gemeentes en kerkverband …. | 103 |
| 3.3.3 | Sinodale Taakspan vir Arbeidsbediening …. | 112 |
| 3.3.4 | Sinodale Taakspan vir Publieke Getuienis … | 114 |
| 3.4 | KGA bestuursake …. | 116 |
| **4.** | **Diensgroep vir Toerusting** | **120** |
| 4.1 | Sinodale Taakspan vir Verdere Bedieningsontwikkeling (VBO) | 120 |
| 4.2 | Sinodale Taakspan vir Teologiese Opleiding (Kuratorium) | 121 |
| 4.3 | Sinodale Taakspan vir Leerstellige en Aktuele Sake | 127 |
| **5.** | **Diensgroep vir Ondersteuning** | **138** |
| 5.1 | Sinodale Taakspan vir die Argief | 138 |
| 5.2 | Sinodale Taakspan vir Diensverhoudinge | 140 |
| 5.3 | Sinodale Taakspan vir Eiendomme | 143 |
| 5.4 | Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie | 144 |
| | Geouditeerde finansiële state | 151 |
| | Trusteeverslag van die Predikante Pensioenfonds | 156 |
| 5.5 | Sinodale Taakspan vir Kommunikasie | 161 |
| 5.6 | Sinodale Taakspan vir Regte | 162 |
| | Bylaag 1: Reglemente | 164 |
| **C.** | **Beskrywingspunte** | 214 |
| **D.** | **Bybelgenootskap** | 216 |
| **E.** | **Lys van afgevaardigdes** | 219 |

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

**SAAKGELASTIGDE SE KANTOOR:** **PBO: 9300 13251**

NG Kerksentrum
De Langestraat 5
BELLVILLE
7530

Privaat sak X8
BELLVILLE
7535

Telefoon: 021-957-7104
Selfoon: 083-270-511
E-pos: bossie@kaapkerk.co.za
Web: http://kaapkerkadmin.co.za

# Brief aan elke Afgevaardigde

Liewe afgevaardigde

Ons hou van **Maandag 4 tot Vrydag 8 Mei 2015** ons sinodesitting by die ATKV se vakansieoord by Goudini. Baie dankie dat jy jouself beskikbaar gestel het om deel te wees van hierdie belangrike vergadering. Dit is baie belangrik dat jy goed voorbereid na die vergadering kom. Daarom bring ek die volgende inligting onder jou aandag.

## 1. Ons soek na die wil en leiding van ons Hoof

’n Sinode is ’n vergadering van gemeentes wat op grond van gedeelde oortuigings en roeping aan mekaar verbonde is en byeenkom om die wil van die Hoof van die kerk te onderskei. Daarom sien ons met groot afwagting uit na die ontmoeting met mekaar en veral met ons Hoof, Jesus Christus.

## 2. Die Agenda

Aangesien ons Sinode ’n vergadering van gemeentes is, het die Moderamen tot die oortuiging gekom dat gemeentes inspraak behoort te hê in die vorming van die agenda. Die Taakspan Sinode 2015 het ’n omvattende konsultasieproses gevolg. Daar was gesprekke met ringsverteenwoordigers (13 November 2014). Elke gemeente is versoek om teen 31 Januarie 2015 ’n lysie te stuur van die sake wat, na hulle mening, prioriteite vir die Sinode behoort te wees. Predikante se kommentaar is gevra (én vir ’n tweede keer gevra) oor die dienslewering van die sinodale diensgroepe en taakspanne. Jong dominees (onder 30) is op 11 November 2014 geraadpleeg. Die Sinodale Koördineringspan (SKS), die Moderatuur en die Moderamen het insette gelewer. Dit was uiteindelik redelik maklik om ses hooftemas te identifiseer, naamlik:

a. Missionale kerkwees
b. Jeug
c. Armoede
d. Profetiese getuienis (Hoe dink ons oor die land?)
e. Kerklos lidmate/evangelisasie
f. Lidmate/lidmaatskap

Die Moderamen het die volgende leuse vir die sinodesitting aanvaar:
**Omdat ons die evangelie glo, lewe ons met hoop.**

## 3. Formaat

Die Algemene Sinode het in 2013 besluit dat ons ’n missionale kerk wil wees. Ons neem dit as vertrekpunt vir ons sinodesitting in Mei 2015. Ons wil nou besin wat dit presies vir ons in die Wes-en-Suid-Kaap en in hierdie tydsgewrig beteken en hoe ons so ’n besluit ten beste na ons gemeentes kan neem. Daarna wil ons graag die vyf ander temas bekyk, spesifiek binne die breër raamwerk van ’n missionale kerk: hoe sal ’n missionale kerk oor hierdie kwessies dink en wat is dit wat ons daaraan behoort te doen? Die vyf temas sou dan wees:

a. Wat kan en moet ons doen as ons ons jeug vir die kerk en die evangelie wil behou?
b, Wat kan die kerk en gemeentes doen om armoede uit te roei?
c. Hoe kan ons saam met ander kerke ons profetiese getuienis beter lewer?
d. Hoe kan ons mense buite die kerk bereik met die evangelie?
e. Hoe help ons lidmate om dissipels te wees?

Die Moderamen het besluit om by wyse van ’n proses van geloofsonderskeiding die ses bogenoemde temas te hanteer. Dit beteken dat ons doelbewus fokus op die teenwoordigheid van Jesus, Hom saam aanbid en loof, saam luister na sy Woord, saam daaroor bid en saam soek na sy wil. Hierdie aanpak behels dat ons nie ons liturgie en besluitnemingsprosesse skei nie, maar juis ons aanbidding en musiek betrek in die proses van soeke na die leiding van Jesus vir sy kerk. Dit is dus baie belangrik dat jy jou Bybel sal saambring. Liedboeke is nie nodig nie.

## 4. Wegstuur en getuienis geleenthede

Die Moderamen versoek gemeentes om asseblief op die Sondag voor die sinodesitting (Sondag 3 Mei 2015), tydens die erediens vir hulle afgevaardigdes voorbidding te doen en hulle weg te stuur met die opdrag om saam met die ander gemeentes van die Sinode met fyn onderskeiding na die Here se wil te soek. Die Moderamen versoek gemeentes ook om op die Sondag na afloop van die sinodesitting (Sondag 10 of 17 Mei 2015) aan afgevaardigdes geleentheid te bied om tydens die erediens te getuig oor hulle ervaring van die sinodesitting en die ontmoeting van die afgevaardigdes met die Here. Gemeentes word ook versoek om ernstig voorbidding te doen vir die sinodesitting en vir die besinning oor elke onderwerp.

## 5. Voorleggings van diensgroepe

Die meeste van die diensgroepe se voorleggings bevat baie min voorstelle. Slegs die noodsaaklikste voorstelle, wat nodig is om aan diensgroepe nuwe mandate te verleen met die oog op hulle funksionering in die komende vier jaar, is deur diensgroepe in hulle voorleggings opgeneem. Voorstelle sal volgens die normale kerkordelike prosedures ter tafel kom en hanteer word.

## 6. Wysigings aan voorgestelde bepalinge en reglemente

Ons gaan in die groot vergadering die minimum tyd gebruik vir gesprek en debattering oor wysigings aan die reglemente. As jy oor ’n artikel of reglement wil praat, ’n wysiging wil voorstel, ’n amendement wil indien of byvoegings wil maak, moet jy asseblief vooraf met die Sinodale Taakspan vir Regte (STR) skakel. Jy kan ook reeds op Maandagoggend 4 Mei (voor die sinodesitting begin) die regskommissie ontmoet en jou voorstelle aan hulle voorlê. Jy kan gerus vooraf met hulle skakel en met hulle ’n ontmoeting reël.

## 7. Verkiesing van die Moderatuur

Ons begin direk na die konstituering met die verkiesing van die nuwe Moderatuur. Nominasies word skriftelik ingedien op ’n amptelike nominasievorm. Jy kan slegs een nominasie per nominasievorm doen. Persone wat wil onttrek vanaf die lys van genomineerdes, doen dit deur ’n onttrekkingsvorm in te vul wat deur die stemopnemers ingeneem sal word.

## 8. Registreer asseblief betyds

Die sinodesitting begin op Maandag 4 Mei 2015 stiptelik om **13:00**. Jy kan reeds **vanaf 09:00** begin registreer by Goudini se ontvangs. Daar sal ’n groot tent met baie tafels wees. Registrasie is volgens jou van. Soek dus die tafel met jou van se eerste letter (“A tot C”, “S” of “V”, ensovoorts). Daar is ’n **middagete** tussen 12:00 en 13:00. Probeer dus asseblief om betyds te kom en vroeg klaar te registreer.

## 9. Foto’s

Ons vra vriendelik dat elke Bedienaar van die Woord sal aanmeld vir die neem van ’n nuwe foto. Dit word gebruik om die Argief op datum te hou, asook vir die Sinode se geslote databasis. Die foto’s word in die **Barlinka**-saal geneem. Dit is die lokaal langs die onderdak warmwaterswembad direk onderkant die vergadersaal.

## 10. Sakgeld

Bring gerus genoeg kontant saam. Verskeie instansies het uitstallings waar boeke gekoop kan word. Uitstallers staan in die **Hanepoot**-saal onder die groot saal waar die sinodesitting gehou word. Die Hanepoot-saal is langs die onderdak warmwaterswembad. Goudini het ook ’n winkel wat tydens die etenstye oop sal wees.

## 11. Losies en fasiliteite

Volle losies wat beddegoed en handdoeke insluit, word vir die meeste afgevaardigdes voorsien. Sommige ringe (soos Worcester en Paarl) se afgevaardigdes ry in en uit. Daar is ook ’n aantal wat in ’n karavaan of tent gaan bly. Dit is reeds winter en as jy bang is vir die koue, moet jy asseblief ekstra komberse saambring. Bring net jou eie koffie, tee en melk saam. Alle etes word vir almal voorsien.

## 12. Klere

Ons trek gemaklik en informeel aan by ons vergaderings. Dit is ’n lekker ent se stap van die slaapplek na die vergadersaal. Gemaklike stapskoene word dus aanbeveel. Jy moet ook asseblief voorsorg tref vir reënweer en koue. Dit kan egter ook lekker warm wees. Pak maar jou swemklere in. Die warmwater swembaddens sal oop wees. Die binnenshuise swembad is pas volledig opgegradeer met nuwe teëls en mooi oop stoepe.

## 13. Eie ontbyt (as jy wil)

Ter wille van die reuse besparing én die meer effektiewe gebruik van die tyd tot ons beskikking, gaan ons slegs twee etes op 'n dag hê: 'n noenbyt (van pap en eiers tot kaas en vleis) om **10:30** en 'n aandete van **17:30 tot 19:00**. Albei spyskaarte het 'n groot verskeidenheid. Verskillende diëte word dus maklik geakkommodeer. Die wat nie brood eet nie, slaan die brood oor en neem meer slaai. Vegetariërs slaan die vleis oor en neem meer brood en slaai. Afgevaardigdes met spesifieke allergieë (neute, seekos, knoffel) of diabetes moet asseblief dringend vooraf met ons skakel ten einde spesiale reëlings vir julle te tref.

Afgevaardigdes word dus aangeraai om eie koffie of tee (en selfs biltong en beskuit) saam te bring met die oog op 'n eie koppie koffie of tee voor 08:00 in die oggend of na 21:00 in die aand. En as jy drie etes moet eet, bring maar 'n broodjie of 'n bietjie ontbytgraan saam vir 'n eie ontbyt voor 08:00. Die huisvesting het al die nodige, soos 'n yskas, breekgoed, mikrogolf en ketel. Die kampeerders sorg self vir hulle eie kombuistoerusting.

## 14. Saamry en roete-aanwysings

Jy moet asseblief met jou mede-afgevaardigdes reël dat julle kan saamry. Ons moet almal saamwerk om die koste van die sinodesitting binne perke te hou. Reiskoste sal daarom net vir een voertuig per gemeente betaal word. Gemeentes met meer as vier afgevaardigdes kan met 'n tweede voertuig ry.

Waar 'n gemeente se afgevaardigdes nie saam reis nie, gaan ons die reiskoste vir een voertuig direk aan die gemeente betaal. Die afgevaardigdes sal dan self met die gemeente moet onderhandel vir 'n verdeling van die reiskoste tussen die afgevaardigdes wat elkeen afsonderlik gereis het. Werklike bona fide redes vir meer as een voertuig kan vooraf met die Saakgelastigde uitgeklaar word.

## 15. Kragpunte

Die kampplekke en al die huisvesting in Goudini het kragpunte. Bring net jou selfoon se eie laaier en 'n toepaslike muurprop vir die laaier saam. Bring gerus ook 'n multiprop saam. Jou mede-afgevaardigdes gaan nie gelukkig wees as jy die ketel of mikrogolf se prop annekseer vir jou selfoon nie. Daar is nie 'n kragpunt in die vergadersaal vir elke afgevaardigde nie. Ons reël wel vir 'n paar kragpunte versprei deur die saal, maar dié wat 'n skootrekenaar moet gebruik en van krag afhanklik is, moet 'n eie verlengingskoord en multiprop saambring.

## 16. Internet

Daar is nie gratis internet toegang vir almal nie. Koop dus asseblief jou databondel by jou eie diensverskaffer. Daar is goeie selfoonontvangs (op sommige plekke). Internettoegang kan ook op individuele vlak by Goudini se Ontvangskantoor gekoop word.

## 17. Teenwoordigheid

As afgevaardigde word jy daaraan herinner dat jou gemeente jou afgevaardig het vir die volle duur van die sinodesitting én vir al veertien die sessies. Afgevaardigdes kan nie kies watter sessies of dae hulle wil bywoon nie. As jy nie die volle vergadering kan bywoon nie, is dit beter om jou sekundus te stuur. As jy steeds beplan om sommige etes (veral aandetes) te mis, of om 'n dag korter te bly, word jy dringend versoek om Salomi Steenkamp (skriba@kaapkerk.co.za) sodanig in te lig. Die etes en slaapplek kos ons sowat een miljoen rand. As ons vooraf kan sê dat daar minder eters en slapers gaan wees, hoef ons nie geld in die water te gooi nie.

## 18. Sale

Die sinodesitting self word in die groot **Goudini-**banketsaal en die **Boland**-konferensiesaal gehou. Die twee sale se skuifdeure word oopgemaak om een groot saal te vorm. Die sale is bo-op die heuwel bo-op die onderdak warmwaterswembad. Die etes word in 'n reuse tent aangebied. Die tent staan op die parkeerterrein voor die vergadersaal.

Onder die vergadersaal, langs die onderdak warmwaterswembad is die **Hanepoot**- en die **Barlinka**-sale. Uitstallers (met lekker heeldag koffie) staan in die Hanepoot-saal. Die volgende saal (nog dieper met die gang af) is die **Barlinka**-saal. Hier word die foto's geneem (Maandag en Dinsdag) en van Dinsdag tot Donderdag is dit ook waar Discovery die gesondheidstoetse doen.

## 19. Parkeerplek

Afgevaardigdes word vriendelik versoek om vanaf die huisvesting in Goudini na die vergadersaal te stap. Daar is nie genoeg parkeerplek by die vergadersaal nie. Afgevaardigdes wat daagliks ry, sal onder die heuwel by Goudini se ontvangs moet parkeer. Slegs die eerste 50 motors sal bo by die vergadersaal kan parkeer.

## 20. Discovery

Discovery bied ’n geleentheid aan elke lid om ’n gesondheidstoets te ondergaan. Basiese dinge soos bloeddruk, cholesterol, suiker en massa word bepaal. Lede op die Vitality-program kry heelwat punte vir so ’n toets. Besoek Discovery gerus Dinsdag en Woensdag in die **Barlinka**-konferensiesaal.

## 21. Tik- en drukwerk

Die administrasie (kopieerders, rekenaars, noodhulp) is in die Badsberg-lokaal, direk langs die vergadersaal. Elmien Theron is daar in beheer.

## 22. Telefoonnommer by Goudini Spa

Daar is goeie selfoonontvangs by Goudini. Sorg dus dat jou huismense jou selfoonnommer ken. Dringende boodskappe kan ook aan Goudini se Ontvangskantoor gegee word: 023 349 8100.

Ons sien daarna uit om saam met jou sinodesitting te hou. Bid asseblief dat die Here met ons sal praat en gemeenskap sal hou tydens hierdie besondere geleentheid. Veilig ry na Goudini!

## 23. Spreekkamer

Drs Deon Bruwer, Koos van der Vyfer en Pierre Goosen bied ’n spreekkamerdiens tydens die sinodesitting aan. Skakel direk met een van hulle. ’n Tyd en plek sal dan met jou afgespreek word.
Dr Deon Bruwer – Kliniese Pastoraat – 082 232 5532
Dr Koos van der Vyfer – Hospitaalleraar – 083 357 5166
Dr Pierre Goosen – Predikantebegeleiding – 083 630 5676

In Christus

**Monty Sahd**
**Skriba**

# BREË TREKKE VAN DIE DAGPROGRAM

***Omdat ons die evangelie glo, lewe ons met hoop***

## Maandag 4 Mei 2015 – Missionale Kerkwees

| | | |
|---|---|---|
| 09:00 – 12:00 | 3:00 | Registrasie by Ontvangs (in tent, volgens **Van**)<br>Foto's (Dominees) in die Barlinka-saal.<br>Koffie en beskuit in die eettent. |
| 12:00 – 13:00 | 1:00 | Middagete |
| 13:00 – 15:00<br>Sessie 1 | 2:00 | **Opening: Dr Braam Hanekom**<br>Konstituering en praktiese reëlings<br>Taakspan Sinode 2015<br>Verkiesing van Moderatuur<br>Verslag: Moderamen |
| 15:00 – 15:30 | 0:30 | Koffie/Tee |
| 15:30 – 17:30<br>Sessie 2 | 2:00 | Verkiesing van Moderatuur (vervolg)<br>Verslag: Moderamen (vervolg) – Artikel 1<br>Bemagtiging en herindeling van ringe<br>Taakspan Regte (Eerste aanbevelings) |
| 17:30 – 19:00 | 1:30 | Aandete |
| 19:00 – 20:30<br>Sessie 3 | 1:30 | **Openingsaand: Dr Coenie Burger**<br>**Fokus 1: Missionale Kerkwees**<br>...om hier en nou 'n missionale kerk te wees |

## Dinsdag 5 Mei 2015 – Getuienis

| | | |
|---|---|---|
| 06:00 – 08:00 | | Eie koffie en beskuit |
| 08:00 – 10:30<br>Sessie 4 | 2:30 | **Fokus 1: Missionale Kerkwees**<br>**Prof Nelus Niemandt –** Missionale gemeentes<br>*Wil ons weer groei?*<br>*Hoe kan ons missionale gemeentes wees?*<br>Stand van gemeentes |
| 10:30 – 11:30 | 1:00 | Noenbyt |
| 11:30 – 14:00<br>Sessie 5 | 2:30 | **Fokus 2: Profetiese Getuienis**<br>**Prof Piet Naude**<br>[*Hoe lyk die wêreld waarin ons kerk moet wees?*] |
| 14:00 – 14:30 | 0:30 | Koffie/Tee |
| 14:30 – 17:00<br>Sessie 6 | 2:30 | **Fokus 2: Profetiese getuienis**<br>*Tema 1: Hoe kan ons saam met ander kerke ons profetiese getuienis beter lewer?*<br><br>**Diensgroep: Getuienis**<br>Notule van 4 Mei 2015 |
| 17:00 – 19:00 | 2:00 | Aandete |
| 19:00 – | | Nuwe ringe konstitueer en kies ampsdraers |

## Woensdag 6 Mei 2015 – Barmhartigheid

| | | |
|---|---|---|
| 06:00 – 08:00 | | Eie koffie en beskuit |
| 08:00 – 10:30<br>Sessie 7 | 2:30 | **Fokus 3: Armoede – Dr David Harrison**<br>*Tema 2: Wat kan die kerk en gemeentes doen om armoede uit te roei?*<br><br>**Diensgroep: Armoede en Sorg – viering van 100 jaar!** |
| 10:30 – 11:30 | 1:00 | Noenbyt |
| 11:30 – 14:00<br>Sessie 8 | 2:30 | **Fokus 4: Kerklos lidmate en evangelisasie**<br>*Tema 3: Hoe kan ons mense buite die kerk met die evangelie bereik?* |
| 14:00 – 14:30 | 0:30 | Koffie/Tee |
| 14:30 – 17:00<br>Sessie 9 | 2:30 | Diensgroep Toerusting: STLAS<br>Taakspan Regte<br>Notule van 5 Mei 2015<br>Besluitneming |
| 17:00 – 19:00 | 2:00 | Aandete |
| 19:00 – | | |

## Donderdag 7 Mei 2015 – Gemeentes en Toerusting

| | | |
|---|---|---|
| 06:00 – 08:00 | | Eie koffie en beskuit |
| 08:00 – 10:30<br>Sessie 10 | 2:30 | **Fokus 5: Jeug**<br>*Tema 4: Wat kan en moet ons doen as ons ons jeug vir die kerk en die evangelie wil behou?*<br><br>**Diensgroep: Gemeentebegeleiding** |
| 10:30 – 11:30 | 1:00 | Noenbyt |
| 11:30 – 14:00<br>Sitting 11 | 2:30 | **Fokus 6: Lidmate**<br>*Tema 5: Hoe help ons lidmate om dissipels te wees?*<br><br>**Diensgroep: Toerusting**<br>Kommissie vir Kommissies |
| 14:00 – 14:30 | 0:30 | Koffie/Tee |
| 14:30 – 17:00<br>Sessie 12 | 2:30 | **Seisoen van Menswaardigheid**<br>Notule van 6 Mei 2015 |
| 17:00 – 19:00 | 2:00 | Aandete |
| 19:00 – | | Diensgroepe konstitueer |

## Vrydag 8 Mei 2015 – Ondersteuning

| | | |
|---|---|---|
| 06:00 – 08:00 | | Eie koffie en beskuit. Huisvesting moet ontruim wees en sleutels moet ingehandig word. |
| 08:30 – 10:30<br>Sessie 13 | 2:00 | **Diensgroep: Ondersteuning**<br>Taakspan Regte<br>Notule van 7 Mei 2015 |
| 10:30 – 11:30 | 1:00 | Noenbyt |
| 11:30 – 14:00 | 2:30 | Afsluiting en laaste sake |

# TAAKSPAN VIR BEPLANNING VAN DIE SINODESITTING

’n Sinode is ’n vergadering van gemeentes wat op grond van gedeelde oortuigings en roeping aan mekaar verbonde is en byeenkom om die wil van die Hoof van die kerk te onderskei. Daarom sien ons met groot afwagting uit na die ontmoeting met mekaar en veral met ons Hoof, Jesus Christus.

## 1. Agenda

Aangesien ons Sinode ’n vergadering van gemeentes is, het die Moderamen tot die oortuiging gekom dat gemeentes inspraak behoort te hê in die vorming van die agenda. Die Taakspan Sinode 2015 het ’n omvattende konsultasieproses gevolg. Daar was gesprekke met ringsverteenwoordigers (13 November 2014). Elke gemeente is versoek om teen 31 Januarie 2015 ’n lysie te stuur van die sake wat, na hulle mening, prioriteite vir die Sinode behoort te wees. Predikante se kommentaar is gevra (én vir ’n tweede keer gevra) oor die dienslewering van die sinodale diensgroepe en taakspanne. Jong dominees (onder 30) is op 11 November 2014 geraadpleeg. Die Sinodale Koördineringspan (SKS), die Moderatuur en die Moderamen het insette gelewer. Dit was uiteindelik redelik maklik om ses hooftemas te identifiseer, naamlik:

a. Missionale kerkwees
b. Jeug
c. Armoede
d. Profetiese getuienis (Hoe dink ons oor die land?)
e. Kerklos lidmate/evangelisasie
f. Lidmate/lidmaatskap

Die Moderamen het die volgende leuse vir die sinodesitting aanvaar: “Omdat ons die evangelie glo, lewe ons met hoop.”

## 2. Formaat

Die Algemene Sinode het in 2013 besluit dat ons ’n missionale kerk wil wees. Ons neem dit as vertrekpunt vir ons sinodesitting in Mei 2015. Ons wil nou besin wat dit presies vir ons in die Wes-en-Suid-Kaap en in hierdie tydsgewrig beteken en hoe ons so ’n besluit ten beste na ons gemeentes kan neem. Daarna wil ons graag die vyf ander temas bekyk, spesifiek binne die breër raamwerk van ’n missionale kerk: hoe sal ’n missionale kerk oor hierdie kwessies dink en wat is dit wat ons daaraan behoort te doen? Die vyf temas sou dan wees:

a. Wat kan en moet ons doen as ons ons jeug vir die kerk en die evangelie wil behou?
b. Wat kan die kerk en gemeentes doen om armoede uit te roei?
c. Hoe kan ons saam met ander kerke ons profetiese getuienis beter lewer?
d. Hoe kan ons mense buite die kerk bereik met die evangelie?
e. Hoe help ons lidmate om dissipels te wees?

Die Moderamen het besluit om by wyse van ’n proses van geloofsonderskeiding die ses bogenoemde temas te hanteer. Dit beteken dat ons doelbewus fokus op die teenwoordigheid van Jesus, Hom saam aanbid en loof, saam luister na sy Woord, saam daaroor bid en saam soek na sy wil. Hierdie aanpak behels dat ons nie ons liturgie en besluitnemingsprosesse skei nie, maar juis ons aanbidding en musiek betrek in die proses van soeke na die leiding van Jesus vir sy kerk. Dit is dus baie belangrik dat jy jou Bybel sal saambring. Liedboeke is nie nodig nie.

## 3. Dagprogram

Die dagprogram word op bladsy 11 en 12 gegee. Ter wille van die reuse besparing én die meer effektiewe gebruik van die tyd tot ons beskikking, gaan ons slegs twee etes op ’n dag hê: ’n noenbyt (van pap en eiers tot kaas en vleis) om **10:30** en ’n aandete van **17:30 tot 19:00**.

Die dagprogram is soos volg:

| | |
|---|---|
| **Sessie 1:** | **08:00 tot 10:30 (2½ uur)** |
| Noenbyt: | 10:30 tot 11:30 |
| **Sessie 2:** | **11:30 tot 14:00 (2½ uur)** |
| Koffie: | 14:00 tot 14:30 |
| **Sessie 3:** | **14:30 tot 17:00 (2½ uur)** |
| Aandete: | 17:00 tot 19:00 (Ete vanaf 17:30) |
| Aandprogram: | 19:00 tot 21:00 (2 ure) |

Maandag en Vrydag se program lyk ietwat anders. Sien bladsy 11 en 12 vir besonderhede.

## 4. Verkiesing van Moderatuur

**Reglement 1: 8.3** is baie duidelik oor die prosedures en reëls ten opsigte van die verkiesing van die Moderatuur:

*8.3.1 Na konstituering en opening word die voorsitter op geslote stemwyse verkies.*

*8.3.2 ’n PSD of ander amptenaar wat as betaalde amptenaar in diens van die sinode staan, is vanweë die moontlikheid van ’n botsing van belange nie as voorsitter van die sinode verkiesbaar nie.*

*8.3.3 ’n Voorsitter mag nie vir meer as twee termyne in dieselfde amp verkies word nie.*

Die verkiesing van die Moderatuur geskied dus so gou moontlik na die opening op Maandag 4 Mei 2015. Daar word per geslote stembriefie gestem. Gebruik die genommerde briefie (in die sinodetas) soos telkens aangekondig sal word.
Die volgende persone moet gekies word:

- Moderator (Voorsitter)
- Assessor (Ondervoorsitter)
- Aktuarius (Kerkregkundige)
- Skriba (Sekretaris)
- Addisionele lid 1
- Addisionele lid 2

Die Sinode kies teen die einde van die vergadering twee nie-predikante. Die Moderatuur bestaan dan

uit agt lede. Die SKS (Sinodale Koördineringspan) se voorsitter en die saakgelastigde woon ook die Moderatuur se vergaderings by.

## 5. Verlof vir afwesigheid

Verlof vir afwesigheid moet skriftelik by mev Salomi Steenkamp (by die administrasie tafel) ingedien word.

Afgevaardigdes wat vooraf beplan om sekere etes oor te slaan of sommige aande nie in Goudini gaan oorbly nie, moet asseblief vooraf sodanig kennis gee sodat dit betyds aan die ATKV deurgegee kan word. As daar nie vooraf kennis gegee word nie, word die kos vermors en kosbare sinodale fondse word in die water gegooi.

## 6. Aankondigings

Alle aankondigings moet skriftelik aan mev Salomi Steenkamp by die administrasie tafel gegee word.

## 7. Notule

Die notule van die vorige dag word so gou moontlik aan afgevaardigdes voorsien. Spel- en stelfoute moet asseblief duidelik gemerk en voor die middagkoffie (om 14:00) aan die notuletafel (ds Jaco Thom) voorsien word. Die notule sal formeel tydens die derde sessie van die dag hanteer word.

## 8. PSD's en Dosente

PSD's (Predikante in Sinodale Diens), dosente van die Kweekskool, VGKSA leraars en lidmate, soos afgevaardig deur van die samewerkende ringe, word die reg van sitting se spreekbeurte verleen, maar hulle mag nie aan formele stemprosesse deelneem nie.

**Reglement 1: 9.3**

*9.3.1 Persone wat 'n vergadering in adviserende hoedanigheid bywoon, mag aan die besprekings deelneem, maar het nie stemreg nie. Hulle mag ook nie voorstelle maak of sekondeer nie.*

## 9. Afsluiting

Die Moderamen het besluit dat die sinodesitting tot Vrydag 8 Mei om 14:00 duur. Afgevaardigdes wat vroeër ry, staan die kans om hulle reiskoste te verbeur.

## 10. Tydelike kommissies

### 10.1 Tydelike Taakspan vir Publieke Getuienis

Nuwe Moderator (sameroeper)
Dr Braam Hanekom
Ds Nelis Janse van Rensburg
Mev Marieta Visagie

### 10.2 Tydelike Taakspan vir Algemene Sake en Ekumene

Die nuwe Moderatuur
Ds Bossie Minnaar (Saakgelastigde)
Ds Leon Venter (vorige voorsitter SKS)
Ds Heerden van Niekerk (vorige voorsitter STLAS)

### 10.3 Tydelike Taakspan vir die Notule

Ds Jaco Thom (sameroeper)
Ds Paul Roodt (proefleser)
Ds Kobus de Kock (notuleerder)
Ds Kobus Swarts (notuleerder)
Ds Jakes Barnard (notuleerder)
Ds Danie Smit (mosies)

### 10.4 Tydelike Taakspan vir die Oudiovisuele

Dr Guillaume Smit (sameroeper)
Ds Francois Herselman (PowerPoint)
Ds Nadine Maletzki (PowerPoint)

### 10.5 Tydelike Taakspan vir Regte

Ds Charl Stander (sameroeper)
Dr Quintus Heine
Ds Smuts Janse van Rensburg
Ds Tallie van den Heever
Ds Charl van Rensburg

### 10.6 Tydelike Taakspan vir die samestelling van permanente taakspanne

Die nuwe Assessor (sameroeper)
Diensgroepkoördineerders
Nuwe ringskribas van die nuwe ringe

### 10.7 Tydelike Taakspan vir die opstel van die verbintenis

Die nuwe moderatuur
Ds Hannes Theron
Ds Leon Venter
Prop Nadia Marais

### 10.8 Tydelike Taakspan vir Stemtellers

Ds Smuts Janse van Rensburg (sameroeper)
Ds Chris Cronje
Ds Charl van Rensburg
Lisensiaatstudente

### 10.9 Tydelike Diensgroepe

Die huidige dagbesture van diensgroepe.

## 13. Aanbeveling

**Die Sinode bekragtig die samestelling van die tydelike taakspanne asook die ordereëlings van die Taakspan in beide die "Brief aan elke afgevaardigde" en die verslag van die Taakspan vir die Beplanning van die Sinodesitting. Die Sinode betuig sy dank en waardering aan die Taakspan vir die Beplanning van die Sinodesitting.**

# Afkortings soos gebruik in die Agenda

| | |
|---|---|
| A&S | Armoede en Sorg |
| ABR | Algemene Bevoegdheidsraad |
| ACSA | Anglican Church of Southern Africa |
| AOK | Afrika Onafhanklike Kerke |
| AS | Algemene Sinode |
| ASA | Algemene Steunspan vir die Argief |
| ASFB | Algemene Steunspan vir Fondse en Bates |
| ASM | Algemene Sinode Moderamen |
| ASP | Algemene Steunspan Predikantebegeleiding |
| ASR | Algemene Steunspan Regte |
| BM | Bybel-Media |
| BMD | Bestuurder Maatskaplikedienste |
| BNS | Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie |
| CABSA | Christen Vigsburo vir Suidelike Afrika |
| CAVA | Christian Audio-visual Action |
| CCAP | Church of Central Africa Presbyterian |
| CCC | Consultation of Christian Churches |
| CLF | Christelike Lektuurfonds |
| CPD | Continuing Professional Development |
| CPRC | Cape Peninsula Reformed Church |
| DB | Dagbestuur |
| DCMA | Deaf Christian Ministry Africa |
| DVK | Diensverhoudinge Kommissie |
| FE | Fresh Expressions |
| FT | Fakulteit Teologie |
| GHBM | Goeie Hoop Behuisingsmaatskappy |
| GISA | Genealogiese Instituut van Suid-Afrika |
| GKS | Gemeente-ontwikkeling en Kerklike Samewerking |
| GKSA | Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika |
| GSM | Gesamentlike Sendingkommissie vir Mosambiek |
| HK | Hugenote Kollege |
| HUB | Hoof Uitvoerende Beampte |
| HVT | Hoop en Versoeningstrust |
| IMSA | Industrial Ministry in South Africa |
| IOSOT | International Organization for the Study of the Old Testament |
| IRM | Igreja Reformada em Moçambique |
| JV | Jaarvergadering |
| KGA | Diensgroep vir Getuienis |
| KiX | Kinders in Christus (vroeër:  Kinderkrans) |
| KJWV | Kerklike Jeugwerkersvereniging |
| MHB | Menslike Hulpbronbestuurder |
| MSM | Mission Shaped Ministry |
| NBI | Nehemia Bybelinstituut |
| NetACT | Network for African Congregational Theology |
| NGGO | Nuwe Geloofsgemeenskapsontwikkeling |
| NGKA | NG Kerk in Afrika |
| NGKSA | Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (Alternatief: NG Kerk in SA) |
| NGO | Nie-regeringsorganisasie |
| NID | Nasionale Instituut vir Dowes |
| NKST | Universele Gereformeerde Christelike Kerk in Nigerië |
| OM | Operasie Mobilisasie |
| PPF | Predikante Pensioenfonds |
| PSD | Predikant in Sinodale Diens |
| RCA | Reformed Church in Africa |
| RCEA | Reformed Church of East Africa |
| RCJ | Reformed Church in Japan |
| RCZ | Reformed Church in Zimbabwe |
| S&S | Sport en Spel |
| SAL | Sinodale Appèlliggaam |
| SARK | Suid-Afrikaanse Raad van Kerke |
| SAVGG | Suid-Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes |
| SCO | (VGK) Sinodale Kommissie vir Christelike Opvoeding |
| SDAS | Sinodale Diensgroep vir Armoede en Sorg |
| SDG | Sinodale Diensgroep vir Gemeentebegeleiding |
| SDO | Sinodale Diensgroep vir Ondersteuningsdienste |
| SDT | Sinodale Diensgroep vir Toerusting |
| SKDB | Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid |
| SKDD | (VGK) Sinodale Kommissie vir Diakonale Dienste |
| SKS | Sinodale Koördineringspan |
| SMS | Sinodale Mediasiespan |
| SPG | Sentrum vir Publieke Getuienis |
| SRKS | Skiereilandse Raad vir Kerklike Samewerking |
| STA | Sinodale Taakspan vir die Argief |
| STD | Sinodale Taakspan vir Diensverhoudinge |
| STE | Sinodale Taakspan vir Eiendomme |
| STEKO | Sinodale Taakspan vir Ekologie |
| STFA | Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie |
| STG | Sinodale Taakspan vir Gemeentebegeleiding |
| STK | Sinodale Taakspan vir Kommunikasie |
| STKJF | Sinodale Taakspan vir Kinder-, Jeug- en Familiebediening |
| STP | Sinodale Taakspan vir Predikantebegeleiding |
| STPG | Sinodale Taakspan vir Publieke Getuienis |
| STPS | Sinodale Taakspan vir Pastorale Sorg |
| STR | Sinodale Taakspan vir Regte |
| STTO | Sinodale Taakspan vir Teologiese Opleiding (Kuratorium) |
| STV | Sinodale Taakspan vir Vrouebegeleiding |
| STVIGS | Sinodale Taakspan vir MIV/vigs |
| TIW | Toerustingsburo vir Interkulturele Werkers |
| Tm | Tydskriftemaatskappy |
| UK | Uitvoerende Komitee |
| UPCSA | United Presbyterian Church in Southern Africa |
| URCSA | Uniting Reformed Church in Southern Africa |
| VBO | Verdere Bedieningsontwikkeling |
| VCSV | Verenigende Christen Studentevereniging |
| VDDG | (VGK) Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis |
| VGKSA | Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika |
| WKPRK | Wes-Kaap Provinsie Raad van Kerke |

# MODERAMEN

Die Moderamen doen graag as volg verslag van sy belangrikste werksaamhede en besluite van die afgelope termyn.

## 1. VERGADERINGS

Die Moderamen word saamgestel uit ringsverteenwoordigers (beide kerkraadslede en predikante van die onderskeie ringe), die Diensgroepvoorsitters, PSD's, die Moderatuur en die voorsitters van taakspanne uit die Diensgroep Ondersteuning. Die Moderamen het sedert die laaste sinodesitting by agt geleenthede vergader. Die vergaderings wat gehou is, was inspirerende vergaderings waar daar geleentheid aan die diensgroepe gegee is om voorleggings te doen, aktuele onderwerpe bespreek is en daar diep nagedink is oor die rol en identiteit van die NG Kerk in SA. Daar is ook deeglike aandag aan bestuurstake gegee.

## 2. FOKUSAREAS

Die Moderamen het sy werksaamhede gerig deur met die aanvang van sy termyn agt fokusareas te identifiseer, nl.

- Gebed en aanbidding
- Die versorging van predikante
- Klein gemeentes
- Armoede
- Eenheid en versoening
- Evangelisasie en 'n nuwe geslag lidmate
- Ekologie
- Vigs, TB, Fetale Alkoholsindroom en Misdaad

Naas die fokusareas wat deurlopend aandag gekry het, is daar in diepte besin oor klein gemeentes, standplaasruiling, en die gebedsbediening. Die verskillende diensgroepe het ook twee keer per jaar verslag gedoen aan die Moderamen oor van hul belangrikste werksaamhede. Verder het die Moderamen die volgende aktuele sake deeglik bespreek:

- Suid-Afrika vandag met aanbevelings aan die Algemene Sinode
- Die kerk se getuienistaak in Suid-Afrika
- Die situasie in die onderwys
- Die Israel/Palestynse-vraagstuk
- Die stigting van 'n Hoop en Versoeningstrust

## 3. MODERATUUR

Die Moderatuur funksioneer as dagbestuur van die Moderamen en het onder meer die volgende hanteer:

- Kommunikasie na gemeentes (*Uit die Moderatuur*)
- Gebedsbrief uit die Moderatuur
- Korrespondensie aan die Moderatuur
- Beplanning van moderamenvergaderings
- Die reël van predikantestreeksbyeenkomste
- Hantering van die diskresionêre fonds wat veral nuwe inisiatiewe moes stimuleer
- Persverklarings soos nodig
- Die hantering van eenheidsgesprekke met die VGKSA namens die Moderamen
- Voortdurende oorhoofse evaluering
- Ekumeniese skakeling.

## 4. HERSTRUKTURERING

Die Moderamen het 'n taakspan vir herstrukturering aangewys met die oog op die optimale funksionering van ons sinodale taakspanne en ander strukture. Die taakspan het gevolg gegee aan hulle opdrag deur 'n teologiese raamwerk daar te stel teen die agtergrond waarvan die herstrukturering moes plaasvind. Die teologiese raamwerk is deur die Moderamen bespreek en as vertrekpunt aanvaar vir die proses van herstrukturering. Die Taakspan vir Herstrukturering het tydens die vergaderings van die Moderamen aanbevelings aan die Moderamen voorgelê vir die herstrukturering van werksaamhede en poste wat deur die Moderamen goedgekeur is. Hierdie aanbevelings is gedoen na 'n uitgebreide konsultasieproses deur die taakspan waartydens PSD's, voorsitters en lede van diensgroepe en taakspanne ruim geleentheid gehad het om insette te lewer ten aansien van die herstruktureringsvoorstelle. Die verslag rondom die herstrukturering dien as Bylaag by die verslag van die Moderamen. (Bylaag 1)

## 5. SINODALE KOÖRDINERINGSPAN

Na afloop van die 2011 Sinode is daar by die moderamenvergadering van Augustus 2011 besluit om 'n Sinodale Koördineringspan (SKS) in die lewe te roep. Die SKS het aanvanklik bestaan uit die bestuurders van die Diensgroepe, die Saakgelastigde en die PSD vir Kommunikasie. Die SKS is mettertyd uitgebrei om ook die voorsitters van Diensgroepe in te sluit.

Die taak van die SKS is om die werksaamhede van die onderskeie Diensgroepe te koördineer en sekere besluitnemingsbevoegdhede is reglementêr aan SKS toegeken, onder andere besluite oor personeel aanstellings (uitgesluit PSD's).

Die stigting en werksaamheid van SKS het nuwe stukrag gebring in die samewerking en gesamentlike beplanning van dienste aan gemeentes tussen Diensgroepe, asook die ontwikkeling van 'n gesamentlike sinodale strategie. Die afbreek van die silokultuur wat die sinodale werksaamheid lank gekenmerk het, is deur die SKS bespoedig en bevorder.
Die SKS het reeds begin om jaarliks diensgroepe en PSD's se werksaamheid te evalueer deur gemeentes en predikante se terugvoer te verkry.

Die SKS het in 2015 ’n visie geformuleer waaraan al die Diensgroepe hulself verbind: *“Die SKS begelei gemeentes as gestuurdes van Jesus om regverdige en genesende gemeenskappe te word.”*

Die verwagting is dat die SKS en die Moderatuur in die toekoms baie nouer sal saamwerk om die dienste van diensgroepe aan gemeentes te verbeter en groter sinergie in die sinodale strukture te ontwikkel.

## 6. MENSWAARDIGHEID

### 6.1 Taakspan Christelike Antropologie

Op die vergadering van 16 en17 Februarie 2011 het die Moderamen die volgende voorstel aanvaar:
“Dat ’n sinodale taakspan vir christelike antropologie aangewys word wat onder meer sal fokus op: (a) Die teologiese begeleiding van gelowiges ten aansien van rassevooroordele, menslike seksualiteit en die menswaardigheid van vroue; (b) Prosesse in die kerk en samelewing wat ’n Christelike antropologie sal bevorder en gelowiges sal help om onderskeidend te leef.”

Werksaamhede en fokusareas van die taakspan is met verloop van tyd deur die taakspan verder uitgeklaar en tydens die moderamenvergadering van Februarie 2013 is verslag hieromtrent ontvang. Daar is gekyk na die opstel van ’n dokument wat as basis kon dien vir die teologiese vertrekpunte en werksaamhede van die taakspan. Die Moderamen het kennis geneem van die verslag en dit aanvaar as ’n brondokument in ’n Seisoen van Menswaardigheid. (Bylaag 2)

### 6.2 Taalgebruik

As deel van die nadenke oor menswaardigheid het daar ’n verslag oor *Taal en die bevordering van geslagsgelykheid en menswaardigheid* voor die Augustusvergadering in 2014 gedien. Die volgende besluite is deur die Moderamen geneem:

1. Die Moderamen neem met waardering kennis van die verslag as deel van die standpunt van die Moderamen oor die bevordering van geslagsgelykheid en menswaardigheid.
2. Die Moderamen besluit om mee te help om ’n groter bewussyn te skep van geslagsongelykheid en ander praktyke wat menswaardigheid skend.
3. Die Moderamen onderneem om die voorstelle ten opsigte van taalpraktyke wat geslagsgelykheid bevorder, soos in die verslag vervat, te eerbiedig en te bevorder.
4. Die Moderamen besluit om die verslag, bogenoemde aanbevelings en voorstelle wat by die vergadering gemaak word, aan die Sinode in 2015 voor te lê vir verdere besinning, bespreking en besluitneming.

(Hierdie verslag dien as Bylaag 3 tot die verslag van die Moderamen.)

## 7. KERKHERENIGING

Die besluit van die Algemene Sinode van die VGKSA om ’n moratorium te plaas op alle gesprek met die NG Kerk het die verhoudings en samewerking tussen die kerke gekompliseer. Nadat die moratorium opgehef is, kon verhoudinge en samewerking op verskeie vlakke weer ’n aanvang neem. Verder het die Moderamen in Augustus 2011 met dank kennis geneem dat vrugbare gesprekke tussen afvaardigings van die VGKSA Moderatuur en die NGK Moderatuur plaasgevind het. Op 30 Augustus 2011 en daarna was daar ook ontmoetings van die volle moderature. Die NG Kerk Oos-Kaap is ook na die gesprekke genooi. Daar is deurlopend gepoog om die volgende tydens die ontmoetings te doen:

- Om mekaar beter te leer ken en vertroue te herstel na die breuk.
- Om deur middel van ’n geloofsonderskeidende proses gedeelde waardes vir die gesamentlike pad vorentoe te formuleer.
- Om met gesprekke te begin waar die onderwerpe wat in die mediasie-gesprekke met die World Alliance of Reformed Churches (WARC) geformuleer is, bespreek kan word.

Die Moderamen het voortgegaan om gemeentes aan te moedig om verhoudinge op plaaslike vlak uit te bou, terwyl die Moderamen op sinodale vlak by talle geleenthede uitgereik het na die VGKSA. Die samewerking in die gesamentlike taakspanne en werksaamhede van die twee kerke het steeds goed verloop. Daar was egter ’n hele aantal praktiese situasies wat uitdagings rondom die funksionaliteit van die werksaamhede geaffekteer het. Daar is vanuit die ad hoc-taakspan vir herstrukturering baie moeite gedoen om aan hierdie sake aandag te gee. Die Moderamen was verteenwoordig in die gesprek op Algemene Sinodale vlak waar verteenwoordigers van die World Alliance of Reformed Churches as fasiliteerders tussen die NG Kerk en Verenigende Gereformeerde Kerk in SA opgetree het.

## 8. TEOLOGIESE MISLEIDING VAN LIDMATE

Die Sinode het in 2007 besluit (Besluiteregister: Besluit 100, H57) dat die Moderamen in gesprek met lidmate ’n sinvolle wyse moet soek om die teologiese misleiding deur die kerk van lidmate in die apartheidstyd, te hanteer. Die Moderamen het besluit om die sinode te versoek om tydens sy vergadering verdere gesprek hieroor te voer. Die saak is tydens die sinode van 2011 weer terugverwys na die Moderamen.

Die moderamenvergadering van 15 Februarie 2012 het aan die saak aandag gegee. Die saak is in behandeling geneem nadat prof Anton van Niekerk ’n kort inleiding oor die hele saak van teologiese misleiding en die kerk se aandeel daaraan, gegee het. Die lede van die vergadering het geleentheid gekry om ’n bespreking oor die saak by die tafels te voer. Daar is onder andere aan die volgende vrae aandag gegee:

- Wat was die omvang van die kerkleiers se onderskrywing van apartheid op die denke van lidmate? Wat was die effek op die swart bevolking?
- Wat was die impak van die omkeer van die kerk se standpunt in hierdie verband op die lidmate se denke oor die teologiese integriteit van die kerk?
- Hoe dink God oor dit wat in die kerk gebeur het en nog gebeur?
- Tot watter mate help die gesprek oor die Belydenis van Belhar om aan lidmate te verduidelik waarom die kerk van standpunt verander het?
- Hoe sou die kerk op ’n sinvolle wyse, nou ná 18 jaar van demokrasie, sy lidmate om verskoning kan vra vir die teologiese misleiding van apartheid?
- Op watter wyse kan lidmate gehelp word om mede-aanspreeklikheid te aanvaar vir die glo van die dwaling en hulle bevoorregting deur apartheid?

Daarna is die Moderatuur versoek om verder oor die saak te praat en te kyk na die sake wat uit die groepe na vore gekom het. Die volgende punte het as raamwerk vir verdere besinning gedien:

- Problematiek
- ’n Kerk wat foute maak
- ’n Kerk wat altyd weer bevryding in Christus ontvang
- Kan ons weer foute maak? ’n Oproep tot verantwoordelike Skrifgebruik.
- ’n Kerk wat ’n verantwoordelikheid dra
- ’n Kerk met ’n opdrag en ’n roeping

Die konsepdokument wat rondom hierdie saak opgestel is, is aan die vergadering van Augustus 2012 voorgehou. Daar is toe besluit om die dokument verder te ontwikkel, waarna dit ook aan die Algemene Sinode Moderamen (ASM) vir kommentaar voorgehou sou word. Die konsepdokument, soos gewysig van die vorige vergadering, dien voor die vergadering in Februarie 2013 en die volgende besluit is geneem:

1. Die Moderamen keur die dokument goed.
2. Die Moderamen versoek die Moderatuur om in oorleg met STLAS na die volgende opsies te kyk:
2.1 om hierdie dokument saam met die dokument oor menswaardigheid beskikbaar te hou as brondokument vir die beplande Seisoen van Menswaardigheid;
2.2 om die dokument ook beskikbaar te stel vir gemeentes wat daarvan gebruik sou wou maak;
2.3 om die dokument moontlik in *Kruisgewys* te publiseer;
2.4 om die dokument moontlik in *Kruis en Dwars* aan die orde te laat kom.

Die verslag is finaal afgerond en deurgestuur na die Moderamen van die Algemene Sinode en die Algemene Sinode. Dit is met groot waardering by die Moderamen van die AS ontvang. Die finale dokument dien as Bylaag 4 tot die Moderamen se verslag.

## 9. RINGSGRENSE EN FUNKSIONERING VAN RINGE

### 9.1 Ringsgrense

Vier van die vyf diensgroepe (SDAS, SDG, SDGA, SDT) van die Sinode funksioneer reeds in ’n groot mate as gesamentlike eenhede van die NGK en VGKSA. Dieselfde kan nie van samewerking op rings- en gemeentelike vlak gesê word nie. Die SKS is van mening dat die verenigingsprosesse in ringe erg gekniehalter word deur die verskil in ringsgrense. Die NGK en VGKSA se Moderature is reeds in gesprek oor hierdie saak. ’n Ad hoc-taakspan is aangewys om ’n verslag hieroor saam te stel. Hulle verslag het by die vergadering van Augustus 2014 gedien en die volgende besluit is geneem:
1. Die Moderamen neem kennis van die voorgenome verandering aan die ringsgrense.
2. Die Moderamen versoek die ringe in die Wes-en Suid-Kaap om by hulle eerskomende ringsittings hieroor gesprek te voer en aan die taakspan terugvoering te gee voor die einde van November 2014.
3. Die Moderamen versoek die taakspan om in die lig van die terugvoering van die ringe ’n verslag aan die sinode van 2015 voor te berei sodat ringe se grense heringedeel kan word en ringe vanaf die sinode van 2015 volgens die nuwe grense sal konstitueer en begin funksioneer.

### 9.2 Funksionering van Ringe

Die Moderamen het aandag gegee aan die funksionering van ringe. Ringe is versoek om op ’n geloofsonderskeidende wyse te besin oor die terugvoer van gemeentes oor die agenda van die sinode en die roeping van die kerkverband. Ringsvoorsitters en skribas is opgelei vir dié doel.

Die terugvoer van ’n beduidende aantal ringe was dat die gesprek oor roeping nuwe stukrag verleen aan ringe en dat die geloofsonderskeidende gesprekstyl ’n groot rol gespeel het om van ringsvergaderings ’n baie positiewe ervaring te maak. SKG het die ringe besoek en ’n konferensie gehou oor die funksionering van ringe. Die kommissie vir herstrukturering het aangedui dat ringe en netwerke van gemeentes ’n baie beduidende rol gaan speel in die voorgestelde sinodale struktuur.

Die Moderamen het die volgende besluit oor hierdie saak geneem:
1. Die Moderamen besluit om ’n projekspan aan te wys bestaande uit lede van die STR en Communitas om by ringe as fasiliteerders op te tree om ringe by te staan om positief te funksioneer. Die projekspan sal onder andere aan die volgende aandag kan gee:
1.1 die plek, waarde en rol van die ring in die 21$^{ste}$ eeu, gegrond op die historiese ontwikkeling van ringe,
1.2 prosesse aan die gang te sit sodat ringe hulle regmatige plek in die kerkverband kan inneem en gemeentes ’n besliste voordeel daaruit kan trek.
1.3 stories van hoop oor ringe wat goed funksioneer in breër verband te kommunikeer.

2. Die Moderamen besluit dat hierdie projekspan sal bestaan uit ten minste twee lede elk van die STR en Communitas (elkeen wys self lede aan).
3. Die Aktuarius sal as sameroeper optree.

'n Verslag oor die ontwikkeling en bemagtiging van ringe was die resultaat van hierdie besluit (Bylaag 5) en is aan ringe gestuur vir kommentaar.

## 10. HERSTEL VAN BEVOEGDHEID

Die Moderamen het die prosedures vir die hertoelating van persone tot die bediening van predikant in die NG Kerk verfyn en belyn met die toepaslike bepalings van die Kerkorde. Tydens die termyn het daar ook 'n hele aantal aansoeke om herstel van bevoegdheid voor die Moderamen gedien. Die volgende persone is toegelaat: Niel Olwagen en Arnoldus Christiaan van der Westhuizen.

## 11. GEBEDSBEDIENING IN DIE SINODE

Die Moderamen het die belang van gebed in die sinode benadruk deur maandeliks 'n gebedslys aan gemeentes te stuur met onderwerpe waarvoor daar gebid kan word. Terugvoer is ontvang van verskeie gemeentes wat hierdie gebedslys in gemeentebulletins en nuusbriewe gepubliseer het. Terugvoer is ook van talle leraars en lidmate ontvang wat met groot toewyding meegedoen het aan die voorbidding wat versoek is. Die gebedskonferensie wat deur SKG gereël is, was ook 'n groot sukses en het grootliks bygedra tot die verdere ontwikkeling van 'n gebedskultuur in die sinode.

## 12. PREDIKANTEBEGELEIDING

Die Moderamen het kennis geneem van die vordering wat gemaak is met die ondersteuning en begeleiding van predikante in ons sinodale gebied. Die Moderamen is diep onder die indruk van die toewyding waarmee leraars hulle werk verrig, dikwels ten spyte van omstandighede wat uitdagend en veeleisend is. Daadwerklike ondersteuning is ook verleen aan inisiatiewe om predikante wat baie lank in dieselfde gemeente in diens is, te ondersteun.

Daar is ook weer deeglik besin oor standplaasruiling. Die volgende voorstel is oor hierdie saak geneem:
1. Die Moderamen besluit om 2013 aan te kondig as 'n Seisoen van Standplaasruiling. Die Moderamen versoek leraars, kerkrade en ringe om dit 'n prioriteit te maak.
2. Versoek Communitas (Taakspan vir Predikantebegeleiding) om leiding te neem ten opsigte van die implementering hiervan deur onder andere die skep van 'n databasis van leraars wat gereed is om deel te neem aan moontlike ruiling en prosesse van passing en onderhandeling.
2. Versoek die Moderatuur as dagbestuur van die Moderamen om leiding te neem ten opsigte van die bevordering van die Seisoen van Standplaasruiling.
3. Versoek leraars en kerkrade met 'n lang diensverbintenis om dit ernstig te oorweeg om hulle beskikbaar te stel vir 'n moontlike ruiling en by die 2013 Ringsitting hieroor verslag te doen.

## 13. ARTIKEL 1 EN DIE BELYDENIS VAN BELHAR

### 13.1 Algemene Sinode

Die Algemene Sinode het die volgende besluit oor die wysiging van Artikel 1 geneem:
1. Die Algemene Sinode bekragtig die advies van die Algemene Taakspan Regte ten opsigte van die uitleg en toepassing van die besluit van die Algemene Sinode 2011 oor die Belydenis van Belhar.
2. Die Algemene Sinode keur die wysiging van Artikel 44.1, soos deur die Algemene Sinode 2004 asook al tien die sinodes goedgekeur, sonder verdere verwysing finaal goed.
3. Die Algemene Sinode stel die volgende wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde voor vir voorlegging aan die kerkverband (gemeentes en sinodes), ooreenkomstig Art 44 van die Kerkorde:
Kerkorde Artikel 1

1. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God.
2.1 Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, word verwoord in die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius; en die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.
2.2 Die Belydenis van Belhar is deel van die belydenisgrondslag van die Kerk, op so 'n wyse dat daar ruimte is vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit as in ooreenstemming met die Woord van God bely, sowel as vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit nie as 'n belydenisskrif onderskryf nie.
3. Die Kerk aanvaar dat haar roeping om haar geloof te bely, altyd geld en dat 'n uitbreiding van haar belydenisgrondslag sonder dwang geskied.

4. Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om die kerkverband te lei in die besluitnemingsproses oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 deur in oorleg met die onderskeie Sinodes 'n roetekaart en tydraamwerk vir die aanvang, verloop en afhandeling van die proses te bepaal.
5. Die Algemene Sinode ontvang die materiaal en studiestukke met die oog op die Belydenis van Belhar vir gebruik in die kerkverband.
6. Die Algemene Sinode doen 'n beroep op lidmate en vergaderinge om hierdie proses van besluitneming in 'n gees van gebed, onderskeiding van die wil van God, en in wedersydse respek en liefde te onderneem.

### 13.2 Perspektiewe

In die skrywe wat van die Algemene Sinode oor hierdie saak ontvang is, is die volgende perspektiewe uitgespel:
1. Die voorstel vir die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde is 'n konsensus-voorstel van die Algemene Sinode.
2. Die voorstel gee uitdrukking aan die NG Kerk se standpunt oor die wyse waarop Belhar en ander eietydse belydenisse in die belydenisgrondslag van die NG Kerk opgeneem kan word (dit verwoord die NG Kerk se konfessionele identiteit).
3. Die voorgestelde nuwe Artikel 1 wil die vryheid aan/ruimte vir lidmate, ampsdraers en kerkvergaderinge gee om die Belydenis van Belhar as belydenisskrif te onderskryf. Die voorgestelde nuwe Artikel 1 wil eweneens aan lidmate, ampsdraers en kerkvergaderinge die vryheid/ruimte gee om nie die Belydenis van Belhar as belydenisskrif te onderskryf nie. Die voorstel skep dus ruimte na beide kante.
4. Die voorstel wil die eenheid dien en verdeeldheid en skeuring ten alle koste voorkom.
5. Die voorstel neem die diversiteit in konteks wel deeglik in ag (dit verskil van sinode tot sinode en ook binne sinodes).
6. Die voorstel wil op geen wyse lidmate, ampsdraers en kerkvergaderinge tot 'n bepaalde standpunt oor Belhar, hetsy ten gunste daarvan of daarteen, dwing nie (die keuse daaroor geskied na eie oortuiging en in vryheid).
7. Die Algemene Sinode 2013 se besluit oor 'n nuwe Artikel 1 van die Kerkorde is die voorstel wat deur lidmate, kerkrade en sinodes goedgekeur moet word alvorens die Algemene Sinode die wysiging van die huidige Artikel 1 dienooreenkomstig kan bekragtig.
8. Dit is belangrik om te kommunikeer dat die proses oor die wysiging van Art 1 van die Kerkorde gaan en nie oor die Belydenis van Belhar per se nie.

### 13.3 Die Goedkeuringsproses

Die Algemene Sinode het die proses as volg verduidelik:
1. Uitvoering van Art 44.1 en Reglement 24
Kerkvergaderinge gee tydens die goedkeuringsproses uitvoering aan:
a. Artikel 44.1 van die Kerkorde (2013): *Die wysiging van die Belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid en twee derdes van alle kerkrade elk met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het.* Die Moderamen oordeel dat die tweederdemeerderheid van kerkrade verstaan en toegepas moet word as twee derdes van alle kerkrade van die gemeentes wat in verband met die NG Kerk as geheel staan.
b. Die Reglement vir die Prosedure wat Gemeentes volg by die Voorgestelde Wysiging van Belydenis (Reglement 24 Kerkordeboek 2013).
2. Die verloop van die proses
2.1 Dit is wenslik dat sinodes éérs hulle eie besluite oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 neem alvorens die kerkrade binne 'n bepaalde sinodale gebied hulle eie besluite daaroor neem. Dit sal help as sinodes, wat by die Algemene Sinode 2013 verteenwoordig was en wie se verteenwoordigers tot die voorstel ingestem het, die gees en inhoud van die voorstel eers na die eie sinode oordra alvorens dit deur die gemeenteverteenwoordigers by die sinode na hulle eie gemeentes uitgedra word.
2.2 Kerkrade is kerkordelik verplig om die voorstel aan die lidmate van die gemeente vir hulle instemming voor te lê en hulle finale kerkraadsbesluit in ooreenstemming met die uitslag daarvan te neem.
2.3 Die voorstel word vir goedkeuring met 'n tweederdemeerderheid voorgelê en daar word slegs vir of teen die voorstel gestem.
2.4 Konsepstembriewe vir onderskeidelik belydende lidmate, kerkraadslede en afgevaardigdes na die sinodes is aangeheg.
2.5 Dit is eerstens die persoon wat wil stem se verantwoordelikheid om vooraf seker te maak dat sy/haar lidmaatskap van die gemeente in orde is. Gemeentelede moet vooraf by wyse van die vier weke aankondiging van die gemeentevergadering of andersins gevra word om by die kerkkantoor of skriba van die kerkraad met sekerheid vas te stel of belydende lidmaatskap in die gemeentelike register aangeteken is.
2.6 Die ringe moniteer die uitvoering van die proses in die gemeentes van die ring. Minstens twee verteenwoordigers van die ring, wat nie lidmate van die gemeente is nie, woon die twee kerkraadsvergaderinge asook die gemeentevergadering/stemtelling by. Besware teen die uitvoering van die proses word deur die ringverteenwoordiger of sy gevolmagtigde hanteer. Die waarnemers van die ring sertifiseer aan die einde dat daar aan al die kerkordelike vereistes voldoen is. Voltooide stembriewe word deur die ring in bewaring gehou totdat daar vanaf die Algemene Sinode via die Sinode kennisgewing ontvang is dat dit vernietig kan word.
2.7 Al word daar in 'n bepaalde sinodale gebied nie die vereiste tweederdemeerderheid behaal nie, gaan die proses in die ander sinodale gebiede steeds voort."

### 13.4 Uitslag van die stemproses

Van die 230 gemeentes in die Wes-en-Suid-Kaapland het vier besluit om nie aan die stemproses deel te neem nie. Die Aktuarius van die Algemene Sinode het beslis dat hierdie gemeentes se stem nie as 'n ja-stem getel kan word nie. Die uitslag is in Bylaag 6.

### 13.5 Aanbevelings

Tydens die vergadering van die Moderamen in Maart 2015 is die volgende besluite geneem vir aanbeveling na die Sinode van Mei 2015:

#### 13.5.1 Aanbeveling 1

**1. Die Sinode handhaaf die oortuiging dat die Belydenis van Belhar in ooreenstemming is met die Woord van God en daarom as belydenisskrif in die belydenisgrondslag van die NG Kerk opgeneem moet word.**
**2. Die Sinode bevestig die oortuiging (sien die**

**besluite van 2011) dat die Belydenis van Belhar uitdrukking gee aan die identiteit van die NGK in SA.**
**3. Die Sinode is verder vas oortuig daarvan dat die Belydenis van Belhar 'n helder getuienis en roeping aangaande die uitdagings van ons huidige tydsgewrig verwoord.**
**4. Gegewe ons geskiedenis, glo die sinode dat die aanvaarding en uitlewing van die Belydenis van Belhar as belydenisskrif 'n deurslaggewende rol in die herstel van geloofwaardigheid van die NG Kerk moet speel.**
**5. Dit is die sinode se oortuiging dat die aanvaarding van die Belydenis van Belhar as belydenisskrif 'n nalatenskap van hierdie sinode sal wees wat die toekoms van die kerk in SA positief sal beïnvloed.**
**6. Die Sinode is steeds en nou nog meer bewus van die uiteenlopende standpunte onder lidmate oor die Belydenis van Belhar.**
**7. Die Sinode besef dat die afwysing van die wysiging van Artikel 1 dit vir lidmate, kerkrade en bedienaars van die Woord wat ten gunste van die opneem van die Belydenis van Belhar in ons belydenisgrondslag, in 'n moeilike posisie plaas.**
**8. Die Sinode erken sy onvermoë om die saak tans tot bevrediging van almal te hanteer, maar onderneem om deur middel van voortgesette denke oor die wese en welwese van die kerk maniere te vind waarbinne verskil van mening oor kontensieuse kwessies nie tot skeiding hoef te lei nie, maar in een kerk konstruktief hanteer kan word.**

**13.5.2 Aanbeveling 2**
**Die Sinode keur die voorgestelde wysiging van Kerkorde Artikel 1 goed.**

## 14. ONDERWYS

Die Moderamen het die volgende besluit oor onderwys geneem:
1. Die Moderamen versoek die Moderatuur om die lys van sewe uitdagings vir die onderwys in die Wes-Kaap – en verslae van ander soortgelyke byeenkomste met skoolhoofde – aan die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) gedurende 'n persoonlike onderhoud voor te lê. Die sewe uitdagings is:
a. Outomatiese bevordering
b. Vermindering van getal leerders per onderwyser
c. Dissipline
d. Tekortkominge by ouers
e. Vakbonde
f. Moedertaalonderrig
g. Kurrikulumvraagstukke
2. Die Moderamen besluit om die verslae van bogenoemde konferensies aan ringe beskikbaar te stel met die versoek dat dit by hulle volgende ringsitting ter tafel te gelê word en:
a. Aandag te gee aan maniere hoe gemeentes in hulle ring skole en onderwysers kan ondersteun;
b. Oorweging daaraan te skenk om – saam met die VGKSA – soortgelyke konferensies met skoolhoofde/onderwysers te reël, met die doel om inisiatiewe te formuleer oor hoe kerke en skole op plaaslike vlak kan saamwerk. In hierdie projek moet skoolhoofde, onderwysers en leerders betrek word.
3. Kerkrade en gemeentes word versoek om in 'n spesiale erediens, ten minste een maal per jaar, aandag te gee aan die saak van onderwys, met spesiale fokus op waardes en dissipline. (Daar is tans 'n Sondag vir onderwys en opleiding wat hiervoor gebruik kan word.)
4. Die Leesroosterprojek word versoek om 'n spesiale Sondag vir hierdie erediens in hulle program in te ruim
5. Die Moderatuur versoek die VGKSA Kaapland om dit saam met die NG Kerk te doen.

## 15. SINODE 2015

Leraars, gemeentes en ringe is geraadpleeg met die oog op die vasstelling van die agenda van die 2015 Sinode van die NG Kerk in Wes-en-Suid-Kaapland. Baie goeie samewerking en deelname is van gemeentes en ringe verkry. Die Moderamen het ook besluit om op 'n geloofsonderskeidende wyse besprekings te voer tydens die sinode en gemeentes met behulp van 'n omvattende kommunikasieplan te betrek by die vergadering. Die Moderamen plaas nou, na die bestudering van die verslag van die terugvoer van gemeentes, die volgende sake op die agenda van die Sinode:
- Missionale kerkwees,
- Jeug
- Armoede
- Profetiese getuienis (Hoe dink ons oor die land?)
- Kerklos lidmate/evangelisasie
- Lidmate/lidmaatskap

Die Taakspan Sinode 2015 se voorstel is dat "Missionale Kerkwees" die sentrale gesprekstema vir die sinodesitting sal wees. As oorhoofse tema word aanvaar "Omdat ons die evangelie glo, lewe ons met hoop".

## 16. SLOTOPMERKINGS

Ten slotte wil die Moderamen met dankbare harte getuig van God se liefde en genadige onderhouding. Die kerk het in velerlei opsigte 'n moeilike tyd beleef. Ongelukkige persepsies oor die kerk het dikwels in die media verskyn. Tog het die Moderamen ervaar dat Christus inderdaad die Hoof van sy kerk is en dit lei en in stand hou. Dit is die Moderamen se diepste begeerte dat die kerk 'n kerk sal wees wat in groeiende intimiteit, Coram Deo met God en voor God lewe. Hierdie verslag is maar 'n onbeholpe uitdrukking daarvan.

**Voorsitter: Braam Hanekom**
**Skriba: Monty Sahd**

# Bylaag 1
# Verslag van die Ad Hoc-Taakspan van die Moderamen vir Struktuurontwikkeling en Posvoorsiening aan die Sinode van die NG Kerk Wes-en-Suid-Kaapland

Die Moderamen het gedurende die afgelope termyn (in Februarie 2013) tot die besef gekom dat die herstrukturering van die sinodale werksaamhede ’n volgende fase moet betree met ’n verdere strategiese besinning oor die strukture en die voorsiening van poste om die werk van die sinode te doen. Die feit dat ’n hele aantal van die predikante in sinodale diens (PSD’s) in 2015 en daarna aftree, het ook ’n eenmalige geleentheid geskep om oor die toekenning van poste te herbesin. Die Moderamen het ook besef dat hierdie proses ’n gesamentlike proses met die VGKSA Kaapland moet wees en het derhalwe in Mei 2013 die VGKSA Kaapland genader om volledig aan die proses deel te neem. Die Moderatuur en Sinodale Kommissie (SK) van die VGSA Kaapland het ingestem tot deelname en het ’n gelyke aantal lede as die NG Kerk in die Ad Hoc-Taakspan vir Struktuurontwikkeling en Posvoorsiening (TSO) aangewys. Kennis is geneem van die strategiese besinning wat die proses voorafgegaan het. Beide die VGKSA en die NGK het reeds ’n lang en diepgaande besinning gehad oor sinodale funksies en strukture. Die resultate van hierdie nadenke is goed gedokumenteer en is herbesoek en deel gemaak van die gesamentlike besinning oor die pad vorentoe. Die Ad Hoc-Taakspan het so wyd as moontlik gekonsulteer en onder meer ’n indaba op 3 Oktober 2013 gehou, waartydens daar op ’n aantal strategiese peilers vir die proses besluit is. Beide die kerke was goed verteenwoordig in die indaba.

## 1. MEERVOUDIGE OORWEGINGS

Daar was bo en behalwe die prinsipiële oortuigings oor die aard van kerkverband en die funksies van sinodes, ook ander werklikhede waarmee die Moderamen rekening moes hou:
**1.1** Ekonomiese werklikhede van die kerk, soos inkomstepatrone en langtermyn volhoubaarheid van strukture en poste, moes verreken word;
**1.2** Die Moderamen van die NG Kerk het gekies om aan alle werknemers die versekering te gee dat hulle nie in die proses uit diens gestel sal word nie;
**1.3** Die integrasie van die werksaamhede van die sinodes en die bou van netwerke tussen die onderskeie diensgroepe, is as prioriteit gestel. Die afbreek van die sg “silo bestaan” van diensgroepe was deel van die opgaaf van die Moderamen;
**1.4** Die uitkomste van die Strategiese Proses moes die kerkherenigingsproses dien.

## 2. STRATEGIE

Uit die strategiese besinning in die NG Kerk sedert 2007, die VGKSA se besinning oor strategie en uiteindelik die Geïntegreerde Bedieningsmodel, die prioritiseringsgesprekke wat in verskillende vergaderinge van die NGK en VGKSA gehou is en uit die gesprekke met die onderskeie diensgroepe en vergaderings en die indaba, het die volgende strategiese peilers gekristaliseer:

### 2.1 Roeping
Die Kerk sal vanuit sy verstaan van sy roeping moet leef. Roepingsverstaan is ’n dinamiese proses wat altyd nuwe verantwoordelikhede, moontlikhede en geleenthede open. Daarom sal die Kerk geloofsonderskeiding deel moet maak van sy kultuur, sodat die Hoof van die Kerk gevolg kan word in alles wat die Kerk doen. In onderskeidingsprosesse sal sterk op die betekenis van die kontekste waarin onderskeiding plaasvind, gefokus moet word.

### 2.2 Die missionêre aard van die kerk
Die Kerk in al sy gestaltes sal moet leer verstaan wat dit beteken om ’n missionêre kerk te wees, wat God in sy sending na die wêreld volg. Daarom sal die Kerk nuut moet dink oor die amp van die gelowige, dissipelskap, die toerusting van gelowiges en die openheid van die Kerk. Die Kerk sal moet leer om ondubbelsinnig en helder oor die lewe met Jesus Christus te getuig.

### 2.3 Markpleinteologie
Die Kerk sal opnuut die markplein as terrein van sy werksaamhede moet opneem. Met die ineenstorting van die “corpus christianum bedeling” in Suid-Afrika, het die Kerk sy inspraak op baie terreine verloor. Dit het hom as net as nog een van baie stemme in die publieke sfeer gelaat. Die Kerk sal sigself opnuut moet posisioneer om getuienis van die heerskappy van Jesus Christus te lewer.

Die belangrikheid van goeie navorsing mag nie onderskat word nie. Die Kerk sal sigself noodwendig deur grondige navorsing moet bemagtig om substantiewe bydraes in die politieke, sosiale en ekonomiese sfere van ons land te maak. Die Kerk sal ook alles moontlik moet doen om in die eeu van moderne kommunikasie tegnologie, die beste te maak van elke geleentheid om oor Jesus Christus te getuig, lidmate en buitestaanders in te lig, maar ook te luister na die stemme van ander wanneer hulle aan relevante gesprekke deelneem, na binne en buite.

### 2.4 Die diversiteit en eenheid van die kerk
Sonder kerkeenheid bly die geloofwaardigheid van die Kerk se getuienis in gedrang. Eenheid sal ook ’n nuwe dinamika in die Kerk tot gevolg hê, wat baie heilsaam vir die self verstaan van gemeentes en al die ander strukture van die Kerk sal wees. Die belang van ekumeniese verhoudinge mag nooit onder-

skat word nie. In die ontwikkeling van nuwe strukture, sal daar vordering moet wees in die rigting van volledige eenwording tussen die VGKSA Kaapland en die NG Kerk in Wes-en-Suid-Kaapland. Diversiteit binne die eenheid van die Kerk is ’n gesonde werklikheid wat die ruimte wat die Kerk aan mense bied, vergroot en sy getuienis versterk.

**2.5 Armoede en geregtigheid**
Die Kerk sal nog meer by armoedeverligting betrokke moet raak. Die Sinode sal hulp moet verleen aan gemeentes wat die roeping ontvang het om armoede te bestry. Hulp sal egter meer moet behels as net persoonlike hulp en ondersteuning aan individue of die institusionele versorging van mense. Die Kerk sal op ’n sistemiese vlak veel meer by die oorsake van armoede betrokke moet raak. Geregtigheid moet nagejaag word, sodat alle mense menswaardig kan lewe.

**2.6 Morele- en geloofsvorming**
Die Kerk sal in die morele herstel van die land leiding moet neem. Hierdie leiding sal deur sterk ekumeniese verhoudings gedryf moet word en inslag moet vind in die lewe van die burgers van Suid-Afrika. Die menswaardigheid van alle mense sal in die Kerk beliggaam moet word en deur elke gelowige aanvaar en verkondig moet word. Toerustingsprogramme in geloofs- en morele vorming sal geloods moet word met die oog op die vorming van nuwe gewoontes en dus die bou van ’n nuwe kultuur.

**2.7 Fokus op die Jeug**
Die Kerk se toekoms hang af van die mate waarin die Kerk daarin sal slaag om ’n tuiste vir die kinders en jongmense van ons tyd te wees. Die Kerk sal genoeg kapasiteit moet skep om programme te ontwikkel, gemeentes toe te rus, navorsing te doen en saam met jongmense oor die koms van die Koninkryk en die gestaltes wat aan verhoudings tussen gelowiges gegee word te dink.

**2.8 Gemeentes, ringe en sinode**
Kerkverband sal moet fokus op gemeentes. Dit het veral twee betekenisse:
Dat gemeentes in hulle dienswerk ondersteun word.
Dat die verband die funksies behartig wat nie deur ’n enkele of ’n klein groep gemeentes behartig kan word nie. Die dualiteit tussen gemeentes en sinodale strukture sal eenvoudig deur deelnemende besluite en goeie kommunikasie deurbreek moet word, sodat werk vir gemeentes en namens gemeentes gedoen kan word met die instemming en ondersteunende deelname van gemeentes. Die rol wat ringe in die onderskeiding van God se wil vir groter kontekste as enkele gemeentes behoort te speel, verg ook die dringende aandag van die Kerk.
Die werk van sinodale diensgroepe sal die hele tyd aan die waarde wat dit aan gemeentes toevoeg, getoets moet word.
Sinodale bedieninge kan nie meer in silo’s bedryf word nie. Goeie strategiese bestuur, waarin daar belyning plaasvind van die roeping van die Sinode met die werksaamhede van die Sinode, sal deel van die kerklike kultuur moet word. ’n Kultuur van aanspreeklikheid, koördinering tussen diensgroepe en doeltreffendheid sal gekweek moet word. Die Kerk sal eenvoudig die Kerk se bronne optimaal moet benut.

**2.9 Leierskapontwikkeling**
Die ontwikkeling van leiers en leierskapsvaardighede in die Kerk is nou van groot belang. Gefokusde aandag hieraan sal as prioriteit geag moet word.

**2.10 Evangelisasie**
Die Kerk sal op nuwe maniere die evangelie onder mense se aandag moet bring. Nuwe vars uitdrukkings van kerkwees en gemeentevorming sal hoë prioriteit moet geniet om te verseker dat die Kerk binne ’n gesekulariseerde wêreld lewenskragtig en relevant sal bly.

## 3. SAKE VIR SPESIALE AANDAG

Uit die strategiese gesprekke het dit geblyk dat daar ’n paar kwessies is wat nou groot aandag verdien. Onder hierdie sake tel:
- Armoede en geregtigheid;
- Teologiese navorsing;
- Toerusting van lidmate;
- Publieke getuienis;
- Kerkeenheid en ekumeniese samewerking.

## 4. VGKSA KAAPLAND EN NG KERK WES-EN-SUID-KAAPLAND

Die TSO het sy verslae aan beide die VGK Kaapland en die NGK Kaapland se strukture voorgelê. In gevalle waar daar posverskuiwings of aanstellings voorgestel is, moes die indiensnemende kerk as regspersoon die finale besluit neem om die betrokke pos goed te keur of ’n aanstelling te maak.

’n Verslag van die TSO, met aanbevelings, het ook gedien by die Sinode van die VGKSA Kaapland wat van 13-17 Oktober 2014 plaasgevind het. Daar is onder andere aanbeveel dat die VGKSA Kaapland, met die oog op die integrasie van werksaamhede en herstellende geregtigheid, al sy kommissies en werksaamhede by die Sinodale Koördineringspan (SKS) sal laat inskakel.

Alle bronne sal dan gesamentlik benut en aangewend kan word. Die Sinode het hierdie sake terugverwys na die moderatuur van die VGKSA Kaapland. Hierdie saak word tans deur die moderatuur oorweeg.

## 5. KULTUURVERANDERING

Die Strategiese Proses het duidelik uitgewys dat struktuurveranderinge, met die oog op die integrasie van werksaamhede, nie kan werk sonder dat daar

gepaardgaande daarmee ook ’n verandering in die werkswyse, dit wil sê die gewoontes en dus die kultuur van die diensgroepe plaasvind nie. Hiermee is danksy die SKS en die onderskeie diensgroepe groot vordering gemaak.

## 6. VORDERING TOT OP HEDE

**6.1 NG Kerk Diensgroep vir Ondersteuning**

**6.1.1** ’n Taakspan vir Kommunikasie is gestig.

**6.1.2** Mev Marieta Visagie is as Kommunikasiebeampte aangestel.

**6.1.3** Die pos van die Bestuurder van die GHBM (mnr Marius Wethmar) is vanaf 1 Junie 2014 oorgedra na die GHBM en die subsidie bydrae van die NG Kerk is op 1 Maart 2015 gestaak.

**6.1.4** Die pos van Assistent van die GHBM (me Antoinette Joubert) is van 1 Junie 2014 oorgedra na die GHBM en die subsidie bydrae van die NG Kerk is op 1 Maart 2015 gestaak.

**6.1.5** Die pos van die faktotum (mnr Johan van Zyl) is op 1 Augustus 2014 vanaf die GHBM na die NG Kerk in Suid-Afrika oorgedra.

**6.1.6** Die skoonmaker (me Audrey Jantjies) is op 1 Februarie 2015 aangestel. Sy was ’n werknemer van ’n maatskappy wat die skoonmaakdiens vir die sinodale sentrum gedoen het. Die kontrak met die diensverskaffer is opgeskort en me Jantjies is deur die NG Kerk in SA aangestel.

**6.1.7** Die strategiese bestuur van die Argief is op 1 September 2014 van die pligte van die Saakgelastigde na die van die PSD Teologiese Navorsing oorgedra.

**6.1.8** Die pos van Direkteur Kommunikasie is op 31 Augustus 2014 getermineer.

**6.2 Die Diensgroep vir Armoede en Sorg (VGKSA en NGK)**

**6.2.1** Omvattende aandag is, en word steeds gegee, aan die belyning van die werk van die Diensgroep vir Armoede en Sorg en dié van Badisa.

**6.2.2** Die 50% PSD-pos van die NG Kerk is vergroot na ’n 100% pos. Ds Leon Venter is vanaf 1 Oktober 2014 in hierdie pos aangestel.

**6.2.3** Die 50% PSD-pos van die VG Kerk is vergroot na ’n 100% pos. Die VGKSA finaliseer die aanstelling. Die VGKSA befonds hierdie nuwe pos volledig uit eie fondse.

**6.2.4** Die pos van projekkoördineerder is verander na ’n sekretariële pos. Prop Mizelle Prinsloo het vanaf 1 Maart 2014 tydelik in hierdie pos waargeneem. Die tydelike pos is vanaf 1 Maart 2015 in ’n permanente 5/8ste sekretariële pos verander.

**6.2.5** Die pos van PSD Pastorale Spreekkamer word getermineer wanneer dr Deon Bruwer op 31 Januarie 2017 aftree. Die Diensgroep is besig met die ontwikkeling en vestiging van ’n netwerk van pastorale dienste tussen gemeentes.

**6.2.6** Die Diensgroep het opdrag ontvang om verder oor die pos van ’n netwerkkoördineerder vir hospitaalbearbeiding te besin. ’n Nuwe bedeling met Hospivision word tans onderhandel.

**6.3 Diensgroep vir Toerusting**

**6.3.1** ’n Nuwe Taakspan vir Dissipelskapvorming word binne hierdie diensgroep tot stand gebring.

**6.3.2** ’n PSD-pos vir Kerklike Opleiding is geskep. Dr Frederick Marais is vanaf 1 Julie 2015 in die pos aangestel. Die PSD vir VBO (dr Coenie Burger) tree op 30 Junie 2015 af.

**6.3.3** Die huidige VBO PSD-pos word hierby geïnkorporeer.

**6.3.4** Die PSD Kerklike Opleiding sal verantwoordelik wees vir die werk van die Taakspan vir VBO, asook die werk van die Kuratorium en die Taakspan vir Dissipelskapvorming.

**6.3.5** ’n Pos van VBO-koördineerder is geskep. Mev Wilma le Roux sal vanaf 1 Julie 2015 die pos beklee.

**6.3.6** ’n 50% PSD Seminarium-pos is binne die Diensgroep geskep. Hierdie pos tree in aanvang op 1 Desember 2015 en sal volledig vanuit Kuratorium fondse gefinansier word. Die huidige 50% PSD (Seminarium) bedeling word getermineer.

**6.3.7** Alle ander sekretariële poste by die Kuratorium en VBO word deur die loop van 2015 getermineer. ’n Nuwe sekretaresse pos vir die Diensgroep is geskep en neem op 1 September 2015 in aanvang.

**6.3.8** ’n PSD-pos vir Teologiese Navorsing is geskep. Hierdie pos is ’n saamgestelde pos. Dr Ben du Toit is op 1 September 2014 na hierdie pos oorgeplaas. Sy kantoor is by die Argief. Dr Du Toit tree op 30 September 2015 af. Die pos word met die oog op indienstrede op 1 Oktober 2015 geadverteer.

- 10% van die posbekleër se tyd sal aan die strategiese bestuur van die Argief gewy word.
- 25% van sy tyd sal aan ATLAS (Algemene Sinode) se leer en aktuele sake-werk bestee word. Die Algemene Sinode dra 25% tot die posbekleër se vergoeding by.
- 65% van sy tyd is vir Teologiese Navorsing. Hierdie werk word deur die Taakspan vir Leerstellige en Aktuele Sake bestuur.

**6.3.9** Die PSD’s vir Kerklike Opleiding en Teologiese Navorsing sal ten nouste saamwerk.

**6.3.10** Die VGKSA Kaapland beskik reeds oor ’n 50% pos vir die VGKSA Kuratorium. Dr Natie Philander is die posbekleër.

**6.3.11** Die VGKSA Kaapland beskik reeds oor ’n 50% pos vir die Seminarium. Dr Eugene Beukes is die posbekleër.

**6.3.12** Die huidige 50% PSD-pos van die NGK Kuratorium word geïnkorporeer in die nuwe PSD-pos vir Kerklike Opleiding.

**6.3.13** Die administrasie van beurse en beursfondse verskuif na die Sinodale Taakspan vir Fondse en Administrasie. Die finansiële administrasie pos van mev Estelle van der Merwe word later getermineer.

**6.4 Kommissie vir Getuienisaksie (KGA)**

**6.4.1** ’n Nuwe Taakspan vir Publieke Getuienis is geskep. Die Taakspan is saamgestel uit verteenwoordigers uit die twee moderature, Diensgroep vir Armoede en Sorg, Geloof en Lewe, KGA en die Algemene Sinode van die NG Kerk.

**6.4.1** Dr Braam Hanekom is as die PSD vir Publieke Getuienis aangestel. Hy beklee die pos vanaf 1 Mei 2014.
**6.4.1** ’n Ooreenkoms is met die Algemene Sinode van die NG Kerk aangegaan, ingevolge waarvan die Taakspan vir Publieke Getuienis die parlementêre lessenaar se werk sal behartig;
**6.4.1** Die Bestuurderspos van die KGA Taakspan vir Afrika Ekumene is na ’n PSD-pos verander. Dr Kobus Odendaal beklee hierdie pos;
**6.4.1** Die PSD-pos vir die Bediening van die Jode word op 31 Mei 2015, met die aftrede van dr Francois Wessels, getermineer. KGA sal steeds ondersteuning verleen aan die bediening van persone van ander godsdienste.

**6.5 Diensgroep vir Gemeentebegeleiding**
**6.5.1** Drie PSD-poste is aan die Diensgroep toegeken naamlik ’n pos elk vir Predikantebegeleiding, Gemeentebegeleiding en Kinder-, Jeug- en Familiebediening.
**6.5.2** Die Diensgroep is aangemoedig om ooreenkomste aan te gaan met KGA met die oog op die integrasie van werksaamhede. ’n Samewerkingsprotokol het ontstaan.
**6.5.3** ’n Beroep word uitgebring vir die pos van PSD Gemeentebegeleiding. Hierdie vakature ontstaan wanneer dr Frederick Marais vanaf 1 Julie die pos van PSD Kerklike Opleiding beklee.
**6.5.4** ’n VGKSA PSD-pos is aanbeveel met die oog op die VGKSA se gemeentebedieningswerk. Verdere gesprek moet hieroor met die VGKSA gevoer word. Die veronderstelling is dat die VGKSA hiermee inisiatief sal neem, die pos se KPA’s bepaal en uiteindelik die beroep uitbring.

**6.6 Getuienis: KGA en Gemeentebegeleiding**
**6.6.1** Die plasing van die werksaamheid van die Sinodale Taakspan vir Gemeente-ontwikkeling en Kerklike Samewerking (GKS) was tot dusver vir die Moderamen ’n uitdaging. Beide KGA en Gemeentebegeleiding was van mening dat die GKS by hulle tuis hoort.
**6.6.2** Die Diensgroep vir Gemeentebegeleiding oordeel dat ’n missionale ekklesiologie daarop afgestem is dat nuwe geloofsgemeenskappe sal vorm. Die begeleiding van gemeentes hiertoe vorm ’n integrale deel van hulle verstaan van kerkwees en dus van die ondersteunende diens wat die Diensgroep aan gemeentes lewer. Die strategie van Gemeentebegeleiding vind onder meer uitdrukking in die sogenaamde. Fresh Expression beweging wat deur GKS ondersteun word.
**6.6.3** KGA is as Diensgroep verantwoordelik vir die begeleiding, ondersteuning en loodsing van die getuienisaksies van die kerk. KGA werk in en saam met gemeentes en kerkverbande om evangelisasie te bevorder en gemeentes te ondersteun in hulle getuienistaak binne en buite gemeentes se eie geografiese kontekste.
**6.6.4** KGA dra ook finansieel by tot die pos van dr Ryk van Velden van die Hugenote Kollege. Dr Van Velden se opdrag van die Hugenote Kollege is onder meer die stigting en bestuur van ’n skool vir kerkplanters.
**6.6.5** Beide diensgroepe het voorleggings gemaak aan die TSO oor die onderhawige kwessies. Verskeie bilaterale gesprekke is ook tussen die TSO en die onderskeie Diensgroepe gevoer. Die Moderamen van die NG Kerk het op aanbeveling van die TSO versoek dat ’n verdere gefasiliteerde gesprek tussen verteenwoordigers van die Diensgroep moet plaasvind en dat die voortspruitende aanbevelings aan die Sinode in sitting voorgelê moet word. Die gesprek het wel plaasgevind op 16 Maart 2015 en is deur ds Andrew Esterhuysen en dr Hannes Koornhof gefasiliteer. Daar is ’n aantal konsensusse bereik. Die TSO maak vervolgens die volgende aanbevelings:

## 7. AANBEVELINGS

**7.1 Aanbeveling 1**
**Die Sinode bevestig**
**1. dat die getuienistaak van die kerk die verantwoordelikheid van al die lidmate, gemeentes, diensgroepe en sinodale strukture is;**
**2. dat die ontwikkeling van nuwe geloofsgemeenskappe die roeping van die hele kerk en alle gemeentes is.**

**7.2 Aanbeveling 2**
**Die Sinode besluit dat die funksie van die GKS om gemeentes te ondersteun in die vestiging van nuwe geloofsgemeenskappe, aan die Diensgroep vir Gemeentebegeleiding toegeken word.**

**7.3 Aanbeveling 3**
**Die Sinode besluit dat**
**1. ’n Taakspan vir Nuwe Geloofsgemeenskap Ontwikkeling (NGGO) binne die Diensgroep vir Gemeentebegeleiding tot stand gebring word;**
**2. die Taakspan van die NGGO ten minste twee verteenwoordigers van KGA insluit, ten einde die nouste moontlike skakeling tussen die werksaamhede van die Taakspan en die KGA te verseker;**
**3. die NGGO ten nouste met die Hugenote Kollege (HK) moet skakel, ten einde optimale voordeel uit die werk van die Skool vir Kerkplanting van die HK te verkry.**

**7.4 Aanbeveling 4**
**Die Sinode besluit dat die deeltydse termynbepaalde 50% PSD-pos van GKS (ds Philip Botha) nie na 30 November 2015 voortgesit word nie.**

**7.5 Aanbeveling 5**
**Die Sinode besluit dat**
**1. die bestaande permanente 50% GKS PSD-pos (ds Peter Adams) aan die Diensgroep vir Gemeentebegeleiding toegeken word;**
**2. dat nuwe KPA’s met die oog op die uitvoering van die roeping en strategie van die Diensgroep**

**vir die pos ontwikkel word;**
**3. die Moderamen versoek word om die funksionering en plasing van die pos en die posbekleër met die oog op volhoubaarheid na een jaar te evalueer.**

**7.6 Aanbeveling 6**
**1. Die Sinode besluit om, in opvolging van die PSD-pos van dr Johan Botha, 'n PSD-pos vir Getuienis deur Gemeentes te skep en ken die volgende funksies aan die pos toe:**
**1.1 ondersteun gemeentes in die ontwikkeling van hulle missionêre aard en roeping;**
**1.2 ontwikkel evangelisasieprogramme en -materiaal saam met en vir gemeentes;**
**1.3 ondersteun gemeentes met die bediening aan kerklos en vervreemde lidmate;**
**1.4 ondersteun gemeentes in die bediening aan ongelowiges;**
**1.5 ondersteun gemeentes in die ontwikkeling van multikulturaliteit;**
**1.6 ondersteun evangelisasiewerk in verskillende kontekste (byvoorbeeld Straatwerk);**
**1.7 ondersteun gemeentes in hulle bediening aan gelowiges van ander godsdienste.**
**2. Die Sinode versoek die Moderamen om die funksionering en plasing van die pos en die posbekleër met die oog op volhoubaarheid na een jaar te evalueer.**

**7.7 Aanbeveling 7**
**Die Sinode besluit dat**
**1. die funksies van die GKS wat voortspruit uit die werk van die Skiereilandse Raad vir Kerklike Samewerking (SRKS), op 1 Julie 2015 aan die KGA oorgedra word;**
**2. die KGA, in oorleg met die VGKSA Kaapland en die NG Kerk in Wes-en-Suid-Kaapland, die moontlikheid ondersoek om die werksaamhede van die SRKS uit te brei.**

**7.8 Aanbeveling 8**
**Die Sinode besluit dat, na ooreenkoms met Diensgroep vir Armoede en Sorg, 'n skeidingspakket op 30 Junie 2016 aan dr Koos van der Vyver aangebied word. Die PSD-pos Hospitaalpastoraat word op 30 Junie 2016 getermineer.**

**7.9 Aanbeveling 9**
**Die Moderamen het 'n besluit geneem dat 'n pos vir 'n netwerkkoördineerder geskep word om die hospitaalwerk te koördineer. Sedert hierdie besluit is die Diensgroep vir Armoede en Sorg in 'n proses om met Hospivision 'n ooreenkoms te onderhandel om Hospivision in die Wes-Kaap te vestig in plaas daarvan om 'n netwerkkoördineerder aan te stel. Die koördinering van Hospitaalpastoraat sal dan deur Hospivision gedoen word. Die Sinode keur hierdie inisiatief van die Diensgroep vir Armoede en Sorg goed.**

**Sameroeper: Ds Nelis Janse van Rensburg**

---

## Bylaag 2
## Taakspan vir Menswaardigheid
## Verslag met Brondokument – 10 Januarie 2013

## 1. AGTERGROND

Op die vergadering van 16 en 17 Februarie 2011 het die Moderamen van die Wes-en-Suid-Kaap Sinode die volgende voorstel aanvaar:
1. Dat 'n sinodale taakspan vir christelike antropologie aangewys word wat onder meer sal fokus op:
1.1 die teologiese begeleiding van gelowiges ten aansien van rassevooroordele, menslike seksualiteit en die menswaardigheid van vroue;
1.2 prosesse in die kerk en samelewing wat 'n christelike antroplogie sal bevorder en gelowiges sal help om onderskeidend te leef.
2. dat die moderatuur versoek word om sodanige taakspan saam te stel;
3. dat die algemene sinode versoek word om 'n soortgelyke taakspan saam te stel.

Die moderamen gee aan Elize Morkel (sameroeper) en Nelis Janse van Rensburg die opdrag om 'n taakspan saam te stel. Die eerste vergadering van die taakspan vind op 22 Augustus 2011 op Stellenbosch plaas. Die volgende persone is teenwoordig: Elize Morkel, Nelis Janse van Rensburg, Nico Koopman, Gerrit Brand, Julie Claassens en Charlene van der Walt. Hier word die motivering vir die samestelling van die taakspan kortliks verduidelik. Die kwessies soos ras, geslag en seksualiteit waaroor die NG Kerk al by geleentheid moes verskoning vra oor sy houding en optrede nl ras, geslag en seksualiteit het 'n gebrekkige teologie oor menswaardigheid ontbloot. Die sinode het 'n groot stap geneem om die Belydenis van Belhar te aanvaar. Hierdie belydenis bied 'n bepaalde teologiese beskouing oor menswaardigheid. Die werk wat die taakspan doen, moet voortbou op die sinode se aanvaarding van die Belydenis van Belhar. Die taakspan moet die kerk begelei op die pad van die herstel van die menswaardigheid van alle mense.

Die taakspan besluit om die naam te verander na "**Taakspan vir Menswaardigheid**" en om meer verteenwoordigers uit die VGKSA Kaapland in te sluit in die taakspan. Daar word besluit om 'n **brondokument** saam te stel wat as vertrekpunt gebruik sal word vir die werksaamhede van die taakspan. Die volgende kundiges word genader om bydraes te skryf oor die belangrikste terreine waar mense se menswaardigheid geskend word.

Inleiding: Gerrit Brand, Ras: Nico Koopman, Geslag: Julie Claassens, Seksualiteit: Charlene van der Walt, Geweld en Xenofobie: Llewellyn McMaster, Armoede: Pieter Grove, Siekte en MIV/vigs: Anton van Niekerk en Kulturele diversiteit: Gerrit Brand.

Die volgende dien as raamwerk vir die skryf van die dokumente: Bydraes word beperk tot *1000 woorde* per dokument; Die begronding van bydraes sal gekoppel word aan die *Belydenis van Belhar*; Die bydraes sal primêr handel oor *menswaardigheid*; Die bydraes sal gerig wees op die *kerk se gepaste reaksie op* 'n *teologie van menswaardighed* nav kwessies ter sprake in die kerk.

## 2. WERKWYSE WAT GEVOLG IS IN DIE ONTWIKKELING VAN DIE DOKUMENT

In vier vergaderings van die volledige taakspan, bestaande uit die persone wat genader is om bydraes te skryf asook die twee lede van die moderatuur, is elke skrywer se bydrae voorgedra en uitvoerig bespreek. Aanbevelings is gemaak ten opsigte van die bydraes, dis weer hersien en bespreek totdat lede van die taakspan gemeen het dit kan ingesluit word by die brondokument. Elize Morkel en Nelis Janse van Rensburg het verantwoordelikheid geneem om die dokument soos dit hier verskyn te hersien met die hulp van die onderskeie skrywers. Die Inleiding is aansienlik uitgebrei na aanleiding van gesprekke binne die Algemene Sinode Moderamen en ander kerkvergaderings. Daar is ook besluit om die stukke van ander skrywers bietjie te verleng tot om en by 1 200 woorde.

**Opdrag van die Algemene Sinode Moderamen (ASM)**
Op hul eerste vergadering in November 2012 die ASM die saak van Menswaardigheid as prioriteitsarea aangedui. Op die vergadering versoek die ASM die Taakspan vir Menswaardigheid van die Wes-en-Suid-Kaapse Sinode om die brondokument waarmee hulle toe reeds besig was aan die ASM voor te lê as basiese navorsingstuk in hul werk oor Menswaardigheid.

**Voorstelle ten opsigte van voortgesette werk van die Taakspan vir Menswaardigheid**
Nelis Janse van Rensburg het rapporteer dat 'n taakspan bestaande uit VGKSA en NGK leiers gesprekke gevoer het oor die moontlikheid van 'n Seisoen soortgelyk aan die Luisterseisoen wat in die NGK gevolg is. Dit blyk dat daar besluit is op 'n Seisoen van Menswaardigheid waar die waardes Respek, Luister, Omarming en Onselfsugtigheid sentraal sal staan. Die Seisoen van Menswaardigheid sal dus prosesse en materiaal ontwikkel waarvoor hierdie brondokument as verwysingsbron kan dien. Taakspanlede wou ook kon help werk aan die ontwikkeling van materiaal wat vir gebruik in die Seisoen se werksaamhede aangepas word. Die huidige brondokument is aan Danny Fourie by Bybel-Media voorgelê vir kommentaar en hy het baie goeie voorstelle gemaak in die verband.

## Inleiding: Waarom menswaardigheid?
## Gerrit Brand, Nelis Janse van Rensburg en Elize Morkel

*Ons glo dat God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring; dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg; dat Hy aan verdruktes reg laat geskied en brood aan die hongeriges gee; dat Hy die gevangenes bevry en blindes laat sien; dat Hy dié wat bedruk is, ondersteun, die vreemdelinge beskerm en weeskinders en weduwees help en die pad vir die goddelose versper; dat dit vir Hóm reine en onbesmette godsdiens is om die wese en die weduwees in hulle verdrukking te besoek; dat Hy sy volk wil leer om goed te doen en die reg te soek.*
*(Deut 32:4, Luk 2:14, Joh 14: 27, Ef 2:14, Jes 1:16-17, Jak 1:27, Jak 5:1-6, Luk 1:46-55, Luk 6:20-26, Luk 7:22, Luk 16:19-31)*

*... dat die kerk daarom mense in enige vorm van lyding en nood moet bystaan, wat onder andere ook inhou dat die kerk sal getuig en stry teen enige vorm van ongeregtigheid sodat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom;*
*(Ps 146, Luk 4:16-19, Rom 6:13-18, Amos 5)*
*Belydenis van Belhar*

**Waarom is Christene so ernstig oor menswaardigheid?**

Hoekom is die kerk ernstig oor menswaardigheid? Is "menswaardigheid" nie alte antroposentries oftewel mensgerig, terwyl gelowiges juis teosentries, dit wil sê Godgerig, moet dink nie? Waarom 'n oënskynlik sekulêre begrip, wat nie eens in die Bybel voorkom nie, so vooropstel? En draai die Bybel nie op talle plekke 'n begrip soos "eer", wat met die idee van menswaardigheid verband hou, op sy kop nie? Sê Jesus nie dat, in die koninkryk van God, die eerstes laaste sal wees nie? Waarsku hy nie teen hoogmoed en selfverheerliking nie? Is hy nie die een wat hom neerbuig om ander se voete te was nie? Haal Paulus nie 'n vroeg-christelike lied aan wat oor Jesus se selfontlediging getuig nie? Moet Christene nie eerder in hul onwaardigheid as in hul waardigheid roem nie? Dis waar dat die woord "menswaardigheid", van die Latynse *dignitas*, nie in die Bybel gebruik word nie. Opsigself kan dit nie as beswaar teen die gebruik daarvan deur hedendaagse Christene geld nie, want dan sou woorde soos "drie-enig", "erfsonde" of "heil", wat ewe min in die Bybel voorkom, ook verwerp moet word. Tog sou 'n mens kan vra of die begrip "menswaardigheid" nie in spanning verkeer met sentrale Bybelse aksente nie. Immers, in die antieke wêreld het menswaardigheid met 'n persoon se posisie en status in die samelewing verband gehou: belangrike mense het meer waardigheid as andere gehad; dit is met mag, trots en aansien verbind. In daardie kultuur sou geen waardigheid aan die Gekruisigde of sy volgelinge toegeken kon word nie.

In die wêreld van vandag word die woord "menswaardigheid" buitendien so universeel gebruik dat dit in elk geval nie 'n spesifiek christelike betekenis het nie. Selfs mense wat nie in God glo nie of nie vanuit christelike oortuigings vertrek in hulle denke nie, gebruik die term. Daarvan getuig byvoorbeeld die Verenigde Nasies se millennium-doelwitte waarin "die bevordering van menswaardigheid" in die sentrum staan.

Hierteenoor moet daarop gewys word dat die sentraliteit van die begrip "menswaardigheid" in die moderne wêreld slegs deur die invloed van die christelike geloof deur die eeue verklaar kan word – iets waarop baie historici en sosiaalwetenskaplikes, ook nie-Christene, wys. Dit beteken dat die christelike geloof die samelewing beïnvloed het en steeds kan beïnvloed. Moet die kerk juis op hierdie punt aan die gesprek onttrek en sy eie erfenis en maatskaplike bydrae afsweer? Dit kan die kerk tog nie doen nie!

Net so belangrik is dat die oorspronklik Hellenistiese betekenis van menswaardigheid juis deur die vroeë kerk krities getransformeer is. Die kerkvaders het doelbewus 'n nuwe betekenis aan menswaardigheid gegee waarin die egte menslikheid van Christus die toon aangee. Dit was nog altyd die kenmerkende van die Joodse en christelike tradisie dat woorde wat buite die geloofsgemeenskap ontstaan het oorgeneem en omvorm is. Selfs die Hebreeuse en Griekse name vir God wat in die Bybel gebruik word, het buite Israel en die kerk ontstaan. Die eerste Christene het Jesus Christus Here, Seun van God en Redder genoem in 'n konteks waar hierdie begrippe dikwels na die mag en glorie van keisers verwys het. Daarmee het hulle nie bedoel dat Jesus soos daardie keisers was nie – allermins! – maar juis dat hy die waardes van daardie samelewing op hul kop draai. Inderdaad, wat die wêreld skande noem, word in die lig van Christus eervol. Mag word in terme van Christus se swakheid en lyding verstaan. Christus bewerk dus 'n omkering van waardes en gee so uitdrukking aan God se gesindheid teenoor mense.

Hy bevestig dat God met die mens identifiseer, 'n God vir mense wil wees, self mens geword het en steeds is, en lewe in volheid vir die mens wil realiseer. As ons daarom sê ons het God lief, maar minag ons naaste, dan lieg ons. Wie die waardigheid van medemense ernstig neem, beskerm en bevorder, dien en eer daarmee vir God. Die spanning wat dikwels geskep word tussen die sogenaamde antroposentriese en teosentriese verstaan van die Evangelie is dus vals. Wie God dien en na waarde ag, dien sy naaste en verstaan die waarde van sy naaste in en deur Christus.

**Waarin setel mense se waarde?**

Hoe verstaan ons dan mense se waardigheid in terme van dit wat Christus gedoen het? God ag mense so waardevol dat Hy sy Seun na hulle stuur. Sy Seun lê sy lewe af vir mense. Hy tree in 'n verhouding met mense van alle stande, afkomste, generasies, oortuigings. Hy was sy dissipels se voete. Hy raak die verworpenes en gebrokenes aan. Hy bevry die besetenes. Hy herstel die waarde van vroue en kinders in die samelewing. Hy bevestig dat God hoë agting het vir alle mense. Hy gee daarom sy lewe prys vir alle mense. God se toekenning van waarde is sonder voor-waarde. Dit geskied nie op grond van mense se geloof, of ras, of afkoms, of gedrag of vermoë om te presteer nie. Dit geskied slegs op grond van God se verbintenis en sy trou aan mense. Hierdie verhouding waarin God met die mens tree, maak die mens tot sy beeld. As God hierdie verhouding sou opsê, sou die mens ophou om beeld van God te wees.

Vanuit 'n christelike perspektief gesien, ontleen mense dus nie hulle waarde aan die grondwet van die land waarin hulle woon nie. Mense beskik ook nie noodwendig oor inherente kwaliteite of vermoë wat hulle waarde verseker nie. Mense ontleen ook nie ten eerste hulle waarde aan die agting en aandag wat hulle van ander mense ontvang nie. Mense se dignitas is aan hulle toegeken deur God ongeag enige vermoë of oortuiging, inherente kwaliteite of erkenning wat hulle mag geniet of nie mag geniet nie. Die posisie of gesindheid van God teenoor mense word deur Jesus op 'n radikale wyse gedemonstreer. Die waarde wat Hy aan mense heg, is so hoog dat Hy sy lewe vir hulle aflê.

**Is menswaardigheid dan nie ook 'n opdrag nie?**

Die werklikheid dat God aan alle mense waarde toeken, vereis dat ons ook dink oor die wyse waarop mense met hierdie waarde leef. “Die heerlikheid van God is ŉ voluit lewende mens,” het ŉ vroeë kerkvader gesê. Die mens is bedoel om in God se heerlikheid te deel, om soos die verheerlikte Christus mens te wees, “die lewe, en dit in volheid” te ontvang. Dit beteken dat lewe in volheid as ideaal ook ŉ maatstaf word vir hoe mense behandel moet word. Die lewe in volheid beteken onder meer dat daar vir ’n persoon ruimte gegun en gebied word om uitdrukking te gee aan sy/haar moontlikhede as mens. Dit is ’n werklikheid dat mense nie almal eenders toegerus is vir die lewe nie. Sommige mense se lewe word deur fisiese en/of ekonomiese en/of politieke werklikhede beïnvloed wat die lewe ingewikkeld en dikwels vol pynlike uitdagings maak. Die “lewe in volheid” is daarop afgestem om aan elke mens die ruimte te bied om God te verheerlik, al is dit ook passief en onbedoeld, ten spyte en te midde van watter beperkinge daar ookal in sy of haar lewe mag wees. ’n Lewe in volheid vereis ook dat daar gestrewe word om beperkinge te oorkom en God sodoende te verheerlik**.** ’n Lewe in volheid vereis ook dat elke persoon onvoorwaardelik die respek van medemense geniet vanweë die waarde wat God aan sy/haar lewe toegeken het. Daarom is kerke altyd gemoeid met die verligting van armoede, die vertroosting en bemoediging van diegene wat ly, die versorging van mense met een of ander gestremdheid, diens aan mense wat bejaard is, die skep van gemeenskap tussen mense, die beweging oor grense van skeiding soos rassegrense, die beskerming en ontwikkeling van mense se lewensruimtes en protes teen alle vorme van minagting van menslike lewe.

**Magsverhoudinge en menswaardigheid**

Dit is dikwels die aard van die verhoudinge waarin mense hulle bevind wat meer as enigiets anders hulle selfwaarde of die waarde wat ander aan hulle toeken, erodeer. Magsverhoudinge word geskoei op gesamentlike oortuigings (konvensies) in gemeenskappe wat dikwels oor dekades en selfs eeue gevorm is. Die magsverhouding tussen die geslagte soos uitgedruk binne patriargale gemeenskappe is die mees voor die handliggende voorbeeld. Patriargie verwys na die sosiale organisasie van die gesin en die gemeenskap rondom die beginsel van die hoofskap en heerskappy van die vader. Die posisie van die man as die hoof van sy vrou, en daarom die een met gesag oor sy vrou, word sedert die vroegste Bybelse tye aanvaar en word selfs in die Ou Testamentiese wetgewing verskans. Patriargie word ’n totale denksisteem wat omvattende invloed uitoefen oor wat in die samelewing gebeur. Alles word vanuit hierdie oortuiging beoordeel. Die skepping van man en vrou soos vertolk in die Genesis 1 en 2 verhale, word dan verstaan as die instelling van ’n rangorde tussen man en vrou omdat die man eerste gemaak is en die vrou uit die rib van die man gemaak is.

Dit is soms moeilik om te bepaal of die skrywers van die Ou Testament self outentiek beslag gee aan die patriargie in die samelewing en of hulle slegs uitdrukking gee aan die heersende oortuigings van daardie tyd. Nietemin is dit duidelik dat hierdie oortuigings in die Joodse gemeenskap oorgedra is na vroeë christelike geloofsgemeenskappe. Petrus, bv wat opgegroei het in die patriargale Joodse gemeenskap, laat blyk dat hy meen dat die Christenvrou steeds ondergeskik aan haar man behoort te wees. Paulus toon beter begrip vir die nuwe orde wat deur Jesus tot stand gebring is waarin daar geen hiërargie tussen die mense van God se koninkryk is nie. Christus is die hoof van alles en almal. Voor Hom is alle mense gelyk. Paulus lê bv besondere klem op die wederkerigheid van verantwoordelikhede tussen man en vrou. Tog is daar selfs by Paulus oorblyfsels te bespeur van die patriargale kultuur waarbinne hy opgevoed is. Ongelukkig word die Bybel vandag steeds gebruik om patriargie te regverdig. Die idee van die hoofskap van mans en ondergeskiktheid van die vroue vind op talle maniere neerslag in mense se denke, gebruike en taal. Patriargie is ’n goeie voorbeeld van ’n bepaalde begrip van mag of gesag wat oor eeue gevorm is in die samelewing, deur ’n bepaalde soort uitleg van die Skrif in stand gehou is en waarvoor daar steeds sterk aanhang in die christelike kerk bestaan. Patriargie het ook ernstige implikasies vir die menswaardigheid van homoseksuele persone, want hulle pas net eenvoudig nie die sosiale orde wat deur patriargie as “normaal” beskou word nie. Daar is ook ander soortgelyke magposisies wat in stand gehou word op grond van gesamentlike sosiale oortuigings. Die effek daarvan is egter byna altyd dat hierdie magsverstaan lei tot die misbruik daarvan met ernstige gevolge vir mense se menswaardigheid. Magsmisbruik vind dikwels onbedoeld plaas. Dit het egter nie minder negatiewe implikasies vir die waardigheid van diegene wat as gevolg daarvan as minderes geag is nie.

**Jesus keer magsverhoudinge om**

Jesus se bediening het radikale gevolge vir die wyse waarop ons dink oor mense en oor magsverhoudinge. Trouens, sy omkeer van die magsverhoudinge van sy tyd vorm deel van die kern van die evangelie. Hy het bv geleer dat man en vrou, wanneer hulle in die huwelik tree, ’n nuwe familie-eenheid moet vorm en op hulle eie moet gaan woon. Dit verteenwoordig ’n radikale breuk met die Joodse patriargale gebruik dat die vrou die besit van haar man se familie word wanneer sy in die huwelik tree. So ook verteenwoordig Jesus se aandag aan en openbare gesprekke met vroue ’n radikale breuk met die patriargie van sy tyd. Sy ongekende passie vir die randfigure van die samelewing, kinders, vroue, vreemdelinge ens. kan nie as onbelangrike inligting afgemaak word nie. Dit is egter veral sy deelnemende betrokkenheid, sy beliggaming van sy sorg en sy oorsteek van grense na mense wat deur magtiges uitgesluit is, wat die sleutel word tot die evangelie se oproep tot die erkenning van alle mense as beeld van God. Hierin moet Christus nagevolg word. Hy teoretiseer nie net oor randfigure nie. Hy vat aan die onreines (reinheid as die resultaat van magsmisbruik van Skrifgeleerdes), Hy

gaan aan huis by die verworpenes, Hy voer teologiese gesprekke met vroue, Hy laat die kinders op sy skoot sit in die geselskap van grootmense. Hy deurbreek die onderskeidinge van “ons” en “hulle” en skep ’n nuwe gemeenskap van mense wat mekaar as gelykbegenadigdes ag. Selfs in die storie wat Jesus vertel om te illustreer hoe God se naasteliefde lyk, gebruik hy die Samaritaan, die “ander” van sy konteks, as die een wat naasteliefde doen. Die navolging van Christus in sy beskouing van mense is gevolglik vir die kerk ’n saak van gehoorsaamheid.

**’n Wêreld waarin daar na menswaardigheid vir almal gestreef word**
Die christelike tradisie se gewysigde begrip van menswaardigheid het wyd in die wêreld inslag gevind. Mense vanuit verskillende agtergronde, oortuigings, politieke en ekonomiese stelsels aanvaar vandag met entoesiasme die konsep van menswaardigheid, dikwels sonder erkenning aan die oorspronklike christelike denke wat daaragter lê. Christene vat egter met gemak die hande van diegene wat saam streef na ’n bedeling waarin die waarde van alle mense gehandhaaf word. Daarom kan Christene net “Amen!” roep wanneer die Verenigde Nasies se millennium-doelwitte ideale stel soos die uitwissing van armoede, basiese onderwys vir almal, verlaging van die kindersterfte-syfer, verbeterde gesondheid vir moeders, stryd teen ernstige siektes, versekering van omgewing-volhoubaarheid, en wêreldwye ontwikkelingsamewerking. Die kerk kan nie anders as om hiertoe by te dra nie, en ook in die kerk se eie lewe moet dit gestalte vind, moet lewe in volheid – egte menswaardigheid – sigbaar en tasbaar word.

Christene ondersteun en neem ook deel aan die pogings van die wetenskap om mense se lewensruimte te vergroot en hulle lewenskwaliteit te verbeter. Die mediese wetenskap lewer byvoorbeeld ’n uitgebreide diens aan diegene met gesondheidsprobleme of wat fisiologiese toestande ondervind wat hulle lewensmoontlikhede beperk. Christene leef in afwagting van die ontwikkeling van verdere mediese kennis en vaardighede wat dit vir meer en meer mense moontlik sal maak om die lewe in volheid te leef. Geen steen moet daarom onaangeraak gelaat word om mense se pyn te verlig, hulle wonde te genees, die impak van gestremdheid te neutraliseer, en fisiologiese en sistemiese oorsake van lyding en inperkinge uit die weg te ruim nie.

Hoewel amper almal vandag die belang van menswaardigheid erken, is die inhoud daarvan dikwels vaag, selfs byna leeg. Ook die basis, die grondslag, van menswaardigheid het in groot mate vergete geraak. Die waarde van mense word erken, maar dit word soms subtiel, maar meestal blatant geskoei op mense se funksionele bydrae tot die samelewing. Die funksies en prestasie van mense waaraan in ’n gegewe konteks die meeste waarde geheg word, bepaal wie die meeste status het. In kompeterende samelewings word baie waarde geheg aan vaardighede, kennis, sosiale aansien en rykdom. Diegene met minder mag word dikwels bewustelik en/of onbewustelik onderdruk, misbruik of beperk in die uitdrukking van hul volle menswees deur die toekenning van bepaalde “rolle” of morele reëls of selfs wetgewing wat hulle inspraak, vryheid en ontwikkeling op verskillende maniere inperk. Hierdie misbruik en onderdrukking word dikwels in so ’n mate geïnstitusionaliseer dat mense dit as vanselfsprekend aanvaar en onderskryf sonder om dit enigsins te bevraagteken.

Die taal wat ons praat reflekteer ook dikwels die magshiërargie wat heers binne ons samelewing. Ontmagtiges word alte dikwels deur taalgebruik uitgesluit uit die sfeer van die “normale” of “aanvaarbare” soos bepaal deur algemeen aanvaarde norme. Die taal wat mense gebruik, dui dikwels aan dat hulle meestal onbedoeld en onbewustelik ingekoop is in ’n openbare oortuiging waarin die waarde van alle mense nie as gelyk geag word nie. Die vraag is hoe die christelike godsdiens en ons verstaan van die Bybel ons help om aan hierdie sosiaal gedetermineerde meerderwaardighede te ontsnap en nuwe taal te gebruik wat berus op die oortuiging dat God aan alle mense mag toeken. God het die mens na Sy beeld gemaak het en wil aan haar/hom die lewe in volheid skenk. Daarom moet ons nou opnuut as gelowiges met mekaar praat oor God se mense *en “getuig en stry teen enige vorm van ongeregtigheid sodat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos* ’n *standhoudende stroom*”.

## Gender en Menswaardigheid
## Julie Claassen

’n Kenmerkende aspek van die Belydenis van Belhar is dat dit hard en duidelik in ’n situasie van onreg en ontmensliking waar mense se menswaardigheid tydens die Apartheidjare op grond van hulle velkleur geskend is spreek. Al verwys die Belydenis van Belhar nie primer na gender nie, word ’n mens in die gees van Belhar aangemoedig om profeties op te tree in daardie situasies waar vroue se menswaardigheid aangetas word. Om ’n paar voorbeelde te noem: Vroue word al te dikwels in die samelewing gestereotipeer en in eng kategorieë geplaas. Dink maar aan die formuleringe: Sy is net ’n mooi gesiggie of ’n regte Delila. Hierdie voorstellings, wat ook deur die media by ons ingeprent word, laat ’n mens tereg wonder of vroue altyd ernstig geneem word as ’n subjek wie se gevoelens saak maak. Verder gebeur dit ook dikwels dat vroue in eendimensionele kategorieë gesien word, byvoorbeeld alleenlik in terme van moederskap en/of tuisteskepper met hulle primêre invloedsfeer in die private ruimte van die huis. Dit is jammer dat vrouens nie altyd die ruimte het om hulself op vele vlakke en in vele rolle uit te leef nie.

Ook mans ly onder die stereotipes wat die samelewing en media aan hulle toedig. So kan ’n mens tereg praat van ’n krisis in manlikheid soos mans worstel met die idee van ’n macho man wat geweldadig is en nie sy emosies wys nie.

Vroue se menswaardigheid word gereeld geskend deur ’n blatante óf subtiele misbruik van mag. Hierdie misbruik van mag is diep ingebed in ’n patriargale samelewing waarvolgens sommige mans besluite neem oor wat hulle meen goed is vir die vroue in hulle lewe – besluite wat egter dikwels die manlike lede van die gesin bewuslik of onbewuslik bevoordeel. Baie vroue internaliseer hierdie stand van sake en ondersteun dus ’n sisteem wat nie altyd hulle belange dien nie.

Hierdie ongelyke magsverhoudinge wat nog dikwels tussen mans en vroue bestaan is duidelik sigbaar in instellings soos die werkplek, universiteit en ook die kerk. Binne hierdie sisteme is dit dikwels moeilik vir vroue om hulself te laat geld en om ten volle tot hulle reg te kom. Dink maar aan die vele struikelblokke wat daar nog is vir vroue om hulle roeping in die kerk uit te leef of die realiteit van seksuele teistering wat die vorm van grappe, seksueel-gelade opmerkings en fisiese aanraking kan aanneem.

Die vraag na menswaardigheid is mees dringend in die lig van die skokkende statistieke oor geweld teen vroue. Die verskriklike stories waar vroue verkrag word, fisies en psigologies aangerand word, en verbaal en emosioneel verkleineer word, is onteenseglike bewys dat ons leef in ’n wêreld waar vroue se waarde misken word.

Die Belydenis van Belhar glo egter dat ’n ander wêreld moontlik is. Reeds in die aanhef vind ons dat die belydenis gegrond word in die drie-enige God wat sy kerk bymekaarmaak, beskerm en versorg. Hierdie God word uitgebeeld in Gen 1:26-27 as die God wat man en vrou in God se beeld geskape het – ’n diepgaande teologiese perspektief wat dui op die inherente waarde van alle mense desniesteenstande hulle ras, geslag, sosio-ekonomiese stand of seksuele orientasie.

God word verder uitgebeeld as ’n God wat sigself vereenselwig met mense wat ly as gevolg van onreg. In artikel 4 word gesê dat God spesiaal omgee vir die armes, vreemdelinge, weduwees en wese – dus diegene wat deur die samelewing uitgestoot word en wie se menswaardigheid geskend word. Iets hiervan word versinnebeeld in Christus se lewe en leer wat die waardigheid van vroue kom herstel het (sien bv die talle verhale waarin vroue teen die samelewing se verwagting in met respek behandel word). En dit is die Gees wat soos die profete van ouds ons aanspoor om te werk vir reg en geregtigheid – in ons konteks ook vir geregtigheid op die vlak van gender.

Die Belydenis van Belhar berus ten diepste op die oortuiging dat God eenheid bring tussen mense. Die klassieke doopformulier in Galasiërs 3:28, een van die tekste wat in artikel 3 genoem word, dui daarop dat verskille gebaseer op ras, klas, en ook gender in Christus opgehef word. Die kerk word geroep om God in hierdie versoeningstaak na te volg (artikel 4) en om dit wat skeiding bring tussen mans en vroue af te breek. Dit beteken dat die kerk aangemoedig word om

1. onreg te benoem en die patriargale strukture wat vroue as ondergeskik of minder as mens beskou, teë te staan. Dit sluit die voortdurende taak in om stereotipes wat vroue uitbeeld as objekte wat gebruik of misbruik word uit te daag en om beide mans en vroue bewus te maak van die skadelike effek van praktyke wat deur die eeue heen as normaal aangebied is.
2. ruimtes te skep waar mans en vroue hulself kan uitleef as subjekte in hulle eie reg en sodoende hulle Godgegewe potensiaal bereik. Dit beteken onder meer dat ’n mens verstaan dat daar meerdere moontlikhede is waarop vroue (en mans) hulle lewe sal kan inkleur. So kan mans dalk ook verantwoordelikheid neem vir kinderopvoeding en versorging sowel as take in en om die huis, en vroue wat al hoe meer buite die huis werk, kan ’n gelyke rol in besluitneming wat alle lede in die gesin se welwees ten goede raak neem. In die verband is dit veral belangrik om vroue se agentskap te respekteer – iets wat nie altyd in die verlede gebeur het nie.
3. hulself vir ’n gemeenskap te beywer waar vroue veilig voel en nie hoef te vrees dat haar liggaam (of gees) aangeval word nie. Reeds op ’n jong ouderdom moet seuns en dogters geleer word dat ’n vrou verdien om gerespekteer word; dat “nee,” nee beteken.
4. mense te help om die Bybel anders te lees. Die Bybel speel ongelukkig ’n groot rol om die patriargale sisteem intakt te hou, so dit is noodsaaklik om kritiese leesvaardighede aan te leer waar tekste wat die potensiaal het om vroue se menswaardigheid te skend uitgedaag word, maar waar die teks ook as ’n bevrydende woord van God aangebied word. Dit sluit onder meer strategieë in om byvoorbeeld die stories van vroue in die Bybel se ervaring van lyding en oorlewing wat baie keer misgekyk word uit te lig wat ’n belangrike bydrae lewer om vroue se menswaardigheid te herstel.

## Die Heilige Gees bewerk oorwinning oor rassisme
**Nico Koopman**

Die Heilige Gees bewerk oorwinning oor rassisme. Die weg na oorwinning oor rassisme behels dat ons dit, enersyds, na behore beskryf en dat ons, andersyds, deur ons deelname aan christelike praktyke, soos belydenisse en die doop, 'n samelewing bevorder wat vry is van rassisme.

Rassisme kan op veral drie maniere beskryf word. Ons sou dit kon beskryf in terme van rassistiese houdings, rassistiese samelewingstrukture en selfs rassistiese godsdienstige beskouinge. Rassisme kan eerstens beskryf word as die prentjie wat verskillende groepe mense, "rasse", van mekaar het. Hierdie prentjie leer dat sommige groepe meerderwaardig is ten aansien van ander. Hierdie meerderwaardigheid geld ten opsigte van sake soos fisiese voorkoms wat insluit velkleur, neusskerpte, gesigsvorm en haar tekstuur. Sommige word ook as meerderwaardig beskou ten opsigte van intellek, kultuur, moraliteit en selfs godsdienstige oortuiging en praktyk.

Antropoloë van die vroeë moderne era deel die menslike ras in groeperinge soos die Kaukasiërs, Mongoloïede, Australoïede en Negroïede. Die Kaukasiërs is die naaste aan die ideale mensbeeld van die klassieke Griekse samelewing. Die Negroïede is die verste verwyder van daardie ideale mensbeeld en is die naaste aan die aap. Hierdie prentjie van hiërargisme en uitsluiting op grond daarvan, bestaan dikwels op bewuste vlak, maar dit leef eintlik meermale op onder-bewuste vlak. Hierdie onder-bewuste prentjie van houdinge, gesindheid, denke en vooroordeel word onder meer verraai in mense se taalgebruik. Woorde verklap dikwels die onbewuste vooroordele en negatiewe diskriminasie waarvan mense nie eens altyd bewus is nie.

Die tweede aspek van rassisme het te make met rassistiese samelewingstrukture. Die rassistiese prentjie van hiërargisme en uitsluiting kan beliggaam word in die politieke, ekonomiese, kulturele en sosiale strukture van die samelewing. In Suid-Afrika is apartheid ontwikkel as die openbare strukturering en vormgewing van rassistiese vooroordele en prentjies. Makro-apartheid was geanker in die Bevolkingsregistrasiewet, die Groepsgebiedewet, die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet. Laasgenoemde wet het huwelike en seksuele verkeer tussen mense van verskillende etniese groeperinge verbied. Talle mikroapartheidmaatreëls is op voetspoor van hierdie sentrale wette geformuleer, onder meer die aparte geriewewetgewing wat gegeld het ten opsigte van sake soos skole, universiteite, gesondheidsdienste, ontspanningsgeriewe, strande en dies meer. Al hierdie wette het die prentjie van vooroordeel, van meerderwaardigheid en minderwaardigheid, van diskriminasie en uitsluiting, struktuur en geloofwaardigheid probeer gee.

Ek onthou nog hoe ek en my vrou en kleuterseuntjie tydens die apartheidsjare nie die Strand se mooi strande kon besoek nie. Twee borde het langs mekaar gestaan: "Slegs Blankes" en "Geen honde toegelaat". Die strandwetgewing wat gerus het op 'n prentjie van minderwaardigheid, het nie net mense uitgesluit nie, maar ook verontmenslik. Voormalige aartsbiskop Desmond Tutu het juis gesê die ergste wat apartheid as strukturele vorm van rassisme gedoen het, was om mense te laat twyfel of hulle waarlik mens is, en of hulle ten volle kind van God is.

Die derde aspek van rassisme het te make met godsdienstige rassisme. Vir lank is die skyn-evangelie gepredik dat die prentjie van hiërargisme en uitsluiting nie net mense se prentjie is nie. Dis God se prentjie. Apartheid is verkondig as God se goeie nuus, God se oplossing, vir die pluraliteit en diversiteit van die Suid-Afrikaanse en ander samelewings. 'n Verskeidenheid van mense is tog nie te versoen nie. Selfs die versoeningswerk van Jesus Christus is nie goed genoeg om die verskeidenheid van mense in vrede saam te laat leef nie. Hulle moet liefs geskei word langs die lyne van meerderwaardigheid en minderwaardigheid.

Hierdie drie aspekte van rassisme (houding, struktuur en geloof) geld ook van ander euwels, soos diskriminasie teen vroue (misogenie), gay en lesbiërs (homofobie), ander sosio-ekonomiese groepe (klassisme), ander ouderdomsgroepe (ageïsme), ander nasionaliteite (xenofobie en vreemdelingehaat), gestremde persone ("handicappism") die natuur (omgewingsvernietiging/"ecocide").

In Suid-Afrika het ons goed gevorder met die afbreek van rassisme. Weinig mense sal nog godsdienstige regverdiging vir rassisme en apartheid wil gee. Slegs ekstreme, fundamentalistiese, absolutistiese en gewelddadige godsdienstiges sal dit nog probeer doen.

Ons vorder ook goed met die afbreek van sosiale samelewingstrukture wat die prentjie van hiërargisme instandhou. Die ekonomiese ongelykheid in ons land wat nog in 'n groot mate langs kleurlyne loop, skei mense steeds. Langs ekonomiese lyne, en dus steeds in 'n groot mate langs kleurlyne, word mense geskei in skole, woonbuurte en ontspannings-, kultuur-, sport- en selfs sosiale ruimtes. Die skeiding in kerke, selfs kerke wat struktureel een is, word dikwels versterk deur die sosio-ekonomiese klowe tussen lidmate. Die aspek van rassisme wat waarskynlik nog die sterkste is, is die meermale onder-bewuste, rassistiese prentjies en vooroordele, houdinge en denke wat oor soveel eeue heen gevorm en gevoed is. Mense van die christelike tradisie neem oor eeue heen deel aan 'n verskeidenheid van praktyke, oftewel gekoördineerde, koherente, standhoudende, gesamentlike handelinge wat ons transformeer om al hoe meer die goeie te weerspieël waarna die praktyke verwys. Die Heilige Gees gebruik kerklike praktyke om ons te bevry van selfs onderbewuste, sondige, rassis-

tiese prentjies en vooroordele. Twee voorbeelde hiervan is die praktyk van bely en beliggaam, en die praktyk van die christelike doop.

Die Heilige Gees laat ons deelneem aan die praktyk van die belydenis en beliggaming van die Belydenis van Belhar, en omvorm ons tot mense wat:
- dieselfde beskerming, sorg en roeping uit Gods hand geniet (aanhef van Belhar);
- in verhoudinge van eenheid in verskeidenheid, en eenheid in vryheid leef (artikel 1 van Belhar);
- versoend met God en met mekaar en die res van die skepping leef (artikel 2 van Belhar);
- respek en geregtigheid teenoor mekaar, en veral teenoor die mees broses betoon (artikel 3 van Belhar);
- in die versekering leef dat oorwinning vasstaan in Jesus Christus, die Here, aan wie ons lojaliteit en gehoorsaamheid betoon (slot van Belhar).

Die Heilige Gees werk ook deur die praktyk van die christelike doop om ons te bevry van rassisme, en spesifiek van onderbewuste rassistiese prentjies en vooroordele. Die Heilige Gees bewerk en vervul die nuwe lewe waarna die doop verwys, in individue, die kerk en die samelewing:

Die doop in die Naam van die drie-enige God bevestig dat alle mense God se eiendom is, en dat Hy mense nooit verlaat en uitsluit nie (Matteus 28: 19). Die noem van die dopeling by die naam bevestig dat die Koning van die heelal mense by die naam ken en nie net as ’n nommers beskou nie. In sy oë, en in die oë van sy gemeente, is elke mens kosbaar en hooggeag (Jesaja 43: 1-7). Die doop bevestig dat geen mens verstoting verdien nie, maar dat mense ingesluit is in die verbondsvolk (Kolossense 2: 11 – 12), dat ons deel is van die kerk in sy diversiteit (1 Korintiërs 12: 13; Galasiërs 3: 28; Efesiërs 4: 5), en dat ons so intiem aan Christus verbind is, sodat wat met Hom gebeur het, ook met ons gebeur het. Ons deel dus in sy smarte en in sy oorwinning (Romeine 6: 4 -5; Kolossense 2: 12). Die doop bevestig dat ons sondaars is, maar tog ook geregverdigdes, geheiligdes, wedergeborenes. Regverdiging beteken ons word vrygespreek van skuld, skuldgevoel en angs op grond van Christus se soenverdienste. Heiliging beteken ons is afgesonder vir God en leef daarom anders, met ’n verskil, in die wêreld. En wedergeboorte sê ons is vervul met die Heilige Gees en ontvang ’n nuwe vermenslikende lewensinstelling en -praktyk (Handelinge 2: 38; 22: 16; 1 Korintiërs 6: 11; Titus 3: 5).

Die praktyk van die doop bevestig dus nie net ons eie menswaardigheid nie, maar transformeer ons tot mense wat menswaardigheid bevorder. Rassisme word iets van die verlede as ons dit genuanseerd ontleed en beskryf, en die verskillende gestaltes daarvan onderskei, herken en erken. Rassisme word veral iets van die verlede as ons prentjie van mense omvorm word deur die Gees van God, die Gees wat werk deur kerklike praktyke soos belydenisse en die doop.

## Menswaardigheid en Armoede
## Pieter Grove

*“...daarin dat ons skuldig is om onsself tot nut en saligheid van mekaar gewillig en met vreugde te gee; daarin dat ons een geloof deel, een roeping het, een van siel en een van sin is, een God en Vader het, van een Gees deurdrenk is; van een brood neem en uit een beker drink, met een doop gedoop is, een Naam bely, aan een Heer gehoorsaam is, vir een saak ywer, een hoop met mekaar deel; saam die hoogte en breedte en diepte van die liefde van Christus leer ken; saam opgebou word tot die gestalte van Christus, tot die nuwe mensheid; saam mekaar se laste ken en dra en so die wet van Christus vervul, mekaar nodig het en mekaar opbou, mekaar vermaan en mekaar vertroos, saam met mekaar ly vir die geregtigheid, saam bid, saam diensbaar is aan God in hierdie wêreld, saam stry teen alles wat hierdie eenheid mag belemmer of bedreig...”*
*(Joh 13:1-17, 1 Kor 1:10-13, Ef 4:1-6, Ef 3:14-20, 1 Kor 10:16-17, 1 Kor 11:17-34, Gal 6:2, 2 Kor 1:3-4)*
*Aanhaling uit Artikel 2 van die Belydenis van Belhar*

Die Suid-Afrikaanse samelewing, groot dele van Afrika, Latyns-Amerika en Asie, word geteister deur wydverspreide armoede. Ontwikkelings-ekonome toon aan dat armoede ’n ongekende konsentrasie en diepte in die vasteland van Afrika aangeneem het. Suid-Afrika word deur sommige ekonome as ’n 50/50 samelewing beskou waar 50% van die bevolking in relatiewe gerief en selfs oorvloed lewe en die ander 50% worstel met daaglikse gebrek.

Akademici en politici gebruik bepaalde definisies om die omvang en aard van armoede te identifiseer. Hierdie definisies onderskat dikwels die kompleksiteit van armoede en die verweefdheid daarvan met ander samelewingsfaktore.
Die grootste leemte in die beskrywings van armoede deur mense met akademiese en materiële mag, is dat hulle oor armes en armoede praat sonder om die stem en perspektiewe van armes self te verreken.

Mense besin oor en bestudeer armoede en die armes vanuit verskillende motiverings. Regeringsverteenwoordigers probeer armoede aanspreek vanuit hul mandaat om landsontwikkeling te bevorder. Ekonome besin oor armoede vanuit die hoek van die groei van die ekonomie. Ander instansies sluit aan by die regsisteem en die godsdienstige gemeenskappe dink weer oor armoede vanuit die eis van menswaardigheid. Die menswaardigheid konsep is relatief nuut in die terminologie van die kerk en die staat. Voor die twintigste eeu is daar meer vanuit die gedagte van die onskendbaarheid (sacredness) van die mens gedink. Met die formulering van die Universele Verklaring van Menseregte na die Tweede Wêreldoorlog, was dit egter nodig om hierdie regte in ’n fundamentele begrip te anker. Hiervoor is die basiese idee van menswaardigheid gebruik. Die omvattende aard van die konsep het ruimte gelaat om dit vanuit verskillende perspektiewe te lees. Liberale denkers verstaan menswaardigheid vauit die outonomie en vrye keuse waaroor die mens sou beskik. Denkers vanuit ’n meer kollektiewe of gemeenskapsgerigte raamwerk, meen dat menswaardigheid toeneem of verminder afhangend van die positiewe orde waarin mense hulle bevind.

Vanuit die christelike perspektief word die gronde vir die menswaardigheid gevind in die werklikheid van God se onvoorwaardelike trou en verbintenis aan mense. Mense word gebore in hierdie verhouding. Hulle verkry dit nie op grond van enige prestasie of eienskappe waaroor hulle beskik nie. Daarom kan ons net sê dat mense oor inherente menswaardigheid beskik vanweë die verbintenis van God aan die mens.”

Die Belydenis van Belhar vind op spesifieke manier aansluiting by die menswaardigheidsgesprek. Die aanhaling aan die begin van hierdie artikel maak dit duidelik dat die christelike gemeenskap gekonstitueer word deur ’n gesag buite sigself. Die identiteit van die kerk bied ’n evangeliese visie op die mens en God se bedoeling met elkeen. Vanuit daardie gemeenskaplik ontvange boodskap word die kerk saamgestel en word kragte bevry om armes en rykes in die kerk te omhels en na alle mense en besonder diegene in nood en armoede uit te reik.

Ons verstaan van die eis of werklikheid van menswaardigheid is bepalend vir ons benadering tot armoede. Oor die jare het daar minstens vier sieninge oor armoede ontwikkel. Die eerste perspektief sien armoede as ’n gebrek aan individuele vermoëns/kapasiteite. Hierdie siening leer dat armes hul eie probleme skep. Die armes sou dan nie hard genoeg werk nie, hulle maak die verkeerde keuses, hulle het ’n gebrek aan vaardighede en basiese intelligensie. Sommige beskrywings gaan verder en sien die armes as mense wat gedoem is om te ly. Hulle dra die merk van Kain. Arm mense internaliseer dikwels hierdie siening en rasionaliseer daarmee hul armoede. Die neo-klassieke teorie van ekonomie vind ook direk hierby aansluiting omdat dit die rasionele individu as basiese vertrekpunt neem. Die individu maak hiervolgens keuses vir korttermyn bevrediging. Armes sou dan nie genoegsame insentiewe hê om uit armoede te breek. Hierdie en elke ander perspektief is beide ’n beskrywing van ’n toestand en aanduiding van die grondoorsake.

’n Tweede perspektief op armoede sien dit as ’n kultuur waarin mense lewe. Hiervolgens word armoede oorgedra deur die generasies as ’n stel oortuigings, waardes en vaardighede. Armes lewe in subkulture van krotbuurte, ghettos, binnestedelike gebiede. Armes sou dan leer om die welsynsisteem te manipuleer en leef in ’n verhouding tot ander van afhanklikheid. Mense word gesosialiseer in hierdie armoede kultuur. Die fundamentele blinde kol van hierdie teorie is dat dit nie die moontlikheid van positiewe solidariteitskultuur onder die armes herken nie. Arm mense is dikwels op mekaar aangewese vir ondersteuning en bystand in krisisse. Arm mense se aspirasies om hulself te verbeter, kan gesien word in die baie hoë premie wat hulle op die opvoeding van hul kinders plaas.

’n Derde perspektief sien armoede as verstrengeldheid in die wyse waarop die sosiale, politieke en ekonomiese sisteme die samelewingsgeleenthede en bronne skeeftrek en diskriminerend toewys.

Hiervolgens oorheers en verplaas die sosiale en ekonomiese sisteme individuele inisiatiewe en skep dikwels armoede toestande. Die sisteme is so gestruktureer dat armes al verder agter raak. Samelewingsisteme skep dus strukturele hindernisse. Voorbeelde sou wees die gebrek aan ’n kwaliteit opvoedingsisteem, die gebrek aan invloed in die politieke arena, die powere woonbuurte wat nou deur die owerheid ontwikkel word vir armes, die uiters gebrekkige gesondheidsisteem wat arm mense bedien, ens.

’n Vierde perspektief sien armoede as verstrengeling in spirale wat siklies en kumulatief is. Voorbeelde van hierdie spirale is die probleme van landelike opvoeding, die werkloosheid spiraal, die gesondheidspiraal insluitende sielkundige uitdagings. In hierdie siening blokkeer sekere probleme geleenthede van groei en gee dus aanleiding tot ’n verskerping van die armoede toestand. Hierdie perspektief hou veral rekening daarmee dat arm mense baie min het om op terug te val as ’n krisis die huishouding tref. ’n Ongeluk of siekte in die huis dompel gesinne in verreikende krisisse wat sonder eksterne hulp nouliks effektief oorkom kan word.
Die christelike visie op die waardigheid van die mens as Godgegewe en onvervreembaar lei ons om die perspektiewe op armoede inklusief en ook krities te benader. Die kerk ag dit nie voorwaardelik dat mense sekere kapasiteite/vermoëns sal hê om waardigheid te besit nie. Die Godgegewe waardigheid is genoeg om ’n

duur eis op die samelewing te plaas om na elkeen om te sien sodat ’n basiese lewe van menslikheid geleef kan word. Vanuit hierdie gegewe gaan die kerk in gesprek eerstens met armes en daarna met beleidmakers oor die buitelyne van ’n menswaardige lewe.

Die kerk kombineer dus die inherente waardigheidsbenadering met die positiewe samelewingsorde begrip. Te midde van al die sieninge ag die kerk die vryheid en kapasiteit tot keuse van die mens as fundamenteel. Alhoewel strukture oorweldigend kan wees, kanselleer dit nie die basiese kreatiwiteit van die mens om sy/haar lewenskoers te kies nie.

## Seksualiteit en Menswaardigheid
## Charlene van der Walt

Stories is belangrik. Ons ken deur stories, verstaan deur stories en leef ’n storie. Ons verhoudings word gekenmerk deur stories. Ons ken ander mense, leef met ander mense en verstaan ander mense in die lig van hulle storie en hoe hulle storie ons eie raak. Sonder dat ons vermoedelik so besonder bewus is daarvan, bestaan ons lewens uit stories. Sommige stories word gereeld vertel. Party stories word herhaaldelik deur baie goeie en gesoute storievertellers vertel en word só bekende en geliefde verhale. Dit word stories wat ons veilig en gebonde laat voel. Stories wat vir ons sin maak en wat ons help om goed in die lewe te staan. Soms word ’n bepaalde storie so baie vertel en deur soveel mense vertel dat mens bykans nie kan dink dat daar enige ander storie bestaan nie. Dit raak die absolute storie, die storie wat sin maak en vir ons leer wie ons is. Hierdie dikwels vertelde verhale word dan, sonder dat mens dit eintlik agterkom, die waarheid. Die waarheid wat vas staan, wat seker is en waarmee ’n mens nie sommer kan stry nie.

Vir baie lank was die verhaal van die NG Kerk ’n wit verhaal. ’n Verhaal wat vertel het dat, as jy wit is, dan behoort jy, dan is jy welkom, dan het jy ’n stem. Hierdie verhaal is nie net in die kerk vertel nie, maar ook in ons land. Die verhaal is so goed vertel, so dikwels vertel en met soveel oorgawe vertel dat dit langsamerhand geblyk het dat dit die waarheid is. ’n Wit vel het jou voorrang gegee, dit het jou ’n gemaklike plek besorg, selfs voor God se troon, want natuurlik was God ook wit en daarom aan die kant van hulle wat wit is. Ander stemme, wat ander verhale vertel, is stilgemaak, belaglik gemaak, tot onsin gemaak. Dit het lank geneem, vir ’n tyd wat nou soos ’n leeftyd voel, vir ander soort stories om gehoor te word, vir die verhale van bruin en swart mense om rugbaar te word. Hierdie ander stories het egter die ‘waarheid’ kom ontmasker as ’n selektiewe storie, een wat vertel is om bepaalde mense te dien en om ’n sekere manier van doen in stand te hou. Dit het die verhale van swart en bruin gelowiges gekos om ’n nuwe storie in die NG Kerk moontlik te maak.

’n Ander storie wat al baie lank in die kerk vertel word, nie net die NG Kerk nie, is ’n manlike storie. Hierdie storie is so sterk en word met soveel oortuiging vertel dat dit op menige plekke steeds aanvaar word as die onteenseglike ‘waarheid’. Hierdie storie vertel dat as jy ’n man is, dan is jy die baas. As jy ’n man is, dan is jou woord wet. As jy ’n man is, dan is jou belewing of interpretasie altyd reg, dan het jy al die mag en dan praat jy namens almal. ’n Man neem al die besluite, bepaal die rigting en besluit wie kan deelneem en wie nie welkom is nie. Hierdie storie is natuurlik gegrond op die feit dat God ’n man is en dat God in die Bybel self aan mans die gesag gee om te heers en te regeer. Hierdie storie is so bekend, so veilig en so geliefd dat dit soms onmoontlik blyk dat daar ’n alternatief is. Dit het ’n paar dapper vroue geneem om hulle stories te vertel, herhaaldelik te vertel, om te wys dat daar ook ’n ander werklikheid moontlik is. Daagliks word daar steeds van vroue vereis om op ’n ander manier in die werkplek, die huis, die skool en die kerk te staan om te wys dat daar ook ’n ander storie is. ’n Storie wat wys dat vroue kan rigting gee, kan sterk wees, kan leiding neem en kan meewerk in die Koninkryk.

In die wêreld, nie net die kerk nie en nie net die NG Kerk nie, is daar egter ook die heteronormatiewe storie. ’n Storie wat vertel dat slegs heteroseksuele mense mag bestaan, mag liefhê, mag glo en mag lewe. Hierdie storie is besonder bekend en bykans almal voel dat daar geen storie moontlik is buite hierdie een nie. Dit is immers die natuurlikste ding in die wêreld vir ’n man en ’n vrou om verlief te raak, om lief te hê, om ’n lewe saam te skep en om God se seën oor daardie lewe te verlang. Man en vrou is immers só gemaak, verskillend en op mekaar aangewese. Man en vrou kan nie sonder mekaar nie, dit is hoe God dit beplan het en dit is hoe die Bybel ons ook leer. Hierdie is so ’n diep, seker en onaanvegbare verhaal dat enige stemme wat ’n ander werklikheid bepleit, só verregaande is, dat dit bykans gevaarlik is. Hierdie storie is heilig, want dit gaan nie net oor die oppervlak en oor hoe ons in die daglig met mekaar omgaan nie, dit is ’n storie wat ook in die donker afspeel, agter toe deure, waar woorde soms nie tuis hoort nie. Die heteroseksuele storie, wat vertel van man en vrou en liefde en die lewe saam, is heilig. Dit is die waarheid. Tog is daar enkele dapper stemme wat te midde van die pyn van verwerping en vreemdelingskap waag om te vertel van ’n ander soort liefde en van intimiteit wat op ’n ander vlak lê.
Hierdie mans en vroue waag dit om te praat van liefde, van intimiteit, van geborgenheid en van saam wees met dieselfde woorde as heteroseksuele mense. Hoewel die woorde van homoseksuele mense getuig van die-

selfde verlange na ’n lewe met die ander, die geliefde, klink dit só vreemd in die lig van die ‘waarheid’, dat dit dikwels as onsin afgemaak word.

In ons dagblaaie en ons kerkdebatte is dit duidelik dat daar nie veel ruimte is vir ’n ander storie as die heteronormatiewe een nie. In hierdie gesprek, soos in die ander wat hier genoem is, is dit ook nogal opvallend dat daar baie dikwels óór gay mense gepraat word, maar bitter weinig mét hulle. En dié wat so graag oor gay mense praat, kan oor die algemeen in twee groepe verdeel word: dié wat oor gay mense praat asof hulle ’n ‘saak’ is, ’n ‘probleem’, dit wil sê diegene wat geen gay mense ken nie en dan dié wat pleit vir ’n sagter manier omdat hulle wel gay kinders, vriende of kollegas het. Diegene vir wie die ‘saak’ ’n gesig, ’n lyf en ’n stem gekry het. Opvallend egter is hoe stil gay stemme in die kerk is, hoe min gay mense regtig bereid is om met die kerk in gesprek te wees, om in daardie brose plek te gaan staan sodat ’n ander storie gehoor kan word. Dalk het dit iets te make met hoe hard die stemme is wat praat oor heteroseksualiteit as die enigste weg, hoe koud die kamers is waarin daar gewag moet word en hoe pynlik die verwerping van ’n eie deurleefde storie is.

Die verhaal van Belhar is egter een wat hoop gee, dalk omdat dit wys hoe ’n ander storie ’n plek gekry het. Dit wys hoe bruin en swart gelowiges hulle beroep het op God, op eenheid, op versoening en op geregtigheid en hoe daar spasie gemaak is vir ’n ander verhaal as ’n wit verhaal. Dalk is die Belydenis van Belhar ’n troosdokument, ’n handleiding, ’n rigsnoer vir hulle wat nog op pad is. Vir hulle wat nog buite staan. Vir hulle wat nog nie ’n stem het nie. Miskien help die Belydenis gay mense om ook eenheid te bepleit te midde van ’n geskape diversiteit. Om verskeidenheid te vier en om met trots ’n ander stem te hê, ’n stem wat tuis hoort in die eenheid van mense voor God se aangesig. Dalk dring die Belydenis die kerk daartoe om hulle te gaan soek wat nog buite staan, om vergifnis te vra en om plek te maak. Miskien help die Belhar Belydenis gelowige mense om ná te dink oor die onwrikbaarheid van die stories wat hul leef en om ’n bietjie meer krities te wees oor die ‘waarheid.’ En dalk, die heel belangrikste, dalk ontmoet gay mense, alle mense in die woorde van die Belydenis, dié God wat op ’n besondere wyse bemoeienis maak met hulle wat arm, eensaam, vervreem, vreemd en buite is. Dalk ontmoet ons in die Belydenis weer opnuut die God wat bemoeienis maak met hulle wat ’n vreemde ander soort storie leef.

## Gestremdheid en Menswaardigheid
## Mia Lintvelt

*Hy is Doof, sit in ’n rolstoel en het ernstige breinskade.*
*Sy naam is Gabriel en al kan hy nie loop of praat of dink soos jy nie, is hy ’n méns soos jy.*

Gestremdheid word normaalweg gedefinieer vanuit dit wat die persoon nie het nie. Die mediese wetenskap definieer dit as ’n siekte of afwyking van die norm. Dit is iets wat reggemaak moet word. Die sosiale wetenskappe (ook die VN) definieer mense met gestremdheid as diegene met ’n langtermyn fisiese, verstandelike, intellektuele of sensoriese gestremdheid wat keer dat hulle effektief en op gelyke vlak met ander in die samelewing kan funksioneer. Al hierdie definisies fokus op die onvermoëns/tekortkominge van die persoon. Tog is elke persoon met gestremdheid steeds volkome mens – waardige ontvangers van die liefde van God. Die persoon met gestremdheid het immers dieselfde basiese behoeftes as elke ander mens, nl die behoefte aan veiligheid, versorging, liefde en aanvaarding. Hulle is ook niks anders as ’n medebeelddraer van God, deur God geliefd en gewil om deel van sy liggaam op aarde te vorm nie.

Die Bybel het baie uiteenlopende perspektiewe oor die hantering van persone met gestremdhede. In die Ou Testament is persone met gestremdhede/gebrekke, net soos vroue, melaatses en vreemdelinge, gesien as onrein en hulle kon nie in die tempel area ingaan nie (Lev 21:16-23). Tog het God reeds hier ’n besonderse hart vir die persoon met gestremdheid geopenbaar, vandaar wette soos Levitikus 19:14 waar Israeliete gemaan word om nie ’n dowe persoon te vloek of ’n struikelblok in die weg van die blinde te plaas nie. Ook Dawid se hantering van Mefiboset in 1 Samuel 9 wys vir ons dat daar waar die Here teenwoordig is, gestremdes as gelykes behandel is en nie uitgesluit is uit die trou van die Here nie.

As Christene kan ons egter die meeste leer uit Jesus se hantering van persone met gestremdhede. Hy het op ’n spesiale manier tyd gemaak vir die blindes, dowes, verlamdes, stommes, vreemdelinge, vroue. Hy raak selfs fisies aan die melaatses. Persone met gestremdheid kon nie net in Jesus se teenwoordigheid verskyn nie, maar is ook met respek en sensitiwiteit hanteer. Die manier hoe Jesus die dowe man in Markus 7:31 genees dui daarop dat Jesus hom met sy gestremdheid verstaan het. Jesus neem hom eenkant toe, gebruik gebaretaal om met Hom te praat en wys visueel na God as geneesheer deur op te kyk na die hemel. Net so neem Jesus die blinde man aan die hand en raak sy oë aan en vra dan vir hom wat hy sien (Mark 8:22-25). Christus se genesingswonders is nie bloot die herstel van die gestremdheid nie, maar ’n radikale insluiting van die persoon as deel van ’n hernude, herstelde gemeenskap wat die beliggaming van die koninkryk van God simboliseer. Dit is juis in hierdie handelinge van Jesus wat ons iets ervaar van die volmaaktheid van die ewige lewe saam met Christus in die hemel, waar daar geen trane, lyding en selfs gestremdhede sal wees nie.

Jesus beskou nie die persoon met gestremdhede as minderwaardig nie, maar as gelykes. Deur die kruisdood van Jesus word vorige ongelykhede tussen mense uitgewis. In Handelinge 10 word Petrus gelei om te sien dat ook persone wat voorheen onrein was, nou in God se oë gelykes is: vreemdelinge gelyk gestel word aan Israeliete, vroue aan mans, en die persone met gestremdhede gelyk gestel word aan die wat oënskynlik daarsonder is. Christus bring herstel binne ’n nuwe gemeenskap waar elke mens op grond van sy verhouding met die Here beoordeel word. Daar is dus geen onderskeid/uitsluiting op grond van fisiese, sensories of intellektuele vermoëns of eienskappe nie. Hierdie beginsel van gelykheid van alle mense word ook in die Belydenis van Belhar sterk beklemtoon. Geen menslike/liggaamlike/sosiale faktore bepaal iemand se plek binne die liggaam van Christus nie.

Gelykheid beteken egter nooit dat mense almal dieselfde is of moet probeer wees nie. Belhar bely juis dat die verskille tussen, en die verskeidenheid van mense, iets is wat ons moet vier. Ons het iets om met mekaar te deel en iets om by mekaar te leer – ons het mekaar, foute en al, nodig. Persone met gestremdheid bring ’n nuwe perspektief op bv gebrokenheid, lyding en afhanklikheid na die geloofsgemeenskappe. Binne hierdie geloofsgemeenskappe waar verskeidenheid en afhanklikheid erken word, word dit ook moontlik vir sogenaamde ‘normale’ gelowiges om hul eie broosheid en swakhede te ontbloot. Daar is legio voorbeelde in die Woord van gelowiges wat met hul eie broosheid en ‘gestremdheid’ moes saamleef. Van hierdie voorbeelde is Jakob se heup, Paulus se doring en Moses se spraakgebrek. In al hierdie gevalle was die sogenaamde swakheid nie iets wat hulle weerhou het van die diens aan God nie, of hulle uitgesluit het uit God se plan nie. Dit het juis gedien as herinnering aan hulle eie afhanklikheid van God. God gebruik dus mense ten spyte van hulle “gestremdhede”. Ons beperkinge maak dat ons vir God en mekaar nodig het en stel ons in staat om volkome as liggaam van Christus te funksioneer.

In gemeenskap met mense wat anders is as ons kan ons iets ontdek van die oneindige, onverdiende liefde en genade van God. Kontak tussen mense met en sonder gestremdheid bring juis ’n verdieping in ons verstaan en verhouding met God omdat ons daardeur gekonfronteer word met ’n Here wat God is vir almal en elke mens kan kom ontmoet op die plek waar hy/sy is. In ’n wêreld waar daar meestal gestrewe word na mag, onafhanklikheid en perfeksie, word persone met gestremdheid dikwels eenkant toe geskuif en verontreg. Gelowiges word egter deur die Bybel opgeroep om saam met God die noodlydende, die arme en die verontreg by te staan en lief te hê. Christus tree self by God in vir die broses en die verworpenes van die samelewing. Die kerk en elke gelowige het ’n verpligting om te stry vir hulle broers en susters wat deur die gemeenskap uitgesluit, verdruk en verontreg word op grond van hulle gestremdheid en om hulle in hulle nood by te staan, juis omdat die wêreld dit nie doen nie. In die geskiedenis van ons land het hierdie inspirasie van kerke en gelowiges die stigting van vele skole, institute en versorgingseenhede tot gevolg gehad.

Dit is egter ook belangrik dat ons steeds die spesiale behoeftes van persone met gestremdhede sal erken en as volgelinge van Christus met sensitiwiteit hierdie behoeftes in ag sal neem en alles in ons vermoëns sal doen om sy/haar lyding te verlig. Deur spesiale apparate, tolke, klanksisteme, ens aan te bring, kan die persoon met gestremdheid volledig deelneem aan die aktiwiteite van ’n gemeente en word sy/haar menswaardigheid ten spyte van die gestremdheid erken.

Ons grootste uitdaging bly bowenal om ’n hand van vriendskap uit te steek na persone met ’n gestremdheid, persoonlik by hulle betrokke te raak en hulle doelbewus in te sluit in geloofsgemeenskappe as volwaardige lede van sy liggaam. So kan ons juis vir die wêreld wys dat gemeenskappe waar daar openheid, aanvaarding en wedersydse respek is vir almal, juis genesing, heelheid en sorg bring vir die ’n stukkende wêreld in nood.

## Geweld en Xenofobie
## Llewellyn McMaster

*“Ons het alles gedoen om aan hierdie euwel te ontvlug. Ons het elke maatreël getref wat menslik moontlik is om misdaad van ons weg te hou. Ons het diefwering en motoralarms en selfverdediging en gewapende wagte. Maar helaas! Misdaad het alles te wete gekom: dit ken die toegangkodes na ons veiligste, privaatse en heiligste plekke.” [“Totdat vrede en geregtigheid mekaar omhels”, Westelike Provinsiale raad van Kerke, ongedateerd.]*

Dit was ongeveer 1998 toe die Westelike Provinsiale Raad van Kerke ’n spesiale projek oor geweldsmisdaad in ons samelewing geloods het en dit baie duidelik as ’n kairos-geleentheid vir geloofsgemeenskappe gesien het. Meer as ’n dekade later voel dit of die situasie geensins verander het nie, maar veeleerder sodanig versleg het dat die stemme teen geweld byna onhoorbaar geword het teenoor die oordonderende geweldstatistieke en byna wanhopige krete van al meer wordende slagoffers van geweld in en of ander vorm.
Die verskillende vorme van geweld oorheers die massa media – geweld teen vroue en kinders, verkragting, aanranding, moord, bendegeweld (“gangsterism”), roof, transito-rooftogte, xenofobie of vreemdelinghaat, pad-

woede. Wat dikwels nog meer kommerwekkend is, is die intensiteit van die geweld, sowel as die feit dat daar soveel gevalle is van kinders wat betrokke raak by geweldsmisdade.

Daar word dikwels verwys na die "kultuur van geweld" in Suid-Afrika – 'n situasie waarin sosiale verhoudinge en interaksies beheer word deur gewelddadige eerder as nie-gewelddadige metodes. Die spore van die geweld word teruggevind in die geskiedenis van ons land – geweld is te maklik aanvaar as 'n legitieme manier om probleme op te los en doelwitte te bereik, van die vroegste tye van ons landsgeskiedenis. Die sogenaamde 'vertikale geweld' of institusionele geweld van die kant van die staat om 'n bepaalde politieke bestel in stand te hou en die teen-geweld of sogenaamde rewolusionêre geweld het as 't ware dit vir mense makliker gemaak om ook op inter-persoonlike vlak gewelddadig teenoor mekaar op te tree. Geweld en gewelddadige optrede word alte dikwels as normaal beskou en aanvaar. Daarby het die ongelykhede in die samelewing tesame met politieke konflik bygedra om die kultuur van geweld te voed. Die afgrysende voorvalle van xenofobie met veral die beeld van 'n brandende Mosambiekse burger, het die land regop laat sit en met 'n groot skok laat besef dat ons dalk ons siel verloor het; dat ons op 'n baie steil afdraende pad na morele verval is. Die dien vermeld te word dat hierdie xenofobiese geweld primêr gemik is teen swart mede-Afrikane.

Navorsers wys daarop dat geweld alle aspekte van die omgewing deurdring en dat geen persoon onaangeraak gelaat word nie. Indien jy nie direk geraak word nie, maak die massa media seker dat jy ingetrek word. Ons almal dra indirek by tot die finansiële koste verbonde aan geweld, of ons ervaar die sosiale en emosionele spanning om binne 'n gewelddadige omgewing te leef. Geweld veroorsaak beserings en vernietig; dit beperk ons lewens, veroorsaak vrees en skaad ons verhoudinge. Geweld beroof mense van hul menswaardigheid, vervreem mense van mekaar en lei tot morele verwording.

Die kwessie van geweld is baie kompleks, en enige oorvereenvoudigde verklarings en enkelvoudige oplossings sal nie deug nie. Veralgemeende verklarings help ons nie om werkbare oplossings te vind nie. Sosioloë wys daarop dat menslike gedrag, en dus ook geweld, die gevolg is van 'n ryke verskeidenheid veranderlikes en kombinasies van veranderlikes. Hulle wys verder daarop dat aggressiewe gedrag en geweldsmisdaad nou verweef is met die mens se geskiedenis. Die moderne tegnokratiese samelewing het in 'n groot mate ook daartoe bygedra dat mense gesien word as waardeloos en vervangbaar. Respek vir die lewe en menselewens het in so 'n mate verlore gegaan dat ons 'n krisis van vreesaanjaende proporsie in die oë staar.

Beteken dit dat ons as gelowiges hande in die lug moet gooi en boedel oorgee? Beteken dit dat die kerk en ander geloofsgemeenskappe reeds bankrot verklaar is ten opsigte van die aanbied van alternatiewe tot geweld? Hoe kan ons enigsins die kultuur van geweld vervang met 'n kultuur van liefde, sorg en omgee vir mekaar?

Kits antwoorde en eenvoudige oplossings is daar beslis nie. Omdat die oorsake van geweld persoonlik sowel as sistemies van aard is, sal geloofsgemeenskappe ook op beide individuele as sosiale vlak moet aandag gee aan die hervestiging en bou van gesonde waardes wat menswaardigheid hoog ag, en vrede en harmonie intensioneel bevorder.

Die Belydenis van Belhar help ons ook om baie konkreet oor die kwessie van geweld in die samelewing te dink en roep ons op om daadwerkliks iets daaraan te doen. Die verwysing na die Drie-enige God reg aan die begin van die belydenis, bring ons in verhouding tot die Een wat die aarde en die mensdom geskep het, wat steeds die skepping onderhou en wat verbind is tot die herskepping van die wêreld. Die opdrag tot versoening beteken dat geloofsgemeenskappe bereid moet wees om uit te reik na bendes wanneer die polisie en ander staatsinstrumente weier om dit te doen. Die belydenis roep ons op om vredemakers te wees, nie alleen binne gerief- en gemaksones nie, maar ook 'buite die laer'. Teenoor vreemdelinghaat word ons juis gevra om die vreemdelinge te beskerm! Deur ons betrokkenheid in situasies van geweld, soek ons nie net na korttermyn oplossings nie, maar help bou ons aan 'n gemeenskap wat tekens van die koninkryk van God toon, waar geregtigheid en vrede mekaar kus, waar mense hulself en mekaar beelddraers van God sien en respekteer, en waar die lewe as geskenk van God waardeer word.

In breë sou ons saam hieroor kon besin en aandag skenk:

- 'n herwaardering van die feit en belydenis dat alle mense na die beeld van God geskape is, en die implikasies en praktiese uitlewing daarvan binne geloofsgemeenskappe, asook na buite;
- 'n erns-maak met die gemeenskaplikheid van ons geloof, die samebindende krag van die liefde, en die transformerende en vernuwende krag van die Heilige Gees met betrekking tot lewens en verhoudinge;
- die beoefening van christelike gasvryheid wat die "Ander", die vreemdeling binne die ruimte van ons geloofsgemeenskappe verwelkom en bevestig ('affirm');
- 'n herbesinning oor hoe ons oor die Ander praat – ons taalgebruik loop heel dikwels ons optrede vooruit;
- 'n bereidheid om 'buite die laer' betrokke te raak, ons hande vuil te maak, en saam met ander instansies en rolspelers te werk aan die vestiging van 'n ander kultuur wat koninkrykswaardes voorop stel;

- Die versterking van die profetiese stem van die kerk teen alle vorme van onreg, ongelykheid, dsikriminasie en uitbuiting – ook op sistemies-strukturele vlak;
- die versterking van die publieke pastoraat wat uitloop op missionale betrokkenheid en 'advocacy' ter wille van randpersone en stemloses;
- Om nie op te hou om 'n boodskap van hoop te verkondig nie, teenoor die versoeking om ingesuig te word in wanhoop en geweld as normatief te beskou en te aanvaar (dit beteken onder meer om nie in die versoeking te val om populistiese retoriek en ongesubstansieerde stellings te maak wanneer ons oor geweld praat nie – dit is gevaarlik en onverantwoordelik en help net om diepe vrees en wantroue te kweek);
- Aandag skenk aan die bou van gesonde familie- en sosiale verhoudinge gebaseer op wedersydse respek en liefde.

## MIV en Siekte
## Anton van Niekerk

*Ons glo…dat hierdie eenheid van die volk van God op 'n verskeidenheid van maniere sigbare gestalte moet kry en werksaam moet wees, daarin dat ons…saam mekaar se laste ken en dra en so die wet van Christus vervul, mekaar nodig het en mekaar opbou…en mekaar vertroos, saam met mekaar ly…*
*Ons glo dat God Homself geopenbaar het as die Een wat…op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte is…dat Hy…weeskinders en weduwees help…dat die kerk daarom mense in enige vorm van lyding en nood moet bystaan…*
*(Belydenis van Belhar)*

Daar is 'n oer-oue tradisie wat die christelike kerk onherroeplik verbind aan die versorging en selfs genesing van siekes. Hoewel Markus 16:9-20 nie in die betroubaarste grondtekste van die Nuwe Testament voorkom nie, hang hierdie tradisie ten nouste saam met Christus se laaste opdrag aan sy dissipels in hierdie gedeelte om nie slegs die evangelie te verkondig nie, maar om ook die siekes te genees. Albert Jonsen wys in sy werk oor die geskiedenis van die mediese etiek daarop dat in die oudste, Hippokratiese tradisie van geneeskunde, dokters nie siekes om altruïstiese redes behandel het nie, maar eintlik net om 'n goeie reputasie vir hulself te verwerf. Die Christendom het hier 'n belangrike wending gebring. Vanuit die invloed van die Christendom word die idee vir die eerste keer rondom die begin van ons jaartelling gevestig dat ons na siekes behoort om te sien vanuit medelye, barmhartigheid en die bereidheid om vir ander mense op te offer, volgens die voorbeeld van Jesus, die "Groot Geneesheer". Die betrokkenheid van die kerk sedert hierdie tyd by siekesorg het daarom meegebring dat die figuur van die Barmhartige Samaritaan – die buitestaander wat bereid is om 'n "volksvreemde" (wat hy eintlik veronderstel is om te haat) in nood te hulp te snel, te versorg, op sy donkie te laai, by die herberg (lees: hospitaal) te besorg en daar voorsiening te tref vir sy volgehoue versorging – die prototipe van die goeie geneesheer geword het.

Die kern van daardie tradisie vind neerslag in die gedeeltes van die Belydenis van Belhar wat hierbo aangehaal word. Die eenheid van die kerk kry hiervolgens nie slegs sigbare gestalte in gesamentlike dienste en verenigde strukture en aksies nie, maar juis ook in die wyse waarop ons mekaar se laste dra, ook en veral wanneer mense siek is. So word die "wet van Christus vervul". God is daarby "op 'n besondere wyse" die God van die noodlydendes, van diegene van wie ons die naaste geword het toe hulle in ons gesigsveld verskyn op die spreekwoordelike "pad tussen Jerusalem en Jerigo" (soos die man wat onder die rowers verval het, verskyn het in die gesigsveld van die Barmhartige Samaritaan), en wat op ons – en ons alleen - aangewese is om hulle by te staan in hulle nood. Die stryd om die koms van die koninkryk van God in die wêreld is nie slegs 'n stryd om vrede en versoening op 'n intellektuele, emosionele en politieke vlak nie. Dis ook en veral 'n stryd teen liggaamlike en psigiese lyding. Dis die opdrag om die siekes te versorg en te genees. Siekte – die toestand van pyn en disfunksie, die onvermoë om voluit mens te wees in die wêreld – het daarom 'n diep geestelike betekenis in die kerk van Christus. Ons ganse sondige toestand is, simbolies gesproke, ons pyn, vervreemding, wanfunksie voor die aangesig van God; ons onvermoë om sy beeld in ons lewens ten volle te vergestalt en om ons doel in die skepping te bereik. Die evangelie van bevryding is daarom ook en veral die verhaal van dié God wat mense kan en wil verlos van hul siekte.

Ons leef daarby in 'n land en in 'n historiese konteks waarin siekte geen einde ken nie. In Afrika sterf mense in hul duisende jaarliks aan siektes soos tuberkulose en malaria. In die Wes-Kaap – 'n streek wat in Suid-Afrika dikwels geassosieer word met relatiewe welvaart – tier daar 'n tuberkulose epidemie wat skynbaar nie onder beheer gekry kan word nie en wat mense op groot skaal laat sterf, al is dit 'n volledig geneesbare siekte.
Die ernstigste siekte-werklikheid van ons tyd, veral in Suidelike Afrika, is MIV/vigs. Rondom 5 miljoen mense in Suid-Afrika is MIV positief, en tot onlangs is om en by 80 000 kinders jaarliks gebore wat aan hierdie potensieel dodelike siekte ly. Vigs hoef natuurlik nie meer dodelik te wees nie.
Korrekte en beskikbare behandeling met anti-retrovirale middels bring deesdae mee dat mense amper onbepaald kan oorleef en normale lewens kan ly. Effektiewe behandeling met genoemde middels kan selfs so suk-

sesvol wees dat die viruslading van pasiënte so laag daal dat hulle ander mense nie eers meer kan infekteer nie. Maar al hierdie hoopgewende moontlikhede bly egter verstoke van ’n baie groot deel van ons bevolking wat bitter arm is, wat hulself veral in diep plattelandse gebiede bevind, onder haglike omstandighede leef en selde of ooit toegang tot behoorlike sorg bekom. Soos ons weet, as MIV/vigs nie reg behandel word nie, is die dood, en ’n bittere lyding wat die dood voorafgaan, elke MIV-positiewe persoon se voorland.

Vigs kan daarom die kerk nie onberoerd laat nie. Een van die skrikwekkende gevolge van die vigspandemie is die getal weeskinders wat dit oplewer. Dit herinner ons weer aan Belhar, soos hierbo aangehaal. Weeskinders en weduwees het ’n besondere plek in God, en daarom in die kerk, se hart. Hier lê ’n reuse braakland van geleenthede vir die kerk voor om by betrokke te raak. Vigs bied enorme uitdagings. Die kerk sal hard moet meewerk aan die poging van medici om die stigma verbonde aan die siekte afgebreek te kry, aangesien daardie stigma (wat voorspruit uit die feit dat die siekte deur middel van seks versprei word) daadwerklike en effektiewe behandeling besonder moeilik maak.

Een van die grootste gevare van die kerk se inspeling op die MIV-probleem in Suid-Afrika, is dat ons moed kan verloor omdat die probleem so oorweldigend is. Hoe bevry ons Suid-Afrika van hierdie enorme vraagstuk? Daar is geen eenvoudige antwoorde op hierdie probleem nie. Daar is talle barmhartigheidsaksies in die kerk, en dis belangrik dat ons hierdie aksies sal ondersteun, maar ook, onderweg na kerkeenheid, sal sorg dat hulle hulle nie gefragmenteerd en daarom minder effektief werksaam is nie.

Die kerk moet egter die wyse waarop die Bybel oor noodleniging praat in gedagte hou. Die kerkvader Ambrosius het eeue gelede in ’n beroemde preek daarop gewys dat Jesus nie van ons verwag om siekes te *genees* nie, slegs om hulle te *verpleeg*. Ons taak is nie om hongeriges se honger of dorstiges se dors *permanent te stil of te les* nie, maar slegs om vir hulle *iets te gee om te eet of te drink*. Dit word nie van ons verwag om gevangenes te *bevry* nie, slegs om hulle te *besoek* (Mat 25:31-46). Ons kan alleen doen wat ons hand vind om te doen; ons kan die wêreld nie verander met een geweldige ingreep nie, maar ons kan voortdurend van Christus getuig en sy liefde demonstreer waar ons ook al kom. Siekte en nood moet daarby vir ons ’n gesig kry; ek kan nie “siekes” (in die algemeen) versorg nie, maar ek kan omsien na ’n bepaalde persoon of persone wat ’n naam het, vir wie ek ken en by wie ek oor tyd betrokke kan wees. Die Bybel vra van ons niks meer, maar ook niks minder as dit nie.

## Kultuurverskeidenheid en Menswaardigheid
## Gerrit Brand

*Ons glo ... hierdie eenheid in vryheid gestalte kan vind en nie onder dwang nie; dat die verskeidenheid van geestelike gawes, geleenthede, agtergronde, oortuigings, soos ook die verskeidenheid van taal en kultuur, vanweë die versoening in Christus geleenthede is tot wedersydse diens en verryking binne die een sigbare volk van God ...*
*(Rom 12:3-8; 1 Kor 12:1-11; Ef 4:7-13; Gal 3:27-28; Jak 2:1-13)*
*Belydenis van Belhar*

Omdat mense deur ander mense mens is, kan hul waardigheid, dit wil sê hul verhouding met God en die lewe in voluit waarvoor hulle bestem is, nooit los gesien word van hul verhouding en interaksie met ander mense nie. ŉ Mens is nie eerstens ŉ afsonderlike individu en dan eers, tweedens, deel van gemeenskappe nie, maar wesenlik ŉ gemeenskapswese. Ons waardigheid berus op God se liefde vir ons, ook wanneer mense daardie waardigheid misken, maar dit is God se bedoeling dat daardie waardigheid juis verwerklik word in die manier waarop mense saam en teenoor mekaar leef. In die Bybel is dit telkens Israel of die kerk wat deur God geroep en gestuur word. Dit is selfs so in gevalle waar God individue aanspreek, want hul roeping en taak is telkens om die gemeenskap aan te spreek. Daarom is dit nie individue nie, maar die geloofsgemeenskap, wat deur Paulus liggaam van Christus genoem word. Immers, Jesus se eerste daad as messias is om mense na hom te roep en so ŉ nuwe gemeenskap tot stand te bring, en in die skeppingsverhaal van Genesis 1 word die mens in relasie geskep, as man en vrou.

So in die algemeen gestel, klink dit eenvoudig, maar wat beteken dit konkreet? Daar is nie ŉ algemene manier waarop mense in gemeenskap mens is nie, net spesifieke maniere. Mense bestaan deur taal, maar dan verskillende tale. Mense leef saam in strukture en praktyke, maar dan altyd spesifieke strukture en praktyke wat van groep tot groep verskil. Mense dink in begrippe en op grond van sekere aannames, maar mense van verskillende agtergronde gebruik verskillende konsepte en leef met verskillende aannames. As mense voor die aangesig van God, mense vir wie God omgee en vir wie God lewe in volheid wil gee, is ons kulturele wesens. Daar is nie so iets soos ŉ mens sonder kultuur nie. Ook Jesus was ŉ Jood in ŉ sekere tyd, in ŉ sekere omgewing, wat ŉ sekere taal gepraat en met ŉ sekere wêreldbeeld geleef het.
Ons waardigheid as mense neem dus noodwendig kulturele gestaltes aan.

Kultuur kan baie dinge beteken: die lewenswyse van ŉ groep, hul gewoontes, die taal of tale wat hulle praat, hul kodes en simbole, hul oortuigings, hul waardes, hul identiteit of selfverstaan, hul instellings en praktyke, hul herinnering en geskiedenis, en so meer. Kultuur het nie net met etnisiteit te doen nie, maar met godsdiens, gender, klas, beroep en baie ander dinge. ŉ Mens het niet net een kultuur nie, maar behoort tot ŉ komplekse netwerk van gemeenskappe, elkeen met ŉ eie kultuur. So is daar ŉ middelklas- of werkersklaskultuur, ŉ wit of swart kultuur, ŉ Xhosa- of Griekse kultuur, ŉ Suid-Afrikaanse, Noord-Kaapse of Afrika-kultuur, en so meer. Daar ontstaan soms spanning tussen hierdie kulture – nie bloot uit misverstand en wedersydse vooroordeel nie, maar omdat hul oortuigings, waardes en verwagtings kan verskil. Net so belangrik is dat daar in enige individuele kultuur ook spanning en konflik voorkom.

Deel van die rede vir die spanning en konflik tussen en binne kulture is dat gewoontes, oortuigings, begrippe, waardes en so meer met mag verband hou. As ek byvoorbeeld nie die dominante taal in ŉ gemeenskap verstaan of gebruik nie, of dit gebrekkig doen, kan ek nie ten volle deelneem en deel wees van daardie gemeenskap nie. Die geneigdheid is dan dikwels om teen elke prys die oorheersende kulturele kodes en gewoontes van so ŉ gemeenskap te probeer aanleer en inoefen. In baie gevalle slaag minderheidgroepe of minder bevoorregte groepe egter nie hierin nie, en besef hulle ook nie dat daar in die proses ŉ onreg aan hulle gedoen word nie. Ook in een kultuur gebeur dit: dominante instellings, gebruike, gewoontes en idees bevoordeel en bemagtig sekere mense, en benadeel en ontmagtig andere. Dit gaan in kultuur dus nie net oor identiteit in die sin van wie ek is en hoe ek oor myself dink nie – al is dit ook belangrik – maar oor my posisie in die samelewing – ook die samelewing van die kerk.

As my waardigheid nie, soos in die antieke denke oor *dignitas*, van my posisie in die samelewing afhang nie, maar van God se liefde vir my, dan beteken dit dat marginalisering, uitsluiting, benadeling, onmagtiging en onreg indruis teen ŉ waardigheid wat ek van God ontvang en wat God in my wil realiseer. Kulturele faktore wat in die weg staan van lewe in volheid soos God dit bedoel, kan dus nie deur Christene aanvaar word nie – ook nie in die kerk nie. Dit geld ook die verhouding tussen kulturele. Die kerk is ŉ "kruis-kulturele" gemeenskap – ŉ gemeenskap waarvan die kultuur, die manier van saam lewe, deur die Gekruisigde bepaal moet word, maar ook ŉ kruising wat verskillende kulture – tale, gewoontes, simbole, praktyke en so meer – mekaar ontmoet en wedersyds beïnvloed. Net soos in die breër samelewing waarvan die kerk deel uitmaak, is die risiko in die kerk ás alternatiewe samelewing dat kulturele oorheersing ongelykheid, ontmagtiging en so meer in die hand werk. Op dieselfde manier as wat die kerk met middele, leierskap en so meer moet omgaan op ŉ wyse wat reg laat geskied aan almal se waardigheid, moet die kerk dit ook bewustelik doen in die geval van kultuur-kruising.

Dat daar in die kerk geen Jood of Griek, geen slaaf of vrymens, geen man of vrou is nie, beteken dus nie dat almal nou dieselfde moet word nie. Daarom het Paulus so sterk weerstand gebied teen die idee dat Christene uit die heidendom die Joodse kultuur in die vorm van besnydenis en ander gewoontes moet oorneem om voluit deel van Christus se liggaam te kan wees. Aan die ander kan aanvaar Paulus ook nie dat mense met verskillende kulture maar apart van mekaar kerk kan wees nie. Daarom het hy Petrus skerp aangespreek toe dié bereid was om een kant saam met Joodse Christene te eet toe hierdie Christene nie bereid was om met nie-Joodse Christene te verkeer nie. In die boek Handelinge word vertel van die Griekse weduwees wat in die bediening van die woord afgeskeep is, en hoe die apostels toe besluit het om spesiaal diakens aan te wys om na daardie vroue se behoeftes om te sien – ŉ bewuste reëling om te verseker dat kulturele faktore, in hierdie geval taal, nie sekere mense ŉ marginale posisie in die Christus-gemeenskap gee nie. Dink verder aan die verhaal oor die uitstorting van die Gees in dieselfde boek: Wanneer die Gees kom, word die taalverskille tussen mense uit verskillende wêrelddele nie met een, "Goddelike" taal of kultuur vervang nie, maar word kommunikasie en interaksie op ŉ manier moontlik gemaak wat niemand bo iemand anders stel nie.

Die kerk kan nooit aanvaar dat sekere kulture of kulturele dimensies in ŉ samelewing oorheersend word nie. Waar geargumenteer word dat dit noodwendig is en dat daar niks aan gedoen kan word nie, moet die kerk tog aandring – en self demonstreer – dat dit tog moontlik is om verskille in een gemeenskap te kan akkommodeer op ŉ manier wat die gemeenskap verryk eerder as skei of verarm. Dit moet baie praktiese vorme aanneem.

# Bylaag 3
# Taal en die bevordering van geslagsgelykheid en menswaardigheid
# Mei 2014 – Elize Morkel

*Language is very powerful. Language does not just describe reality;*
*language creates the reality it describes.*
*Desmond Tutu*[1]

In haar essay oor gender en menswaardigheid in die lig van die Belydenis van Belhar verduidelik prof Julie Claasen[2] dat alhoewel die Belydenis van Belhar nie primêr na gender verwys nie, dit duidelik spreek in ’n situasie van onreg en ontmensliking waar mense se waardigheid tydens die apartheidsjare op grond van hul velkleur geskend is. In die gees van Belhar word die kerk dus aangemoedig om op te tree in situasies waar vroue se menswaardigheid aangetas word. Sy wys op Gen 1:26-27 waar God uitgebeeld word as die God wat man en vrou in God se beeld geskape het – “’n diepgaande teologiese perspektief wat dui op die inherente waarde van alle mense desniesteenstaande hulle ras, geslag, sosio-ekonomiese stand of seksuele orientasie.”

Vervolgens beklemtoon die Belydenis van Belhar dat God sigself vereenselwig met mense wat ly as gevolg van onreg. Christus se lewe en leer versinnebeeld hierdie herstel van vroue se waardigheid as ons let op die talle verhale waarin vroue teen die samelewing se verwagting in met respek behandel word.

Claasen belig die feit dat die Belydenis van Belhar ten diepste berus op die oortuiging dat God eenheid bring tussen mense. Sy verwys na die klassieke doopformulier in Galasiërs 3:28, een van die tekste wat in artikel 3 genoem word, wat daarop dui dat verskille gebaseer op ras, klas, en ook gender in Christus opgehef word. Volgens haar word die kerk geroep om God in hierdie versoeningstaak na te volg (artikel 4) en om dit wat skeiding bring tussen mans en vroue af te breek.

**Bewus en Bemagtig**
Met die aanbreek van ons land se nuwe demokrasie, die getuienisse voor die Waarheids-en Versoeningskommissie en toenemende kontak met kollegas uit bruin en swart gemeenskappe het die bewuswording van die omvang en effek van die trauma en onreg van apartheid my liggaamlik en psigies in so ’n mate affekteer dat ek vir twee jaar nie kon werk nie. Dit was veral my eie posisie as wit Afrikaner vrou en lidmaat van die NGK wat vir die eerste 37 jaar van my lewe grootliks onbewus en bevoordeel geleef het binne die apartheidsbestel terwyl my mense en my kerk hierdie bose sisteem regverdig en ondersteun het, wat my met afgryse vervul het. Die vraag wat by my gespook het, was: Hoe is dit moontlik dat ek/ons so blind kon wees? Daarmee saam die versugting: Hoe kan ek/ons dit regmaak?

In hierdie tyd het die werk van Kaethe Weingarten[3], ’n Amerikaanse sielkundige, wat die impak van getuienis wees van trauma op mense bestudeer my baie gehelp. Sy het ’n tipologie ontwikkel wat vier getuienisposisies voorstel na aanleiding van die mate waarin mense bewus is van dit waarvan hulle getuie is en die mate waarop mense dan bemagtig daarop reageer. Sy verduidelik dat mense kan rondbeweeg in verskillende getuienisposisies na mate hul bewussyn van onreg en geweld wissel en hulle in mindere en meerdere mate bemagtig daarop reageer.

Weingarten verduidelik hoe ons meer bewus kan word van wat ons beleef in ons verhouding tot ander in kontekste van geweld en onderdrukking:

> *All of us, whichever role (victim, perpetrator, witness) we are currently in, can witness ourselves. We can become aware of what we see – witnessing ourselves as witnesses. We can become aware of what has happened to us – witnessing ourselves as victims. We can become aware of what we do to others – witnessing ourselves as perpetrators. More able to witness ourselves in each of these roles, we will be better able to witness others in each of these roles as well.*
> *(Weingarten 2003:26)*

[1] Dr Charlene van der Walt stuur hierdie aanhaling op 12 Mei 2014 per e-pos uit Oslo waar sy dit op straat raakgeloop het.
[2] Kruisgewys Maart 2013.
[3] Kaethe Weingarten, *Common Shock: Witnessing violence every day: how we are harmed, how we can heal* Dutton, New York 2003.


**Die Effek van die verskillende getuienisposisies**

**Posisie 1**: Dit verteenwoordig ’n posisie waar mens ’n bewuste en bemagtige getuienis is van geweld en onreg. In hierdie posisie is dit vir ’n mens moontlik om met helderheid effektiewe aksie te neem. ’n Mens sal geneig wees om in hierdie posisie effektief, bemagtig en hoopvol te voel.

**Posisie 2**: Hierdie mag die mees gevaarlike posisie wees vir ander. Mense wat geweld en onreg waarneem, maar onbewus is van wat hulle waarneem en tog reageer asof hulle weet wat hulle doen, kan oneffektief of selfs skadelik optree. Die negatiewe effek van hierdie posisie kan verrykende gevolge hê, veral as die persoon vanuit ’n magsposisie reageer.

**Posisie 3**: Hierdie posisie is uiters ongemaklik omdat die persoon bewus is, maar nie weet wat om te doen of hoe om op te tree nie. Dis dikwels ’n posisie waar mens regtig oorweldig en selfs desperaat mag voel. Vanuit hierdie posisie word mens se energie, inisiatief, entosiasme en selfs bereidheid tot aksie dikwels ernstig geimpakteer.

**Posisie 4**: Wanneer ’n persoon onbewus en onmagtig is, is die effek op die self en op ander baie sleg. Die kanse is dan baie goed dat die persoon nie sal optree wanneer optrede geverg word nie en passief sal bly wanneer aksie baie belangrik is. ’n Slagoffer mentaliteit asook ’n hopeloosheid kan deel word van so ’n persoon se lewe. Indien aksie wel geneem word, is dit dan ook dikwels oneffektief of skadelik.




Ons beweeg altyd tussen hierdie posisies soos wat ons leef en nuwe kontekste en verhoudings beleef. Ons het altyd die keuse om op te beweeg na ’n posisie van groter Bewussyn en Bemagtiging. Soos wat mense se bewussyn groei, kan hulle oorweldig, skuldig en getraumatiseer voel en dalk verkeerdelik dink dat hulle van Bewus na Onbewus kan beweeg – daar waar hulle net afgestomp en gevoelloos kan wees, maar dit bring nie werklik verligting nie. Ons moet leer hoe om “op” te beweeg na Posisie 1 waar groter Bewus-wees ook met groter Bemagtiging gepaard gaan.

Hierdie gesprek oor taal wat menswaardigheid en geslagsgelykheid bevorder, het presies dit ten doel: om mee te help om groter **bewussyn** te skep van geslagsongelykheid en praktyke wat menswaardigheid skend en voorstelle te maak wat **bemagtig** om skadelike praktyke te ondermyn en menswaardige praktyke te versterk.

**Die rol van taal in identiteitsvorming en magsverhoudings**[4]

Taal is, tesame met ander voorstellings soos visuele materiaal, ’n magtige medium waardeur betekenis in ’n gegewe kultuur en konteks gekonstrueer word. Die manier waarop ons dink oor gender word nie bloot maar *weerspieël* in ons taal en voorstellings nie, maar word ook inderdaad *gekonstrueer* deur ons taal en voorstellings. Identiteite word ook geposisioneer in verhouding tot die diskoerse van die samelewing rondom ons.

[4] Ek steun in hierdie bespreking op die essay van Leandra Koening-Visagie (2012) The representation of gender in the Afrikaans corporate church: Fundamental difference in Claassens, Juliana & Viljoen, Stella (ed) *Sacred Selves: Essays on Gender, Religion & Popular Culture* Griffel Uitgewers p159-186.

Diskoerse verteenwoordig oortuigings wat in 'n samelewing leef wat oor tyd so vas en algemeen aanvaar word dat dit waarheidstatus verkry en dus nie bevraagteken word nie. Dit word as normaal aanvaar.
Konstruksies oor wat dit beteken om 'n man en 'n vrou te wees binne 'n gegewe kultuur bied aan mans en vroue die voorskrifte ("scripts") vir die korrekte uitleef ("performance") van hul gender rolle. Individue pas dus hul lewens aan – selfs op 'n onbewuste vlak – om volgens hierdie voorskrifte te leef. Die voorskrifte is dikwels geidealiseerd en daar ontstaan 'n spanning tussen die eise van onbereikbare ideale wat voorgeskryf word en die realiteite van mense se deurleefde ervarings. So is die mite van die manlike broodwinner wat so 'n gewilde konstruk in die hoofstroom media is, nou verwant aan die christelike idee van manlike hoofskap wat deur baie kerke ondersteun word terwyl die meeste middelklasgesinne vandag van twee inkomstes afhanklik is.

Die volgende aanhaling van Sandra Lipsitz Benn (in Koenig-Visagie 2012: 165) verduidelik twee oorheersende oortuigings ten opsigte van gender konstrukte naamlik biologiese determinisme en essensialisme:

*Throughout the history of Western culture, three beliefs about women and men have prevailed: that they have fundamentally different psychological and sexual natures, that men are inherently the dominant or superior sex, and that both male-female difference and male dominance are natural.*

Volgens biologiese determinisme word gender ('n kulturele konstrukt) deur geslag ('n biologiese gegewe) gedetermineer. Biologiese determinisme versterk dus 'n kulturele diskoers dat, op grond van die intrinsieke biologiese verskille tussen die geslagte, daar ook essensiële verskille tussen mans en vroue bestaan wie se genderidentiteit dan volgens essensieel manlik en essensieel vroulike voorskrifte gekonstrueer word. Die idee van die "teenoorgestelde geslagte" waarvolgens gender in twee teenoorgestelde pole as vroulik/vrou en manlik/man opgestel word, lei tot 'n lys van eienskappe wat hierdie twee verskillende pole voorstel en waarvolgens mans en vroue dan hul rolle vind en uitleef.

Biologiese determinisme en essensialisme is 'n diskoers wat prominent na vore kom in Christelike oortuigings en leestellings, veral die wat gebaseer is op 'n letterlike interpretasie van die Bybel. Die oortuiging dat geslagsverskille asook die man se hoofskap oor die vrou deel vorm van God se skeppingsplan en deur God so ingestel is, word versterk deur Paulus se geskrifte wat dikwels aangehaal word om hierdie idees te motiveer. Manlike hoofskap word verder versterk deur die voorstellings van God as manlik en die feit van Jesus se manlikheid. Die assosiasie van manlikheid met opper-gesag versterk dus die lering omtrent manlike hoofskap.

Navorsers wys daarop dat die binêre kategorieë waarvolgens manlikheid en vroulikheid gekonstrueer word ook in terme van die magsbalans tussen die geslagte 'n rol speel. Aangesien vroue as gevolg van hul fisiologie en voortplantingsfunksies gesien word as nader aan die natuur (en mans nader aan kultuur), word vroue dikwels beheer en objektiveer asook as minderwaardig en ondergeskik hanteer soos die geval is met die hantering van die natuur. Die manlik/vroulik dualiteite is nie neutraal in die konsekwensies vir die geslagte nie. Dit stereotipeer beide geslagte, beperk hulle in die uitlewing van hul Godgewe potensiaal en gee aanleiding tot magsmisbruik wat mense se menswaardigheid aantas.

**Bemagtigde response: Taal wat menswaardigheid ondersteun**

Denise Ackermann (1993:27) wys op drie diskoerse en praktyke wat ondermyn behoort te word om die diskriminasie teen en onderdrukking van vroue teen te werk. Dit kan as merkers gebruik word by die beoordeling van taalpraktyke wat menswaardigheid aantas. Dit is: Mansgesentreerdheid ("androcentrism"), dualistiese denkpatrone en patriargale, hierargiese strukture.




**Man as norm (androcentrism)**
Wanneer mans voorgestel word as die norm is vroue noodwendig die "ander", die buitestaander wat nie gelyke status het alvorens sy ook as een van die manne ingesluit word nie. Hierdie man-as-norm tipe denke word gereflekteer in die optrede van 'n broer wat in 'n kerkvergadering waar die mans verreweg in die meerderheid is, die vergadering as "broers" aanspreek. Toe hy later besef dat daar susters teenwoordig is, bied hy die volgende korrektief aan: "Vir my is die vroue al so deel van die kerkvergaderings dat ek hulle as manne beskou."

Die gebruik van manlike voornaamwoorde om na mans en vroue te verwys, laat vroue heeltemal verdwyn uit die kontekstuele landskap. In ons gebruik van voornaamwoorde word die manlike hy, hom en sy dikwels gebruik om almal in te sluit. In stede daarvan kan ons meervoudige voornaamwoorde gebruik soos hulle, hul en

ons. Ons kan ook manlik/vroulik (sy/haar) in tandem gebruik.
Dieselfde geld vir generiese selfstandige naamwoorde, werkwoorde en byvoeglike naamwoorde wat so algemeen in ons taal (Engels en Afrikaans) voorkom. Byvoorbeeld mankind (humanity), man-made (handcrafted), chairman (chairperson) dink ook aan mannekrag, beman, posman en brandweerman. Nog voorbeelde is die gebruik van "you guys" en "ouens" om na vroue en mans te verwys. Ek het myself onlangs uitgevang dat ek 'n vriendin op Facebook aanprys met: "Mooi man!" en moes dit gou verander na "Mooi so!"

Daar is ook taalpraktyke wat na vroue verwys in terme van hul verhoudings met mans, bv mev ds Pieterse en posstukke wat geadresseer word aan mev Johan Pienaar. Hier word vroue hanteer asof hulle nie 'n identiteit of subjektiwiteit as individue het nie.

**Dualisme of stereotipering**
Ons taal reflekteer dikwels ons inkoop in die dualismes rondom gender. Van die mees prominente van die dualismes is die aktief/passief pole waarvolgens manlikheid gekonstrueer word deur aksie en vroulikheid deur passiwiteit, voorkoms en as objek. Nog 'n belangrike dualisme is die verdeling tussen publieke en private sfeer met mans wat gekonstrueer word binne die publieke sfeer van betaalde werk en politiek terwyl vroue in die private sfeer van die huishouding tuishoort. Hiervolgens word vroue dikwels in terme van tradisionele stereotipe gesinsrolle of dmv hul fisiese eienskappe beskryf waar dit nie in dieselfde konteks met die beskrywing van mans gedoen sal word nie – byvoorbeeld as eggenoot, ma en blondine. Hierdeur word algemene en onbelangrike eienskappe voorop gestel terwyl relevante en toepaslike eienskappe geïgnoreer of tweede gestel word en vroue sodoende verkleineer (trivialized). Dit gebeur ook wanneer vroue as passiewe objekte eerder as aktiewe subjekte voorgestel word, byvoorbeeld die donkerkop, die slimmetjie, die kwaaitjie, die vriendelike enetjie.

**Nog voorbeelde**
Die kandidate vir die verkiesing is Jake Steyn, 'n prokureur en mev Susan Groenewoud, onderwyseres en ma van drie. (die titel mev en die "ma van drie" is irrelevant)

Op 'n brosjure: Wanneer die verpleegkunde student haar studies voltooi, moet sy ook 'n raadseksamen aflê. (nie alle verpleegkundiges is vroue nie)

Julie Claassens wys daarop dat ook **mans ly onder die stereotipes** wat die samelewing en media aan hulle toedig. So kan 'n mens tereg praat van 'n krisis in manlikheid soos mans worstel met die idee van 'n macho man wat geweldadig is en nie sy emosies wys nie.

Soms openbaar mense houdings wat vroue en mans in stereotipiese rolle sien, maar hulle bedoel dit goed of selfs as 'n kompliment. Die oorsprong hiervan is 'n idealisering van tradisionele geslagrolle soos die volgende aannames: vroue is van "nature" meer goedhartig, emosioneel, en deernisvol, mans daarteenoor is van "nature" meer rasioneel, minder emosioneel en gehard/sterker (tougher) emosioneel en fisies. Dink maar aan aannames soos dat vroue van nature beter administratiewe assistente is of van nature bereid en geskik is om geskenke vir die baas aan te koop, want hulle is "beter" daarmee.

'n Man wat kru taal gebruik, maak verskoning omdat daar 'n vrou in die geselskap is. Die implikasie is dat vroue in 'n ander klas as mans is, te delikaat om sekere taal of grappe aan te hoor. Dit is paternalisties en neerhalend teenoor vroue (patronizing and condescending). Mans word hier ook benadeel omdat die aanname is dat alle mans sulke grappe en taal goedkeur of geniet.

Mans het ook met hierdie tipe situasies te doen, bv waar 'n man geroep word om met 'n indringer op die eiendom te gaan afreken. Die aanname is dat net omdat hy groter en sterker is, is 'n man noodwendig toegerus om gevaarlike situasies te hanteer.

**Patriargale of hiërargiese denke**
Soms word vroue beskryf op maniere wat ondergeskikte posisies impliseer asof hulle afhanklik is van of minder gelyk is aan hul manlike eweknieë. Wanneer ons byvoorbeeld 'n voornaamwoord soos vroue/vroulike voor 'n beroepsbeskrywing of professionele titel sit soos byvoorbeeld vroue loods, vroue bankier, vroue dokter, vroue predikant. Die indruk word geskep dat vroue hier uit hul plek is, eienaardig is, nie die norm nie en alhoewel hul verdra word, is hul nie gelyk nie. Netso kan vroulike agtervoegsels bydra tot die vermindering van die waarde, bydraes en toewyding van vroue in beroepe, professies en aktiwiteite wat primêr deur mans oorheers word, byvoorbeeld aktrise, eksekutrise (akteur en eksekuteur is verkieslik om na beide geslagte te verwys). Dis verkieslik om woorde soos "man/vrou", "meisie/seun" en "heer/dame" in 'n parallelle en op gelyke wyse te gebruik.

Om na volwasse vroue as "girls" of "meisies" te verwys in 'n konteks waar volwasse mans beskryf word as "manne" of "mans" is ontoepaslik. Ons praat ook verkieslik van kantoorpersoneel eerder as kantoormeisies – dink maar aan die vernederende gebruik van: "Ek sal my meisie vra om jou terug te bel" in plaas van "Ek sal

vra dat my persoonlike assistent jou bel". Ons gebruik "vroue" in plaas van "dames" behalwe as ons van "here" op parallelle wyse praat. Vermy troetelname soos "skattie", "hartlam" ens met vroue wat onbekend is of in situasies waar hierdie tipe intimiteit nie toepaslik is nie. Titels en aanspreekvorme behoort konsekwent en in parallelle formaat vir mans en vroue gebruik te word. Bv Teenwoordig was: Pieter Roux, Johan du Toit en mev Hanna Steyn behoort of ds Pieter Roux, ds Johan du Toit en mev Hanna Steyn te wees of Pieter Roux, Johan du Toit en Hanna Steyn. Getroude pare behoort nie aangedui te word as: Mnr en mev Jannie Fourie nie, maar as: Mnr Jannie en mev Riette Fourie of bloot Jannie en Riette Fourie. Wanneer voorbeelde, visuele materiaal en illustrasies gebruik word, moet daar verseker word dat beide mans en vroue verteenwoordig word en in 'n verskeidenheid van rolle voorgestel word. Mans word gewoonlik eerste genoem in uitdrukkings soos mans en vroue, syne en hare, hy en sy, Meneer en Mevrou ens. Probeer om hierdie woordorde om te ruil en afwisselend te gebruik ten einde gelykheid en gelykwaardigheid te reflekteer.

In die onderstaande gedig word die onderlinge verband tussen gender, klas en ras baie goed uitgelig in Kleinman se protes teen die gebruik van die term "lady" of "dame".

***Why I'm Not a Lady (and No Woman Is)*** by Sherryl Kleinman
Published in Feminist Frontiers, edited by Laurel Richardson, Verta Taylor, and Nancy Whittier.
2004. McGraw-Hill, p. 94. (*http://psychtalkradio.com/sexism-in-language*)

Ladies have pale skin,
wear white gloves
they sweep across the top of the armoire
to make sure the darker-skinned woman
who cleaned it
didn't forget or cheat.

A lady doesn't sit with one leg dangling
over the arm of the chair
like she just doesn't give a damn.

Ladies don't fix cars, build bridges, wire houses.
Ladies become First Lady, not President.

Sit up straight, young lady!
Cross your legs (shave them first),
Remove (surgically if necessary)
that frown from your forehead.
Lower your voice.
Smile.

(If anyone asks why you
snuck down to the Ladies Room,
say you had to powder your nose.)

Call yourself a lady
and he'll protect you,
he'll respect you,
he won't leave.
But who protects the cleaning lady?
Wonder why we don't have
"Ladies Studies"
at the university?

I'll remain a woman,
keep the basic word
that got so dirty
she wants to clean herself off
and be called lady.
Until a real woman
can earn one dollar on the man's dollar;
Until a real woman can call her body her own;
Until a real woman can love a woman in peace,
love a man without fear;
Until a real woman can walk the dark streets
with her mind on the stars and not on her back,
I will know that lady is a lie.

**Inklusiewe taal in die Kerk**

Claasens wys daarop dat die Bybel 'n groot rol speel om die patriargale sisteem intakt te hou, en dat dit noodsaaklik is om kritiese leesvaardighede aan te leer waar tekste wat die potensiaal het om vroue se menswaardigheid te skend uitgedaag word, maar waar die teks ook as 'n bevrydende woord van God aangebied word. Volgens haar sluit dit onder meer strategieë in om byvoorbeeld die stories van vroue in die Bybel se ervaring van lyding en oorlewing wat baie keer misgekyk word uit te lig wat 'n belangrike bydrae lewer om vroue se menswaardigheid te herstel. In twee berigte[5] deur Neels Jackson rapporteer hy oor gender-sensitiewe taalgebruik binne die konteks van Christelike lektuur en liturgie. In 2002 maak Prof Landman beswaar dat baie van die liedere in die Liedboek taal bevat wat uitsluitend en seksisties is. Sy noem twee kategorieë van besware. Eerstens wys sy daarop dat daar in nie-geslagtelike terme oor God gepraat behoort te word, want God het nie geslag nie.

Dit doen 'n mens deur die voornaamwoorde "Hy" en "Hom" telkens deur ``God" te vervang. Die ander probleem gaan oor die verwysing na gelowiges. Waar daar "hy" staan sou dit met "hul" vervang kan word om die

[5] Die berigte is beskikbaar by: http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2002/07/19/13/3.html en
http://www.dieburger.com/nuus/2013-06-04-god-nie-n-hy-of-n-sy

teks inklusief te maak. Prof Landman gee toe dat dit ’n groot omwenteling in liturgiese taal sal verg om heeltemal inklusief te word. Kyk ’n mens na die formulerings oor die Drie-Eenheid, sou jy pleks van na die ``Vader, Seun en Heilige Gees'' te verwys, kon praat van ``God, die Kind en Heilige Gees''. Jesus was manlik, maar dis nie sy manlikheid wat ons verlos nie, wel sy goddelikheid. Dan sou jy by die punt kom dat jy die belydenisskrifte moet herformuleer.

In 2013 berig Neels Jackson dat Prof Landman by die toekenning van die Andrew Murrayprys aan prof Ernst Conradie daarop gewys het dat Prof Conradie ’n hele boek oor God se handelinge in die wereld geskryf het sonder om een keer na God te verwys as die manlike “Hy” of “Hom”. Pleks van die voornaamwoorde te gebruik, het Prof Conradie die woord “God” telkens herhaal.

By navrae het Prof Conradie verduidelik dat hy dit so gedoen het omdat hy sensitief is vir inklusiewe taal. Die belang van taalgebruik wat God nie as eksklusief manlike voorhou nie is deur Proff Conradie en Landman aan die hand van ’n aanhaling uit feministiese teologie verduidelik. Dit lui: “As God ’n man is, dan is die man god.” Volgens hierdie argument kan ’n beskouing van God as manlik daartoe lei dat mans vir hulself ’n verhewe posisie toe-eien en dat hulle vroue dan verdruk en verneder, soms selfs mishandel. Prof Conradie wys daarop dat God in die Bybel nie as net manlik voorgehou nie word nie. Daar is naas beskrywings van God as Vader ook onsydige beskrywings van God as anker of rots en vroulike beelde van God, soos die van ’n hen wat haar kuikens beskerm. Prof Landman het gesê sy het al voorgestel dat na die Drie-eenheid verwys word nie as die Vader, Seun en Heilige Gees nie, maar as die Versorger, Verlosser en Heilige Gees.

**Ten slotte**
Teoloë Chopp and Taylor[6] (1994:36–37) beskryf hoe taal die lewens en gesondheid van vroue impakteer. Volgens hulle is godsdienstige instellings verantwoordelik vir die beskerming van waardes binne die samelewing en as sodanig is hierdie instellings, soos kerke, die primêre beskermers van die patriargale kultuur en waardesisteem.

> *Social structures create individual ills. And social structures are linguistic – they are created, sustained, and mediated through language. Oppression, then, is not simply a physical reality but a psychic reality, for one’s perceptions of self and world are formed linguistically, and the language is received from the social reality within which one is embedded. When this language makes the male gender systemically normative, then women as the other gender are precisely that: other, outsiders, marginalized. In addition, insofar as the language pervades the culture, all of the institutions within that culture will reflect and perpetuate the normative and therefore privileged status of the male as over against the female. This pervasiveness not only includes the religious institutions within the culture; indeed, insofar as religious institutions are the culturally appointed conservers of value, these institutions become prime guardians of the patriarchal status quo.*

Indien die NG Kerk-familie erns wil maak van ’n Seisoen van Menswaardigheid sal daar dus baie beslis groter bewussyn omtrent menswaardige taalgebruik en die effek van seksistiese taalgebruik, wat so algemeen in die kerk voorkom, gekweek moet word. Van die genoemde riglyne en voorbeelde kan so ’n bewussyn verhoog en terselfdertyd ook vroue en mans bemagtig met meer menswaardige alternatiewe.

**Aanbevelings deur die Moderatuur**
Die Moderatuur maak die volgende voorstel rondom die aanbevelings:

- Die Moderamen aanvaar die verslag as deel van die standpunt van die Moderamen oor die bevordering van geslagsgelykheid en menswaardigheid.
- Die Moderamen besluit om mee te help om ’n groter **bewussyn** te skep van geslagsongelykheid en ander praktyke wat menswaardigheid skend.
- Die Moderamen onderneem om die voorstelle ten opsigte van taalpraktyke wat geslaggelykheid bevorder, soos in die verslag vervat, te eerbiedig te bevorder.
- Die Moderamen besluit om die verslag, bogenoemde aanbevelings en voorstelle wat ter vergadering gemaak word aan die Sinode in 2015 voor te lê vir verdere besinning, bespreking en besluitneming.

---

[6] Chopp, R S & Taylor, M L 1994. *Reconstructing Christian Theology*. Minneapolis: Fortress Press.

# Bylaag 4
# Die NG Kerk en apartheid

## 1. AGTERGROND

Tydens die sinodesitting van die NG Kerk Wes-en-Suid-Kaapland in 2007 te Goudini was daar afgevaardigdes wat beswaar aangeteken het teen die feit dat die NG Kerk al voorheen aan almal verskoning gevra het vir sy ondersteuning van apartheid, maar nog nie aan sy eie lidmate nie. Die mening is uitgespreek dat die kerk sy lidmate mislei het en ’n verskoning verskuldig is. Die sinode het dit vervolgens aan sy moderamen opgedra om hieroor na te dink en leiding te gee. Die moderamen het sedertdien by ’n aantal geleenthede hieroor besin. Dit was sinvolle en goeie gesprekke, maar ons het ook besef dat die saak veelkantig is en dat ons goed sal doen om iewers vorentoe selfs meer omvattend onsself hieroor te verantwoord. Die moderamen bied in hierdie dokument ’n aantal perspektiewe vanuit sy besinning waarmee ons hoop om lidmate te help om hulle eie aandeel, of gebrek daaraan, aan apartheid te beoordeel.

## 2. DIE NG KERK HET REEDS SKULD BELY

Die NG Kerk het oor die afgelope twee dekades baie deeglik kennis geneem van die skadelike gevolge van apartheid. Die benadeling van mense, die miskenning van mense se waardigheid, die groot ongelykhede tussen mense, die persoonlike lyding en verliese wat mense gely het en talle ander gevolge van die ideologie van apartheid het die kerk tot diepe selfondersoek en belydenis genoop. Die groot aandeel wat die NG Kerk gehad het aan die teologiese regverdiging van apartheid, en daarom direk en indirek aan hierdie gevolge van apartheid is welbekend en geboekstaaf deur talle teoloë, historici en ander akademici. Die kerk het ook reeds verskeie besluite geneem waarmee sy skuld en aandadigheid erken en aanvaar is en waarmee vergifnis gevra is aan diegene wat gely het en steeds ly aan die gevolge van apartheid. Alle uitsprake in hierdie dokument moet dus ook gesien word teen die agtergrond van die besluite wat reeds hieroor deur die kerk geneem is. Die kerk is ook deeglik daarvan bewus dat die negatiewe gevolge van apartheid nog steeds ’n groot impak het op die lewe van mense in Suid-Afrika.

## 3. SOGENAAMDE BEVOORDEELDES WAT INDERWAARHEID OOK BENADEEL IS

Aangesien die kerk reeds skuldbelydenisse teenoor die sogenaamde benadeeldes van apartheid gedoen het, val die fokus van hierdie dokument nou op die gevolge van die kerk se apartheidsteologie vir diegene wat sogenaamde bevoordeeldes was van die ideologie en politieke sisteem van apartheid. Terwyl die kerk bewus is daarvan dat bevoordeling van blankes groot afmetings aangeneem het, is ons ook onder die indruk daarvan dat daar ’n groot skadukant aan hierdie bevoordeling was. Die bevoorregtes van apartheid se beskouinge oor mense, asook hulle verwagtinge ten opsigte van ’n sekere lewenstandaard het destyds toenemend geskoei geraak op die ongelykhede, ongeregtigheid en bevoordeling wat gepaardgegaan het met die politieke bedeling van apartheid. ’n Sondige meerderwaardigheid is in baie gevalle gekweek en versterk. In vele situasies is daar sonde gedoen deur die miskenning, vernedering en misbruik van mense. Die sondaars het daarin gely dat hulle skuldig was voor God. Baie mense het ook na die ontbloting van hierdie vergrype met diep skuldgevoelens en vernedering geworstel. Mense verkeer ook steeds in innerlike stryd om aan hulle rassevooroordele te ontkom. Diepgewortelde rassevooroordele en agterdog maak dit ook vir baie mense uiters moeilik om aan te pas in die nuwe demokratiese bedeling.

Baie lidmate is vanweë hulle ontnugtering met die NG Kerk se teologiese onderskrywing van apartheid van hulle kerk, en dus hulle geestelike tuiste, vervreem. Baie lidmate het selfs in diep geloofskrisisse beland. Die dwaling van die kerk het dus ernstige negatiewe gevolge ingehou vir mense se verhouding met God, vir gelowiges se verbondenheid aan die geloofsgemeenskap en vir die geloofwaardigheid van die evangelie.

## 4. DIENSPLIG

Baie lidmate van die kerk is ook erg ontwrig deur die nasionale dienspligstelsel van destyds waarin slegs blanke mans deur wetgewing verplig is tot, eers een jaar militêre diens, en later twee jaar. Hierdie stelsel het nie net duisende mans die geleentheid ontneem om in hulle loopbane vordering te maak nie, maar het radikale gevolge gehad vir individue en families op emosionele, ekonomiese en geestelike vlak. Die trauma, ontberinge, blootstelling en verliese wat gepaardgegaan het met die opleiding en operasionele ontplooiing van soldate, strek veel verder as wat ooit bereken kan word. Ten spyte van die werklikheid dat daar ook positiewe verhale en uitkomste in mense se lewens binne hierdie geskiedenis was, is die kerk deeglik bewus van die verrykende skadelike gevolge van hierdie stelsel.

## 5. AFTAKELING VAN APARTHEID

Die kerk erken ook dat in die proses van die aftakeling van apartheid en die demokratisering van ons samelewing, diegene wat voorheen bevoordeel is geweldige aanpassings moes maak en moes ly aan die gevolge van dit wat voorheen verkeerd gedoen is. Baie mense het hulle werk verloor, mense moes dikwels hulle voordelige posisies prysgee en talle beleef diskriminasie wat betref studiegeleenthede, toekenning van beurse en werksgeleenthede. In die staatsdiens is kundigheid dikwels prysgegee ter wille van regstelling met skadelike gevolge vir mense van alle rasse in ons land. Standaarde van dienslewering in skole, hospitale en ander staatsinstellings het gevolglik op talle plekke onder druk gekom. Hoewel die kerk die noodsaaklikheid van die regstelling begryp, neem dit niks weg van die werklikheid dat mense wat voorheen bevoordeel is, asook hulle nageslag, dikwels in die proses van regstelling ergere benadeling en skade beleef nie. Hierdie slegte gevolge kan ook nie altyd onder die dekmantel van regstelling geregverdig word nie.

## 6. ’n KERK WAT FOUTE MAAK

Die vraag in ons tyd is hoe dit gebeur het dat ’n kerk wat erns maak met die Skrif kon deel hê aan ’n bedeling soos apartheid met sy omvattende skadelike gevolge. Die kerk is immers vasbeslote om nooit weer ’n politieke of ekonomiese bedeling goed te keur of dit te onderskryf met teologiese argumente soos wat dit met apartheid gedoen is nie. Daar was baie lidmate en leiers in die kerk wat tydens die apartheidsbedeling onvermoeid geprotesteer het teen die kerk se ondersteuning en regverdiging van hierdie ideologie. Hulle het dit dikwels gedoen ten spyte van groot persoonlike opoffering, vernedering en ontbering. Die kerk het nie genoegsaam geluister na hierdie persone nie. Hulle stemme is trouens dikwels doelbewus stilgemaak. Die kerk het gekies om hom eerder te laat lei en beïnvloed deur:

**6.1** sy intieme verhouding met die Afrikanervolk,
**6.2** die stryd van Afrikaners om politieke en ekonomiese mag in Suid-Afrika te verkry ná Britse kolonialisme,
**6.3** die lees van die Bybel deur die bril van volksbelang,
**6.4** ’n on-Bybelse mensbeskouing en gevolglik ’n misverstaan van die gelyke posisie van mense voor God,
**6.5** aannames oor die inherente verskille tussen mense en die andersheid en minderwaardigheid van swart mense,
**6.6** ’n kerkbegrip wat nie rekening gehou het met die eise van die Skrif oor eenheid, geregtigheid en versoening nie,
**6.7** aannames wat nie rekening gehou het met die eise van die Bybel vir eenheid, geregtigheid en versoening in die samelewing nie,
**6.8** afskeiding van ander kerke sodat die Skrif al meer in isolasie gelees is,
**6.9** dat ons denke oor God nie radikaal genoeg Christelik was nie en daarom nie die diepte van God se liefde en genade vir ons en die omvang van Christus se verlossing en erns van sy aanspraak op ons totale lewens besef het nie.

Die NG Kerk het dus groot foute gemaak deur die Bybel te lees deur die bril van eie belang.
Een van die belangrikste kenmerke van ’n gereformeerde kerk is egter dat ons verstaan dat ons net ten dele ken en dat ons wanneer ons foute maak dit kan erken en bely en regstel. Hoewel ons dus ons beperkte insigte van die verlede van harte bely, weet ons ook dat ons steeds onderhewig is en bly aan gedeeltelike kennis en insig. Ons is as kerk egter opnuut daartoe verbind om met openheid, deernis en vertroue leerbaar te wees en voortdurend te vra na die wil van ons Hoof.

## 7. WIE MOET ONS BLAMEER VIR DIE KERK SE FOUTE?

Politieke en geestelike leiers asook teoloë uit die geledere van die kerk het dikwels die regverdiging verskaf wat aan die ideologie en die praktyk van apartheid ’n skyn van aanvaarbaarheid gegee het. Die sinodes of vergaderinge van die kerk het deur besluitneming beslag gegee aan die heersende teologiese oortuigings en die aannames van daardie tyd. Die krag van die gesamentlike besluite ter ondersteuning van apartheid het uiteraard stukrag verleen aan die oortuigings van leiers en lidmate. Kerklike leiers het inderdaad ’n beduidende rol gespeel om indertyd die regering en ook lidmate te beïnvloed. Almal wat deel was van die kerk moet egter verantwoordelikheid aanvaar vir die impak van die kerk se deelname aan en onderskrywing van apartheid. In elke kring was lidmate immers verantwoordelik om getrou aan die evangelie geregtigheid na te jaag en met liefde en deernis op te tree. Almal moes kon onderskei dat daar diskriminasie plaasvind op alle vlakke van die samelewing wat nie versoenbaar is met die boodskap van die evangelie nie. Almal sou binne en buite die kerk kon protesteer teen die gevolge van hierdie ideologie. Die feit dat goeie bedoelinge dikwels as teenargument aangebied word, bied geen regverdiging en betaam nie die kerk nie. Almal moes op een of ander wyse bewus word daarvan dat apartheid, soos dit uitgespeel het in die lewe van mense in hulle onmiddellike omgewing, nie in terme van die evangelie regverdigbaar was nie. Daarom aanvaar die kerk in sy geheel verantwoordelikheid vir sy aandeel aan apartheid.

## 8. KAN ONS WEER FOUTE MAAK?

Die kerk bestaan uit sondige mense met beperkte perspektiewe op die waarheid. Ons sal daarom nooit gevrywaar wees teen dwaling en onbegrip nie. Die duur les wat ons geleer het met apartheid, maak ons egter nou deeglik sensitief en bewus van die feit dat ons

**8.1** die Bybel met ’n sosiale bril lees en binne ’n bepaalde konteks,
**8.2** die Skrif moet lees saam met ander kerke om ons bepekte insigte te verbreed,
**8.3** ’n luisterende kerk moet wees wat die Bybel lees saam met mense wat in ander omstandighede verkeer as diegene wat bevoorreg is, bv saam met armes, gestremdes, verontregdes,
**8.4** nie ander agendas as die koms en bou van die koninkryk van God in die kerk moet najaag nie,
**8.5** alle mense van gelyke waarde voor God moet ag,
**8.6** die kern van die evangelie nie moet verskraal tot persoonlike verlossing alleen nie, maar dit ook moet sien as ’n versoende lewe met al God se kinders in ’n ontaarde wêreld,
**8.7** baie moeite moet doen in ons kerklike vergaderings om die Skrif te bestudeer ten einde Christus se wil te onderskei.

## 9. DIE VERANTWOORDELIKHEID EN ROEPING VAN DIE KERK OM TE HELP HERSTEL

Ons is oortuig dat Jesus Christus, die Hoof van die kerk, van ons vra om in hierdie tyd in Suid-Afrika deel te neem aan die heling van ons land. Ons glo dat heling moet fokus op die eenheid van die kerk, versoening tussen mense en die najaag van geregtigheid vir al God se mense. Om dit te verwesenlik, sal baie gedoen moet word om die skade en ongelykhede van die verlede aan te spreek en te herstel. Ons glo egter dat die foute van die verlede en die kragtige boodskap van die evangelie ons oproep tot die vorming van nuwe gewoontes wanneer ons saam met mekaar en ander soek na sy wil.

Ons wil deur die bevordering van ’n verantwoordelike Skrifbeskouing en -hantering, sensitiwiteit vir die voortgesette nagevolge van apartheid, die najaag van geregtigheid sonder aansiens des persoons, die bevordering van ’n gesonde christelike mensbeskouing, en die bevordering van versoening en eenheid met ons susterskerke verdere beslag gee aan die heling van ons land. Ons is ook daartoe verbind om met ywer die nuwe lewe in Christus te verkondig as ’n lewe van geregtigheid vir alle mense. Ons sal dit biddend doen, dat Hy ons sal bewaar van dwaling en die najaag van enige ander belang as die koms van sy koninkryk.

## 10. BEMOEDIGING

Ons glo in die radikale vergifnis wat deur Christus se kruisdood bewerk is. Ons glo dat die bloed van Jesus sondaars reinig van alle ongeregtigheid, dat dit telkens oproep tot ’n nuwe lewe in Christus en dat dit die vrymoedigheid bied om opnuut ’n positiewe bydrae te lewer tot die wêreld waarin ons leef. Deur die krag van Christus se kruisdood en versoeningswerk leef die kerk daarom nie onder die wolk van skuldgevoelens oor die verlede nie, maar met ’n nederige vasberadenheid om gehoorsaam en diensbaar te wees aan die evangelie.

Ons roep dus elke gelowige op om saam met ons voortdurend die vergifnis van Jesus gelowig toe te eien en om Hom telkens met nuwe ywer en gehoorsaamheid te volg. Talle onder ons getuig van die vreugde daarvan om eenheid, versoening en geregtigheid na te jaag en te beoefen. Dit is ’n heerlike roeping. Waar hierdie roeping uitdrukking vind, word daar spontaan lof en eer aan die Here gebring.

Ons roep dus ook elke gelowige op om met oorgawe eienaarskap van hierdie roeping te aanvaar. Saam kan ons ’n nuwe gemeenskap bou van gelowiges wat in navolging van Christus oral aan mense in ons land en die wêreld hoop bied. As ons almal daagliks fyn geloofsonderskeiding beoefen, kan ons ’n groot bydrae lewer tot die heling van mense se lewens, tot versoening in verhoudings en tot die regverdige en waardige hantering van alle mense. Ons is opgewonde oor die rol wat die NG Kerk kan speel om die herstellende krag van die evangelie in Suid-Afrika en die wêreld te beliggaam en te demonstreer.

Ons bid, soos Paulus vir die gemeente van Filippi, ook vir ons kerk dat ons “liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling sodat ons die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees, deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot sy lof en eer.” (Fil 1:9-11)

**Christus is Here. In en deur Hom is daar nuwe lewe en hoop.**

# Bylaag 5
# Verslag van die taakspan vir funksionering van ringe en die herindeling van ringsgrense aan die Sinode van die Wes-en-Suid-Kaap
# Mei 2015

Hierdie voorlegging bestaan uit twee afdelings. Eerste die verslag oor die funksionering van ringe en dan die verslag oor die herindeling van ringsgrense.

## 1. FUNKSIONERING VAN RINGE

Daar is reeds vir 'n geruime tyd kommer dat ringe nie optimaal funksioneer nie. Die Moderamen het daarom 'n taakspan vir die bemagtiging van ringe getaak om die saak aan te spreek. Na 2011 se herstruktureringvoorstelle oor die funksionering van die ring het heelwat ringe nuwe energie gekry deur 'n nuwe werkwyse te volg. Tog was dit nie genoeg om volhoubare energie op ringsvlak te help nie. In 2013 is 'n verslag oor die bemagtiging van ringe aanvaar en deurgestuur aan ringe vir kommentaar. Die Taakspan het die kommentaar saam met die resultate van 'n fokusgroep navorsing oor die funksionering van ringe, en eksperimentering met ringbegeleiding van Communitas(2014), verwerk en aan die hand daarvan aanbevelings gemaak wat u in hierdie verslag vind. Die verslag is ook met die Taakspan Regte bespreek om die Kerkordelike implikasies van die voorstelle aan te spreek.

Uit die navorsing het die volgende geblyk:

**Negatief**
a. Ringe het in sommige gevalle verskraal tot die minimum "administratiewe" werk.
b. Min of geen leierskap word vanuit sommige ringe gegee.
c. Ringe het geen mag om gemeentes te help om verandering te bring nie.
d. Daar is in baie gevalle min energie om aan die bemagtiging van ringe te werk.
e. Leemtes in leierskapstruktuur veroorsaak dat ringe nie goed funksioneer nie.
f. Gemeentes het soveel sake wat energie gee en verg dat predikante soms nie energie vir rings- of kerkwerksaamhede het nie.

**Positief:**
a. Wanneer daar gedeelde fokus is, kom daar energie.
b. Ringe slaag daarin om positiewe verhoudings tussen predikante te fasiliteer. Predikantbyeenkomste is die deurlopende hoogtepunt.
c. Verbeeldingryke projekte skep energie.
d. Ringe moet 'n verlenging van die diensverskaffing van die Sinode word.
e. Sinode (en ringe) moet adviserend- koördinerend wees.
f. Die kerk is nie die struktuur met sy top leierskap nie, maar die lidmaat wat sy geloof ontdek.
g. Daar is heelwat ringe wat wel goed funksioneer.
h. Daar waar ringe op gemeentes gefokus is, is daar energie.

## 2. GRONDSLAG VIR DENKE OOR DIE RING

Na aanleiding van die Algemene Sinode se besluite, asook baie navorsing en gesprekke is besef dat ons nuwe energie nodig het op die volgende gebiede:

### 2.1 Missionale ekklesiologie
Daar is 'n groeiende konsensus dat die missionale aard en roeping van die kerk die fokus behoort te wees in die tyd waarin ons leef. Die Algemene Sinode het in 2013 'n beleidstuk aanvaar onder die titel: Raamwerkdokument Oor Die Missionale Aard En Roeping Van Die NG Kerk. (AS 2013 A.12.7) Hierdie beleidstuk bied nuwe geleenthede en verantwoordelikhede aan ringe om gemeentes te begelei en te transformeer na groter gestaltes van missionaliteit. In hierdie verslag word onder andere aanbevelings gemaak om ringe te bemagtig om hierdie verantwoordelikheid op te neem.

Dit vra onder andere 'n groter fokus op die ontwikkeling van 'n kontekstuele roeping vir die ring gesamentlik en die gemeentes afsonderlik. Gemeentes het mekaar se ondersteuning en aanmoediging hierin nodig. Gesaghebbende navorsing dui daarop dat gemeentes wat deel uitmaak van 'n aktiewe ondersteunende verband, veel groter kans het om sukses te behaal in die proses van missionale transformasie. Die Wes-en-Suid-Kaap Sinode van 2011 het reeds duidelik leiding gegee dat ringe ook nie meer ter wille van hulself moet bestaan nie, maar as gestuurdes van God in die wêreld moet funksioneer.

"Die kerk is sending en neem deel aan God se sending. Dit kan eenvoudig nie anders nie! Dit is presies hoekom die kerk bestaan – die kerk is geskep vir dié doel. Die sending van God mond uit in die sending van die kerk. Die kerk is die vrug van God se sending en bestaan daarvoor om deel te neem en diensbaar te wees aan die voortgang van daardie sending. Dit is die hart en wese van die kerk.
Ringe sal daarom veel meer as in die verlede gerig moet wees op die gemeenskap en nie op die kerklike dinamika in hulle gebied alleen nie. "Die Drie-enige God is dus die teenoorgestelde van 'n gemeenskap wat ter wille van sigself bestaan – van ewigheid af is God 'n heilige gemeenskap wat na buite gerig is. Daarom is Christelike sending die verkondiging van die koninkryk van die Vader om lewe in die liefde van die Seun met almal te deel en om getuies van die Gees te wees. So het die Alge-

mene Sinode (2007) dit ook gesien. In navolging van God is die kerk na buite gerig: "Die roeping van die kerk kan as gestuurdes van God omskryf word. Die kerk behoort in wese altyd op die wêreld gerig te wees en op pad na die wêreld te wees." (Raamwerkdokument par 4.4)

Ringe moet deurlopend oor hulle missionale roeping in ŉ bepaalde gebied nadink. Vanuit die gedeelde missionale roeping kan die ring en gemeentes in hulle gebied betrokke raak by die Missio Dei en sodoende aansluit by God se sending in hulle gebied. Vanuit hierdie nuwe fokus of roeping maak die ring afsprake en verbintenisse waaraan ringe en gemeentes mekaar onderling verantwoordbaar kan hou.

**2.2 ŉ Nuwe leierskap**

Een van die leemtes wat die navorsing uitgewys het, is dat daar baie leiers in die ringsgemeentes is, maar dat hulle nie bemagtig word om leiding te neem op ringsvlak nie. Die feit dat ringsleierskap in die meeste gevalle roteer, veroorsaak dat leiers nie verantwoordelikheid neem vir die werksaamhede van die ring nie. Navorsing het uitgewys dat leierskap in ringe sterker ondersteun moet word om weer energie aan ringswerksaamhede te gee.
Verder is dit ook duidelik dat daar in ŉ missionale kerk ruimte behoort te wees vir transformasie leierskap. Transformasie leierskap word soos volg deur die praktiese teoloog Richard Osmer gedefinieer:

"It is leading an organization through a process in which its identity, mission, culture and operating procedures are fundamentally altered. In a congregation this may involve changes in its worship, fellowship, outreach, and openness to new members who are different. It involves projecting a vision of what the congregation might become and mobilizing followers who are committed to this vision"

Die verslag maak aanbevelings vir die vestiging van ŉ meer deurlopende leierskapsmodel in ringe. Die model wat voorgestel word sal kommunikasie, verantwoordbaarheid en ondersteuning van gemeentes baie help.

**2.3 Herbesoek van die take van die ring.**

Dit is nodig dat ons die take van die ring weer herbesoek. Die Kerkorde artikel 29 tot 31 handel oor ringe:

*Artikel 29*
*As uitdrukking van die kerkverband en met die oog op behoorlike kerklike dissipline, word naburige gemeentes onderling gegroepeer tot ringe. Hierdie groepering van gemeentes word van tyd tot tyd deur die sinode gedoen. Die ring vergader een maal per jaar of soos deur die betrokke sinode bepaal.*

*Artikel 31*
*Tot die werksaamhede van die ring hoort:*
*31.1 kerkvisitasie;*
*31.2 die opsig oor die gemeentes, om toe te sien dat kerkrade en gemeentes hulle roeping nakom;*
*31.3 advies en hulp aan kerkrade;*
*31.4 die stigting van nuwe gemeentes of ontbinding van gemeentes op versoek van Kerkrade en die reëling van gemeentelike grense;*
*31.5 die behandeling van sake wat óf in eerste instansie óf op appèl voor die ringsvergadering gebring word;*
*31.6 die behartiging van die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die gemeentes binne die ring soos telkens deur die ring bepaal;*
*31.7 die opsig, tug en/of dissipline oor alle ouderlinge, diakens en bedienaars van die Woord, wat emeriti en proponente insluit, sonder om die opsig van die kerkraad oor sy ampsdraers uit te sluit (vergelyk Artikel 62.2 van die Kerkorde);*
*31.8 die aanwys van konsulente;*
*31.9 die toekenning van beperkte bevoegdheid op versoek van Kerkrade (vergelyk Artikel 48.3.5 van die Kerkorde).*

**2.3.1 Volgens Artikel 29 word twee kernaspekte van die ring uitgelig:**
Die doel van die ring word dan ook in die twee hoofkomponente verdeel.
**a. Uitdrukking van die kerkverband: (art 31.2; 31.3;31.4; 31.6 en 31.9)**
Gemeentes is nie losstaande eenhede wat niks met die ander te make het nie ŉ Gemeente is selfstandig, maar is eers ten volle kerk as dit in verband met ander naburige gemeentes in die ring en ander gemeentes in die sinode in verband staan. Hierdie uitdrukking van die kerkverband word in die take en funksionering verder bespreek. Gemeentes moet dus mekaar ondersteun, maar ook ŉ gesamentlike roeping in ŉ gegewe streek beoefen.
Hieronder sou die ontwikkeling van ŉ missionale roeping vir ringsgebied, begeleiding van gemeentes advies aan gemeentes, stigting van nuwe gemeentes, en skakeling met die gemeentes indiwidueel, asook die skakeling met die breë kerkverband by die sinode. Die kerkverband help om die familieband van die NG Kerk te bevestig.

**b. Kerklike dissipline (Art 31.1; 31.2; 31.7)**
Deel van die kerkverband is dat ons as gelowige en ook gemeentes mekaar moet kontroleer of ons nog in lyn is met God se pad wat hy met ons stap- soos ons in die gemeentes van Handelinge sien. Daarom is gemeentes medeverantwoordelik vir mekaar. Hulle moet mekaar help om kerk te wees. Daar moet dus in ringsverband opsig oor mekaar wees. Hieronder word visitasie, en opsig en tug oor ampte en sake wat in appèl voor ringe gebring word. Daar moet ook ŉ opvolg van die visitasie wees waar ringe na so proses begelei kan word.

**2.3.2 Die take van die ring word in Artikel 31 omskryf**

Artikel 31 omskryf die detail take van die ring. Dit is belangrik dat al die take uit 'n missionale oogpunt benader word. Dit beteken dat alle take ten doel moet hê om die ring 'n beweeglike vergadering en werksaamheid moet maak wat ten doel het om die koninkryk van die Here uit te brei. Die ring se taak is nie net om die struktuur aan die gang te hou nie, maar om gemeentes te help om die evangelie van Jesus Christus te verkondig.
Die take van die ring word in die reglement van die ring (van die Wes-en-Suid-Kaap se Reglementebundel uiteengesit).

## 3. NUWE PAD VIR RINGSFUNKSIONERING

Uit die navorsing soos in die inleiding omskryf is 'n paar sake uitgelig wat soms verhoed dat die ring nie na behore funksioneer soos in Artikel 29 bedoel word nie. Om ringe weer na bedoeling te laat funksioneer en nuwe energie te gee word die volgende aanbevelings gemaak.

### 3.1 Bemagtiging van Leierskap in Ringe

Een van die knelpunte wat in die navorsing, asook die ringe self uitgelig is, is die funksionering van leierskap in ringsverband. Die metode hoe leierskap soms in die ring hanteer word, het die gevolg dat die kerkverband se ondersteuning aan mekaar, asook die verantwoordbaarheid aan mekaar soms ondergewaardeer word. Ons is bevoorreg met baie leiers in die ringsopset, maar die wyse hoe ons leierskap op 'n roterende basis hanteer maak dat leiers ontmagtig word

Leierskap in die ring het die verantwoordelikheid om die ring te lei en te transformeer. Die ontwikkeling en bevordering van leierskap is belangrik, daarom moet ons leiers ontwikkel en hulle bemagtig om op plaaslike ringsvlak 'n verskil te maak. Daar moet leiers in die ringverkies word wat vir langer as een jaar leiding kan neem. Hierdie ringsleiers moet ook die ring by die moderamenvergaderings verteenwoordig terwyl hulle die ringsleierskap vorm. Dit is problematies dat die persone van die ringskommissie en die verteenwoordigers op die moderamen nie dieselfde persone is nie. Hulle moet toegerus en bemagtig word om die ringe te begelei om die take van die ring uit te oefen. Die ringsleiers moet gereeld by leierforum gesprekke bymekaar kom om saam oor gemeentes en ringe te praat. Die implikasie van bg. is dat die moderamenlede van die Ring nie meer 'n aantal losstaande indiwidue is nie, maar twee lede van 'n span wat vir vier jaar gaan saamwerk as deel van die ringskommissie.

Om hierdie leierskapfunksie te volvoer vra addisionele tyd en vir ringsleierskap sal 10 VBO-punte per jaar toegestaan word. Die ring kan ook begroot vir hulle onkoste.

Die taakspan maak die volgende aanbeveling oor die samestelling en taak van die ringskommissie (leierskap) van ringe:

#### 3.1.1 Samestelling van Ringskommissie

Die ringskommissie bestaan uit ten minste vier lede. Drie leiers word vir vier jaar tydens die sinode verkies en een lid word jaarliks tydens ringsitting verkies.
**a.** Tydens sinodesitting word ten minste die volgende drie lede van ringskommissie verkies:

- Sameroeper van Ringskommissie (Voorsitter): 'n Predikant wat ook die ring by moderamen vir vier jaar verteenwoordig
- Addisionele lid wat die predikante sekundus is by die moderamen
- Skriba

**b.** Tydens jaarliks ringsitting:
Elke jaar word een ten minste lid deur die ring op die ringskommissie verkies (met 'n sekundus). Elke jaarlikse ringsvergadering kies sy eie voorsitter.

#### 3.1.2 Take van die Ringskommissie

**a.** neem leiding in die vier jaar tussen die sinode in ringsgebied.
**b.** neem verantwoordelikheid vir een amptelike ringsbesoek(visitasie) in vier jaar in elke gemeente.(detail hiervan in par 3.2)
**c.** die voorsitter en die kerkraadslid (wat by moderamen aangewys word) verteenwoordig die ring by die moderamenvergaderings, asook die ringsleiersforum gesprekke.

#### 3.1.3 Ringsleiersforum

Die voorsitters van die ringskommissies en kerkraadslid wat namens ring op moderamen dien, kom twee keer per jaar as 'n gestruktureerde forum bymekaar – die aand voor die moderamenvergadering om gesprek te voer

- oor wat in gemeentes en ringe aan die gang is
- wat hulle hoor by lidmate
- en bedien die moderamen met voorstelle oor die ontwikkeling van leierskap in ringe en die begeleiding en ondersteuning van gemeentes.

Die Diensgroep vir Gemeentebegeleiding word getaak om toerusting oor ringsleierskap van ringe by die ringsleiersforum te doen.

### 3.2 Visitasie: Amptelike ringsbesoek

Die ringskommissie doen een maal in die vier jaar 'n amptelike besoek aan elke gemeente in die ring. So besoek word deur twee ringskommissie lede gedoen. Diensgroep Gemeentebegeleiding kan ook 'n lid stuur om die ringskommissie by te staan. Hulle doen hierdie amptelike besoek aan die hand van die kriteria van “Stand van Gemeentes” (onder ingesluit) en doen aan die ringskommissie, die ring en die betrokke kerkraad verslag.
Indien die ringskommissie so besluit, kan die besoek opgevolg word of daar kan 'n spesiale amptelike besoek aan gemeente gebring word indien die situasie dit vra. Hieroor word ook verslag aan die

ringskommissie, ring en kerkraad gedoen.

### 3.3 Tug en dissipline funksie van die Ring

Om die optimale funksionering van die ring se begeleidingsfunksie van gemeentes te bevorder word aanbeveel dat die ringskommissie nie betrokke is by die tug en dissipline taak van ringe nie. Dit sal verseker dat ringskommissies die versorging of ontwikkelingsake effektief hanteer. Elke ring vestig ŉ permanente ringsregskommissie naas die ringskommissie om tug en dissiplinesake te hanteer soos ons Reglemente reeds aandui. (Reglement 24.5 Wes-en-Suid-Kaap).

### 3.4 Vergaderings

Ringe moet ten minste een keer ŉ jaar bymekaar kom vir ŉ werksvergadering om

- te konstitueer
- ampsdraers te kies en kommissies aan te wys,
- na te dink oor die gesamentlike missionale roeping en werksaamhede
- amptelike verslae (visitasie verslag) te hanteer en ooreen te kom ten opsigte van die hulpe en begeleiding aan die gemeentes en ampsdraers
- voorstelle deur te gee aan ringsleiersforum of Sinode.

### 3.5 Kommissies van die ring

Ringe het die volgende permanente kommissies:

- Ringskommissie (Dagbestuur)
- Ringsregskommisie
- Ringsfinansiële kommissie
- Enige projekspan wat ring saamstel om die gesamentlike roeping uit te leef.

## 4. AANBEVELINGS

Die Sinode keur die voorgestelde wysiginge in die funksionering van ringe soos in 5-9 goed.
Die STR word versoek om die reglement met die oog op die sinodesitting te wysig.

## 5. HERINDEEL VAN DIE RINGSGRENSE

Motivering vir die verandering van ringsgrense.
Die moderamen het opdrag aan ŉ taakspan gegee om aan die herindeling van ringe aandag te gee.

* Die geografiese samestelling van gemeentes en ringe het die afgelope 20-30 jaar baie verskuif. Dit het die effektiwiteit en funksionering van ringe beïnvloed. Ringe kan nie te klein wees nie, maar ook nie te groot. Verder is ringe ook uniek in hulle eie konteks. Ringe moet so saamgestel word dat hulle aktief hulle roeping as gestuurde gemeenskap kan uitleef.
* Daar moet nou reeds pro-aktief opgetree word sodat gemeentes wat besig is om te verklein en die nuwe moontlikhede wat daaruit mag ontstaan in ag geneem word.
* Ringsgrense moet so ver moontlik gestruktureer word, dat samewerking met ooreenstemmende ringe van die VGKSA meer werkbaar is. Waar daar verskille is tussen die twee kerke se grense is die herindeling so gedoen dat dit met enkele verskuiwings reggestel kan word. Hierdie samestellings is in samewerking met die leierskap van die VGKSA gedoen. Die VGKSA se eie prosesse met ringsgrense is nog ook aan die gang. Die taakspan het van die begin af saam met die VGKSA vergader en konsensus bereik oor moontlike ring grensverskuiwings.

Die taakspan het drie geleenthede met die ringe gekonsulteer en hulle menings baie ernstig geneem. In die lig van bogenoemde het die taakspan vrymoedigheid om die volgende aanbevelings te doen.

Die volgende aanbevelings word gemaak:

## 6. AANBEVELINGS

| | Ring | NG Gemeente |
|---|---|---|
| 1 | **Ring van Namakwaland** | Alexanderbaai |
| | | Port Nolloth |
| | | Boesmanland |
| | | Simon van der Stel |
| | | Namakwaland |
| | | Aggeneys |
| | | Pofadder |
| | | Grootmist |
| | | Kamieskroon |
| | | Garies |

`

**6.1 Aanbeveling 1: Die Ring van Namakwaland se grense bly onveranderd.**

| | | |
|---|---|---|
| 2 | **Ring van Clanwilliam** | Van Rhynsdorp |
| | | Vredendal |
| | | Vredendal-Wes |
| | | Lutzville |
| | | Klawer |
| | | Lambertsbaai |
| | | Nuwerus |
| | | Graafwater |
| | | Clanwilliam |
| | | Leipoldtville |
| | | Citrusdal |
| | Voorheen Ring van Calvinia | Nieuwoudtville |
| | Voorheen Ring van Calvinia | Loeriesfontein |
| | Voorheen Ring van Calvinia | Calvinia |
| | Voorheen Ring van Calvinia | Calvinia-Hantam |

Die Ring van Calvinia is te klein om selfstandig te funksioneer. Sonder Sutherland is daar slegs vier gemeentes. Hoewel hulle met baie lang afstande werk, kan hulle nie meer as selfstandige ring voortbestaan nie. Die druk op hulle is te hoog.

**6.3 Aanbeveling 3: Die Ring van Calvinia en die Ring van Clanwilliam word een ring.**

| | | |
|---|---|---|
| 4 | **Ring van Vredenburg** | Laaiplek |
| | | Velddrif |
| | | St Helenabaai |
| | | Vredenburg |
| | | Vredenburg-Akkerdyk |
| | | Saldanha |
| | | Langebaan |

**6.4 Aanbeveling 4: Die Ring van Vredenburg se grense bly onveranderd.**

| | | |
|---|---|---|
| 5 | **Ring van Tulbagh** | Tulbagh |
| | | Wolseley |
| | | Ceres |
| | | Ceresvallei |
| | | Prince Alfred’s Hamlet |
| | | Op-die-Berg |
| | | Goudini |

**6.5 Aanbeveling 5: Die Ring van Tulbagh se grense bly onveranderd.**

| | | |
|---|---|---|
| 6 | **Ring van Paarl** | Agter-Paarl |
| | | Die Paarl |
| | | Drakenstein |
| | | Paarlberg |
| | | Paarl-Vallei |
| | | Suider-Paarl |
| | | Toringkerk |
| | | Simondium |

**6.6 Aanbeveling 6: Die Ring van Die Paarl se grense bly onveranderd.**

| | | |
|---|---|---|
| 7 | **Ring van Worcester** | Worcester |
| | | Worcester-Audenberg |
| | | Worcester-Brandwag |
| | | Worcester-De la Bat |
| | | Worcester-Noord |
| | | Worcester-Oos |
| | | Worcester-Vallei |
| | | Murray (De Doorns) |
| | | Touwsrivier |
| | | Laingsburg |
| | Voorheen van Ring van Calvinia | Sutherland |

**6.7 Aanbeveling 7: Sutherland word deel van die Ring van Worcester.**

| | | |
|---|---|---|
| 8 | **Ring van Kaap die Goeie Hoop** | Cape Peninsula |
| | | Drieankerbaai |
| | | Kaapstad |
| | | Observatory |
| | | Sonnekus |
| | | St Stephens |
| | | Tafelberg |
| | | Tamboerskloof |
| | | Ysterplaat |
| | | Ysterplaat-Suid |
| | Voorheen Koeberg | Bothasig |
| | Voorheen Koeberg | Die Gemeenskapskerk |
| | Voorheen Koeberg | Melkbosstrand |
| | Voorheen Koeberg | Tafelbaai |
| | Voorheen Koeberg | Bloubergstrand |

Die Ring van Kaap die Goeie Hoop se gemeentes se getalle en predikantsposte is besig om vinnig te verminder.

**6.8 Aanbeveling 8: Bloubergstrand, Melkbosstrand, Tafelbaai, Die Gemeenskapskerk en Bothasig word deel van die Ring van Kaap die Goeie Hoop.**

| | | |
|---|---|---|
| 9 | **Ring van Wynberg** | Constantia |
| | | Ottery |
| | | Pinelands |
| | | Plumstead |
| | | Rondebosch |
| | | Houtbaai |
| | | Simonstad |
| | | Vishoek |
| | | Wynberg |
| | | Zwaanswyk |
| | | Maitland |

**6.9 Aanbeveling: Die Ring van Wynberg se grense bly onveranderd.**

| | | |
|---|---|---|
| 10 | **Ring van Parow** | De Tyger |
| | | Oostersee |
| | | Parow |
| | | Parow-Noord |
| | | Parowvallei |
| | | Parowvallei-Oos |
| | Voorheen Koeberg | Monte Vista |
| | Voorheen Koeberg | Parow-Panorama |
| | Voorheen Koeberg | Parow-Welgelegen |
| | Voorheen Goodwood | Goodwood |
| | Voorheen Goodwood | Goodwoodpark |
| | Voorheen Goodwood | Ruyterwacht |
| | Voorheen Goodwood | Thornton |
| | Voorheen Goodwood | Vasco |
| | Voorheen Goodwood | Vrijzee |

In sowel Goodwood en Parow is daar gemeentes waar die lidmaattalle dramaties aan die daal is.

**6.10 Aanbeveling 10: Die Ringe van Parow en Goodwood word saamgevoeg in ring.**

| | | |
|---|---|---|
| 11 | **Ring van Durbanville** | Bellville-Uitsig |
| | | Durbanville-Bergsig |
| | | Kraaifontein |
| | | Kraaifontein-Noord |
| | | Parke |
| | | Sonstraal |
| | | Stellenberg |
| | | Durbanville |
| | Voorheen Koeberg | Philadelphia |

Die Kraaifontein-gemeentes is afhanklik van die ondersteuning van ander gemeentes.

**6.11 Aanbeveling 11: Philadelphia word deel van die Ring van Durbanville.**

| | | |
|---|---|---|
| 12 | **Ring van Bellville** | Bellville |
| | | Bellville-Noord |
| | | Bellville-Oos |
| | | Bellville-Riebeeck |
| | | Bellville-Vallei |
| | | Bellville-Wes |
| | | Vredelust |
| | | De la Bat |
| | | La Belle |
| | | La Rochelle |
| | **Voorheen Durbanville** | Welgemoed |
| | **Voorheen Durbanville** | Kenridge |

**6.12 Aanbeveling: Die gemeentes in Bellville word in een ring saamgevoeg.**

| | | |
|---|---|---|
| 13 | **Ring van Brackenfell** | Brackenfell |
| | | Brackenfell-Proteahoogte |
| | | Brackenfell-Wes |
| | | Heidekoppie |

Vanweë hulle grootte kan die Ring van Brackenfell nie so bly voortbestaan nie. Die Ring word versoek om voor Februarie 2016 in gesprek te tree met van die naburige ringe om moontlik by hulle in te skakel.

**6.13 Aanbeveling 13: Die Sinode gee toestemming dat die Ring van Brackenfell se situasie by die eer-ste moderamenvergadering van 2016 afgehandel kan word.**

| | | |
|---|---|---|
| 14 | **Ring van Kuilsrivier** | Kuilsrivier |
| | | Kuilsrivier-DeEike |
| | | Kuilsrivier-Digtebij |
| | | Kuilsrivier-Suid |

Vanweë die grootte van die Ring van Kuilsrivier moet daar na die samestelling van die ring gekyk word. Hulle moet voor Februarie 2016 in gesprek met van die naburige ringe gaan om moontlik by hulle in te skakel.

**6.14 Aanbeveling 14: Die Sinode gee toestemming dat die Ring van Kuilsrivier se situasie by die eerste moderamenvergadering van 2016 afgehandel kan word.**

| | | |
|---|---|---|
| 15 | **Ring van Stellenbosch** | Franschhoek |
| | | Stellenbosch |
| | | Stellenbosch-Noord |
| | | Stellenbosch-Sentraal |
| | | Stellenbosch-Welgelegen |
| | | Stellenbosch-Wes |

**6.15 Aanbeveling 15: Die Ring van Stellenbosch se grense bly onveranderd.**

| | | |
|---|---|---|
| 16 | **Ring van Somerset-Wes** | Die Strand |
| | | Gordonsbaai |
| | | Helderberg |
| | | Hottentots-Holland |
| | | Lourensrivier-Strand |
| | | Somerset-Wes |
| | | Strand-Noord |
| | | Suider-Strand |

**6.16 Aanbeveling 16: Die Ring van Somerset-Wes se grense bly onveranderd.**

| | | |
|---|---|---|
| 17 | **Ring van Caledon** | Bredasdorp |
| | | Caledon |
| | | Caledon-Wes |
| | | Gansbaai |
| | | Grabouw |
| | | Greyton |
| | | Hermanus |
| | | Kleinmond |
| | | Napier |
| | | Onrusrivier |
| | | Riviersonderend |
| | | Stanford |
| | | Suidpunt |
| | | Villiersdorp |

**6.17 Aanbeveling 17: Die Ring van Caledon se grense bly onveranderd.**

| | | |
|---|---|---|
| 18 | **Ring van Swellendam** | Ashton |
| | | Barrydale |
| | | McGregor |
| | | Montagu |
| | | Robertson |
| | | Robertson-Oos |
| | | Van der Merwe |
| | | Swellendam |
| | | Buffeljagsrivier |

**6.18 Aanbeveling 18: Die Ring van Swellendam se grense bly onveranderd.**

| | | |
|---|---|---|
| 19 | **Ring van Oudtshoorn** | Calitzdorp |
| | | Kangovalleie |
| | | Oudtshoorn |

| | | |
|---|---|---|
| | | Oudtshoorn-Noord |
| | | Oudtshoorn-Park |
| | | Oudtshoorn-Suid |
| | | Oudtshoorn-Welgeluk |
| | | Oudtshoorn-Wes |
| | | Volmoed |
| | | De Rust |
| | | De Hoop |

**6.19 Aanbeveling: Die Ring van Oudtshoorn se grense bly onveranderd.**

| | | |
|---|---|---|
| **20** | **Ring van Riversdal** | Vanwyksdorp |
| | | Heidelberg |
| | | Albertinia |
| | | Riversdal |
| | | Riversdal-Wes |
| | | Stilbaai |
| | | Ladismith |

**6.20 Aanbeveling: Die Ring van Riversdal se grense bly onveranderd**

| | | |
|---|---|---|
| **21** | **Ring van Mosselbaai** | Brandwacht |
| | | Danabaai |
| | | Groot-Brakrivier |
| | | Hartenbos |
| | | Herbertsdale |
| | | Mosselbaai |
| | | Mosselbaai-Suid |
| | | Reebok |

**6.21 Aanbeveling: Die Ring van Mosselbaai se grense bly onveranderd.**

| | | |
|---|---|---|
| **22** | **Ring van George** | George |
| | | George-Suid |
| | | George-Tuinedal |
| | | Blanco |
| | | Outeniqualand |
| | | Herold |
| | | Uniondale |

**6.22 Aanbeveling: Die Ring van George se grense bly onveranderd.**

| | | |
|---|---|---|
| 23 | **Ring van Knysna** | George-Bergsig |
| | | George-Denneoord |
| | | Die Vleie |
| | | Karatara |
| | | Knysna |
| | | Plettenbergbaai |

Die ringe van George en Knysna kan dit oorweeg om in die toekoms saam te smelt.

**6.23 Aanbeveling: Die Ring van Knysna se grense bly onveranderd.**

| | | |
|---|---|---|
| 24 | **Ring van Beaufort** | Richmond |
| | | Beaufort-Wes |
| | | Gamka-Oos |
| | | Gamka vallei |
| | | Victoria-Wes |
| | | Merweville |
| | | Fraserburg |
| | | Leeu-Gamka |
| | | Prins Albert |

**6.24 Aanbeveling 24: Die Ring van Beaufort se grense bly onveranderd.**

| | | |
|---|---|---|
| 25 | **Ring van Swartland** | Wellington |
| | | Wellington-Noord |
| | | Wellington-Oos |
| | | Riebeek-Wes |
| | | Riebeek-Kasteel |
| | | RiebeekValley CC |
| | | Darling |
| | | Swartland |
| | | Swartland-Noord |

**4.25 Aanbeveling 25: Die Ring van Swartland se grense bly onveranderd.**

**4.26 Aanbeveling 26: Die Sinode besluit dat ringe wat onveranderd gelaat is hulle name behou. Nuutsaamgestelde ringe besluit self oor hulle naam, anders sal die oudste gemeente in die ring se naam gebruik word.**

**4.27 Aanbeveling 27: Die Sinode besluit dat die nuwe ringe tydens die sinodesitting konstitueer en dat hulle dan hulle nuwe leiers en verteenwoordigers kies.**

**Aktuarius: Dr Quintus Heine**

# Bylaag 6
# Uitslag – Artikel 1 stemproses

Sewe kerkrade het besluit om buite stemming te bly. Hulle is met 'n * gemerk. Waar 'n kerkraad nie 'n finale besluit wou neem nie, is dit met 'n # gemerk. **129** gemeentes het met 'n tweederdemeerderheid ten gunste van Artikel 1 se wysiging gestem. Dit is **56,3**% (129/229) van die gemeentes. Die Algemene Sinode (dr Kobus Gerber) het reeds beslis dat 'n gemeente wat buite stemming gebly het, nie die betrokke sinode se getal gemeentes verminder nie. Die "Ja" stemme moet steeds as 'n persentasie van die totale getal gemeentes bereken word. Wes-en-Suid-Kaap se kerkrade het nie 'n tweederde meerderheid ten gunste van die wysiging van Artikel 1 behaal nie. Die 56,3% moet in konteks gesien word: Net **5,6%** (10 750) van die 192 737 belydende lidmate in Wes-en-Suid-Kaapland het "Nee" gestem. Die algehele stempersentasie was baie laag. Net **14,7%** (28 256) van die belydende lidmate het gestem. 38% van die wat gestem het, het "Nee" gestem en 62% "Ja".

| Nr | Gemeente | Lidmate | KR Ja | KR Nee | Verg | Stem-bus | Vir Art 1 | Teen Art 1 | 2/3? | Ja Art 1 | Nee Art 1 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Aggeneys | 120 | | X | | X | 2 | 34 | Nee | | X |
| 2 | Agter-Paarl | 620 | X | | | X | 86 | 8 | Ja | X | |
| 3 | Albertinia | 890 | X | | | X | 81 | 105 | Nee | | X |
| 4 | Alexanderbaai | 76 | X | | | X | 19 | 3 | Ja | X | |
| 5 | Ashton | 514 | | X | | X | 19 | 72 | Nee | | X |
| 6 | Aurora | 212 | | X | | | 0 | 90 | Nee | | X |
| 7 | Barrydale | 180 | X | | | X | 58 | 11 | Ja | X | |
| 8 | Beaufort-Wes | 547 | X | | | X | 48 | 24 | Ja | X | |
| 9 | Bellville | 390 | X | | | X | 49 | 38 | Nee | X | |
| 10 | Bellville-Noord | 310 | X | | | X | 77 | 16 | Ja | X | |
| 11 | Bellville-Oos | 563 | X | | X | | 33 | 6 | Ja | X | |
| 12 | Bellville-Riebeeck | 836 | X | | | X | 121 | 87 | Nee | X | |
| 13 | Bellville-Uitsig | 1289 | X | | | X | 77 | 14 | Ja | X | |
| 14 | Bellville-Vallei | 531 | X | | | X | 70 | 7 | Ja | X | |
| 15 | Bellville-Wes | 521 | X | | | X | 75 | 12 | Ja | X | |
| 16 | Blanco | 1083 | X | | | X | 61 | 13 | Ja | X | |
| 17 | Bloubergstrand | 2032 | X | | | X | 121 | 11 | Ja | X | |
| 18 | Boesmanland | 414 | X | | | X | 140 | 57 | Ja | X | |
| 19 | Bothasig | 989 | X | | | X | 93 | 8 | Ja | X | |
| 20 | Brackenfell | 1737 | X | | | X | 54 | 13 | Ja | X | |
| 21 | Brackenfell-Proteahoogte | 2085 | X | | | X | 78 | 14 | Ja | X | |
| 22 | Brackenfell-Wes | 1040 | X | | | X | 187 | 18 | Ja | X | |
| 23 | Brandwacht | 316 | | X | | X | 21 | 98 | Nee | | X |
| 24 | Bredasdorp | 1509 | X | | | X | 108 | 59 | Nee | | X |
| 25 | Buffeljagsrivier | 322 | X | | | X | 65 | 22 | Ja | X | |
| 26 | Caledon | 1338 | X | | | X | 198 | 45 | Ja | X | |
| 27 | Caledon-Wes | 682 | X | | | X | 75 | 64 | Nee | X | |
| 28 | Calitzdorp | 280 | X | | | X | 45 | 12 | Ja | X | |
| 29 | Calvinia | 368 | X | | | X | 87 | 32 | Ja | X | |
| 30 | Calvinia-Hantam | 473 | | X | | X | 7 | 55 | Nee | | X |
| 31 | CPRC | 80 | X | | X | | 30 | 1 | Ja | X | |
| 32 | Ceres | 664 | X | | | X | 113 | 121 | Nee | | |
| 33 | Ceresvallei | 799 | X | | X | | 132 | 28 | Ja | X | |
| 34 | Citrusdal | 1007 | X | | | X | 37 | 7 | Ja | X | |
| 35 | Clanwilliam | 812 | X | | | X | 38 | 135 | Nee | | X |
| 36 | Constantia | 170 | X | | X | | 39 | 23 | Nee | X | |

| Nr | Gemeente | Lidmate | KR Ja | KR Nee | Verg | Stem-bus | Vir Art 1 | Teen Art 1 | 2/3? | Ja Art 1 | Nee Art 1 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 37 | Danabaai | 683 | X | | | X | 88 | 182 | Nee | | X |
| 38 | Darling | 798 | X | | X | X | 69 | 31 | Ja | X | |
| 39 | De La Bat | 169 | X | | X | X | 42 | 12 | Ja | X | |
| 40 | De Rust | 278 | X | | | X | 70 | 40 | Nee | | X |
| 41 | De Tyger | 590 | X | | X | | 65 | 15 | Ja | X | |
| 42 | Die Gemeenskap-kerk * | 100 | | | | | | | | | |
| 43 | Die Paarl | 1408 | X | | | X | 349 | 35 | Ja | X | |
| 44 | Die Strand | 958 | X | | | X | 76 | 21 | Ja | X | |
| 45 | Die Vleie | 450 | X | | | X | 88 | 38 | Ja | X | |
| 46 | Drakenstein | 607 | X | | | X | 66 | 28 | Ja | X | |
| 47 | Drieankerbaai | 231 | X | | X | | 35 | 2 | Ja | X | |
| 48 | Durbanville | 2242 | X | | | X | 281 | 70 | Ja | X | |
| 49 | Durbanville-Bergsig | 3603 | X | | | X | 195 | 41 | Ja | X | |
| 50 | Eendekuil | 246 | X | | | X | 55 | 25 | Nee | | X |
| 51 | Franschhoek | 545 | X | | | X | 181 | 15 | Ja | X | |
| 52 | Fraserburg | 209 | | X | | X | 7 | 97 | Nee | | X |
| 53 | Gamka-Oos | 576 | X | | | X | 86 | 24 | Ja | X | |
| 54 | Gamkavallei | 185 | X | | | X | 33 | 0 | Ja | X | |
| 55 | Gansbaai | 2130 | X | | | X | 202 | 181 | Nee | | X |
| 56 | Garies | 313 | X | | | X | 39 | 159 | Nee | | X |
| 57 | George | 1188 | | X | | X | 25 | 185 | Nee | | X |
| 58 | George-Bergsig | 1746 | X | | | X | 55 | 52 | Nee | X | |
| 59 | George-Denneoord | 879 | X | | | X | 51 | 46 | Nee | X | |
| 60 | George-Suid | 857 | X | | | X | 98 | 50 | Nee | X | |
| 61 | George-Tuinedal | 618 | X | | | X | 75 | 15 | Ja | X | |
| 62 | Goodwood | 890 | X | | X | X | 83 | 21 | Ja | X | |
| 63 | Goodwoodpark | 1051 | X | | | X | 64 | 100 | Nee | | X |
| 64 | Gordonsbaai | 1943 | X | | | X | 193 | 48 | Ja | X | |
| 65 | Goudini | 892 | X | | | X | 123 | 51 | Ja | X | |
| 66 | Graafwater | 279 | | X | | X | 6 | 46 | Nee | | X |
| 67 | Grabouw | 582 | | X | | X | 34 | 49 | Nee | | X |
| 68 | Greyton | 140 | X | | | X | 15 | 0 | Ja | X | |
| 69 | Groot-Brakrivier | 1397 | X | | | X | 151 | 83 | Nee | | X |
| 70 | Grootmist | 73 | X | | | X | 18 | 7 | Ja | X | |
| 71 | Hartenbos | 2154 | | X | | X | 109 | 338 | Nee | | X |
| 72 | Heidekoppie | 3041 | X | | | X | 161 | 32 | Ja | X | |
| 73 | Heidelberg | 849 | X | | | X | 83 | 27 | Ja | X | |
| 74 | Helderberg | 4428 | X | | | X | 206 | 71 | Ja | X | |
| 75 | Herbertsdale | 144 | X | | | X | 24 | 18 | Nee | X | |
| 76 | Hermanus | 1678 | X | | | X | 113 | 142 | Nee | | X |
| 77 | Herold | 406 | | X | | X | 3 | 41 | Nee | | X |
| 78 | Hopefield | 375 | X | | | X | 60 | 40 | Nee | | X |
| 79 | Hottentots-Holland | 1285 | X | | | X | 120 | 24 | Ja | X | |
| 80 | Houtbaai | 142 | X | | | X | 44 | 3 | Ja | X | |
| 81 | Kaapstad | 504 | X | | | X | 77 | 16 | Ja | X | |
| 82 | Kamieskroon | 130 | | X | | X | 3 | 41 | Nee | | X |

| Nr | Gemeente | Lidmate | KR Ja | KR Nee | Verg | Stem-bus | Vir Art 1 | Teen Art 1 | 2/3? | Ja Art 1 | Nee Art 1 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 83 | Kangovalleie | 144 | X | | | X | 28 | 36 | Nee | | X |
| 84 | Karatara | 976 | | X | | X | 25 | 101 | Nee | | X |
| 85 | Kenridge | 3661 | X | | | X | 114 | 14 | Ja | X | |
| 86 | Klawer | 625 | X | | | X | 72 | 15 | Ja | X | |
| 87 | Kleinmond | 1674 | X | | | X | 236 | 102 | Ja | X | |
| 88 | Knysna | 1041 | X | | | X | 62 | 16 | Ja | X | |
| 89 | Koringberg | 170 | X | | X | | 72 | 15 | Ja | X | |
| 90 | Kraaifontein | 550 | X | | | X | 43 | 8 | Ja | X | |
| 91 | Kraaifontein-Noord | 883 | X | | X | | 84 | 22 | Ja | X | |
| 92 | Kuilsrivier | 872 | X | | | X | 74 | 60 | Nee | X | |
| 93 | Kuilsrivier-De Eike | 1446 | X | | | X | 188 | 54 | Ja | X | |
| 94 | Kuilsrivier-Digtebij | 439 | X | | | X | 50 | 13 | Ja | X | |
| 95 | Kuilsrivier-Suid | 3505 | X | | | X | 65 | 14 | Ja | X | |
| 96 | La Belle | 286 | X | | X | | 86 | 12 | Ja | X | |
| 97 | La Rochelle | 3444 | X | | | X | 263 | 87 | Ja | X | |
| 98 | Laaiplek | 352 | X | | | X | 71 | 8 | Ja | X | |
| 99 | Ladismith | 610 | X | | | X | 84 | 21 | Ja | X | |
| 100 | Laingsburg | 352 | X | | | X | 71 | 8 | Ja | X | |
| 101 | Lambertsbaai | 520 | X | | X | | 43 | 22 | Nee | X | |
| 102 | Langebaan | 1544 | | X | X | | 39 | 191 | Nee | | X |
| 103 | Leeu-Gamka | 69 | X | | | X | 26 | 9 | Ja | X | |
| 104 | Leipoldtville | 189 | | X | | X | 10 | 158 | Nee | | X |
| 105 | Loeriesfontein # | 298 | X | | | X | 59 | 40 | Nee | | |
| 106 | Lourensrivier-Strand * | 1835 | | | | | | | | | |
| 107 | Lutzville | 823 | | X | X | | 7 | 137 | Nee | | X |
| 108 | Maitland Gemeen-skapskerk * | 92 | | | | | | | | | |
| 109 | McGregor | 98 | X | | | X | 25 | 3 | Ja | X | |
| 110 | Melkbosstrand | 1675 | | X | | X | 39 | 96 | Nee | X | |
| 111 | Merweville | 132 | | X | | X | 10 | 67 | Nee | | X |
| 112 | Montagu | 1270 | X | | | X | 129 | 196 | Nee | | X |
| 113 | Monte Vista | 680 | | X | | X | 42 | 156 | Nee | | X |
| 114 | Moorreesburg | 1438 | | X | | X | 21 | 146 | Nee | | X |
| 115 | Mosselbaai | 2337 | X | | | X | 192 | 83 | Ja | X | |
| 116 | Mosselbaai-Suid | 1641 | X | | | X | 190 | 77 | Ja | X | |
| 117 | Murray | 853 | X | | | X | 68 | 13 | Ja | X | |
| 118 | Namakwaland (Springbok) | 437 | | X | | X | 19 | 136 | Nee | | X |
| 119 | Napier | 337 | | X | | X | 71 | 20 | Ja | X | |
| 120 | Nieuwoudtville | 172 | | X | | X | 0 | 44 | Nee | | X |
| 121 | Nuwerus | 256 | | X | | X | 24 | 83 | Nee | | X |
| 122 | Observatory | 36 | X | | X | | 11 | 0 | Ja | X | |
| 123 | Onrusrivier * | 1793 | | | | | | | | | |
| 124 | Oostersee | 760 | X | | | X | 97 | 19 | Ja | X | |
| 125 | Op-die-Berg | 224 | X | | | X | 51 | 11 | Ja | X | |
| 126 | Ottery | 89 | X | | | X | 23 | 17 | Nee | X | |
| 127 | Oudtshoorn | 734 | X | | | X | 61 | 50 | Nee | | X |

| Nr | Gemeente | Lidmate | KR Ja | KR Nee | Verg | Stem-bus | Vir Art 1 | Teen Art 1 | 2/3? | Ja Art 1 | Nee Art 1 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 128 | Oudtshoorn-Noord | 643 | | X | | X | 32 | 39 | Nee | | X |
| 129 | Oudtshoorn-Park | 719 | | X | | X | 57 | 189 | Nee | | X |
| 130 | Oudtshoorn-Suid | 333 | | X | | X | 3 | 128 | Nee | | X |
| 131 | Oudtshoorn-Welgeluk | 705 | | | | X | 39 | 214 | Nee | | X |
| 132 | Oudtshoorn-Wes | 866 | X | | X | X | 141 | 79 | Nee | | X |
| 133 | Outeniqualand | 440 | | X | | X | 50 | 95 | Nee | | X |
| 134 | Paarlberg | 2423 | X | | | X | 94 | 34 | Ja | X | |
| 135 | Paarl-Vallei | 1020 | X | | | X | 115 | 5 | Ja | X | |
| 136 | Parke-gemeente | 2922 | X | | | X | 30 | 10 | Ja | X | |
| 137 | Parow | 2045 | X | | | X | 61 | 28 | Nee | | X |
| 138 | Parow-Noord | 459 | X | | | X | 42 | 25 | Nee | | |
| 139 | Parow-Panorama | 1396 | X | | | X | 30 | 78 | Nee | | X |
| 140 | Parowvallei | 194 | X | | X | | 18 | 1 | Ja | X | |
| 141 | Parowvallei-Oos | 356 | X | | | X | 71 | 1 | Ja | X | |
| 142 | Parow-Welgelegen | 1538 | X | | | X | 70 | 10 | Ja | X | |
| 143 | Philadelphia | 255 | X | | | X | 62 | 61 | Nee | | X |
| 144 | Piketberg | 1185 | X | | | X | 99 | 70 | Nee | X | |
| 145 | Pinelands * | 232 | | | | | | | | | |
| 146 | Plettenbergbaai | 850 | X | | | X | 136 | 26 | Ja | X | |
| 147 | Plumstead | 304 | X | | | X | 78 | 29 | Ja | X | |
| 148 | Pofadder | 323 | | X | | X | 4 | 105 | Nee | | X |
| 149 | Port Nolloth | 191 | | X | | X | 4 | 51 | Nee | | X |
| 150 | Porterville | 1296 | | X | | X | 65 | 200 | Nee | | X |
| 151 | Prince Alfred's Hamlet | 728 | X | | | X | 153 | 36 | Ja | X | |
| 152 | Prins Albert | 391 | | X | | X | 4 | 111 | Nee | | X |
| 153 | Redelinghuys | 205 | X | | | X | 66 | 35 | Nee | | X |
| 154 | Reebok | 1084 | X | | | X | 140 | 177 | Nee | | X |
| 155 | Richmond | 143 | X | | | X | 55 | 30 | Nee | | X |
| 156 | Riebeek-Kasteel | 481 | X | | | X | 53 | 26 | Ja | X | |
| 157 | Riebeek Valley * | | | | | | | | | | |
| 158 | Riebeek-Wes | 251 | | X | | X | 23 | 47 | Nee | | X |
| 159 | Riversdal | 814 | | X | | X | 3 | 162 | Nee | | X |
| 160 | Riversdal-Wes | 550 | X | | | X | 125 | 85 | Nee | | X |
| 161 | Riviersonderend | 417 | X | | | X | 28 | 35 | Nee | | X |
| 162 | Robertson | 834 | X | | | X | 61 | 31 | Nee | X | |
| 163 | Robertson-Oos | 1151 | X | | | X | 105 | 29 | Ja | X | |
| 164 | Rondebosch | 197 | X | | X | | 68 | 7 | Ja | X | |
| 165 | Ruyterwacht | 582 | X | | | X | 73 | 0 | Ja | X | |
| 166 | Saldanha | 1103 | X | | | X | 34 | 38 | Nee | | X |
| 167 | Simon van der Stel | 96 | | X | | X | 1 | 49 | Nee | | X |
| 168 | Simondium | 130 | X | | | X | 17 | 2 | Ja | X | |
| 169 | Simonstad | 81 | X | | X | | 35 | 0 | Ja | X | |
| 170 | Somerset-Wes | 547 | X | | | X | 27 | 8 | Ja | X | |
| 171 | Sonnekus | 381 | X | | | X | 108 | 7 | Ja | X | |
| 172 | Sonstraal | 3440 | X | | | X | 317 | 115 | Ja | X | |

| Nr | Gemeente | Lidmate | KR Ja | KR Nee | Verg | Stem-bus | Vir Art 1 | Teen Art 1 | 2/3? | Ja Art 1 | Nee Art 1 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 173 | St Helenabaai | 423 | X | | X | | 85 | 23 | Ja | X | |
| 174 | St Stephen's | 469 | X | | X | | 37 | 0 | Ja | X | |
| 175 | Stanford | 166 | X | | | X | 43 | 0 | Ja | X | |
| 176 | Stellenberg | 4181 | X | | | X | 530 | 73 | Ja | X | |
| 177 | Stellenbosch | 2381 | X | | | X | 122 | 21 | Ja | X | |
| 178 | Stellenbosch-Noord | 224 | X | | | X | 63 | 9 | Ja | X | |
| 179 | Stellenbosch-Sentraal | 270 | X | | | X | 51 | 7 | Ja | X | |
| 180 | Stellenbosch-Welgelegen | 1398 | X | | | X | 169 | 14 | Ja | X | |
| 181 | Stellenbosch-Wes | 647 | X | | | X | 93 | 6 | Ja | X | |
| 182 | Stilbaai | 1644 | X | | | X | 146 | 47 | Ja | X | |
| 183 | Strand-Noord | 1832 | X | | | X | 115 | 95 | Nee | X | |
| 184 | Suider-Paarl | 1400 | X | | | X | 111 | 22 | Ja | X | |
| 185 | Suider-Strand | 1884 | X | | | X | 215 | 107 | Ja | X | |
| 186 | Suidpunt | 869 | X | | | X | 92 | 30 | Ja | X | |
| 187 | Sutherland | 356 | | X | X | | 10 | 82 | Nee | | X |
| 188 | Swartland | 1550 | X | | | X | 35 | 27 | Nee | | X |
| 189 | Swartland-Noord | 1347 | X | | | X | 28 | 29 | Nee | | X |
| 190 | Swellendam | 1184 | X | | | X | 144 | 65 | Ja | X | |
| 191 | Table View | 529 | X | | | X | 35 | 0 | Ja | X | |
| 192 | Tafelberg | 111 | X | | | X | 35 | 23 | Nee | | X |
| 193 | Tamboerskloof | 304 | X | | | X | 31 | 19 | Nee | | X |
| 194 | Thornton | 163 | X | | | X | 24 | 12 | Ja | X | |
| 195 | Toringkerk | 1112 | X | | | X | 87 | 18 | Ja | X | |
| 196 | Touwsrivier | 232 | X | | X | | 30 | 2 | Ja | X | |
| 197 | Tulbagh | 511 | X | | | X | 82 | 9 | Ja | X | |
| 198 | Uniondale | 297 | | X | | X | 11 | 48 | Nee | | X |
| 199 | Vandermerwe | 894 | X | | X | | 172 | 50 | Ja | X | |
| 200 | Vanrhynsdorp | 525 | | X | X | | 24 | 192 | Nee | | X |
| 201 | Vanwyksdorp | 68 | X | | | X | 13 | 3 | Ja | X | |
| 202 | Vasco | 490 | X | | | X | 35 | 29 | Nee | | X |
| 203 | Velddrif | 929 | | X | | X | 19 | 69 | Nee | | X |
| 204 | Victoria-Wes | 377 | X | | | X | 85 | 55 | Nee | | X |
| 205 | Villiersdorp | 650 | X | | | X | 206 | 19 | Ja | X | |
| 206 | Vishoek | 705 | X | | | X | 97 | 37 | Ja | X | |
| 207 | Volmoed | 75 | X | | X | | 22 | 22 | Nee | | X |
| 208 | Vredelust | 3789 | X | | | X | 163 | 2 | Ja | X | |
| 209 | Vredenburg | 1245 | X | | | X | 84 | 104 | Nee | | X |
| 210 | Vredenburg-Akkerdyk | 856 | X | | | X | 40 | 36 | Nee | X | |
| 211 | Vredendal | 1243 | X | | X | | 156 | 68 | Ja | X | |
| 212 | Vredendal-Wes | 722 | X | | | X | 71 | 17 | Ja | X | |
| 213 | Vrijzee | 571 | X | | | X | 41 | 2 | Ja | X | |
| 214 | Welgemoed | 1317 | X | | | X | 229 | 28 | Ja | X | |
| 215 | Wellington | 1560 | X | | | X | 224 | 28 | Ja | X | |
| 216 | Wellington-Noord * | 879 | | | | | | | | | |
| 217 | Wellington-Oos | 1408 | X | | | X | 185 | 58 | Ja | X | |

| Nr | Gemeente | Lidmate | KR Ja | KR Nee | Verg | Stem-bus | Vir Art 1 | Teen Art 1 | 2/3? | Ja Art 1 | Nee Art 1 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 218 | Wolseley | 656 | X | | | X | 80 | 60 | Nee | X | |
| 219 | Worcester | 919 | X | | | X | 63 | 17 | Ja | X | |
| 220 | Worcester-Audenberg | 986 | X | | | X | 136 | 42 | Ja | X | |
| 221 | Worcester-Brandwag | 1413 | X | | | X | 117 | 35 | Ja | X | |
| 222 | Worcester-De La Bat | 270 | X | | | X | 56 | 4 | Ja | X | |
| 223 | Worcester-Noord | 1330 | X | | | X | 108 | 43 | Ja | X | |
| 224 | Worcester-Oos | 712 | X | | | X | 77 | 60 | Nee | X | |
| 225 | Worcester-Vallei | 1141 | X | | | X | 192 | 50 | Ja | X | |
| 226 | Wynberg | 209 | X | | X | | 41 | 2 | Ja | X | |
| 227 | Ysterplaat | 123 | X | | X | | 9 | 11 | Nee | | X |
| 228 | Ysterplaat-Suid | 71 | X | | X | | 9 | 0 | Ja | X | |
| 229 | Zwaanswyk | 157 | X | | | X | 21 | 6 | Ja | X | |

Gemeentes het soms aangedui dat hulle beide ’n stembus en ’n gemeentevergadering gehad het. Dit is dan aangeteken as ’n “stembus” metode. In enkele gevalle het die Kerkraad in die aanvanklike aanbeveling of ’n staking van stemme gehad of hulle wou nie ’n besluit neem nie. Aangesien die “positiewe” stembrief wel vir die gemeente gegee is, is die kerkraad se aanbeveling as “Ja” gemerk.

Die tweederdemeerdheidkolom lei tot baie verwarring. Slegs waar ’n gemeente se lidmate én die kerkraad met ’n tweederdemeerdheid “Ja” gestem het vir die wysiging van Artikel 1, word daar ’n “Ja” in die tweederdemeerdheidkolom aangedui. Waar die gemeente met ’n tweederdemeerdheid “Ja” gestem het, maar die kerkraad (in die finale stemming) “Nee”, is die gemeente se “Ja” in die tweederdemeerdheidkolom na “Nee” gewysig. Heelwat gemeentes het met ’n tweederdemeerdheid “Nee” gestem. Dit word as ’n “Nee” aangedui in die tweederdemeerdheidkolom.

# 1. DIENSGROEP VIR ARMOEDE EN SORG
## 1.1 Armoede en Sorg

Bediening vir Armoede en Sorg
Inkonzo yenceba nokulwa nendlala

## 1. INLEIDING

Die Diensgroep vir Armoede en Sorg (A&S) is in die lewe geroep by die Sinode van 1915. Die Diensgroep vir Armoede en Sorg is dus vanjaar amptelik 100 jaar oud. Daar is eenstemmigheid dat armoede en werkloosheid steeds die dringendste sosiale uitdaging in Suid-Afrika is. Daarom is die opdrag van die Diensgroep vir Armoede en Sorg om gemeentes te ondersteun, te energeer en te bemagtig om diakonaat prakties so te beoefen dat hulle meehelp om armoede sistemies te beveg saam met alle ander vennote.

In die sistemiese stryd teen armoede en die bediening aan hul gemeenskappe word gemeentes aangemoedig om meer te doen as slegs "*handouts*" te gee, maar te vorder na 'n ontwikkelingsgerigte bediening wat mense en gemeenskappe help transformeer. In plaaslike gemeenskappe moet VGKSA- en NGK-gemeentes hande vat om sosiale nood in hul gemeenskappe aan te spreek.

In die afgelope jaar was daar ernstige nadenke oor die funksionering en rol van die Diensgroep vir Armoede en Sorg. Die redes daarvoor is die skerp fokus op die sosiale problematiek rondom armoede en die verwagting dat die kerk sistemies in die stryd teen armoede betrokke moet raak.

In die afgelope agt jaar was daar in die NGK slegs 'n 50% PSD-pos in die Diensgroep vir Armoede en Sorg, wat die beplanning en uitvoering of implementering van enige strategiese aksies in die NGK ernstig gekortwiek het. Daar was wel twee voltydse hospitaalleraars. Die situasie is die afgelope twaalf maande as volg verander deur die Moderamen:

**1.1** Die Moderamen van die NGK het 'n voltydse PSD vir Armoede en Sorg aangestel.
**1.2** Die VGKSA is besig met 'n proses om hul 50% PSD-pos om te skakel in 'n voltydse PSD-pos vir Armoede en Sorg.
**1.3** Die twee hospitaalleraarposte word afgeskaf teen einde 2016 en die twee hospitaalleraars is tans besig om 'n pastorale versorgingsnetwerk en 'n hospitaal bedieningsnetwerk te ontwikkel.

## 2. OPDRAG

### 2.1 Visie van die Sinodale Koördineringspan (SKS)

*"Die SKS ondersteun gemeentes as gestuurdes van Jesus om regverdige en genesende gemeenskappe te word."* Die Diensgroep vir Armoede en Sorg ondersteun die roeping van die Wes-en-Suid-Kaapland Sinode waarop die visie van SKS berus en belyn sy taak, opdrag en doelwitte met die Sinode se roeping en SKS se visie.

### 2.2 Spesifieke Taak en Opdrag van die Diensgroep

Die reglement omskryf die doel van die Diensgroep vir Armoede en Sorg as volg: "Die Diensgroep vir Armoede en Sorg tree op as 'n eenheid om gemeentediakonaat te bevorder. Badisa is 'n integrale deel van die kerk se diakonaat en dit is A&S se verantwoordelikheid om dit te bevorder."

Die Diensgroep vir Armoede en Sorg is verbind daartoe om strategiese planne te ontwikkel en in werking te stel om gemeentes en ringe daadwerklik by te staan in die sistemiese stryd teen armoede en die pastorale versorging van mense in ons gemeenskappe.

## 3. WERKSAAMHEDE

### 3.1 Verhouding met Badisa

Badisa is in 2003 gestig as 'n eenheids-barmhartigheidsbediening tussen die NGK en die VGKSA. Met verloop van tyd het die onsekerheid en spanning tussen kerkleiers sowel as 'n ongemak oor die uiteenlopende perspektiewe van professionele maatskaplike werkers en teoloë die samewerking tussen die kerk en Badisa in die wiele gery.

Die Diensgroep vir Armoede en Sorg is bewus van die sensitiwiteite en het 'n duidelike openbare standpunt dat die soort sensitiwiteit en gebrek aan vertroue gouer eerder as later oorkom moet word sodat ons 'n effektiewe vennootskap kan vorm wat 'n daadwerklike verskil maak in ons ondersteuning van gemeentes en die arm gemeenskappe wat bedien moet word.

Die Moderamen (NGK) het in Februarie 2014 sekere besluite (Besluit MN14/37, MN14/38, MN14/46 EN MN14/47) geneem met die oog daarop dat die Diensgroep vir Armoede en Sorg en Badisa nouer saamwerk om gemeentes te ondersteun ten opsigte van hul diakonale taak/roeping en SISTEMIESE intervensies ten aansien van armoede en nood. Na aanleiding van hierdie besluite het intensiewe gesprekke tussen die kerkleierskap, A&S en Badisa plaasgevind.

Die konsensus van die gesprekke tussen die Diensgroep vir Armoede en Sorg en Badisa is:

**a.** Die Diensgroep vir Armoede en Sorg en Badisa is deel van die kerk se diakonaat en moet daarom ’n gedeelde visie ten opsigte van barmhartigheid ontwikkel. Die werk van Badisa moet nie gesien word as bloot institusioneel of statutêr nie, maar as die uitvoering van die kerk se barmhartigheid in die wêreld.

**b.** Die Diensgroep vir Armoede en Sorg erken Badisa is die kerke se voertuig om praktiese barmhartigheid te bewys deur ’n omvangryke verskeidenheid van dienste aan mense in nood. Die Diensgroep vir Armoede en Sorg ondersteun Badisa en is die twee kerke se skakel met Badisa.

In verskeie strategiese gesprekke tussen Badisa en die Diensgroep vir Armoede en Sorg is op die volgende ooreengekom:

### 3.1.1 Rol van die Diensgroep vir Armoede en Sorg

**a.** Ontwikkel en bevorder gemeentediakonaat met die oog op die sistemiese bestryding en uitwissing van armoede en maatskaplike ongeregtigheid.

**b.** Ontwikkel en bevorder die verhoudings tussen VGKSA en NGK gemeentes, ringe en Badisa-programme met die doel om sinergie te skep en saam armoede en maatskaplike ongeregtigheid aan te spreek.

**c.** Ontgin hulpbronne, bou netwerke en motiveer gemeentes om betrokke te wees in die stryd teen armoede en maatskaplike ongeregtigheid in hul gemeenskap.

**d.** Fasiliteer die implementering van die gesamentlike strategie.

### 3.1.2 Rol van Badisa

**a.** Konsultasie en advies ten opsigte van programme, projekte, prosesbeplanning en implementering van die projekte. Riglyne ten opsigte van statutêre vereistes, bv registrasie van dagsorgsentrums.

**b.** Professionele, vakkundige dienste wat kan insluit: Direkte maatskaplikewerk dienslewering binne gemeente- en ringsverband; koördinering van dienste, bestuur van projekte en ondersteuning aan gemeentes.

**c.** Voorsien, indien nodig en indien dienste sodanig ontwikkel, ’n statutêre en organisatoriese raamwerk vir dienslewering. Gemeente programme kan deel word van die Badisa-struktuur en die voordele soos die NPO en Openbare Weldaad en ander statutêre registrasies kry.

**d.** Projekte word deur gemeentes op plaaslike vlak geïmplementeer. Badisa en A&S ontwikkel die nodige strukture en ondersteun met hulpbron voorsiening sover moontlik.

Aangesien die sistemiese stryd teen armoede wydlopend is, kan die Diensgroep vir Armoede en Sorg nie net met Badisa in vennootskap wees nie en sal vennootskappe met talle ander rolspelers ook ontwikkel word. Vennote met verskillende fokusareas, bronne en kennis. Die verhouding tussen die Diensgroep vir Armoede en Sorg en Badisa is in ’n ontwikkelingspad. Suksesse wat reeds behaal is, is die besluit om met ons beperkte bronne te fokus op Vroeë Kinderontwikkeling. Dit is ook een van die hooffokusse van die NGK Algemene Sinode. Die Diensgroep vir Armoede en Sorg en Badisa se gesamentlike fokus is dus om gemeentes te ondersteun om betrokke te raak by Vroeë Kinderontwikkeling. Tans word 1 700 kinders bereik deur Badisa-programme. Die Diensgroep vir Armoede en Sorg se doelwit is om 10 000 kinders te bereik.

## 3.2 Taakspanne

Die Diensgroep vir Armoede en Sorg het drie taakspanne:

### 3.2.1 MIV en vigs

In samewerking met CABSA is liturgiese materiaal en preekstof vir Wêreldvigsdag (1 Des) en Vigsherdenking-Sondag (die derde Sondag in Mei) jaarliks voorberei. Die kerke se Vigsverklarings (Bylaag 1) is in September 2013 hersien en saamgevoeg. Dit weerspieël resente vrae oor die gemeenskap se moraliteit en houding oor geslag, waardes en klas. Die taakspan streef daarna om gemeentes te help om vigs-vriendelike gemeentes te wees.

### 3.2.2 Ekologie

**Visie**

Ons kweek om Jesus wil aardversorgers.

**Missie**

Ons wil lidmate, gemeentes en gemeenskappe met betrekking tot God en sy skepping bystaan en aanmoedig om holisties* verantwoordelik te dink, bid en dienend te leef. (*Holisties = Heilig en omvattend.)

Die taakgroep fokus op vier areas:

- Om relevante inligting aan die gemeentes te versprei oor die ekologiese uitdagings wat die lewe bedreig;

- Om ’n ekologie waardestelsel te ontwerp om lidmate/gemeentes te help om hulle gedrag positief te verander ten opsigte van die ekologie;
- Om netwerke te skep en te onderhou;
- Om ’n spiritualiteit te ontwikkel wat ’n eko-vriendelike lewenstyl bevorder en onderhou.

**Werksaamhede van die taakspan:**
**Eko-hulpbronne**
Die taakspan verskaf graag aan elke sinodeganger ’n CD met ’n verskeidenheid hulpbronne vir prediking, jeug en Sondagskool met ’n ekologiese fokus. Die materiaal word met toestemming van A Rocha, Southern African Faith Communities’ Environment Institute (SAFCEI) en die Anglikaanse Kerk gebruik.
**Skaliegasontginning**
Insette is gelewer tot die NG Kerk-familie se sterk kommentaar op die staat se beplande skaliegasontginning (fracking).
**Eko-vriendelike kerkvergaderings**
Die sinodes en kerkvergaderings is versoek om ekologies vriendeliker te wees deur “groen” te beplan, ’n kleiner koolstofvoetspoor te laat en hulpbronne te bespaar, te herwin en te hersirkuleer.
**Omgewingsdae**
Gemeentes word gereeld herinner om nasionale en internasionale dae te vier wat fokus op die omgewing.
**Pinkster 2015**
Die taakspan is ’n medewerker van Pinkster 2015, waarvan die tema *Die aarde behoort aan die Here* is.
**Videokompetisie**
Die taakspan rond op die oomblik ’n videokompetisie vir die jeug, Green4Christ, af. Dit sluit aan by die Pinkster-tema, *Die aarde behoort aan die Here*. Gemeentes word versoek om die inskrywings van die jeug vanjaar tydens Pinksterdienste te vertoon.

**VGKSA-sinodebesluite**
**a.** Die VGKSA-sinode van 2014 het waardering uitgespreek vir die 2012 Memorandum van Verstandhouding tussen die NGK en VGKSA met spesifieke verwysing na art 5.1.2, waar die volgende bely word: *“We believe that restorative justice is a Biblical imperative that restores life in its fullness. It restores imbalances of the past and imbalances in God's creation and glorifies God through our restored unity and reconciliation. (5.1.2)”* In die lig hiervan is die ekologie taakspan aangemoedig om met die taakspan vir die Seisoen van Menswaardigheid saam te werk om te verseker dat herstellende geregtigheid vir die skepping en nie slegs menswaardigheid in die fokus kom nie.
**b. Eko-gemeentes:** Na aanleiding van die WWF se *Living Planet* verslag van 2012 oor die stand van biodiversiteit en waar gesê word dat biodiversiteit tussen 1970 en 2008 wêreldwyd met 30% afgeneem en dat die behoefte aan natuurlike hulpbronne sedert 1966 verdubbel het, is gemeentes enersyds opgeroep om ons aandeel te bely, maar lidmate andersyds opgeroep om volhoubare lewenstyle aan te neem en gemeentes om eko-gemeentes te word.

### 3.2.3 Pastorale Sorg
Die NGK is die afgelope twee jaar besig om die hospitaal- en kliniese pastoraat te herstruktureer.

Die volgende is besluit:
**a.** Hospitaalpastoraat is in die proses om in samewerking met Hospivision ekumenies aangepak te word. ’n Strategiese proses word ontwikkel wat moet uitloop op ondersteuning van gemeentes in die versorging van lidmate in verskillende hospitale binne die sinodale gebied deur ’n sisteem en netwerk van opgeleide hulpwerkers.
**b.** ’n Kliniese pastorale netwerk word ontwikkel tussen gemeentes. ’n Sisteem word ontwikkel waar lidmate met pastorale nood verwys kan word na toepaslike instansies of professionele persone. Toegang tot hierdie dienste sal met toepaslike inligting en skakels bereikbaar wees op die diensgroep se webtuiste.

## 4. PRIORITEITE EN FONDSBESTEDING

**4.1** Die prioriteite van die Diensgroep vir Armoede en Sorg is die volgende:
**a.** Die ontwikkeling van vennootskappe oor ’n wye front.
**b.** Die bemagtiging en ondersteuning van inisiatiewe van gemeentes en ringe.
**c.** Baie noue samewerking met die kerk se barmhartigheids-diensarm, Badisa.
**d.** Ontwikkeling van ’n netwerk vir hospitaal- en pastorale versorging.
**e.** ’n Skerp fokus op Vroeë Kinderontwikkeling.

Die Diensgroep vir Armoede en Sorg se doel is om bestuursprosesse en ondersteuning-strukture te ontwikkel sodat ons in staat is om effektief 10 000 voorskoolse kinders te bereik en 1 000 vroue op te lei om betrokke te wees by Vroeë Kinderontwikkeling.

Om hierdie doel te bereik het ons nodig om 100 gemeentes as vennote te ontwikkel, hulle by Vroeë Kinderontwikkeling betrokke te kry om elk 10 vroue te laat oplei en 100 nul tot ses-jarige kinders in hul gemeenskap te bereik! Op die oomblik bereik ons ongeveer 1 700 kinders tussen twee en vier jaar deur Badisa se 22 kleuterskole. Badisa het reeds sowat 80 vroue opgelei om met kinders te werk.

### 4.2 Fondse
#### 4.2.1 Diskresionêre fondse
Die Diensgroep is verbind daaraan om jaarliks R1 miljoen beskikbaar te stel vir Vroeë Kinderontwikkelingsinisiatiewe. Die Diensgroep is verder daaraan verbind om vennootskappe te ontgin om verdere fondse te genereer en beskikbaar te stel vir gemeentes om Vroeë Kinderontwikkelingsinisiatiewe te bevorder. Gemeentes word uitgenooi om in vennootskap met die Diensgroep vir Armoede en Sorg te tree ten einde die doel van 10 000 kinders te bereik.
#### 4.2.2 Nie-diskresionêre fondse

**4.2.2.1 Rampfonds**
Die Diensgroep vir Armoede en Sorg beskik oor ’n rampfonds waaruit jaarliks ’n bedrag beskikbaar raak. Enige gemeente wat betrokke is by hulpverlening in ’n rampsituasie, kan die Diensgroep vir Armoede en Sorg nader om finansiële bystand.

**4.2.2.2 Beursfonds vir studente**
Die Diensgroep vir Armoede en Sorg beskik oor ’n beperkte bedrag wat slegs vir beurse beskikbaar is. Daar word jaarliks 15 beurse van R8 000 beskikbaar gestel en die fondse word aan gemeentes uitbetaal om aan behoeftige studente te gee. Die huidige siklus beurse sal uiteindelik gekanaliseer word om studente te help finansier vir opleiding in Vroeë Kinderontwikkeling in vennootskap met die Hugenote Kollege.

**4.2.2.3 Noodleniging aan armer gemeentes**
Die Diensgroep beskik oor ’n beperkte bedrag fondse wat vir hulpbehoewende lidmate aangewend kan word. Finansiële toekennings van R5 000 elk is in 2014 aan agt gemeentes uitbetaal om hulpbehoewende lidmate te ondersteun in Desember en sal hopelik jaarliks herhaal kan word.

## 5. AANBEVELINGS

### 5.1 Aanbeveling 1
**Die Sinode keur die Diensgroep vir Armoede en Sorg se fokus op Vroeë Kinderontwikkeling en die bou van vennootskappe tussen gemeentes, Badisa, die Hugenote Kollege en alle ander rolspelers goed.**

### 5.2 Aanbeveling 2
**Die Sinode vereenselwig hom met die Vigsverklaring (2013) en versoek gemeentes om hierdie verklaring as riglyn in hulle missionale gerigtheid te gebruik.**

**Voorsitter: Dawid de Wet**
**PSD: Leon Venter**

# Bylaag 1
# Gesamentlike verklaring – Vigstaakgroep

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (Wes-en-Suid-Kaapland) en Verenigende Gereformeerde Kerk (Kaapland) wil, in die voetspore van Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Here, sy roeping en betrokkenheid ten opsigte van die MIV-epidemie op ‘n priesterlike, koninklike en profetiese wyse vervul. In gehoorsaamheid aan ons Heer, die Hoof van die Kerk, sal ons Hom volg waar Hy ons ook al lei om verantwoordelik en met deernis op MIV en vigs te reageer.

**1.** Ons erken en bely:
- dat ons, die kerk, die liggaam van Christus, ook met MIV leef;
- dat onkunde, vooroordeel en ontkenning nog in baie lidmate se harte leef;
- dat ons nie altyd die vernietigende effek wat die MIV-epidemie op ons gemeenskappe, gemeentes, gesinne en lidmate het, deur God se oë raaksien nie;
- dat ons nie genoegsaam God se liefde teenoor mense wat met die werklikhede van MIV saamleef, uitleef nie.

**2.** Ons wil liefde en deernis betoon aan alle mense wat met die werklikhede van MIV saamleef. Ons wil dit doen deur:
- begeleiding en ondersteuning te bied aan elkeen wat hartseer en pyn beleef, veral ook aan almal wat deur die kerk en breër samelewing verwerp of alleen gelaat is;
- mites, diskoerse, verkeerde gesindhede en diskriminerende optrede binne ons gemeentes en gemeenskappe af te breek;
- gemeentes plekke te maak waar almal welkom en geborge sal voel om vrylik, sonder vrees vir veroordeling, hulle Christenskap uit te leef;

**3.** Ons wil die verspreiding van MIV bekamp deur die bou van Bybelse morele waardes ten opsigte van seksuele gedrag. Gevolglik:
- roep ons almal op om mekaar binne hul verhoudinge te respekteer;
- roep ons egpare op om getrou aan mekaar as lewensmaats te bly;
- roep ons ouers op om hulle verantwoordelikheid ten opsigte van opvoeding oor verhoudings- en seksualiteit van hulle kinders na te kom;
- roep ons opvoerders op om in hulle omvattende opvoedingstaak, kinders en jongmense te wys op die waarde van ’n gesonde en morele lewenswyse;
- roep ons almal op om veiliger en verantwoordelike seksuele praktyke te beoefen.

**4.** Ons wil die omstandighede wat die vinnige verspreiding van die MIV-infeksie aanwakker, teenwerk. Ons wil alles in ons vermoë doen om:
- die gesinslewe van ons lidmate, geskoei op Bybelse beginsels te versterk;
- armoede, alkohol- en dwelmmisbruik te bekamp;

- alle vorme van seksuele geweld en verkragting te veroordeel en 'n kultuur waarin mense mekaar respekteer te help skep;
- korrekte en volledige inligting oor MIV beskikbaar te stel;
- vrywillige toetsing vir MIV aan te moedig en geleenthede vir toetsing te fasiliteer;
- groter bewustheid en sensitiwiteit te skep vir stigmatisering en veroordeling van mense met MIV en dit teen te werk;
- mense aan te moedig om veiliger seks te beoefen.

**5.** Ons verklaar dat ons in hierdie belangrike saak samewerking en vennootskappe met die owerheid en ander relevante rolspelers soek en ondersteun.

**Voetnota**: Die terme MIV en vigs hou ten nouste verband met mekaar, maar het elkeen 'n eie betekenis. MIV (die Afrikaanse ekwivalent vir "HIV") verwys na 'n virus wat die immuunsisteem van mense beskadig en verswak. Sonder toegang tot medikasie lei MIV-infeksie uiteindelik tot die ontwikkeling van vigs (in Engels AIDS). Vigs verwys na 'n tyd wanneer die MIV-positiewe persoon ernstig siek begin raak met 'n verskeidenheid van infeksies en is die gevolg van MIV-infeksie. Die riglyn is om alleenlik die woord vigs te gebruik wanneer ons wel verwys na die vigs-fase wat met ernstige siekte gepaardgaan, maar in die meeste ander kontekste is dit akkuraat om slegs die term MIV te gebruik. Waar 'n mens wel na beide wil verwys, moet die terme nie gekombineer (MIV/vigs) word nie, maar dan uitgeskryf word as MIV en vigs.

---

# 1.2 Badisa

Badisa

## 1. INLEIDING

Badisa is die gesamentlike werksaamheid van die prinsipaalkerke, VGKSA (Kaapland) en die NGK (Wes-en-Suid-Kaaplad), wat namens en saam met die kerke maatskaplike en welsynsdienste lewer. Badisa funksioneer onder toesig van die Gesamentlike Diensgroep vir Armoede en Sorg (Sinodale Kommissie vir Diakonale Dienste [SKDD/SDAS]).

Gedurende die Sinode reses het Badisa, soos menige ander nie-winsgewende organisasies, groot uitdagings beleef wat sy volhoubaarheid ernstig bedreig het. Ons het die tiende bestaansjaar (2013) onder hierdie donker wolk deurgemaak.

Hierdie verslag moet gelees word teen hierdie agtergrond en die diepe dankbaarheid aan die Here, sowel as die kerk wat ons in staat gestel het om noodsaaklike dienste aan ongeveer 750 000 mense in nood te lewer.

## 2. ORGANISASIE PROFIEL

### 2.1 Kernbesigheid, Visie, Missie en Waardes

#### 2.1.1 Kernbesigheid

Badisa se doel is om:

- Maatskaplikediens- en gemeenskapsontwikkelingsprogramme in gemeenskappe te ontwikkel. Hierdie dienste sluit gemeenskapsontwikkeling-; maatskaplikewerk- en/of residensiële sorgprogramme in.
- Gemeentes by te staan in hulle barmhartigheidsbediening deur die ontwikkeling en versterking van die gemeentediakonaat.

#### 2.1.2 Visie

Christelike Barmhartigheid – Ons is 'n naaste van elkeen in nood.

#### 2.1.3 Missie

Badisa, as die barmhartigheidsbediening van die NG Kerk (Wes-en-Suid-Kaapland) en VG Kerk (Kaapland), is waardegedrewe met Jesus Christus as voorbeeld.
Badisa is 'n organisasie sonder winsoogmerk wat in samewerking met gemeentes en ander rolspelers:

- Uitnemende professionele-, vakkundige- en ondersteuningsdienste aan mense en gemeenskappe in nood lewer;
- Ontwikkelingsprogramme daarstel wat ten doel het om verbruikers/kliënte in staat te stel om optimaal te funksioneer.

#### 2.1.4 Waardes

Diensbaarheid, Geregtigheid, Uitnemendheid en Rentmeesterskap

### 2.2 Unieke kenmerke

- Goed gevestigde strukture met sterk korporatiewe bestuur.
- Kundigheid op die gebied van maatskaplikedienste, gemeenskapsontwikkeling en versorgingsmodelle.
- Goeie ervaring en ondervinding – sommige programme is meer as 130 jaar oud.
- Geregistreerde nie-winsgewende organisasie en openbare weldaadsorganisasie met 157 gemeenskapsgebaseerde programme.
- Geloof/kerk gebaseerde organisasie (van die grootste in die land).

- Werksaam in landelike- en stedelike gebiede.
- Voorsien dienste aan mense in nood, van die "wieg tot die graf", ongeag ras, geslag of godsdienstige oriëntasie.
- Vrywilligerprogramme.

## 3. ORGANISASIE STRUKTUUR

Die korporatiewe bestuur van die organisasie word behartig deur die Ledevergadering (regspersoon). Die Ledevergadering wys die Bestuursraad aan wat die strategiese bestuur binne die beleid en prosedure-raamwerk van die organisasie behartig. Die Bestuursprogram behartig die operasionele bestuur en elke program word deur plaaslike beheerrade bestuur met gedelegeerde bevoegdheid. Die organisasie sluit sterk aan by die King III-riglyne vir goeie korporatiewe bestuur. Die wetgewende raamwerk waarbinne die organisasie funksioneer, behels ten minste 26 wette of beleidsdokumente. Die eise om aan die wetgewing te voldoen, stel groot uitdagings.

Die struktuur behels die Ledevergadering (41 lede), die Bestuursraad (11 lede), Bestuursprogram (Bestuurspan, Middelbestuur en ondersteuningspersoneel) en die beheerrade van die programme. Die Bestuursraad word bygestaan deur onderskeie komitees, saamgestel uit kundiges.

Uit die 1023 beheerraadslede word ongeveer 76% verteenwoordig deur die NGK en VGKSA.

### 3.1 Ledevergadering

Die Ledevergadering bestaan tans uit die volgende lede:

#### 3.1.1 SKDB (NGK)

Ds CI Barnardo, ds L Büchner, ds DH de Wet (voorsitter), ds F Gerber, ds S McCathy, ds JG van der Vyver, ds C van Rensburg, ds L Venter, ds AA Verster en ds E Wiesner.

#### 3.1.2 SKDD (VGKSA)

Ds WG Cloete, mnr SS Dandala, ds S Esterhuizen, ds WE Ficks, ds DR Goba, ds GG Haupt (voorsitter), ds ME Kibito, ds JA November, ds R Rickers en ds RC Simpson.

#### 3.1.3 Addisionele Lede

Mnr JWS Jooste (kundige finansies), mnr S Malherbe (regskenner), ds WC van der Merwe (kundige maatskaplike dienste) en me C Quickfall (kundige maatskaplike dienste).

#### 3.1.4 Die Hoof Uitvoerende Beampte

Ds A Rust.

#### 3.1.5 Streekverteenwoordigers

**Boland**: Mnr FP Bredenkamp en me CM Nel.
**Overberg**: Mnr WC Van Zyl en me JE Botha.
**Skiereiland Noord-Oos**: Dr GWS van Rooyen en dr A Perold.
**Suid-Kaap, Klein- en Groot Karoo**: Ds J van Straaten en ds J van der Westhuizen.
**Namakwaland/Noord-Kaap**: Me GS Schambuoa en mnr IB Groenewald.
**Noord-Oos Kaap**: Vakant.
**Skiereiland Suid-Wes**: Mnr JA Pillay en ds BA Nicholls.
**Swartland Weskus, Olifantsrivier**: Ds LL Prins en ds C van Schalkwyk.

### 3.2 Die Bestuursraad

Ds W Ficks (Voorsitter), ds WC van der Merwe (Ondervoorsitter), ds S Esterhuizen, ds F Gerber, dr A Perold, ds LL Prins, ds C van Schalkwyk, mnr JWS Jooste, mnr S Malherbe, me C Quickfall, ds A Rust (Hoof Uitvoerende Beampte).

### 3.3 Die Bestuurspan

Me R van Zyl (Direkteur: Maatskaplikediensprogramme), me T Alberts (Direkteur Menslike Hulpbronne), me A Bezuidenhout (Direkteur: Fondswerwing en Bemarking) en me H Malherbe (Direkteur: Finansies en Administrasie).

### 3.4 Middelbestuur

**Bestuurders**: Maatskaplikedienste (BMD's): Me J Beukes, me A Botha, me T Bredenkamp, me E du Toit, me H Engelbrecht, me L Fortuin, me A Hattingh, me M Heyns, me R Pretorius, me C van der Merwe, me M Viljoen en me Z Volschenk.

**Koördineerders: Bejaardesorg**: mnr W Volschenk, me M Bernhardt en me I Nel.

**Ondersteuningspersoneel**: me E Adams (Finansies/Admin), me S Botha (Vroeë Kinderontwikkelingsbeampte), me L du Toit (Bejaardesorg koördineerders: sekr), me R Kilian (MHB: Personeelbeampte/sekr), me L Majiedt (Maatskaplikedienste: sekr), me I Taljaard (HUB: sekr), me M van Rhyn (Finansies/Admin: rekenkundige beampte).

## 4. DIENSLEWERING

Dienslewering bly die kern van die organisasie. Al die ander hulpbronne moet sodanig aangewend word om te verseker dat die dienste effektief gelewer word. Die organisasie moet getoets word aan die gehalte, relevansie, effektiwiteit en impak van die dienste wat gelewer word. Die dienste behels onder andere die volgende:

- Swangerskapberading en aannemingsdienste.
- Jeugontwikkelingsdienste.
- Bemagtiging van vroue as slagoffers van geweld.
- Kinder- en Jeugsorgdienste (kinderhuise).
- Gestremdesorg.
- Kinderbeskermingsdienste word op 'n kontinuum van dienslewering behartig. Dit behels voorkoming, vroeë intervensie, statutêre intervensie, gesinshereniging, nasorgprogramme, dagsorgsentrums, tuismoeder-projekte gerig op vroeë kin-

derontwikkeling, ouerleiding, lewensvaardigheidsprogramme, terapie en statutêre dienste.
- Dienste aan ouer persone (tehuise en tuisversorging): persoonsgerigte benadering.
- Middelafhanklikheid.
- Werkskepping en Armoedeverligting.

Dit is verblydend om te noem dat Badisa in 2013 die nasionale toekenning van die Departement Maatskaplike Ontwikkeling ontvang het as die nie-winsgewende organisasie wat die beste presteer het ten opsigte van die gereedheid om die Kinderwet te implementeer. Alhoewel statistieke ’n prentjie gee van dienslewering, vertel dit nie naastenby die volle storie nie. Hierdie is ’n opsomming van die statistiek uit die onderskeie jaarverslae.

| | |
|---|---|
| Maatskaplikewerk-kantore | 718 825 |
| Dagsorgsentrums, voorskoolse kinderontwikkeling | 1 774 |
| Nasorgsentrums | 431 |
| Kinder-en Jeugsorgsentrums | 711 |
| Aanneming en swangerskapberading | 943 |
| Tehuise vir Ouer Persone | 4 351 |
| Dienssentrums vir ouer persone | 2 100 |
| Sentrums/borgliggame vir persone met gestremdhede | 1 685 |
| Rehabilitasiesentrums/dienste vir middelafhanklikheid | 11 443 |

Totaal begunstigdes:

| | |
|---|---|
| 2010/11 | 990 145 |
| 2011/12 | 689 555 |
| 2012/13 | 783 801 |
| 2013/14 | 770 273 |

## 5. FINANSIËLE BESTUUR

Dit bly ’n groot uitdaging om die organisasie met sy diverse finansiële strukture van programme, effektief en doeltreffend te bestuur.
Die ouditeure, Theron Du Plessis Ingelyf, behartig die oudit van al die programme en voorsien jaarliks saamgestelde geouditeerde state wat ’n goeie oorsig oor die finansiële situasie van die organisasie bied. Aangesien die organisasie met openbare befondsing werk, is dit noodsaaklik om streng finansiële bestuur toe te pas. Die finansiële en bedrogvoorkomingsbeleid word streng toegepas met ’n zero toleransie ten opsigte van bedrog.

Die volhoubaarheid ten opsigte van kontantvloei bly ’n groot uitdaging. Die finansiële uitdagings lê veral by die maatskaplikewerkkantore, dienssentrums en die Bestuursprogram.

### 5.1 Saamgestelde Finansiële State

Die organisasie se totale inkomste van R400,5 miljoen in 2013, het sedert 2010 gesonde stygings getoon.

- Die hoofbron van inkomste (43%) is ten opsigte van behuising verskaf (huur ontvang en losiesgelde), asook spesiale programinkomste.
- Die Departement Maatskaplike Ontwikkeling is die hoofbefondser van die organisasie en dra gemiddeld 26% by tot die totale inkomste van die organisasie.
- Die organisasie is ook sterk afhanklik van die ondersteuning van donateurs in die vorm van donasies, toekennings, fondsinsamelings en erflatings. Hierdie bron van befondsing beslaan ongeveer 15% van die totale inkomste.
- Die aansienlike inkorting van Lottobefondsing sedert 2010 plaas baie druk op veral ons ontwikkelende programme om op ’n jaarlikse basis te oorleef.

Bedryfsuitgawes is die afgelope twee jaar goed onder beheer, met slegs ’n 4% styging van 2012 na 2013. Die netto surplus vir 2013 is gedryf deur addisionele befondsing bekom vanaf die Wes-Kaapse Departement Maatskaplike Ontwikkeling (R21,3 miljoen), asook positiewe markwaarde bewegings in beleggings (R20,2 miljoen).

### 5.2 Finansiële Posisie Badisa Bestuursprogram

Die Bestuursprogram se finansiële posisie is deurentyd onder druk. Die standhoudende inkomstebronne is nie voldoende om die koste van die infrastruktuur te finansier nie.

’n Tekort van R2,1 miljoen moet op jaarlikse basis vanaf alternatiewe bronne verkry word ten einde te oorleef. Tot en met 2012 is hierdie tekort in inkomste hoofsaaklik deur Lotto-befondsing aangevul. Die vooruitsig vir verdere Lottobefondsing is egter nie baie positief nie.

Verdere addisionele befondsing is ook in 2013 verkry van die Departement Wes-Kaap en die VG Kerk. Huidige kontantprojeksies toon egter dat hierdie addisionele kontantreserwes teen die tweede kwartaal van 2015 uitgeput sal wees.
Die infrastruktuur is egter reeds tot op die been gesny vir die huidige vlak van dienslewering. Navorsing gedoen tydens die Program-Arend proses, dui aan dat programme sterk steun op die dienste van die Bestuursprogram en eerder meer as minder dienste sou verlang.

Die Bestuursprogram se kapitaal en reserwes het aansienlik gedaal van R3,6 miljoen op 31 Maart 2010, tot R1,2 miljoen op 31 Maart 2013. Ingesluit by die inkomste van die Bestuursprogram is befondsing ontvang namens programme. Die Bestuursprogram kan dus nie alle inkomste aanwend om sy infrastruktuur te finansier nie. Befondsing ontvang vir Bestuursprogram se eie aanwending is gemiddeld R11,5 miljoen per jaar. Die gemiddelde verdeling van die Bestuursprogram se eie standhoudende inkomstebronne:

| | |
|---|---|
| Subsidies (Nasionaal en Provinsiaal): | 48% |
| Bydrae NGK & VGKSA: | 24% |
| Administrasiefooie Badisa-programme: | 12% |
| Donasies, Toekennings en Bemakings: | 5% |

Die afgelope 18 maande is bedryfsuitgawes goed onder beheer gebring en is die potensiaal tot verdere kostebesparings (met huidige struktuur en vlak van dienslewering) gering.

## 6. MENSLIKE HULPBRONNEBESTUUR

Badisa se grootste bate lê in sy personeel (permanente, tydelike en vrywilligers). Die Menslike Hulpbronne-afdeling het die groot uitdaging om die ongeveer 2 700 personeellede en 3 500 vrywilligers te begelei en te ondersteun. Daar is ’n sterk fokus op opleiding en ontwikkeling. By Badisa strewe ons daarna om goeie personeel te behou en te ontwikkel, veral skaars vaardighede soos maatskaplike werkers, verpleegpersoneel en boekhouers. Daarom is ons van die min nie-winsgewende organisasies in die maatskaplike bedryf wat aan personeel ’n loopbaan met diensvoordele soos gesubsidieerde mediese fonds en ’n aftreefonds bied. Verder het prestasie-gekoppelde vergoeding ´n groot motiveringswaarde.
Badisa het onlangs die BBBEE-sertifikaat ontvang vir die 80% nie-wit begunstigdes wat ons bedien. Dit gee aan besighede maksimum punte op hul telkaart vir sosiaal ekonomiese ontwikkeling wanneer hulle ’n skenking aan Badisa maak.

## 7. BEMARKING EN FONDSWERWING

Die Badisa-programme se inkomste uit donasies, bemakings, fondsinsameling en toekennings van trusts en stigtings het met 7% gestyg. Dit is te danke aan die baie harde werk van die beheerrade, personeel en vrywilligers en die ondersteuning van individuele donateurs, gemeentes, besighede en stigtings. Badisa was een van die begunstigde organisasies van Media24 se gemeenskapsprojek: “Gee jou ruimte om te groei.” Met hierdie projek het Badisa die geleentheid gekry om advertensies ter waarde van R1 miljoen te plaas in vyf tydskrifte en agt-en-twintig gemeenskapskoerante.

Die Badisa-programme was vanweë die finansiële uitdagings genoodsaak om sterker te fokus op bemarking en fondswerwing vir volhoubaarheid. Badisa-programme word op plaaslike vlak ondersteun deur besighede en op nasionale vlak deur stigtings. Badisa het in 2012 die ONE MORE-veldtog geloods om vrywilligers en donateurs aan te moedig om NOG EEN persoon of projek te ondersteun. Annalise Wiid het die ONE MORE lied vir Badisa geskryf en getoonset. Badisa bied ook jaarliks die ONE MORE Golfdag aan in Stellenbosch.

Mediavrystellings is met die hulp van Affinity en Cross Communications uitgereik tydens belangrike gebeurtenisse of nasionale veldtogte, bv:

- Kinderbeskermingsweek (Mei/Junie)
- Jeugdag (Junie)
- Internasionale dag vir Ouer Persone (Oktober)
- 16 Dae van Aktivisme (November/Desember)
- Badisa se jaarvergadering (Augustus)
- Barmhartigheidsmaand (Augustus)
- Badisa se tienjarige viering (2013)
- Mandela-dag (Junie)

Ons het ’n opwindende Badisa “Champions”-projek geloods wat fokus op netwerke met die korporatiewe mark. Ons sien daarna uit om die organisasie baie sterker in gemeentes (NGK/VGKSA) en ander kerkgenootskappe te bemark, asook by internasionale befondsers. Daar is ’n groeiende tendens by baie nie-winsgewende organisasies om ten opsigte van finansiële volhoubaarheid sosiale besighede/ondernemings te vestig. Badisa sal vir die volgende jare hierdie moontlikhede wil ontgin as alternatiewe bronne van inkomste.

## 8. NETWERKE EN VERTEENWOORDIGING

Badisa word verteenwoordig op verskeie provinsiale en nasionale instansies, onder andere die Wes-Kaapse Direkteure Forum (WCDF), Kerklike Maatskaplike Dienste Raad (KMDR), Nasionale Assosiasie van Welsynsorganisasies en NGO’s (NAWONGO) en die National Coalition for Social Services (NACOSS). Hierdie instansies speel ’n belangrike rol ten opsigte van die skakeling en onderhandelinge met die regeringsdepartemente.

Die KMDR koördineer die maatskaplike dienslewering van al die streeksinodes van die NG- en VGKSA. Die KMDR het ’n sterk fokus op die missionale ekklesiologie/diakonaat en is in ’n proses om verdere navorsing te doen oor riglyne aan gemeentes ten opsigte van ons roeping om mense in nood by te staan.

## 9. PROGRAM-AREND

Badisa is sedert Februarie 2013 met ’n intensiewe vernuwingsproses besig. Ons noem dit Program-Arend met die verwagting dat “Badisa met kragtige vlerke nuwe hoogtes sal bereik”. Die proses word rondom die volgende strategiese rigtingaanwysers behartig:

- Identiteit van die organisasie
- Verhouding met die kerk/gemeentes
- Verhouding/vennootskap met die staat
- Aandrang/behoeftes van die gemeenskap
- Finansiële volhoubaarheid

Die vernuwingsproses word in noue samewerking met die Diensgroep vir Armoede en Sorg hanteer, aangesien dit noodsaaklik is dat die strategiese rigting van die organisasie belyn moet word met dié van die kerk. Die kerkleierskap, Armoede en Sorg en Badisa het op 13 Mei 2014 ’n Indaba gehou waartydens die verhouding tussen die kerk en Ba-

disa uitgeklaar is. Gesamentlike strategieë word ontwikkel om gemeentes te ondersteun met betrekking tot hul roeping aan mense in nood.

## 10. DANKBETUIGINGS

Ons dank aan die Here wat deur sy genadige voorsiening aan die nodige kapasiteit en middele, ons in staat stel om dié wat in nood is, by te staan. Ons is dankbaar vir die ondersteuning op alle vlakke van die kerklike strukture, van die kerkleierskap tot plaaslike gemeentevlak. Ons wil in die besonder dankie sê aan ds CJ Swart vir sy jare lange betrokkenheid by Badisa en Armoede en Sorg; ons gun hom 'n welverdiende ruskans met sy uittrede. Badisa het groot waardering dat die prinsipaalkerke hierdie bediening aan ons toevertrou om in samewerking en namens die kerke/gemeentes die diakonale roeping uit te voer.

## 11. AANBEVELINGS

### 11.1 Aanbeveling 1

**Die Sinode ondersteun die vernuwingsproses (Program-Arend) met die verwagting dat Badisa se toekomstige posisionering sal verbeter.**

### 11.2 Aanbeveling 2

**Die Sinode versoek Badisa om in samewerking met ander rolspelers die kerk te help met die ontwikkeling van teologies gefundeerde standpunt-dokumente rakende maatskaplike- en welsynskwessies.**

### 11.3 Aanbeveling 3

**Die Sinode moedig gemeentes aan om aktief betrokke te raak by die plaaslike werksaamhede van die Badisa-programme en veral deel te word van die beheerrade en vrywilligerskorps.**

**Hoof Uitvoerende Beampte: Averell Rust**

# Badisa: Finansiële state

| **BALANSSTAAT** *(uittreksel)* | **2013<br>R miljoen** | **2012<br>R miljoen** | **2011<br>R miljoen** | **2010<br>R miljoen** |
|---|---|---|---|---|
| Kapitaal en Reserwes | R279,3 | R253,6 | R267,4 | R230,2 |
| Beleggings en Kontant | R246,3 | R233,3 | R225,1 | R194,9 |

| **INKOMSTESTAAT** *(uittreksel)* | **2013<br>R miljoen** | **2012<br>R miljoen** | **2011<br>R miljoen** | **2010<br>R miljoen** |
|---|---|---|---|---|
| Totale Inkomste | R400,5 | R349,4 | R359,2 | R314,0 |
| Totale Uitgawes | R373,6 | R354,7 | R323,0 | R290,6 |
| Netto Surplus/(Tekort) | R26,9 | (5,3) | R36,2 | R23,4 |

# Badisa Bestuursprogram: Finansiële state

| **BALANSSTAAT** (*uittreksel*) | **2013** | **2012** | **2011** | **2010** |
|---|---|---|---|---|
| **Kapitaal en Reserwes** | **R1 160 579** | **R396 409** | **R3 384 384** | **R3 581 968** |
| **INKOMSTESTAAT** *(uittreksel)* | R miljoen | R miljoen | R miljoen | R miljoen |
| INKOMSTE<br>Totaal<br>Bestuursprogram Inkomste | R35,0<br>R12,9 | R16,1<br>R11,4 | R13,5<br>R11,1 | R12,6<br>R10,0 |
| UITGAWES<br>Bydraes aan Badisa-programme<br>Bestuursprogram Uitgawes | R21,1<br>R13,9 | R4,7<br>R14,2 | R2,4<br>R11,5 | R2,6<br>R10,4 |
| **NETTO SURPLUS/(TEKORT)** | **R1,0** | **(R2,8)** | **(R0,4)** | **(R0,4)** |

# 1.3 Goeie Hoop Behuisingsmaatskappy

## 1. INLEIDEND

**1.1** Die Goeie Hoop Behuisingsmaatskappy (GHBM) is deur die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid (SKDB) op 14 Augustus 1944 gestig en deur die Sinode goedgekeur. Die doelstelling van die maatskappy is steeds, aldus ons Akte van Oprigting, om tehuise vir sorgbehoewendes (insluitend wonings of woonstelle) en/of enige ander aard van woon- of verblyfplek in stede/dorpe te verkry, op te rig of te verskaf en in stand te hou. Hierdie doelstelling is met die oog op **alle** sorgbehoewendes, insluitend bejaardes; jeugdiges; siekes; verswaktes; gestremdes; verwaarloosdes; laagbesoldigdes en in die algemeen, mense in nood.

**1.2** Die doelwit wat die maatskappy nastreef, is om bogenoemde persone se belange in die gemeenskap te ondersteun. Histories is die maatskappy gestig met die doel om boulenings teen ’n laer rentekoers van die Departement van Behuising te bekom. Dié roete is gevolg aangesien die staat nie boulenings aan kerke wou toestaan nie, maar wel aan ’n maatskappy sonder winsoogmerk, binne die kerkstruktuur.

**1.3** Die GHBM is dus ’n Geregistreerde Organisasie sonder Winsoogmerk (artikel 21-maatskappy) met eie lede en direksie. Die maatskappy verskaf tans hoofsaaklik fasiliteite aan programme van Badisa.

## 2. TERUGSKOUEND

**2.1** Gedurende die afgelope vier jaar is daar verskeie ontwikkelings by bestaande inrigtings gedoen, asook gewone verbeteringe aan bestaande geboue en fasiliteite.

**2.2** Die volgende nuwe projekte is in samewerking met die beheerrade voltooi:

**a. Johenco Tehuis, Sutherland**
Drie nuwe eenslaapkamerwoonstelle, sowel as drie losstaande motorhuise is hier aangebou.

**b. Huis Lafras Moolman, Rawsonville**
Die siekeboeg is vergroot met vyf nuwe semiprivaat kamers.

**c. Hartenbos Versorgingsdienste, Hartenbos**
Gedurende die tydperk is die projek in twee fases voltooi. Tydens Fase Een is 29 bedsitterwoonstelle bo-op die bestaande kompleks gebou asook die nuwe ingang en administratiewe kantore vir personeel. Tydens die Tweede Fase is die kombuis en waskamergeriewe vergroot, asook balkonne by die nuwe woonstelle.

**d. Plumstead Rusoord, Plumstead**:
’n Nuwe blok van agt-en-dertig woonstelle is gebou. Hiervan is tien eenslaapkamer- en die res tweeslaapkamerwoonstelle. Die bestaande kombuis en eetsaal is ook vergroot, terwyl die washuis in dié proses verskuif en vergroot is.

**e. Herberg Kinderhuis, Robertson**
Op versoek van die beheerraad van die kinderhuis is ablusiegeriewe op die sportgronde agter die kinderhuis gebou. Hierdie fasiliteite word tydens die Wacki Wine Fees as ’n kampeerterrein aan die publiek verhuur. Hierdie geleentheid dien dan ook as deel van dié program se fondswerwings-inisiatiewe.

**f. Huis JJ Watson, George**
In die samewerkingsooreenkoms tussen GHBM, Huis JJ Watson en NG Gemeente Blanco, is daar vier woonstelle by die bestaande program aangebou. Hierdie projek is grotendeels deur ’n ruim skenking van Blanco Gemeente moontlik gemaak.

**2.3** Daar is tans nege-en-veertig (49) inrigtings wat in die naam van die GHBM geregistreer is.
Die vervangingswaarde (versekeringswaarde) het van R1 536 300 (2010) tot R2 242 709 671 (2014) toegeneem. Die GHBM is tans in sy 70ste bestaansjaar en die fasiliteite wat onder sy sorg funksioneer, bied huisvesting aan 4 820 kliënte.

**2.4** Sedert die vorige Sinode gaan die maatskappy deur ’n herstruktureringsproses wat verskeie nuwe uitdagings na vore bring. Die vernaamste hiervan was:
**a.** Die hersamestelling en verkiesing van direkteure.
**b.** Herontplooiing van personeel sowel as kapasiteit in terme van personeel.
**c.** Herformulering van die Akte van Oprigting.
**d.** Herdefiniëring van vennootskappe met die NG Kerk in SA; SKDB; Armoede en Sorg sowel as Badisa.
**e.** ’n Nuwe finansieringsmodel.

**2.5** Met die opstel van dié verslag was daar nog veral oor laasgenoemde vier uitdagings hierbo genoem, vele onsekerhede.

## 3. VOORUITSKOUING

**3.1** Wat die toekoms van die maatskappy betref, is die GHBM vandag, nog net so, indien nie meer as in 1944 nie, verbind aan sy doelstelling, naamlik om mense in nood te help. Ons is egter terdeë bewus daarvan dat die samelewing waarbinne ons tans funksioneer, sedert 1944 totaal verander het. Derhalwe wil ons, binne die nuwe konteks van vandag, onsself verbind aan die beginsels van goeie korporatiewe bestuur, soos onder andere uiteengesit in die King III-riglyne. Punt 1 van beginsel 1.1 omskryf dat goeie korporatiewe bestuur in hoofsaak gaan oor effektiewe, leierskap binne die direksie en dat

leierskap gekenmerk word deur verantwoordelikheid, aanspreeklikheid, billikheid, deursigtigheid, respek, gelykheid en menswaardigheid.

**3.2** In die lig van bogenoemde, is die GHBM daartoe verbind om:
**a.** Regverdig, simpatiek, inklusief en met respek op te tree (geregtigheid);
**b.** Sosio-ekonomiese geregtigheid na te streef (geregtigheid);
**c**. Deur innovasie kwaliteitdienste te lewer (kwaliteit);
**d.** Verantwoordelik, deursigtig en eerlik in al sy bedrywighede te wees
**e.** en aanspreeklikheid te handhaaf (vertroue).

**3.3** Met ons primêre fokus voor oë, is ons deeglik bewus daarvan dat ons, in terme van die versorging van ons lidmate in nood, in die toekoms nie op hulp van die staat moet reken nie. Derhalwe voorsien ons dat:
**a.** Vennootskappe en netwerke in gemeenskappe van kardinale belang gaan word (Vgl weer die projek te Blanco).
**b.** Ons vennootskap met Badisa; SKDB en Armoede en Sorg op so ’n vlak gestalte sal kry dat ons in die toekoms daadwerklik waarde tot die kerk se missionale roeping sal toevoeg.
**c.** GHBM in gemeenskappe waar ons tans funksioneer, en moontlik nuwe gemeenskappe, sigbare waarde tot gemeentediakonaat sal toevoeg.

**Voorsitter: Dawid de Wet**
**Hoof Uitvoerende Beampte: Marius Wethmar**

# 2. VERSLAG VAN DIE DIENSGROEP VIR GEMEENTEBEGELEIDING

## 2.0 INLEIDING

COMMUNITAS
IZIKO LOKUCETYISWA KWAMABANDLA
NETWERK VIR GEMEENTEBEDIENING

Die Diensgroep vir Gemeentebegeleiding van die NG Kerk in Wes-en-Suid-Kaapland en die VGKSA Kaapland funksioneer onder die naam COMMUNITAS.

## 1. Missie van Communitas (Diensgroep vir Gemeentebegeleiding)

**1.1** Die Diensgroep vir Gemeentebegeleiding bely dat dit die Drie-enige God is wat gemeentes roep, versamel, vernuwe en stuur (Esegiël 47:1-12).

**1.2** Daarom is ons bestaansdoel:
**1.2.1** om gemeentes en gemeenteleiers te bemagtig en te begelei om geloofsonderskeidend te ontdek waar die Drie-enige God werksaam is
**1.2.2** om raak te sien hoe God se nuwe wêreld deurbreek in die transformasie van mense en gemeenskappe en
**1.2.3** om saam met gemeenteleiers en gemeentes te leer hoe om geïntegreerd by God se werk aan te sluit.

## 2. Aan wie word diens gelewer?

**2.1 Primêre teikengroep**
Die primêre teikengroep van die Diensgroep vir Gemeentebegeleiding is die gemeenteleierskap van die NGK en VGKSA in die onderskeie sinodale gebiede.

**2.2 Sekondêre teikengroep**
Die sekondêre teikengroep is die kerkverband, ekumene en breër gemeenskap.

## 3. Samestelling en funksionering van die Diensgroepraad

Sinode- en ringvergaderings van die VGKSA Kaapland en NGK Wes-en-Suid-Kaapland wys streeks- en ringsverteenwoordigers aan vir die **Diensgroep vir Gemeentebegeleiding.** Hierdie diensgroep kom jaarliks byeen.

**3.1 Diensgroepraad**
3.1.1 Die NGK Wes-en-Suid-Kaapland en VGKSA Kaapland verkies elk drie persone om op die Diensgroepraad te dien.
3.1.2 Die Diensgroepraad verkies eie ampsdraers.
**3.1.3** Indien enige van die verkose lede gedurende die termyn bedank, word die sekundi-lede deel van die Diensgroepraad. Indien die voorsitter en/of ondervoorsitter bedank, kan enige lid van die raad tot voorsitter en/of ondervoorsitter van die Communitas-raad verkies word.
**3.1.4** Persone wat die volgende posisies beklee, vorm ook deel van die Communitas-raad:
1. Voorsitters van die taakspanne
1.1 Gemeentebegeleiding (NGK en VGKSA)
1.2 Predikantebegeleiding (NGK)
1.3 Kinder-, Jeug- en Familiebediening (NGK) en Sinodale Kommissie vir Christelike Opvoeding (SCO) (VGKSA)
1.4 Gemeente-ontwikkeling en Kerklike Samewerking (GKS: VGKSA en NGK)
1.5 Vrouebediening (NGK en VGKSA)
1.6 Mannebediening (VGKSA).
2. Predikante in Sinodale Diens (PSD's – voltyds en deeltyds) van die onderskeie taakspanne.
3. Die raad het die reg op koöpsie.

**3.2 Vergaderings van die Diensgroepraad**
Die voorsitter van die Diensgroepraad belê 'n minimum van twee vergaderings per jaar.

## 4. Communitas as Eenheidsbediening

Communitas funksioneer as Diensgroep vir Gemeentebegeleiding vir die NG Kerk in SA (Wes-en-Suid-Kaapland) en as Kernbediening: Gemeentebediening van die VGKSA Kaapland. Taakspanne en kommissies van die twee sinodes wat binne hierdie diensgroep ressorteer, doen via die diensgroep verslag aan die Moderamen (NGK) en Sinodale Kommissie (VGKSA) en die Sinode.

## 5. Sinergie in die begeleiding aan gemeentes

**5.1** In die dienslewering van die diensgroep funksioneer die taakspanne as 'n geïntegreerde span en word daar op die volgende funksies gefokus:
**5.1.1 Opleiding en begeleiding** van gemeenteleiers in die uitvoering van hul pligte, sodat die gemeentes in die proses bemagtig en gehelp word om die uitdagings van kerk-wees in die 21ste eeu te onderskei en oplossings daarvoor aan te leer.
**5.1.2** Skep van **netwerke tussen gemeentes** sodat gemeentes by mekaar kan leer.

**5.1.3** Skep van platforms waar innovasie, kennis-uitruiling en bemagtiging bevorder word.
**5.1.4** Skep van netwerke met ander diensgroepe.
**5.1.5** Skep van vennootskappe in die publieke gemeenskap en die ekumene.
**5.1.6 Gefokuste navorsing** oor gemeentes en skakeling met navorsingsinstansies via Ekklesia.
**5.1.7 Ontwikkeling** van nuwe materiaal en prosesse wat gemeenteleiers kan aanwend in hul gemeentes.

**5.2** Die taakspanne het gesamentlik gefokus op die volgende Vlagskip-projekte:

**5.2.1 Communitasreis:** Ontwikkeling van 'n missionale geloofsonderskeidende proses vir gemeentes waarin begeleiers opgelei is en wat metodiek en raamwerk skep waarbinne al die taakspanne van Communitas funksioneer.

**5.2.2 #imagine**: Die loodsing van 'n missionale beweging onder tieners.

**5.2.3 Sentrum vir Bedieningsvorming**: 'n Sentrum waar predikante geëvalueer en ondersteun word ten opsigte van nege kernbekwaamhede. Fase twee van hierdie projek, waarin 'n netwerk van mentors en bedieningsafrigters opgelei word, word nou ontwerp en geloods.

**5.2.4 Vroue met Vlerke**: Geloofsreis vir vroue is in talle gemeentes met groot sukses aangebied.

**5.2.5 Eenheid vir Innovasie en Transformasie:** In hierdie eenheid word praktykgerigte navorsing gedoen om gemeentes en ringe te ondersteun met die oog op die transformasie van gemeentes.

**5.2.6 Kerkplantskool: *Mission Shaped Ministry* (MSM):** Opleiding van predikante en lidmate in die vaardighede om nuwe geloofsgemeenskappe te vestig. Die getal deelnemers aan hierdie kursus het almal verras.

**5.2.7 Ringsbemagtiging:** In hierdie projek is daar met 'n aantal ringe gefokus op die bemagtiging van die ring deur 'n fokus op roeping en 'n missionale gerigtheid.

## 6. Aanbevelings

**6.1 Aanbeveling 1**
**Die Sinode versoek Communitas, in die lig van die Raamwerk vir Missionale Ekklesiologie van die Algemene Sinode (AS), om in vennootskap met ringe gemeentes pro-aktief te begelei tot groeiende missionaliteit.**

**6.2 Aanbeveling 2**
**1. Die Sinode neem met dank kennis van die Fresh Expressions-beweging (FE) se ontwikkeling in ons streek en die sinergie met die Raamwerk vir Missionale Ekklesiologie van die Algemene Sinode.**
**2. Die Sinode neem kennis daarvan dat 'n groeiende deel van ons gemeenskap, insluitende huidige en voormalige lidmate van ons kerk, nie meer deur ons gevestigde gemeentes bereik word nie, soos onder andere blyk uit die daling in erediensbywoning van baie van ons gemeentes.**
**3. Die Sinode aanvaar daarom die beginsel van die Verskeidenheid van Gestaltes van geloofsgemeenskappe (Mixed Economy) en versoek die Taakspan Regte om die beginsel te verdiskonteer in die ontwikkeling van ons Kerkorde om dit moontlik te maak vir die totstandkoming van** 'n **groter diversiteit van geloofsgemeenskappe in ons streek.**
**4. Die Sinode aanvaar die noodsaak vir die opleiding van pionier-leraars om leiding te gee in die totstandkoming van *vars uitdrukkings* van geloofsgemeenskappe en neem met dank kennis daarvan dat die Algemene Sinode 2013 in die verslag oor Teologiese Opleiding ruimte gemaak het vir die opleiding van kerklike dienswerkers naas geordende leraars. Die Sinode dra dit op aan die Diensgroep vir Toerusting om aandag te gee aan die saak.**

---

# 2.1 Sinodale Taakspan vir Gemeentebegeleiding (STG)

Die taakspan is 'n eenheidsbediening aan die VGKSA en NG Kerk.

## 1. Communitasreis in Geloofsonderskeiding

Die Communitasreis is 'n begeleide proses wat gemeentes begelei om geloofsonderskeidend te ontdek waarvoor die Here hulle roep en hoe hulle in gehoorsaamheid daarby kan aansluit met hulle gemeentebediening.

## 2. Opleiding van begeleiers

Die taakspan lei voortdurend begeleiers op om gemeentes in bogenoemde proses te begelei.

## 3. Raamwerk vir Missionale Ekklesiologie

Die taakspan gebruik die Raamwerk vir Missionale Ekklesiologie om gemeentes te begelei in 'n self-

evaluering van die stand van die gemeente. Dit stel gemeenteleiers in staat om hulleself te evalueer en nodige bedieningsaanpassings te maak.

## 4. Stand van gemeentes

Die taakspan het in opdrag van die Moderamen, saam met ander taakspanne en diensgroepe van die Sinode, navorsing gedoen oor die stand van gemeentes in die streek. Verslag is aan die Moderamen gedoen. In 2015 word ’n opvolgverslag ontwikkel.

## 5. Inisiatiewe vir geloofsvorming onder gemeenteleiers

Die taakspan het saam met Predikantebegeleiding verskeie inisiatiewe geloods om predikante en gemeenteleiers te begelei in prosesse van geloofsvorming. Een van die prosesse word 100 dae in geloofstransformasie genoem.

## 6. Lidmaatprediking

Die kursus in Lidmaatprediking is verskeie kere in die streek aangebied en het ten doel om lidmate te bemagtig om te kan preek.

## 7. Ringsbemagtiging

Die taakspan het met ’n aantal ringe eksperimentele prosesse deurloop om te leer hoe ringe meer bemagtig kan word om gemeentes te ondersteun in die uitleef van hulle roeping. Die uitkomste van die prosesse word vervat in die verslag oor ringsbemagtiging.

## 8. Navorsing

Die taakspan het inisiatief geneem om die vaandel van Ekklesia, ’n Eenheid vir Innovasie en Transformasie, te vestig wat gemeentes ondersteun met Praktykgerigte navorsing. Die protokol van die navorsing is só ontwikkel dat gemeentes of ander kerklike liggame die primêre eienaar van die navorsingsuitdaging is. Die Eenheid ontwikkel dan ’n navorsingsproses saam met die gemeente om betroubare data te versamel en te interpreteer om die leierskap van die gemeente te bemagtig in hulle besluitneming ten opsigte van beleid of die innovering van hulle bediening.

# 2.2 Sinodale Taakspan vir Vrouebegeleiding (STV)

## 1. Roeping

Die Sinodale Taakspan vir Vrouebegeleiding (STV) se roeping is om vroue te begelei om deel te wees van die Gees se beweging.
Ons doen dit deur geloofsonderskeidend by God te leer hoe om saam met Hom te loop, na sy stem te luister en om Hom te volg. Ons is dankbaar dat die Gees ons lei om opnuut gehoorsaam te wees en ons eie waarde te ontwikkel. Die helderheid wat ons as taakspan ontvang het, is om ’n pelgrimstog te onderneem en by herberge (gemeentevroue) besoek te gaan aflê en vroue te begelei in ’n geloofsonderskeidende reis. Op ons pelgrimstog is ons besig om te kyk waar God ons roep en stuur; vorm en toerus; verhelder en fokus. God praat met ons deur sy Woord, deur sy Gees en deur medegelowiges en ander mense.

## 2. Verhouding tot kerkvergaderinge

Die Taakspan vir Vrouebegeleiding word georganiseer kragtens artikel 55 van die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

## 3. Die afgelope vier jaar

Die Israeliete het teruggekyk en God se werk raakgesien. Dit het veroorsaak dat hulle met vrymoedigheid vorentoe kon beweeg. Ons kyk ook terug oor die afgelope vier jaar. Ons sien die Gees se beweging raak. Ons weet Hy is saam met ons, soos Hy die afgelope vier jaar aan ons bevestig het.
Ons is dankbaar vir al die mooi stories wat voortvloei uit ons geloofsreis. Dit sluit aan by Esegiël 47. Eers as jy terugkyk, "sien jy die water wat vloei uit die Heiligdom". Ons sien die Gees beweeg deur die water wat vloei.

## 4. Die Geloofsreis Vroue met Vlerke

**4.1** Die geloofsonderskeidende reis help vroue om opnuut God se stem te hoor en die vrede wat van God kom, te ontvang. Vroue word bewus van mekaar se vreugdes en pyn en só word ons aan mekaar verbind as geloofsvriendinne. Die reis maak vroue bewus van God se teenwoordigheid deur na mekaar se stories te luister. In verwondering ontdek vroue dat die Gees elke vrou voorberei op ’n unieke manier vir iets spesifiek, ’n spesiale taak, in die lewe gegee. Gemeentes word aangemoedig om die geloofsreis ’n gemeenskapswye aksie te maak.
**4.2** Ons gebruikersvriendelike brosjure is nou in drie tale beskikbaar. Dit dien as gids (padkaart) om ons in gemeentes te help om die geloofsreis aan te bied. Die Engels- en Xhosa-vertalings help baie, aangesien ons die VGKSA ingenooi het by ons geloofsreis. Begeleiers van die NG Kerk en VGKSA

is opgelei om die reis in gemeentes bekend te stel en/of aan te bied.

**4.3** Ons het ook riglyne vir die reis opgestel. Die doel van hierdie **reisreëls** is om ruimte te skep waar ons God kan hoor – en om te keer dat enigiemand die gesprek oorheers:

**Praat persoonlik:**
Ek gaan persoonlik praat ...
... en my weerhou van veralgemenings.

**Wees eerlik:**
Ek gaan eerlik en kwesbaar wees ...
... en my weerhou van “little lies”.

**Luister diep:**
Ek gaan diep luister ...
... en my weerhou daarvan om ander te genees, bekeer of regmaak.

**Omhels die oomblik:**
Ek gaan in die oomblik bly en dit omhels ...
... en my weerhou daarvan om weg te hardloop vir pyn en ongemak.

**Maak oop:**
Ek gaan myself oopmaak ...
... en weerhou van agendas en my vooroordele opskort.

**Wag geduldig:**
Ek gaan geduldig in afwagting van God wag ...
... en nie vir God voorskryf waar en hoe God met ons moet kontak maak nie.

## 5. Navorsingsprojek

Die navorsing bepaal wat die impak van die geloofsreis op vroue wat die geloofsreis tot op hede deurloop het, was. Ons is opgewonde oor ’n moontlike volgende fase van die Geloofsreis: Vroue met Vlerke. Hiervoor het ons die Eenheid vir Innovasie en Transformasie genader om die taakspan behulpsaam te wees.

***Doel van die studie:*** Die Eenheid het opdrag van die Taakspan Vrouebegeleiding Wes-en-Suid-Kaapland om die geloofsreis *Vroue met Vlerke* te evalueer om te sien wat die impak is wat die proses tot dusver op vrouens gehad het en om verder te innoveer. Die navorsingsleier is dr Frederick Marais en die navorsingsassistent is ds Ankia du Plooy. Dr Nico Simpson sal ons ook bystaan, aangesien hy ons gehelp het met die uitpak van die geloofsreis.

***Die Metode:*** Ons beoog om ten minste drie fokusgroepgesprekke te hê met vroue wat die geloofsreis *Vroue met vlerke* deurloop het.

Vir hierdie fokusgroepgesprekke moet daar ’n vraelys opgestel word. Die vraelys is baie belangrik, omdat die regte vrae gevra moet word ten einde die antwoorde te kry wat ons kan help.

Wanneer die vraelys gereed is, sal die navorser die fokusgroepgesprekke hou met die dames wat deur die Taakspan vir Vrouebegeleiding geïdentifiseer word. Dit is belangrik dat die groep dames wat gekies word, so divers as moontlik sal wees, sodat verskillende stemme in die studie gehoor sal word.

Ons kies fokusgroepgesprekke as metodiek, want in die innovasiesiklus van navorsing is dit belangrik dat denke in gesprekke gestimuleer sal word, sodat die nodige innovering kan plaasvind.

## 6. Ontmoetingsgeleentheid van dagbestuurslede van NGK en VGKSA vroue te Wellington

’n Geskiedkundige ontmoetingsgeleentheid het op 15 November 2014 te Wellington plaasgevind. Die NGK en VGKSA vroue se dagbestuurslede het mekaar amptelik vir die eerste keer ontmoet. Dit was ’n gesellige geleentheid waar ons mekaar beter kon leer ken. Ons het ’n spontane, al singende, afsluitingseremonie gehad met die koortjie: “*O come let us adore Him, Christ the Lord*”, sodat die woorde ’n totaal nuwe betekenis gekry het. ‘n Ontmoetingsgeleentheid tussen die besture sal vroeg in die jaar weer gereël word.

## 7. Sinodale byeenkoms: 3 Junie 2015

**7.1** Ons beplan weer aan die vierjaarlikse sinodale byeenkoms waar al die vroue van die Wes-en-Suid-Kaapland genooi word om saam te kuier. Die tema is: Vroue met Vlerke.

**7.2** Hierdie saam-kuier-geleentheid vul ons met verwondering oor God. Kom deel met mekaar oor hoe God met ons almal op reis is. Die verkiesingsvergadering van die nuwe Sinodale Taakspan vir Vroue vind dan ook plaas. Inligting word per e-pos aan gemeentes gestuur.

## 8. Kommunikasie

Hou gerus die webblad, *Interaksie* en *VrydagNuus* dop. Ons gaan meer van die dienste gebruik maak om inligting te verskaf en lekker te kommunikeer.

## 9. Ten slotte

As ons terugkyk, sien ons die water vloei. Die Gees beweeg te midde van alles. Hy vul ons met energie. Ons beweeg dus in opwinding vorentoe met geloof en vertroue. Ons daaglikse reis met God is belangriker as die eindbestemming.

“Wanneer jy in gebed arbei, sal daar vanuit God se perspektief altyd resultate wees.”
**Oswald Chambers**

**Voorsitter: Antoinette Muller**

# 2.3 Verslag van Taakspan vir Gemeente-ontwikkeling en Kerklike Samewerking (GKS)

## 1. INLEIDING

Die Taakspan vir Gemeente-ontwikkeling en Kerklike Samewerking (GKS) lewer hierdie verslag aan die Sinode met baie groot dankbaarheid in die lig van die verwagtinge van die NG Kerk. Ons is baie dankbaar dat ons deel kan wees van ’n kerk wat deurgaans worstel met die uitdaging wat dit beteken om as gestuurde in hierdie wêreld te leef. Die besluite van die afgelope Algemene Sinode oor die missionale aard van die kerk het opnuut ons fokus, naamlik om in die wêreld van ongeloof, gebrokenheid en lyding nuwe geloofsgemeenskappe te begin, bevestig. Ons verwagting van die kerk is dat steeds meer en meer gemeentes en lidmate op ’n pro-aktiewe wyse inisiatief sal neem en hande vat met ander gemeentes om nuwe geloofsgemeenskappe in ons sinodale streek te vestig. Mag hierdie verslag daartoe meewerk dat gemeentes ook deur die vorming van nuwe geloofsgemeenskappe uitdrukking gee aan hulle missionale identiteit in die wêreld.

## 2. SAMESTELLING

GKS bestaan uit lede van die NGK, VGKSA en die RCA binne die Sinode. Die Raad het tot en met die VGKSA Sinode in Oktober 2014 bestaan uit die volgende lede wat deur hul onderskeie sinodes aangewys is:

**VGKSA**

Prof Xolile Simon, ds Dawid van Huffel (Ondervoorsitter), ds Johan Valentyn, ds Lukas Plaatjie en ds Ab Ijzerman.

**NG Kerk in SA**

Ds Johan Els, ds Gustav Meyer, ds Gerhard Pietersen, ds Jurie Goosen en ds Deon Koegelenberg.

**RCA**

Vakant

**Kundige Lede**

Dr Ryk van Velden (Voorsitter), prof Jurgens Hendriks, ds Paulus de Wet, ds Willie Els, ds John Hartney, ds Peter Adams (PSD) en ds Philip Botha (PSD).

## 3. BESTUUR

Die kantoor word tans beman deur di Philip Botha en Peter Adams, wat elkeen in ’n 50%-hoedanigheid diens doen. Die administratiewe beampte is me Esther Blackaller.

## 4. GKS BESTAANSDOEL

Nuwe Geloofsgemeenskapsontwikkeling (NGGO):
GKS verstaan sy rol om lidmate, kerkrade en ringe te begelei met die oog op die ontwikkeling en vestiging van nuwe geloofsgemeenskappe. Dit is nie die doel van GKS om self nuwe geloofsgemeenskappe te ontwikkel nie. Ten einde GKS te help om die beste uitdrukking aan hierdie fokus te gee, is ’n nuwe reglement en ooreenkoms vir die Sinode voorberei vir goedkeuring. Hierdie nuwe reglement en ooreenkoms is ingesluit in die Sinodale Taakspan Regte se verslag.

## 5. FOKUSAREAS VAN DIE GKS TAAKSPAN

**5.1** Materiaalontwikkeling en opleiding. Hierdie fokusarea was GKS se prioriteit die afgelope drie jaar en daarom het Communitas dit ’n vlagskipprojek gemaak. Sien die addendum-verslag oor GKS en Fresh Expressions-ontwikkeling.
**5.2** Samewerking, vennootskappe en netwerke
**5.3** Finansiële hulpbron-ontginning en infrastruktuur-ontwikkeling
**5.4** Visie-deling, mobilisering en kommunikasie
**5.5** Voortgesette navorsing
**5.6** Begeleiding en ondersteuning van Nuwe Geloofsgemeenskappe (NGG’s) en leierspanne.

## 6. SAMEWERKING, VENNOOTSKAPPE EN NETWERKE

**6.1** GKS se kantoor het vanaf 2012 geskuif na Stellenbosch om deel van die Gemeentebedieningdiensgroep te word. As een van vyf taakspanne was GKS die afgelope drie jaar intensief besig om mee te werk aan groter samewerking en die vestiging van netwerke binne die sinodale gebied.

**6.2** GKS het as eenheidstaakspan doelbewus groter samewerking op grondvlak tussen NGK en VGKSA gemeentes aangemoedig. Kursusse is ook gesamentlik aangebied en gelei.

**6.3** Die afgelope drie jaar het GKS via die Fresh Expressions-beweging ’n groot rol gespeel om verskillende denominasies in die Wes-, Suid- en Oos-Kaap saam in netwerke betrokke te kry met die oog op nuwe geloofsgemeenskapsontwikkelinge. Behalwe die NG en VGKSA kerke, is die Anglikaanse, Vineyard, Presbiteriaanse en Metodiste kerke by die netwerk ingeskakel.

## 7. FINANSIËLE HULPBRONONTGINNING EN INFRASTRUKTUUR-ONTWIKKELING

Tydens die reses het GKS fondse gegenereer en beskikbaar gestel aan twee spesifieke behoeftes:

**7.1** Gemeentes/Bedieninge wat aansoek gedoen het vir finansiële hulp met die vestiging van nuwe geloofsgemeenskappe: NG Bothasig; NG La Rochelle; Die Gemeenskapkerk; VG Lwandle; VG Mfuleni; NG Bellville-Wes; NG Constantia/Houtbaai; NG Ysterplaat-Suid; NG Maitland; NG Goodwood;

NG Sonstraal; NG Oudtshoorn-Parke; VG Khayelitsha en VG Uitsig.

**7.2** Gemeentes wat aansoek gedoen het vir finansiële hulp met die oog op die bou van kerkgeboue en sale: VG Delft; VG Philippi; VG Scottsdene; VG Zoar; Die Gemeenskapkerk; VG Goodwood; VG Belhar-Oos; VG Motherwell.

## 8. VISIE-DELING, MOBILISERING EN KOMMUNIKASIE

**8.1** Hierdie fokus was vir GKS 'n hoë prioriteit aangesien die ontwikkeling van geloofsgemeenskappe 'n relatief onbekende bedieningsarea is. Visie-deling en mobilisering het hoofsaaklik plaasgevind op die volgende wyses:

**8.2** Twee ringstoere waar bekendstelling gedoen is:
NGK Ringe 2011 – Worcester, Caledon, Riversdal, George, Stellenbosch, Kuilsrivier en Piketberg
VGKSA 2012 – Sarepta, SA Gestig, Ebenaeser, Zoar, Tulbagh, Kraaifontein, George

Aanbiedings is ook oor Nuwe Geloofsgemeenskapsontwikkeling (NGGO) (Fresh Expressions [FE] en Mission Shaped Ministry [MSM]) gemaak by: NGK Moderamenvergadering, NGK Ring Kaapstad, VGK Ring Kraaifontein, NGK Kerkraad Onrus, NGK Bellville-Wes, NGK Oudtshoorn (200 gemeenteleiers) en NGK Oos-Kaap – predikante-byeenkoms

Werkswinkels is by twee Winterskole aangebied oor Nuwe Geloofsgemeenskapsontwikkeling (NGGO) (Fresh Expressions en Mission Shaped Ministry). GKS was saam met Growing the Church – die Anglikaanse Kerk se Communitas – ook die afgelope vier jaar baie betrokke by die reël van 1-dag visie-werkswinkels oor Fresh Expressions en die Mission Shaped Ministry-kursus. Hierdie werkswinkels is hoofsaaklik deur Bishop Graham Cray aangebied.

- 1-Dag seminaar, Kaapstad 2012 (70 kursusgangers)
- 1-Dag seminaar, Kaapstad 2013 (100 kursusgangers)
- 1-Dag seminaar, Grahamstad 2013 (160 kursusgangers)
- 1-Aand seminaar, George 2013 (60 Kursusgangers)
- Studente van Teologiese Kweekskool, Stellenbosch 2013 (40 studente)
- 1-Aand seminaar, Oos-Londen 2014 (60 Kursusgangers)
- 1-Dag seminaar, Durban 2014 (100 kursusgangers)
- 1-Dag seminaar, Pretoria 2014 (50 kursusgangers)

## 9. BEGELEIDING EN ONDERSTEUNING

**9.1** Begeleiding en ondersteuning vanuit GKS se personeel was hoofsaaklik gerig op die begeleiding van kerkrade, nuwe geloofsgemeenskap-spanne, asook Nuwe Geloofsgemeenskapsontwikkelinge (NGGO's). Verskeie afsprake is met projekleiers en taakspanne van NGGO's gemaak: Burgundy; Bellville-Wes; Stellenbosch; Sonnekus; Constantia/Houtbaai; Bergsig; Sonstraal; Oudtshoorn-Wes; Oudtshoorn-Parke; Mosselbaai-Suid; Kathu; Windhoek; Moreletapark; Ysterplaat-Suid; Welgelegen; Kraggakamma; Internasionale Studente-bediening; Proteahoogte; Heidekoppie; Wellington-Oos; Goodwood.

**9.2** Die volgende inisiatiewe waar GKS 'n begeleidende rol gespeel het die afgelope termyn, staan vir GKS uit:

- Die totstandkoming van 'n nuwe gemeente in Houtbaai
- Die hergeboorte van 'n geloofsgemeenskap by De Hoop, waar 'n nuwe bediening onder leiding van die ring in samewerking met ander rolspelers in die kerk ontwikkel word.
- GKS het ook begin met die opleiding van begeleiers vir nuwe geloofsgemeenskappe.
- 'n Afrigtingskursus (Coaching) is in Augustus 2014 aangebied om die kapasiteit vir die begeleiding van nuwe geloofsgemeenskappe te vergroot.

## 10. NAVORSING

GKS is tans besig met 'n hele aantal navorsingsonderwerpe wat verband hou met ons kernbesigheid, naamlik die vorming van nuwe geloofsgemeenskappe

- Die Kerkordes en nuwe geloofsgemeenskapsontwikkeling
- Demografiese navorsing
- Multi-kulturele gemeente-wees

### 10.1 Kerkordelike uitdagings vir nuwe geloofsgemeenskappe

Die meerderheid van diegene wat pro-aktief probeer om nuwe geloofsgemeenskappe te vestig, kom gou agter dat die bestaande Kerkordes en reglemente van die NG Kerk-familie hulle voor verskeie uitdagings stel. Enersyds word hulle met situasies en vrae gekonfronteer wat nie (duidelik) in die Kerkorde of reglemente aan die orde gestel word nie en andersyds is daar bestaande bepalinge wat nie (genoegsaam) rekening hou met die besondere aard en eise van die vorming van geloofsgemeenskappe met die oog op nuwe gemeentevorming nie.

Die huidige kursus van Fresh Expressions (Mission Shaped Ministry [MSM]) wat deur Ekklesia met die hulp van GKS en andere aangebied word, sal na

alle waarskynlikheid ook daartoe lei dat nuwe "vars uitdrukkings" van kerkwees al hoe meer na vore tree. Die Anglikaanse Kerk in die Verenigde Koninkryk, wat Fresh Expressions ontwikkel het en reeds groot seën op die inisiatief beleef, moes groot aanpassings in hulle Kerkorde maak om op 'n kerkregtelike wyse voorsiening vir Fresh Expressions in hulle konteks te maak. Hierdie aanpassings het dit vir die kerk moontlik gemaak om nuwe vars uitdrukkings van gemeentes as deel van die Anglikaanse Kerk te akkommodeer, selfs al sou die gemeentes radikaal anders lyk en funksioneer as die tradisionele Anglikaanse Kerk. Die konsep "*mixed economy*" is geskep om die nuwe verstaan van verband te beskryf waar tradisionele gemeentes en nuwe vars uitdrukkings van gemeente-wees naas mekaar, en soms as deel van een vorige gemeente, in verband staan.

Enkele van die vernaamste uitdagings waaroor daar meer kerkregtelike riglyne ontwikkel moet word, is:

- Kerkregtelike vrae en riglyne ter aanvang van die ontwikkeling van 'n nuwe geloofsgemeenskap – wie moet geken word en watter goedkeuring moet verleen word, ensovoorts
- Vereistes vir lidmaatskap en leierskap in nuwe geloofsgemeenskappe
- Die plek en funksionering van Woordbediening en sakramente in nuwe geloofsgemeenskappe
- Verskillende opsies vir verband tussen die nuwe geloofsgemeenskappe en bestaande gemeentes, ringe en sinodes.

Verteenwoordigers van GKS en verteenwoordigers van die Taakspanne vir Regte van die betrokke sinodes is in gesprek oor die uitdagings en werk tans ook aan 'n konsepreglement vir die vorming van nuwe geloofsgemeenskappe.

### 10.2 Demografiese navorsing

GKS wil graag navorsing beskikbaar stel wat gemeentes kan oorreed en help met die verkryging van kerkpersele vir nuwe gemeente-ontwikkeling deur die NG Kerk-familie in bepaalde areas van die Kaapse metropool en ander groeiende stedelike gebiede in die Sinode. Stap een is egter eenvoudige demografiese data wat inligting kommunikeer om die noodsaaklikheid van aksie te kommunikeer. Daar is drie verskillende tipes demografiese navorsingsprojekte waarby GKS betrokke is:

**10.2.1** Die eerste is 'n algemene verslag, gebaseer op die WNNR-data wat in Junie 2015 beskikbaar sal wees. Hierdie verslag kyk na die verwagte bevolkingsverdigting en -verspreiding vir Stad Kaapstad vir 2030. Op grond daarvan word daar aanbevelings gemaak vir areas waarop ringe/ekumeniese vennote, ens moet fokus, om sodoende te verseker dat daar genoegsame kerke, kerkgeboue en fasiliteite in daardie areas sal wees. Hierdie navorsingsprojek stem ooreen met 'n 'prevention'-benadering. Daar word met ander woorde vooruit gekyk na areas waar daar kerkfasiliteite benodig gaan word, sodat daar nie die krisis-situasies (bv te min kerkfasiliteite, nie grond beskikbaar vir kerkgebou, ens) sal wees soos wat daar nou in sekere areas is nie. Hierdie navorsingsprojek verg geen 'ekstra' navorsing nie. Ons kan die WNNR se data gebruik.

**10.2.2** Die tweede tipe projek is vir 'n spesifieke area of ring. Verdere area-spesifieke navorsing word gedoen. Daar word gekyk na die kerke in die spesifieke area, sowel as die 'aanbod' van die kerke (bv die denominasie, die 'soort' teologie, die hoeveelheid dominees, die hoeveelheid mense wat die kerk realisties kan bedien, beskikbare fasiliteite, ensovoorts).

Hierdie data word geïntegreer met die WNNR-data om 'n volledige prentjie te skep van die area in terme van die verwagte bevolkingsgroei en die bestaande kerke en gemeentes. Op grond van hierdie data kan daar byvoorbeeld gekyk word na waar daar potensieel nuwe kerkfasiliteite benodig gaan word, watter areas 'n oormaat van kerke het, ensovoorts.

Hierdie navorsing kan gebruik word deur denominasies om hulle beplanning te doen in terme van gemeentegroei, maar ook waar gemeentes moet saamsmelt. Ideaal sal dit ook ekumenies gebruik kan word. Hierdie navorsingsprojek stem ooreen met 'n 'care'-benadering. Daar is met ander woorde reeds probleme met kerkgeboue en gemeentes – hier word nou navorsing gedoen op grond waarvan moontlike oplossings gevind kan word.

Dit is moeilik om kostes aan só 'n tipe projek te koppel, aangesien die grootte van die area en hoe gedetailleerd dit moet wees, sal verskil. Twee areas wat in detail bespreek is (Durbanville en Kraaifontein), dien as voorbeeld van die verskillende behoeftes wat die aard en omvang van die navorsing in areas sterk beïnvloed. Wat wel sal ooreenstem in beide areas, en oral waar soortgelyke navorsing gedoen word, is dat gemeentelede opgelei kan word as veldwerkers om die nodige data in te samel. Dit is met die oog op die begeleiding en ondersteuning van ringe as gevolg van die navorsing wat hulle gedoen het dat 'n dokument genoem "Die bemagtiging van Ringe" as 'n addendum-stuk by hierdie verslag gevoeg word.

**10.2.3** Gemeente-spesifieke navorsing. Veldwerk word gedoen binne 'n spesifieke gemeente, met gemeentelede, om 'n oorsig te kry van die behoeftes en vereistes van die gemeente. Dieselfde tipe navorsing kan gedoen word in 'n nuwe uitbreiding, met die nuwe intrekkers, om so te bepaal watter 'tipe' kerk daar in die area opgerig moet word. Hierdie is meer gedetailleerde, kwalitatiewe navorsing, wat meer veldwerkers, meer tyd en (waarskynlik) meer geld sal verg.

**10.3 Multi-kulturele gemeente-wees**

Nadat daar die afgelope paar jaar verskeie oop gesprekke en werkswinkels oor hierdie onderwerp plaasgevind het, het GKS besluit om saam met Communitas en KGA 'n twee dag-konferensie hieroor aan te bied. Die konferensie het ook navorsing oor multikulturele gemeente-wees gestimuleer. Naas stories van gemeentes is gesprekke oor multikulturele gemeente-wees gevoer na aanleiding van die volgende voordragte:

- Nuwe Testament (NT) perspektiewe op multikulturele gemeente-wees.
- Multikulturele gemeentes in die NG Kerk-familie: Algemene oorsig.
- Op weg na multikulturele gemeentes in die RSA-konteks: 'n Sosiologiese perspektief.
- Teologiese perspektiewe vir multikulturele gemeente-wees .
- Van mono- na multikulturele gemeente-wees.
- Leierskap in multikulturele gemeentes.

## 11. INTERNASIONALE "FRESH EXPRESSIONS"-KONFERENSIE

Onder leiding van GKS het 'n inter-denominale span aansoek gedoen om die volgende Internasionale "Fresh Expressions"-konferensie in Suid-Afrika te hou. In 2014 is hierdie aansoek toegestaan en is dit met groot dankbaarheid dat ons aan die sinode kan bekendmaak dat hierdie konferensie in Februarie 2016 in Kaapstad aangebied gaan word. Ons versoek u om ook hiervoor te bid.

## 12. BEDANKINGS

GKS wil graag die Sinode bedank vir hulle visie en morele en finansiële ondersteuning om nuwe geloofsgemeenskappe te vestig. Baie dankie vir die waagmoed en openheid om deur diens en getuienis nuwe geloofsgemeenskappe en toepaslike bedieningstyle vir nuwe geloofsgemeenskappe te ontwikkel. Baie dankie vir die voortgesette ondersteuning in die ontwikkeling van infrastruktuur vir nuwe geloofsgemeenskappe en gemeentes.

## 13. AANBEVELINGS

**13.1 Aanbeveling 1**
**Die Sinode keur die nuwe reglement van GKS goed.**

**13.2 Aanbeveling 2**
**Die Sinode moedig gemeentes en ringe aan om in die lig van die veranderde konteks groot erns met die saak van nuwe geloofsgemeenskappe te maak. Dit sluit navorsing, die bediening aan kerklos-lidmate/evangelisasie, netwerkvorming en die vestiging van nuwe bedieningspunte in.**

**13.3 Aanbeveling 3**
**Die Sinode moedig predikante, kerkrade en lidmate aan om die Mission Shaped Ministry-kursus soos aangebied onder die sambreel van Ekklesia, by te woon met die oog die vestiging van nuwe geloofsgemeenskappe.**

**13.4 Aanbeveling 4**
**Die Sinode moedig gemeentes aan om lidmate te identifiseer en aan te moedig om in te skryf vir die kursus vir pioniers van geloofsgemeenskappe aan Hugenote Kollege**

**13.5 Aanbeveling 5**
**Die Sinode versoek ringe en gemeentes om in hulle eie omgewings navorsing te doen oor die moontlikheid om nuwe geloofsgemeenskappe te vestig.**

**13.6 Aanbeveling 6**
**Die Sinode moedig gemeentes van die NG Kerk aan om saam met gemeentes en lidmate van die NG Kerk-familie nuwe geloofsgemeenskappe te vestig.**

**13.7 Aanbeveling 7**
**Die Sinode ondersteun GKS om ekumeniese samewerking ten opsigte van die opleiding van leraars en gemeentelede vir nuwe gemeente ontwikkeling te bevorder.**

**13.8 Aanbeveling 8**
**Die Sinode wys die volgende persone aan om deel te wees van die Taakspan: Nuwe Geloofsgemeenskap Ontwikkeling (NGGO):**
**Primarii:**
**Dr R van Velden**
**Ds G Pietersen**
**Ds D Koegelenberg**
**Ds J Goosen**
**Ds G Meyer**
**Sekundi:**
**Ds J Els en ds G Gouws.**

# Bylaag 1: Ringsbemagtiging met die oog op nuwe geloofsgemeenskapontwikkeling. (NGGO)

Tydens die NG Kerk in Wes-en-Suid-Kaapland se sinodesitting van 2011 het die Sinode ten opsigte van bogenoemde soos volg besluit: Die Sinode moedig gemeentes en ringe aan om in die lig van die veranderde konteks groot erns met die saak van nuwe geloofsgemeenskappe te maak.

Dit sluit in die bediening aan kerklos-lidmate, evangelisasie, netwerkvorming en die vestiging van nuwe bedieningspunte. Die doel met hierdie strategiese rigtingwysers is om ringe te help om aan bogenoemde besluit uitvoering te gee.
Geloofsonderskeidende gesprekke binne die ring oor die volgende drie temas sou ringe met bogenoemde proses kon help:

**Fase 1: Roeping en Visie**
'n Duidelike roepingsbewustheid, oftewel visie van die ring, om mense wat binne die ring se gebied woon, maar nie effektief bedien word nie, te bedien is 'n noodsaaklike vertrekpunt vir die proses van Nuwe Geloofsgemeenskapsontwikkeling (NGGO).

Om hierdie roeping te bevestig sou wandel in die Woord gesprekke uit Skrifgedeeltes soos Luk 10:1-15; Matt 9:3–38; Luk 15 (die drie gelykenisse) en andere gebruik kon word.

Gesprekke oor die Missio Dei en die missionêre karakter van die kerk sou ook waardevol kon wees. Die verslag oor missionale kerkwees (of opsomming daarvan) wat voor die NG Kerk se Algemene Sinode in 2011 gedien het, kan ook as 'n gespreksdokument dien.

Gesprekke oor evangelisasie en dissipelskap kan ook help om duidelikheid te kry oor die kerk se roeping om nuwe geloofsgemeenskappe te vestig vir mense wat nie in 'n geloofsgemeenskap opgeneem is nie.
Blootstelling aan bepaalde situasies, mense, omstandighede, hetsy of dit fisies is of deur middel van die digitale media, sou ook kon bydra om hierdie roeping of visie te vestig.

**Fase 2: Identifisering van behoeftes of nood deur 'n doelgerigte luisterproses**
In die lig van sekere samelewingsveranderinge (bv sekularisasie, demografie, verstedeliking, globalisering ens) wat die meeste gemeenskappe in ons land beïnvloed het, sal dit vir ringe van groot waarde wees om hulle self tot 'n intensiewe luisterproses te verbind om sodoende geleenthede te ontdek met die oog op Nuwe Geloofsgemeenskapsontwikkeling (NGGO).

Hierdie luisterproses sou op gemeentelike vlak begin kon word met terugvoering na 'n gesamentlike rings-luistergesprek. Die luisterproses kan plaasvind in die lig van die volgende riglyne:
1. Skryf die bestaande kennis wat lede van hulle omgewing het, neer. Beskryf die omgewing breedweg – so goed as moontlik.
2. Begin met 'n meer intensionele luisterproses. Neem 'n A1-bladsy en plot julle gemeenskap op die bladsy in terme van woongebiede, skole, kerke, winkels, restaurante, kroeë, aftreeoorde, beraamde getalle, ouderdomme, kulture, ensovoorts.
3 Gaan voort met dieper luisterprosesse deur:
3.1 Waarnemings te maak van mense en situasies in die gemeenskap ten opsigte van bogenoemde sake soos in punt 2 genoem.
3.2 Dieper ondersoek in te stel na mense se lewenstyl, oortuigings, waardes deur onder andere vraelyste te gebruik.
3.3 Gesprekke te voer met sleutelleiers in die gemeenskap, byvoorbeeld skoolhoofde, aftree-oordbestuurders, polisiehoof, dokters, ensovoorts.
4. Reflekteer daarna as ring saam en neem tyd om te luister na wat die Heilige Gees vir julle sê en wys ten opsigte van behoeftes, nood, geleenthede in julle gebied en omgewing.

**Derde fase: Strategiese implementeringsfase**
Nadat die ring oor haar roeping duidelikheid gekry het, asook doelgerig geluister het na hulle omgewing, is dit belangrik dat die ring sekere strategiese sake moet aanspreek om besluite te neem sodat daar prakties tot aksie oorgegaan kan word.

Die ring sou vervolgens voorstelle oor moontlike projekte soos deur gemeentes of gemeentelede voorgestel, kan prioritiseer. Die ring wys 'n Nuwe Geloofsgemeenskapsontwikkeling (NGGO)-span aan om voorstelle te formuleer om die ring te begelei ten opsigte van Nuwe Geloofsgemeenskapsontwikkeling (NGGO). Die ring se Nuwe Geloofsgemeenskapsontwikkeling-taakspan sou die ring kon bedien met voorstelle wat onder andere die volgende sake dek:

- 'n Projekspan wat die spesifieke projek kan lei
- 'n Gebedsspan wat intensief voorbidding doen vir die span, behoeftes en teikengroep
- Die teikengroep wat met die bediening bereik wil word so goed as moontlik te beskryf
- 'n Beskrywing van duidelike behoeftes/nood wat na vore gekom het en hoe die behoeftes bedien kan word
- Voorstelle te maak oor hoe daar verhoudings gebou kan word met die teikengroep
- Wie die vennote in die projek is en wat elkeen se bydrae is
- Finansiële implikasies te bereken, bronne te identifiseer en 'n finansiële strategie voor te stel
- Toerusting/opleiding wat nodig is vir die vestiging en ontwikkeling van die projek te identifiseer en te voorsien
- 'n Assimileringsproses voor te stel en wie vir die implementering daarvan verantwoordelik is
- Waar, wanneer en hoe die bediening sal begin word en gaan plaasvind.

Hiermee vertrou ons dat hierdie gespreksdokument ringe kan help om méér doelgerig by die prosesse van Nuwe Geloofsgemeenskapsontwikkeling (NGGO) betrokke te raak.

# Bylaag 2
# Ooreenkoms tot die vorming en bestuur van 'n Taakspan vir Nuwe Geloofsgemeenskap Ontwikkeling (NGGO)

## Agtergrond

**SRKS: Skiereilandse raad vir Kerklike Samewerking**
Die SRKS is 'n raad bestaande uit NGK en VGKSA verteenwoordigers wat oor 'n tydperk van ongeveer vyftig jaar gemeente uitbreidinge deur die VGKSA in die Skiereiland geïnisieer en gekoördineer het. Die SRKS neem as uitgangspunt vir sy bediening die klassieke ekumeniese simbole, die Drie Formuliere van Eenheid en die Belydenis van Belhar.

**GO: Nuwe Gemeente-ontwikkeling NGK Sinode Wes-en-Suid-Kaapland**
GO het vier jaar gelede ontstaan as 'n permanente subkommissie van die NG Kerk Wes-en-Suid-Kaapland, in samewerking met ander rolspelers, onder andere die VGKSA met die oog op nuwe gemeente-ontwikkeling in die sinodale gebied.

In die lig van bogenoemde en die volgende:

- Dat beide GO en SRKS dieselfde doel het, nl die uitbou van die kerk en koninkryk van God
- Dat die werk in die verlede primêr deur twee lede van die familie van NG Kerke gedoen is
- Dat dit aan die een kant duplisering, en aan die ander kant beperkings meegebring het
- Dat die familie van NG Kerke hulle tot kerkhereniging verbind het
- Dat die familie van NG Kerke verskeie besluite geneem het wat die kerke aanmoedig tot nouer samewerking
- Dat die doeltreffende bediening van die totale gebied slegs gesamentlik gedoen kan word,

het GO en SRKS die afgelope twee jaar besluit om met 'n proses van eenwording te begin.

**Die VG Kerk in SA**
Die SRKS het die Sinode van die VGKSA in Suider-Afrika in September/Oktober 2006 met aanbevelings bedien wat tot die volgende besluite deur die Sinode gelei het:

- Die Sinode gee goedkeuring aan die SRKS- en GO-bestuur om met volmag voort te gaan met die voorgestelde vereniging soos in die konsepvoorstel beskryf.
- Die Sinode verklaar dat hulle met so 'n besluit alle reglementêre vereistes nakom om so 'n verenigingsproses moontlik te maak.
- 'n Voorgestelde reglement sal aan die Moderamen van die NGK en die Sinodale Kommissie van die VGKSA (asook die onderskeie regskommissies) voorgelê word vir goedkeuring.
- Die Sinode gee opdrag aan die Sinodale Kommissie om in die reses die hele aangeleentheid af te handel soos die proses vorder.

**Die NG Kerk in SA**
In die afwesigheid van 'n sinodesitting het die Moderamen van die NG Kerk in SA tydens hulle sitting op 7 Maart 2007, met dank, amptelik kennis geneem van SRKS- en GO-bestuur se verenigingsproses. Opdrag is gegee om voort te gaan om deur middel van SKG-voorstelle aan die Moderamen of Sinode te maak vir goedkeuring.

**Die RCA**
Aangesien die Reformed Church in Africa (RCA) net een gemeente in die sinodale gebied het, en deel van die familie van NG Kerke is, is 'n positiewe gesprek met die plaaslike leraar gevoer en die RCA genooi om deel van die taakspan te vorm.

## Ooreenkoms

**1. Woordomskrywing**
Kerke: Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (Kaapland) (VGKSA Kaapland), Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (Wes-en-Suid-Kaapland) (NGKSA) en Reformed Church in Africa (RCA) en afhangende van die samehang verwys 'n 'kerk' of 'die kerk' na een van hulle. Woorde wat die manlike geslag aandui, sluit ook die vroulike in, en woorde wat die enkelvoud aandui, sluit ook die meervoud in.

**2. Die naam en grondslag van die Taakspan**
**2.1** Die naam van die taakspan is die Taakspan vir Nuwe Geloofsgemeenskap Ontwikkeling (NGGO)
**2.2** Die Taakspan vir Nuwe Geloofsgemeenskap Ontwikkeling (NGGO) neem as uitgangspunt vir sy bediening die klassieke ekumeniese simbole, die Drie Formuliere van Eenheid en die Belydenis van Belhar.)

**3. Die doel van die Taakspan**
Om die gesamentlike getuienistaak van die drie kerke te stimuleer, begelei en te koördineer met die oog op nuwe geloofsgemeenskap ontwikkeling.

**4. Die ooreenkoms tot die vorming van NGGO**
Bogenoemde kerke kom ooreen om hierdie taakspan te vorm en te bestuur volgens die goedgekeurde reglement van Nuwe Geloofsgemeenskapsontwikkeling (NGGO) (Sien reglement vir NGGO).

**5. Regte en verantwoordelikhede**
Die regte en verantwoordelikhede van die kerke word nie deur hierdie ooreenkoms opgehef of tot niet verklaar nie.

**6. Wysiging van ooreenkoms**
Geen wysiging of kansellasie of vervanging van hierdie ooreenkoms of enige gedeelte daarvan is van krag tensy sodanige wysiging, kansellasie of vervanging op skrif gestel en deur die partye hiertoe geteken is nie, en deur die taakspan goedgekeur is nie.

**7. Terugtrede**
Enige van die partye kan uit hierdie ooreenkoms terugtree deur kennis van terugtrede aan die ander partye en aan die taakspan te gee vir ’n kennistermyn van minstens twaalf kalender-maande wat uitloop op die laaste dag van ’n finansiële jaar. Die taakspan sal die kennisgewing hanteer, verwys na die betrokke kerklike vergadering vir advies en aanbevelings, waarna ’n finale besluit geneem sal word.

# Bylaag 3
# Addendumverslag: Gemeente-ontwikkeling (GKS) en Fresh Expressions of Church (FE) 2011 – 2015

Dit is met groot dankbaarheid dat Gemeente-ontwikkeling en Kerklike Samewerking (GKS) oor hierdie ontwikkeling wat in die afgelope vier jaar plaasgevind het, verslag doen. Ons het dit as ’n verrassende en geseënde werk van die Heilige Gees beleef wat groot vrug vir die kerk en koninkryk van God kan meebring.

## Inleiding

## 1. Vorige sinodebesluite

Tydens die Sinodesitting van die Ned Geref Kerk in SA in 2003 word besluit: “Die Sinode aanvaar dat NGO (nuwe gemeente-ontwikkeling) ’n saak van dringende prioriteit is”.

Met die Sinodesitting in 2007 word besluit om die permanente voortbestaan van ’n Gemeente-ontwikkeling (GO)-kantoor goed te keur. Die Sinode keur ook die samewerkings-ooreenkoms tussen Gemeente-ontwikkeling (GO) en die Skiereilandse Raad vir Kerklike Samewerking (SRKS) en die reglement vir die funksionering van GOKS goed. Die 2011 Sinode besluit: “Die Sinode moedig gemeentes en ringe aan om in die lig van die veranderde konteks, groot erns te maak met die saak van nuwe gemeente-ontwikkeling. Dit sluit die bediening aan kerklos-lidmate, evangelisasie, netwerkvorming en die vestiging van nuwe bedieningspunte in.”

## 2. GKS doen strategiese beplanning

In die lig van bogenoemde het GKS aan die einde van 2011 deur ’n in-diepte strategiese proses gewerk en sy bestaansdoel en fokusareas soos volg omskryf:

**2.1 Bestaansdoel**
Om by God se sending na die wêreld betrokke te raak deur saam as familie van kerke nuwe geloofsgemeenskappe te ontwikkel.

**2.2 Fokusareas**
- Finansiële hulpbron-ontwikkeling en infrastruktuur-ontwikkeling
- Materiaal-ontwikkeling en opleiding
- Samewerking, vennootskappe en netwerke
- Visiedeling, mobilisering en kommunikasie
- Voortgesette navorsing
- Begeleiding en ondersteuning

**2.3 Navorsing oor geskikte opleidingsmateriaal**
In die lig van bogenoemde het Gemeente-ontwikkeling en Kerklike Samewerking (GKS) besef die grootste leemte is die gebrek aan materiaal en ’n deeglike opleidingsproses vir predikante, kerkrade en gemeentelede met die oog op die ontwikkeling van nuwe geloofsgemeenskappe. Navorsing is binnelands en buitelands gedoen om vas te stel wat ander denominasies in dié verband doen. Kontak is onder andere ook gemaak met die Fresh Expression of Church-beweging in die Verenigde Koninkryk.

Die gevolg was dat die hoof van hierdie beweging, Bishop Graham Cray, in September 2012 ’n eendag-kursus in die NG Kerk Bellville-Wes vir 70 leraars en gemeenteleiers vanuit die Wes-en-Suid-Kaapland aangebied het.

Verteenwoordigers van Communitas, GKS en Ekklesia het daarna tydens ’n vergadering met Bishop Cray kennis geneem dat die beweging in die VK reeds twee kursusse ontwikkel het, nl Mission Shaped Intro (MSI) – ses modules oriëntering – en Mission Shaped Ministry (MSM) 24 modules deeltydse kursus wat oor ’n tydperk van nege maande aangebied word.

**2.4 Ooreenkoms met Fresh Expressions**
Nadat verskeie teoloë die agtergrond, teologie, aard en kwaliteit van die kursusse oorweeg het, het

Ekklesia as ekumeniese opleidingsinstituut besluit om ’n Internasionale vennoot van Fresh Expressions in die Verenigde Koninkryk (VK) te word. Ekklesia het die reg ontvang om die Mission Shaped Ministry-kursus in SA aan te bied. Ekklesia het Communitas versoek om kapasiteit hiervoor beskikbaar te stel. Gemeente-ontwikkeling en Kerklike Samewerking (GKS) is hiermee getaak in die lig van sy bestaansdoel en fokusse.

**3. Agtergrond**

Agtergrond van die Fresh Expression of Church-beweging in die VK en die Mission Shaped Ministry-kursus: Die Anglikaanse kerk in die VK het in ’n verslag met die titel: “Breaking new ground, Church planting in the Church of England” (1994) verslag gedoen oor die krimpende lidmaattalle en gemeentes, asook oor die groot kulturele skuif in hulle samelewing.

Die slotsom waartoe gekom is: Die tradisionele maniere van kerkwees gaan nie die al-groter-wordende kerkvervreemde gemeenskap effektief met die evangelie bereik nie.

Kerkplanting is amptelik as hulle missionêre strategie aanvaar.

In ’n opvolg-verslag wat eenparig deur die Anglikaanse en Metodiste kerke in 2004 aanvaar is, genoem: “Mission Shaped Church – Church planting and fresh expressions of church in a changing context”, word die veranderde konteks en leefstyl van mense breedvoerig verduidelik. Voorbeelde van ’n verskeidenheid van ”fresh expressions of church” wat vanaf 1994 ontwikkel is, se stories word vertel. Die missionale karakter van die deelnemende kerke word weer bevestig. Daar word ook riglyne gegee oor aanpassings wat binne die denominasie gemaak sal moet word om die vestiging van nuwe/vars vorme van kerkwees te laat realiseer.

## Verslag

Die kernelemente in hierdie verslag behels die volgende:

**1. Definisie van ’n vars uitdrukking van kerkwees**

Dit is ’n nuwe manier van kerkwees vir mense wat as gevolg van ’n veranderende leefstyl, oortuigings en behoeftes (kultureel) nie meer deel van ’n kerk is of nog nooit lidmate van ’n kerk was nie. Nuwe geloofsgemeenskappe en Fresh Expressions van kerk kom tot stand deur die toepassing van beginsels van luister, dienslewering, gemeenskapbou, dissipelskap en evangeliasie.

Vars uitdrukkings van kerkwees is dus nie:

- ’n nuwe evangelisasie-metode waardeur buitekerklikes bearbei word om hulle by bestaande gemeentes in te skakel nie.
- Dit is ook nie ’n brugbou-projek om mense voor te berei om later by ’n gevestigde gemeente in te skakel nie.
- Dit is ook nie net ’n alternatiewe tipe kerk vir bestaande lidmate van ’n gemeente nie.

Dit is volledig kerk soos die bekende bestaande kerk, maar wat gebore word uit ’n fokus op ongelowiges en buite-kerklikes en op ’n vars manier langs die bekende kerk haar plek inneem. ’n Voorbeeld van só ’n vars uitdrukking van kerk:

**Die Branderplank-kerk-storie**

’n Kerkie wat letterlik teen ’n bekende “Surfer”-strand gestaan het, het nog net twee senior lidmate oor gehad. Hulle het alles probeer om mense in te trek, maar onsuksesvol. Op ’n Sondag kyk hulle uit na die strand en sien die honderde “surfers” en begin navraag doen oor die behoeftes van die “surfers”. Storte, toilette en kuier-area was ’n groot behoefte. Die kerkie word omskep om ’n kuierplek vir die “surfers” te word waar ’n verskeidenheid van hulle behoeftes aangespreek word, ook hulle geestelike behoeftes en só ontstaan ’n nuwe branderplank-gemeente.

**2. Mixed economy of church**

Een van die hoofredes waarom hierdie verslag so goed ontvang is in ’n denominasie wat oor ’n tydperk van 400 jaar (vlg die Anglikane) geglo het daar is net een manier van kerkwees – is die bekendstelling van die “mixed economy”-beginsel.

Die gemengde kerk-ekonomie verwys na die feit dat die historiese/gevestigde manier van kerkwees steeds waardevol is, en sal wees, vir ’n sekere segment (in hulle geval 40%) van die samelewing, maar dat ander maniere (nuwe/vars) van kerkwees ook ontwikkel moet word om die oorblywende 60% beter met die evangelie te bereik.

Die aanvaarding van hierdie beginsel het dus ’n verbreding van hulle verstaan van kerkwees meegebring, en het daartoe gelei dat kerkordelike aanpassings gemaak moes word om dit moontlik te maak dat nuwe/vars vorme van kerke langs die parochiale sisteem gevestig kon word.

Nog ’n verandering wat die Anglikaanse kerk op grond van bg gemaak het, was om die gewone predikante-amp aan te vul met “ordained pioneer ministers”. Pionier-predikante word nou langs gemeente-predikante opgelei om te help om hierdie vars uitdrukkings van kerkwees te vestig en te ontwikkel.

**3. Waardes van vars uitdrukkings van kerkwees**

Uit die navorsing oor hierdie soort gemeentes wat in die 2004-verslag opgeneem is, het vyf duidelike kernwaardes na vore gekom:

**3.1 Gerigtheid op die Drie-enige God as Vader, Seun en Heilige Gees**
Die hoofdoel van ’n vars uitdrukking van kerk is om God te aanbid en te verheerlik.

**3.2 Inkarnering**
Om soos God in Christus na hierdie aarde gekom het om versoening, geregtigheid en genesing te bring, só verstaan ’n vars uitdrukking van kerkwees haar roeping om in navolging van Christus te gaan na plekke en netwerke waar mense leef met die doel om saam met hulle op reis te gaan.

**3.3 Transformasie**
Vars uitdrukkings van kerkwees wil ruimtes skep waar individue en gesinne deur die evangelie en die krag van die Heilige Gees verander kan word, sodat hulle as veranderde mense kan meewerk daaraan om gemeenskappe plekke van geregtigheid en genesing te maak.

**3.4 Verhoudinge**
Vars uitdrukkings van kerkwees word gekenmerk deur gasvryheid, liefde en onvoorwaardelike aanvaarding. Daarom is die bou van verhoudinge sleutel belangrik.

**3.5 Dissipelmaak**
Deur die proses van na mense gaan waar hulle is, na hulle luister, hulle bedien, gemeenskap bou, word mense genooi om volgelinge van Christus te word en Hom toe te laat om in elke lewensfaset méér soos Hy te word.

**4. Groei van die “Fresh Expressions of church”-beweging in die VK**

- *Hierdie beweging* het geblyk ’n verrassende Heilige Gees geïnspireerde beweging in Engeland te wees wat onverwagte groei van deelnemende kerke tot gevolg gehad het.
- In 2010 het die Metodiste kerk in die VK, 941 *vars uitdrukkings van kerk* bevestig uit ’n totaal van 5162 gemeentes = 14%
- In 2011 het die Anglikaanse kerk minstens 1000 *vars uitdrukkings* identifiseer = 6% van hulle gemeentes.
- 44% van alle *vars uitdrukkings van kerkwees* het tydens 2010-2012 ontwikkel.
- Navorsing oor *die beweging* het gevind die meeste *vars uitdrukkings* het begin met 3-12 mense en het met 250% gegroei van hulle oorspronklike grootte.
- Die gemiddelde grootte van *vars uitdrukking van kerk* is 44 mense.
- 35% lidmate was voorheen kerklik aktief, maar het om verskeidenheid redes kerklos geraak.
- 40% mense was nooit by enige bestaande kerk betrokke nie.
- 25% was reeds betrokke in ’n kerk.
- Daar word beraam dat meer as 100 000 mense in *hierdie beweging* toegevoeg is tot die deelnemende denominasies.
- Dit is baie duidelik dat *hierdie beweging* as missionale strategie ’n groot bydrae gemaak het in die uitbreiding van die koninkryk van God.
-

**5. Die Mission Shaped Ministry-kursus soos ontwikkel deur die Fresh Expressions in die VK**
Nadat die Anglikaanse en Metodiste kerk die “Mission Shaped Church”-verslag in 2004 aanvaar het, het hulle vir dr Steven Croft as leier aangewys om ’n strategiese plan te ontwikkel om hierdie beweging in deelnemende denominasies te vestig. Materiaalontwikkeling is as prioriteit gestel.

Twee ervare kerkplanters van die Anglikaanse kerk, Bob en Mary Hopkins, het ’n kursus oor 30 jaar ontwikkel en is versoek om hulle kursus beskikbaar te stel aan Fresh Expressons. Die kursus is aan meer as 30 missioloë en pioniers gegee om te verander en by te voeg. Die nuwe produk “Mission Shaped Ministry” is bekend gestel as die hoofkursus van die “Fresh Expressions of Church”-beweging

Die kursus bestaan uit 32 modules waarvan 24 gekies word om aan te bied.

Die kursus word ekumenies aangebied oor ’n tydperk van nege maande vir predikante, gemeenteleiers, jeugwerkers, getuienisaksies en kerkplanters.

Deelnemers ontvang 450 bladsye hoë kwaliteit toerustingsmateriaal, asook toegang tot ’n groot verskeidenheid van bronne.

Temas wat hanteer word, is onder andere:

- Die sending, konteks en gemengde kerk-ekonomie
- Die missie van God
- Roeping en visie
- Missionale waardes
- Missionale luister
- Wat is kerk?
- Evangelie en kultuur
- Missionale leierskap
- Gebed en God se sending
- Missionale spiritualiteit
- Evangelisasie
- Dissipelskap
- Gesonde verhoudingsbou
- Missionale kleingroepe
- Finansies in God se sending

**6. Groei en ontwikkeling van Fresh Expressions-beweging en MSM kursus in SA**
Nadat Ekklesia die vennootskap met Fresh Expressions VK gesluit het, word twee leraars van

Communitas (GKS se twee PSD's), een Anglikaan en een leraar van Vineyard, in Februarie 2013 gestuur om opleiding in Engeland te ontvang om die Mission Shaped Ministry-kursus in SA aan te bied.

In Maart 2013 begin die kursus in Kaapstad en in April in George. 64 leraars en gemeenteleiers het die kursus in Nov 2013 voltooi, waarvan 60% NGK en VGKSA deelnemers was.

In 2014 is die kursus-aanbieding op aanvraag ook uitgebrei na ander dele van SA.

- Port Elizabeth met 51 deelnemers – 90% NGK- en VGK-deelnemers
- Johannesburg en Pretoria – 56 deelnemers
- Stellenbosch met finale jaar teologiese studente – 18 deelnemers
- Kaapstad – 19 deelnemers
- In totaal was daar 144 deelnemers.

In 2015 sal die kursus DV aangebied word in: Kaapstad, Stellenbosch, Strand, George, Oos-Londen, Durban, Bloemfontein, Polokwane, Johannesburg en Pretoria.

Om die Mission Shaped Ministry (MSM)-kursus ook in ander dele van die land aan te bied, is daar die afgelope twee jaar (2013 en 2014) ook 85 aanbieders opgelei uit die deelnemende denominasies, nl NG-, VG-, Anglikaanse-, Metodiste-, Presbiteriaanse- en Vineyard kerke.

Die vrug op hierdie kursus is reeds besig om te ontwikkel, want daar is op verskillende plekke en kontekste predikante en gemeenteleiers besig om nuwe geloofsgemeenskappe te vestig.

**7. Waarnemings**

GKS, Communitas en Ekklesia het die volgende waarnemings gemaak wat aansluit by 'n verslag wat voor die Algemene Sinode van die NGK in 2011 gedien het, met die titel: "Missionale Ekklesiologie". In hierdie verslag word onder andere oor Fresh Expressions gemeld: "Daar kan dalk kers opgesteek word by die Anglikaanse Kerk (in VK) wat met waardering hulle bestaande parochiale stelsel behou, maar in dieselfde asem ruimte skep vir *vars uitdrukkings van kerkwees".* (Daar word ook na ander waardevolle aspekte van Fresh Expressions in die verslag verwys)

In die lig van al bg, kan die vennootskap wat die NGK in die Wes-en-Suid-Kaapland en ander vennote met die Fresh Expressions-beweging in VK gesluit het, gesien word as 'n gawe waarmee die Here ons kom seën het.

**7.1 Teologie**

Die teologie wat die fondasie vorm van die Fresh Expressions-beweging in die VK sluit baie goed aan by ons missionale teologie, naamlik dat die Drie Enige God die primêre agent van sending is en Hy sy kerk uitnooi om by sy sending na hierdie wêreld aan te sluit.

**7.2 Mixed Economy**

In die gemengde kerk-ekonomie beginsel word erkenning gegee aan die feit dat God die historiese/bekende manier van kerkwees gebruik het, en steeds gebruik, sowel as die kerk nooi om nuwe/vars gestaltes van kerkwees te ontwikkel vir hulle wat nêrens tuiskom nie.

Die aanvaarding van hierdie beginsel, kan die bestaande kerke in SA aanmoedig tot die viering en vernuwing van die bestaande gemeentes terwyl daar gelyktydig nuwe gestaltes gevestig word.

**7.3 Opleiding**

**7.3.1 Die MSM-kursus:**

Hierdie kursus word tans nie net in VK aangebied nie, maar ook in Kanada, VSA, Duitsland, Switserland, Australië, Barbedos, Nieu Zeeland en in Suid-Afrika. Die kursus kan met sekere kontekstuele aanpassings van groot waarde wees vir kerke in Suidelike Afrika.

**Redes**:

**1.** Die kursus dek die meeste van die belangrike aspekte om bestaande gemeentes te lei tot groter missionaliteit wat kan meewerk tot die vestiging van nuwe geloofsgemeenskappe.
**2.** Die kursus stel rigtingwysers en prosesse van missionaliteit bekend en bied nie modelle wat gekopieer moet word nie (kloning).
**3.** Die kursus se waarde word verder verhoog deur die feit dat dit ekumenies aangebied word, volwasse leerbeginsels implementeer en geloofsonderskeidende praktyke aanmoedig. Al bg sluit goed aan by oortuigings wat in die NGK leef.

**7.3.2 Pioniersopleiding:**

Die afgelope 10 jaar het opleiding vir pionier-predikante 'n al groter behoefte in die VK geword, tot dié mate dat al die deelnemende kerke opleiding in dié verband by hulle verskeie teologiese inrigtings in plek gestel het.

Hierdie behoefte sal ook in SA al groter word.

**7.4 Die ontwikkeling van Fresh Expressions SA**

Daar is kennis geneem dat hierdie beweging in die VK uit meer bestaan as die aanbied van Mission Shaped Intro- en Mission Shaped Ministry-kursusse. Die beweging het ontwikkel nadat vier taakspanne en drie ondersteuningsnetwerke in plek gestel is.

**Vier taakspanne bestaande uit**

- Strategiese ontwikkelingspan
- Opleidingspan
- Kommunikasiespan
- Navorsingspan

**Drie ondersteuningsnetwerke**

- Finansiële netwerk
- Mentor-/Afrigtingsnetwerk
- Gebedsnetwerk

’n Soortgelyke ontwikkelingstruktuur vir Suidelike Afrika sal nie net die NG Kerk-familie tot hulp wees nie, maar ook talle ander denominasies wat met dieselfde uitdagings as die NGK te make het.

Baie dankie aan die Sinode wat GKS se werksaamhede na aan die hart dra en dit daarom ’n hoë prioriteit gemaak het.

**GKS-Taakspan**

# 2.4 Sinodale Taakspan vir Predikantebegeleiding

## 1. Fokus

Die taakspan se besondere fokus is op predikante gerig met die doel om:
**1.1** Predikante te begelei om hul menswees as beelddraers van God te besef, te vier en te leef.
**1.2** Predikante te begelei om in afhanklikheid van God hul roeping voortdurend helder te verstaan.
**1.3** Gesonde geestelike gewoontes te beoefen sodat hul geloofonderskeidend kan leef en hulle gemeentes daarin kan begelei.
**1.4** ’n Gebalanseerde leefstyl na te streef sodat hulle goeie verhoudinge kan handhaaf.
**1.5** Bedienings- en lewensvreugde te ervaar.

## 2. Werksaamhede

**2.1** Die taakspan het verskeie werksaamhede om bogenoemde moontlik te maak:
**2.1.1** Geestelike en emosionele ondersteuning van predikante
**2.1.2** Sentrum vir Bedieningsvorming
**2.1.3** Mentorskap
**2.1.4** Brugpastoraat
**2.1.5** Induksieproses
**2.1.6** Navorsings- en ondersteuningsgroep om die verskynsel van uitbranding die hoof te bied..
**2.1.7** Gesonde geloofs- en lewensgewoontes, ’n 100-dae reis van inoefening.
**2.1.8** Retraites
**2.1.9** Identifiseer en ontwikkel kursusse, materiaal en gespreksgeleenthede vir predikante.

**2.2** Die Sentrum vir Bedieningsvorming het in die afgelope klompie jaar tot ’n baie effektiewe hulpmiddel vir predikante en gemeentes ontwikkel. Die fokus is op nege bekwaamhede wat predikante nog beter toegeruste persone vir die bediening maak. Vele predikante en kerkrade getuig van die positiewe impak van die Sentrum. Fase twee, wat gerig is op die volhoubare en veerkragtige toepassing van die bekwaamhede, is tans in ontwikkeling. Die Sentrum vir Bedieningsvorming is goed ontvang deur verteenwoordigers van die ander streeksinodes en in die proses om elders gevestig te word.

**2.3** Geestelike en emosionele ondersteuning van predikante geskied op individuele basis, in ringsverband en die blootstelling aan die Sentrum vir Geloofsvorming, soos ontwikkel deur ds Gys van Schoor. Vele predikante getuig van die lewensveranderende impak wat hierdie spiritualiteitsreis op hulle het.

**2.4** Dit begin al meer praktyk raak dat gemeentes wat vakant raak, die dienste van ’n brugpredikant bekom om hulle voor te berei op die nuwe hoofstuk. Gemeentes word gehelp om geloofsonderskeidend opnuut weer hul roeping te ontvang en daarop voorberei te word.

**2.5** Standplaasverwisseling het nuwe lewe begin toon. In die afgelope tyd het ’n hele aantal beroepings suksesvol plaasgevind. Die gesprek om dit ook op algemene sinodale vlak te laat herleef is aan die gang.

## 3. Algemeen

Die meeste predikante beleef hul bediening as ’n roeping en positiewe uitdaging. Die meeste predikante ondervind wonderlike ondersteuning van hul kerkrade en lidmate. Daarvoor kan ons die Here dankbaar wees. Daar is egter predikante (sommige) wat tans onder groot druk verkeer. In baie gevalle het dit te make met finansies en getalle wat afneem en waarvoor die predikante verantwoordelik gehou word. In sekere situasies het dit te make met lidmate se lojaliteit wat geskuif het van gemeente na bediening (-naar). Sommige predikante (’n relatief klein getal) leef in konflik met hul roeping wat in ’n gesekulariseerde omgewing al hoe meer uitgedaag word. Ons het daarom nog steeds, of miskien meer as ooit, nodig om vir mekaar te bid en toe te rus en te ondersteun.

# 2.5 Sinodale Taakspan vir Kinder-, Jeug- en Familiebediening

## 1. Taak

Om gemeentes te begelei in Kinder-, Jeug- en Familiebediening.

## 2. Opdrag

**2.1** Die opdrag van die Sinode aan die taakspan is om gemeentes te begelei. Hierdie opdrag is uitgevoer deurdat die taakspan op vier kritiese presatsieareas besluit het, nl toerusting, ontwikkeling, versorging en begeleiding.

**2.2** Die volgende konkrete produkte is ontwikkel wat as waarde-aanbod aan gemeentes gerig is:
**2.2.1** Tegnieke (toerusting): Kontak kategese, Ervaringsleer-metodieke, Padlangs Ouerskap-kursus
**2.2.2** Materiaal (ontwikkeling): KiX.Kom, Communitas Gemeentepakket
**2.2.3** Bestuur (versorg): KiX, Kerklike Jeugwerkersvereniging (KJWV), #imagine
**2.2.4** Begeleiding: Jeugkommissies, Gemeenteleierskap en teologiese studente
**2.2.5** Prosesontwerp**:** Seminarie

## 3. Getuienis

**3.1** In kort: Die taakspan het baie goeie resultate gehad op die gebied van Kontak kategese. Meer as 100 gemeentes, ook wyer as die sinode streek, laai van die materiaal af en gebruik die metodiek. Die Padlangs Ouerskap is die afgelope vier jaar meer as agt keer in die VBO-sisteem aangebied en ook verskeie kere ad hoc op aanvraag deur ringe of gemeentes. Tans het meer as 1 370 ouerpare, dit wil sê 1 370 huise, die kursus voltooi.

**3.2** #imagine2014 is met ’n groot sukses die eerste jaar aangebied. In die Suide was daar net meer as 4 000 tieners met leiers en in die Noorde net meer as 3 000. #imagine2015 is met die opstel van die verslag baie mooi op spoed. Daar het vanjaar heelwat tieners vroeër ingeskryf en die verwagting is dat daar 5 000 mense die geleentheid sal bywoon.

**3.3** Die gemeentepakket het baie waarde toegevoeg tot die geïntegreerde bedieningsmodel. Meer as 100 gemeentes het ingeskryf en hierdie diens word volhoubaar bedryf deur ’n inskrywingstelsel.

**3.4** Die taakspan het ook VBO-kursusse gebruik om Familiebediening en die bediening aan die 18-35 jariges te bevorder.

**3.5** Die eenwording tussen KiX en die Kinderbond van die VGKSA is ’n wonderlike ontwikkeling tot eenwording. Alle materiaal word saam ontwikkel en ook aan die VGKSA-gemeentes van Kaapland gestuur.

## 4. Fokusareas

Die taakspan het in die reses op die volgende sake gefokus:

### 4.1 Padlangs Ouerskap-kursus

Meer as 100 gemeenteleiers, onder wie verskeie VGKSA-predikante is, is opgelei om aanbieders van die Padlangs Ouerskap-kursus vir gemeentelede te wees. Die taakspan het deur die VBO-sisteem die opleiding gedoen, maar in enkele gevalle is daar ook direk opleiding gebied aan gemeentes.

### 4.2 Kontak Kategese-Metodiek

Die skuif van ’n klem op geloofsonderrig na geloofsvorming of geloofsbegeleiding het ook nuwe aanbiedings-metodieke gevra. Die kontak-metodiek is ontwikkel en verskeie gemeentes en leraars van die VGKSA is in hierdie metodiek opgelei en word met groot vrug gebruik in gemeentes. Die taakspan het ook hande gevat met die Sinodale Kommissie vir Christelike Opvoeding (SCO) en materiaal ontwikkel wat as voorbeeld kon dien vir die Algemene Sinode van die VGKSA.

### 4.3 Gemeente-pakket

Die taakspan was sentraal in die daarstelling van ’n gemeente-pakket wat op die Leesrooster gebaseer is. Hier pakket probeer ’n geïntegreerde bedieningspraktyk in die gemeente bevorder. Alle behoeftes aan materiaal vir die gemeentebediening word hierdeur aangespreek. Die pakket het juis ten doel om een van die bekommernisse van die Sinode aan te spreek, naamlik die toekoms van die kind in die kerk. Die pakket is juis ontwerp om weekliks die gemeente te help om meer generasies in hulle byeenkomste op ’n kreatiewe manier te bedien.

### 4.4 Kinderbediening (KiX)

Die kinderbediening het in die reses van die Sinode die ontwikkeling van kinderbediening materiaal só aangepas dat dit meer op ’n gemeenskap fokus het. Die geleenthede om die kinders te bereik is in bewaarskole en nasorgsentrums en die materiaal kan met groot vrug by sulke geleenthede gebruik word. Dit is ook met groot dank dat KiX en die Kinderbond vroeg in 2014 by ’n gesamentlike vergadering besluit het om te verenig. Die twee bedieninge het reeds vanjaar die 16de September ’n gesamentlike kinderbediening konferensie aangebied en saam ’n materiaal-ontwikkelings werkswinkel gedoen.

### 4.5 #imagine movement

**4.5.1** Van 21-23 Maart 2014 het die NG Kerk-familie twee reuse feeste vir tieners aangebied. Die feeste het gelyktydig plaasgevind op terreine net buite Malmesbury en Pretoria. Die twee feeste het meer as 7 000 mense getrek. Die kultuursamestelling van die feeste was ongeveer 60 % wit, 30% bruin en 10% swart. Die beweging het baie energie losgemaak en 'n positiewe handelsmerk is vir tienerbediening in ons land gevestig.

**4.5.2** Daar is vanjaar ook 'n leierskap-konferensie #imagine ignite op 26-28 Augustus aangebied en volgende jaar se feeste word 10-12 April aangebied. Daar word vier feeste volgende jaar gelyktydig gehou. Die vier feeste word in die Noorde, Suide asook in die Oos-Kaap en Noord-Kaap/Vrystaat aangebied.

**4.5.3** Die #imagine-struktuur het ontwikkel in 'n Nasionale #imagine-movement en streek-Imagine byeenkomste. Die #imagine-movement wil in assosiasie met denominasies gaan, maar die anker geloofstradisie is die gereformeerde tradisie. #imagine-movement staan dus reeds in assosiasie met die NG Kerk-familie en is ook in 'n proses om nog assosiasies te sluit. Die streeks-inisiatiewe sluit weer op streeksvlak eie assosiasies.

**4.5.4** Die Sinode van Wes-en-Suid-Kaapland is die regspersoon waardeur die Suide-fees van 10-12 April 2015 aangebied word.

**4.6 Eenwording met die Sinodale Kommissie vir Christelike Opvoeding (SCO)**

Aangesien beide die Sinodale Kommissie vir Christelike Opvoeding (SCO) en Taakspan Jeug en Familie onder die sambreel van Communitas diens lewer, was dit logies dat die Communitasraad opdrag gegee het dat die twee bedieninge een word. Dit is by beide bedieninge bespreek en aanvaar en in 2013 aan die SK van die VGKSA voorgelê vir goedkeuring. Die SK het aan die twee bedieninge opdrag gegee om 'n nuwe reglement op te stel. Dit is in die tweede semester van 2013 afgehandel. Die reglement is vir goedkeuring gestuur na die aktuaris van die Sinode. Die reglement het nie gedien by die VGKSA Sinode-sitting van 2014 nie en is verwys na hulle SK. Intussen lewer die taakspan diens onder die ou gesamentlike reglement van die Christelike Jeugbediening, wat geleentheid bied om in beide kerke te werk. Hierdie reglement is reeds in 2006 en 2007 onderskeidelik deur die VGKSA en NGK se Sinodes in die betrokke streke goedgekeur.

**4.7 Tygerberg student-bediening**

Voortaan gaan die bediening by Tygerberg onder 'n vennootskap van vyf partye bedryf word. Die diensgroep: Gemeentes saam met die Studente-bediening op Stellenbosch, die NG Kerk Kenridge, Parow-Vallei-Oos en Vredelust vorm 'n adviesraad wat hierdie bediening ondersteun. Die bediening geskied onder leiding van ds Christi Thirion van Kenridge. Die diensgroep: Gemeentes koop die bedieningsfokus of Kritiese Prestasie Area "Studentebediening" uit by die NG Gemeente Kenridge. Hierdie kontrak word vir twee jaar vasgemaak, waarna die ooreenkoms weer evalueer sal word. Die bediening leen hulle naam van die Studentebediening op Stellenbosch en staan bekend as Crux Tygerberg.

## 5. Toekoms

**5.1** Die taakspan het ten doel om die handelsmerk #imagine verder te gebruik om die energie en toerusting te versprei na elke gemeente in die sinodale streek.

**5.2** Die eenwording met die Sinodale Kommissie vir Christelike Opvoeding (SCO) van die VGKSA is belangrik vir die verdere ontwikkeling van die bediening.

**5.3** Die internskap van teologiese studente om *Vars Uitdrukkings van kerk wees* (Fresh Expressions) te begin in gemeentes is 'n belangrike proses vir die verbeelding van gemeentes.

**5.4** Die begeleiding van gemeentes in hulle familiale karakter is baie belangrik.

**5.5** Die herontwerp van die belydenis afleggingproses in samewerking met die Algemene Sinode moet in die volgende reses aangespreek word.

## 6. Dank

Die taakspan bedank die Sinode van Wes-en-Suid-Kaap vir die wyse waarop die gemeentes asook die sinodale struktuur, by name die Sinodale Taakspan Fondse en Administrasie (STFA) en die Moderatuur, die #imagine-beweging ondersteun het.

**Voorsitters: Wilhelm Burger en Mario Ferris**
**Diensgroepkoördineerders: Frederick Marais en Peter Adams**

# 3. DIENSGROEP VIR GETUIENIS
# "Met die evangelie van heil by die huis en oral op aarde"

Liewe voorsitter, susters en broers in die Here

Dit is vir Getuienisaksie (KGA) 'n voorreg om 'n voorlegging by hierdie 2015 Sinodevergadering te doen. Dit dien in Engels ook by ons susterkerke (VGKSA Kaapland en RCA).

Ons dra die Christus-evangelie in vandag se wêreld in en fokus tuis (Jerusalem) in en om ons huise en oral op die markpleine (Judea, Galilea, Samaria), tot by die eindes van die aarde (Mat 28:18-20). Só verkondig ons die volle evangelie van Christus saam met mekaar as gemeentes, ringe, sinodes en ander bedieningsvennote. Ons het hieroor baie rede vir dankbaarheid en lof!

Ons visie en roeping is hervorm in die konteks van dié Afrika NG Kerk-familie sedert die 1986 se Wat is sending?-konferensie en binne meer onlangse, soortgelyke ontwikkelinge (bv 2004 se opvolg konferensie; 2006 Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis [VDDG] se beleidsgrondslag). Hieruit volg duidelik:

Ons diepste vertrekpunt, motivering en inspirasie vir ons diens en getuieniswerk is die sending van ons drie-enige God (die Missio Dei). Ons Vader se Liefde, Jesus se koms na ons wêreld, sy bediening van heling, sy kruisdood en opstanding wat ons regverdig maak en die ewige lewe waarborg, is die evangelie van heil. Ons Heiland is die Here van alles en almal! Dít gee ons self oorvloedig *hoop* en ook aan almal en alles om ons.

Ons (elke lidmaat, gemeentes, familie-kerkverband, bedieningsvennote) word saam geroep en vat hande as kleipotte wat maklik breek, om oral draers van Jesus se evangelie van heil te wees, soos sout en lig en suurdeeg, in die krag van die Heilige Gees.

KGA staan ons familie-kerkverband in en buite Afrika, gemeentes en bedieningsvennote by om die evangelie van heil self te leef en daarvan uit te dien en te getuig in plaaslike en in wyer verbande.

Ons voorlegging word begelei deur 'n kort DVD wat ons vennootskapsbedieninge belig, saam met 'n paar getuienisse van mense wat hierdeur aangeraak is.

## 1. INLEIDING

### 1.1 KGA Identiteit en verantwoording

Die KGA is vanaf 1991 'n verenigde bediening van die NG Kerk-familie en doen sedertdien verslag van sy werksaamhede aan die drie konstituerende kerke (VGKSA Kaapland, NG Kerk in SA en die Reformed Church in Africa [RCA]).
Voor enige herstrukturering in NGK-familieverband ontwikkel het (die VGKSA is in 1994 gevorm), is die bediening as 'n verenigde werksaamheid gevestig. Die verenigingsproses het begin toe die Sinodale Sendingkommissie (SSK) van die NG Kerk in SA die Sinodale Kommissie vir Getuienisaksie (SKGA) van die voormalige NG Sendingkerk in SA (NGSK in SA) versoek het om saam oor hulle taak te besin "omdat hulle daarvan oortuig geraak het dat hulle nie meer sending op hulle eie kan onderneem nie" (1990 Skema en Handelinge van die NGSK in SA, bl 462). Die uitgangspunt ('n uitsonderlike werkswyse, maar besonder toepaslik in hierdie verband) boaan ons eerste reglement, wat met die betrokke aktuarii uitgeklaar is, en wat die konstituerende kerke se sinodes (NG Kerk in SA, NGSK in SA, Kaapland-sinode van die NG Kerk in Afrika [NGKA], RCA) goedgekeur het en die saamgesmelte SSK en Sinodale Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie (SKAE) as basis vir verdere handelinge met die SKGA en ander ooreengekom het (vgl 1990 Skema NGSK in SA bl 463), het woordeliks (met die beklemtoninge) soos volg gelui:

"Die **uitgangspunt** is dat die kommissie so duidelik as moontlik gestruktureer word as **een kommissie** van **een Verenigde NG Kerk**.

Die konsepreglement gaan dus veel verder as bloot die koppeling van oorvleuelende projekte. Dit is doelbewus gedoen. Dit het as vertrekpunt die **belydenis van een Kerk** en maak ruimte vir die funksionele verdeling van werksaamhede tussen die meewerkende kerke, slegs as 'n tussentydse reëling.

Die **bedoeling** is egter duidelik dat, hoewel ons nog deur die bestaande praktyk daartoe gedwing word om dié funksionele onderskeidinge te maak, ons wel **belydenisgebonde op weg** is om toenemend as een kommissie van een verenigde kerk te funksioneer. (Verwys vir agtergrond en motivering na **besluite** van die NGSK **1986** en NGK in SA **1987**. Sien ook die beginselriglyne deur die SKGA en SSK Wes-en-Suid-Kaapland goedgekeur soos per aangehegde **Addendum)** (punte 1-7 van die eerste reglement volg dan).

Die uitgangspunt van die reglement is dus begrond deur hierdie *Riglyne vir die Gesamentlike Kommissie* (wat die KGA geword het in 1991) van die Sinodale Kommissie vir Getuienisaksie (SKGA) van die NG Sendingkerk en die Sinodale Sending-kommissie (SSK) van die NG Kerk, Sinode van Wes-en-Suid-Kaapland, en ander medewerkers wat

op 9 Maart 1988 in ’n vergadering van die twee kommissies, met waarnemers uit die NGKA Ring van Langa, te Belhar aanvaar is en in 1990 deur die Sinode van die NGSK in SA en in 1991 deur die Sinode van die NG Kerk in SA goedgekeur is en in die opvolgende jaar ook deur die RCA en NGKA Kaapland (Sien hiervoor Bylaag 1). Dit het die inhoud van die kerkorde artikels geword wat Getuienisaksie in die NGK-familieverband begrond, tot vandag toe (Sien hiervoor Bylaag 2).

KGA handhaaf hierdie identiteit sedertdien met oortuiging en konsekwent (vgl bv Bylaag 2, paragraaf 1), in ons uitreik na die wêreld om ons én as ons sending na die hart van die NG Kerk-familie toe, wat ons vereniging as KGA met mekaar op bogenoemde grondslag ooreengekom het, maar self in verskillende kerkverbande bly voortleef. Die teologiese waarheid en werklikheid van ons bestaan as verenigde werksaamheid (eenheid in geloof, lewe en getuienis) veroorsaak in dié konteks noodwendig kerkregtelike en ander druk en dit bring vir ons voortdurend ander moeilik houdbare spanninge uit die sisteem mee, omdat ons opdraggewers nie in een verband is nie, en soms samewerkingsverbande (wat in die 1980 en 1990's in VGKSA kring onaanvaarbaar was) as genoegsaam beskou en toepas.

Daarom bly sê ons dit duidelik: KGA se identiteit was en is nie die van samewerking nie, maar dit is ’n eenheid in lewe en getuienis. Hierdie eenheid oorspan en weerspreek die voortgaande onvermoë van die huidige NGK-familieverbande om aan ons die nodige kerkregtelike verenigde verband (huisgesin) te voorsien om ons bestaan as eenheidsbediening te kon/kan bevestig, in stede daarvan om aan die KGA as evangelis ’n alternatiewe en ongeloofwaardiger identiteit van ’n samewerkingsverband toe te ken. Ons verdra die beskrywing samewerkingsverband gewoon ter wille van die gemene reg, máár as eenheidsbediening bly ons vir die kerkfamilie ’n gewetenskwelling en ’n aansporing om ons NGK-familiehuis binne die RSA dringend in orde te kry.

Daar is immers, soos die 1988 riglyn prinsipieel aandui "’n onlosmaaklike verband tussen die geloofwaardigheid van die een kerk as draer van die evangelie en die bediening van die heil in Christus (Joh 17:21)" en dit is ook as ’n praktiese implikasie raakgesien en beklemtoon "dat die eenheid van die kerk dié toetssteen vir die getuienis aangaande die koninkryk van God is".

### 1.2 Voorleggings en verslae

Ons voorleggings en verslae bedien ons meewerkende kerke (NG Kerk in SA, VGKSA Kaapland, RCA) en hierdie een sluit aan by voorafgaande verslae:

Eerstens by die NG Kerk in SA Sinode 2011, toe ons saam gekonsentreer het op die belangrike historiese en teologiese perspektief op ons verenigde getuienis wat KGA verteenwoordig en dra, op die omvattende en insluitende karakter van ons getuienis asook op ons vennootskaplike hantering daarvan in die praktyk.

Tweedens sluit dit aan by KGA se voorlegging aan die VGKSA Kaapland in Oktober 2014, waar ons saam, op grond van die sinode tema "Ons is draers van hoop", gefokus het op spesifieke geleenthede en uitdagings wat in hierdie tyd ons toegewyde aandag en gesamentlike praktiese betrokkenheid vra.

Ons neem ook verslae en voorleggings in ag wat by die volgende kerkvergaderings gedien het; NGK Algemene Sinode 2011 en 2013; RCA Sinode 2011; VGKSA AS 2012; VGKSA SK en NGK moderamen-vergaderinge tussen 2011 en 2015; KGA Jaarvergaderings van 2011-2014.

In wat verder volg, kyk ons dankbaar terug oor die afgelope vier jaar se bedieningsontwikkelinge en hoopvol vorentoe, gefokus op die Here en sy bedieningstaak vir ons.

## 2. ALGEMENE BEDIENINGSFOKUSSE EN VORIGE SINODEBESLUITE

### 2.1 Gemeentes en kerkverband se roeping om in die wêreld om ons te dien en te getuig

Die 2011 NG Kerk in SA en 2014 VGKSA Kaapland sinodes was onder die indruk daarvan dat ons roeping tot diens en getuienis as die liggaam van Jesus Christus in die wêreld, ons gefokusde aandag saam met ander vennote vra vir die uitdagings, behoeftes en nood van ons naaste hier naby en daar ver. Daarom het die sinodes die gemeentes van die VGKSA Kaapland en die NG Kerk in SA opgeroep om hiermee in gedagte met ywer en entoesiasme betrokke te raak by diens en getuienis-bedieninge wat buite ons gemeentegrense en kultuurverbande tans ons almal se aandag vra.

Hoewel die ontwaking vir die uitdagings verder weg van ons as ons eie omgewing stadig gebeur, was daar gedurende die afgelope reses ’n positiewe toename in belangstelling by gemeentes en individue uit die NG Kerk in SA, VGKSA en RCA om prakties deel te wees van ons kerkfamilie se bestaande uitreikaksies en ook om nuwe evangelie uitreike te help onderneem. Die positiewe getuienisse van NG Kerk-familie gemeentes en lidmate wat reeds as vennote na die bedieningsaksies in Kaapland self of na bedieningsgebiede van sustergemeentes en kerke in byvoorbeeld KZN en ZMM (Zimbabwe, Malawi en Mosambiek) en selfs die Universele Gereformeerde Christelike Kerk in Nigerië (NKST) uitgereik het, is ’n

riem onder die hart. Hulle getuig deur die bank dat hulle getransformeerd terugkom, met baie beter begrip en moed vir die uitdagings in eie geledere en 'n besef van hoe bevoorreg ons self is om aan die evangelie hande en voete te gee in die lewens van ander in ons wêreld.

### 2.2 Eenheid in verband met ons getuienistaak en die Belydenis van Belhar

**2.2.1** Die Belydenis van Belhar is sedert sy ontstaan in 1991 deel van die KGA-grondslag. Die huidige KGA-reglement stel dit só (Klousule 1, paragrawe 2 en 3):
*In die uitvoering van die roeping tot getuienis, tree die kommissie op as 'n eenheid en word daar 'n verenigde getuienis gelewer, verenigde aksies onderneem en met een stem na die ledekerke, ander kerke en na die wêreld gekommunikeer.*

*Die KGA onderneem al sy bedieninge met as uitgangspunt die klassieke ekumeniese simbole, die drie Formuliere van Eenheid en die Belydenis van Belhar. In dié lig is die ekklesiologiese raamwerk vir die KGA-bediening 'n eenheidsmodel waarin die koinoniale verband tussen die verskillende rolspelers erken word. Daarom word die werksaamhede van die KGA gedefinieer in terme van 'n verhoudingsgerigte diens in en vanuit die NG Kerk-familie en ook in verband met die ekumene.*

Daar is baie werk in die verband. Maar ter wille van die geloofwaardigheid van ons boodskap dat Jesus die Here is van elke duimbreedte van ons bestaan, fokus ons daarop om ons praktiese aktiwiteite so ver as enigsins moontlik op grond van ons belydenis van geleefde, sigbare eenheid en ware versoening uit te voer. KGA is doelgerig daarmee besig om hierdie belydenis self prakties te leef en om gemeentes en ook ringe en sinodes in die uitvoering van ons diens en getuienistaak daartoe aan te moedig en te begelei. Die KGA versoek die sinode om soos volg te besluit:

**2.2.2 Aanbeveling 1**
**Die Sinode bevestig die appèl van die Belydenis van Belhar en die Sinode se grondliggende oortuiging dat die eenheid van die kerk en die geloofwaardigheid van sy diens en getuienis in die wêreld wesenlik saamhang. Ter wille van die eer en navolging van ons Here, Jesus Christus, roep die Sinode elke gemeente, ring, bediening en kommissie in sy ressort op om in geloof en integriteit moedig voort te gaan om geleefde eenheid, ware versoening en ontfermende geregtigheid te help bewerk, in gehoorsaamheid aan die roeping wat Hy op ons lê.**

### 2.3 KGA: Inligting vir gemeentes

Ons meewerkende sinodes het besluit die KGA moet kerkvergaderings en gemeentes bystaan met inligting en voorligting in verband met die verskeidenheid bedieningsgeleenthede. Die 2010 VGKSA Kaapland en 2011 NG Kerk in SA sinodes het kennis geneem daarvan dat die KGA daarop gaan klem lê om gemeentes effektief in te lig oor die moontlike bedieningsgeleenthede en uitdagings binne en buite ons sinodale gebied, ter wille van hul eie groter aktiewe betrokkenheid en deelname.

Die KGA se leierskap gee jaarliks tweetalig inligting aan die ringe van die NG Kerk-familie in Kaapland, asook aan die SK van die VGKSA en die moderamen van die NGK, ter wille van hulle aktiewe meelewing en inskakeling by die uitreikaksies wat saam met en namens gemeentes op die vlak van die kerkverband onderneem word.

Ons rapporteer hierby dankbaar dat die KGA se taakspan vir inligting en reklame die afgelope reses baie goeie ontwikkelingswerk gedoen het. *Die Getuie*, lyfblad van die KGA, verskyn twee maal per jaar vir al ons gemeentes met stories van hoop uit die verskeidenheid bedieningsterreine, vennote en velde wat onder die KGA-sambreel saamwerk en getuienisaksies onderneem; nuwe brosjures oor al die KGA-bedieningsvelde is ontwikkel (sien inligtingslêer vir sinodegangers), en word gereeld hersien. Vars inligting oor ons werksaamhede en uitreike word daagliks op die KGA-webwerf www.kga.org.za en die KGA Facebook in Engels en Afrikaans beskikbaar gemaak.

Die KGA doen verder deurgaans moeite met die reël en onderneem van oor en weer besoeke binne Kaapland en KZN asook buite ons landsgrense elders in en ook buite Afrika, om kerkleiers en gemeentes bloot te stel aan die bedieningsaksies wat op kerkverbandsvlak onderneem en gekoördineer word.

### 2.4 KGA Waardes en Etos

Die 2011 NG Kerk in SA en 2014 VGKSA sinodes het kennis geneem van die besonder positiewe rol wat die KGA se afgesproke waardes en etos gedurende die afgelope 20 jaar speel by die fokus en bestuur van hierdie verenigde bediening. Die sinodes het gemeentes, ringe en bedieninge aangemoedig om dit as 'n toepaslike praktyk te oorweeg waar bedieninge ontwikkel word met rolspelers wat diverse agtergronde verteenwoordig.

Die KGA is dankbaar vir die positiewe reaksie op ons kommunikasie van die waardes en etos wat ons interaksie met mekaar onderlê gedurende die afgelope 22 jaar. Ons besef dat die houding en oortuigings wat vir versoening en vir verantwoordelike mede-getuienis nodig is, voortdurend deur ons ingeoefen en toegepas moet word. Ons herinner die Sinode hieraan vir verdere toepassing in diverse kontekste van diens en getuienis. Ons fokus in KGA saam op die volgende:

**Waardes**

- Openhartigheid.
- Eerlikheid.
- Aanvaarding, verdraagsaamheid en sensitiwiteit.
- Vertroue in en wedersydse aanvaarding van mekaar. Dit sluit aanvaarding van mekaar se bona fides in.
- Inskiklikheid – om uit te reik na mekaar.
- Leersame gees – oop wees vir oortuiging.
- Respek vir mekaar.
- Verbintenis aan jou waardes.
- Ons besinning is deel van ’n visioneringsproses – hou vas aan ons droom.
- Bereidheid om saam te waag en teen die grense te druk.
- Ons loop nie van die gesprek weg nie.
- Liefde vir mekaar.
- Vergifnis.

**Etos**
Ons herinner onsself voortdurend aan die volgende stellings wat die etos van die KGA uitdruk:

- Met die gesindheid van Christus wil ons dienend na mekaar uitreik.
- Ons doen alles in mekaar se teenwoordigheid.
- Om doelbewus teen grense aan te druk. Ons is besig met ’n transformasieproses en wil hierdie proses beïnvloed sover ons kan.
- Om die waarheid in liefde te betrag.
- Ons werkswyse is nie dié van blote samewerking tussen die kerke nie, maar ’n weg na kerkeenheid. Die status quo van die KGA is ’n interim reëling. Ons werk met dringendheid aan kerkhereniging.
- Ons is op weg na die nood van die wêreld.
- Ons besef ons eie besinning geskied te midde van ’n wyer gemeenskap van gelowiges en wil besinning doen in wisselwerking met ander gelowiges.
- Om ons getuienistaak in nederigheid te verrig.
- Om sorgsaam te wees vir mekaar en onderlinge verhoudings te beïnvloed.
- Om aan mekaar te bou en in mekaar te belê.

### 2.5 KGA Jaarvergadering-temas

Die KGA as bediening, sy bestuur, afgevaardigdes uit al die ringe en medewerkers hou jaarliks ’n algemene vergadering. By die geleentheid word verslag gedoen van werksaamhede, gefokus op brandpunte, behoeftes, uitdagings en geleenthede waarby die KGA deurlopend betrokke is.

Die KGA werk die afgelope twee resesse toegespits aan die modellering van ons karakter van diversiteit in eenheid (soos die Belydenis van Belhar ons leer), beide wat ons samestelling betref (VGKSA, NGK en RCA) sowel as in die verskeidenheid bedieninge wat ons help fasiliteer, koördineer en bestuur. Die besef groei helderder by KGA dat die aard van ons roeping tot diens en getuienis basies daarin lê dat ons saam met mekaar in die Here se sending betrokke is, tot diens van gemeentes, ringe en ons vennote binne en buite Kaapland.

KGA Jaarvergadering se fokusse blyk uit die Jaarvergadering konferensies van 2007-2014. Ons fokus was agtereenvolgens missiologies op die volgende gerig:
**2007**: Diversiteit in eenheid & In vennootskap met mekaar en met ander
**2008**: KGA ontwikkel Vennootskappe & Fokus op Diens en Getuienis
**2009**: Diversiteit en kultuur as uitdaging in ons getuienistaak
**2010**: Diens en Getuienis (Geskiedenis, Konseptualisering, Bybelse gronde, Praktyk)
**2011**: Ons verskeidenheid bedieninge, in vennootskappe, multikultureel, naby en ver
**2012**: Sáám in die Here se Sending – ons roeping
**2013**: In die Here se sending – fokus ons reg?
**2014**: Sáám in die Here se sending – multikulturele gemeentewees
**2015**: Ons sal saam fokus op "Evangelisasie as die hart van Sending".

### 2.6 KGA 21 jaar oud in 2012

Die 2011 NG Kerk in SA en 2014 VGKSA Kaapland sinodes het die Here gedank vir die voorreg en verantwoordelikheid om deel te hê aan die diens en getuienisbedieninge waaroor die KGA as verenigde werksaamheid van die NG Kerk-familie verslag gedoen het. Die sinodes het gebid dat die Here hierdie verenigde bedieningsaktiwiteite ryklik sal gebruik om sy koninkryk te laat kom in en buite ons sinodale gebied.

Die KGA het in November 2012 by ons Jaarvergadering teruggekyk na ons stigting in 1991 en op 21 jaar van groot genade op ons familiebedieninge. By dié geleentheid het prominente rolspelers, wat die KGA help vestig het en leierskapsrolle vertolk het, aan ons ’n dankbare oorsig gegee oor KGA se ontstaan in die krisis van die 1980's (Prof PJ Robinson, ds D Naidoo en prof CM Pauw). Ons het ook gefokus op KGA se hoopvolle getuienis in die lewe van die kerkfamilie en samelewing vandag en môre (Prof HR Botman).
Prof Botman het vier belangrike perspektiewe onderstreep, waarmee ons hoopvol vorentoe kan gaan:

**a.** Gereformeerdes bely met oortuiging – elke duimbreedte van die werklikheid behoort aan die Here! Dit begrond ons betrokkenheid, roepinge en getuienis binne alle fasette van ons samelewing en ons moenie vir die uitdagings daarby terugdeins nie. Die werklikheid behoort aan die Here.
**b.** Die Here roep ons ook ernstig om eenheid sigbaar te beliggaam, soos in die KGA, as ’n spieël

vir die hele kerk. Ons is in Christus versoen en versoenbaar. Ons moet hiermee groot erns maak en hoop bring deur ons eenheid prakties uit te leef in en vanuit een kerk. Ons skuld dit dringend aan die wêreld, sodat hulle kan glo.

**c.** Ons moet aan die vreemdelinge by ons gasvryheid gee, juis as mense die andersheid van ander gebruik om hulle te wil wegdruk en uit die geselskap te verwyder. Die liefdesboodskap van die evangelie sluit altyd die vreemdeling in ons gemeenskap in. En dit geld in kerk en samelewing.

**d.** Die Woord van God moet altyd ons finale rigsnoer wees. Daarby staan en val ons. Ons moet die konteks ernstig neem, maar dit dryf ons nie finaal nie. Die Woord van God en Jesus motiveer ons grondig om moedig te getuig.

### 2.7 Diens en Getuienis in sinergie

Die 2011 NG Kerk in SA sinodesitting is breedvoerig ingelig oor die historiese en teologiese ontwikkelings oor die afgelope 20 jaar en wat uiteindelik ook geboorte gegee het aan die NG Kerk-familie se nasionaal Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis (VDDG) met ons fokus op Diens en Getuienis (diakonaat en sending, brood en woord). Die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis-publikasie: *Ons roeping tot diens en getuienis in eenheid - 'n teologiese basis vir die NG Kerk-familie se missionêre bedieninge*, het in 2011 die lig gesien en is sedertdien aan die algemene sinodes van ons meewerkende kerke voorgelê. Dit is elektronies in Afrikaans en Engels beskikbaar op die KGA-webwerf by www.kga.org.za.

Gebruik die skakel http://kga.org.za/wp-content/uploads/2013/08/Ons_roeping.pdf vir Afrikaans en vir Engels die skakel http://www.kga.org.za/english/wp-content/uploads/2014/02/20110920-VDDG-Our-calling-to-service-and-witness-in-unity-final-book.pdf

Met die oog op beter sinergie en die meelewing met en verantwoordelike begeleiding van gemeentes in die ontwikkeling van hulle diens en getuieniswerk plaaslik en van daar af in breër verbande, voer KGA en Armoede en Sorg tans 'n voortgaande, verkennende gesprek. Uitkomste uit hierdie gesprek word aan die betrokke kerkvergaderings gerapporteer en in die beste belang van gemeentes en die kerkverband se bedieningspraktyke toegepas.

In ons voortgaande gesprek en pogings om sinergie te bewerk, oorweeg ons die bedieningsfokus en praktiese implikasies van die fokus op Diens en Getuienis wat deur die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis (VDDG) toegepas en verder ontwikkel word. Ons word ook hiertoe geïnspireer deur die feit dat die VGKSA Kaapland sinode diens en getuienis, wat teologie en praktyk betref, in 'n samehangende verband fokus en uitwerk.

### 2.8 KGA Werksaamhede in sinergie/sinkronisasie

Spesifieke versoeke en opdragte van die betrokke sinodes en kerkvergaderings word so goed as moontlik uitgevoer.

#### 2.8.1 Almal sáám geroep

KGA dink en bid en werk daarvoor dat al 600 gemeentes en 71 ringe (VGKSA Kaapland 29, RCA 1, NGK Wes-en-Suid-Kaapland 28, NGK Oos-Kaapland 13) en die drie sinodes in ons Kaapland-werksgebied met die krag van die Heilige Gees almal en sáám ywerig sal leef en werk met 'n vurige sendingingesteldheid, besef van gestuurdheid, weg van hulleself af, gerig op die behoeftes van ander en die wêreld om hulle, hier naby én daar ver, tot lof van ons Drie-enige Here en die uitbou van sy koninkryk, waar ware versoening en ontfermende geregtigheid seëvier.

#### 2.8.2 Gemeentes, ringe en sinodes

Met die oog hierop staan KGA, in samewerking met ander sinodale bedieninge, gemeentes, ringe en sinodes in ons werksgebied by om hulle roeping tot diens en getuienis plaaslik en wyer saam met ander te ontdek en prakties uit te voer.

#### 2.8.3 Bedieninge binne en buite Kaapland

In dié lig begelei KGA, saam met ander bedieninge die gemeentes, ringe en die betrokke kerkverbande in en vanuit Wes-, Suid- en Oos-Kaapland:

**a.** om in verskillende verbande uit te reik na kerkvervreemdes, kerklos mense, nie gelowiges en lydendes met die evangelie van genade om Jesus die Here te ontmoet en om hulle op te bou as lidmate van sy liggaam;

**b.** om in vennootskappe met diens en getuienis uit te reik binne en buite Kaapland;

**c.** om publiek te getuig op plaaslike vlak en in ekumeniese verband;

**d.** om betrokke te wees by bedieninge buite Kaapland in KZN, Suidelike en Midde-Afrika, in Sub-Sahara Afrika en buite Afrika.

#### 2.8.4 Toegerus en vaardig

Binne hierdie verskillende kontekste word navorsing en beplanning deurlopend gedoen, inligting gekommunikeer, ekumenies saamgewerk, gehelp met fasilitering, koördinering, bestuur en ondersteuning.

### 2.9 Vennootskappe as 'n kern bediening-strategie

**2.9.1** Veral sedert 2006 ontdek ons toenemend die waarde daarvan dat ons saam geroep is, in eenheid en versoening, in een familie in en vanuit Afrika, met al ons diversiteit (agtergrond, persoonlikheid, werkgebied en taak) en dat die evangelie se geloofwaardigheid en geregtigheid duidelik verband hou met ons toewyding aan en ons verenigde bedieninge saam met mekaar. Ons besef toenemend ons het mekaar nodig in die uitvoering

van ons Christelike roeping as gestuurdes en daarom konsentreer ons energie op die inisiëring en vestiging van netwerke en bedieningsvennootskappe wat bedieninge en aksies ondersteun en daarvoor mede-verantwoordelikheid aanvaar.

Die strategie werk na ons belewing en oordeel uitstekend, is volhoubaar en brei tans uit. KGA is self betrokke by verskillende vennootskapsbedieninge namens die kerkverband. Die praktyk ontwikkel so dat hierdie vennootskappe uiteindelik selfstandig kan voortgaan (bv die Ruvuma-vennootskap in Mosambiek, die Msinga- en Makhathini-ondersteuners vennootskappe in KZN en die Zithulele-gemeente vennootskap in die Oos-Kaap). KGA is self 'n ondersteunende vennoot by hierdie vennootskappe. Ons word in hierdie praktyk gemotiveer deur die teologiese beginsels en praktiese werklikheid van ons interafhanklikheid en mede-verantwoordelikheid vir die verspreiding van die evangelie van die Liefde in en vanuit Afrika.

Daarom soek KGA die aktiewe ondersteuning van die breër kerkverband (VGKSA, NGK, RCA in hierdie sinodale streek), en moedig ons die onderskeie ringe en gemeentes konsekwent aan om betrokke te raak by die verskeie geleenthede vir diens en getuienis binne en buite ons eie grense. Broers en susters van die NG Kerk-familie wat dit waag om te gaan, buite ons eie grense en wat gekies het om betrokke te raak deur middel van uitreike in vennootskap met ander, ontdek nuwe vreugde, vervulling en 'n hernude fokus op die koninkryk – en kom getransformeerd terug! Gemeentes wat sulke interaksies onderneem het, getuig met oortuiging van hulle eie omkering en verryking.

In die bedieningsvennootskappe:
**a.** werk mense, gemeentes en ringe respekvol saam met ander, met die oog op die bereiking van ooreengekome bedieningsfokusse
**b.** laat ondersteuners hulle lei deur die behoeftes, insig en inisiatiewe van die leierskap in die betrokke bedieningskonteks
**c.** ontwikkel rolspelers doelbewus en doelgerig eenheid en gesamentlikheid in hulle aanpak
**d.** kontrakteer betrokkenes haalbare doelwitte met gemeentes en ringe en ander medewerkers
**e.** help skep ondersteuners kapasiteit sonder om self te wil beheer
**f.** help onderhou en bevorder rolspelers verskillende soorte vennootskappe (bv ondersteunend by gemeentes in KZN; formeel met susterkerke buite die RSA).

#### 2.9.2 Aanbeveling 2

**Die Sinode neem met dankbaarheid kennis daarvan dat verskeie bedieningsvennootskappe reeds baie positief saamwerk om die Here se koninkryk in verskillende omstandighede te bou en uit te brei. Die Sinode moedig gemeentes en ringe aan om die strategie van vennootskapsbedieninge onderling uit te brei saam met broers en susters wat met die evangelie dien en getuig in uitdagende omstandighede, hier naby en ook verder weg.**

## 3. BEDIENINGSWERK IN PRAKTYK

KGA werk sedert 2013 deur middel van taakspanne. In samewerking met 'n aantal strategiese en selfstandige fokusbedieninge voer ons bostaande verantwoordelikhede uit en is tot diens van die gemeentes, ringe en sinodes van Kaapland en ons ander werksgebiede elders in en buite Afrika. In elke taakspan loop 'n aangewese KGA-personeellid voor, maar die KGA-personeellede, onderskeie taakspanbesture en die KGA Uitvoerende Komitee (UK) en Dagbestuur (DB) werk ook nou saam met mekaar om diens te lewer.

### 3.1 Familie ekumene in en buite Afrika (JN Odendaal)

Die taakspan fokus daarop om die verkondiging van die evangelie (diens en getuienis) in en vanuit Afrika te bevorder, deur die verstewiging van samewerkende verhoudinge met ons susterkerke in en buite Afrika, as interafhanklike en mede-verantwoordelike vennote, deur middel van diens en getuienisprojekte, onderlinge hulpverlening, medebestuur, beperkte finansiële bystand, bedieningsondersteuning en netwerk interaksie.

#### 3.1.1 Rigtinggewende besluit

Die volgende dekkende besluit is in die reses (2013) deur die KGA se konstituerende kerke geneem en die bediening handel reeds prakties op grond hiervan:
*Verteenwoordigers van die leierskappe uit die NG Kerk-familie (NG Kerk in SA, VGKSA Kaapland en RCA), saam met KGA onderneem die kerklike bestuur van ons breër "familie ekumene", met die duidelike oogmerk om die verkondiging van die evangelie (diens en getuienis) in en vanuit Afrika te bevorder. Die KGA hanteer steeds die praktiese en organisatoriese aspekte hiervan. Vir hierdie doel word 'n Kaaplandse ad hoc-kommissie vir die bestuur van ons familie ekumene saamgestel en die NG Kerk in SA Moderamen/VGKSA Kaapland Moderatuur/RCA Moderatuur benoem daarvoor twee lede (elk).*

#### 3.1.2. Doelwitte

**a.** Verstewiging van samewerkende verhoudinge met susterkerke in die gebied Suid van die Sahara, sentraal en Suider-Afrika om vir Christus te dien en te getuig, in en vanuit Afrika. Ons bou saam aan ons historiese interafhanklikheid (op weg na een sigbare kerk) en mede-verantwoordelikheid vir die verkondiging van die evangelie vandag in en vanuit Afrika (bv deur middel van teologiese opleiding; in verskeie praktiese diens en getuienis projekte) en ons onderlinge hulpverlening aan mekaar (bv

gesamentlike visievorming met betrekking tot ons getuienistaak in die wêreld; materiële bystand).

**b.** Mede-bestuur en onderhouding van gevestigde, uitgebreide vennootskapsverhoudinge met en bedieninge van ons susterkerke in Suider-Afrika: Reformed Church in Zimbabwe (RCZ) en Church of Central Africa Presbyterian (CCAP) Harare, Zimbabwe; CCAP Nkhoma, Malawi; Igreja Reformada em Moçambique (IRM) Mpatso en Tumbine, Mosambiek.

**c.** Ontwikkeling en onderhouding van vennootskapsverhoudinge met beperkte finansiële bystand en bedieningsondersteuning aan ons susterkerke in Afrika Suid van die Sahara: NKST in Nigerië; Reformed Church of East Africa (RCEA) in Kenia; Reformed Church in Japan (RCJ) (via Missie Japan).

**d.** Netwerk interaksie, beperkte betrokkenheid: Geopende Deure in Suid-Soedan (saam met Africa Inland Church [AIC]).

### 3.1.3 Strategiese vennote en mede-werkers betrokke in ons netwerk:

Network for African Congregational Theology (NetACT); Mosambiek Hub; VGKSA AS Sekr; NGK AS Ekumeniese kantoor; NGK Vrystaat Kommissie Getuienis; Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis (VDDG) (NG Kerk-familie in Diens en Getuienis)

### 3.1.4 Fokusareas van Taakspan vir Familie ekumene in en buite Afrika

**a.** Fokus is gerig op verhoudingsbou met ons susterkerke in die NG Kerk-familieverband nl Reformed Church in Zimbabwe (RCZ), Church of Central Africa Presbyterian (CCAP) Harare, CCAP Nkhoma, Igreja Reformada em Moçambique (IRM) Mphatso, IRM Tumbine, Universele Gereformeerde Christelike Kerk in Nigerië (NKST), Reformed Church of East Africa (RCEA) Kenia. Tog is daar ook kontak en verbande in 'n mindere mate met ander kerkgroepe in Sub-Sahara Afrika, Operasie Mobilisasie (OM) in Suid-Soedan.

**b.** Hulp en ondersteuning aan susterkerke ter vestiging van die kerk en uitbreiding van die evangelie in die konteks waarin hulle is deur middel van toegespitste finansiële ondersteuning en gesekondeerde personeel: Finansiële steun vir sinodes se administrasie, steun aan teologiese skole, steun aan kliniekprojek en hospitaal, stuur gesekondeerde personeel: faktotum, sielkunde-dosent, dokter, verpleegpersoneel.

**c.** Bou verhoudinge en skep geleenthede binne susterkerke vir gemeentes, diensgroepe binne ons sinodale gebiede om verbande aan te knoop deur middel van uitreike, tweeling-ooreenkomste, blootstellingstoere. Inligtingstoer vir groep VGKSA en NGK dominees na Malawi en Mosambiek in Mei 2014.

**d.** Bevorder en steun vennootskappe en onderlinge samewerking van gemeentes in ons sinodale areas in hul pogings om meer effektief verbande met ons susterkerke te bou. Morgenster-vennootskap van gemeentes in die Suid-Kaap en aan die Rand met gemeentes in die Reformed Church in Zimbabwe (RCZ), Ruvuma-vennootskap van steungemeentes betrokke in Noordoos-Mosambiek.

**e.** Werk nou saam en ondersteun netwerke en organisasies wat dieselfde doelwitte binne ons susterkerke nastreef. NetACT (Netwerk van teologiese skole in sub-Sahara Afrika; sien http://www.sun.ac.za/netact/), Veritas, Nehemia Bybelinstituut (NBI).

**f.** Literatuurbediening: Begin van werksvennootskap tussen Christian Audio-visual Action (CAVA) Harare en Christelike Lektuurfonds (CLF) vir die daarstelling en verspreiding van geskikte Christelike leermateriaal in Suider-Afrika.

**g.** Leierskapontwikkeling en bedieningsondersteuning binne ons susterkerke: nagraadse studie in teologie op Stellenbosch, mentorprogram vanuit Church of Central Africa Presbyterian (CCAP) na Igreja Reformada em Moçambique (IRM) Mphatso en Tumbine, leierskapsforum van NG-susterkerke in Suider-Afrika.

**h.** Poog om gemeentes binne die NGK en VGKSA Kaap-streek ingelig te hou en meelewing te bevorder met betrekking tot ons Afrika familie ekumene;
Werk nou saam met NG Kerk-familie op algemeen en individuele sinodale vlakke (bv in Gesamentlike Sendingkommissie vir Mosambiek (GSM) ten opsigte van Mosambiek) om verhoudinge in Afrika gekoördineerd aan te pak. Poog om hele NG Kerkfamilie sodoende by ons Afrika familie ekumene in te bind.

### 3.1.5 Nasionale samewerking met betrekking tot Afrika ekumene: Vestiging van projekspan

Na jarelange pogings het 'n belangrike proses by KGA se Taakspan Familie Ekumene in en buite Afrika in werking getree. Dit is die onderlinge samewerking en vennootskapsvorming van die onderskeie leierskappe binne ons familie ekumene in Afrika. Hierby ingesluit is ons susterkerke in Zambië, Botswana, Malawi, Mosambiek, Zimbabwe, Nigerië en Kenia) saam met ons NG Kerk-familie in SA.

Die besluit van die Uitgebreide Moderamen van die NGK in Oktober 2014, om die vestiging van 'n projekspan vir Afrika ekumene te steun, was 'n groot stap vorentoe. Die aanvanklike span, bestaande uit Kobus Gerber, Gideon van der Watt, Kobus Odendaal, Carel Lourens en Jurgens Hendriks (namens Network for African Congregational Theology [NetACT]) het op 18 Februarie in Johannesburg vergader. Daar is kennis geneem van verskeie versoeke van ons susterkerke vir die vestiging van 'n leierskapsforum vir ons Afrika familie ekumene.

Die eerste opdrag van die projekspan is om die ander lede van die NG Kerk-familie in Suid-Afrika (VGKSA, RCA en NGKA) in te bind by hierdie aksie. Daarna sal 'n eerste beraad saam met die General

Secretaries (Uitvoerende Beamptes) van al ons susterkerke in Afrika gereël word. Dit word vir die middel van Junie 2015 te Lusaka, Zambië beplan. Hierdie beraad sal die pad uitstippel vir die vestiging van 'n leierskapforum binne ons breë familie ekumene in Afrika.

**3.1.6 Aanbeveling 3**
**Die Sinode is diep dankbaar en loof die Here vir die omvangryke evangelisasie en sendingwerk wat ons voorgangers in die NG Kerk-familie se sinode, rings- en gemeenteverbande in Malawi, Zimbabwe, Kenia, Mosambiek, Nigerië en Japan onderneem het en vir die liefde en hartlikheid waarmee ons en ons susters en broers die inter-afhanklikheid en medeverantwoordelikheid wat uit hierdie liefdesdiens en -offers gebore is vandag met nuwe fokusse kan voortsit, tot lof van ons Here en tot die verdere uitbreiding van sy koninkryk, in en vanuit die genoemde kontekste. Die Sinode bid dat die Here ons getrou en toegewyd mag bevind om sy werk in en vanuit hierdie verbande voort te sit uit ons bevoorregte posisie en met ons bronne en om dit uit te brei tot sy lof en eer.**

**3.2. Getuienis deur Gemeentes en Kerkverband (JG Botha)**

Hierdie taakspan (in noue samewerking met ander sinodale bedieninge) staan gemeentes, ringe, sinodes, fokusgroepe en vennootskappe van die NG Kerk-familie in Kaapland en KZN by en rus hulle toe om saam met ander by die huis te fokus en uit te reik met die evangelie na verskillende mense en kontekste in eie omgewing en in breër verbande, in en vanuit Kaapland en KwaZulu-Natal.

**3.2.1 Rigtinggewende besluit**
Die volgende dekkende besluit is in die reses (2013) deur die KGA se konstituerende kerke geneem: Die moderamen/SK/moderatuur ondersteun dit dat die KGA met ander rolspelers (Bv Gemeente-bediening/Communitas, Erediens en Verkondiging/Toerusting, Diens/Armoede en Sorg, rolspelers/bedieninge/organisasies) sal uitklaar om die begeleiding en skoling van plaaslike gemeentes in ons familieverband voortaan ten beste en met goeie sinergie te onderneem, met die oog op ons verkondiging van die evangelie deur ons breër familieverband in en vanuit Afrika.

KGA en die ander rolspelers beraadslaag sedert 2013 deurlopend en klaar uit hoe, deur wie, waar en wanneer die gemeentes en ringe en bedieninge in ons bedieningsgebied ten beste en in sinergie bygestaan kan word om hulle lewe en werk as getuies van Jesus in die wêreld uit te voer.

**3.2.2 Doelwitte**
**a.** Om saam met ander sinodale bedieninge en rolspelers al die gemeentes, ringe en vennootskappe by te staan, te help toerus vir 'n oorgegewe lewe van uitreik met diens en getuienis
**b.** Om diens en getuienisgeleenthede in breër verband, in diens en belang van gemeentes te help ontwikkel en uit te bou, deur middel van vennootskappe en netwerke
**c.** Om bystand te gee met bestaande uitreikaksies/evangelisasie bedieninge in en vanuit ons familieverband (bv Bediening aan buite-kerklikes/kerklos mense (saam met bv Communitas en GKS en ons ander historiese vennote; Getuienis en Dialoog teenoor ons Joodse bure (saam met die Cape Peninsula Reformed Church (CPRC) en Beit Ariel) en ons Moslembure (saam met Projek Goeie Hoop (PGH) en betrokke gemeentes; Straatwerk (Kaapstad) en MES Aksie (Bellville); Omgewingsorg (Ekologie – saam met A&S); Gevangenes-bearbeiding (saam met ekumeniese bedienings-aksies); Sokhanya en die Nehemia Bybel Instituut (NBI) by Bybel-Media (teologiese opleiding aan kerkleiers van die Afrika Onafhanklike Kerke [AOK]); Hugenote Kollege (HK)/Toerustingsburo vir Interkulturele Werkers (TIW) (ons fokus saam op die ontwikkeling van multikulturele gemeentes en interkulturele vaardighede); Sport en Spelbediening (vestig holistiese evangelisasie aksies in gemeentes)
**d.** Om as vennoot by te staan met die ontwikkeling van fokusbedieninge saam met en in belang van die VGKSA Makhathini en Msinga in KZN en die 10 VGKSA Oos-Kaapland ringe (100 gemeentes) met byvoorbeeld leierskapsontwikkeling en ander diens en getuienisprojekte.

**3.2.3 Historiese en strategiese vennote en mede-werkers betrokke in ons netwerk**
Bv NGK, VGKSA en RCA gemeentes, ringe en sinodes (bv KZN en Oos-Kaapland); sinodale bedieninge soos Toerusting; Communitas (Gemeentebediening, GKS, Suid-Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes [SAVGG]); medewerkers soos Nehemia Bybelinstituut/Bybel-Media, Sokhanya-skoling vir gemeenteleiers, Veritas, Toerustingsburo vir Interkulturele Werkers /Hugenote Kollege met betrekking tot multikulturele gemeenteontwikkeling, Simcha Jodebediening, Projek Goeie Hoop (PGH) met Moslembearbeiding, Straatwerk, Sport en Spel.

**3.2.4 Fokusareas van die Taakspan vir Getuienis deur Gemeentes en Kerkverband**
**a.** Om fokusse en strategieë te identifiseer en te ontwikkel waarmee individue, gemeentes en die kerkverband effektief kan uitreik met die evangelie van Jesus na die kerkvervreemdes, kerklos en nie-gelowige mense.
**b.** Om gemeentes, ringe en vennootskappe by te staan en te help toerus om gefokus en effektief met die evangelie uit te reik in die verskeidenheid kontekste waarin hulle lewe en getuig, naby en ver.
**c.** Om gemeente, ringe en diensgroepe prakties bloot te stel aan die bestaande verbandsbedieninge wat met die evangelie van Jesus uitreik. Hierdie

interaksies dien as katalisator vir die ontwikkeling van gemeentes en ringe se eie bedieninge in plaaslike en wyer verbande. Die taakspan ondersteun, bemiddel en help organiseer sulke interaksies.

**d.** Om die gemeentes (600) en ringe (71) en sinodes van ons familieverband in Kaapland (VGKSA Kaapland, NG Kerk in SA en NGK Oos-Kaapland) se missionêre besef en gerigtheid (verbeelding) verder te help ontsluit vir God se sending in God se wêreld. Kundige KGA-lede is geïdentifiseer en word hiervoor as medewerkers toegerus om gemeentes, ringe en vennootskappe met betrekking tot ’n verskeidenheid bedieningsbehoeftes te begelei en te help fokus, in sinergie met ander rolspelers en bedieningsvennote in Kaapland. Verskeie gemeentes in die Wes-en-Suid-Kaapland is in die reses besoek en met betrekking tot hulle missionêre bedieningsuitdagings en -fokusse begelei. In die Oos-Kaap word saam met ander sinode bedieninge en tien VGKSA Ringe en die NGK Oos-Kaapland op die bedieningsuitdagings van die gebied gefokus. Verskeie geslaagde werkswinkels is reeds in die gebied aangebied en nog ander is in die onmiddellike vooruitsig. Daar is ook ’n aantal staande diens en getuienisprojekte wat deurlopend aandag en ondersteuning kry.

**e.** Om gemeentes en kerkverband se transformasie tot multikulturele eenhede met interkulturele vaardighede as ’n besonder belangrike en noodsaaklike bedieningsfokus in ons tyd te begelei met kundigheid en praktiese bedieningsvaardighede. Die goedkeuring van hierdie fokus op die voormalige AKGA (voorloper van die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis [VDDG]) vlak is deur KGA geïnisieer en KGA het die daarstelling van die Toerustingsburo vir Interkulturele Werkers (TIW) geïnisieer en ondersteun dit steeds. Die fokus op en ontwikkeling van sigbare, praktiese multikulturaliteit in ons kerkwees hou spesifiek verband met ons herstelde kerkbegrip.

**f.** Die Belydenis van Belhar beklemtoon immers baie belangrik ons sigbare bestaan as "diversiteit in eenheid". Dus is ons uitdaging om hierdie kultuur diversiteit sigbaar te beliggaam in gemeente- en kerkverband. KGA se eie totstandkoming in 1991 bou histories pertinent op hierdie belydenisinsig. Die 2014 KGA Jaarvergadering (JV)-konferensie was spesifiek op die ontwikkeling van multikulturele gemeentes met interkulturele vaardighede gefokus. Hierdie fokus word nou verder, saam met vennote, in praktiese verbande ontwikkel om gemeentes en ringe te help begelei in die transformasie wat ons almal saam moet ondergaan, sodat die krag en geloofwaardigheid van die evangelie deur ons lewe saam met mekaar gespieëlbeeld sal word.

**g.** Om te fokus op die integriteit van die skepping en ons versorging daarvan as ’n besonder belangrike missionêre fokus in ons dag. KGA Taakspan vir Getuienis deur Gemeentes en Kerkverband en Armoede en Sorg is vennote in die Ekologie Taakspan. Hierdie taakspan is verantwoordelik daarvoor om vanuit ’n ekumeniese samewerkingsverband gemeentes en ons meewerkende kerke se bewussyn ten opsigte van ons missionêre verantwoordelikheid teenoor die skepping te help fokus, ’n visie te ontwikkel en ’n praktiese gereedskapskis daar te stel wat medewerkers in staat sal stel om plaaslike doenbare bewaringsfokusse te ontwikkel en volhoubaar te onderneem.

**h.** Die doelgerigte bou van netwerke en vennootskappe om saam met ander in bestaande en in nuwe uitreike met die evangelie betrokke te raak, as ’n basiese en noodsaaklike bedieningsbenadering in ons tyd. KGA is betrokke by die toetsing en ontwikkeling van riglyne om vennootskapsontwikkeling te begrond en te beoefen.

**i.** As vennoot verleen KGA bystand by ondersteuningsvennootskappe in die praktiese bediening in KwaZulu-Natal (die VGKSA gemeentes Msinga en Makhathini – saam met die VGKSA en NGK en RCA sinodale strukture in KZN)

**j.** Deurlopende samewerking en koördinering by die ontwikkeling en redigering van die jaarlikse Week van Gebed- en Pinkster-reekse saam met ander rolspelers in die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis-verband (VDDG aangewese lede, CLF, Bybel-Media, Luisterseisoen), en maak ook hierdie hulpmiddels aan al die gemeentes van die NG Kerk-familie beskikbaar.

### 3.2.5 Praktiese bedieningswerk gedurende die afgelope reses:

### 3.2.5.1 Taakspan vir Getuienis deur Gemeentes en Kerkverband help ontsluit visie en energie by ringe en gemeentes vir die missionêre bedieningsuitdagings in die Oos-Kaap streek

KGA, saam met Armoede en Sorg en Gemeentebediening, werk in die NG Kerk-familie se Kaapland bedieningsgebied, insluitend Wes-en-Suid-Kaapland en Oos-Kaapland. KGA se Taakspan vir Getuienis deur Gemeentes en Kerkverband is histories betrokke by die proses om geïntegreerde en gesinergeerde ondersteuning aan die 107 VGKSA gemeentes en tien ringe in die Oos-Kaapland te bied om aan die diens en getuienis uitdagings en geleenthede daar doelgerig en effektief aandag te gee, in noue samewerking met die Diakonale Subkomitee van die Oos-Kaap. Die historiese proses om die bedieningsuitdagings en -geleenthede aan te spreek en die bedieninge effektief te help saamspan, dateer reeds uit die negentiger jare. In 2010 is ’n nuwe inisiatief begin om verteenwoordigers van die gemeentes, ringe en sinodale bedieninge onder leiding van die VGKSA Kaapland moderatuur in ’n span te laat saam fokus en dien. Die gesamentlike moderatuursvergadering (van VGKSA Kaapland, NG Kerk in SA en NGK Oos-Kaapland) in Mei 2014 is breedvoerig oor die stand van die proses ingelig. Hulle het hulle instemming betuig en saamgestem dat die VGKSA se Geïntegreerde Bedieningsmodel die raamwerk vir die uitvoering van die Oos-Kaapland bedieningsaksie sal voorsien, as ’n model wat moontlik ook elders in Kaapland toegepas sal kan word. Die NGK Oos-Kaapland is ’n medewerker

in die proses. Die gang van ontwikkelinge en die stand van die bestaande diakonale projekte is aan die Oktober 2014 sinode van VGKSA Kaapland gerapporteer en goedgekeur.

Positiewe momentum is verder aan die proses gegee met die 18-20 Februarie 2015 werkswinkel te PE rakende praktiese bedieningstrategieë. Dit is saamgeroep deur die Diakonale Sub-komitee van die Oos-Kaap saam met rolspelers uit Erediens en Verkondiging, Gemeentebediening en KGA, saam met verteenwoordigers uit die Oos-Kaap ringe en kerkleierskap.

Enersyds is op die samestelling en toepassing van die struktuur ooreengekom, wat die bedieninge se betrokkenheid vorentoe in die gebied sal koördineer en bestuur. Andersyds is op die inhoud en praktiese aanpak van die bedieningsagenda (deur middel van toerustingsgeleenthede en praktiese projekte) gefokus en afgespreek. Die strategie ondersteun die plaaslike gemeentes en ander rolspelers om vanuit die sending van die Here op die taak te fokus. Rolspelers uit die Oos-Kaap is aangewys om spesifieke fokusse te help hanteer.

Drie fokusareas is onderling uitgeklaar:
**a.** Erediens en Verkondiging fokus op die: opleiding van leraars (in die lig van die groot tekort in die gebied); hantering van geloof, leer en lewe kwessies; koördinering en bestuur van die VBO-aanbod in die Oos-Kaap; retraites vir leraars.
**b.** Toerusting en skoling van gemeente en ringsleiers (KGA, Gemeentebediening, A&S werk hierin as "opleidingseenheid"). Die toerusting-strategie gebruik die "Lees Handelinge in Afrika" metodiek as 'n basiese inleidingstrategie; dit kan vrugbaar opgevolg word met materiaal van die Nehemia Bybelinstituut (NBI) by die verdere ontwikkeling van bedieningskundigheid en –vaardighede op verskeie vlakke (die materiaal kan gebruik word om op individuele of op groepsvlak, bv as kerkrade, toepaslike opleiding te verkry); en die gebruik van Veritas om Bybelkundigheid en -vaardigheid by gemeenteleiers te vestig.
**c.** Diens en getuienis projekte en uitreike waarop verder gefokus sal word (bv Vroeë Kinderontwikkeling (VKO/ECD), armoede verligting-/uitwissing; gesondheidsuitdagings soos MIV of vigs en kwesbares ("vulnerables"); Omgewingsorg; Arbeidsbediening; Publieke Getuienis.

Die rings- en bedieningsverteenwoordigers by die PE-werkswinkel het die "Lees Handelinge in Afrika" strategie eerstehands meegemaak. Twee besonder geslaagde ringswerkswinkels met die Handelinge-leesstrategie is hierna met die ondersteuning van KGA Taakspan vir Getuienis deur Gemeentes en Kerkverband aangebied in die ringe van Cala op 21 en 22 Februarie vir 66 gemeente- en ringsleiers en van Mthatha vir 35 gemeente- en ringsleiers op 23 en 24 Februarie. 'n Werkswinkel, wat spruit uit Oos-Kaap inisiatief en op die wyer en sterker vestiging van Arbeidsbediening in die Oos-Kaap sal fokus, vind in Maart 2015 plaas. KGA Taakspan Arbeidsbediening staan die Oos-Kaapse rolspelers by om 'n volhoubare bediening te help vestig.

**3.2.5.2 Samewerking in Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis (VDDG)-verband**

Die volgende temas is in die afgelope reses behandel en aan die hele NG Kerk-familie beskikbaar gemaak:

**a. Week van gebed**
**2011** – *Die gebed wat die wêreld omspan* (skrywer CM Pauw)
**2012** – *Maak my u wil bekend, Here, leer my u paaie* (Psalm 25:4) (skrywers NA Botha, V Pillay en G vd Watt)
**2013** – *Bid sonder ophou*... (skrywers JG Botha, DH Gantana, EC Orsmond en medewerkers J Grobbelaar, P van Schalkwyk, P Meiring, M-A P van Huffel, M Heany, AJ Esterhuizen, CJ van Rensburg, V Pillay, ME Kibito, A Hoffman, HG Platt, G van der Watt)
**2014** – *Geseënd is die Vredemakers* (skrywer PGJ Meiring en medewerkers V Pillay, NA Botha, L Modise en L Meiring)

**b. Pinkster**
**2011** – *Saam met Jesus op die berg* (skrywer: DJ Smit)
**2012** – *Die barmhartige God en sy barmhartige kerk vandag* (skrywers verskeie NG Kerk-familie leraars uit KZN)
**2013** – *Baniere vir ons geloofstryd* – aan die hand van Belhar (skrywers DX Simon, C Landman, TE Ngema, C Goeiman, PJ Grove, A v Niekerk, V Pillay, G Claasen, M-A P van Huffel, MG Betha en CJ van Rensburg)
**2014** – *Noodkrete om* 'n *menslike lewe* (skrywer: NN Koopman en medewerkers AJ Esterhuizen, T Bosman, S Cezula en CJ van Rensburg)
**2015** – *Die aarde behoort aan die Here* – die reeks fokus op die ekologie en ons versorgings-verantwoordelikheid (skrywers: uit verskillende sinodale taakspanne).

**3.2.6 Strategiese bedieningsvennote**
Hier volg inligting van die ses strategiese bedieningsvennote wat histories deur en binne die KGA sinodale verband 'n tuiste het en wat met Taakspan vir Getuienis deur gemeentes en kerk-verband saamwerk om die gemeentes en kerk-verbande se fokus op evangelisasie, diens en getuienis enersyds op verskillende vlakke uit te voer én wat dieselfde fokusse ook omgekeerd en doelbewus in gemeente- en kerkverband aanvuur.

**3.2.6.1 Sokhanya Bybelskool**
Sokhanya, wat in deur KGA en drie NG gemeentes in die Noordelike voorstede as 'n bedieningsvennootskap gestig is, streef die afgelope 23 jaar

daarna om aan hierdie doelwitte hande en voete te gee deur die aanbied van kontak klasse in vier verskillende woongebiede van die Kaapse Skiereiland, asook deur 'n korrespondensiekursus vir persone wat nie in staat is om die klasse by te woon nie.

Die doelwitte van Sokhanya is die volgende:
**a.** Om studente te help om te groei in die sekerheid van hulle geloof deur die bestudering van die kennis van die Woord van God. Sokhanya leer net die Bybel en nie die leer van 'n bepaalde kerkgenootskap nie.
**b.** Om studente se Christelike lewe en toewyding aan God te versterk sodat hulle Hom getrou dien.
**c.** Om studente toe te rus om die kennis wat hulle opgedoen het as leiers met hulle gemeentes te deel (Esegiël 2: 4-10), in staat om die kudde van God te voed (Johannes 21:15) as mense wat sien (Lukas 6: 39-40)
**d.** Om studente in staat te stel om versigtig te kyk na die onderrig en praktyke van hulle kerk en seker te maak dat dit gebaseer is op die Woord van God alleen. So word hulle gehelp om 'n gesonde kerk te bou en eenheid onder gelowiges te help bring.
Die totale getal studente-inskrywings het oor die land heen gegroei en staan op die oomblik op 1 340. Vir die afgelope paar jaar het 'n gemiddeld van 80 persone per jaar ingeskryf vir die klasse en ongveer 100 vir die korrespondensiekursus. Agt van die land se nege provinsies is in die studente bestuursliggaam verteenwoordig. Persone van alle vlakke van leierskap van die volle spektrum van Christelike denominasies woon die kursusse by of loop die korrespondensiekursus. 'n Aansienlike persentasie van hulle is vroue.

Die normale kursus bestaan uit 'n drie jaar Bybelstudieprogram vir die Ou en Nuwe Testament. Die Bybel is hiervoor die primêre handboek. Alle studiemateriaal is in Xhosa. Volwasse opvoedingsbeginsels word toegepas in die studie. Daar is geen beperking ten opsigte van die opvoedkundige vlak of ouderdom nie. Die korrespondensiekursus sluit ook modules in met betrekking tot leierskap en die kerk se geskiedenis. Klasgroepe ontmoet mekaar twee-weekliks vir werkswinkels met betrekking tot 'n verskeidenheid van kontekstuele bedieningsonderwerpe. Van die opleidingsmateriaal is met verloop van tyd reeds meer as 31 000 kopieë verkoop.

Een van Sokhanya se studente het al die studiemateriaal in Sesotho vertaal. Die versoek om die materiaal in Engels beskikbaar te hê word tans aangespreek.

Twee van die kursusse is verwerk in bykomende korrespondensiekursusse oor die lees van die Bybel in groepe en oor die huwelik, asook hoe om hieroor werkswinkels aan te bied. Die kursusse is baie gewild en getuienisse van seën daaruit word gereeld ontvang.

**Ontwikkelinge en uitdagings**
**a.** As gevolg van die aftrede van die bestuurder van die Sokhanya Skool in 2016, word 'n proses tans deur die vennote in die Sokhanya Skool – met die instemming van die studente leierskap – bestuur om die Sokhanya kursus met die Nehemia Bybelinstituut by Bybel-Media te integreer vanaf die begin van 2016 (sien http://nbi.bybelmedia.org.za).
**b.** Alle studente sal dan die intreevlak korrespondensieprogram volg, terwyl hulle aangemoedig sal word om gedesentraliseerde studiegroepe te organiseer en die NBI-materiaal verder te ontgin.
**c.** Die medewerkers sal vennote van die opleiding bly en KGA sal meehelp om die ondersteunersbasis uit te brei.
**d.** Ons vertrou dat hierdie skuif die Sokhanya opleidingsmateriaal vir baie meer mense, selfs in die buiteland, beskikbaar sal maak, en dat dit die wonderlike werk van die Nehemia Bybelinstituut in die jare wat kom, sal versterk en uitbrei.

**3.2.6.2 Straatwerk**
Straatwerk – met 50 somers agter die rug in 2015 – sê: "Ons verstaan dit as ons roeping om 'n brug te help bou tussen gemeentes en die randfigure van ons stad". 'n Sleutelteks in die verband is Spreuke 31:8-9: *"Praat jy vir dié wat nie self hulle sê mag sê nie, kom op vir die reg van dié wat te gronde gaan; praat en lewer regverdige uitsprake, laat reg geskied aan die armes en ellendiges".*

In hulle evangelisasie uitreikaksies help Straatwerk negatiewe persepsies wat mense van die kerk en die evangelie het, afbreek.
Hulle kies doelbewus vir 'n vriendskap en diens styl en skep 'n gemaklike en ontfermende ruimte waarbinne gelowiges praktiese ervaring van hulle diens en getuieniswerk kan opdoen in die naglewe van Kaapstad, om op hulle beurt in hulle eie konteks te gaan toepas.

In hulle evangelisasie en diensaksie uitreike pas hulle drie waardes toe:
- **Teenwoordigheid** (om op 'n gereelde basis teenwoordig te wees tussen mense wat die naglewe van Kaapstad besoek, vroue in prostitusie en met hulle skoonmaakaksie van Kaapstad se middestad),
- **Sigbaarheid** (mense moet kan sien waarvoor ons staan en wat ons daar doen – daar geen verskuilde motiewe nie en niks word terug verwag nie)
- **Praktiese diens** (Straatwerk is oortuig daarvan dat ons as gelowiges liefde en omgee aan mense in die naam van Christus moet wys op 'n verskeidenheid van maniere, soos met die kontak op straat, die versorging van mense se geestelike en liggaamlike behoeftes, die skepping van menswaardige alternatiewe, soos met die skoonmaakprojek, en deur middel van deurgangshuise vir mense wat uit afhanklikheid en afbrekende lewenstyle wil loskom).

Straatwerk gaan uit van die veronderstelling dat gelowiges uit gemeentes wat hulle kom besoek, reeds deur die gemeentelike kategese en ander lering genoegsame kennis van die Woord en die Belydenisse opgebou het, om nie slegs blote toeskouers in gesprekke te wees nie, maar self aktief in die praktiese uitreikaksies te kan deelneem.

Drie besonder hoopvolle verhale uit die huidige evangelisasie en diens praktyke van Straatwerk is:
**a.** Kaapstad se strate en donker hoeke blink weens die aandag van die werkskeppingsprojek wat vir werklose mense gevestig is, met die baie positiewe ondersteuning van Kaapstad se munisipale bestuur.
**b.** Dertig persone wat in prostitusie gevang was, kon in die laaste paar jaar deur Straatwerk se fokus op Jesus en hulle liefdevolle betrokkenheid uit hulle ou lewenswyse ontsnap en nuut begin lewe.
**c.** Twee duisend mense kom bad maandeliks by Straatwerk se "nuwe" koffiekamer in die Moslem Bo-Kaap gebied en kry daarmee saam die evangelie van Jesus in.

**3.2.6.3 Moslembediening – Projek Goeie Hoop**
Projek Goeie Hoop is sedert 2003 ’n voortsetting van die werk wat ds Jurie Goosen tussen 1987 en 2000 in die Helderberg-Kom as “Moslem-uitreik” gedoen het. Die werk is in 2003 voortgesit onder die naam “Projek Goeie Hoop” om nie net na Moslems met die evangelie uit te reik nie, maar om Christen gelowiges in staat te stel om sinvol en sonder huiwering die evangelie van Jesus as Here verstaanbaar teenoor Moslems uit te leef en daarvan te getuig. Die area waar Projek Goeie Hoop (PGH) hoofsaaklik fokus, is die Helderberg-Kom, wat Somerset-Wes, die Strand, Gordonsbaai, Macassar en Sir Lowry’s Pas-dorp insluit. Ons toerustingstaak mik wel wyer.

Die Helderberg-Kom is wel van groot historiese belang vir Islam in Suid-Afrika. Die eerste Qur’an in Suid-Afrika is deur Sjeg Joesoef uit sy geheue op die plaas Vergelegen van Adriaan van der Stel geskryf. Dit is ons historiese uitdaging om die evangelie na ons Moslem-naaste in hierdie area te fokus. Die vele geleenthede om verstandig teenoor ons Moslembure op te tree, word deur ons eie, dikwels “moedswillige" onkunde aan bande gelê.

Die persone betrokke by die PGH-uitreik en die inligting wat ons gebruik, is van verskeie gemeentes en kerklike agtergronde afkomstig. Die deelnemers aan PGH se gereelde uitreikaksie Dinsdag-oggende, is voortdurend besig om hulle kennis omtrent Islam en die uitreik na ons Moslem-naaste uit te brei en te verdiep. In hulle tuisgemeentes is hulle ’n inspirasie vir persone wat deur wêreldgebeure ontstel word en meer van Islam en Moslems te wete wil kom. Dit is juis individue uit verskillende gemeentes wat persoonlik betrokke is by die werk van PGH. Naas die weeklikse skoling/studie/voorbidding en evangelisasie uitreike op Dinsdae reik PGH ook op ander maniere uit. Daar word daagliks onbemarkbare (maar eetbare) brood van ’n plaaslike bakkery gratis aan behoeftige mense beskikbaar gestel (Bread4Life).

Kobus Cilliers, wat die projek koördineer, lei ook dikwels eredienste in van die verskeie aftreeoorde waar hy senior lidmate toerus om ingelig voorbidding te doen vir die uitreik na ons Moslem-naaste. Hy is ook van tyd tot tyd betrokke by die begeleiding van jong Christene uit die Islam in hulle geestelike groei.

Die huidige gemeentes wat aktief betrokke is by die werk van PGH, is die NG Gemeente Suider-Strand en die Ministry of Grace International. Verskeie ander gemeentes (NG Gemeente Strand-Noord, NG Gemeente Hottentots-Holland, NG Gemeente Helderberg, NG Gemeente Somerset-Wes) ondersteun die bediening op verskillende maniere.

**Uitdagings vir ons evangeliebediening aan ons Moslem naastes:**

- Dit is verblydend dat 'n aantal gemeentes betrokke is by die uitreik na Moslem-lande elders. Ons het hierby die groot uitdaging om lidmate via gemeentes toe te rus om die evangelie deur diens en getuienis vir ons Moslem-naaste in die sake-wêreld en elders aan te gee.
- PGH is ’n “geloofsending” projek van OMS International (One Mission Society – voorheen Oriental Mission Society) wat deur donasies en ander beperkte finansiële bronne ondersteun. Kobus Cilliers gaan as emeritus steeds voort met die werk.
- PGH se medewerkers bid dat meer gemeentes (leraars en kerkrade) hulle lidmate sal aanmoedig om hulleself in te grawe ten opsigte van Islam se uitdagings aan die kerk van Jesus Christus.

Die KGA Taakspan vir Getuienis deur Gemeentes en Kerkverband gee tans aandag aan die breër verantwoordelikheid van ons Moslem-bediening en ook aan die ontwikkeling van doelmatige stof, publikasies vir die begeleiding en toerusting van lidmate, gemeentes en die kerkverband.

**3.2.6.4 Jodebediening**
Die Simcha Evangelisasiebediening aan ons Joodse bure beleef tans ’n nuwe en opwindende seisoen waardeur ons geïnspireer en ook toegerus kan word om Jesus en sy evangelie in vandag se tye op nuwe maniere na ons Joodse bure aan te gee.

**a. ’n Verrassende nuwe ontwikkeling – Konferensies vir Joodse Christene**
“By Simcha-evangeliebediening aan ons Joodse bure was die jaar 2013 veral vir ons baie spesiaal” vertel ons werkkragte daar, Francois Wessels en Cecilia Burger. “’n Nuwe en vars begin is in die bediening gemaak”. Cecilia Burger sê 2013 se ervaring was een van die mees bevredigende ervarings van haar 40 jaar van bediening.

Dit het begin met ’n half-dag-konferensie vir die Jode wat in Jesus glo in Bellville in April 2013. Simcha-bediening het dit gereël in samewerking met die David and Jonathan Foundation. In plaas van bloot te fokus op die Joodse lede van Beit Ariel Messiaanse Joodse Gemeente en hul families en vriende, het Simcha-bediening hierdie keer ook Joodse Christene opgespoor wat lede is van die ander "gewone Christen" gemeentes in die Wes-Kaap en het hulle genooi na die konferensie. Daar was ’n baie positiewe reaksie en ons het ’n aangename ontdekking gemaak: Daar is ’n groot behoefte onder Joodse gelowiges in "gewone Christen" gemeentes om met mekaar te verbind, om af en toe saam te kom en om te dink en te praat oor hoe hulle hul geloof in Jesus kan kommunikeer na hul familie en vriende.

Tweedens het ons die krag van getuienisse van gelowiges herontdek – Joodse gelowiges vertel die stories van hul geloofsreis. By die April 2013-konferensie het al die sprekers op hierdie onderwerp gefokus. Die gevolg was dat spreker ná spreker vertel het hoe hulle daartoe gekom het om te glo dat Jesus nie aan die wêreld van nie-Jode behoort nie, maar dat Hy ’n Jood was, en daarby – die Joodse Messias, God in die vlees.

’n Derde konferensie in Oktober 2014 was die volgende hoogtepunt. Dit het gebeur binne die netwerk wat deur die Lausanne-konsultasie vir Joodse evangelisasie gevorm is. Hierdie 2014 samekoms het dieselfde patroon gevolg as die een in 2013. Hierdie keer was die sprekers nie net van Kaapstad nie, maar van oor die hele land. Ons het Joodse gelowiges ontmoet van wie ons nog nie eens gehoor het nie. Die Oktober 2014 konferensie het ons byvoorbeeld in kontak gebring met twee Joodse gelowiges van die platteland – van Springbok en van Oudtshoorn.

Ons herontdekking dat Joodse gelowiges wat lede is van die gewone Christelike gemeentes ook met ander Joodse gelowiges verbind wil wees, was die een enkele belangrikste ontwikkeling van die afgelope twee jaar. Ons fokus nou daarop om hierdie Joodse gelowiges met die volgende by te staan:

- om hulle te verbind met ander Joodse gelowiges sonder om hulle van die gemeentes waar hulle lede is te vervreem;
- om hulle toe te rus en te mobiliseer om die evangelie aan hulle Joodse familie en vriende te kommunikeer.

**b. Dienswerk binne die Messiaans Joodse gemeente, Beit Ariel**

Francois en Cecilia is beide betrokke by die bediening van Beit Ariel met:

- ’n weeklikse havura (vriendskap) groep
- Beit Ariel se hoof-erediens op Vrydagaande, waar Francois gereeld preek
- die reël van en bystand by Beit Ariel se chaggim (Joodse feeste)
- diens in die Beit Ariel leierskap.

Hul positiewe ervaring met die Joodse gelowiges wat nie deel is van Beit Ariel nie, sal veroorsaak dat die fokus van hulle energie verskuif na die mobilisering van Joodse gelowiges buite Beit Ariel. In hierdie verband sal hulle baie moontlik vorentoe meer aktief in die Kaapstad-tak van die Lausanne Consultation for Jewish Evangelism (LCJE) wees.

**c. Baie Nie-Jode sluit onverwags by Beit Ariel aan**

’n Vreemde verskynsel het ontwikkel onder middel-klas Christene wat in die afgelope jaar of wat gefassineer word deur die teologie en gebruike van die Messiaanse Joodse beweging. Dit het gelei tot ’n heel onverwagse ontwikkeling: ’n aansienlike getal voorheen toegewyde Christen lidmate in hul gemeentes het hul gemeentes het hul gemeentes verlaat en klein huisgroepe gevorm. Hulle kom saam om te aanbid, nie op Sondae nie, maar op Vrydagaande en Saterdagoggende (die Joodse sabbat). Tydens hierdie byeenkomste word Joodse tradisies en Hebreeuse uitdrukkings gebruik – sabbat word Shabbat genoem, na God die Vader word verwys as Ha-Shem ("Die Naam") en Jesus word Yeshua genoem. Hierdie groepe is oortuig die regte soort Christelike aanbidding is deur middel van die Joodse tradisies.
Sommige van hierdie toegewyde gelowiges het Beit Ariel ontdek, waar hierdie Joodse tradisies en taal gebruik word, en het besluit dat dit die beste plek is vir hulle om die Here te aanbid, op die Joodse manier.
Vir Beit Ariel dit het ten minste drie gevolge:

- Die lidmaatskap het in die laaste twee jaar gegroei; skielik het Beit Ariel ’n aantal volwassenes en kinders bygekry (baie van hierdie nuwe nie Joodse-lidmate is Afrikaanse gesinne);
- Die inkomste het dramaties gegroei - terwyl Beit Ariel in 2013 nog ’n tekort van R11 000 per maand gehad het, het hulle inkomste gedurende 2014 omgekeer na ’n surplus van R10 000 per maand.
- Met baie meer nie-Joodse lede, het die persentasie Jode van Beit Ariel baie afgeneem. Die Joodse teenwoordigheid is gevolglik proporsioneel swakker as voorheen en dit sal nog minder word as die huidige tendens voortduur. So ’n ontwikkeling sal ook ’n herwaardering meebring van die oorspronklike doel vir die daarstel van die Beit Ariel gemeente vir Joodse gelowiges.

**d. Ons bediening aan individuele Jode**

Baie van die Jode wat ons bedien, glo nie in Jesus nie. Ons kan hulle nie bedien deur die kanale van Beit Ariel of die konferensie vir die Joodse gelowiges nie. Dit is mense wat ons besoek as individue en in Cecilia se spesifieke geval, ook klein

studiegroepe – meestal mense met wie ons in ’n vriendskapsverhouding is. In hierdie verband het Cecilia daarin geslaag om in haar 40 jaar van bediening verhoudings met ’n groot aantal van individue en gesinne te bou. Die resultaat is dat sy genooi word om baie familie geleenthede soos bar matzvahs by te woon. Sommige van ons Joodse vriende word ook blootgestel aan ander Jode wat in Jesus glo as hulle Beit Ariel se funksies bywoon.

**e. Emeritaat van Francois Wessels**

Francois Wessels, tans leraar van die Cape Peninsula Reformed Church (CPRC)-gemeente (50%) en namens die NG Kerk in SA sinode in diens van die Simcha-evangelisasiebediening aan ons Joodse bure (50%), emeriteer DV aan die einde van Mei 2015.

Francois is in 1977 op Nkhoma deur ds Kilion Mgawi as predikant georden in ons susterkerk in Malawi, die Church of Central Africa Presbyterian (CCAP) en doen diens as dosent in Nuwe Testament en Sistematiese Teologie by die Zomba Teologiese Kollege waar leraars van die CCAP en die Anglikaanse Kerk opgelei is. In Augustus 1983 aanvaar hy ’n beroep as predikant van die Cape Peninsula Reformed Church (CPRC) in Kaapstad met opdrag bediening aan Jode. Daar werk hy in die tagtiger jare saam met Cecilia Burger, die NG Kerk se geestelike werker onder Jode en later met Rodney Mechanic, ’n Messiaanse Jood en predikant in die Anglikaanse Kerk. Hulle ontvang twee sang- en evangelisasiespanne van Jews for Jesus in die VSA. In 1990 word Beit Ariel gestig – ’n onafhanklike Messiaans-Joodse gemeente, met Rodney Mechanic as eerste leier. By Rodney se vertrek na Israel in 1993 word Baruch Rudnik beroep as leier van Beit Ariel, en by sy vertrek na Israel in 1998, word Herschel Raysman beroep as leier van Beit Ariel. Francois dien as ouderling in Beit Ariel tot 2014.

By ds Dana Minnaar se emeritaat einde 1994 word Francois Wessels beroep as predikant van CPRC, terwyl hy voortgaan om saam met Cecilia Burger as sendeling in die Simcha Bediening aan Jode te werk. As lid die destydse Sinodale Sendingkommissie beleef hy die samesmelting met die Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie, en die uiteindelik in 1991 die nuwe kommissie se eenwording met die voormalige NGSK se kommissie (Sinodale Kommissie vir Getuienisaksie) om die huidige Kommissie vir Getuienisaksie te vorm. As lid van die NGK se Sinodale Kommissie/Taakspan vir Leer en Aktuele Sake (SKLAS/STLAS) help hy sedert 2004 met die skryf van verslae vir die Algemene Sinode oor homoseksualiteit, huwelik en saamwoon en die bediening van bevryding en nog meer.

Die KGA Dagbestuur sê (F Meyer): Hoewel Francois se pos amptelik bekend gestaan het as “Predikant in Sinodale Diens met opdrag bediening aan die Jode” het Francois nooit anders oor homself gedink as dat hy ’n sendeling vir die Jode is nie. As “sendeling” het Francois ’n besondere deernis vir die lotgevalle van die Joodse Gemeenskap in die Skiereiland. Oor die jare het hy ’n bedieningstyl ontwikkel wat nie as ’n bedreiging deur die Joodse gemeenskap ervaar is nie. Sy leierskap in die Simcha Bediening aan die Jode het vir die NG Kerk se Getuienisaksie deure geopen wat andersins ontoeganklik sou gebly het.

Benewens sy bediening aan die Jode het Francois ook op ander terreine van die kerklike lewe ’n belangrike bydrae gelewer. Sy aftrede bring ’n einde aan die huidige model vir die NG Kerk in SA se bediening aan die Jode in die Skiereiland.

Na sy emeritaat in Mei 2015 sal Francois voortgaan om die CPRC-gemeente in ’n vaste termynpos te bedien. Hy sal ook beskikbaar bly vir die Simcha bediening aan Jode, in samewerking met me Cecilia Burger en onder toesig en leiding van die KGA.

Sy aftrede laat ’n groot leemte in die eiesoortige bediening aan die Jode, maar ons gun vir hom die rus tyd na ’n diverse en sinvolle bediening. Ons bid hom en sy huisgesin die seën van die Here toe.

**3.2.6.5 Sport en Spel (S&S)**

Sport is nog altyd beskou as ’n aansluitingspunt of brug om mense te verbind. In die sin word dit gebruik deur sendinggenootskappe en kerke wêreldwyd as ’n bediening om mense dissipels van Jesus te maak en hulle na geestelike volwassenheid te lei om self transformasie agente in die samelewing te wees waar hulle lewe, werk en speel. Sport en Spel (S&S) se basiese benadering het kerke en gemeentes aanvanklik laat nadink oor die voordele van sport en spel binne kerke en gemeentes. Deesdae fokus S&S as ’n globale sport bedieningsbeweging op die volgende:

- S&S erken dat tradisionele en gevestigde kerke maklik in ’n onderhoudsmodus beland en dan dikwels daar vashaak
- S&S neem waar dat baie sukkel om te dink aan die kerk en te funksioneer as die kerk buite die vier mure van die kerkgebou.
- S&S ervaar baie lidmate sukkel om hulle geloof en hul daaglikse lewens te integreer, en dus leef hulle in kompartemente.
- S&S merk dat plaaslike gemeentes baie dikwels nie ’n aktiewe rol in die aanspreek van die kwessies in die gemeenskap speel nie.
- S&S bediening is nie die antwoord op probleme nie, maar is een van die ondersteunende metodes om gemeentes te help om vorentoe te beweeg met die skat van die evangelie.
- S&S bediening werk ideaal deur die vorming van dissipelgroepe en die dissipelskapsproses, want S&S bring mense herhaaldelik en gereeld saam.

- S&S help gemeentes om kerk in die gemeenskap te wees, omdat dit ’n bepaalde soort leierskap help kweek wat die evangelisie in die gemeenskap help indra en ooreenkomstige transformasie help bewerk.

In Sport en Spel se betrokkenheid by gemeentes word gewerk met drie areas of bewegings waarin hulle gerigtheid op die gemeenskap se behoeftes gefokus word:
**a.** S&S help gemeentes om verder as die klem op die versameling van kennis te beweeg (deur die Woordverkondiging, Sondagskool, Sondag bediening) na die aktiewe toepassing van kennis deur ’n fokus op gehoorsaamheid.
**b.** S&S help gemeentes om te beweeg van ’n klem op die maak van bekeerlinge (om mense net na die kruis van Jesus te bring) deur te fokus op die maak van dissipels, wat op hulle beurt weer dissipels maak.
**c.** S&S help gemeentes om te beweeg van die klem op doen aktiwiteite wat mense in staat sal stel om *na ons toe* te kom (kerk, die geleentheid, die jeug, ens) na ’n fokus op die GAAN na *waar hulle is*, lewe, speel en werk. Al bogenoemde aspekte is van S&S se bediening, mik op die maak van dissipels vir Jesus en die gepaardgaande transformasie van die gemeenskap. Die benadering word reeds met sukses toegepas binne die Christengemeenskappe in Saldanha/Diasville, Vishoek/Oceanview en Houtbaai.
**d.** Ons twee vennote in evangelisasie en die ondersteuning van gemeentes is Ben Marais (NGK; voormalige gemeenteleraar) en Joseph Jacobs (VGKSA; betrokke by evangelisasie sedert sy jeug).

Joseph is gekoppel aan die ekumeniese Sports Implementation Foundation (SIF) wat in die Kaap Provinsie gewerk het en ook nasionaal fokus. In die laaste ses maande is die volgende instansies deur middel van S&S evangelisasie bediening bereik:
’n Evangelisasie program word die Chrysalis Akademie aangebied; die hervatting van die Jeugbediening by VGKSA Sarepta; Ontwikkeling van ’n gefokusde leierskapprogram (Leierskap vir Hoop); Uitreik met die evangelie in die Drakenstein Korrektiewe Jeugsentrum deur middel van rugby; deelname aan die September 2014 bedieningskonferensie by die Cycas Akademie in Johannesburg, bygewoon deur leiers van Swaziland, Lesotho, Malawi, Zambië, Zimbabwe, Mosambiek, Brasilië, Indië, Australië en Suid-Afrika; motiveringspraatjies by skole met die voormalige Springbok-afrigter, Peter de Villiers as spreker; spanbousessie met UWK se Varsity Cup-span; interaksie en opleiding by verskillende kerke en gemeentes.

Ben is gekoppel aan die nasionale Ambassadors Football Association en fokus op die volgende areas in die laaste ses maande en ook verder: Toerusting en skoling in die Drakenstein Korrektiewe Jeugsentrum deur middel van ’n sokker akademie vir 25 gevangenes; werk saam met Cassie Carstens in die ontwikkeling van evangelisasie materiaal vir wêreldwye gebruik. Die materiaal bied ondersteuning aan sportbediening praktisyns om hul plaaslike kerke en gemeentes by te staan om betrokke te raak by die sportbediening, met die oog op die uitleef van die doelstellings hierbo genoem; Ben is gekies is as een van 30 pastore/leiers wêreldwyd om die proses met kerke te bestuur om hul gemeentes se evangelisasie potensiaal te help inspan en ontsluit deur middel van sportbediening; Ontsluit die visie by kerke en gemeentes in Pretoria en Kaapstad om deur middel van sportbediening in hulle gemeenskappe betrokke te raak; Met die fokus sterk op vaderloosheid in gemeenskappe word opleiding gedoen van afrigters (coaches) om die vaderfigure en mentors in gemeenskappe te wees deur middel van sport as die sleutel daartoe (hierdie opleiding gebeur in Pretoria, Soweto, De Doorns, Kaapstad); Ben preek ook in plaaslike gemeentes en fokus hulle aandag op S&S as evangelisasiemetode wat daadwerklik transformasie meebring.

**Uitdagings**

- S&S werk gefokus daaraan om die gedagte raamwerke van lidmate, gemeentes en kerke te help skuif vanaf ’n fokus wat alleen op die onderhoud konsentreer van wie ons is en wat ons het om te bewaar, na wie ons is in Christus en wat ons met sy evangelie aan te gee het tot die beswil van die mens en die gemeenskap om ons.
- KGA ondersteun die S&S-bediening as ’n bedieningsvennoot en moedig gemeentes van ons familieverband aan om dit ook voortgaande te doen.

**3.2.6.6 TIW/HK**

Die Toerustingsburo vir Interkulturele Werkers (TIW) se opleiding/toerustingsprogram is in 2013 by die Hugenote Kollege (HK) op Wellington se programaanbod geïntegreer. TIW is aanvanklik deur die verenigde Algemene Kommissie vir Getuienisaksie (AKGA), voorloper van die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis (VDDG) op die been gebring met KGA as medegrondlegger en anker-ondersteuner. KGA sit sy ondersteuning binne die nuwe HK-verband voort. Die KGA se doel hiermee is om die institutêre kapasiteit vir die begeleiding en ontwikkeling van multi-kulturele gemeentes met interkulturele vaardighede te sterk en om die HK as meewerkende vennoot te hê by KGA se verantwoordelikheid om hierdie fokus en lewenswyse in gemeente en kerkverband te ontwikkel.

Dr Willie van der Merwe, uitvoerende hoof van die Hugenote Kollege, gee hierby 'n voëlvlug oorsig van die kollege se aanverwante fokusse:

Die visie van die voormalige Toerustingsburo vir Interkulturele Werkers (TIW) om lidmate en gemeentes te help toerus vir diens en getuienis oor kultuurgrense heen, kom op verskillende maniere in die Kollege tereg, byvoorbeeld: In die kursusaanbod van die Kollege word deurgaans ook gefokus op die rasse- en kulturele diversiteit van die Suid-Afrikaanse samelewing en die studente word vaardighede aangeleer om so ’n konteks te kan hanteer.

**a.** Hugenote Kollege het in 2013 ’n navorsingsprojek onderneem wat die huidige stand van sake ten opsigte van multikulturele gemeentes met interkulturele bedieninge in die NG Kerk-familie in die Wes- Suid- en Oos-Kaapland te verken en te beskryf met die oog op verdere gespreksvoering, opleiding en ontwikkeling. Hierdie navorsing is tydens die KGA se jaarvergadering in Julie 2014 as deel van ’n konferensie oor multikulturele gemeentes met interkulturele vaardighede aangebied. Hierdie projek word voortgesit in 2015.

**b.** Hugenote Kollege is ook sedert 2012 in ’n navorsingsprojek betrokke oor die gebruik van kuns (tans musiek en sang) as ’n instrument om heling in verhoudinge en gemeenskappe te bevorder. Hierdie projek word in samewerking met die Evangelische Fachhocshule Rheinland-Westfalen-Lippe (EFH) in Bochum, Duitsland onderneem. In 2013 en 2014 was die VGKSA Darling betrokke in die veldwerk vir hierdie projek. Die oogmerk van hierdie projek is om vaardighede te identifiseer en te ontwikkel wat gedupliseer kan word in gemeentes. Die navorsingsgedeelte van die projek is aan die einde van 2014 afgehandel en daar word nou gewerk aan die ontwikkeling van werkwinkels waartydens sulke vaardighede geleer sal kan word.

**c.** Die vestiging van ’n skool vir pionier-kerkplanters aan die Hugenote Kollege vorder goed. Die adviespaneel vir hierdie projek is ekumenies saamgestel.

**d.** In die kursus-aanbod (hoër sertifikaat en B Th) vir Teologie en Bediening wat tans in die Kollege ontwikkel word, is multikulturaliteit en interkulturele vaardighede ’n sentrale tema.

**e.** Kort-kursusse (nie-geakkrediteerde seminare, konferensies, werkswinkels) wat multikulturele gemeentewees en interkulturele kennis en vaardighede bevorder, vorm deel van die pakket van kortkursusse wat Hugenote Kollege aanbied.

**f.** Dr R van Velden is deurgaans betrokke by die ontwikkeling en aanbieding van die bogenoemde kursusaanbod van Hugenote Kollege.

### 3.2.7 Johan Botha emeriteer

Johan is op 5 Februarie 1978 in die NG Sendinggemeente van Malmesbury as mede-leraar bevestig deur sy vader, David Botha. Op 1 Desember 1980 word hy die leraar van die NG Sendinggemeentes Stellenbosch en Kylemore (VGKSA sedert 1994) in kombinasie bevestig deur sy medeleraar in Malmesbury, Eberhard Schreve. Op 1 Augustus 1982 bevestig Jan Mettler en sy vader David hom as die sekretaris van die sinodale Getuienisaksie van die NG Sendingkerk in Suid-Afrika. In 1991 word hy die eerste sekretaris van die KGA by sy stigting in November daardie jaar saam met die mede-voorsitters, Neels Lambrecht en Russel Botman. Hy dien aanvanklik saam met Kobus Thom (buite Kaapland) as mede-PSD in KGA-diens (Gerigte bedieninge binne Kaapland) en vanaf 1993 tot 2002 ook saam met Michiel van der Merwe (Gemeentebediening). Na Kobus Thom se aftrede in 1993 was Kobus Koch en Martin Pauw agtereenvolgens Johan se KGA-kollegas (bedieninge buite Kaapland ). Sedert 2007 tot op hede is Johan die oorhoofse bedieningskoördineerder van die KGA en sedert 2014 die bestuurder van die Taakspan vir Getuienis deur Gemeentes en Kerkverband. Hy gee die oorhoofse koördineringsrol op 1 April formeel oor aan Kobus Odendaal, wat die verhoudinge met ons Afrika familie ekumene in KGA verband bestuur.

Sedert 1994 in VGKSA AS verband dien Johan tot 2012 as sekretaris in die bestuur van die Diensgroep vir Diens en Getuienis en tans as ondervoorsitter. Sedert 1993 was hy betrokke by die grondlegging en die uiteindelike daarstelling van die Algemene Kommissie vir Getuienisaksie van die NG Kerk-familie (AKGA) in September 2001 (tussen die voormalige ASSK en die AKGA van die VGKSA). Hy was ook betrokke by die konseptualisering en konstituering van die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis van die NG Kerk-familie (Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis; saamgestel deur lede van die NGK, VGKSA, NGKA en RCA) op 17 en 18 Oktober 2006 na die baie betekenisvolle Esselenpark-konsultasie in Junie 2006. Hy dien sedert 2006 namens die VGKSA AS en die KGA in die VDDG-bestuur. As mede-leraar van die VGKSA Stellenbosch is Johan lid van die sinode van die VGKSA Kaapland, wat hom in 2006 as lid van die uitgebreide moderatuur en in 2010 as scriba synodi verkies het.

Die KGA-dagbestuur sê (F Meyer): Gedurende sy bediening het Johan hom deurgaans op grond van prinsipiële oortuigings beywer vir die eenheid van die NG susterkerke. As Diensgroepleier van die KGA het hy baanbrekerswerk gedoen om ons familie ekumeniese verhoudinge met ons Gereformeerde Kerkfamilie in Nigerië, in besonder met die NKST (Universele Gereformeerde Christelike Kerk in Nigerië) te herbevestig en weer werkbaar te maak en saam met dr Kobus Odendaal die familie ekumeniese verhoudinge met ons ander susterkerke in die buiteland verder uit te bou. As bestuurder van Taakspan vir Getuienis deur Gemeentes en Kerkverband het hy die diverse en uitgebreide bediening van die KGA in vennootskap met ander rolspelers met insig en visie bestuur.

As lidmaat van die VGKSA het hy die kerk in die breë oor die jare met toewyding gedien. Hy het dikwels selfs agter die gordyn saam met ander kollegas hard gewerk om kerklike prosesse op spoor te hou. Oor die jare heen het hy deur middel

van verskeie publikasies ’n belangrike en dikwels deurslaggewende bydrae tot die teologiese debat oor die ekklesiologie en die missionêre karakter van die kerk gelewer.

Sy aftrede laat daarom ’n groot leemte in die KGA. Ons gun hom egter die uitspanning langs die pad van die kerklike lewe en bid hom en sy huisgesin die seën van die Here toe.

Johan ontvang DV demissie op 26 Julie 2015 in die VGKSA Stellenbosch gemeente.

**3.2.8 Aanbevelings**
**3.2.8.1 Aanbeveling 4**
**Die Sinode ondersteun die poging van die KGA, HK, Gemeentebediening en GKS om al die gemeentes in ons sinodale bedieningsgebied by te staan met goeie konteksanalise en die ontwikkeling van multikulturele gemeentes of gemeenskappe met toepaslike interkulturele vaardighede.**

**3.2.8.2 Aanbeveling 5**
**Die Sinode neem met groot dankbaarheid kennis van die seën van die Here wat rus op die evangelisasie uitreike van die NG Kerk-familieverband se bedieningsvennote in Kaapland. Die Sinode versoek dat KGA se Taakspan vir Getuienis deur Gemeentes en Kerkverband voortgaan om aan hierdie bedieningsvennote ’n tuiste en ondersteuning in die KGA verband te verskaf en om saam met hulle en ander sinodale bedieningsgroepe (bv Gemeentebediening, Armoede en Sorg en Toerusting) die evangelisasiefokus en -praktyk van die plaaslike kerkverbande te help rig en versterk.**

**3.3 Arbeidsbediening (Getuienis in en om die wêreld van werk) (C Brink)**

**3.3.1 Fokus**
Die taakspan fokus enersyds op die bedieningsuitdagings in die konteks van die arbeid en ekonomie. Christene in die Transnet, Handel en Nywerheid, onder Seelui en Vissers en in die Landbou konteks word ondersteun en toegerus om geloofsgetrou te werk, en om die waardes van die Christus-evangelie in en om die werkplek te vestig en te verkondig, met die medewerking van plaaslike gemeentes en kerkverbande.

**3.3.2 Doelwitte**
**a.** Die ondersteuning van Christen-gelowiges in die wêreld van werk om geloofsgetrou te werk en te getuig
**b.** Die vestiging en handhawing van Christelike waardes en deugde in en om die wêreld van werk
**c.** ’n Verenigde getuienis van die Christelike kerk in en met betrekking tot die wêreld van werk
**d.** Die bevordering van geregtigheid en versoening in die arbeidswêreld
**e.** Die verligting van sosiale probleme, armoede en werkloosheid
**f.** Volhoubare plaaslike Arbeidsbedieningsaksies.

**3.3.3 Strategiese verbande, vennote en medewerkers reeds in ons bedieningsnetwerk**
Industrial Ministry in South Africa (IMSA) nasionaal, Call 42; gemeentes, besighede, Straatwerk, Sport en Spel, Departement van Landbou, Tygerberg Bybelskool, Life Coaches (bv Strong Foundation), Pro Bono-dienste (kundiges); Kalkbaai Bybelinstituut, “The Mentoring Project”, PATMOS plaasbediening, “Cares” (Hangberg-gemeenskapsrehabilitasieprogram in Houtbaai), Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie (BNS), Fakulteit Teologie Universiteit Stellenbosch.

**3.3.4 Arbeidsbediening – ons evangelisasie uitreik in die wêreld van werk**
Psalm 24:1 leer ons dat die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles aan die Here behoort. Van alles is Hy die Eienaar!

Arbeidsbediening gebruik meerdere modelle (bv een tot een ontmoetings, byeenkomste, Bybelstudies, toerustingsgeleenthede, vriendskapsevangelisasie) om mense in en om die werkplek te bereik en by te staan.

Vanuit Arbeidsbediening se holistiese bedieningsfokus bekyk, is ons met die Woord van God spesifiek gerig op die werkplekke en die markpleine van mense, maar ook op mense rondom die werkplek en markplein, omdat ook die werklose mense ’n verband het met diegene wat aktief in werkplekke besig is. Hulle behoeftes aan versorging en aan ’n eie werk is deel van die agenda van diegene wat wel ’n werk het en werk kan verskaf.

Ons aanpak het ’n duidelike teologiese fokus in en om die werkplek:
**a.** Eerstens is Arbeidsbediening namens die kerke ’n **ekumeniese gewete vir die markplein**. Ons weet dit is eintlik die Here se eiendom. Daarom gaan ons soontoe met sy Woord en onder die leiding van sy Gees om die waardes en deugde van sy koninkryk tussen werksmense te verkondig, spesifiek gerig op hulle werkplek behoeftes en uitdaginge. Daarom besoek ons werkplekke en verkondig die Woord daar en rus ons gelowiges daar toe sodat hulle self kan onderskei met betrekking tot reg en geregtigheid en hoe die Here van ons verwag om na die wêreld van arbeid en ekonomie om te sien.
**b.** Tweedens **ondersteun** ons die **Christengelowiges** in en om hulle werkplekke. Ons gaan soontoe met sy Woord en onder die leiding van sy Gees om Christen susters en broers van ons te bemoedig **om geloofsgetrou te leef en te werk**. Daarom onderneem ons toerusting- en opleidingsgeleenthede en ontwikkel ons toepaslike riglyne en

publikasies vir gelowiges in die werkplek en vir gemeentes waar hulle gemeenskap beoefen.

**c.** Derdens is ons 'n **skouer vir die noodlydendes**. Mense het baie dikwels pastorale bystand (omgee) nodig in die werkplek, waar hulle persoonlike probleme ondervind, of waar partye met mekaar bots, waar mense dikwels onversoend is met mekaar, waar mense onreg mag beleef, waar sommige hulle werk mag verloor en ander die afleggings moet bestuur. Daarom gaan ons soontoe met God se Woord en onder die leiding van sy Gees om mense by te staan en te troos, vir hulle 'n oor en 'n skouer te wees en ook in te tree waar die lig van die Woord in die prosesse gespreek moet word. Ons verwys mense in nood ook gereeld na ander organisasies wat hul spesifieke probleme kan aanspreek en benut pro-bona sielkundige en pastorale dienste tot ons beskikking om mense met uitdagings in hulle werkplekke holisties te benader en na liggaam, siel en gees te bedien.

Arbeidsbediening het in die 1880's as Spoorweg-bearbeiding ontstaan en word geografies onderneem in die hele Wes-Kaap, 'n groot deel van die Suid-Kaap en 'n deel van die Noord-Kaap.

In hierdie gebiede is 'n hele aantal Plaaslike Aksie Komitees (bestuurskommissies) in groter en kleiner verbande aktief. Die volgende stede en dorpe het tans aktiewe Plaaslike Arbeidsbedieningsaksies: Springbok en die Noord-Kaap omgewing (tans besig met hervestiging), Vredenburg, Vredendal en omgewing (besig met hervestiging), Saldanha, Ceres, Worcester, Wellington, Paarl, die Kaapse Metropool, Kalkbaai, Houtbaai en Mosselbaai (fokus op en om die Vissersbedryf), Helderberg, Mosselbaai, George en Swellendam. Ons fokus ook op die bediening aan seelui in die hawens van Kaapstad en Saldanha en bedien ook Transnet deur 'n aktiewe bediening op die treine en stasiekantore.

228 vrywilligers en 17 geestelike werkers (voltyds en deeltyds) bedien tans 788 besighede binne die konteks van Handel en Nywerheid. Die uitkringende effek van ons uitreik met die evangelie beteken dat duisende mense deur ons diens en getuienis aksies bedien word in en om hulle werksverband.

**3.3.5 Uitdagings**

**a.** Om God se versoening, reg en geregtigheid te verteenwoordig en te bemiddel in kontekste van onrus, stakings en die aanspreek van kwessies wat dit in die hand werk.

**b.** Om ons evangelisasie taak holisties te verstaan in ons bystand aan mense in die wêreld van werk en ook aan die kontekste waarin hulle werk en woon.

**c.** Om doelmatige programme te vind en te ontwerp wat toerusting- en opleiding aan gelowiges gee om geloofsgetrou te wees in en om die konteks van hulle werk.

**d.** Om goeie vennootskappe te sluit en te ontwikkel met organisasies wat soortgelyke werk doen as ons en mekaar met ons gawes en bronne te ondersteun ter wille van 'n beter en effektiewer bediening aan werkers en werkgewers.

**e.** Om die ekumeniese aard van arbeidsbediening verder te bou, gemeentes en kerkverband hegter bymekaar in te skakel en toe te rus om mense toe te rus om die karakter van hulle werk en die bestuur van bronne in ooreenstemming met die evangelie van Christus te ontwikkel.

**3.3.5 Ekonomiese en Ekologiese geregtigheid in die konteks van globalisasie**

Die KGA is 'n ondersteunende vennoot van die nasionale Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis (VDDG) en die Beyers Naude Sentrum vir Publieke Teologie om die ekumeniese ACCRA-verklaring en opvolgende ontwikkelinge in riglyne vir liturgie, prediking en gemeentebedieninge om te werk.

**3.3.5.1 Doelwitte**

**a.** Resepsie van die ACCRA-verklaring rakende globale ekonomiese geregtigheid deur lidmate, gemeentes, ringe en ander rolspelers; die bystand met die daarstel van riglyne vir liturgie, prediking en gemeentebedieninge.

**b.** Fokus op die ontwikkeling van 'n ekonomiese en arbeidskonteks wat die goeie vir alle mense help bemiddel.

**c.** Die ontwikkeling van 'n teologie van vergenoegdheid, genoegsaamheid en 'n ekonomie van genoeg.

**3.3.5.2 Ons fokus die evangelie se geregtigheid op die ekonomiese konteks van Kaapland en wyer**

Op verskillende vlakke is in die reses beraadslaag oor die huidige ekonomiese uitdagings en spanninge in ons land. Ons weet die sosio-ekonomiese realiteite beeld 'n baie skewe samelewing uit. Kennis is geneem van buitensporige rykdom en salarisaanpassings, mense wat moedeloos is in situasies van uiterste armoede, werkloosheid, gebrek aan werk en ander geleenthede en behoeftige gemeenskappe wat teen gebrekkige plaaslike dienste in opstand kom. Kennis is ook geneem van openbare ontleders wat ons gereeld waarsku dat ons met die situasie op 'n ekonomiese tydbom sit. Indiepte navorsing toon aan dat daar 'n dringende behoefte vir gewone mense met vaardighede en hulpbronne is om saam te staan en 'n daadwerklike verskil te maak en die samelewing te verbeter. Die Marikana-gebeure en ander publieke weerstand het spanninge in die reses by breekpunt gebring. Hierdie situasie daag ons as die kerk uit om God se aangesig te soek, fundamenteel na te dink en vanuit ons perspektief leiding aan die samelewing te gee. God se Koninkryk lyk en is anders as ons werklikheid.

Die KGA lê in die verband 'n voorstel vir oorweging voor, soortgelyk aan wat die VGKSA sinode 2014 oor die saak besluit het:

**3.3.6 Aanbeveling 6**

**Die Sinode ondersteun die saamroep van ’n konsultasie onder leiding van KGA, Armoede & Sorg en Leerstellige en Aktuele Sake vir belanghebbende sinodale bedieninge, die NGK-familieleierskap, ekumeniese liggame soos die Wes-Kaap Provinsie Raad van Kerke (WKPRK) en Consultation of Christian Churches (CCC) asook ander institute (bv die Beyers Naude Sentrum vir Publieke Teologie, die Instituut vir Versoening en Geregtigheid) en ekonomiese rolspelers, om toepaslike benaderinge en meganismes te bespreek waardeur die ernstige ekonomiese ongeregtighede aangespreek kan word, in besonder wat binne Kaapland bestaan, maar ook binne die konteks van die RSA en die wyer realiteit.**

**3.3.7 Aanbeveling 7**

**Die Sinode moedig gemeentes aan om aktief deel neem aan die reeds bestaande plaaslike Arbeidsbedieningsaksies deur lidmate hiervoor af te sonder of om sulke aksies plaaslik te inisieer en te ondersteun, in samewerking met die KGA Sinodale Taakspan vir Arbeidsbediening.**

### 3.4. Publieke Getuienis (PG – Sentrum vir Publieke Getuienis) (AR Hanekom)

Die taakspan is in die loop van 2014 binne KGA gevestig en fokus daarop om die publieke uitdagings grondig te ondersoek en aan te spreek deur publieke getuienis in breër verband en op plaaslike vlak. Naas die saamroep van forums om ’n ekumeniese, publieke getuienis ten opsigte van spesifieke uitdagings te ontwikkel, word gemeentes en die kerkverband toegerus om plaaslik en in streeksverband verantwoorde publieke getuienis te lewer.

**3.4.1 Verslag**

Die Taakspan vir Publieke Getuienis staan na buite bekend as die Sentrum vir Publieke Getuienis – SPG)

Die Sentrum vir Publieke Getuienis het in Mei 2014 tot stand gekom in die lig van dringende behoefte aan kapasiteit en ’n aanbeveling van die moderamen van die NG Kerk in SA. Dit was ook een van die uitvloeisels van die herstrukturering van sinodale werksaamhede. Daar is geoordeel dat ’n dringende behoefte bestaan aan kapasiteit wat die kerk se stem/getuienis op gestruktureerde wyse in die publieke domein kan laat hoor. Braam Hanekom is van NG Kerk in SA kant as PSD in die kantoor aangestel.

Dit is vir die Taakspan vir Publieke Getuienis aangenaam om oor die volgende werksaamhede van die afgelope paar maande verslag te kan doen. Die verslag word hanteer ooreenkomstig die kritiese prestasie-areas soos ooreengekom.

**3.4.1.1 Dialoog**

Die vestiging van dialoog tussen verskillende groeperinge binne die SA-samelewing is waarskynlik van die heel belangrike uitdagings waarvoor ons staan om spanning te oorbrug en die sosiale kohesie te versterk. Verskeie dialoogsessies is dan ook gereël en gefasiliteer. Dit sluit sessies tussen plaaslike regering, sakelui en die kerk in. So ook tussen kerklui en ekonome rakende die armoede uitdaging in die land. Verder is daar op uitnodiging van die provinsiale regering vier dialoogsessies gefasiliteer tussen boere en plaaswerkers. Die beplanning is dat hierdie dialoogsessie voortgesit sal word met ten minste sessies in vyf munisipaliteite gedurende 2015.

**3.4.1.2 Ekumene**

Die PSD is lid van die National Church Leaders Consultation, verteenwoordig die NGK in die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK), is op die uitvoerende komitee van die Consultation of Christian Churches (CCC) en dien in die Wes-Kaap in die Western Cape Religious Leaders Forum (WCRLF). Die sentrum sal voortaan verdere ekumeniese aktiwiteite koördineer en ’n databasis word beplan wat aan gemeentes adreslyste vir moontlike onderlinge skakeling sal verskaf. Dit is baie belangrik om daarop die let dat die sentrum ’n geïntegreerde funksie van die NGK in SA en VGKSA Kaapland is. Die taakspan staan onder voorsitterskap van ds Jimmy Frans van die VGKSA.

**3.4.1.3 Skakeling met regeringslui en ander oor sosiaal maatskaplike kwessies**

Verskeie persoonlike gesprekke is met regeringslui gevoer rakende bepaalde kwessies wat ons gemeenskap raak. Dit sluit regeringslui op plaaslike vlak asook provinsiale vlak in. Sake soos onderwys, dwelms, behuising en plaaslike regering het aandag gekry. Daar word voorsien dat die burgerlike samelewing in ’n nog groter mate gemobiliseer sal moet word te einde die regering op alle vlakke meer verantwoordelik te hou.

Daar is op uitnoding (met geen koste vir die sinode) ook besoeke gebring aan verskeie instellings in Turkye, Israel en Palestina en ’n Internasionale VN-konferensie in Genevé, rakende die rol van godsdiens en media in wêreldkonflik en vrede. Min het ons op daardie stadium geweet wat sou volg met die Charlie Hebdo-krisis in Parys.

Die beplanning is dat daar voortgegaan word met hierdie skakeling. Van die sake hoog op die agenda vir 2015 is die volgende:

- Dwelms en bendegeweld
- Armoede en die strategiese intervensies wat nodig is
- Verhoogde aggressie in konflik in SA
- Israel-Palestina konflik

**3.4.1.4 Skakeling met die media en getuienis in die media**

Nagenoeg 15 artikels en rubrieke is in plaaslike, nasionale en selfs internasionale koerante gepubliseer. Dit sluit ***Kerkbode, Die Burger, Rapport* en ook die *Jerusalem Post*** in. Verskeie persoonlike gesprekke is ook met die redakteurs gevoer en daar word hard gewerk om ’n volronde perspektief aangaande die kerk te verskaf.

Verskeie **radio** onderhoude is ook gevoer. Op uitnodiging van die digitale TV-stasie **KRUISKYK** is daar ook begin met dienste op Sondae wat herhaal word deur die week. Teen Februarie was 20 eredienste reeds opgeneem en uitgesaai. Die meerderheid was boodskappe deur die PSD, maar die fokus het nou, na die aanvanklike vestigingsfase, verskuif na onderhoude en gesprek met ’n verskeidenheid leraars oor aktuele kwessies wat die Woord en ons alledaagse lewe bymekaar bring. Ons glo hierdie is ’n unieke geleentheid vir publieke getuienis met baie positiewe reaksie wat van regoor die land ontvang word.

**3.4.1.5 Skakeling met sakelui**

Tientalle gesprekke is met top sakelui gevoer. Dit het uitloop op onder meer skenkings aan die Hoop en Versoeningstrust (HVT), die bou van ’n nagskuiling op George en ’n tuinbouprojek wat volledig in Khayelitsha geborg word. Die PSD is ook genooi om as gasspreker by Sanlam Private Wealth se bekendstellingsessies regoor die land op te tree. Hierdie agt sessies was ’n enorme blootstellingsgeleentheid vir die NGK, ook onder dele van die SA-gemeenskap wat ons nie tradisioneel bereik nie.

**3.4.1.6 Hoop en Versoeningstrust**

Die Hoop en Versoeningstrust is op die been gebring om aan lidmate en ook mense buite die kerk die geleentheid te gee om uit dankbaarheid ’n bydrae te lewer tot die opbou van die land. Die aanvanklike bedrag van R1 miljoen wat deur die kerk bewillig is, is reeds met skenkings verdubbel. Die trust fokus op landelike ontwikkeling en Vroeë Kinderontwikkeling. R800 000 is goedgekeur vir uitbetaling in 2015. Ons is veral opgewonde oor die moontlikheid wat vir gemeentes geskep is om deel te wees van projekte. Navrae kan by die kantoor hieroor gedoen word.

**3.4.1.7 Dank en toekomsblik**

Ons hartlike dank gaan aan die NG Kerk in SA moderamen wat hierdie werksaamhede moontlik gemaak het en ons sien uit om in die termyn wat voorlê hierdie werksaamhede uit te bou. Daar is by ons min twyfel dat die NGK en die VGKSA (NG Kerk-familie) ’n unieke rol te speel het in die SA-samelewing. Die uitdagings is enorm, maar die moontlikhede net so groot.

Alle eer aan ons Hemelse Vader wat ons hierin voorgaan. Dit bly ’n avontuur om daagliks te ervaar hoe nuwe moontlikhede en geleenthede deur Hom op ons tafel geplaas word.

**Voorsitter: Jimmy Frans**
**PSD: Braam Hanekom**

**3.4.2 Vrede en geregtigheid in die konteks van misdaad en geweld**

Die KGA, in vennootskap met die nasionale Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis (VDDG) en ander rolspelers, ontwikkel materiaal en riglyne vir gebruik in gemeentelike konteks oor hierdie saak. Benewens bydraende faktore soos armoede en sosiale onreg toon navorsing tot ons beskikking dat die morele standaard in die samelewing, die gebrek aan respek vir ander en die misbruik van mag, bydra tot die hoë vlakke van misdaad en geweld wat ons dikwels in die gesig staar. Die vraag waarmee ons worstel is: Wat is die kerk se roeping in so ’n konteks?

Ons besef dat die antwoord nie eenvoudig is nie en dit is die mening van die vennote wat betrokke is dat ’n omvattende en geïntegreerde benadering tot hierdie groot uitdaging nodig is. Dit is ’n ernstige saak wat die toegewyde aandag van alle ekumeniese vennote vereis. Ons besef die plaaslike gemeenskappe kan en moet ’n groot bydrae lewer. Ons hoor getuienisse van kerke en gemeenskappe wat aktief betrokke is. ’n Omvattende benadering is nodig in die hantering van die uitdaging wat verskillende aspekte behels, soos die omstandighede vereis. Byvoorbeeld:

**1.** Die rehabilitasie van gevangenes is een aspek van so ’n strategie. Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis (VDDG) het kontak gemaak met Christen netwerke en kerke wat in hierdie veld werk en die aksie moet verder uitbrei.

**2.** Nog ’n genesingstrategie is om slagoffers van misdaad en geweld te ondersteun. In hierdie konteks het die Christelike Lektuurfonds (CLF) begin met ’n reeks pamflette. Voorbeelde van titels is:

**2.1** Kan misdadigers verander? (Het jy simpatie met misdadigers? Kan hulle verander en hoe kan ek dit verstaan?)

**2.2** Misdaad – van slagoffer tot oorlewende (Wat kan ons doen vir die mense wat slagoffers is van misdaad en geweld?)

**2.3** Verkragting (Hoop vir slagoffers van hierdie geweldsmisdaad).

**3.** ’n Derde aspek is die betrokkenheid van lidmate by die voorkoming en bekamping van misdaad. CLF het ’n pamflet gepubliseer in hierdie verband getiteld: "Stop! Die pot kook oor".

**4.** Ons besef ’n omvattende benadering vir hierdie uitdaging is nodig deur ons almal in die NG Kerk-familie asook die breër ekumeniese familie. Dit is duidelik nodig vir die ekumeniese kerkleierskap om op hierdie ernstige sake in die burgerlike lewe te fokus en om die boodskap van die heerskappy van Christus te verkondig vir alle gebiede van die samelewing.

**3.4.3 Aanbeveling 8**
**Die Sinode neem met waardering kennis dat die KGA besig is saam met familie en ekumeniese vennote om relevante materiaal te ontwikkel en te publiseer vir plaaslike gebruik rakende "vrede en geregtigheid in die konteks van misdaad en geweld" en moedig gemeentes aan om dit te gebruik en te versprei.**

## 4. KGA BESTUURSAKE

### 4.1 Personeel

Die Uitvoerende Komitee vergader elke semester en die Dagbestuur bestuur die dag tot dag sake deur middel van sy maandelikse vergaderings. Die Kommisie vir Getuienisaksie (KGA) het deur die afgelope reses behoorlik toesig gehou en bestuur toegepas ten opsigte van die bedieningsprosesse, personeel en bates wat in in die reses aan ons sorg toevertrou was.

### 4.2 Finansiële bestuur

KGA se bedryf en bystand met bedieningsuitgawes het die afgelope reses ’n groot lading gedek. Die inkomste uit die inkomstebronne was deurgaans onder groot druk. Van die ongeveer R12 000 000 wat jaarliks aan verhoudinge en projekte in KGA vennootskapsverband bestee word, kom meer as 98% uit NGK gemeentes, bestaande KGA Trustfondse en ’n konstante VGKSA bydrae uit sinodale inkomste. KGA is baie dankbaar vir hierdie bydraes waarmee ’n besonder belangrike evangeliediens voortgaande in verskillende kontekste gelewer kon word. Die KGA verstaan die asimmetrie van ons historiese kontekste waaruit ons tot een bediening saamgevoeg is. Ons bestuur daarom doelbewus saam een KGA-begroting. Daar bly vir ons, saam met al die sinodale bedieninge en plaaslike kerkverbande, ’n baie groot uitdaging staan om almal se aandeel tot die verspreiding van verantwoordelikheid met betrekking tot personeelaanwending, finansiële versorging en ander vorme van betrokkenheid en uitbreiding met die beste mate van eweredigheid en billikheid te ontwikkel.

Ons loof die Here vir die groei wat in die afgelope reses in hierdie verband plaasgevind het en is dankbaar dat ’n bedeling groei waarin almal saam toenemend hande en verantwoordelikhede vat. Dit kan vinniger gebeur as VGKSA gemeentes doelgerig betrokke sal raak by ons verenigde bedieninge in en vanuit Afrika.

### 4.3 Aanbevelings

**4.3.1 Aanbeveling 9**
**Die Sinode is diep dankbaar teenoor die Here dat die offers van gelowiges, wat tyd, kragte en finansies insluit, oor baie jare vandag steeds die uitdra van die evangelie deur middel van gemeentes se uitreikaksies en die KGA se verbandsbedieninge moontlik maak. Die sinode roep lidmate en gemeentes op om in hierdie verband goeie rentmeesterskap te bly beoefen.**

**4.3.2 Aanbeveling 10**
**Die Sinode dra dit aan sy STLAS op om in die verband van Leerstellige en Aktuele Sake as ’n saak van die hoogste prioriteit saam met die SKLAS van die VGKSA en ander rolspelers wat hierby ’n konstruktiewe bydrae kan maak, en in oorleg met die ander sinodale bedieningsgroepe, nog in hierdie jaar uitklaring te gee oor die beginsel en praktyk van pariteit met betrekking tot die versorging van ons werkkragte in die NGK-familieverband en die teologiese beginsels neer te lê vir die aanwending van die bronne wat die Here aan ons gesamentlike sorg toevertrou het met die oog op die uitbreiding van sy koninkryk.**

## 5. AFSLUITING

Die KGA-bestuur en lede is dankbaar teenoor die Here vir die voorreg om in hierdie bedieningsverband en in sy krag sy koninkryk te mag help uitbrei. Ons ontvang self besondere seën uit ons betrokkenheid en weet ons staan op die skouers van ander wat voor ons gedien en gebou het as ’n getuienis van sy heerskappy oor almal en oor alles.
Ons neem in die jaar afskeid van werkkragte wat lank saam met ons aankom en by hierdie sinode gaan ander susters en broers die bedieningstokkie by ons oorneem. Ons is dankbaar die Here se verbondsgenade werk voort in die geslagte.
Daarom bid ons dat die Here die voortgaande werk van hierdie bedieningsgroep saam met al die ander bedieningsgroepe en medewerkers ryklik sal seën.

**Aanbeveling 11**
**Die Sinode wens drr Francois Wessels en Johan Botha, wat albei lank in die sinodale diens van die NG Kerk-familie in Kaapland se KGA gestaan het, ’n geseënde aftrede toe en bid dat hulle die liefdevolle nabyheid van die Here en die gemeenskap van die heiliges mag beleef, wanneer hulle in die loop van 2015 uit die KGA se diens emeriteer en in ander verbande verder dien en getuig.**

**Voorsitter: Floors Meyer**
**Ondervoorsitter: Jimmy Frans**
**Taakspankoördineerders: Johan Botha, Kobus Odendaal, Braam Hanekom en Carin Brink**

# Bylaag 1

## ADDENDUM (1988): RIGLYNE VIR DIE GESAMENTLIKE KOMMISSIE VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR GETUIENISAKSIE (SKGA) VAN DIE NG SENDINGKERK EN DIE SINODALE SENDINGKOMMISSIE (SSK) VAN DIE NG KERK, SINODE VAN WES-KAAP EN ANDER MEDEWERKERS

**PRINSIPIËLE BEGRONDING**
Ons glo dat:
**1.** Sending volgens die Bybel God se Sending is en dat Hy as Vader, Seun en Heilige Gees die Subjek daarvan is.
**2.** In die Sending God die heil (sjaloom) van die wêreld op die oog het en dat Hy dit deur die realisering van sy Ryk wil bereik. Sending gee uitdrukking aan God se bewoënheid oor en heilsplan vir die wêreld in al sy dimensies.
**3.** Die Vader hiervoor sy Seun in die wêreld gestuur het om deur die Seun sy kerk te versamel en in die wêreld in te stuur in die krag van die Heilige Gees.
**4.** Die kerk as liggaam van Christus na sy wese missionêr in die wêreld leef. Die Kerk in sy geheel en elke gelowige afsonderlik staan onder die opdrag van God om in afhanklikheid van en in gehoorsaamheid die Heilige Gees aan:
**4.1** die bediening van voorbidding vir die wêreld te beoefen;
**4.2** die evangelie van God se heil, deur Woord en daad, aan die hele mensheid te bedien;
**4.3** Die aarde in God se Naam te bewerk en te bewaak ter wille van die wat daarop woon.
**5.** Die heil wat deur Christus verwerf is, allesomvattend is en dus tesame met die vergewing van sondes ook die bevryding van die mens op alle lewensterreine sowel as van die skepping wil bewerk. Sending vind plaas waar die kerk in gehoorsaamheid aan en in navolging van Christus bewoë is oor en dienend betrokke is by die mens en die wêreld in al die vorms van sy nood.
**6.** Dat die bediening van God se heil aan hierdie wêreld daarin tot uitdrukking kom dat God sy Ryk reeds hier en nou bou. Sy Ryk sal egter by die wederkoms van Christus ten volle verwerklik word.
**7.** Dat daar ’n onlosmaaklike verband is tussen die geloofwaardigheid van die een kerk as draer van die evangelie en die bediening van die heil in Christus (Jon 17:21)

**PRAKTIESE IMPLIKASIES**

Dit beteken dat ten opsigte van die NG Kerk-familie in Suider-Afrika, en in hierdie tye veral in Suid-Afrika waar die liggaam van Christus deur haat, geweld en wedersydse vooroordeel uitmekaar gedryf word.
**1.** Die eenheid van die kerk dié toetssteen vir die getuienis aangaande die Koninkryk van God is;
**2.** Die kerk die beginsel van die Koninkryk van God in sy eie lewe moet beliggaam en in die samelewing moet bevorder;
**3.** Hierdie eenheid impliseer dat eenwording binne die NG Kerk-familie sowel op plaaslike as breër vlak dringend gesoek moet word en dat dit sowel in die gemeenskapsbelewenis van gelowiges op gemeentelike vlak as in die breër strukture van die Kerk bewerkstellig moet word om sodoende ook die bestaande isolasie te deurbreek;
**4.** Hierdie eenheid ook daadwerklik met liefde vir die res van die liggaam van Christus gesoek word.
**5.** Een aspek van hierdie soeke na die sigbaarmaking van die eenheid van die missionêre gemeenskap, is die samewerking tussen kerklike kommissies met gelyksoortige opdragte, met die oog op die vereniging van sodanige kommissies.
**6.** Daarom beskou die SKGA en die SSK dit as hulle taak om die gesamentlike getuienisaksie (sending, evangelisasie en diakonaat) van die lede van die NG Kerk-familie te stimuleer en te bevorder totdat “liefde en trou mekaar ontmoet, geregtigheid en vrede mekaar omhels” (Ps 85:11).

In dié verband besluit die twee kommissies dat:
**1.** die praktiese uitvoering van die sendingtaak, die twee kommissies as een kommissie sal optree;
**2.** betreffende beleidsake, die SKGA in die laaste instansie met die ASSK van die NG Kerk sal skakel;
**3.** met betrekking tot die praktiese uitvoering van die sendingtaak, die kommissie die volgende faktore in ag neem.
**3.1** die geografiese bepaaldheid van beide kommissies
**3.2** die breër opdrag van die SKGA
**3.3** die betrokkenheid van die SSK buite sy geografiese gebied;
**4.** inagneming van die faktore onder punt 3 genoem moet:
**4.1** nie die uitganspunt van maksimale gesamentlike betrokkenheid by al die terreine van die onderskeie kommissie belemmer nie.
**4.2** daartoe lei dat die taakomskrywing van die kommissie voortdurend met die prinsipiële oorweging hierbo in lyn gebring word;
**5.** beide kommissies daarna sal streef om sover moontlik die inskakeling van die ander lede van die NG Kerk-familie op die toepaslike terreine van die kerkregering binne die kommissies se resort te bewerkstellig.

[Soos geformuleer en aanvaar deur die vergadering van die SKGA en SSK gehou te Belhar op 9 Maart 1988. Lede van die NGKA Ring van Langa het die vergadering as belangstellendes bygewoon.]

# Bylaag 2
# Die Kerkordelike grondslag van KGA se bedieningswerk

**1. Sien die 2007 KGA-reglement se eerste paragraaf**
Die kommissie, bekend as die Kommissie vir Getuienisaksie (KGA) is deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, die Verenigende Gereformeerde Kerk Kaapland en die Reformed Church in Africa tot stand gebring om die getuieniswerk van die drie Kerke wat in 1991 in een aksie saamgevoeg is te beheer, bestaan voort ingevolge ’n ooreenkoms wat op 8 Junie 2007 tussen die Kerke gesluit is waarin besonderhede van die samestelling, opdrag en bevoegdhede van die kommissie uiteengesit word.

In die uitvoering van die roeping tot getuienis, tree die kommissie op as ’n eenheid en word daar ’n verenigde getuienis gelewer, verenigde aksies onderneem en met een stem na die ledekerke, ander kerke en na die wêreld gekommunikeer.
Die KGA onderneem al sy bedieninge met as uitgangspunt die klassieke ekumeniese simbole, die drie Formuliere van Eenheid en die Belydenis van Belhar. In dié lig is die ekklesiologiese raamwerk vir die KGA bediening ’n eenheidsmodel waarin die koinoniale verband tussen die verskillende rolspelers erken word. Daarom word die werksaamhede van die KGA gedefinieer in terme van ’n verhoudingsgerigte diens in en vanuit die NG Kerk-familie en ook in verband met die ekumene.

**2. Sien ook NGSK 1986 KO art 1/VGKSA 1994 KO art 1**
Die kerk van Jesus Christus is die gemeenskap van die gelowiges wat deur die Woord van God en deur sy Gees byeengeroep word. Die byeengeroepenes wat die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika vorm**,** is deel van hierdie kerk van Christus. Saam met al die ander kerke wat Christus bely, is dit deur God afgesonder as eiendomsvolk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat ons uit die duisternis roep tot sy wonderbare lig, as ’n nuwe skepping wat in hierdie lig lewe soos Hy in die lig is.

**3. Sien ook die VGKSA Kaapland KO, Bepaling 81 wat lui:**
Diensgetuienis na buite (Sending en Evangelisasie): Sending is die heilshandeling van die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees met die wêreld, waardeur Hy uit die hele menslike geslag vir Hom een gemeente deur sy Woord en Gees vergader.

Deur dié een gemeente:

- laat God sy Woord aan die gevalle wêreld verkondig;
- bring Hy die gemeenskap van die heiliges uit alle nasies tot stand;
- laat Hy diens aan die wêreld in nood lewer (Artikel 4.1.3);
- laat Hy sy opdrag om die skepping te bewaar en te bewerk sigbaar tot uitdrukking kom;
- en word sy reg aan die nasies verkondig.

So laat Hy sy koninkryk kom tot by die voleinding van die wêreld.

Die getuienisaksie van die Kerk word deur middel van evangelisasie gerig op diegene wat vervreemd is van Christus, sy Woord en sy Kerk en wat om dié rede buite kerkverband geraak het, ten einde hulle tot die gemeenskap met Christus en sy gemeente terug te bring.

Sending en Evangelisasie is dus die gerigtheid van die Kerk na buite. Dit is die arbeid aan nie-gekerstendes en mense wat buite kerkverband geraak het.

Sending en Evangelisasie is die roeping van elke lidmaat asook die Kerkraad.

Samewerking in Diensgetuienis binne en buite eie kerkverband: Waar die omvang en ander omstandighede van die getuienisaksie dit vereis, word dit in die kerkverband van Ring en Sinode onderneem en waar nodig ook in samewerking met ander kerke.

**4. Sien ook die NGK AS 2013 KO art 1**
Die nuwe Artikel 1 wat lui: “Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is geroep om deel te neem aan die missie van God in die wêreld. Die Kerk word deur die Heilige Gees opgebou om God se eer te dien, en verkondig die bediening van versoening en die heil van Christus.”

**5. Sien ook die 2013 NGK AS gewysigde KO art 53 (Die 2011 formuleringe wat uit die 1990's kom, staan tussen hakies - JGB)**
53.1 Die missie van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees is om lewe en volheid aan die wêreld te gee, en die kerk sluit deur sendingwerk hierby aan.

53.2 Deur die Woord en Gees vergader God vir Hom ’n gemeente. (5.3.1. en 2 was in 2011 in een formulering ingesluit, soos in die verenigingsproses van Getuienisaksie op streek en nasionale vlakke tussen die konstituerende partye ooreengekom is. “Sending is die heilshandeling van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees met die wêreld,

waardeur Hy uit die ganse menslike geslag vir Hom ’n gemeente deur sy Woord en Gees vergader")
Deur dié gemeente:
* laat God sy Woord verkondig,
* bring Hy die gemeenskap van heiliges uit alle nasies tot stand,
* laat Hy diens aan die wêreld in nood lewer,
* laat Hy sy opdrag om die skepping en lewe te bewaar sigbaar tot uitdrukking bring (2011... kom), en
* word sy geregtigheid en versoening verkondig.
So laat Hy sy koninkryk kom (2011... tot aan die voleinding van die wêreld).

53.3 Deur sending bedien die kerk die evangelie in al sy dimensies aan mense wat die evangelie nie ken nie of daarvan vervreemd is. (2011...aan mense buite die kerk)

53.4 Sending is die roeping van elke lidmaat asook die gemeente. Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, word dit in kerkverband onderneem.

# Bylaag 3
# KGA-lede en bestuur (in die reses)

## UK-lede verkies (*DB-lede)
CF Meyer (voorsitter)*
J Frans (ondervoorsitter)*
JG Botha (KGA-bedieningsleier/ex officio)*
DH Gantana (notulerende sekretaris)
Addisionele lede (sekundi woon UK-vergadering by):

## RCA
K Thilakalal*
C Pilay

## VGKSA
Ds RC Simpson*
Ds J Wiese
Ds W Botes (sek)
Ev G Gxumisa (sek)

## NG Kerk in SA
Ds C du Plessis
Ds J Grobbelaar *
Ds K de Kock (sek)

## Taakspan voorsitters en bestuurders *(woon UK- en DB-vergaderinge by)*
Taakspan vir Familie Ekumene in Afrika en wyer:
CFJ Meyer en JN Odendaal
Taakspan vir Getuienis deur Gemeentes en Kerkverband:
DH Gantana en JG Botha
Taakspan vir Arbeidsbediening:
EC Orsmond en me C Brink
Taakspan vir Publieke Getuienis:
J Frans en AR Hanekom

**VGKSA Ringe – na VGKSA Kaapland Sin Okt 2014**
Aliwal Noord: K Ngqameni
Amandelboom: F Botes
Cala: NM Kanzi
Carnavon: P Oliphant
Caledon: DH Gantana
Clanwilliam: JC Coetzee
Colesberg: M Fennis
Ebenezer: V Jansen
George: M Burger
Graaff-Reinet: A Pekeur
Kraaifontein: C Basson
Malmesbury: J Jacobs
Monti: N Balarana
Mthatha: S Makawula
Port Elizabeth: B Bangani
Porterville: F Samson
Rietvlei: M Kutshwa
SA Gestig: LLM Mac Master
Sarepta: J Booysen
Steinkopf: A Vries
Stellenbosch: DC Bock
Tulbagh: JM Groenewald
Uitenhage: MP Mannasse
Visrivier: L Mpalala
Wellington: J Hendricks
Worcester: M Witbooi
Wynberg: N Arendse
Zoar: N Cloete
Zuurbraak: W van Eck

**NG Kerk in SA: Ringe**
Beaufort: J van Straaten
Bellville: D Olivier
Brackenfell: DG Murray
Caledon: M de Kock
Calvinia: J Blom
Clanwilliam: J Fourie
Durbanville: J Theron
George: CFJ Meyer *
Goodwood: C Swanepoel
Kaapstad: F Truter en F Wessels
Knysna: CP du Plessis *
Koeberg: G de Kock
Kuilsrivier: P Rootman
Mosselbaai: GJ Engelbrecht
Namakwaland: G Basson
Oudtshoorn: AR Orffer
Paarl: EC Orsmond
Parow: GvH Rauch
Piketberg: F Louw
Riversdal: F van Tonder
Somerset-Wes: D Moller
Stellenbosch: L Cronje
Swartland: JG Grobbelaar*
Swellendam: M Joubert
Tulbagh: H Lombard
Vredenburg: JD de Kock *
Worcester: M Lintvelt
Wynberg: D Nel

**Fokus Bedieninge/ Deskundiges**
(Woon UK-vergaderings soos nodig by):
Missiologie US: DX Simon
Etiek US/Beyers Naudé
Sentrum: NN Koopman
Vrouediens (VGKSA): V Vinqi en F Hamman
Jodebediening: C Burger en GF Wessels
Straatwerk: F Truter
Sokhanya Bybelskool: D van Zyl
Moslembearbeiding: K Cilliers
Hugenote Kollege/Interkulturele fokus: R van Velden
Bybel-Media/Nehemia
Bybelinstituut: HJ van Deventer

**Ander sinodale bedieninge**
(Word as waarnemers na KGA-Jaarvergadering uitgenooi)

# 4. DIENSGROEP VIR TOERUSTING

## 1. INLEIDING

Die Sinodale Diensgroep vir Toerusting (SDT) is opgewonde oor die innoverende werk wat deur ons taakgroepe verrig word om gelowiges (predikante en lidmate) te bemagtig deur hulle toe te rus. Dink net hoe sal mense anders dink, praat en optree as hulle leer en weet: “Die Here jou God is by jou, Hy, die krygsman wat red. Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil-tevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou...” (Sefanja 3:17). Toerusting help om missionale invloed en impak te hê. Wees asseblief saam met ons opgewonde oor wat in die volgende paragrawe staan!

## 2. OPDRAGTE

Die Sinodale Diensgroep vir Toerusting se doel bestaan daarin om alle sinodale werksaamhede wat gemik is daarop om predikante en/of lidmate toe te rus, saam met die Taakspanne vir Verdere Bedieningsontwikkeling (VBO), Leerstellige en Aktuele Sake, asook die Kuratorium te beplan, begelei en koördineer. Hiermee wil die Diensgroep gemeentes begelei as gestuurdes van Jesus om regverdige en genesende gemeenskappe te word.

## 3. WERKSAAMHEDE

### 3.1 Taakspanne

Die uitgebreide aanbieding van toerusting op verskillende wyses word in die volgende verslae van die Sinodale Taakspan vir Verdere Bedieningsontwikkeling (STVBO), Sinodale Taakspan vir Kuratorium asook die Sinodale Taakspan vir Leerstellige en Aktuele Sake (STLAS) vervat.

### 3.2 Personeel

Die SDT is nog besig met die proses van herstrukturering van sinodale poste. Die aftrede van twee PSD’s binne die Diensgroep, naamlik dr Coenie Burger asook dr Ben du Toit, geskied vanjaar. As deel van die herstrukturering en nuut kyk na werksaamhede met die oog op groter konneksie en kohesie, is dr Frederick Marais benoem as PSD: Kerklike Opleiding.

## 4. AANBEVELING 1

Die Sinode spreek sy hartlike dank uit teenoor die PSD’s wat eersdaags aftree, naamlik drr Coenie Burger en Ben du Toit.

---

# 4.1 Sinodale Taakspan vir Verdere Bedieningsontwikkeling

## 1. INLEIDING

Verdere Bedieningsontwikkeling (VBO) is besig om die predikant-landskap in die NG Kerk in die breë en ook spesifiek in ons sinodale gebied ten goede te verander. Meer en meer predikante en ook die gemeentes waarin hulle bedien, getuig van die positiewe bydrae wat VBO tot die bediening maak.

## 2. OPDRAGTE

Geen spesifieke opdragte is aan die Taakspan opgedra deur die vorige Sinode nie.
Daar is egter voortgegaan met die deurlopende opdrag en taak om aan predikante (en ook lidmate) geleenthede te bied waarin hulle kennis en ervaring sodanig verbreed dat hulle met nuwe vreugde en inisiatief die bediening wat deur die Here Jesus aan hulle toevertrou is, kan opneem.

## 3. WERKSAAMHEDE

### 3.1 Bywoning van kursusse

In die afgelope vier jaar is ’n groot aantal kursusse en konferensies (sommige, byvoorbeeld die jaarlikse Winterskool, in samewerking met Ekklesia) aangebied. Sien die tabel op die volgende bladsy vir die getalle. (*Bywoning deur predikante van ander sinodale gebiede ook).

’n Boekie met volledige inligting oor die kursusse wat vir 2015 beplan word, is op die Communitas webwerf te vinde. (www.communitas.co.za)

Slegs ongeveer 79 predikante uit die 485 Wes-en-Suid-Kaap predikante wat op ons VBO-databasis geregistreer is (emeriti en brugpredikante ingesluit) het volgens ons rekords in die jare 2008-2014 nog geen kursusse bygewoon nie.

### 3.2 Predikante geregistreer vir VBO-punte

In die afgelope twee jaar het die registrasie van predikante momentum gekry en is tussen 40 en 50 predikante wat nog nie op die Continuining Professional Development (CPD)-sisteem was nie, geregistreer vir VBO-punte.

## 4. PRIORITEITE

Die breë oogmerke van VBO is as volg geformuleer: VBO gaan oor die verdieping van ons verstaan van die evangelie, ons ingesteldheid teenoor ons roeping en oor die slyping van ons bedieningsvaardighede. Dit gaan veral ook oor konstante leerbaar-

heid; oor die moed om in nuwe situasies in te gaan met die vertroue dat die Here ons kan leer en ’n weg wys wat ons nou nie helder sien nie. Om hieraan uitvoering te gee het die Taakspan in die afgelope vier jaar ’n paar addisionele prioriteite geformuleer:

- Die wins van VBO gaan gemaksimaliseer word as ons ook meer aandag gee aan die toerusting/lering van lidmate. VBO gaan ten nouste saamwerk met die nuwe taakspan vir Toerusting wat gevorm is onder leiding van die STD.
- VBO Wes-Kaap het begin om saam met die ander VBO-instansies te werk aan ’n gevorderde Sertifikaat vir Bedieningsvernuwing. Die idee met die sertifikaat is dat dit aan leraars ’n meer holistiese heroriëntasie op nuwe ontwikkelings in die bediening bied. Ons sou graag wou sien dat leraars een of twee keer in hulle bedieningstyd nie net een gefokuste kursusse bywoon nie, maar hulself blootstel aan ’n wyer en dieper heroriëntering.
- Ervaring leer dat groter diversiteit in die leergroep die leerervaring vir deelnemers baie verhoog. Daarom probeer VBO al ons kursusse oopmaak vir leraars van ander kerkgenootskappe en werk ons nou saam met Ekklesia. Ons hoop dat hierdie kontak in die toekoms versterk en uitgebrei kan word. So het die Anglikaanse kerk bv vir Ekklesia gevra of hulle nie die sertifikaatkursus in Engels kan aanbied nie!

## 5. AANBEVELINGS

### 5.1 Aanbeveling 1
Die Sinode spreek sy dank uit vir die manier waarop VBO in ons streek gevestig geraak het. Die Sinode bevestig die belangrikheid van VBO en versoek kerkrade om dit vir hulle leraars moontlik te maak om hierdie verpligting ten opsigte van deurlopende ontwikkeling wat op alle leraars is, na te kom.

### 5.2 Aanbeveling 2
Die Sinode steun die gedagte van die Taakspan (VBO) om die kursusse oop te maak vir ander kerke. Ons bevestig ook weer ons wens dat die VGKSA mettertyd VBO verpligtend sal maak vir alle leraars, sodat ons die program saam kan aanbied.

## Bywoning van VBO

| Jaar | Aantal kursusse | Totale bywoning | *NGK | VGKSA | Ander denominasies |
|---|---|---|---|---|---|
| **2011** | 28 | 587 | 537 | 17 | 33 |
| **2012** | 32 | 578 | 528 | 24 | 15 |
| **2013** | 25 | 516 | 447 | 38 | 31 |
| **2014** | 31 | 568 | 522 | 22 | 24 |

# 4.2 Sinodale Taakspan vir die Kuratorium

Die Kuratorium doen verslag oor Teologiese Opleiding as deel van die Diensgroep Toerusting.

## 1. INLEIDING

### 1.1 Onderskeid tussen Fakulteit en Kweekskool
Dit is belangrik om met die lees van hierdie verslag en ook in die algemeen duidelik te onderskei tussen die Fakulteit Teologie van die Universiteit Stellenbosch en die Teologiese Kweekskool van die NG Kerk. Daar het die afgelope paar jaar ’n belangrike verskuiwing plaasgevind weg van ’n enkel-denominasionele inrigting na ’n ekumeniese fakulteit. Anders as in die verlede toe daar op Stellenbosch byna uitsluitlik NG Kerk-studente deur NG Kerk-dosente vir die bediening opgelei is, bestaan die fakulteit tans ook uit dosente en studente van ander denominasies.

Die belange van die NG Kerk is duidelik in ’n ooreenkoms met die Universiteit van Stellenbosch verskans. Die NG Kerk het steeds inspraak in akademiese aanstellings in die fakulteit, asook in die kurrikulering en bepaling van programme. Hierdie inspraak word veral via die Kerklike Skakelraad in samewerking met ander deelnemende kerke uitgeoefen.

Die benaming "Kweekskool" verwys nie net na die gebou van die NG Kerk waarin die fakulteit van die Universiteit kragtens ooreenkoms gehuisves word nie, maar ook na die kerklike tuiste wat op verskeie maniere vir die NG Kerk-studente geskep word. Reeds hier moet melding gemaak word van samewerking met die VG Kerk op alle vlakke vanuit die droom van een herenigde kerk.

## 2. INLIGTING

### 2.1 Samestelling
Die Kuratorium word saamgestel uit 10 lede van die Sinode van die NGK in SA en een verteenwoordiger uit elk van die ander sinodale gebiede. Die Voorsit-

ter van die NG Kerk Dosenteraad dien ampshalwe op die Kuratorium terwyl die Dekaan van die Teologiese Fakulteit van Stellenbosch met adviserende stem dien. Die Kuratorium vergader jaarliks in Julie en November, terwyl die Dagbestuur op 'n meer gereelde basis vergader. Take en dienste word verrig deur middel van die volgende subkommissies: Dagbestuur, Begeleidings-, Beurse- en Proponentskommissie en die Seminarium.

Die NGK en VGKSA Seminarium vir Bedieningsvorming is verantwoordelik vir die Program in Bedieningsvorming, wat ten doel het om studente te begelei in hulle persoons- en geestelike ontwikkeling, roepingsverdieping en die ontwikkeling van bedieningsvaardighede in gemeentelike bediening. Die Seminarium se program is so ontwerp dat dit in samewerking én gelyklopend met die akademiese program van die Fakulteit Teologie gevolg kan word en betrek die student in:

- geestelike begeleidingsprosesse onder leiding van senior studente
- gemeentebediening in opleidingsgemeentes
- gesprekke met 'n persoonlike mentor en
- pastorale en terapeutiese begeleiding wanneer nodig.

## 2.2 Kantoorpersoneel

Die voltydse personeel in die kantoor van die Kuratorium is soos volg:

### 2.2.1 Predikant in Sinodale Diens: Teologiese Opleiding

Ds MP Sahd (mpsahd@sun.ac.za; tel 021 887 6819) neem waar ten opsigte van die volgende verpligtinge: die koördinering en skribaat van al die werksaamhede van die Kuratorium, die Dagbestuur en sub-kommissies, skakeling met die Dosenteraad en die Universiteit in verband met teologiese opleiding, die hantering van studenterekords, die opbou van 'n inligtingspunt oor proponente met die oog op beroepe en deeltydse poste. Dr Eddie Orsmond (simon1@paarlmail.co.za) is aangestel as die bestuurder van die Seminarium.

### 2.2.2 Sekretaresse en Boekhoudster

Me DA du Plessis (dadp@sun.ac.za; 021 887 6819) is die voltydse sekretaresse en me E van der Merwe (021 887 68190) die boekhoudster en die persoon verantwoordelik vir die beurse/lenings.

### 2.2.3 Assistentpos

Die Kuratorium en die Universiteit deel die dienste en besoldiging van 'n assistent, mnr Joseph Fillies (021 887 6819).

## 2.3 Algemene opmerkings vanuit die Kuratorium

**2.3.1** Dit is vir die Kuratorium 'n voorreg om verantwoordelikheid van Teologiese Opleiding ten opsigte van die NG Kerk Bedieningstudente te neem.

**2.3.2** Die opleiding van NG Kerk Bedieningstudente vind per ooreenkoms met die US by die Fakulteit Teologie plaas. Die gesindheid van die Fakulteit teenoor die NG Kerk is uiters positief en opbouend. Die samewerking tussen die Fakulteit en die Kerk op alle vlakke getuig van 'n fyn aanvoeling vir mekaar en 'n deurlopende bereidwilligheid om teologiese opleiding verder uit te bou.

**2.3.3** Naas die NG Kerk, het die VG Kerk, Presbiteriaanse Kerk en Anglikaanse Kerk ook amptelike ooreenkomste met die US vir die opleiding van hulle Bedieningstudente. Die kerkgenootskappe wat amptelike ooreenkomste met die US het, dien gesamentlik op die Kerklike Skakelraad. Die Skakelraad speel 'n belangrike rol in die hantering van die gesamentlike belange van die kerklike vennote en is ten nouste betrokke by akademiese aanstellings.

**2.3.4** Naas die opleiding in Bedieningspraktyk, bied die Fakulteit ook opleiding aan in Jeugwerk en 'n algemene BTH-graad.

**2.3.5** Studentegetalle vir die NG Kerk en VG Kerk se bedieningstudente (jaar 1 tot 6) vir 2012-1014 het soos volg gelyk:

| NGK | 2012 | 2013 | 2014 |
|---|---|---|---|
| BDIV I | 10 | 7 | 5 |
| BDIV II | 15 | 9 | 5 |
| BDIV III | 9 | 8 | 8 |
| BDIV IV | 12 | 14 | 8 |
| MDIV | 13 | 13 | 14 |
| NAGR DIPL | 15 | 14 | 10 |
| **Totaal** | **74** | **65** | **50** |

| VGKSA | 2012 | 2013 | 2014 |
|---|---|---|---|
| BDIV I | 9 | 14 | 11 |
| BDIV II | 4 | 10 | 16 |
| BDIV III | 4 | 3 | 7 |
| BDIV IV | 7 | 4 | 2 |
| MDIV | 2 | 8 | 4 |
| NAGR DIPL | 2 | 2 | - |
| **Totaal** | **28** | **41** | **40** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **NGK + VGKSA** | **102** | **106** | **90** |

## 2.4 Fakulteit

Die Dekaan het by die Gesamentlike Kuratoria van 2014 soos volg verslag gedoen:
Dit is werklik baie aangenaam om aan die NGK in SA Sinode verslag te doen aangaande werksaamhede in die Fakulteit Teologie (FT) van die Universiteit Stellenbosch (US).
Die verslag dek die volgende sake: studente, seminarium, personeel, die Universiteit Stellenbosch (US) se Institusionele Voorneme en Strategie (IVS), gesamentlike uitdagings en geleenthede.

### 2.4.1 Studente

**1.** Die FT se studentekorps groei mooi. Die FT het tans net meer as 500 studente, waarvan meer as 65% nagraads is. In 2014 het ons die grootste

inname nuweling eerstejaars in baie jare gehad, naamlik 85.

**2.** Die FT se studentekorps is die mees diverse op die hoofkampus. Van verlede jaar se eerstejaars kom byna 75% uit sogenaamde bruin, swart en Indiër-geledere (BSI). Die syfers vir vanjaar is nog nie gefinaliseer nie, maar alle aanduidings is dat dit soortgelyk is.

**3.** Die FT se studente kom van ŉ groot aantal kerklike denominasies. Tussen 30 en 40% van studente kom van die vier vennootskapkerke, naamlik die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK), die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA), die United Presbyterian Church in Southern Africa (UPCSA) en die Anglican Church of Southern Africa (ACSA). Die meerderheid van studente kom dus van kerke anders as die kerke wat formele vennootskappe met die Universiteit het.

**4.** In hierdie konteks van groeiende denominasionaliteit word sterk klem gelê op die bou van ekumenisiteit deur parikulariteit.

**5.** Die FT in samewerking met die universiteit en die kerke, sommige gemeentes en lidmate, ouers en families en huweliksmaats, bied sterk steun aan studente met leerbehoeftes, emosionele behoeftes, materiële behoeftes en geestelike behoeftes.

**6.** Die FT doen deurlopend, in samewerking met die kerke, kurrikulum-vernuwing. Die strewe is om ŉ kurrikulum daar te stel en om graduandi-attribute (graduate attributes) te ontwikkel wat die uitdagings van ons kerke en breër samelewing gepas aanspreek.

**7.** Die toename in studente-diversiteit lei ook tot ŉ toename in taaldiversiteit. Die FT gebruik die dubbelmedium-opsie, dit wil sê klasse en materiaal word in Afrikaans en Engels aangebied. Eerstejaars-tutoriale word by wyse van parallelmedium-onderrig in Afrikaans en Engels aangebied. ŉ Glossarium word tans ontwikkel in Afrikaans, Engels en Xhosa. In sommige modules word tans geëksperimenteer met tolking as ŉ aanvullende moontlikheid tot die dubbelmedium-opsie.

### 2.4.2 Seminarium van die VGKSA en NGK

**1.** Die FT is besonder dankbaar oor die vestiging van die VGKSA en NGK Seminarium by die FT. Die seminarium fasiliteer die geestelike, morele en persoonsvorming van studente, asook die ontwikkeling van praktiese bedieningsvaardighede.

**2.** Studente wat voortaan vir legitimasie aanmeld by die VGKSA en NGK moet toon dat hulle die akademiese kwalifikasies wat die FT en universiteit bied, verwerf het, en dat hulle die program van die seminarium voltooi het.

**3.** Goeie samewerking geskied tussen die seminarium en die FT.

**4**. Die stigting van die seminarium reflekteer die verbintenis aan ekumenisiteit deur partikulariteit. Die vereistes van bediening in Gereformeerde konteks kom aan die orde in die FT se kurrikula en programme, en veral in die programme van die seminarium.

### 2.4.3 Personeel

**1.** Die akademiese personeel, programme, aktiwiteite en vennootskappe van die FT het ingrypend gegroei oor die laaste klompie jare. Die akademiese personeel lyk tans soos volg:

#### Ou en Nuwe Testament

Prof Jeremy Punt (VGKSA – voorsitter)
Prof Hendrik Bosman
Prof Louis Jonker
Prof Julie Claassens
Dr Ntozakhe Cezula
Prof Elna Mouton
Dr Marius Nel

#### Sistematiese Teologie en Ekklesiologie

Prof Robert Vosloo (voorsitter), prof Dirkie Smit
Prof Mary-Anne Plaatjies van Huffel
Dr Dion Forster
Dr Retief Müller
Prop Nadia Marais (kontrak-doseer-assistent)

#### Praktiese Teologie en Missiologie

Dr Anita Cloete (VGKSA – voorsitter)
Prof Johan Cilliers
Prof Karlie August
Prof Xolile Simon
Prof Ian Nell
Prof Christo Thesnaar
Dr Henry Mbaya
Dr Nadine Bowers du Toit
Dr Shantelle Weber
Me Elmé Bosman.

Wyle prof Russel Botman was professor in Missiologie en rektor. Prof Nico Koopman is professor in Sistematiese Teologie en dekaan.

**2.** Die personeelkorps is die mees diverse personeelkorps op die Stellenbosch-kampus. Daar is ŉ groei in diversiteit in terme van etnisiteit, gender, denominasie en ouderdom.

**3.** Daar is tans drie swart mans, drie bruin mans en vier bruin vroue in die FT. Dus is 10 kollegas uit 23 voltydse persone uit bruin en swart gemeenskappe, insluitend vyf van die laaste agt aanstellings. Die groei in diversiteit en inklusiwiteit word dus hierin weerspieël. Daar is ook groei in gender-diversiteit – agt van die 23 dosente is tans vroue.

**4.** Van die 23 dosente is 11 lidmate van die NGK en sewe van die VGKSA.

**5.** Met die oog op aftredes in die FT oor die volgende aantal jare word gepaste aftree- en opvolgbeplanning gedoen in samewerking met die universiteit. In die geval van uitsonderlike akademiese kundigheid kan persone op kontrakbasis aangestel word tot ouderdom 70.

**6.** Die dosente van die FT presteer baie goed op verskeie fronte.

**6.1** Prof Dirkie Smit is aangestel as uitgelese (distinguished) professor aan die US. In 2014 het hy ook die US se kanseliersmedalje vir ŉ loopbaan van uitgelese en uitmuntende diens ontvang.

**6.2** Proff Robert Vosloo en Julie Claassens is bevorder tot vol professore, proff Mary-Anne Plaatjies van Huffel en Xolile Simon tot medeprofessore, en dr Shantelle Weber tot lektor.
**6.3** Dr Shantelle Weber het pas haar doktorale eksamen suksesvol voltooi.
**6.4** Verskeie dosente het die Vise-Rektor Navorsing en Innovasie se prys ontvang vir die 25 top navorsers aan die US in terme van navorsingsuitsette en/of suksesvolle studiebegeleiding van doktorale kandidate in 2013.
**6.5** Prof Johan Cilliers is verkies tot voorsitter van die Internasionale Societas Homiletica en prof Nico Koopman tot voorsitter van die Global Network for Public Theology. Prof Louis Jonker dien op die bestuur van die International Organization for the Study of the Old Testament (IOSOT).
**7.** Die dosente van die FT is sterk verbind aan diens aan die kerke, spesifiek ook aan die NGK en VGKSA. Benewens diens wat deurlopend gelewer word deur onderrig, supervisie en navorsing, is dosente ook betrokke op verskillende vlakke van die kerklike lewe, op plaaslike en internasionale vlak. Die sinodes en ander kerklike vergaderings word aangemoedig om dosente te betrek by werksaamhede soos die sinodes goeddink.

### 2.2.4 Institusionele Voorneme en Strategie (IVS) van die Universiteit Stellenbosch

**1.** Die Universiteit het in 2013 ŉ nuwe visie en missie vir 2030 aanvaar, naamlik die Institusionele Voorneme en Strategie (IVS). Dit fokus op akademiese uitmuntendheid, toeganklikheid, inklusiwiteit, impak, toekomsgerigtheid en innovasie.
**2.** As een van die tien fakulteite van die US dra die FT by tot die verwesenliking van hierdie strategie, en tot die Hoop-projek van die US met sy fokus op menswaardigheid en publieke gesondheid, armoede en verwante kondisies, demokrasie en menseregte, omvattende sekuriteit, insluitende voedselsekuriteit, tegnologiese ontwikkeling en ekologiese volhoubaarheid. ŉ Akademiese bydrae tot die verwesenliking van die mikpunte van die Nasionale Ontwikkelingsplan is ook ŉ strewe van die US en FT.
**3.** Die FT geniet ŉ goeie ontvangs by die US-bestuur en op die breër US-kampus in die lig van die volgende:
**3.1** Die FT lewer werk wat plaaslik en internasionaal erkenning geniet en impak maak.
**3.2** Die FT is ŉ fakulteit wat demonstreer dat uitnemendheid deur diversiteit verwesenlik word.
**3.3** Die FT dien die breë, ekumeniese familie van christelike denominasies in Suid-Afrika en in ander Afrika-lande.
**3.4** Die FT se goeie navorsingsuitsette bring mee dat die FT nie vir die universiteit ŉ finansiële las is nie. (Sonder goeie navorsingsuitsette en die goeie suksessyfers van magister- en doktorale studies sal fakulteite soos die FT nie finansieel volhoubaar wees nie. Die groot mate van afhanklikheid van hierdie beperkte bronne maak uiteraard ook die FT kwesbaar.)

### 2.4.5 Gesamentlike uitdagings vir die FT en die vennootskapkerke

Benewens die samewerking tussen die FT en kuratoria ten opsigte van talle sake wat reeds genoem is in hierdie verslag, moet pertinent aan onderstaande uitdagings ook aandag geskenk word.
**1.** Die uitdaging bly staan vir die NGK en VGKSA om saam met die FT dit te oorweeg om dit vir spesifieke akademies sterk studente en veral jonger predikante moontlik te maak om voltyds magister- en doktorale studies te doen, ten einde volhoubaar teologiese kompetensie te handhaaf in die geledere van die NGK en VGKSA, en ten einde te verseker dat geskikte kandidate gekweek word as toekomstige dosente.
**2.** Die talle uitmuntende en kontekstuele konferensies, lesings, winterskole, kursusse en dies meer wat die FT en sy sentra aanbied, poog om by te dra tot voortgesette teologiese opleiding en om teologiese kompetensie in kerke te versterk.
**3.** Kerklike vennote kan oorweeg om in vennootskap met die FT te tree oor gedeeltelik kerklik-befondsde navorsing oor temas wat vir kerke van dringende en direkte belang is.
**4.** Sterk samewerking ten opsigte van die seminarium sal verseker dat talle gesamentlike uitdagings deurlopend saam aangespreek word, veral met betrekking tot studente-welwees, leer en onderrig, asook kurrikulum- en programvernuwing.

### 2.4.6 Dankbetuiging

Dank word betuig aan die kuratoria van die NGK en VGKSA asook aan die seminarium, spesifiek aan dr Natie Philander en dr Charles Flaendorp, ds Monty Sahd en ds Hannes Theron, ds Eugene Beukes en dr Eddie Orsmond. Dankie vir ŉ uiters gewaardeerde en kosbare vennootskap waaraan ons sterk verbind is.
Die Sinode word die Heer se rykste seën toegebid.

## 3. ENKELE WESENLIKE SAKE OOR TEOLOGIESE OPLEIDING

### 3.1 Deurlopende besinning

Die Kuratorium is daarvan oortuig dat ŉ grondige praktykgerigte teologiese opleiding onontbeerlik is vir ŉ predikant in die NG Kerk. Die Kuratorium werk daarom aktief mee aan teologiese opleiding wat beantwoord aan die eietydse behoeftes van die NG Kerk, en wat voornemende predikante so goed as moontlik toerus vir die uiteenlopende eise en uitdagings van die gemeentebediening. Daarby is die Kuratorium daarvan oortuig dat spesifiek teologiese opleiding een van dié terreine is waar die NG Kerk vandag ŉ belangrike bydrae in breër verband kan lewer. Ons glo met beskeidenheid dat die NG Kerk oor die teologiese kundigheid beskik wat, as dit verbeeldingryk aangewend word, ŉ verskil kan maak oor denominasionele en geografiese grense heen.

Met die oog op die realisering van hierdie visie – toerusting vir eie behoeftes en dienslewering na buite – is daar die afgelope termyn herbesin oor die aard en effektiwiteit van teologiese opleiding. Die Kuratorium het veral nagedink oor die Aanvullende Kerklike Opleiding waarvoor die Seminarium verantwoordelikheid aanvaar en wat studente beter sal toerus en blootstel aan die praktyk van kerklike bediening. Op Algemene Sinodale vlak het die aanvaarding van die A-Z Beleid Aangaande Predikante verder ook implikasies vir die teologiese opleiding ingehou.

## 3.2 Betrokkenheid by gemeentes

Een aspek van die diens wat die Kuratorium wil lewer, is om toe te sien dat die opleiding van predikante so ver moontlik aan die behoeftes en verwagtinge van die kerk voldoen.

Dit is daarom wesenlik belangrik dat teologiese opleiding deurgaans in voeling sal bly met die praktyk van gemeentebediening. Met die oog daarop is die band tussen die Kweekskool en gemeentes op verskeie maniere versterk. Van teologiese studente word byvoorbeeld verwag om gedurende hulle studiejare aktief by gemeentes betrokke te wees. Hierdie aspek geniet nog verdere aandag binne die Seminarium waar die oogmerk is om die studente tydens hulle studiejare aan bepaalde gemeentes te koppel. Die inkleding van die finale jaar (Nagraadse Diploma in Christelike Etiek) as ’n Gemeente- of Praktykjaar blyk ook ’n groot sukses te wees.

Verdere Bedieningsontwikkeling (VBO) kyk verder daarna om op praktiese maniere die band tussen teologiese opleiding en voortgesette opleiding te versterk. Dit kan net tot wins vir teologiese studente wees om op hierdie manier, as deel van hulle kursus, groter blootstelling te kry aan die ervaringe en behoeftes van gemeentes en predikante in die bediening, asook aan die kursusse wat deel sal uitmaak van VBO.

## 3.3 Seminarium

### 3.3.1 Studente-inskrywings

In 2013 het studente in hul eerste vier studiejare in Teologie van die VGKSA sowel as die NGK by die Seminarium ingeskryf en aan die Seminarium-program deelgeneem. Die program is in 2014 uitgebrei om vyfdejaarstudente (MDiv) ook in te sluit.

Die MDiv-groep het egter nie aan alle aspekte van die program deelgeneem nie, maar slegs aan Mylpaal 5 (Missionale Bediening) as ’n eksperimentele groep om aan die Seminarium se program-ontwikkelings-komitee bystand te lewer in die ontwikkeling van Mylpaal 5 vir implementering in 2015. Die aantal studente wat by die afgelope drie jaar ingeskryf was, is soos volg:

### a. Voltydse studente

| | VGKSA | NGK |
|---|---|---|
| **2012** | 13 | 25 |
| **2013** | 33 | 34 |
| **2014** | 40 | 41 |

Die getalle van 2014 verteenwoordig al die studente in albei kerke tydens hul studiejare BDIV I-MDIV. Die vierdejaarstudente het as fasiliteerders opgetree vir die weeklikse Bybelstudiegroepe (jare 1 tot 3). Hulle het uitstekende werk gelewer ter ondersteuning van die junior studente. Die geleentheid om hierdie program te fasiliteer het ook ’n vormende invloed op hulle persoonlike groei as geestelike leiers gehad.

### b. Deeltydse studente

Vir hierdie kategorie studente word daar individuele programme uitgewerk. Die bestuurders werk saam met hierdie studente en ander relevante amptenare in die ontwerp van programme vir elke geval.

### c. Nagraadse Diploma in Christelike Bediening

In 2014 het slegs NGK-studente vir hierdie kursus ingeskryf. Die Seminarium het die logistieke ondersteuning vir die module in Kerkbediening aan hierdie groep gebied. Dit het drie voldag interaktiewe sessies behels saam met Predikante in Sinodale Diens (PSD’s). Die studente is bekendgestel aan die werk en die strukture van die kerk: Getuienisaksie (KGA), Armoede en Sorg, Bedieningsleierskap, Kinder-, Jeug- en Familiebediening, Vrouebediening, Gemeentediens en -fasilitering, Bedieningsbegeleiding en Verdere Bedieningsontwikkeling (VBO).

### 3.3.2 Mandaat

Die reglement van die Bestuurskomitee van die Seminarium is deur die Kuratoria van die twee kerke in Junie 2013 goedgekeur. Die dokument is tans weer onder bespreking vir klein aanpassings.

### 3.3.3 Ontwikkeling van die program in Bedieningsontwikkeling

**a.** Die Seminariumprogram vir Bedieningsontwikkeling is ’n eenheidsprogram vir VGKSA- en NGK-studente en voldoen aan die vereistes van beide kerke. Die suksesvolle afhandeling van die program is ’n voorvereiste vir legitimasie aan die einde van die vereiste studietydperk.

**b.** In 2014 is Mylpale 1-4 in die finale formaat geïmplementeer, terwyl Mylpaal 5 eers aan vyfdejaarstudente getoets is. Mylpaal 5 is deur die Seminarium Programontwikkelingskomitee in samewerking met vierde- en vyfdejaar-Seminarium-studente geëvalueer. Mylpale 4 en 5 sal nog verfyn word in 2015 om beter aan te sluit by die missionale projek (Mylpaal 5) in die opleidingsgemeentes waar studente geplaas word.

**c.** Die vyf mylpale is die volgende:

**Mylpaal 1: Persoonlike ontwikkeling**
Geloofsonderskeidende vraagstuk: Waar is ek op die oomblik in my verhouding met God?

**Mylpaal 2: Beroepsontwikkeling**
Geloofsonderskeidende vraagstuk: Tot watter diens word ek vandag geroep?

**Mylpaal 3: CREDO**
Geloofsonderskeidende vraagstuk: Hoe formuleer ek my geloofsbelydenis in taal wat eie is aan my persoonlike ervaring?

**Mylpaal 4: Bedieningsvaardighede**
Geloofsonderskeidende vraagstuk: Wat moet ek inoefen om vir ander ’n gawe te wees?

**Mylpaal 5: Missionale Bediening**
Geloofsonderskeidende vraagstuk: Watter koninkryksgeleentheid het vandag oor my pad gekom?

**d.** By die Iziko- (Seminarium-) periode elke Vrydag van die akademiese jaar, word die verskillende jaargroepe begelei met betrekking tot hulle ontwikkeling van die spesifieke mylpale:

- Persoonsontwikkeling
- Roepsontwikkelingsplan
- Credo
- Bedieningsvaardighede
- Missionale Bediening

**e.** Die volgende persone was betrokke as fasiliteerders vir die Iziko-vergaderings:
Mylpaal 1 – ds Helené Fouché (NGK) en ds Alfred Manyinyi (VGKSA – slegs waarnemend, nadat ds Ronnie Noemdoe onttrek het as fasiliteerder)
Mylpaal 2 – ds Willie Koopstadt (VGKSA – hy sal egter nie in 2015 beskikbaar wees nie) en ds Marié Britz (NGK – sy sal ook nie in 2015 beskikbaar wees nie)
Mylpaal 3 – ds Pieter Grove (VGKSA – ds Eugene Beukes het ook vir hierdie mylpaal gefasiliteer) en dr Eddie Orsmond (NGK)
Mylpaal 4 – ds Aubrey Marais (VGKSA) en dr Pierre Goosen (NGK)
Mylpaal 5 – ds Peter Adams (VGKSA) en ds Gielie Loubser (NGK)

### 3.3.4 Mentors en opleidingsgemeentes
’n Opleidingsgemeente en ’n mentor word toegeken aan elke student. Hierdie volgehoue betrokkenheid sou ideaal duur vir die volle studietydperk vanaf jaar 1-5. Die mentorprogram is die fondament vir kontak tussen studente en die kerk tydens hulle opleidingsjare. Hierdie aspek van die program benodig verdere verfyning en toewyding van die kante van beide studente en mentors.

Die handleiding vir mentors dien as riglyne vir die pad wat hulle saam met die student stap. Die boekie bevat ’n rooster vir mentors om ’n opleidingsprogram te struktureer vir studente, om te hou by die 100 uur jaarlikse blootstelling in die opleidingsgemeente. Elke student ontvang ’n boekie vir die joernaaldoeleindes en besprekings met die mentor deur die loop van die jaar.

### 3.3.5 Spirituele vormingsgroepe
Elke student is deel van ’n klein groep vir spirituele vorming onder leiding van ’n senior student. Hierdie groepe ontmoet weekliks.

Die fokus van sulke vergaderings is om saam die Bybel te lees op ’n gestruktureerde manier, om die ervaring met eweknieë te bespreek, en om ondersteuning van mekaar te ervaar binne die veilige ruimte van die ondersteuningsgroep.

In 2014 het eerste- tot derdejaarstudente elk 100 Bybeltekste gehad om binne die jaar deur te lees, waarvan 20 fokustekste was vir die groepsontmoetings en bespreking.
Jaar 1 – 100 tekste vir ’n oorsig van die Bybel
Jaar 2 – 100 minderbekende Bybeltekste
Jaar 3 – 100 tekste gebaseer op die Drie-eenheidstruktuur van die Apostolicum
Jaar 4 – Hierdie studente tree op as leiers vir die groepe in die eerste drie jaar
Jaar 5 – Hierdie studente het MSM-opleiding in programme van beide die Fakulteit en die Seminarium.

Die fasiliteerders het die weeklikse groepe besonder positief geëvalueer. Dit is op verskillende vlakke sinvol en behoort in die toekoms verder uitgebou te word.

### 3.3.6 Bestuur
**a. Reglemente en mandaat**
Die Seminarium is gekonstitueer deur die twee kerke om die program vir bedieningsvorming te bestuur en terug te rapporteer aan die kuratoria van die VGKSA en die NGK.

**b. Finansies**
Die Seminarium het een begroting vir die funksionering van die programme, waartoe die twee Kuratoria volgens ooreenkoms ’n bydrae lewer.

**c. Personeel gedurende 2013**
Dr Eddie Orsmond: Bestuurder: NGK
Ds Eugene Beukes: Bestuurder: VGKSA

**d.** Communitas is gekontrakteer om leiding te neem in die programontwikkeling

**e. Kantore en fasiliteite**
Die Seminarium is in die Kuratorium-vleuel van die Fakulteit Teologie.

**Voorsitter: Pieter Grove**
**Bestuurder: NGK-program: Eddie Orsmond**
**Bestuurder: VGKSA-program: Eugene Beukes**

## 3.4 Samewerking met die VGKSA

Die verskuiwing van die teologiese opleiding van die Verenigende Gereformeerde Kerk in 2000 vanaf die Universiteit van Wes-Kaap na Stellenbosch was vir die Fakulteit Teologie en die Kweekskool in alle opsigte ’n wins.
Die gesamentlike teologiese opleiding by die Kweekskool is vir die studente van beide kerke ’n verrykende ervaring, en in verskeie opsigte ’n waardevolle belegging vir die toekoms. Die studente leer mekaar ken, vorm vriendskapsverhoudinge, slyp mekaar binne die klassituasie en word spontaan deel van die dinamika van die herenigingsproses.

’n Samewerkingsooreenkoms tussen die twee Kuratoria is opgestel en die twee Dagbesture is gevra om verder aan die ooreenkoms te werk en te implementeer. Hierdie ooreenkoms is in 2010 beide deur die Moderamen van die NGK en die sinode van die VGKSA aanvaar. Die twee Kuratoria hou in Julie en November van elke jaar ’n gesamentlike vergadering. Die onderskeie Dagbesture vergader gereeld gesamentlik en afsonderlik en die subkommissies van die onderskeie Kuratoria is besig om hulle werksaamhede nader aan mekaar te bring. Die Seminarium vir Bedieningsvorming is ook ’n gesamentlike onderneming, so ook die jaarlikse legitimasieplegtigheid in November.

### 3.5 Teologiese opleiding in breër verband

Die Fakulteit lewer reeds diens aan verskeie ander denominasies, en talle nagraadse studente uit veral Afrika-lande is die afgelope paar jaar op Stellenbosch opgelei.

Die Kuratorium bied beurse aan en help met die finansiële en administratiewe aangeleenthede van talle studente wat uit verskillende Afrika-lande hulle studies aan die Fakulteit voortsit.

### 3.6 Belangrike besluite van die Algemene Sinode oor teologiese opleiding

Sedert die laaste Sinodesitting van die NG Kerk in SA in 2011, het die Algemene Sinode belangrike besluite oor Teologiese Opleiding geneem.

**MP Sahd en EC Orsmond**
**PSD’s: Teologiese Opleiding**

---

# 4.3 Sinodale Taakspan vir Leerstellige en Aktuele sake

## 1. INLEIDING

### 1.1 Taakspan

Die Sinodale Taakspan vir Leerstellige en Aktuele Sake (STLAS) word saamgestel uit afgevaardigdes uit al die ringe van die sinode, plus kundige lede soos aangewys deur die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Stellenbosch. Die Taakspan het ook die reg tot koöpsie wanneer bepaalde sake/onderwerpe vereis dat gespesialiseerde kennis daarvoor nodig is – en dit nie genoegsaam binne die geledere van die lede van die vergadering beskikbaar is nie.

Die Taakspan probeer om eenmaal elke jaar vir meer as een dag saam te kom met ’n agenda wat saamgestel word uit sake wat deur die sinode/moderamen na die taakspan verwys is of oor aktuele (openbare) sake van etiese en leerstellige aard wat vir die publieke getuienis van die kerk en sy gemeentes relevant is.

So was daar die afgelope drie jaar konferensies en paneelbesprekings gehou oor kontensieuse sake soos hidrobreking, grondhervorming en versoening en hermeneutiek (vertolking van tekste – Bybel sowel as Belydenisskrifte).

### 1.2 Predikant in Sinodale Diens

Die Taakspan beskik oor die dienste van ’n Predikant in Sinodale Diens (PSD) wat as skriba van hierdie taakspan dien. Tans is dit dr Ben du Toit (oorkoepelende titel: PSD Teologiese Navorsing) wat hierdie pos beklee. Hierdie PSD-pos van die Kaapse sinode word soos volg verdeel: 25% Algemene Sinode (ATLAS, Parlementêre Lessenaar en Grondhervorming – hy verteenwoordig as sodanig dan ook die NG Kerk by die Tussenkerklike Raad (TKR) en Conventus van Reformatoriese Kerke); 65% Wes-en-Suid-Kaap (Leerstellige en Aktuele Sake; Teologiese Navorsing; Landbou); 10% Argief (bestuur van argiefpersoneel en dien as konteks van uitvoering van funksie vir teologiese navorsing). Uiteraard oorvleuel die werk van sy verpligtinge tussen die twee sinodes en behels dit in sommige gevalle dieselfde sake, maar net in meer enger of breër verband.

Die PSD Teologiese Navorsing is ook *ex officio*-lid van die Taakspan vir Publieke Getuienis van die KGA wat die pos van PSD Publieke Getuienis (dr Braam Hanekom) bestuur – veral met die oog op die Parlementêre Lessenaar-werksaamhede wat onder hierdie taakspan ressorteer en waar die Algemene Sinode van die NG Kerk, sowel as die VGKSA Kaapland-sinode verteenwoordig is. Die werksaamhede (pligtestaat) van die PSD Teologiese Navorsing Kaapse sinode word dus oor drie

diensgroepe versprei, naamlik: Toerusting (STLAS); Ondersteuning (Argief) en Getuienis.

## 2. OPDRAGTE

### 2.1 Doop

Vanuit die sinode van 2011 het die volgende direkte opdrag aan STLAS gekom (punt 4 van aanbevelings soos goedgekeur deur die sinode):
"Derhalwe versoek die sinode die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake (SKLAS) om voort te gaan met nadenke, studie en gesprekke oor die doop, en dat die insigte wat tydens die gesprekke by die sinode van Mei 2011 bekom is, verreken sal word."

Onder leiding van STLAS – en na aanleiding van die besluite van die Algemene Sinode later dieselfde jaar in Oktober 2011 oor die doop – was die taakspan betrokke by verdere ontwikkelinge in hierdie verband. Die Algemene Sinode het toe onder meer soos volg besluit:
1. Die Algemene Sinode bevestig ons gereformeerde oortuiging dat die Verbondsdoop uitdrukking gee aan die grondwaarheid van die evangelie dat God se genade en trou te alle tye ons gelowige aanvaarding daarvan voorafgaan en selfs omsluit.
2. Die Algemene Sinode vra daarom kerkrade en predikante om die gereformeerde verstaan van die Verbondsdoop met oortuiging en deernis te verduidelik en te bevestig, ook aan lidmate wat ander oortuigings oor die doop huldig.

Vanuit hierdie opdrag het die volgende ontwikkelinge gekom:
**1.** Die vertaling van die ekumeniese dokument *Baptism Eucharist and Ministry* (BEM) in Afrikaans (beskikbaar by www.kaapkerk.co.za onder *Toerusting* en kies dan STLAS) is direk elektronies verkrygbaar by
http://www.kaapkerk.co.za/wp/index.php/wat-doen-ons/toerusting/leer-en-aktuele-sake/
**2.** Die maak van 'n reeks DVD's wat die vyf temas van BEM aanbied in die formaat van bepaalde metafore (skakel by STLAS op webwerf: www.kaapkerk.co.za)
**3.** Die begeleidende publikasie (*Ontvang wat vir jou gegee is*) deur Tinus van Zyl, wat ook as hulpmiddel saam met die DVD gebruik kan word.
**4.** Die meer uitgebreide publikasie deur Coenie Burger en Andries Cilliers (gelykluidende titel: *Ontvang wat vir jou gegee is*) wat die BEM-dokument verder toelig, maar ook meer uitbrei oor die doop aan kinders en ander temas.
**5.** VBO-kursus oor die doop, wat in 2014 aangebied is en baie goed bygewoon is. Dit het goeie evaluering van die kursusgangers ontvang.
(Punte 2 tot 4 is alles as 'n pakket te kry by *Communitas* of *Bybel-Media*).

### 2.2 Israel en Palestina

Die moderamen het in 2014 aan STLAS die versoek gerig om die dokument oor Israel en Palestina, wat deur die moderamen as standpunt-dokument aanvaar is, vanuit 'n kommunikasie behoefte te herskryf met die oog op hantering deur gemeentes en individue.
Hieraan is uitvoering gegee en hierdie dokument is nou ook beskikbaar op www.kaapkerk.co.za onder Toerusting by STLAS.

### 2.3 Die Joodse wortels van die Christelike Geloof

'n Teologiese beredenering oor hierdie saak het voor die Sinodale Taakspan Leerstellige en Aktuele Sake (STLAS) gedien en is op die webwerf (www.kaapkerk.co.za) by Toerusting (STLAS) geplaas onder die titel "Die Joodse Wortels van die Christelike Geloof".

## 3. WERKSAAMHEDE

### 3.1 Hidrobreking

STLAS was sedert die vorige sinode in 2011 deurlopend betrokke by die monitering en bespreking van hierdie saak met alle moontlike rolspelers. 'n Paneelbespreking met Shell en teenstanders van skaliegasontginning (*Treasure Karoo Action Group*) is tydens ons jaarvergadering van 2013 gehou.

Verder kon die NG Kerk-familie (NGK, VGKSA, NKGA, RCA) 'n besondere stap neem deur gesamentlik 'n standpunt-dokument te formuleer wat aan die regering oor hidrobreking gestuur is. Sien **Bylaag 1** in hierdie verband. Die is die eerste voorbeeld van publieke getuienis (oor 'n saak van openbare belange) wat as sodanig amptelik deur die hele NG Kerk-familie uitgespreek is.

Sedertdien het daar heelwat verdere ontwikkelinge rondom hidrobreking plaasgevind. Dit blyk dat die regering onversteurd voortgaan met die proses van die verlening van toestemming tot die eksplorasiefase. Dit blyk ook dat die regering (regerende party) finansiële belange het by sekere instansies wat in hierdie proses/bedryf betrokke is en daar bestaan kommer oor of die staat daarom sonder eie voordeel en eie belang die wetgewing en veral die regulasies rondom hidrobreking sal kan toepas.

Daar is dus sekere verontrustende faktore, wat alreeds implisiet in die voorlegging van die NG Kerk-familie aanwesig was. Sommige daarvan het te doen met ekologiese faktore soos grondwater- en estetiese besoedeling, maar waarskynlik belangriker as dit, is die kommer dat die regering in hierdie saak tegelykertyd rolspeler (begunstigde) en skeidsregter gaan wees – iets wat die deur groot oopmaak vir korrupsie en wanbestuur – waarin die regering tans nie 'n onbesproke rekord het nie.

Voeg hierby die feit dat die mineraleregte in Suid-Afrika (anders as lande soos die VSA) aan die staat behoort en dit is duidelik dat die staat daarom outo-

maties ’n begunstigde rolspeler in die bedryf is. Dit maak die deur wyd oop vir korrupsie en wanbestuur.

Deel van die verontrusting word weerspieël in die beskrywingspunt van die Ring van Beaufort aan hierdie Sinode (Sien Beskrywingspunt 1). Vir aanbevelings aan die Sinode oor hierdie saak, sien Punt 5.1 van hierdie verslag.

### 3.2 Onderwys

Dit word allerweë aanvaar dat die onderwystoneel in Suid-Afrika die afgelope dekade tot sodanige vlak verword het dat dit as ’n ernstige krisis in die land beskryf kan word. Sinodes van beide die NG Kerk en VG Kerk het hieroor al groot kommer uitgespreek en verklarings gedoen. STLAS het om hierdie rede meer as een gespreksgeleentheid/konferensie hieroor gehou en die gang van sake word beskryf in **Bylaag 2** hieronder.

Die volgende sewe uitdagings is geïdentifiseer as die belangrikste vir die onderwys in die Wes-Kaap:

- Kurrikulum-kwessies;
- Outomatiese bevordering;
- Vermindering van getal leerders per onderwyser;
- Dissipline;
- Tekortkominge by ouers;
- Vakbonde en
- Moedertaalonderrig.

Gemotiveer deur die formulering van die genoemde uitdagings in die onderwys, is ’n afvaardiging na die Minister van Onderwys van die Westelike Provinsie (me Debbie Schäfer) gestuur. Die afvaardiging het bestaan uit verteenwoordigers van die NG Kerk, VG Kerk, Katolieke Kerk en die Volkskerk. Die afspraak was op 16 September 2014 in Kaapstad en is as ’n baie besondere geleentheid beleef – veral oor die ekumeniese samestelling van die groep en die minister se waardering daarvoor, asook die voorlegging van die punte van besorgdheid.
Intussen is die kwessie van godsdiens in openbare skole (staatskole) weereens in die nuus na aanleiding van die hofsaak waarin Ogod (’n organisasie wat gekant is teen diskriminasie op grond van godsdiens in openbare skole) teen ’n aantal skole in Suid-Afrika wat hulleself as christelike skole bemark. Die NG Kerk het homself bereid verklaar om aan die kant van die skole as vriend van die hof toe te tree.

Die kantoor vir die Algemene Sinode het dr Ben du Toit as funksionaris versoek om ’n menings-dokument hieroor saam te stel. Daarin word uiteindelik die mening uitgespreek dat ’n hof waarskynlik nie uitspraak sal lewer ten gunste van enige partye nie, maar eerder skole en skoolrade versoek om ’n inklusiewe proses te volg vir die daarstelling van ’n etiese raamwerk in terme van die skolewet en Grondwet van die land – as deel van die plaaslike gemeenskap (sien **Bylaag 3**).

### 3.3 Geloof en Wetenskap

’n Dokument met die titel “Oor Geloof en die Wetenskap” is deur die vorige Sinode van Wes-en-Suid-Kaapland aan die Algemene Sinode in 2013 voorgelê – waar dit as gespreksdokument aanvaar is en verdere uitnodigings gerig is aan belangstellendes vir verdere deelname aan moontlike wysigings/verbeterings. Hierdie dokument het as basis gedien vir ’n VBO-kursus op Stellenbosch vanaf 18 tot 19 Februarie 2014.

Hierdie kursus het ’n besondere positiewe evaluering van deelnemers ontvang, maar in die loop van die twee dae is besef dat die dokument op bepaalde punte verbeter behoort te word. Dit is as sodanig na ATLAS verwys, wat dit as deel van die agenda van die taakspan, wat vanaf 22 tot 23 April vergader het, indringend bespreek het. Daar is besluit om die titel te verander na “Ons Christelike Geloof en die Moderne Wetenskap”. ’n Kleiner taakspan werk tans daaraan en die resultate sal voor ATLAS se vergadering van 23 tot 25 Maart vanjaar dien.
Mondelinge verslag sal by die vergadering gedoen (kan) word oor die vordering van hierdie projek, met die moontlikheid van beskikbaarstelling van die jongste konsep voorstel.

### 3.4 Teologiese Navorsing

Alhoewel hierdie pos in sy verskillende komponente nie regtig nuut is nie (sien *Inleiding*), is daar tog veral een nuwe komponent van belang en dit is die vestiging daarvan by die Argief digby die Fakulteit Teologie. Dit is gedoen met die oog op teologiese navorsing (na aanleiding van behoeftes van die sinodes in hierdie verband). Afgesien dus van die voortgaande teologiese besinning in terme van die agendas van STLAS en ATLAS, moontlike voorleggings met betrekking tot die kerk se betrokkenheid by die wetskrywende proses van die Nasionale Parlement (en al die newe gevolge in die betrokkenheid in netwerke wat dit oor meer as ’n dekade tot gevolg gehad het), word die moontlikheid van akademiese betrokkenheid (byvoorbeeld studente wat met projekte kan “help” volgens die behoefte van hulle eie teologiese navorsing) in die vooruitsig gestel.

As deel van die “newe gevolge” wat hierbo vermeld is, moet die besondere verhouding tussen die Parlementêre Lessenaar (NG Kerk) en die Katolieke Parlementêre Kantoor in Kaapstad vermeld word. Dit kan as uiters kosbaar beskou word in terme van ekumeniese samewerking aan die wetskrywende kant van die Nasionale Parlement. Hierdie kantoor beskik oor ’n hele aantal voltydse navorsers en senior Katolieke personeel wat ook vir ons as kerk deur die jare van onskatbare waarde was met betrekking tot navorsing oor wetgewing en die monitering van die wetgewende proses. Veral nog meer so na die ontbinding van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke se Parlementêre Lessenaar vier jaar gelede. Deel van hierdie goeie verhouding is ’n jaarlikse funksie ter ere van ons verbondenheid aan

mekaar, waarin ons ook saam die Nasionale Vergadering van die Parlement besoek en aan agter-die-skerms-inligting blootgestel word.

Ook as gevolg van hierdie verhouding kon die Teologiese Fakulteit van Pretoria nou al drie jaar agtermekaar as gaste van die Katolieke kantoor onthaal word en toeligting kry oor die kerk se openbare rol in hierdie verband.

Die PSD Teologiese Navorsing is tans ook besig met die vestiging en ontsluiting van ’n databasis van vrae en antwoorde oor leerstellige en aktuele sake – wat oor die afgelope tien jaar (sedert die 2004 Algemene Sinode en deur die Sentrum vir Kommunikasie hanteer) opgestel is – in die digitale geheue van die Argief. Dit is ’n tydsame proses wat persoonlike aandag vereis.

Die navorsingsbeampte in die Argief werk saam aan die digitale ontsluiting van die notules van ATLAS/AKLAS (Algemene Sinode sedert 1962) en STLAS/SKLAS (Wes-en-Suid-Kaap) in terme van verslae, navorsing, teologiese besinning en bydraes wat gelewer is.

### 3.5 Hersiening van Belydenisskrifte

STLAS het ’n versoek van die Ring van Bellville ontvang vir die herskryf van die Drie Formuliere van Enigheid. Bepaalde voorstelle oor veranderings is daarin vervat. Die Ring is geadviseer om die dokument liewer as ’n gravamen by die Algemene Sinode in te dien, aangesien die AS die belydenissinode van die NG Kerk is. Sien verder aanbevelings by 5.2.

## 4. PRIORITEITE

STLAS het hom verbind tot die beste moontlike samewerking en strukturele eenheid met die SKLAS van die VGKSA Kaapland. Verskeie gesamentlike dagbestuur-vergaderings is gehou, terwyl lede van die twee kerke se taakspan/kommissie oor-en-weer die onderskeie jaarvergaderings bygewoon en aan die programme deelgeneem het.

Vanuit hierdie inisiatiewe is die konsep van ’n eenheidstruktuur, genaamd *Geloof en Lewe,* gebore en is ’n gesamentlike reglement daarvoor opgestel en aan die onderskeie kerke vir goedkeuring voorgelê. Die moderamen van die NG Kerk het die reglement aanvaar, maar dit kon nog nie op dieselfde manier die amptelike sanksie van die VG Kerk kry nie. Weens verskeie redes het hierdie reglement en aanbevelings nie voor die VGKSA Kaapland se sinode in Oktober 2014 gedien nie.

Die dringendheid van die vorming van ’n eenheidstruktuur is veral nodig voordat die baie moeilike en komplekse saak van Grondhervorming (en verwante sake) met integriteit deur die Kerkfamilie aangepak kan word. Op Algemene Sinode-vlak was dit dan ook die versoek van die Taakspan vir Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling aan die ASM verlede jaar, om hierdie as ’n saak van prioriteit op die agenda van die eenheidsgesprekke met die NG Kerk-familie te plaas. Intussen is die PSD Teologiese Navorsing versoek om steeds voort te gaan om as sameroeper vir die Kaapse Landbou-Taakspan op te tree – met vergaderings soos benodig.

## 5. AANBEVELINGS

**5.1 Aanbeveling 1**
**Die Sinode neem kennis dat STLAS die aanbevelings soos verwoord in die Beskrywingspunt van die Herenigende Ring van Beaufort (NG Kerk) en Carnarvon (VGKSA) van 21 Augustus 2014 oor hidrobreking (Beskrywingspunt 1) ondersteun en besluit om die aanbevelings as volg te ondersteun:**
**1. Die Sinode neem met bekommernis kennis dat die eksplorasie van skaliegas in die Karoo sal voortgaan.**
**2. Die Sinode moedig gemeentes en lidmate aan om op alle vlakke by hierdie proses betrokke te raak.**
**3. Die Sinode pleit dat hierdie proses deursigtig moet wees.**
**4. Die Sinode vra dat, indien daar genoeg reserwes gevind word en skaliegas kommersieel ontgin gaan word, die volgende voorwaardes sal geld:**
**4.1 Toegang tot skoon water vir mens, plant en dier moet gewaarborg word. Selfs al beteken dit water uit die Oranjerivier-stelsel.**
**4.2 Die plaaslike gemeenskap moet vroegtydig bemagtig word om in diens geneem te word in die toekoms.**
**4.3 Blywende, nuttige infrastrukture moet opgerig word (Voorbeelde: hospitale en skole).**
**4.4 Baie groot betrokkenheid van die mynmaatskappy by die plaaslike skole en gemeenskappe.**
**4.5 Regte van grondeienaars moet respekteer word.**
**4.6 Proses moet onderhewig wees aan deeglike omgewingsimpakstudies en monitering.**
**4.7 Lidmate moet aangemoedig word om hernieubare energieprojekte aan te pak.**

**5.2 Aanbeveling 2**
**1. Die Sinode neem met kommer kennis van die klaarblyklike belang wat instansies na aan die regering met maatskappye betrokke in die olie-ontginnings-sektor het.**
**2. Die Sinode is bekommerd dat die regering dalk nie oor die kapasiteit en morele integriteit beskik om die regulasies en wetgewing ten opsigte van die eksplorasie en ontginning van skaliegas en olie toe te pas nie, veral aangesien die staat die dubbele rol van belanghebbende party en skeidsregter speel.**

**3. Die Sinode besluit om hierdie sake van kommer te kommunikeer aan die toepaslike adres van die regering en betrokke owerhede.**
**4. Die Sinode gee opdrag aan STLAS om, in samewerking met die VGKSA Kaapland SKLAS, by die direkteur-generaal Minerale Hulpbronne navraag te doen na die "regulerende raamwerk" ("regulatory framework") ten opsigte van die moontlike eksplorasie van skaliegas deur die metode van hidrobreking – en wel op die volgende wyse:**
**4.1 STLAS/SKLAS moet Minerale Hulpbronne vra om die "regulerende raamwerk"-dokument aan STLAS/SKLAS beskikbaar te stel – of as 'n konsep-dokument, of as 'n finale dokument:**
**4.2 Na die "regulerende raamwerk"-dokument ontvang is, moet STLAS-NGK in samewerking met SKLAS-VGKSA die dokument bespreek en aanbevelings daaroor vir hulle moderamens formuleer.**

**5.3 Aanbeveling 3**
**Die Sinode neem kennis van STLAS se advies aan die Ring van Bellville vir die hersiening, (taalkundig, maar per implikasie ook inhoudelik) van die Drie Formuliere van Enigheid, naamlik dat die ring dit as 'n gravamen direk na die Algemene Sinode moet stuur met die suggestie dat ATLAS aan die kerk hieroor leiding sal gee.**

**5.4 Aanbeveling 4**
**Die Sinode versoek STLAS om, na aanleiding van die sinvolle besoek van 'n ekumeniese groep aan die provinsiale direkteur en minister van Onderwys, dit as jaarlikse instelling te kontinueer.**

**Voorsitter: Heerden van Niekerk**
**Skriba: Ben du Toit**

# Bylaag 1
# Die NG Kerkfamilie (NGK, VGK, NKGA, RCA) se gesamentlike standpunt-dokument aan die regering oor hidrobreking

7 November 2013

The Director General: Mineral Resources
Attention: Dr Thibedi Ramontja
Private Bag X 59
Pretoria, Arcadia, 0007
Email: andre.andreas@dmr.gov.za

Honorable Dr Ramontja

## THE PROPOSED REGULATORY FRAMEWORK FOR HYDRAULIC FRACTURING

We appreciate this opportunity to submit the following on the issue of the announced regulatory framework for the exploration of shale gas.

### Introduction
This submission is drafted by members of the Ecological Task Teams of the Dutch Reformed Church (DRC, also known as the NG Kerk), the Uniting Reformed Church of Southern Africa (URCSA), the Reformed Church in Africa (RCA) and signed by authorized leaders of these churches.

We have noted that a regulatory framework for the exploration of shale gas through hydraulic fracturing has been gazetted by the Minister. We welcome the invitation to affected parties in civil society to comment on this regulatory framework.

The mentioned churches welcome the many current initiatives to explore sources of energy other than fossil fuels, however realizing that natural gas will remain an important source of energy in the medium term. We recognize the government's challenge and responsibility to mediate between various interest groups in order to ensure the well-being of the country and its human inhabitants over the long term in the framework of the South African Constitution and its Bill of Rights. More specifically, we recognize the need to ensure the availability of sufficient, affordable and as far as possible sustainable sources of energy on the one hand and to protect the integrity of fresh water sources on the other. We appreciate that government is well aware that the needs for energy and for fresh water may come in conflict with each other in the case of the exploration and the eventual extraction of natural gas through hydraulic fracturing, as is evident in the documentation from the Department of Mineral Resources.

We understand that the purpose of the regulatory framework is to allow at least the possibility of such exploration but then within a strict set of rules. The invitation to the public is to comment on the regulatory framework based on the assumption that any exploration is not to be prohibited. Our constituency and area of expertise The DRC, URCSA and RCA speak on behalf of approximately 2.4 million Christians in the reformed tradition, with congregations throughout South Africa, of which many are in rural areas. We acknowledge that we have no specific scientific, economic or legal competence to comment on the details of the regulatory framework. We do note that many issues in the debate remain hypothetical, that conflicting authorities are quoted and that any discussion is based on limited and contested knowledge. These issues include the amounts of shale gas in the Karoo basin, the employment opportunities to be created and their spin-off effects, the contribution to GDP, the rock formations in the Karoo basin, the long-term impact of hydraulic fracturing on ecosystems and so forth. There are members of our churches with some competence on these matters and we welcome the contributions of academics and other role players in civil society participating in vigorous public debate on the matter.

**Our deepest convictions**

We, together with other churches in South Africa, consider ourselves to be a deeply affected party in considering the exploration and eventual extraction of shale gas through hydraulic fracturing. The issues of energy, water and well-being touch upon the very deepest convictions of our understanding of the Christian faith:

- he Holy Spirit is according to the Christian faith the "Giver of Life", our source of inspiration, the force that makes the world go round, the ultimate source of energy, so that any debate on energy ultimately has to discern the movement of the Spirit.
- Jesus Christ is according to the Christian faith the Source and well-spring of life, the fountain of living water that brings healing to the nations – so that the Christian witness in any debate on the pollution of water sources (through hydraulic fracturing, acid mine drainage or commercial agriculture alike) would want to recognize the possibility of tapping into this Source to purify the already deeply polluted waters.
- God is portrayed in the Christian faith as loving Father (and at times also as a Mother) who is concerned about the well-being of all living creatures, in fact about the well-being of the whole earth.

Given this all-inclusive concern the triune God is confessed to have a special compassion over the plight of the weak, the vulnerable, the marginalized, the oppressed, including the plight of non-human forms of life, especially where their plight results from the abuse of the power of the powerful. Whenever there are debates about the well-being of people, the church is therefore called upon to adopt a long-term and inclusive perspective and to focus on the plight of those who will be disadvantaged by the implementation of policies.

**Our guilt and responsibility**

These core convictions have far-reaching implications for the way in which the place and role of human creatures are understood. On the one hand, we confess that all too often in the past we have used our energy for inappropriate purposes without discerning the direction of the Spirit, that we have polluted the waters and missed the purifying power of the gospel and have not demonstrated the compassion of the Father for the weak. At the same time we are being transformed to accept responsibility in our own limited spheres of influence to bring the healing power of the gospel to bear on any situation of need. This also applies to the debate on hydraulic fracturing given the competing needs for economic growth (for the South African economy as a whole), social development (for impoverished rural communities) and ecological sustainability (preserving the integrity of underground water sources for all forms of life).

**Implications for policy making**

We realize that the convictions articulated above do not translate directly into any policy directives. Any attempt to do so would need to reckon with ethical complexity, competing interests and various economic trade-offs. It would be facetious to identify biblical or ethical principles that can be applied to the debate on hydraulic fracturing precisely because there are competing interests, rights and responsibilities that have to be weighed against each other. Nevertheless, such an encompassing and ultimate vision inspires us to prophetically

address situations where there are obvious concerns such as the following pertaining directly to the debate on hydraulic fracturing:

- There is always a danger that short and medium term interests will outweigh longterm well-being. A century or more of mining in South Africa has polluted its water sources in a way that will have an impact for many centuries to come. If there is any possibility that hydraulic fracturing would have a similar impact, short term economic gains, also for impoverished rural people will simply be short-sighted. Here a precautionary principle must apply. There are times when prohibition instead of regulation is appropriate.
- The availability of an affordable source of energy will clearly benefit the South African economy and may enhance the well-being of the South African human population as a whole. However, there is a real danger that any such benefits will be disproportionally distributed. Lucrative business deals will be to the advantage of exploration and extraction companies and their shareholders. Admittedly, some unemployed people in rural communities may find much needed employment through the extraction of natural gas, albeit that the focus will be on highly skilled labour. However, all other inhabitants and all other forms of life will be affected by any contamination of water supplies. The problem is that the empowering of the already powerful may not translate in any so-called trickle-down effect but may in fact exacerbate the existing severe economic inequalities (a trickle-up effect). Here the prophetic task of the church is to warn against the deceptive ideology that “a rising tide will lift all boats” (that economic growth will necessarily lead to a better distribution of wealth) or that unlimited economic growth (in terms of biophysical output) is possible on a finite planet.
- It is widely acknowledged by experts and feared by people in civil society that hydraulic fracturing may have side-effects, most notably on the pollution of water sources. The extent of such side-effects will only be known in hindsight. Such fears therefore cannot be dispelled by more reports or government assurances and will not go away. The concern here is that such disadvantages will again be unevenly distributed so that those who will be affected will gain least while those who gain most in economic terms will also be least affected. If the benefits gained from hydraulic fracturing come at a significant cost to those who are already most vulnerable, the church simply cannot condone that and is called to act in solidarity with the weak, not the strong. The weak here include rural people in general, especially impoverished communities and their fragile water sources, those who are unemployed and are likely to remain unemployed despite the economic potential of hydraulic fracturing and also non-human creatures which rely on water sources.
- There is a deep concern in civil society that consultative processes and environmental impact assessments have become seriously flawed so that the interests of the powerful tend to triumph over the interests of the marginalised but affected groups. The concern is that any regulatory framework will not be stringent enough so that business corporations would be consistently forced to heed to that. There are also concerns over the administrative capability of government to monitor and enforce such a regulatory framework. Moreover, given widespread concerns over corruption in all spheres of society, it has to be said that the scale of hydraulic fracturing is undoubtedly of such a nature that it is open to corrupt and clandestine deals, also because government will receive a share in any income derived. Many government pledges to eradicate corruption have not yet inspired confidence amongst organisations in civil society that the trend has been inverted. If a licence for hydraulic fracturing is offered to business corporations, what would stop them from implementing potentially harmful and even devastating procedures once they have made huge investments in infrastructure? Would they ever heed to such warnings? In other words: if the reports after a first phase of exploration indicate the potential of the contamination of water sources, would that be sufficient to enforce the prohibition of further exploration? Once the door is opened it may be almost impossible to close it.

**Recommendation**
In such a context, and in light of the precautionary principle and a sense of responsibility for future generations, the DRC, URCSA and RCA *urge government to prohibit any further exploration of natural gas through hydraulic fracturing instead of introducing a regulatory framework for such exploration*. We are not convinced that any such a regulatory framework will avoid the long-term contamination of water sources. Instead there is a real danger that hydraulic fracturing will not necessarily advantage impoverished rural communities while its disadvantages will disproportionally affect those who are already vulnerable. If so, any decision by the current government to allow further exploration and eventual extraction of shale gas through hydraulic fracturing will place a heavy burden on generations to come. Given the many variables it is questionable whether the government can take a decision in this regard with any degree of confidence. It will be judged by generations to come for any short-sightedness.
We would appreciate the opportunity to state our case to the responsible governmental structure, if requested. For this purpose, please direct enquiries to Dr Ben du Toit at kommunikasie@kaapkerk.co.za.

Signed on behalf of **URCSA:** Dr Dawid Kuyler (Scribe, General Synod), **DRC:** Dr Kobus Gerber (General Secretary, General Synod), Dr Ben du Toit (Parliamentary Desk, General Synod), **RCA:** Rev Victor Pillay (Assessor, Synod)

# Bylaag 2

## NG Kerk Wes-en-Suid-Kaap
## en VG Kerk Kaapland
**Sinodale Taakspanne/Kommissies vir Leer en Aktuele Sake**

## Verslag van 'n halfdag-konferensie oor:
## Die Sewe Grootste Uitdagings vir die Onderwys in die Wes-Kaap
## Donderdag 19 Junie 2014, 14:00 - 18:00,
## NG Kerk Vasco, Vasco-Boulevard 53, Vasco, Goodwood

## 1. UITNODIGING
Al die skoolhoofde van hoër- en laerskole, asook spesiale skole, in die twee onderwysdistrikte in die Kaapse Skiereiland, is uitgenooi na die konferensie. Die uitnodigings is aan begin van die 2de kwartaal per e-pos uitgestuur, daarna weer aan almal uitgestuur. Omdat ons besef het dat elke skoolhoof gemiddeld 30-40 e-posse per dag ontvang, en dit moeilik is om die nodige aandag aan elke e-pos te gee, het ons twee weke na die eerste uitsending 300 briewe per gewone pos uitgestuur. Die adreslys vir e-pos en gewone pos is van die OBOS-kantoor verkry. Agt skoolhoofde is ook by hulle skole besoek en na die konferensie uitgenooi. Voordat die konferensie beplan is, het ons vier skoolhoofde besoek om by hulle te verneem: 1) Of hulle meen so 'n konferensie behoort gehou te word en 2) indien wel, wat die formaat van die konferensie moet wees en 3) wanneer die konferensie gehou moet word. Hulle was al vier ten gunste van die konferensie en het waardevolle inligting gegee oor die formaat, tyd en datum van die konferensie.

Deurentyd is beklemtoon dat die twee kerke (NGK en VGKSA) graag *by skoolhoofde wil hoor wat hulle meen* die grootste uitdagings vir die onderwys in die Wes-Kaap is. Wanneer die opsomming gemaak word oor wat die grootste uitdagings in die onderwys is, sal dit egter die mening van die NG Kerk en die VG Kerk wees – oor wat hulle by die konferensie by skoolhoofde gehoor het. Met ander woorde, die kerke sal nie daarop aanspraak maak dat die konklusies waartoe gekom is, die mening van alle skoolhoofde in die Skiereiland verteenwoordig nie.

## 2. PROGRAM
Die hoofspreker, prof Russel Botman, Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, het die gesprek ingelei. In sy bydrae het prof Botman konferensiegangers insig gegee in hoe die Univ Stellenbosch deur middel van satelietverbindings, matriekleerlinge in skole met minder fasiliteite afstandsonderrig op Saterdae en Sondae gee. Die voordeel hiervan is dat dit relatief baie goedkoop is, en dat dit redelik maklik uitgebrei kan word na gemeenskappe wat die byeenkomste sou wou organiseer

Twee eerstejaarstudente van die Universiteit van Stellenbosch, uit verskillende agtergronde, Johan Muller (Hoërskool Brackenfell) en Aidon Bartes (Hoërskool Elsiesrivier) het albei kortliks met waardering gepraat oor hoe hulle skoolopleiding hulle redelik goed voorberei vir hulle universiteitstudie. Sommige skoolhoofde het wel opgemerk dat die probleem nie lê by self-gemotiveerde studente soos Aidon en Johan nie, maar diegene wat op nie glo dat hulle goed genoeg is om tersiêre opleiding te kan slaag nie.

Dertig skoolhoofde het vir die konferensie geregistreer; vyf het op die dag van konferensie nie opgedaag nie, sommige met verskoning; twee het opgedaag sonder registrasie. Die verteenwoordiging was: Afrikaanse skole (75% van groep), Engelse skole (22%), Xhosa-skole (3%, wat egter nie opgedaag het nie).

Daarna het die skoolhoofde, in groepe van ses by elke tafel, deur middel tafelgesprekke, die sewe sake geïdentifiseer wat, na hulle mening, op die oomblik die grootste uitdagings vir die onderwys in die Wes-Kaap is. Elke tafel het in die groot vergadering verslag gedoen – en uiteindelik het die groot vergadering deur gesprek besluit wat die sewe grootste uitdagings is. Uiteindelik is besluit op sewe kwessies as die sewe grootste uitdagings op die oomblik vir die onderwys in die Wes-Kaap.

## 3. DIE SEWE GROOTSTE UITDAGINGS VIR DIE ONDERWYS IN DIE WES-KAAP*
(*Nie in volgorde van belangrikheid nie.)

### 3.1 Kurrikulum-kwessies
Te veel veranderinge. Die vakinhoude is nie altyd relevant om leerders vir naskoolse opleiding of werk voor te berei nie. Daar is 'n groot toename in leerders met leerstroornisse. Teen hierdie agtergrond veroorsaak die vermindering van skole vir leerders met spesiale behoeftes, wat leerondersteuning benodig, dat leerders nie optimaal ontwikkel word met die oog op hul volwasse lewens nie. Oorvol klasse in hoofstroom-skole maak dit baie moeilik vir opvoeders om spesiale aandag aan enkele leerders met spesiale behoeftes te gee.

**3.2 Outomatiese bevordering**
Saam met die bogenoemde punt hang saam die huidige bevorderingstelsel van leerders – leerders wat sukkel, word bevorder na ’n hoër graad, op grond van ouderdom. Vir die hoër graad is hulle nog minder voorbereid is as die laer graad, wat hulle nie kon behartig nie. Uiteindelik verlaat so ’n jong mens die skool in die fleur van sy lewe, maar as iemand wat skaars kan lees en skryf, en ook geen ander kundigheid of ambag aangeleer het nie – ’n potensiële gevaar vir homself en die samelewing en ’n kandidaat vir ’n lewe as misdadiger.

**3.3 Vermindering van getal leerders per onderwyser**
Afgesien van die ooglopende voordeel dat ’n onderwyser meer aandag aan individuele leerders kan gee in ’n klas van 25 as in ’n klas van 45, sou ’n vermindering van leerders per onderwyser baie van die ander probleme verminder – die dissipline sal verbeter, nasienwerk en kontrolering van vordering per kind sal makliker wees, ensovoorts.

**3.4 Dissipline**
In die bespreking is hierdie as ’n moeilik oplosbare probleem erken. Dissiplineprobleme by leerders is dikwels die gevolg van swak dissipline by die huis. Leerders het dus min begrip van dissipline. Niemand het die herinstel van lyfstraf bepleit nie. Daar was wel ’n gevoel dat daar steeds dringend gesoek moet word na effektiewe vorme van dissiplinering. Die beloning van leerders wat self-gedissiplineerd is, eerder as die bestrafing van ongedissiplineerde leerders, is deur sommige bepleit. Ander het gevoel dat selfs al word beloning van self-gedissiplineerde leerders ingestel, sal dit steeds nie die gebrek aan dissipline oplos nie. Sommige het gevoel die klem val so sterk op die erkenning van die leerders se regte dat onderwysers dikwels enige vorm van dissiplinering vermy, ten einde seker te maak daar word geen klagtes teenoor die onderwyser gelê nie. Hier is groter beskerming vir onderwysers is nodig.

**3.5 Tekortkominge by ouers**
Armoede onder ouers, wat kinders se leervermoëns beïnvloed: Gevolg hiervan is dat onderwysers dikwels baie tyd en energie bestee aan maatskaplike versorging van kinders; Verdere gevolg: onbetrokkenheid van ouers by skole. Swak dissipline in ouerhuis en die voorbeeld van negatiewe volwasse rolmodelle, wat oorvloei na skool. Hulp moet aan kinders met sosio-ekonomiese probleme gegee word – waarvoor opvoeders dikwels nie opgelei is nie (byvoorbeeld leerders wat spraakterapie moet ontvang, leerders wat arbeidsterapie benodig, leerders wat aandagafleibaar is, ensovoorts). Gebrek aan waardes by ouers – wanneer kinders in skool kom, is dit te laat om hulle hierdie waardes aan te leer.

**3.6 Vakbonde**
Die mag wat sekere vakbonde en vakbondlede hulleself aanmatig om skoolhoofde en onderwysamptenare toegang tot hulle klasse te weier, verhinder kwaliteitsbeheer en gehalte-onderrig.

**3.7 Moedertaalonderrig**
Veral in laerskole is dit belangrik, want dikwels verstaan laerskoolkinders nie konsepte in hulle tweede taal nie. In Wes-Kaap is dit belangrik dat onderwysers gevind moet word om die relatief klein maar belangrike groep kinders van Franssprekende-immigrante te onderrig. Op die oomblik raak hierdie groep kinders akademies al verder agter in die groot klasse. Hierdie leerders se swak akademiese vordering plaas ook baie druk op die opvoeders aangesien die WKOD oënskynlik verwag dat hierdie leerders sal vorder asof hulle in hulle moedertaal of eerste addisionele taal onderrig word.

## 4. BESLUIT OOR ONDERWYS VOORGELÊ AAN DIE MODERAMEN NG WES-EN-SUID-KAAP, AUGUSTUS 2014

**1.** Die NGK (Wes-en-Suid-Kaap) en VGKSA (Kaapland) se moderature word versoek om die lys van sewe uitdagings vir die onderwys in die Wes-Kaap en verslae van ander soortgelyke byeenkomste met skoolhoofde aan die Wes-Kaapse Onderwys van Onderwys (WKOD) gedurende ’n persoonlike onderhoud voor te lê.
**2.** Die verslae van bogenoemde konferensies word aan ringe beskikbaar gestel met die versoek om by hulle volgende ringsitting die verslae ter tafel te lê en op die ringsitting:
**2.1** Aandag te gee aan maniere hoe gemeentes in hulle ring skole en onderwysers kan ondersteun;
**2.2** Oorweging daaraan te skenk om – saam met die VGKSA – soortgelyke konferensies met skoolhoofde/onderwysers te reël, met die doel om inisiatiewe te formuleer oor hoe kerke en skole op plaaslike vlak kan saamwerk. In hierdie projek moet skoolhoofde, onderwysers en leerders betrek word.
**3.** Kerkrade en gemeentes word versoek om in ’n spesiale erediens, ten minste een maal per jaar, aandag te gee aan die saak van onderwys, met spesiale fokus op waardes en dissipline. (Daar is tans ’n Sondag vir onderwys en opleiding wat hiervoor gebruik kan word.)
**4.** Die Leesrooster-projek word versoek om ’n spesiale Sondag vir Onderwys in hulle program in te ruim.

# Bylaag 3
# Godsdiens in Openbare (staat) Skole

Die huidige openbare debat rondom godsdiensoefening in staatskole bly ’n emosionele saak wat op ’n omsigtige manier hanteer behoort te word. Hoe ons by die huidige situasie uitgekom het, het ’n bepaalde geskiedkundige verloop gehad, waaraan ons as kerk ook amptelik, sowel as deur middel van individuele insette deel gehad het. Sien ook in hierdie verband meegaande skrywe van die Parlementêre Lessenaar van die NG Kerk in 2003. Dit mag miskien help om die gesprek nugter te hou, deur ’n paar sleutel aspekte aan te dui wat in hierdie saak van deurslaggewende belang is:

## 1. Die Grondwet waarborg vryheid van Godsdiens

Die **reg** tot die beoefening van godsdiens word deur meer as een verwante artikel in die Grondwet gewaarborg. Hierdie saak (die regte van ’n kerk/godsdiens) word volledig beredeneer in die standpunt-dokument van die NG Kerk oor *Ons en die Grondwet* wat deur die Algemene Sinode van 2007 as sodanig aanvaar is. Daarin staan onder meer die volgende:
“3 Ons demokrasie in Suid-Afrika is dus NIE ’n meerderheidsdemokrasie nie, maar ’n **konstitusionele demokrasie**. Die hoogste gesag is die Konstitusionele Hof en nie die parlement nie. Dit is onder andere wat dit beteken dat ons ’n **regstaat** is.
4 Ons grondwet **waarborg dus die regte van individue en kulturele, godsdienstige en linguistiese gemeenskappe** - en neem daarmee die diverse konteks van die land in ag. Wat individue se godsdiensregte betref, is die reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke, geloof en mening (Artikel 15) en die reg op vryheid van assosiasie (Artikel 18) gewaarborg ...

Dit belangrik om in hierdie verband daarop te let dat daar eintlik 6 artikels van die Grondwet is wat ons kerklike regte beskerm – en wat ’n mens in verhouding tot mekaar moet lees ten einde die aard van hierdie reg te verstaan.
Die artikels hier ter sprake is:
Artikel 9 Gelyke regte vir alle mense
Artikel 10 Menswaardigheid van alle mense
Artikel 15 Vryheid van Geloof, Godsdiens en Standpunt
Artikel 16 Vryheid van Spraak
Artikel 18 Vryheid van Assosiasie
Artikel 31 Vryheid tot vorming van (onder meer) Godsdienstige organisasies.”

In die huidige debat hoor ’n mens telkens die beskuldiging dat, met die aandrang daarop om godsdiensbeoefening uit skole te haal, daar op die regte van Christene (godsdienstiges) inbreuk gemaak word. Hier moet onthou word dat dit nou gaan oor staatskole nie privaat (en kerk-) skole nie. Eweneens word die reg tot vrye assosiasie onjuis gebruik as ’n reg tot godsdiensoefening in staatskole. In terme van die Grondwet behoort die godsdiens-neutraliteit van skole bo verdenking gestel te word.

## 2. Die Skolewet maak op ’n bepaalde manier wel voorsiening vir godsdiens in staatskole

Artikel 15(2) van die Skolewet bepaal dat godsdiensbeoefening mag plaasvind in staats- en staats-ondersteunde instellings, mits (i) dit geskied volgens reëls neergelê deur die tersake gesag (volgens die SA Skolewet is dit die beheerliggaam),
(ii) dit op ’n billike grondslag geskied, en
(iii) die bywoning daarvan vry en vrywillig is.
Breedweg gesien beteken dit:
**dat** die beheerliggaam van ’n staatskool die etos van daardie bepaalde skool kan bepaal in terme van die land se Grondwet en die Skolewet
**dat** die Skolewet in terme van die *Nasionale Beleid* dus nie voorskriftelik is nie en die reg van beheerliggame herken om ’n interne beleid aangaande godsdiensbeoefening in die skool te bepaal
**dat** dit as sodanig godsdiens respekteer, asook die belangrikheid van kurrikulêre godsdienste-onderrig bevestig, deur ruimte te laat vir godsdiensbeoefening en godsdiensonderrig in staatskole
**dat** dit ’n samewerkingsmodel veronderstel tussen staat, godsdiens en die plaaslike gemeenskap waarbinne ’n bepaalde skool funksioneer
**dat** dit in alle gevalle nie diskriminerend mag funksioneer of die menswaardigheid van ’n leerling negatief mag aantas nie
**dat** die Grondwet van die land dus as die hoogste gesag (reg/wet) erken word.

### 3. Daar is ’n groot diversiteit in terme van plaaslike kontekste wat in ag geneem moet word

Die kontekste waarbinne voormalige model C-skole funksioneer vertoon vandag ’n groter mate van godsdiens-diversiteit, maar mag ook dalk in ’n groter mate beïnvloed word deur ’n groeiende sekulêre gemeenskap. Hierdie verskynsel stel groter eise aan skole as voorheen. Voorheen het die leerder-profiel ’n groter homogene karakter gedra. Vandag is dit dikwels anders. Beheerliggame sal om hierdie rede groot sensitiwiteit aan die dag moet lê om toe te sien dat leerders nie die ervaring het van diskriminasie en/of die aantasting van hulle menswaardigheid deur openbare vernederende, uitsluitende maatreëls nie.

In ander kontekste, waar die leerdertal hoofsaaklik Afrika-kulturele tradisies uitmaak, is dit somtyds die enigste manier waarop ’n skooldag begin kan word, naamlik groepering deur samesang van godsdienstige aard. Dit is ook ’n konteks waarin daar ’n groter mate van gedeelde spiritualiteit bestaan en minder krities en uitsluitend gedink word oor godsdiens en die spirituele aspek van mense se bestaan.

### 4. Dit is onwaarskynlik dat enige hof in die huidige geding tussen Ogod en bepaalde skole ’n uitspraak sal lewer ten gunste van enige van die partye

Juis om bogenoemde redes in punt 2 aangedui, is dit hoogs waarskynlik dat ’n hof skole as deel van ’n plaaslike gemeenskap sal aanmoedig om in terme van die Grondwet en die Skolewet plaaslik ’n oplossing tot bevrediging van alle partye te vind.

Ons sal mekaar se regte moet respekteer – wat ons vir onsself opeis en toeëien, sal ons ook vir ander moet gun op grond van dieselfde motivering. Beheerrade sal dus met groot wysheid, sensitiwiteit en ewewigtigheid na alle geaffekteerde partye (ouers van kinders wat ingeskrewe leerders van die betrokke skool is) moet luister en sorg dra dat daar op geen wyse diskriminerend of vernederend teenoor kinders opgetree word nie.

Skoolhoofde sal eweneens ook in samewerking van beheerrade hulle personeel moet ken, maar ook inlig oor die wyse waarop hierdie soort spanning, verwagtinge en regte van ouers as wettige voogde van ingeskrewe kinders hanteer behoort te word.

### 5. Godsdiens kan ’n baie gevaarlike verdelende invloed wees – ’n gemeenskaplike waarde-sisteem, wat nie net as eiendom van een godsdiens, denominasie of godsdiensbeskouing beskou word nie, moet vir elke skool gevind word om hierdie potensiële gevaar as bate tot bevordering van vreedsame naasbestaan om te keer.

Die wêreld se geskiedenis oordeel ongelukkig nie altyd gunstig op die rol wat godsdiens in die verlede gespeel het om konflik en spanning te ontlont nie. Die teendeel was/is dikwels waar. Fundamentalistiese denke is ’n polariserende, etiketerende en dikwels diskriminerende mag wat al tot groot oorloë en geweld gelei het. Die kerk (enige kerk, enige godsdienstige rolspeler) sal hierdie feit ernstig in oorweging moet neem wanneer lidmate/volgelinge tot bepaalde optrede aangespoor word in situasies soos hierdie.

Die ideaal sou wees as hierdie soort spanning in ’n bepaalde gemeenskap/skool deur die onderskeie rolspelers omgekeer kon word in ’n getuienis van goeie en verantwoordelike burgerskap van ons land – wanneer ons na mekaar luister en mekaar ernstig opneem – soos ons van ander sal verwag om met ons te doen.

As kerk sou dit ons dalk juis betaam om hierdie situasie as ’n gulde geleentheid te sien om die integriteit van die evangeliese boodskap van die christelike geloof bo alle verdenking te stel.

**Ben du Toit**
**18 September 2014**

# 5. DIENSGROEP VIR ONDERSTEUNING
## 5.1 Sinodale Taakspan vir die Argief (STA)

## 1. INLEIDING

**1.1** Die Argief het sedert die 2011 sinodesitting dramatiese veranderinge ondergaan wat onder meer die volgende behels het:
**1.2** Die ATABID (Algemene Taakspan Argief en Bestuursinligtingsdienste) het op 31 Augustus 2011 ontbind. Die ABID (Argief en Bestuursinligtingsdienste) is as ’n lopende besigheid in terme van Artikel 197 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, Wet Nr 66 van 1995 soos gewysig, aan die NG Kerk in Suid-Afrika oorgedra.
**1.3** Die Argief word vanaf 1 September 2011 deur die NG Kerk in SA (Wes-en-Suid-Kaapland) se STA (Sinodale Taakspan vir die Argief) bestuur. Die STA is ’n taakspan in die SDO (Sinodale Diensgroep vir Ondersteuningsdienste).
**1.4** Die Direkteur en Assistent-Direkteur van die ABID (dr Johan en mev Dienkie Froneman) het in 2011 afgetree. Na hulle aftrede moes die Moderamen en die STA ’n nuwe direkteur aanwys. Die STA was egter onseker oor wat die posvereistes vir die pos sou wees en besluit om ds Bossie Minnaar in ’n deeltydse waarnemende hoedanigheid as ’n PSD: Argief aan te stel. Die Sinode het 20% van sy tyd by die NG Gemeente Franschhoek uitgekoop. Teen Oktober 2011 moes daar al duidelikheid wees oor 2012/13 se begroting. Die Moderamen het besluit (op aanbeveling van die STA) dat hierdie tydelike waarnemende pos vir nog ’n jaar hernu word. Ds Bossie Minnaar is intussen beroep as Saakgelastigde van die NG Kerk in SA (vanaf 1 September 2012) en beklee as sodanig die pos van PSD vir die Diensgroep Ondersteuningsdienste. Die Argief is ’n taakspan binne hierdie diensgroep en ds Minnaar het vir 10% betrokke gebly by die bestuur van die Argief as PSD vir Argief.
**1.5** Gedurende 2014 kom daar ’n verdere ontwikkeling toe daar as gevolg van die struktuurontwikkeling van die Kaapse Sinode ’n nuwe saamgestelde pos van PSD vir Teologiese Navorsing geskep is. Sedert September beklee dr Ben du Toit hierdie pos en is die 10% argief-bestuur van ds Minnaar na dr Du Toit oorgeplaas – as PSD vir Argief. Sy kantoor is sedertdien in die Argief op Stellenbosch.
**1.6** Die Algemene Steunspan vir Argief (ASA) het by sy jongste vergadering dan ook vir dr Du Toit in die plek van ds Minnaar as die Inligtingsbeampte van die NG Kerk aangewys in terme van die Wet op Toegang tot Inligting (Wet 1 van 2000).

## 2. OPDRAG

### 2.1 Beginsels
**2.1.1** Die Argief verrig sy taak om die kollektiewe teologiese geheue van die NG Kerk-familie te bewaar, primêr op ’n teologiese grondslag, maar ook op ’n sekulêr-wetenskaplike wyse. Hierdie arbeid bou die geheue van die kerk uit en stel die kerk in staat om sy funksies op ’n logiese, verantwoordelike en konsekwente wyse voort te sit. Die kerk se argief huisves gevolglik ook die skriftelike en ander getuienisse wat die kerk teen ongeregverdigde aansprake en duur eise beskerm.
**2.1.2** Die versameling, bewaring en gebruik van argief- en museummateriaal beteken die hantering van getuienisse oor die handelinge van God Drie-enig in en deur sy kerk in ’n bepaalde gebied. As dienaar van die kerk het die Argief die taak om hierdie getuienisse deur die dienste van versameling, bewaring, ontsluiting, navorsing en publikasie te verwerk.

### 2.2 Vennote
**2.2.1** Die Algemene Sinode, sewe van die tien sinodes, die VGKSA en enkele ander instansies koop sedert 1 September 2011 ’n argiefdiens by die NG Kerk in Suid-Afrika. Alhoewel hierdie sinodes nie meer vir die bestuur van die Argief verantwoordelik is nie, het hulle as “kliënte” direkte inspraak in die diens wat aan die betrokke sinode of instansie gelewer word.
**2.2.2** Die sinodes se rekeninge word bepaal deur die aantal rakke wat elke sinode in die kluis benut. Daar is tans 3,3 kilometer argivalia in die twee kluise. Teen R635,00 per meter per jaar, kry die Argief ’n inkomste van R2,2 miljoen. Huur van die Argief en die klimaatbeheerde kluise (R772 000 – 35%) en salarisse (R1 294 784 – 59%) vorm 94% van die Argief se totale uitgawes (R2 204 084).
**2.2.3** Dit is betekenisvol dat die argivalia in die Argief sedert 2011 met sowat 250 meter gegroei het. Die Oostelike Sinode het intussen besluit om hulle eie argief te begin en het 144,5 meter argivalia kom haal. Die Transvaalse Pensioenfonds kon 102,5 meter se argivalia wat hier gehuisves is, vernietig. Dit was hoofsaaklik jaarverslae en prospektusse van maatskappy waar hulle belê het.

### 2.3 Digitering van registers
**2.3.1** Die Algemene Sinode het in 2011 kennis geneem dat die GSU (*Genealogical Society of Utah*) groot planne het om alle lidmaat- en huweliksregisters in besit van gemeentes te skandeer (AS 2011, 30-31, §3 en H125, §23). Die projek sou in totaal na bewering sowat R140 miljoen vir die GSU gekos het. Die GSU het intussen baie stil geraak oor hierdie projek. Die STA aanvaar dat dié projek voorlopig van die baan is.
**2.3.2** Die “Het Jan Marais Nationale Fonds” se bydraes het gehelp om ook ander argivalia (soos notules) te skandeer. Die geskandeerde argivalia is egter nog nie van veel nut nie. Die Argief het in effek ’n baie duidelike hoë kwaliteit foto (8-11 MB elk) van elke bladsy uit sommige notuleboeke (handgeskrewe, getik en gedruk) en van elke bladsy in die lidmaatregisters. Die teks is egter nie soekbaar nie.

**2.3.3** Die Argief is tans besig met 'n projek om dié foto's so te benoem en te sorteer dat dit makliker is om 'n bepaalde bladsy op te spoor. Die volgende stap (moontlik met die "Het Jan Marais Nationale Fonds" se hulp) is om die foto's na soekbare teks om te skakel.
**2.3.4** Die STA sien digitering (elektroniese ontsluiting) nie as die primêre taak van 'n argief nie. Digitering van dokumente geskied wel soos en wanneer daar 'n spesifieke behoefte aan 'n spesifiek dokument is. Argiefskeppende instansies word egter wel versoek om – benewens die hardekopie – ook 'n digitale weergawe van die dokument aan die Argief te voorsien.
**2.3.5** Met die vestiging van die pos van PSD Teologiese Navorsing in die Argief (as PSD vir Argief), word die Argief nou meer as ooit voorheen die fokuspunt vir alle navrae van leerstellige en aktuele sake. Nie alleen bring die PSD vir Teologiese Navorsing saam met hom 'n uitgebreide databasis van teologiese navrae oor meer as tien jaar saam nie, maar word die elektroniese ontsluiting van die notuleboeke (waarin talle teologiese navorsingsverslae verskyn) van AKLAS/ATLAS en SKLAS/ STLAS sedert 1962 nou in die vooruitsig gestel.

**2.4 Vloer**
**2.4.1** Daar is vir jare gekla (en gespot) oor die Argief se groot kluis se "spookrakke". Die rakke het soms vanself begin beweeg en soms geweier om te beweeg. Verskillende "kenners" het kom kyk en allerlei menings gegee – onder andere 'n onstabiele watertafel!
**2.4.2** Uiteindelik het mnr Dirk van Niekerk (die Wes-Kaap se voorsitter van die Sinodale Taakspan vir Eiendomme) oortuigend gewys dat die probleem in die golwende spore lê.
**2.4.3** Die eienaar van die gebou (die NG Kerk in SA) het uiteindelik besluit om die saak met die oorspronklike boukontrakteur op te neem. Die uiteinde van die saak was dat die hele kluis ontruim moes word en die spore uitgekap en weer gelê moes word. Hierdie keer is 'n baie harde epoksie as basis vir die spore gebruik. Die rakke en argivalia is weer teruggeplaas. Terselfdertyd kon die versamelings beter georganiseer word. Die rakke werk tans steeds honderd persent.

**2.5 Webblad**
**2.5.1** Die Argief het op 1 Desember 2011 'n eie webblad begin: **http://kerkargief.co.za.** Die webblad word druk besoek. Dit bring enersyds verligting aan die argiefpersoneel, want heelwat tipiese navrae kan deur die webblad hanteer word. Dit bring andersyds 'n magdom nuwe navrae. Dit is verstommend hoeveel buitelanders navraag doen. Dit gaan hoofsaaklik om die uitreik van doopseëls (met die oog op allerlei statutêre aansoeke) en genealogie – maar ook heelwat navorsers oor allerlei onderwerpe.

**2.6 Genealogiese navorsing**
**2.6.1** Genealogie is nie die Argief se fokuspunt nie. Die STA besef egter dat die Argief met een van die mees waardevolle genealogiese skatte in Suid-Afrika sit, naamlik ons registers sedert 1665 (die oudste handgeskrewe dokument in die Argief!). Doopregisters is veral waardevol omdat dit geboortedatums en die dopeling se ouers se name bevat. Die registers is egter oud en broos. Dit is doodgewoon onverantwoordelik om navorsers toe te laat om direk met hierdie oorspronklike registers te laat werk. Al die doop-, huwelik- en lidmaatregisters in die Argief is op mikrofiche, mikrofilm of CD geplaas en in Stellenbosch by GISA (Genealogiese Instituut van Suid-Afrika) beskikbaar (www.gisa.org.za).
**2.6.2** In die uitsonderlike geval waar GISA nie oor die nodige inligting beskik nie, of waar die inligting onleesbaar is, kan genealoë die Argief om hulp nader. Hierdie diens is nie deel van die argiefdiens wat gemeentes, sinodes en kerke by die Argief koop nie. Alle genealoë (ook predikante wat suiwer genealogie wil doen), betaal dus vir die genealogiese inligting.
**2.6.3** Die Argief is ook besig met 'n ondersoek na die moontlikheid om die mikrofiche en mikrofilm na digitale beelde te omskep. Saam met 'n goeie indeks kan dit soektogte baie vergemaklik.

## 3. PERSONEEL

**3.1** Die Argief se personeel het in 2014 onverwags taamlik verander: **mev Marsha Conning** (Argiefbeampte) se eggenoot het 'n betrekking in Gauteng aanvaar. Sy het besluit om hom te volg. Mev Conning het op 1 Junie 2004 by die Argief begin werk. Met haar diensbeëindiging op 31 Augustus 2014 het sy dus net meer as tien jaar vir die Argief gewerk. Mev Conning was vir baie die "gesig" van die Argief, want dit is sy wat die besoekers en navorsers so vriendelik ontvang het en die telefoon beantwoord het. Die VGKSA-versameling was ook haar verantwoordelikheid.
**3.2** Daar is reeds in die inleiding gewag gemaak van die skepping van 'n nuwe saamgestelde pos van 'n Predikant in Sinodale Diens (PSD) vir Teologiese Navorsing. **Dr Ben du Toit** vul hierdie pos vanaf 1 September 2014. Hierdie pos kombineer voorlopig die werksaamhede van die Sinodale Taakspan vir Leer en Aktuele Sake en die parlementêre lessenaar (met 'n 25% aandeel deur die Algemene Sinode) en die Argief. Slegs 10% van sy pakket word deur die Argief gedra (net soos dit die geval was met sy voorganger, ds Bossie Minnaar). Met die soek na 'n geskikte kandidaat om Marsha se pos te vul, is die behoefte van administratiewe en navorsingshulp vir dr Du Toit ook in ag geneem.
**3.3 Mev Karen Minnaar** het op 1 Januarie 2015 in hierdie gekombineerde pos begin. Die direkte hulp aan die PSD word op 30% van die pos bereken. Die Argief dra dus net 70% van Karen se pos by.
**3.4** Daar was gedurende 2014 taamlik gereeld gesprekke met die Vrystaat. Die moontlikheid is ondersoek om hulle argief ook na Stellenbosch te skuif. Dit het ook die moontlikheid ingesluit om die Vrystaat se argivaris in diens te neem. Baie somme

is gemaak en baie scenario's is bespreek. Einde 2014 is die boodskap finaal ontvang dat die Vrystaat hulle eie argief wil bou. Die Wes-Kaap se Moderamen het in hierdie onseker tyd besluit om **mev Marlene Schoeman** (huidige hoofargivaris) vir nog 'n jaar te kontrakteer (tot 29 Februarie 2016).

**Voorsitter: Ds Albé Theunissen**
**PSD Teologiese Navorsing: Dr Ben du Toit**

PSD Teologiese Navorsing (ingesluit die Argief) – Ben du Toit | bendutoit@kaapkerk.co.za | 021 882 9923
Hoofargivaris – Marlene Schoeman | marlene@kaapkerk.co.za | 021 882 9923 | 083 306 9947
Senior Argivaris – Alta Vrey | alta@kaapkerk.co.za) | 021 882 9923
Argivaris – Susan Marais | susan@kaapkerk.co.za) | 021 882 9923
Argivaris – Angeline Brooks | angeline@kaapkerk.co.za) | 021 882 9923
Argiefbeampte – Karen Minnaar | karen@kaapkerk.co.za) | 021 882 9923 | 083 409 2945
Algemene Dienswerker – Julia Daniels

## 5.2 Sinodale Taakspan vir Diensverhoudinge (STD)

### 1. INLEIDING

**1.1** In die tydperk voor 1998 is diensverhoudinge volgens Die Kerkorde en sinodale besluite gereël. Toesig oor die beroeping van predikante, tug en vergoeding is deur die ringe en sinodale kommissies hanteer. Sake is dikwels op reaktiewe wyse bedryf en het tot baie dispute en vertroebelde verhoudings gelei. Gemeentes se inspraak was beperk en kundigheid met betrekking tot kerkreg was dun gesaai.
**1.2** Sedert 1994 het die Suid-Afrikaanse arbeidsomgewing ook drasties verander. Veral die wysiging van belangrike wetgewing soos die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995), die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (1997) en die Wet op Diensgelykheid (1998) was groot invloede in die arbeidsomgewing. Die veranderde arbeidsomgewing, nuwe wetgewing en belangrike rigtinggewende hofsake waarby die kerk betrokke was, was inderdaad belangrike invloede wat gelei het tot die sinode se besluite rondom diensverhoudinge. Aangesien dit 'n regsaangeleentheid is, is pionierswerk deur die Algemene Regskommissie (ARK) gedoen (met die koöptering van kundiges uit die arbeidsreg-omgewing).
**1.3** Die totstandkoming van diensverhoudinge kommissies (DVK's) op sinodale vlak en in gemeentes het ook aanvanklik 'n sterk kerkreg en arbeidsreg onderbou gehad. Beide die samestelling van kommissies (mense uit regsprofessie) en sake op die agendas van diensverhoudinge kommissies het 'n regsoriëntasie beklemtoon. Daar is ten tye van die vestiging van DVK's veral klem gelê op sake soos aanstellingsooreenkomste, posbeskrywings en personeelbeleid.
**1.4** As 'n nuwe saak op die agenda van die kerk het diensverhoudinge aanvanklik baie aandag gekry. Sekere gemeentes het ook 'n belangrike rol gespeel om ander gemeentes op 'n praktiese vlak te help. Verskeie oriëntasie- en opleidingsgeleenthede is deur sinodale kommissies gereël. Die daarstelling van 'n handleiding (bestuursgids – 1999) deur die Algemene Kommissie vir Diensverhoudinge (AKDV) op inisiatief van die Wes-Kaap het ook 'n groot bydrae gelewer. Die handleiding is in 2010 hersien en weer beskikbaar gestel.
**1.5** Op gemeentevlak het die DVK's verskillende gestaltes aangeneem. In sommige gemeentes is die DVK gesien as 'n tipe regskommissie, by ander weer as 'n tipe dagbestuur aan wie alle personeellede rapporteer. Daar is vermoedelik ook 'n groot aantal kommissies wat onaktief is of glad nie funksioneer nie.
**1.6** Vanaf 'n werknemer oogpunt beskou was daar baie predikante wat bedreig en blootgestel gevoel het. Die ring en die sinode is in die verlede as 'n beskermingsmeganisme beskou. Vir baie ander het DVK's 'n bron van ondersteuning geword en 'n "omgee-groep" met wie oop gesprekke gevoer kan word oor sake wat in die verlede dikwels nagelaat is. Met die wysiging van die Kerkorde in 2002 het die ring weereens die verantwoordelikheid gekry om beroepe goed te keur en om 'n toesighoudende rol te vervul by die uitdiensstelling van predikante.
**1.7** Daarmee is 'n beter balans gevind tussen die noodsaaklike verwikkelinge op die diensverhoudinge terrein en die unieke roepingsverhouding tussen 'n leraar en 'n bepaalde kerklike werkkring.

### 2. OPDRAG

**2.1 Die STD:**
**2.1.1** bestuur die diensverhoudinge van die sinode en sy werknemers;
**2.1.2** ontwikkel en implementeer 'n personeelbeleid ooreenkomstig die sinode se roeping, beleid en strategie;
**2.1.3** ontwikkel en implementeer alle dienskontrakte van werknemers in diens van die sinode;
**2.1.4** verseker dat daar vir alle personeel duidelike en opgedateerde taakomskrywings en ontwikkelingsplanne is;
**2.1.5** gee uitvoering aan alle diensooreenkomste van werknemers in diens van die sinode;
**2.1.6** evalueer deurlopend die personeelbeleid en die implikasies van die arbeidsreg en die Kerkorde op diensverhoudinge;
**2.1.7** doen aanbevelings oor vergoeding;
**2.1.8** skakel met die Algemene Sinode se Taakspan: Diensverhoudinge;
**2.1.9** is verantwoordelik aan die moderamen;
**2.1.10** verleen advies ten opsigte van diensverhouding aangeleenthede aan gemeentes.

## 3. TAAK VAN DIENSVERHOUDINGE KOMMISSIES (DVK's)

Daar is beslis diegene wat sou wou terugbeweeg na hoe sake voor 1998 bedryf is. Daar is ook die moontlikheid dat DVK's maar net in onbruik kan verval. Daar is egter geen twyfel nie dat indien diensverhoudinge verantwoordelik bestuur word, dit 'n enorme bydrae kan maak tot die doeltreffende bestuur van gemeentes waarbinne personeellede geborge voel en hulle volle potensiaal kan verwesenlik.

Dit is egter baie belangrik dat DVK's verstaan dat hulle funksie 'n ondersteuningsarm is vir die kerkraad (dagbestuur) wat 'n direkte bestuursverantwoordelikheid het. DVK's is dus 'n staffunksie en nie 'n lynfunksie nie. Die kerkraad, deur sy kommissies, bestuur die programme en aktiwiteite van die gemeente.

**3.1 Kritiese fokusareas van DVK's**
Binne hierdie konteks sou DVK's se funksies en take soos volg gesien kan word (onthou dat besluitneming steeds by die kerkraad gesetel is):

**3.1.1 Personeelvoorsiening**
**3.1.1.1** Die bepaling van personeelbehoeftes (taakontleding) en aanbeveling aan kerkraad.
**3.1.1.2** Die werwing en keuring van personeel (voorlegging van kortlys met aanbeveling).
**3.1.1.3** Kommunikasie met aansoekers en onderhandeling van diensooreenkomste.
**3.1.1.4** Die DVK sien ook toe dat kerkordelike bepalings volledig en korrek nagekom word.
**3.1.1.5** Met betrekking tot predikante tree die DVK op as deel van die pre-advies kommissie.

**3.1.2 Organisasiestruktuur**
Deurlopende evaluering van verdeling en koördinering van werk en verseker dat op datum posbeskrywings bygehou word. Die kommissie sien toe dat alle prosesse doeltreffend funksioneer en dat voldoende infrastruktuur bestaan.

**3.1.3 Personeelvergoeding**
Die kommissie kom vergoeding met personeellede ooreen binne die raamwerk van sinodale riglyne en sien toe dat alle voordele binne beleid bestuur word (die kerkraad en finansiële kommissie keur egter steeds aanbevelings goed).

**3.1.4 Personeeladministrasie**
**3.1.4.1** Verseker dat alle personeellede se sake professioneel geadministreer word (aanstellingsooreenkomste, verlofrekords, pensioen, mediese fonds administrasie, ensovoorts).
**3.1.4.2** Die hantering van salarisse word gewoonlik met hulp van finansiële kundiges gedoen. Die burodiens wat deur die Bestuurder: Menslike Hulpbronne by die sinodale kantoor gelewer word, kan ook met groot vrug gebruik word, aangesien die jongste marksyfers daar beskikbaar is.

**3.1.5 Personeelbeleid**
**3.1.5.1** Daarstelling van personeelbeleid (goedkeuring deur kerkraad) en toesig oor korrekte en billike toepassing.
**3.1.5.2** Verseker dat Kerkorde en toepaslike wetgewing korrek nagevolg word.
**3.1.5.3** Interpretasie van beleid en besluite ten opsigte van toepassing.

**3.1.6 Personeelopleiding en -Ontwikkeling**
**3.1.6.1** Bepaal kritiese behoeftes, strukturering van programme en opvolg met betrekking tot implementering.
**3.1.6.2** Ten opsigte van predikante se verdere bedieningsontwikkeling (VBO) sien die DVK toe dat sinodale riglyne uitgevoer word.

**3.1.7 Personeel Ondersteuning**
**3.1.7.1** Aanvullend tot die kerkraad se toesig word omgesien na die welsyn van personeel deur middel van gereelde roetine besoeke/gesprekke. Indien nood bestaan, doen die DVK die nodige aanbevelings of verwys die aangeleentheid na spesialiskundiges.
**3.1.7.2** Met betrekking tot die versorging van predikante, word 'n belangrike bydrae en diens deur die Taakspan vir Predikantebegeleiding (STP) by Communitas gelewer. Hierdie taakspan stel dit ten doel om na die unieke behoeftes van die predikante beroep om te sien.

**3.1.8 Dissiplinêre en Griewe aangeleenthede**
**3.1.8.1** Hantering van alle dissiplinêre aangeleenthede en griewe binne die raamwerk van die Kerkorde en personeelbeleid (**fasiliteer die proses** – dissiplinêre optrede word deur die ring/kerkraad gedoen).
**3.1.8.2** Die DVK tree nie as werkgewer op nie en poog om enige geskille op die vroegste moontlike stadium op te los. Die DVK tree dus nie as besluitnemer op nie, maar begelei beide die Kerkraad en werknemer tydens die dissiplinêre proses. Kerkrade behoort die nodige strukture (bv dagbestuur, kundiges en sinodale struktuur, ensovoorts.) vooraf in plek te stel om met gesag namens die kerkraad dissiplinêre sake af te handel.

**3.1.9 Doeltreffende bestuursprosesse**
**3.1.9.1** Sien toe dat alle bestuursprosesse en stelsels doeltreffend funksioneer.
**3.1.9.2** Tree as fasiliteerders op vir prestasiebestuur (uitsetkontraktering, terugvoergesprekke, ensovoorts.).
**3.1.9.3** Verseker doeltreffende kommunikasie (deelnemende bestuur), spanfunksionering en uitlewing van gemeenskaplike waardes.

**3.1.10 Menslike Hulpbronbestuur Strategie**

Lewer strategies insette tot die funksionering van die gemeente en toekomstige beplanning met fokus op Menslike Hulpbronbestuur-aangeleenthede.

**3.2 Samestelling en funksionering**

**3.2.1** Gegewe die taak van DVK's is dit belangrik om te besef dat die kommissie 'n deurlopende rol het om te vervul. Gereelde vergaderings (minstens een keer per kwartaal) behoort gehou te word en spoedeisende sake moet so gou moontlik afgehandel word.

**3.2.2** Die samestelling van die kommissie vereis beslis persone met goeie kommunikasie- en mensvaardighede. Persoon(e) met praktiese kennis en ervaring van personeelbestuur (of ten minste algemene bestuur) is noodsaaklik. Spesialis kennis (bv opleiding, arbeidsreg, ensovoorts) sou as aanbeveling dien. Hierdie kennis kan egter van konsultante, opleidingsinrigtings en sinodale kantore (buro-diens) bekom word, soos en wanneer nodig. Persone met wysheid, met die gawe om verhoudings te bou en om met liefde om te sien na die personeel is nodig.

**3.2.3** Predikante en ander personeellede kan in DVK dien, maar moet onttrek wanneer sake van persoonlike aard van personeel, bespreek word.

**3.3 Die toekoms van DVK's**

**3.3.1** Indien daar aanvaar word dat gemeentes meer verantwoordelikheid neem vir hul eie funksionering, sal die professionele bedryf van diensverhoudinge 'n al hoe belangriker element van gemeentebestuur word.

**3.3.2** Die rol van ringe en sinodes as adviseurs en diensverskaffers aan gemeentes, sal ook waarskynlik 'n realiteit word. Sinodale strukture (sinode/ring) sal al hoe belangriker dienssentrums word wat kundigheid (spesialis dienste) voorsien aan gemeentelike kommissies wat nie altyd toegang het tot kundigheid nie. Sodoende sal STD se droom (visie) om ondersteuning aan die breër kerk en gemeentes te gee, meer tot sy reg kom en dienste ooreenkomstig lewer.

## 4. VISIE, VERBINTENIS EN PRIORITEITE VAN DIE STD

Die STD het in dié termyn baie sterk gefokus om hulp en advies aan diensgroepe/taakspanne, ringe en veral gemeentes ten opsigte van diensverhoudinge te verskaf. Enkele aspekte teen die agtergrond van die Sinode se roeping, word kortliks uitgelig.

**4.1 Menslike Hulpbron Diensburo**

**4.1.1** In die kantoor van die Saakgelastigde is 'n adviesburo ten opsigte van Diensverhoudinge gevestig. Die funksie van die diensburo is om gemeentes en ringe van advies te voorsien, hetsy dit oor posbeskrywings, dienskontrakte, personeelbeleid, diensbeëindigings handel of enige aspek van menslike hulpbronbestuur en al die kritiese prestasie areas soos in die Bestuursgids vir Diensverhoudinge uiteengesit.

**4.1.2** Die Diensburo lewer 'n omvattende diens aan gemeentes en veral aan die plaaslike DVK's. Die fokus is en bly om by meer gemeentes betrokke te raak en nog meer ondersteunend (pro-aktief) by gemeentes op te tree.

**4.2 Hersiene Bestuursgids vir Diensverhoudinge**

**4.2.1** Die Hersiene Bestuursgids vir Diensverhoudinge is in April 2010 op die Kerk se webwerf gepubliseer.

**4.2.2** Kerkrade word daagliks gekonfronteer met allerlei praktiese en statutêre reëlings wat uit die diensverhoudinge spruit. Met die hersiene bestuursgids vir diensverhoudinge word gepoog om hulp aan te bied om die diensverhoudings meer effektief te maak.

**4.2.3** Die bestuursgids is beskikbaar by:
http://ngkerk.org.za/wp/index.php/predikante-hulpmiddels/ óf
http://www.kaapkerk.co.za/wp/index.php/dokumente/amptelike-dokumente/

**4.3 Riglyn vergoedingskaal vir personeel in diens by kerkkantore**

Daar word jaarliks 'n vergoedingskaal vir kerkkantoor personeel by gemeentes beskikbaar gestel. Heelwat navrae hiervoor is ook van ander sinodes ontvang. Die Oos-Kaap Sinode is nou ook belanghebber sowel as 'n bydraer hierby, wat minstens die kostes van die markondersoeke meer bekostigbaar maak. Gesprekke met ander streeksinodes is deurlopend aan die gang.

**4.4 Toerusting en Begeleiding van Gemeentes se DVK's**

Inligting oor samestelling, taak en opdrag van DVK's is aan gemeentes beskikbaar gestel en is op verdere aanvraag beskikbaar. Besoeke aan gemeentes is op hul versoek uitgevoer. Dit bied die geleentheid om goeie toeligting oor diensverhoudinge te doen. Die belangrikheid van pro-aktiewe hulp, ondersteuning en toeligting aan gemeentes/ringe word beklemtoon.

**4.5 Personeelbeleid**

**4.5.1** 'n Personeelbeleid van die Sinode is in 1999 goedgekeur en word van tyd tot tyd hersien na gelang van omstandighede en wysigings in die Kerkorde en Arbeidswetgewing.

**4.5.2** Die personeelbeleid se bepaling rakende kraamverlof vir amptenare is onlangs aangepas en belyn met die Kerkorde. Volle lewensonderhoud en toelaes (TKVI) word vir 'n minimum tydperk van 10 weke betaal. Die restant is onderhandelbaar.

**4.6 Eksterne Kundige Lede**

**4.6.1** Die STD is dankbaar en bevoorreg om die kundigheid en tyd van eksterne kundige lede as vrywilligers binne die sinode gebied te gebruik.

**4.6.2** Die volgende lidmate van ons kerk, met spesialis kennis op die menslike hulpbron terrein, het hul kundigheid beskikbaar gestel om die kerk te

ondersteun in toepaslike dissiplines: mnr Jurie Swart, mnr Johan Benade en mnr Marius Basson

**4.6.3** Al die persone speel 'n belangrike rol om die Diensburo saam met die restant van die lede van die taakspan ook meer toeganklik te maak.

**4.7 Bestuur van verlof**

Die Diensburo het kennis geneem dat daar verskeie gemeentes is wat toelaat dat hul leraars en amptenare se verlof akkumuleer tot meer as die maksimum toelaatbaar. Hierdie praktyk kan groot finansiële uitgawes vir die kerkraad inhou. Die aspek moet deurlopend aangespreek word deur kerkrade en ander kerklike werkgewers. Die wysigings in die Kerkorde (2013) het die aspek ook aangespreek.

**4.8 Bestuur van Personeeluitgawes**

Elke moontlike geleentheid wat by wyse van natuurlike bedankings ontstaan, word benut om die personeelstrukture van die betrokke taakspan te ondersoek. Waar poste weer gevul is, is dit gedoen dienooreenkomstig die strategie van die betrokke taakspan. Herstrukturering van werksaamhede vind deurlopend plaas, wat aanpas by die veranderde operasionele vereistes. Aansienlike besparings is bewerkstellig.

**4.9 Uitdagings**

Die uitdaging vir die STD is om plaaslike DVK's verder te bemagtig om hul rol te verstaan en sodanig uit te leef. Dit is en bly belangrik dat DVK's verstaan dat hulle funksie 'n ondersteuningsarm is vir die Kerkraad en dat slegs laasgenoemde 'n direkte bestuursverantwoordelikheid het.

**4.10 Navrae**

Bestuurder: Menslike Hulpbronne – Kenny Raats kraats@kaapkerk.co.za of 021 957 7104

**Voorsitter: Dr Quintus Heine**
**Bestuurder Menslike Hulpbronne: Kenny Raats**

## 5.3 Sinodale Taakspan vir Eiendomme (STE)

**1. TAAK**

**1.1** Die Sinodale Taakspan vir Eiendomme (STE) se taak is om as betroubare rentmeester uitvoering te gee aan die Sinode se roeping en besluite met betrekking tot al die eiendomme wat in die naam van die NG Kerk in SA geregistreer is.

**2. OPDRAG**

**2.1** Die STE se opdrag is as volg:

**2.1.1** Die STE sien toe dat die instandhouding van alle eiendomme na behore geskied.

**2.1.2** Die STE sien toe dat alle eiendomme na behore verseker is en kontroleer jaarliks dat sodanige versekering aangepas word.

**2.1.3** Die STE sorg dat gebruik en huurooreenkomste behoorlik opgestel, bekragtig en uitgevoer word.

**2.1.4** Die STE doen aanbevelings aan die STFA en die moderamen oor die koop en verkoop van eiendomme.

**2.1.5** Die STE bepaal riglyne vir, en maak aanbevelings aan die moderamen/sinode oor ontwikkeling en strukturele veranderings met betrekking tot die geboue en ander strukture van NG Kerk in SA (Wes-en-Suid-Kaapland).

**3. WERKSAAMHEDE**

**3.1** Die STE het 'n volledige oudit van alle eiendomme gedoen en 'n liasseerstelsel ontwikkel ten einde te verseker dat elke eiendom se transportakte en gebruiksooreenkomste netjies liasseer is. Die Sinode besit 78 eiendomme met 'n versekerde waarde van meer as R2 miljard (R2 135 901 149,00 op 31 Desember 2014).

**3.2** Die STE het die koop en verkoop van die volgende eiendomme gefasiliteer. Die bekragtiging is telkens deur die Moderamen gedoen:

**3.2.1** Sanddrift Plase, Prieska, vir die bedrag van R27 510 000,00 aan Temdale Boerdery (Edms Bpk). Die registrasie het op 5 Julie 2013 plaasgevind. Kragtens die testament word die geld aan die Kuratorium toevertrou vir die opleiding van predikante.

**3.2.2** Glen Almond Annex No 89, distrik Barkly-Oos, vir die bedrag van R9 000,00 aan mnr Pretorius. Die koopsom is oorbetaal aan die Sinode van Oos-Kaapland se Sinodale Bystandfonds. Die registrasie het op 6 September 2013 plaasgevind.

**3.2.3** Die NG Kerksentrum te De Langestraat, Bellville, is vanaf die Goeie Hoop Behuisingsmaatskappy na die NG Kerk in SA oorgedra vir R1 (een rand). Registrasie het op 13 November 2014 plaasgevind. Die NG Kerk in SA het hiermee saam ook die GHBM se lening (R18 223 718,00) afgeskryf. Die NG Kerksentrum se vervangingswaarde is in Februarie 2013 vasgestel op R24,4 miljoen. Die gebou is tans vir R33,6 miljoen verseker.

**3.3** Die STE is tans besig om behulpsaam te wees met die opgradering en herstelwerk van eiendomme, onder die bestuur van ander taakspanne.

**3.4** Die STE het gedurende die afgelope termyn indringende gesprekke met die Nasionale Instituut vir Dowes (NID) gehad oor die moontlikheid om die NG Kerk in SA se eiendomme, soos gebruik deur die NID, aan die NID oor te dra. Dit het egter geblyk dat die oordrag van die eiendom aan die NID nie noodsaaklik is nie.

**Voorsitter: Dirk van Niekerk**
**Bestuurder Eiendomme: Kobie van Jaarsveld**

# 5.4 Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie (STFA)

## 1. INLEIDING

### 1.1 Opdragte van die STFA

Volgens Reglement 16 het die STFA die volgende taak:
4.1 Die bestuur en beplanning van die administrasie van die Sinode.
4.2 Die administrasie en bestuur van fondse, finansies, goedere en eiendomme van die Sinode wat behartig word deur die kerkkantoor onder leiding van die Saakgelastigde.
4.3 Die uitvoering van die bepalinge van Reglemente vir Kerklike Fondse.
4.4 Die bestuur van kerklike goedere van kerkrade en ringe volgens Reglemente vir Beheer van Kerklike Goedere en Regsverteenwoordiging.
4.5 Die hantering van alle regsgedinge, of prosesse van geregtelike aard, in samewerking met die STR, namens die Sinode en diensgroepe/taakspanne van die Sinode.
4.6 Die nodige skakeling met ringe en kerkrade asook met ander sinodes en die Algemene Sinode.
4.7 Die finansiële beplanning en strategie van die Sinode.
4.8 Die bestuur van die Sinode se fondse sodat die roeping van die Sinode prioriteit geniet.
4.9 Die bestuur van die Sinode se fondse sodat gemeentes, diensgroepe en taakspanne in staat gestel word om hulle roeping uit te leef.
4.10 Doen verslag aan die Sinode/Moderamen van bogenoemde take.

## 2. INLIGTING

### 2.1 Personeel in die Kerkkantoor

Die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie se personeel het nie in die afgelope vier jaar verander nie. Elodie van der Walt se pos het van 'n 5/8ste pos na 'n 4/8ste pos verminder op 1 Maart 2015.

| Naam | Verantwoordelikheid | Telefoon | E-pos |
|---|---|---|---|
| Bossie Minnaar | Saakgelastigde (50%) en Hoofbeampte van die Predikante Pensioenfonds (50%) | 021 957 7104 | bossie@kaapkerk.co.za |
| Kenny Raats | Bestuurder: Menslike Hulpbronne en Hoofbeampte van die Amptenare Pensioen- en Voorsorgfondse. | 021 957 7104 | kraats@kaapkerk.co.za |
| Annerina Viljoen | Bestuurder: Finansies | 021 957 7108 | aviljoen@kaapkerk.co.za |
| Elmien Theron | Persoonlike Assistent | 021 957 7104 | ngkadmin@kaapkerk.co.za |
| Ingrid van Eck | Rekenmeester: Salarisse en Studiebeurse | 021 957 7107 | ivaneck@kaapkerk.co.za |
| Hannelie Strydom | Rekenkundige Beampte: Sinodale Aandeel, Deuroffers en Verbandlenings | 021 957 7111 | hstrydom@kaapkerk.co.za |
| Christine Lombard | Administratiewe Beampte: Medies | 021 957 7106 | medies@kaapkerk.co.za |
| Stephanie van der Merwe | Rekenmeester: Predikante Pensioenfonds (5/8 pos) | 021 957 7116 | svdmerwe@kaapkerk.co.za |
| Elodie van der Walt | Administratiewe Beampte: Predikante Pensioenfonds (4/8 pos) | 021 957 7115 | pensioen@kaapkerk.co.za |

### 2.2 Sinodale Aandeel

**2.2.1** Artikel 35.4 van die Kerkorde (Kerkorde 2013) magtig die gebruik vir 'n sinode om 'n formule te bepaal waarvolgens elke gemeente 'n bydrae tot die spesifieke sinode se fondse maak. Die sinode in sitting (dit wil sê afgevaardigdes van gemeentes – Artikel 33) besluit van tyd tot tyd oor die formule. Die besluit van die Sinode is bindend (Artikel 23). Gemeentes het nie 'n opsie om te besluit of hulle 'n bydrae wil maak of nie. Kragtens die feit dat die gemeente 'n "Nederduitse Gereformeerde Gemeente" is, is die gemeente gebind aan die besluit van die Sinode. Die huidige formule van die NG Kerk in SA is in 2007 aanvaar. Die voordeel van die formule is dat dit konsekwent vir alle gemeentes toegepas kan word en oorwegend as 'n billike formule aanvaar word. Die persentasie van gemeentes se gesamentlike inkomste wat vir sinodale aandeel gegee word, was in 1991 8,8%. In 1999 was dit 6,4% en in 2011 was dit 5,8%. Op 28 Februarie 2014 was gemeentes se totale inkomste R443 331 532. Die sinodale aandeel beloop R23 944 855. Dit is 5,4%.

| | |
|---|---|
| 1991 | 8,8% |
| 1999 | 6,4% |
| 2011 | 5,8% |
| 2015 | 5,4% |

**2.2.2** Sinodale aandeel word op 'n gemeente se inkomste (soos gereflekteer in die geouditeerde finansiële state) bereken. Die Sinode verhoog nie 'n gemeente se sinodale aandeel nie. 'n Gemeente se sinodale aandeel styg omdat die gemeente se inkomste styg. Gemeentes se werklike inkomste in Jaar A (byvoorbeeld van 01/03/2013 tot 29/02/2014) word gebruik om hulle sinodale aandeel te bereken vir Jaar C

(volgens die voorbeeld dus vir 01/03/2015 tot 29/02/2016). Die somtotaal van die 229 gemeentes in die sinodale gebied se sinodale aandeel kan dus iewers in Jaar B (volgens die voorbeeld dus ongeveer in Oktober 2014) bereken word. Dit kan gedoen word sodra al die gemeentes se finansiële state ontvang is. Hierdie somtotaal (van die berekende sinodale aandeel) is die begroting vir die Sinode vir 01/03/2015 tot 29/02/2016. Gemeente sowel as die Sinode kan dus vanaf ongeveer Oktober 2014 vir die finansiële jaar van 01/03/2015 tot 29/02/2016 begin begroot.

**2.2.3** Die formule vir sinodale aandeel is as volg: Van die gemeente se totale inkomste (soos in die geouditeerde finansiële state se inkomstestaat aangetoon) word die volgende bedrae afgetrek ten einde die netto inkomste te bereken waarop sinodale aandeel aangeslaan word:

- Spesiale en sinodale offergawes (met ander woorde: geld vir ander opgeneem en oorbetaal).
- Testamentêre bemakings.
- Wins met die verkoop van bates.
- Versekeringseise wat uitbetaal is.
- Hulp ontvang (van ander gemeentes, die ring of die Sinode).
- Die totale uitgawes ten opsigte van gemeentelike dienswerk (tans die totale uitgawes soos aangetoon by bylaag 4.17 in die geouditeerde finansiële state). Deur die volle uitgawes ten opsigte van gemeentelike dienswerk as ’n aftrekking toe te laat, bevestig die Sinode sy verbintenis tot missionaliteit. Hierdie aftrekking word maklik verstaan (deur beide die gemeentes én die ouditeure). Dit maak die berekening van die sinodale aandeel heelwat makliker.


**2.2.4** Sinodale aandeel word volgens hierdie netto inkomste met behulp van ’n skaal bereken. Die skaal wat gebruik word om die sinodale aandeel te bereken vir 1 Maart 2015 tot 29 Februarie 2016 is as volg:

| | |
|---|---|
| Minder as R485 100,00 | 1% van die bedrag |
| R485 100,01 tot R727 650,00 | R4 851,00 plus 6% van die deel wat meer as R485 100,00 is |
| R727 650,01 tot R1 212 750,00 | R19 404,00 plus 9% van die deel wat meer as R727 650,00 is |
| Meer as R1 212 750,00 | R63 063,00plus 10% van die deel wat meer as R1 212 750,00 is |

**2.2.5** Die Sinode het vanaf 2011 die tabel telkens aangepas om voorsiening te maak vir “blokbekruiping”. Dit beteken dat ’n gemeente met ’n inkomste van presies R1 miljoen se sinodale aandeel vanaf 2011 as volg sou gedaal het: R52 000 (2011), R48 200 (2012), R46 110 (2013) en R43 915 (2014). Die rasionaal is dat die klein gemeentes (met ’n inkomste van minder as R485 100) slegs 1% van hulle inkomste aan sinodale aandeel verskuldig is. Hierdie syfer is jaarliks verhoog: R400 000 (2011), R440 000 (2012); R462 000 (2013) en R485 100 (2014).

## 2.3 Begroting

**2.3.1** Die Sinode se begroting in 2007 verander van “uitgawe-bepaalde” begroting na ’n “inkomste-bepaalde” begroting. Met die “uitgawe-bepaalde” begroting het elke diensgroep hulle behoeftes gestel en die Sinode het die begroting daarvoor goedgekeur. Die geldwaarde is dan “eweredig” volgens die “eweredige bydrae formule” tussen gemeentes verdeel. Nou werk dit anders om. Sinodale aandeel word bereken op gemeentes se werklike inkomste. Hierdie berekende sinodale aandeel word afgerond en dan aan diensgroepe toegesê volgens die verhouding (persentasie) soos deur die Sinode bepaal. Diensgroepe se uitgawes moet binne die beskikbare bedrag hanteer word.



Die grafiek word as volg gelees: Die blou blokke se skaal word links in miljoene rand gelees. Die rooi lyn (die boonste lyn) se skaal word regs gelees. Dit dui aan met hoeveel persent die sinodale aandeel totaal gestyg het (5% vir 2016 se begroting). Die groen lyn wys die persentasie waarmee gemeentes se totale netto inkomste (soos gebruik vir die berekening van sinodale aandeel) gestyg het. Die grafiek illustreer dus die beginsel dat die sinode se begroting direk verband hou met gemeentes se inkomste.

**2.3.2** Die Sinode het op ’n persentasie besluit waarvolgens sinodale aandeel tussen diensgroepe verdeel word. Die Moderamen het, op aanbeveling van die Ad Hoc-Taakspan vir Struktuurontwikkeling, enkele skuiwe in diensgroepe gemaak. Voorbeelde: Nuwe PSD-pos vir Publieke Getuienis, voldagpos vir PSD: Armoede en Sorg, ensovoorts. Hierdie skuiwe het die goedgekeurde persentasies effens gewysig. LET WEL: Die STFA het nie die persentasies gewysig nie. Die STFA het bloot die Moderamen se wysigings na die persentasies deurgevoer. Die volgende tabel wys die persentasies en die bedrae betrokke soos vir 1 Maart 2015 tot 29 Februarie 2016.

| Diensgroep | 2015 se bedrag | % | 2016 se bedrag |
|---|---:|---:|---:|
| Barmhartigheid | 4 818 000,00 | 20,0% | 4 620 000,00 |
| Gemeentes | 4 686 000,00 | 19,0% | 4 389 000,00 |
| Getuienis | 6 567 000,00 | 29,0% | 6 699 000,00 |
| Toerusting | 1 650 000,00 | 8,0% | 1 848 000,00 |
| Ondersteuning | 2 354 000,00 | 12,0% | 2 772 000,00 |
| Verbandsake | 1 925 000,00 | 12,0% | 2 772 000,00 |
| **Totaal** | **22 000 000,00** | **100,0%** | **23 100 000,00** |

Verbandsake is die Moderatuur, Moderamen, Sinode en Algemene Sinode se uitgawes en die bydrae (3% van sinodale aandeel) wat na die VGKSA gaan. Barmhartigheid se deel sluit die 10% van sinodale aandeel (R2,31 miljoen) aan Badisa in.

**2.4 Finansiële State**

**2.4.1** Die volle finansiële state van alle sinodale fondse word nie in die agenda opgeneem nie. Die state is deur die STFA goedgekeur en is beskikbaar vir enige afgevaardigde wat daarin insae wil hê. Bylaag 1 bevat die Balansstaat (Gekonsolideerde Staat van Finansiële Stand), Inkomstestaat, Inkomstestaat van Taakspanne se Bedryfsrekeninge en die Staat van Fondse.

**2.4.2** Die ouditeure (PricewaterhouseCoopers) kon in die reses elke jaar ’n ongekwalifiseerde ouditverslag uitreik oor die finansiële toestand en die bestuur van die onderskeie fondse onder beheer van die Saakgelastigde se kantoor. Samewerking met die ouditeure is goed en ouditkostes word beperk deurdat die finansiële state deur die finansiële bestuurder (mev Annerina Viljoen) opgestel word.

**2.4.3** Finansiële state van inrigtings. Ooreenkomstig Reglement 18: 1.5 ontvang die Saakgelastigde jaarliks geouditeerde state van instansies soos die Goeie Hoop Behuisingsmaatskappy (GHBM), die NID (Nasionale Instituut vir Dowes), Badisa en Straatwerk.

**2.5 Sinodesitting**

**2.5.1** Die koste van ’n sinodesitting word befonds uit sinodale aandeel (ongeveer 1,8%). Hierdie heffing word in ’n Sinodale Reserwe geplaas sodat daar in die jaar van ’n sinodesitting genoeg fondse in die reserwe is om die sinodesitting te befonds. Gemeentes betaal dus nie ’n spesiale heffing vir die sinodesitting nie.

**2.5.2** Meegaande tabel toon die styging in koste van ’n sinodesitting. Die persentasie toename is die toename oor vier jaar. Die 29% styging van 2011 na 2015 is inflasieverwant (7%) as dit per jaar bereken word.

| Jaar | Koste | % |
|---|---:|---:|
| 1999 | 1 013 180 | |
| 2003 | 1 181 820 | 17% |
| 2007 | 1 198 595 | 1% |
| 2011 | 1 763 736 | 47% |
| 2015 | 2 272 594 | 29% |

**2.5.3** Die betaling van daggeld is reeds in 2003 gestaak, aangesien verblyf en maaltye verskaf word. Reiskoste word vir een heen- en terugreis per gemeente bereken volgens die standaard reiskoste toelae (R2,50 per kilometer vir ontvangers van ’n reistoelaag en R3,00 per kilometer vir ander). Waar daar vier of meer afgevaardigdes per gemeente is, word reiskoste vir een motor per vier afgevaardigdes betaal.

**2.5.4** Daar was op 28 Februarie 2014 (volgens die Vorm vir Kerklike Statistiek) 196 334 belydende lidmate in Wes-en-Suid-Kaapland. Dit beteken dat 2015 se sinodesitting R2,81 per lidmaat per jaar kos. Dit is 23 sent per dag.

**2.5.5** Donasies van die volgende instansies word met dank erken: ABSA Konsultante en Aktuarisse: R20 000,00; Alexander Forbes: R25 000,00; PricewaterhouseCoopers: R8 000,00 en Protektum Makelaars: R20 000,00. Die Bybelgenootskap skenk die sinodetasse..

**2.6 Algemene Sinode**

**2.6.1** Die Algemene Sinode se begroting is ook inkomste-bepaald. Elke sinode se deel beloop 0,28% (voorheen 0,3%) van die totaal van die gemeentes se lopende inkomste.

**2.6.2** Wes-en-Suid-Kaapland se vennootskap met die Algemene Sinode (ons Kerkverband) beloop vir hierdie jaar (1 Maart 2015 tot 29 Februarie 2016) R1 041 556 uit 'n begroting van R4 487 768.

**2.6.3** Die Algemene Sinode se totale begroting word uit die opbrengs van reserwes aangevul. Meegaande tabel toon ook die ander sinodes se bydraes.

| Sinode | Lopende Inkomste 2014 | Aanslag 2016 | % |
|---|---|---|---|
| WK | 371 984 367 | 1 041 556 | 23% |
| OK | 103 954 981 | 291 074 | 6% |
| NK | 81 473 855 | 228 127 | 5% |
| KN | 60 459 156 | 169 286 | 4% |
| VS | 214 691 932 | 601 137 | 13% |
| WT | 151 495 553 | 424 188 | 9% |
| NS | 183 015 372 | 512 443 | 11% |
| HS | 176 061 226 | 492 971 | 11% |
| OS | 212 388 068 | 594 687 | 13% |
| Nam | 47 249 636 | 132 299 | 3% |
| **Totaal** | **1 602 774 146** | **4 487 768** | |

## 2.7 Beleggings

**2.7.1** Die NG Kerk in SA se beleggings word deur 'n Beleggingskomitee van die STFA bestuur. Die Beleggingskomitee word saamgestel uit kundiges en bestaan tans uit die volgende persone: Mnre Stephan Pretorius (Voorsitter), Christo Meyer, Johan de Villiers en Eugene Goosen. Die Saakgelastigde (ds Bossie Minnaar), die Bestuurder: Finansies (mev Annerina Viljoen) en die ondervoorsitter van die STFA (ds Callie Visagie) is ook deel van die Beleggingskomitee. Novare Konsultante en Aktuarisse lewer 'n bestuurs- en konsultasiediens aan die Beleggingskomitee.

**2.7.2** Die beleggingsportefeulje bestaan grootliks uit testamentêre nalatenskappe van lidmate waarvan die opbrengs vir 'n spesifieke doel aangewend moet word; die opbrengs van die balans van die kerksentrum nadat die koste van die nuwe argief te Stellenbosch betaal is en algemene reserwes wat deur al die jare opgebou is.

**2.7.3 Algemene Portefeulje**

Die algemene portefeulje is gestruktureer om 'n opbrengs van die verbruikersprysindeks (VPI) plus 3% oor 'n rollende periode van drie jaar op te lewer. Die gemiddelde opbrengs van hierdie fonds was oor die afgelope vyf jaar (sestig maande) 13,5% per jaar. Die maatstaf was 8,4%. Die Beleggingskomitee se goedgekeurde beleggingstrategie plaas 45% van die fonds is Suid-Afrikaanse aandele en 15% in internasionale aandele.
Die Beleggingskomitee het egter 'n mandaat om die bate allokasie van tyd tot tyd te wysig aan die hand van heersende marktendense. Op 28 Februarie 2015 was daar byvoorbeeld net 36,9% van die fonds in Suid-Afrikaanse aandele, maar 21,8% in internasionale aandele.

**2.7.4 Groei Portefeulje**

Die doel van die groei portefeulje is om kapitaal op 'n lang termyn te laat groei. Dit is nie bedoel vir gereelde ontrekkings nie. Die portefeulje kan op kort termyn baie fluktueer en negatiewe groei toon. Die groei portefeulje is gestruktureer om 'n opbrengs van die verbruikersprysindeks (VPI) plus 4,25% oor 'n rollende periode van ses jaar op te lewer. Die gemiddelde opbrengs van hierdie fonds was oor die afgelope vyf jaar (sestig maande) 14,6% per jaar. Die maatstaf was 10,2%. Die Beleggingskomitee se goedgekeurde beleggingstrategie plaas 60% van die fonds in Suid-Afrikaanse aandele en 20% in internasionale aandele. Die Beleggingskomitee het egter 'n mandaat om die bate allokasie van tyd tot tyd te wysig aan die hand van heersende marktendense. Op 28 Februarie 2015 was daar byvoorbeeld net 58% van die fonds in Suid-Afrikaanse aandele, maar 23,8% in internasionale aandele.

| Belegging | 1 Maart | Kontantvloei | Opbrengs | 28 Feb 2015 |
|---|---|---|---|---|
| Groei beleggings | 20 000 030 | 0 | 2 354 114 | 22 354 144 |
| Algemene beleggings | 197 837 830 | (2 500 000) | 24 856 914 | 220 194 744 |
| Verbande | 20 181 090 | (16 359 807) | 359 170 | 4 180 453 |
| JJ en CGP Cloetefonds | 32 302 436 | 0 | 4 126 577 | 36 429 013 |
| **TOTAAL** | **270 321 386** | **(18 859 807)** | **31 696 775** | **283 158 354** |

**2.8 Sinodale Eiendomme**

**2.8.1 Registrasie en Beheer**

Alle eiendomme van die Sinode en verwante instansies (soos die Institute vir Dowes, Blindes, Jan Kriel, Hugenote Kollege, ens.) is in die naam van die NG Kerk in SA geregistreer. Vir hierdie instansies soos Hugenote Kollege word dit volgens die regsbeginsel van "*herroepbare vergunning (prekaris)"* beskikbaar gestel. *"'n Prekaris is iemand wat 'n saak verniet okkupeer tot wederopsegging toe. Die reg en beheer oor die saak word hom goedgunstelik toegestaan deur die grondeienaar en kan hom deur willekeurige optrede weer ontneem word. Hy oefen fisieke beheer oor die saak uit met die bedoeling om voordeel daaruit te trek."*

**2.8.2 Cummingsgebou by Hugenote Kollege**

In 2008 is die Cummingsgebou deur 'n brand verwoes. Volgens bogenoemde regsbeginsel is dit Hugenote Kollege se verantwoordelikheid om die gebou in sy oorspronklike toestand te herstel. Op hierdie stadium was

daar net genoeg geld beskikbaar om die dak, deure en vensters te herstel. Planne word beraam om die binnewerk na behoefte te herstel. Die saak geniet steeds aandag.

**2.9 Vergoeding van leraars**

**2.8.1** Die Algemene Sinode se Steunspan vir Fondse en Bates (ASFB) doen jaarliks navorsing oor die ekonomiese gegewens, marktendense, asook finansiële gegewens en vermoë van al die gemeentes in die NG Kerk. Op grond hiervan word ’n persentasie verhoging as riglyn aan die sinodes aanbeveel waarmee leraars se vergoedingspakket aangepas kan word.

**2.8.2** Die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie (STFA) besorg die riglyne jaarliks in November aan gemeentes vir implementering in die daaropvolgende finansiële jaar. Die Ring is verantwoordelik om jaarliks enige afwykings te kontroleer en met die betrokke kerkrade uit te klaar.

**2.8.3** Gemeentes by wie daar onsekerheid bestaan oor die toepassing van die riglyne is welkom om met Bestuurder: Menslike Hulpbronne (mnr Kenny Raats) te skakel.

**2.8.4** Die jaarlikse verhoging in die salaris op die topkerf word in die meegaande tabel getoon. “2016” beteken die finansiële jaar van 1 Maart 2015 tot 29 Februarie 2016.

| | |
|---|---|
| 2010 | 7% |
| 2011 | 8,5% |
| 2012 | 8,5% |
| 2013 | 4% |
| 2014 | 7% |
| 2015 | 7% |
| 2016 | 8% |

**2.9 Mediese Fonds**

**2.9.1** Die NG Kerk in SA se mediese fonds lidmaatskap is sedert 1 Januarie 2000 by die Discovery Mediese Skema. In die voordeelplanne is daar 19 opsies aan lede beskikbaar. Hiervan behoort 272 lede aan die Kusstreek Spaarder Plan, 87 lede aan die Kusstreek Kern Plan en 51 lede aan die Klassiek Omvattende Plan en die res is versprei tussen die ander 16 planne. Die gemiddelde ouderdom van die groep se lede is 61,6 jaar, wat heelwat hoër as die Discovery Health gemiddelde van 43,7 jaar is. 56,3% van die NG Kerk se lede is tans vir ’n chroniese toestand geregistreer.

**2.9.2** Die Discovery Mediese Skema slaag daarin om die gemiddelde premieverhoging, danksy die benutting van bestuurde gesondheidsorg tot onder die mediese inflasiekoers asook die gemiddeld vir die mark te beperk. Die gemiddelde verhogings word in meegaande tabel uiteengesit. “2015” beteken hier die kalenderjaar van 1 Januarie 2015 tot 31 Desember 2015.

| | |
|---|---|
| 2008 | 9,8% |
| 2009 | 12,8% |
| 2010 | 9,8% |
| 2011 | 7,9% |
| 2012 | 8,9% |
| 2013 | 10,9% |
| 2014 | 8,9% |
| 2015 | 9,7% |

**2.9.3 Status C-onderskrywing**

Die NG Kerk in SA as werkgewergroep het ’n Status C-onderskrywingskorting by die Discovery Mediese Skema. Die voordele van ’n Status C-korting is dat werknemers van die groep nie met wagperiodes (geen dekking binne drie maande of alternatiewelik uitsluiting van dekking vir ’n spesifieke siektetoestand/tipe behandeling vir 12 maande) of laat-aansluitingsboetes belas sal word nie. Die korting is alleen geldig as ’n werknemer binne drie maande van sy datum van indiensname vir lidmaatskap aansoek doen. Gemeentes word versoek om veral by die bevestiging van ’n leraar hiervan kennis te neem, veral as die leraar vanaf ’n ander sinode beroep word.

**2.9.4 Admed Opsie4 Produk: Gapingsdekking versekering**

Die produk is met ingang 1 Januarie 2010 ingefaseer. Admed Opsie4 is ’n korttermyn versekeringsplan wat die verskil tussen die bedrag wat die mediese praktisyns (bv. narkotiseurs, chirurge, ander spesialiste en algemene praktisyns) tydens hospitalisasie hef en die medies se vergoedingstariewe vir gelewerde dienste dek. Dit befonds ook die tekorte wat by sommige buite-pasiënt prosedures mag ontstaan.

**2.9.5 Mediese Komitee**

’n Mediese Komitee bestaande uit ds Monty Sahd (voorsitter), die Saakgelastigde (ds Bossie Minnaar), ds Johan Steyn, mnr Jurie Swart, mnr Kenny Raats en mev C Lombard vergader minstens drie keer per jaar saam met die Gesondheidsorg Konsultante (Alexander Forbes).

**2.10 Finansiële stand van gemeentes**

**2.10.1** Die STFA het die afgelope twee jaar deelgeneem aan die “Stand van Gemeente” se ondersoek. Die STFA het elke gemeente se geouditeerde finansiële state ontleed en volgens ’n stel kriteria as groen, geel of rooi gemerk. Hierdie oefening kon in die tweede jaar aantoon of dit met gemeentes finansieel beter of slegter gaan.

**2.10.2** Die spesifieke kriteria wat gebruik word, word hier onder verduidelik. Die persentasies wys hoe die gemeentes se verspreiding tussen die verskillende kleure lê. Dit is min of meer in derdes verdeel.

**a.** Oorskot of tekort op die Inkomstestaat:

| | 2014 | 2015 | % |
|---|---|---|---|
| Rooi | Tekort groter as R10 000 | Tekort groter as R50 000 | 28% |
| Geel | Tussen – R10 000 en + R10 000 | Tussen – R50 000 en + R50 000 | 36% |
| Groen | Oorskot meer as R10 000 | Oorskot meer as R50 000 | 37% |

**b.** Verhouding tussen vergoeding (salarisse) en gemeentelike inkomste:

| | 2014 | 2015 | % |
|---|---|---|---|
| Rooi | Meer as 80% | Meer as 86% | 35% |
| Geel | 75% tot 80% | 71% tot 85% | 35% |
| Groen | Minder as 75% | Minder as 70% | 30% |

**c.** Rentmeesterskap. Hier word gekyk na die gemiddelde jaarlikse bydrae per belydende lidmaat in die gemeente (Gemeentelike inkomste gedeel deur belydende lidmate).

| | 2014 | 2015 | % |
|---|---|---|---|
| Rooi | Minder as R1 500 | Minder as R1 500 | 35% |
| Geel | R1 501 tot R2 200 | R1 501 tot R2 200 | 35% |
| Groen | Meer as R2 200 | Meer as R2 200 | 30% |

**2.10.3** Die oefening is gedoen met 2013 en 2014 se geouditeerde finansiële state. Daar is goeie en slegte nuus: daar is in 2015 minder rooi gemeentes, maar ook heelwat minder groen gemeentes. Die geel gemeentes het heelwat meer geword.

| | 2014 | 2015 |
|---|---|---|
| Rooi | 23% | 19% |
| Geel | 26% | 43% |
| Groen | 51% | 38% |

**2.10.4** Die belangrike is egter om die verandering vanaf 2013 na 2014 te bestudeer. Met ’n derde (34%) van die gemeentes gaan dit in 2015 slegter as in 2014. Dit is gemeentes wat van groen na rooi (11) geskuif het (baie slegter) of van groen na geel of van geel na rooi (67) geskuif het (slegter). Daar is tog ook vreugde oor ’n kwart (24%) van die gemeentes met wie dit tans beter gaan. Dit is gemeentes wat van rooi na groen (14) geskuif het (baie beter) of van rooi na geel of van geel na groen (beter).

| | Getal | Persentasie | Persentasie |
|---|---|---|---|
| Selfde | 95 | 42% | 42% |
| Beter | 41 | 18% | 24% |
| Baie beter | 14 | 6% | |
| Slegter | 67 | 29% | 34% |
| Baie slegter | 11 | 5% | |

**2.10.5** Gemeentes word volgens hulle belydende lidmaattal in vier groepe verdeel. Die tabel verduidelik die verskil. Van die 60 familiegrootte gemeentes het 24 in 2015 groener gemeet. Met die kleiner gemeentes gaan dit tans beter. Die programgrootte en makrogrootte gemeentes se finansies het weer versleg . Byna 50% (28 uit 58) van die programgrootte gemeentes se meting is rooier as in 2014. Net drie van die 34 makrogrootte gemeentes se finansies is beter. Sestien is rooier.

| | Baie slegter | Slegter | Selfde | Beter | Baie beter | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Familie (1-300) | 1 | 12 | 23 | 16 | 8 | **60** |
| Pastoraal (301-800) | 3 | 17 | 36 | 17 | 2 | **75** |
| Program (801-1500) | 4 | 24 | 21 | 5 | 4 | **58** |
| Makro (1501 en meer) | 3 | 13 | 15 | 3 | | **34** |
| **Totaal** | **11** | **66** | **95** | **41** | **14** | **227** |

**2.10.6** Dit is bietjie moeiliker om die patroon in ringe raak te sien. By drie ringe in die stad (Bellville, Durbanville en Parow) het die helfte van die ring se gemeente se finansies verswak. Maar in die Koeberg- en Wynbergringe het die helfte van die gemeentes se posisie weer verbeter. Die helfte van die Ring van Swartland se gemeentes se posisie het ook verswak, terwyl die helfte van die ringe van Clanwilliam en George se gemeentes se posisie weer verbeter het.

**2.10.7** Hierdie bepaling van die “Stand van Gemeentes” word saam met ander diensgroepe gedoen. Gemeentes word ook aan ander kriteria gemeet en help die diensgroepe om pro-aktief betrokke te raak by ringe en streke waar daar nood is.

| | Baie slegter | Slegter | Selfde | Beter | Baie beter | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Beaufort | | 4 | 2 | 1 | 2 | 9 |
| Bellville | 2 | 3 | 3 | 2 | | 10 |
| Brackenfell | | 3 | | 1 | | 4 |
| Caledon | | 3 | 8 | 3 | | 14 |
| Calvinia | | 1 | 4 | | | 5 |
| Clanwilliam | | 2 | 3 | 3 | 3 | 11 |
| Durbanville | 2 | 4 | 5 | | | 11 |
| George | | 1 | 2 | 3 | 1 | 7 |
| Goodwood | 1 | 1 | 3 | 1 | | 6 |
| Kaapstad | | 3 | 5 | 3 | | 11 |
| Knysna | | 4 | 2 | | | 6 |
| Koeberg | | 3 | 2 | 2 | 2 | 9 |
| Kuilsrivier | | 3 | | | 1 | 4 |
| Mosselbaai | | 2 | 4 | 2 | | 8 |
| Namakwaland | | 2 | 6 | 1 | | 9 |
| Oudtshoorn | | 4 | 4 | 2 | | 10 |
| Paarl | | 3 | 1 | 4 | | 8 |
| Parow | 1 | 2 | 3 | | | 6 |
| Piketberg | | 3 | 4 | 1 | | 8 |
| Riversdal | 1 | 1 | 2 | 2 | 1 | 7 |
| Somerset-Wes | 1 | 2 | 4 | 1 | | 8 |
| Stellenbosch | 1 | | 3 | 2 | | 6 |
| Swartland | 1 | 3 | 4 | | | 8 |
| Swellendam | | 2 | 4 | 1 | 2 | 9 |
| Tulbagh | | 2 | 4 | 1 | | 7 |
| Wesland | | 2 | 4 | 1 | | 7 |
| Worcester | 1 | 1 | 7 | 1 | | 10 |
| Wynberg | | 2 | 2 | 3 | 2 | 9 |
| **Totaal** | **11** | **66** | **95** | **41** | **14** | **227** |

## 3. TAAK VAN DIE STFA

**3.1** Die STFA se droom (visie) is dat Bybelse rentmeesterskap en offervaardigheid meer tot sy reg sal kom in alle fasette van die kerklike lewe, lidmate, gemeentes en in die kerkverband. Die STFA onderstreep weer die volgende riglyne:

- Dankoffertyd in die erediens het 'n belangrike geloofsbetekenis
- Gemeentes se administrasie moet so sinvol wees dat alle lidmate getrou "aan die Here" kan gee.
- Elke gelowige moet in biddende afhanklikheid begroot vir dankoffer en jaarliks daarna streef om 'n groter persentasie van inkomste vir die Here se werk te gee.
- Elke gemeente behoort 'n program te volg waarin lidmate jaarliks hulle dankofferverbintenis biddend voor die Here kan heroorweeg.
- Testamentêre bemakings vir die Here se werk kan goedskiks weer 'n reël vir gelowiges word.

**3.2** Meer inligting oor rentmeesterskap kan op die webwerf van Bybelse Vrygewigheid gevind word. (http://bybelsevrygewigheid.co.za). Dit bevat waadevolle materiaal (preke, teksverse, aanhalings, beginsels en nog baie meer) oor rentmeesterskap. Die skakel na Bybelse Vrygewigheid is ook op die STFA se webblad beskikbaar (http://kaapkerkadmin.co.za/kerkkantoor).
**3.3** Die Saakgelastigde het in die afgelope twee jaar verskeie gemeentes besoek om oor rentmeesterskap te gesels. Enkele ringe is ook op uitnodiging besoek.
**3.4** Die Saakgelastigde bied in Augustus 2015 'n VBO-kursus oor drie dae aan onder die oorkoepelende tema: Gemeente-finansies en -administrasie. Dit word aangebied as drie dag-kursusse wat afsonderlik of as geheel bygewoon kan word: Dag 1 – Administrasie, Dag 2 – Finansies en Dag 3 – Rentmeesterskap.

**4. AANBEVELING**
**1. Die Sinode besluit om 'n honorarium van R600,00 per verkose lid per maand aan die agt verkose lede van die Moderatuur te betaal.**
**2. Die Sinode besluit dat 'n honorarium van R600,00 jaarliks aan ringskriba's op versoek toegestaan word, in gevalle waar die ringskriba nie reeds deur die betrokke ring vergoed word nie.**

**Voorsitter STFA: Ds Monty Sahd**
**Saakgelastigde: Ds Bossie Minnaar**

# Bylaag 1
# Geouditeerde Finansiële State van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika soos op 28 Februarie 2014

## Bylaag 1.1
## Gekonsolideerde Staat van Finansiële Stand

| | | 2014<br>R | 2013<br>R |
|---|---|---|---|
| **Bates** | | | |
| ***Nie-bedryfsbates*** | | 314 274 008 | 247 918 165 |
| Eiendom, Toerusting en Voertuie | | 21 168 611 | 21 217 701 |
| Beleggings | | 290 758 091 | 224 460 570 |
| Beurslenings | | 2 347 306 | 2 239 894 |
| ***Bedryfsbates*** | | 4 263 474 | 4 481 717 |
| Debiteure | | 622 124 | 646 892 |
| Voorraad | | 151 975 | 189 439 |
| Bank en Kontant | | 3 489 375 | 3 645 386 |
| **Totale Bates** | | **318 537 482** | **252 399 882** |
| **Kapitaal, Fondse en Aanspreeklikhede** | | | |
| ***Kapitaal en fondse*** | | 310 889 128 | 244 001 054 |
| Kapitaal van Algemene Fondse | | 25 604 209 | 25 167 950 |
| Reserwes | | 244 556 335 | 183 139 739 |
| Trustfondse | | 2 421 219 | 2 206 643 |
| Testamentêre bepalings | | 38 307 365 | 33 486 722 |
| ***Nie-bedryfslaste*** | | 1 267 288 | 1 531 038 |
| Wentelfonds lening | | 1 267 288 | 1 531 038 |
| ***Bedryfslaste*** | | 6 381 066 | 6 867 790 |
| Krediteure | 6 | 5 825 900 | 6 078 435 |
| Fondse vir versending | | 555 166 | 789 355 |
| **Totale Kapitaal, Fondse en Aanspreeklikhede** | | **318 537 482** | **252 399 882** |

# Bylaag 1.2
# Gekonsolideerde Inkomstestaat
# vir die jaar geëindig 28 Februarie 2014

| | | 2014<br>R | 2013<br>R |
|---|---|---|---|
| **Direkte Inkomstes** | | **74 017 075** | **52 629 968** |
| Algemene Fondse | - Totale bydraes en kollektes | 29 074 084 | 28 071 528 |
| | - Ander inkomste | 5 175 280 | 4 860 834 |
| Reserwes | | 36 225 059 | 16 367 254 |
| Testamentêre bepalings | | 3 542 652 | 3 330 352 |
| **Rente/beleggingsinkomste ontvang** | | **42 010 898** | **22 541 484** |
| Algemene Fondse | | 379 795 | 275 609 |
| Reserwes | | 35 500 400 | 18 588 903 |
| Trustfondse | | 363 576 | 233 237 |
| Testamentêre bepalings | | 5 767 127 | 3 443 735 |
| **Totale Inkomste** | | **116 027 973** | **75 171 452** |
| **Algemene Fonds Uitgawes** | | **(34 392 596)** | **(33 775 522)** |
| Personeeluitgawes | | (19 772 083) | (18 893 533) |
| Administrasie-uitgawes | | (6 343 476) | (6 241 827) |
| Toelaes en oorbetalings | | (8 277 037) | (8 640 162) |
| **Ander uitgawes** | | **(14 747 303)** | **(14 518 492)** |
| Reserwes | | (11 297 442) | (11 893 629) |
| Trustfondse | | (149 000) | (144 396) |
| Testamentêre bepalings | | (3 300 861) | (2 480 467) |
| **Totale uitgawes** | | **(49 139 899)** | **(48 294 014)** |
| **Netto oorskot vir die jaar** | | **66 888 074** | **26 877 438** |

# Bylaag 1.3
# Inkomstestaat vir Taakspanne se Bedryfsrekeninge

## Inkomste

| | 2014<br>R | 2013<br>R |
|---|---|---|
| **Inkomste** | **34 411 461** | **33 358 128** |
| **Bydraes en kollektes** | 29 074 084 | 28 071 528 |
| Sinodale aandeelbydraes | 22 441 472 | 21 862 694 |
| Bydraes en kollektes | 4 877 488 | 4 398 471 |
| Bydraes – Nie-kwota | 17 887 | 16 852 |
| Bydraes – CPRC Gemeente | 50 000 | 53 000 |
| Bydraes – Vrouediens | 190 995 | 196 150 |
| Bydraes – Algemene Sinode | 355 402 | 329 620 |
| Bydraes – Noord-Kaap | - | 2 750 |
| Bydraes – Argief | 1 140 840 | 1 211 991 |
| **Ander inkomste** | 5 175 280 | 4 860 834 |
| Administrasiegelde ontvang | 2 012 865 | 1 837 349 |
| Hanteringsfooie en makelaarskommissie | 199 115 | 176 744 |
| Communitas – Kursusgelde | 213 165 | 88 383 |
| Diverse inkomste | 568 825 | 686 971 |
| Huur – Woonstelle, strandwoonstelle, pastorieë, argief | 1 111 921 | 987 720 |
| Resepteboeke en handleidings | 17 135 | 14 650 |
| Vrywillige bydraes – VBO | 239 189 | 266 816 |
| Wins/(verlies) met verkoop van bate | (91 518) | (105 041) |
| Verkope – boeke | 278 653 | 313 792 |
| F Kirsten Trust | 625 930 | 593 450 |
| **Rente ontvang** | 379 795 | 275 609 |
| **Oorplasings van Testamentêre bepaling** | 721 196 | 356 980 |
| Dr J C Coetzee Trust | 330 376 | 356 980 |
| Getuieniskommissie | 390 820 | - |
| **Oorplasings vanaf/(na) Reserwes** | (938 894) | (206 823) |
| Sinodale Aandeel Hulpfonds Reserwe | (1 441 472) | (1 862 694) |
| Vervanging van bate reserwe | 117 331 | 35 020 |
| Gemeentehulpreserwe | (174 454) | (153 898) |
| Hospitaalbearbeidingsreserwe | 347 497 | 356 224 |
| Gemeente ontwikkeling | 13 956 | - |
| Sinode Vergadering Reserwe | (360 000) | (360 000) |
| Weskus Sending Reserwe | - | 45 000 |
| Transnet Bedienings Reserwe | (399 804) | 275 798 |
| Handel- en Nywerheidsbediening | - | (240 416) |
| Seelui-/Vissersbediening | 66 069 | (3 193) |
| STLAS reserwe | 5 519 | - |
| Kuratorium | 319 614 | 101 116 |
| Vrouelidmate | - | (32 901) |
| Diens van Barmhartigheid | 300 943 | 289 667 |
| Getuieniskommissie | 265 907 | 1 343 454 |

## Inkomstestaat vir Taakspanne se Bedryfsrekeninge

## Uitgawes

| | | |
|---|---|---|
| **Uitgawes** | **34 392 596** | **33 775 522** |
| **Personeeluitgawes** | 19 772 083 | 18 893 533 |
| Communitas - Salaris bydraes | 514 727 | 453 929 |
| Pensioen- en mediese-aanvulling Sendelinge | 337 923 | 311 453 |
| Salarisbydraes | (2 500) | (27 500) |
| Vergoeding en honoraria | 18 921 933 | 18 155 651 |
| **Administrasie-uitgawes** | 6 343 476 | 6 241 827 |
| Versekering | 141 004 | 155 730 |
| Advertensie- en bemarkingskoste | 9 778 | 7 011 |
| Bankkoste | 120 535 | 120 053 |
| Belasting en munisipale gelde | 24 357 | 18 198 |
| Boeke, tydskrifte, bindery en oudivisionele hulpmiddels | 40 463 | 39 009 |
| Boeke - koste van verkope | 260 569 | 274 184 |
| Communitas - Kantooruitgawes | 59 780 | 82 454 |
| Ledegelde, jaargelde en subskripsies | 150 881 | 83 849 |
| Diverse uitgawes | 202 438 | 411 098 |
| Interaksie koste | - | (35 031) |
| Huur betaal | 178 055 | 175 119 |
| Kantoorhuur | 928 894 | 977 923 |
| Motorvoertuigonkostes | 71 732 | 80 157 |
| Kantooruitgawes | 61 387 | 76 995 |
| Slegte skuld | 256 810 | (300 419) |
| Onthaalkoste | 76 597 | 62 375 |
| Ouditeursgelde | 236 647 | 358 929 |
| Instandhouding van geboue en uitrusting | 403 046 | 265 487 |
| Reis, verblyf en vergaderingskostes | 1 581 128 | 1 632 675 |
| Rekenaarprogrammatuur, -lisensies en -onderhoud | 99 691 | 96 836 |
| Menslike hulpbrondienste en personeelopleiding | 60 403 | 85 344 |
| Konvent van susterskerke, ringsuitgawes, streekkonferensies | 72 058 | 309 050 |
| Skryfbehoeftes en drukwerk | 311 438 | 295 067 |
| Telefoon en posgeld | 513 870 | 524 483 |
| Vroue-kampe kostes | - | 6 122 |
| Water en elektrisiteit | 202 779 | 184 275 |
| Depresiasie | 279 136 | 254 854 |
| **Toelaes en oorbetalings** | 8 277 037 | 8 640 162 |
| Nuwe prioriteite | 16 361 | 8 820 |
| Malawi | 1 318 993 | 1 601 909 |
| Msinga | 880 899 | 844 158 |
| Mosambiek | 938 540 | 926 704 |
| Toelaes Studentebearbeiding | 836 780 | 836 780 |
| NGK in Afrika | 72 550 | 67 804 |
| Algemene Sinode | 919 450 | 923 506 |
| Vrouelidmate - ABC Projek | (2 030) | 1 959 |
| Spesiale werkswinkels en projekte | 131 667 | 173 316 |
| Badisa - Bydrae | 2 284 000 | 2 306 500 |
| Zimbabwe | 879 827 | 948 706 |
| **Netto (tekort)/oorskot vir die jaar** | **18 865** | **(417 394)** |

# Bylaag 1.3
# Staat van Verandering in Reserwes

| | Saldo op 28/02/13 | Rente beleggings dividende | Direkte inkomste | Oorplasings (na)/van Fondse | Oorplasings (na)/van Algemene Fonds | Direkte uitgawes en bate aankope | Saldo op 28/02/14 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Algemene Reserwes | | | | | | | |
| Administrasie | 39 972 069 | 8 819 017 | 1 121 959 | 852 267 | (94 716) | (2 004 414) | 48 666 182 |
| Vrouediens | 2 066 177 | 346 438 | 2 820 | - | - | (91 560) | 2 323 875 |
| Navorsing | 165 000 | 43 138 | - | 98 421 | - | (2 971) | 303 588 |
| Argief | 110 404 | 18 320 | - | - | - | - | 128 724 |
| Leer en Aktuele Sake | 535 745 | 89 237 | - | - | (6 113) | (25 685) | 593 184 |
| Hospitaalbearbeiding | 501 080 | 87 202 | 72 695 | - | - | (59 674) | 601 303 |
| Gemeente Ondersteuningsfonds | 29 231 323 | 5 017 703 | 972 194 | (774 411) | 1 314 983 | (1 555 550) | 34 206 242 |
| Getuieniskommissie | 19 263 149 | 3 252 656 | 4 696 408 | 332 580 | (265 907) | (5 418 365) | 21 860 521 |
| Inrigtings | 66 129 | 11 211 | 765 | - | - | (907) | 77 198 |
| Diens van Barmhartigheid | 19 607 462 | 3 220 157 | 183 849 | (827 275) | (9 518) | (492 791) | 21 681 884 |
| Gemeentebediening | 16 639 | 2 820 | - | - | - | - | 19 459 |
| Zikomo Woonstelle | 990 655 | 158 965 | - | (57 704) | - | - | 1 091 916 |
| RCA Sunthosham | 1 632 646 | 254 300 | - | (144 520) | - | - | 1 742 426 |
| Gemeentebediening | 296 203 | 43 757 | 60 390 | - | - | (138 329) | 262 021 |
| Bediening aan die Jode | 452 044 | 69 218 | - | (48 082) | - | - | 473 180 |
| Algemene Sinode | (21 720) | - | 21 720 | - | - | - | - |
| Moderamen | 12 102 | 2 052 | - | - | - | - | 14 154 |
| Kuratorium : Administrasie | 64 173 419 | 13 275 195 | 28 467 197 | 8 276 | (319 614) | (1 071 590) | 104 532 883 |
| Gemeente-ontwikkeling | 522 495 | 88 571 | - | - | (13 957) | - | 597 109 |
| Kweekskool Fondse Algemeen | 1 096 823 | 192 960 | 18 646 | 128 053 | - | (181 326) | 1 255 156 |
| Communitas Fondse | 512 862 | 177 732 | 211 009 | 482 080 | - | - | 1 383 683 |
| Jeug en studente | 1 066 564 | 182 051 | 394 267 | - | - | (254 280) | 1 388 602 |
| Transnet | 363 965 | 61 842 | 1 140 | - | 399 805 | - | 826 752 |
| Voortgesette Bedieningsopleiding | 242 655 | 41 133 | - | - | - | - | 283 788 |
| Handel - en Nywerheidsbediening | 92 661 | 15 707 | - | - | - | - | 108 368 |
| Evangelie aan Seelui | 171 188 | 29 018 | - | - | (66 069) | - | 134 137 |
| Reserwes totaal | **183 139 739** | **35 500 400** | **36 225 059** | **49 685** | **938 894** | **(11 297 442)** | **244 556 335** |

## Staat van Verandering in Testamentêre Bepalings en Trusts

| | Saldo op 28/02/13 | Rente beleggings dividende | Direkte inkomste | Oorplasings (na)/van Fondse | Oorplasings (na)/van Algemene Fonds | Direkte uitgawes en bate aankope | Saldo op 28/02/14 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Algemene Fondse | 16 290 811 | 2 927 402 | 2 087 623 | (224 857) | (80 376) | (1 404 235) | 19 596 368 |
| Diens van Barmhartigheid | 2 240 712 | 371 727 | - | 202 079 | - | (455 833) | 2 358 685 |
| Kuratorium Administrasie | 258 343 | 40 038 | - | (14 246) | - | (12 340) | 271 795 |
| Kweekskool Algemene Fonds | 6 295 685 | 1 130 540 | 630 138 | - | (250 000) | - | 7 806 363 |
| Getuieniskommissie | 8 401 171 | 1 297 420 | 824 891 | (430 055) | (390 820) | (1 428 453) | 8 274 154 |
| **Totaal Testamentêre Bep.** | **33 486 722** | **5 767 127** | **3 542 652** | **(467 079)** | **(721 196)** | **(3 300 861)** | **38 307 365** |
| Algemene Trustfondse | 1 921 733 | 315 280 | - | - | - | (149 000) | 2 088 013 |
| Getuieniskommissie | 284 910 | 48 296 | - | - | - | - | 333 206 |
| **Trustfondse totaal** | **2 206 643** | **363 576** | **-** | **-** | **-** | **(149 000)** | **2 421 219** |
| **Testamentêre bepalings en trustfondse totaal** | **35 693 365** | **6 130 703** | **3 542 652** | **(467 079)** | **(721 196)** | **(3 449 861)** | **40 728 584** |

**Bylaag 2**

# Trusteeverslag van Predikante Pensioenfonds van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika vir die jaar geëindig 31 Desember 2014

Die doel van hierdie trusteeverslag is om lede en die werkgewer (die Sinode van die NG Kerk in SA) in te lig oor die stand van die fonds en verwikkelinge wat 'n impak gehad het op die fonds en sy lede oor die twaalf maande van 2014.

## 1. Bestuur

Lede kan gerus wees dat die fonds op 'n gesonde wyse deur die raad van trustees bestuur word. Die trustees word deurlopend op hoogte gehou van die jongste tendense en verwikkelinge in die aftreefondsbedryf. Geen wysigings tot die reëls is gedurende 2014 gemaak nie.

Op 12 Desember 2013 is wysigings tot die Inkomstebelastingwet aangebring. Van die wysigings sou, effektief 1 Maart 2015, die belastinghantering van bydraes na voorsorgfondse in lyn gebring het met dié na pensioenfondse (soos die Predikante Pensioenfonds). Terselfdertyd sou die verpligte aankoop van 'n pensioen uit 'n voorsorgfonds mettertyd infaseer geword het. Die wysigings sou ook tot 'n vereenvoudigde struktuur vir die belastinghantering van bydraes na alle aftreefondse gelei het. Gedurende Oktober 2014 is hierdie wysigings egter uitgestel tot 1 Maart 2016, of later soos bepaal sal word deur die wetgewer.

Die trustees het aan die begin van 2014 'n ondersoek geloods om die huidige praktyk van die fonds ten opsigte van bydraes te heroorweeg, aan die hand van die beoogde veranderinge. Geen veranderinge is egter gemaak na afloop van hierdie ondersoek nie, gegewe die uitstel van die wetswysigings. Sodanige veranderinge sal heroorweeg word wanneer die betrokke wysigings tot wetgewing wel plaasvind.

Daar was ook geen verandering aan die samestelling van die Raad van Trustees gedurende die jaar nie. Vir goeie bestuur het al die trustees weereens gedurende 2014 die fonds se risikobestuursbeleid hersien en onderteken.

Soos beskryf in Omsendbrief PPF1/2015 word veranderinge aan die versekerde risikovoordele gemaak effektief 1 Maart 2015, waarvan die belangrikste die inwerkingstelling van buigsame sterftevoordele en die wegval van die gade- en kinderpensioene is. Hierdie verandering is teweeg gebring deur 'n ondersoek deur die trustees om lede se aftreevoorsiening 'n verdere hupstoot te gee, en om in pas te bly met marktendense.

Die trustees het die aanstellings van Alexander Forbes as administrateurs en konsultante gedurende 2014 heroorweeg, en na 'n markondersoek die aanstellings vir 'n verdere termyn hernu.

Lede word herinner om die fonds se webwerf te besoek by **www.ppfkaapkerk.co.za** vir meer inligting oor die fonds.

## 2. Beleggings

Die trustees het besluit om 'n gedeelte van die aktiewe deel van die Langtermyn, Konserwatiewe en pensioentrekkers se beleggings te belê in SA-gelyste eiendomme. Hierdie skuif was befonds deur 4% uit die SA aandele blootstelling en 6% uit die internasionale aandele blootstelling te neem. Die gelyste eiendom aandele word in gelyke dele deur Metope en Sesfikile Capital bestuur.

Die opbrengs van die fonds se onderskeie portefeuljes was tussen 12,8% en 6,3% vir die jaar (afhangend van die lid se portefeuljekeuse), wat goed vergelyk met die amptelike inflasiekoers van 5,3% oor die kalenderjaar.

Die pensioentrekkers het 'n normale pensioenverhoging van 2,4% aan die begin van 2014 ontvang, asook 'n eenmalige spesiale verhoging van 3,6% (die ekwivalent van 75% van maandelikse pensioen) weens die boverwagte goeie beleggingsprestasie van die pensioentrekkerbates. Verskeie pensioentrekkers het die pensioenkantoor gekontak om hul dank uit te spreek vir hierdie spesiale verhoging.

## 3. Administrasie en risikovoordele

Versekeringspremies ten opsigte van risikodekking vir die fonds se lede word maandeliks van die totale bedrag van die werkgewerbydraes afgetrek en aan Sanlam oorbetaal. Die balans van die werkgewerbydraes saam

met die lidbydraes word dan aan die fonds betaal as fondsbydraes en aangewend vir die opbou van aftreevoordele.

Buigsame risikovoordele word met ingang 1 Maart 2015 gebied en hou belangrike implikasies vir lede in. Verdere detail oor hierdie verandering is vervat in Omsendbrief PPF1/2015.

Die trustees het die 72/28 verdeling van kostes tussen aktiewe en pensioentrekkerlede ten opsigte van gedeelde dienste onveranderd gelaat vir die 2014-jaar.

## 4. Lidadvies

Die trustees is bewus daarvan dat nie alle lede toegang het tot goeie finansiële advies nie. Lede word inligting gebied in onder andere nuusbriewe, inligtingstukke wat beskikbaar is by diensverlating en aftrede, die fonds se webwerf (**www.ppfkaapkerk.co.za**), Alexander Forbes Online (**www.afonline.co.za**) en inligtingseminare.

Die volgende stukke is beskikbaar op die fonds se webblad vir lede se gebruik:
- Opsies vir wanneer lede die aftreefonds verlaat.
- Opsies wanneer lede aftree.

## 5. Raad van trustees, ampsdraers en diensverskaffers

Die fonds word bestuur deur 'n raad van trustees. Drie formele trusteevergaderings is gedurende die fondsjaar gehou. Daar was geen verandering in die samestelling van die raad gedurende die jaar nie. Tydens die sinodesitting van 13 tot 16 Oktober 2014 is die aanstellings van ds JPL Mostert as aangewese trusteelid en ds FD Hugo as verkose trusteelid ten opsigte van Noord-Kaapland vir 'n verdere termyn bevestig. Die volgende trustees dien tans in die raad:

| **Ledeverteenwoordigers** | **Pensioentrekkerverteenwoordigers** | **Werkgewerverteenwoordigers** |
|---|---|---|
| Ds CT Visagie | Ds CW Alheit | Mnr L Hanekom |
| Ds FD Hugo | Ds MR Heyns | Mnr C Meyer |
| Ds FJ Klopper | | Ds JPL Mostert |
| Ds CJ Stander | | Me CE Scholtz |
| Ds AJ Lintvelt | | Dr T Swart |
| Ds HJ Steyn (Bybel-Media) | | Ds BJ van Dyk |
| Ds WHB Muller | | Mnr GC van Schalkwyk |
| Ds MP Sahd | | Ds DW Mouton |
| Ds CH van Heerden | | |

**Hoofbeampte: Ds AH Minnaar**

Dit is die trustees se plig om:
- Die fonds te bestuur ingevolge die reëls van die fonds asook die pensioenfonds- en belastingwette.
- Alle redelike stappe te neem om seker te maak dat lede se belange altyd beskerm word.
- Met sorg, ywer en goeie trou op te tree.
- Belangebotsings te vermy.
- Regverdig op te tree teenoor alle lede en begunstigdes.
- Seker te maak dat die fonds behoorlike beheerstelsels het.
- Seker te maak dat die fonds genoegsaam en toepaslik met lede kommunikeer.
- Redelike stappe te neem om seker te maak dat bydraes betyds inbetaal word.
- Kundiges te raadpleeg, waar nodig.
- Seker te maak dat die bestuur en administrasie van die fonds aan alle toepaslike wette voldoen.

Die fonds maak gebruik van 'n aantal diensverskaffers om bepaalde funksies te verrig. Die aanstelling van die diensverskaffers word van tyd tot tyd heroorweeg. Geen veranderings was in 2014 gemaak nie.

Die hooffunksies van die onderskeie diensverskaffers is soos volg:

| **Diens** | **Rol** |
|---|---|
| Aktuaris | Die aktuaris of waardeerder is 'n wiskundige en finansiële kenner wat die nodige berekeninge, soos voordelebepalings, maak en volgens wet moet rapporteer oor die fonds se finansiële posisie. |
| Konsultante | Hulle adviseer die trustees oor die bestuur van die fonds. |

| | |
|---|---|
| Administrateurs | Die administrateurs hanteer al die dag-tot-dag administratiewe pligte van die fonds. Hulle maak onder meer seker dat bydraes betyds ontvang word, voordele uitbetaal word en nuwe lede aangeteken word. |
| Ouditeure | Die ouditeure ondersoek een maal ’n jaar die fonds se finansiële state om seker te maak dat daar niks met die fonds se finansiële rapportering skort nie en om te verseker dat die inligting in die finansiële state waar en akkuraat is. |
| Beleggingskonsultante | Die spesialiste bepaal in samewerking met die trustees en die beleggingskomitee, die fonds se beleggingstrategie en voer dit dan prakties uit. |
| Batebestuurders | Die kenners wat die bates van die fonds bestuur om goeie opbrengste teen aanvaarbare risikovlakke te genereer. |
| Bank | Dit is die bank waar die fonds sy rekeninge hou waarin geld gedeponeer en waaruit fondse betaal word. |

Die volgende instansies lewer tans dienste aan die fonds:

| | |
|---|---|
| **Aktuaris:** | Simeka Konsultante en Aktuarisse |
| **Konsultante:** | Alexander Forbes Finansiële Dienste |
| **Administrateurs:** | Alexander Forbes Finansiële Dienste en die NG Kerk in SA |
| **Ouditeure:** | Deloitte |
| **Beleggingskonsultante:** | Towers Watson Aktuarisse en Konsultante |
| **Batebestuurders:** | Allan Gray, Coronation, Investec, Orbis, PIMCO, State Street, Morgan Stanley, Abax, Metope en Sesfikile Capital |
| **Bank:** | Standard Bank |

## 6. Reëlwysigings

Die reëls van ’n fonds bepaal alle aspekte van die fonds se bestuur en moet geregistreer word deur die Registrateur van Pensioenfondse (Registrateur) en goedgekeur word deur die Suid-Afrikaanse Inkomste Diens (SAID). Nadat die reëls geregistreer is, moet alle daaropvolgende reëlwysigings ook geregistreer word deur die Registrateur en goedgekeur word deur die SAID.

Geen reëlwysigings is ingedien gedurende 2014 nie.

Al die reëls van die fonds, sowel as die redes vir die onlangse wysigings, kan by die Pensioenkantoor bestudeer word te De Langestraat 5, Bellville 7530. Dit is ook op die webwerf beskikbaar.

## 7. Lidmaatskapbesonderhede

Die lidmaatskap van die fonds het soos volg verander oor die 12 maande van 2014:

| | |
|---|---|
| Aktiewe lede op 1 Januarie 2014 | 608 |
| Plus: Nuwe lede | 33 |
| Minus: | |
| Uitdienstredes | (6) |
| Oordragte na ander fondse | (6) |
| Sterftes | (1) |
| Aftredes | (11) |
| Aktiewe lede op 31 Desember 2014 | 617 |

| | |
|---|---|
| Pensioentrekkers op 1 Januarie 2014 | 398 |
| Nuwe pensioene | 11 |
| Beëindiging van pensioene | 34 |
| Pensioentrekkers op 31 Desember 2014 | 375 |

## 8. Fondsbeleggings

**Die fonds se beleggingsportefeuljes en -prestasie**

Die tabel hieronder toon die waarde van die fonds se beleggingsportefeuljes (ook beleggingskanale genoem) soos op 31 Desember 2014 en die netto (na beleggingsgelde) beleggingsopbrengste wat op die onderskeie portefeuljes verdien is oor die periodes tot 31 Desember 2014:
*Die syfers in hakies toon die maatstaf opbrengste wat die fonds sou verdien het indien die fonds nie van aktiewe batebestuur gebruik gemaak het nie, maar die fonds se beleggings in beleggingsindekse belê het, gegewe ’n begripsmatige (veronderstelde) bate-allokasie. Geen aanpassing is gemaak om bestuurderfooie in ag te neem nie.
# Die Reserwe Portefeulje bevat die beleggings ten opsigte van die fonds se gebeurlikheidsreserwes en ander voorsienings.

| Portefeuljes | Waarde | 1 jaar * | 3 jaar (p.j.) * |
|---|---|---|---|
| Langtermyn Portefeulje | R1 061,2m | 12,8% (12,8%) | 17,8% (19,2%) |
| Konserwatiewe Portefeulje | R239,2m | 10,1% (9,9%) | 14,0% (13,6%) |
| Inkomstebeskerming Portefeulje | R27,1m | 6,4% (5,9%) | 6,6% (5,5%) |
| Pensioentrekker Portefeulje | R388,0m | 11,5% (10,5%) | 14,7% (13,8%) |
| Reserwe Portefeulje # | R11,3m | 6,1% (5,9%) | 6,5% (5,5%) |
| **Totale fondswaarde/-opbrengs** | **R1 726,7m** | **12,0% (11,7%)** | **16,2% (16,9%)** |
| Inflasie | | 5,3% | 5,5% |

Die Langtermyn Portefeulje, wat ’n aansienlike blootstelling aan plaaslike aandele het, het ’n nominale opbrengs van 17,8% oor die drie jaar periode gelewer, en ’n uitstekende 12,3% per jaar in reële terme (na inflasie) oor dieselfde periode. ’n Mens moet versigtig wees om nie toekomstige groeiverwagtinge op historiese syfers te baseer nie. Die gemiddelde verwagting is dat die Langtermyn Portefeulje 5% tot 6% per jaar reële opbrengste sal lewer.

## 9. Die fonds se beleggingskeuses

Lede word daaraan herinner dat die fonds van ʼn lewensfasemodel (ook die fonds se verstek beleggingsportefeulje) gebruik maak waar die beleggingstrategie al hoe meer konserwatief word nader aan aftrede. Volgens die lewensfasemodel sal ’n lid dus teen aftree-ouderdom ten volle in ’n kontantportefeulje belê wees. ʼn Lid kan egter enige tyd kies om van die lewensfasemodel af te wyk, in welke geval daar dan twee moontlike opsies is. In die eerste plek kan ’n lid kies om in die beleggingsmodel vir lewende annuïteite te belê. Soos die naam aandui, is dit van toepassing op lede wat beplan om ’n lewende annuïteit by aftrede aan te koop. Dit is belangrik om die fonds vroegtydig hiervan in te lig (ten minste sewe jaar voor aftrede) sodat die nodige reëlings getref kan word. Tweedens kan die fondswaarde en toekomstige bydraes volgens die lid se eie keuse tussen die beskikbare beleggingsportefeuljes versprei word. Dit moet egter nie spekulatief gedoen word nie en moet met die nodige advies gepaard gaan. Lede met ʼn lang beleggingshorison behoort daarteen waak om nie hul fondswaarde te konserwatief te belê nie. ʼn Langtermynbelegging in die Inkomstebeskerming Portefeulje sal byvoorbeeld waarskynlik nie inflasie met 2% of meer klop nie.

## 10. Die fonds se batebestuurders

Die fonds se huidige batebestuurders het oor die algemeen waarde toegevoeg deur die bates aktief te bestuur. Lede kan egter verseker wees dat die trustees deurlopend indringende vrae stel oor die vermoëns van die fonds se batebestuurders en, saam met die beleggingskonsultante, baie tyd spandeer om die regte besluite in hierdie verband te neem. So het die fonds dan ook gedurende die jaar besluit om twee gelyste eiendom bestuurders aan te stel. Blootstelling tot hierdie sektor het waarde aan die Langtermyn, Konserwatiewe en Pensioentrekker Portefeuljes bygevoeg. Verder het die portefeuljebestuurder oor verdere waarde in vergelyking met die indeks bygevoeg. Die gedeelte van die fonds se hoof-bateklasse wat deur elk van die batebestuurders bestuur word, was soos volg op 31 Desember 2014:

| Batebestuurders | SA-aandele R’m | SA-eiendom R’m | SA-effekte R’m | SA-krediet R’m | SA-geldmark R’m | SA-deposito’s gestruktureerd R’m |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Allan Gray | 216,1 | | | | | |
| Abax | 219,8 | | | | | |
| Coronation | 214,7 | | | | | |
| Metope | | 48,4 | | | | |
| Sesfikile | | 48,5 | | | | |
| ABSA | | | | | | 106,3 |
| Investec | | | 243,3 | 121,0 | 89,2 | |
| Standard Bank | | | | | | 23,5 |
| **Totale waarde** | **650,6** | **96,9** | **243,3** | **121,0** | **89,2** | **129,8** |

| Batebestuurders | Buitelandse aandele | | Buitelandse effekte | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| State Street | 174,7 | | | | | |
| Orbis | 120,5 | | | | | |
| Morgan Stanley | 56,6 | | | | | |
| PIMCO | | | 44,4 | | | |
| **Totale waarde** | **351,7** | | **44,4** | | | |

## 11. Wetlike aspekte

Sekere veranderinge aan die Wet op Inkomstebelasting, effektief 1 Maart 2015, is gedurende 2014 in plek gesit, maar die implementering is uitgestel na 1 Maart 2016 of later. Verandering wat wel plaasvind met ingang 1 Maart 2015 kan soos volg opgesom word:

- Belastingvrye spaarrekeninge: individue kan tot R30 000 per jaar in ’n goedgekeurde spaarrekening wat vrygestel is van belasting spaar. Totale bydraes oor ’n individu se leeftyd na so rekening word tot R500 000 beperk. Hierdie verandering is gemik op individue en verdere detail kan by finansiële adviseurs verkry word.
- Lede se bydraes na die ongeskiktheidspolis word tans as ’n byvoordeel belas, maar die Ontvanger laat ’n ekwivalente belastingaftrekking toe – dus word die premie as belastingvry geag. Die ongeskiktheidspensioen word egter belas indien ’n lid as arbeidsonbevoeg geag word. Hierdie hantering word omgekeer met effek 1 Maart 2015, waarna die premie as ’n byvoordeel belas word sonder ’n belastingaftrekking, maar die voordeelbetaling belastingvry uitbetaal word. Huidige ongeskiktheidseisers se inkomste word ook met ingang 1 Maart 2015 belastingvry uitbetaal.
- Lede kan op aftrede hul aftreedatum self kies, en die aankoop van ’n pensioen kan dus uitgestel word tot ’n datum van die individu se keuse.

## 12. Belangrike fondsinligting

Indien u enige vrae of kommentaar rakende die fonds, die fonds se voordele, beleggings of enige ander fondsaangeleenthede het, kan u die hoofbeampte of die Pensioenkantoor kontak. Die kontakbesonderhede is soos volg:

**E-pos:** pensioen@kaapkerk.co.za
**Telefoon:** 021 957 7115
**Geregistreerde Fondsnaam:** Predikante Pensioenfonds van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika
**Geregistreerde adres:** De Langestraat 5, Bellville 7530
**Raad op Finansiële Dienste Registrasienommer:** 12/8/3615/1
**SAID Registrasienommer:** 18/20/4/4825

In die geval van enige verskille tussen die inligting wat in hierdie dokument verskaf word en die reëls van die fonds, sal die reëls van die fonds geld.

## 4.5 Sinodale Taakspan vir Kommunikasie (STK)

### 1. OPDRAG

**1.1** Die STK se opdrag is om uitvoering te gee aan die Sinode se kommunikasiebehoeftes.
**1.2** Die STK is verantwoordelik:
**1.2.1** vir die daarstel en gereelde opgradering en evaluering van 'n kommunikasiestrategie, kommunikasieplan en -beleid vir die Sinode ten einde die Sinode te begelei om op 'n ordentlike, kundige en proaktiewe manier te kommunikeer;
**1.2.2** vir die ontwikkeling van die kommunikasie van die Sinode, ook met betrekking tot toekomstige integrasie van diensgroepe se kommunikasie;
**1.2.3** vir die toesighouding oor die werk van die Kommunikasiebeampte;
**1.2.4** vir die beleid, etos en protokol rakende die hantering van inligting en die plaas van berigte in die sinodale nuusbrief, sowel as deur middel van ander kommunikasiemiddele van die sinode en
**1.2.5** vir die vertaling (soos en wanneer dit benodig word) van amptelike kommunikasie.
**1.3** Die STK funksioneer in ooreenstemming met die nuwe reglement.
**1.3.1** Die dienstermyn van die STK is van sinodesitting tot sinodesitting.
**1.3.2** Die STK word soos volg saamgestel:
**1.3.2.1** die Saakgelastigde (PSD: Ondersteuningsdiens);
**1.3.2.2** die Kommunikasiebeampte;
**1.3.2.3** een verteenwoordiger (met 'n sekundus) van die vyf diensgroepe;
**1.3.2.4** een verteenwoordiger (met 'n sekundus) van die Moderatuur;
**1.3.2.5** drie kundiges deur die Sinode, of in die interim periode die Moderamen, aangewys;
**1.3.2.6** twee verteenwoordigers soos deur die VGKSA se Bediening vir Kommunikasie, Publikasie en Argief aangewys.
**1.3.3** Die STK kan verdere kundiges vir spesifieke take koöpteer, maar hierdie kundiges het nie stemreg nie.

### 2. NUWE TAAKSPAN

**2.1** Die Kommunikasiebeampte van die sinode het op 1 September 2014 in die nuwe pos begin.
**2.2** Die Kommunikasiebeampte het gedurende Oktober en November 2014 'n suksesvolle kompetisie vir die ontwerp van 'n nuwe logo vir die Sinode geloods. Uit die 22 inskrywings is Nico Simpson as die ontwerper van die weninskrywing ('n modernisering van die vrou met die kruis, hierby afgebeeld) aangewys.

**2.3** Dié ontwerp is ryk aan simboliek en is baie positief ontvang: Tafelberg: Ligging, beskerming plaaslike nood (armoede); Vrou: Die kerk, bruid van Christus en gemeentes; See: Hugenote via Nederland; Son: Son van redding en Jesus Christus, skyn oor almal, ryk en arm, oud en jonk; Kruis: Christendom en Goeie Nuus; Bybel: Sola scriptura en belydenisskrifte; Oop sirkels: Koinonia, openheid en insluiting, broosheid en menswaardigheid; Aangee: Getuienis, uitreik, missionaal; Duif: Heilige Gees, seën; Kyk regs: Gerig op die toekoms, gestuurdheid en jeug; Triniteit: Vader (sirkel), Seun (kruis) en Gees (duif); Sewe sirkels: Volmaak, God (drie) in die wêreld (vier).
**2.4** Benewens die sinodale nuusbrief, *VrydagNuus*, is die Kommunikasiebeampte verantwoordelik vir die webblad (www.kaapkerk.co.za), sowel as die sosiale media van die Sinode. Dit sluit Facebook (https://www.facebook.com/NGWesSuidKaap) en Twitter (https://twitter.com/WSKaap) in.

**Voorsitter: Bossie Minnaar**
**Kommunikasiebeampte: Marieta Visagie**

# 5.6 Sinodale Taakspan vir Regte (STR)

## 1. INLEIDING

Christus regeer sy kerk deur sy Woord en sy Gees. Daar moet steeds gepoog word om dit te beliggaam in die ordereëlings van die kerk. Dit is die roeping van die STR om hiermee besig te bly en hieroor advies aan die kerk te gee. Die sinode besluit hieroor en die STR voer die sinode se besluite oor die ordereëlings uit, deur dit in reglemente op te neem.

Hierdie reglemente het ten doel om die werksaamhede van gemeentes, ringe en die sinode ordelik te reël, maar ook om aan gemeentes en ringe leiding te gee ten einde optimaal te funksioneer. Die STR staan dus in diens van gemeentes, ringe en die sinode.

Die STR staan ook die aktuarius as kerkregkundige by, waar hy gemeentes, ringe en sinodale strukture met advies moet bedien in die uitvoering van sinodale besluite (Algemene Sinode asook Sinode Wes-en-Suid-Kaapland).

## 2. KERKORDELIKE REËLINGS

### 2.1 Die Kerkorde
Die Kerkorde is die eiendom van die Algemene Sinode en word deur die Algemene Steunspan Regte (ASR) in stand gehou.

Die Kerkorde word soos volg saamgestel:
- Artikels: Artikels van die Kerkorde word vasgestel op grond van die Woord en belydenisskrifte.
- Reglemente: Reglemente dien as uitbreiding tot die artikels en reël verskeie werksaamhede in die kerk.
- Funksionele besluite: Funksionele besluite staan ook in aanvulling tot die artikels en reglemente.

### 2.2 Reglemente van die Wes-en-Suid-Kaap (NG Kerk in Suid-Afrika)

Elke Sinode het die bevoegdheid om die Kerkorde uit te brei en toepaslik te maak vir die plaaslike omstandighede. Hierdie uitbreiding mag nie in stryd wees met die Kerkorde nie en staan ten alle tye ondergeskik aan die Kerkorde.

Die Sinode van Wes-en-Suid-Kaapland se eie besluite word in reglemente vervat en is in die sinodale Reglementeboek opgeneem. Elke gemeente en leraar het ŉ kopie hiervan ontvang. Reglemente verwoord die besluite van die sinode en help gemeentes, ringe en sinodale strukture om volgens besluite van die sinode te funksioneer. As besluite van die sinode is reglemente afdwingbaar. Reglemente is só opgestel dat dit die kerkregtelike waarhede vir gemeentes eenvoudig en uitvoerbaar maak.

Vir die opstel van reglemente, ontvang die STR voorleggings van die moderamen, diensgroepe en taakspanne van die sinode. Indien nodig, stel die STR wysiginge aan die reglemente voor.

Die voorgestelde reglemente is as Bylaag 1 van die STR-verslag aangeheg. Afgevaardigdes na die sinode moet die reglemente deeglik deurwerk en voorstelle oor wysiging van die reglemente aanteken. Die STR vergader voor die aanvang van die sinode en is op Maandag 4 Mei 2015 vanaf 10:00 tot 12:00 op Goudini beskikbaar indien persone op die voorgestelde reglemente kommentaar wil lewer, of verbeterings en voorstelle wil maak. Tydens verslag van die STR aan die sinode sal daar nie tyd wees om die reglemente self in detail te bespreek nie. Daarom word sinodegangers versoek om enige voorgestelde wysiginge vooraf met die STR te bespreek.

## 3. KERKLIKE MEDIASIE

Soos by enige instansie waar mense betrokke is, is daar voortdurend konflik en verskil van mening. Dit gebeur ook in die kerklike konteks. Aan die een kant eis die evangelie van Christus ten alle tye versoening, maar aan die ander kant lê daar in die evangelie self die krag van versoening. Daarom is dit die roeping en verantwoordelikheid van die kerk om in alle gevalle van konflik die evangeliese pad van versoening te loop. In ’n tyd waarin konflik as’t ware die norm geword het, mag die kerk nooit sy evangeliese stem tot versoening verloor nie. Kerkrade en ringe word geroep om alle vorme van konflik met die evangelie van versoening aan te spreek.

Om die kerk hiermee behulpsaam te wees, is besluit om mediasie as ŉ amptelike werkswyse te benut. In sommige gevalle ontspoor en ontaard konflik op so 'n wyse dat mediasie van buite die onmiddellike omgewing noodsaaklik is.

Mediasie is ŉ vrywillige proses om geskille deur middel van wedersydse ooreenkoms te besleg. Dit is ŉ onafhanklike en vertroulike proses waar die onderskeie partye met hulp van ŉ onpartydige fasiliterende mediator (ook verkieslik nie-bekende mediator) na 'n oplossing vir die konflik soek. Dit geskied sonder benadeling van regte. Die partye kom onder leiding van die mediator self tot ŉ ooreenkoms wat in belang van beide partye is.

Na samesprekings tussen die STR, Communitas en die predikanteversorging is besluit om ŉ Sinodale Mediasiespan (SMS) op die been te bring om amptelike mediasie namens die kerk te hanteer. Die mediasiespan sal onder die STR funksioneer.

Daar word aanbeveel dat alle sake van konflik eers deur die ring/kerkraad vir mediasie (na die nuutsaamgestelde Sinodale Mediasiespan [SMS])

verwys word voordat tot 'n amptelike ondersoek oorgegaan word. Sake waar ergerlike wangedrag (sien reglement 18.6.1 van Kerkorde) tot ŉ tug- of dissiplinêre handeling kan lei, sal moeilik gemedieer word. Die aktuarius of STR kan advies gee indien kerkvergaderings twyfel of ŉ saak vir mediasie verwys kan word of nie.

Versoeke vir mediasie kan deur gemeentes, ringe, asook sinodale diensgroepe en taakspanne by die STR of aktuarius aangemeld word. Die betrokke partye het die reg om ŉ geakkrediteerde mediator uit eie keuse te kies, anders sal daar een aangewys word.

Die kerk sal slegs opgeleide fasiliterende mediators vir die prosesse gebruik. Mediators moet volgens die staat se minimum vereistes opgelei word deur 'n erkende instansie. Sulke mediators word op voorlegging van die STR deur die sinode/moderamen op die Sinodale Mediasiespan benoem. Die mediators sal hulle werk onder leiding van die STR doen, maar ook in samewerking met Gemeente Protokol om in gevalle van konflik versoening te help bewerk.

Daar is reeds binne die sinode ŉ paar opgeleide en geakkrediteerde mediators wat in gevalle van konflik beskikbaar is. Die mediators wat tans geakkrediteerd is vir die vorming van ŉ Sinodale Mediasiespan is: dr Quintus Heine, di Charl Stander, Smuts van Rensburg, Johan van Niekerk, Francois Cillié en mnr Dirk van Niekerk.

## 4. AANBEVELINGS

### 4.1 Aanbeveling 1

**Die Sinode keur die gewysigde reglemente, soos aangeheg in die bylaag en laat verslae, goed.**

### 4.2 Aanbeveling 2

**Die Sinode besluit dat die STR die taalkundige en formele versorging van die reglemente na afloop van die sinode afhandel.**

### 4.3 Aanbeveling 3

**Die Sinode versoek die STR om ná die Algemene Sinode in Oktober 2015 die reglemente aan te pas ten einde in lyn te kom met besluite van die Algemene Sinode. Die reglementebundel kan na die aanpassing gepubliseer word.**

### 4.4 Aanbeveling 4

**Die Sinode besluit dat elke leraar en kerkkantoor ŉ kopie van die reglementebundel ontvang sodra dit gereed is. Die koste hiervan vorm deel van die uitgawes van die sinodesitting.**

### 4.5 Aanbeveling 5

**Die Sinode versoek kerkrade, ringe en sinodale diensgroepe om in alle gevalle van konflik die evangeliese pad van versoening te loop en om van die proses van mediasie gebruik te maak voordat daar in tye van konflik/dispute tot amptelike ondersoeke oorgegaan word.**

### 4.6 Aanbeveling 6

**Die Sinode keur die beginsel van amptelike mediasie soos in die verslag omskryf, goed en versoek die STR om ŉ reglement vir mediasie op te stel.**

### 4.7 Aanbeveling 7

**Die Sinode wys die volgende Sinodale Mediasiespan aan: dr Quintus Heine, di Charl Stander, Smuts van Rensburg, Johan van Niekerk, Francois Cillié en mnr Dirk van Niekerk.**

**Aktuarius: Dr Quintus Heine**
**Voorsitter: Ds Charl Stander**

## Bylaag 1
## Wysiginge in die reglemente van die NG Kerk in SA (Wes-en-Suid-Kaap)

Na ontvangs van reglemente en kontrolering daarvan doen die STR die volgende aanbevelings vir wysiginge in die reglemente.

**Inleidende opmerkings:**

- Die wysiginge wat hier aanbeveel word, is die gevolg van besluite wat deur die Diensgroepe, Taakspanne en die Moderamen geneem is. Daar is gepoog enige ander veranderings tot die noodsaaklike te beperk. Formulerings is in ooreenstemming met algemeen aanvaarde kerkordelike beginsels en skryfwyse aangepas.
- Die reglemente wat hier verskyn, is die voorstel voor die sinode. Indien enigiemand 'n amendement hierop wil indien of kommentaar hierop wil lewer, kan dit op Maandag 4 Mei 10:00-12:00 persoonlik voor die tydelike regskommissie gedoen word. Dit kan ook vooraf skriftelik aan die aktuarius gestuur word, wat dit vir die tydelike regskommissie sal voorhou vir oorweging. Indien daar enige veranderings aanbeveel word, sal dit in die tydelike regskommissie se verslag tydens die sinode gedoen word.
- Slegs reglemente wat aanbevelings vir wysiging bevat is in die agenda opgeneem. Die wat nie hier verskyn nie, bly onveranderd.
- Na die sinode sal daar aan die sintaksis, numerering en eenvormigheid aandag gegee word.
- Dit was nie moontlik om al die wysiginge duidelik aan te dui nie. Indien 'n persoon dit wil nagaan, kan dit met die huidige reglementebundel vergelyk word.
- Die reglemente is nie in 'n sekere volgorde geplaas nie en sal na die sinode genommer word in die reglementebundel.

Hier volg die reglemente met hulle wysiginge.

---

## 1. REGLEMENT VAN ORDE

**1. DIE AARD VAN KERKVERGADERINGE**

1.1 Kerkraadsvergaderings is geslote vergaderings tensy die kerkraad anders besluit.

1.2 Meerdere vergaderinge (rings- en sinodevergaderings) word met oop deure gehou, tensy die vergadering anders besluit.

**2. WAARDES VIR KERKVERGADERINGE**

**2.1** Kerkvergaderinge geskied:

2.1.1 in biddende afhanklikheid van God die Vader;

2.1.2 in erkenning van Jesus Christus as die hoof van die kerk;

2.1.3 onder leiding van die Heilige Gees;

2.1.4 en aan die hand van die Bybel as Woord van God.

2.2 Kerkvergaderinge is luisterende vergaderings waar deurlopend geloofsonderskeidend na die wil van God gesoek word aan die hand van die volgende beginsels:

2.2.1 luister na die Woord;

2.2.2 luister na die kerk (belydenisskrifte en kerkpraktyk);

2.2.3 luister na mekaar en

2.2.4 luister na die wêreld.

2.3 Kerkvergaderinge word deurlopend gekenmerk deur die volgende waardes:

2.3.1 leerbaarheid;

2.3.2 vertroue;

2.3.3 deernis en

2.3.4 openheid.

**3. KENNISGEWING VIR KERKVERGADERINGE**

**3.1** Behoorlike kennisgewing van vergaderings moet geskied.

**3.2 Kerkraad**

3.2.1 Gewone vergaderings word op kerkkalenders geskeduleer, andersins moet daar vier weke kennis gegee word aan alle lede.

3.2.2 Gewone vergaderings van die kerkraad word by die erediens en deur skriftelike of elektroniese kennisgewing aan kerkraadslede bekend gemaak.

3.2.3 Vir buitengewone vergaderings moet seker gemaak word dat kennis aan al die lede gegee word.

**3.3 Ring**

3.3.1 Gewone ringsvergaderinge word saamgeroep deur ’n kennisgewing van die skriba van die ringskommissie, minstens vier weke voor die tyd.

3.3.2 Buitengewone ringsvergaderinge geskied na behoorlike kennisgewing deur die skriba van die ringskommissie.

**3.4 Sinode**

3.4.1 ’n Gewone sinodevergadering word ten minste ’n jaar tevore deur ’n kennisgewing van die skriba van die moderamen aan die kerkrade byeengeroep.

3.4.2 Kennisgewing van ’n buitengewone vergadering van die sinode moet binne redelike tyd vooraf geskied.

**4. VOORGANGER TYDENS KERKVERGADERINGE**

’n Voorganger neem leiding totdat ’n voorsitter verkies is (sien punt 8 van hierdie reglement).

**4.1 Kerkraad**

4.1.1 By die jaarlikse verkiesing van ’n voorsitter wys die dagbestuur ’n voorganger aan totdat die vergadering konstitueer en ’n voorsitter verkies is.

**4.2 Ring**

4.2.1 By ’n ringsvergadering wys die ringskommissie ’n voorganger aan totdat die vergadering konstitueer en ’n voorsitter verkies is.

4.2.2 In die geval van ’n buitengewone ringsvergadering tree die voorsitter van die ringskommissie as voorsitter op.

**4.3 Sinode**

4.3.1 By ’n sinodevergadering wys die moderatuur (dagbestuur van moderamen) ’n voorganger aan totdat die vergadering konstitueer en ’n voorsitter verkies is.

4.3.2 In die geval van ’n buitengewone sinode tree die voorsitter van die moderamen as voorsitter op.

**5. TEENWOORDIGHEID**

5.1 Al die lede/afgevaardigdes is verplig om kerkvergaderinge by te woon of om betyds aan die skriba kennis te gee as hulle nie teenwoordig kan wees nie.

5.2 Lede mag nie die vergadering sonder verlof van die voorsitter verlaat nie.

**6. KONSTITUERING VAN KERKVERGADERINGE**

**6.1 Kworum**

6.1.1 ’n Kworum is die aantal lede van ’n vergadering wat teenwoordig moet wees om te konstitueer en om wettige besluite te neem.

6.1.2 As algemene reël vir kerkvergaderinge geld dat vir konstituering meer as die helfte van die lede van die vergadering teenwoordig moet wees.

6.1.3 Vir wettige besluitneming oor alle sake deur die kerkraad en ring moet meer as die helfte van die lede van die vergadering teenwoordig wees.

6.1.4 Vir wettige besluite deur die sinode oor alle sake (tugsake en reglemente ingesluit) moet meer as die helfte van die lede teenwoordig wees.

6.1.5 Vir al bogenoemde besluite is ’n volstrekte meerderheid meer as die helfte van die stemme.

**6.2 Kerkraad**

6.2.1 Vir ’n kerkraadsvergadering is die kworum meer as die helfte van die getal dienende kerkraadslede.

**6.3 Ring**

6.3.1 Die geloofsbriewe van die afgevaardigdes moet vooraf by die skriba van die ringskommissie ingelewer word.

6.3.2 ’n Kworum (meer as die helfte) van die afgevaardigdes moet teenwoordig wees om te konstitueer vir gewone werksaamhede asook vir tugsake.

**6.4 Sinode**

6.4.1 Die geloofsbriewe van alle afgevaardigdes moet minstens drie maande voor die aanvang van die vergadering deur die skriba van die moderamen ontvang word.

6.4.2 ’n Volstrekte meerderheid van die afgevaardigdes wie se geloofsbriewe ingelewer is, moet teenwoordig wees vir konstituering.

6.4.3 Vir tugsake is die kworum ’n volstrekte meerderheid van die lede.

**7. OPENING VAN KERKVERGADERINGE**

**7.1 Kerkraad**

7.1.1 Die voorsitter van die kerkraad besluit, met inagneming van punt 2 van hierdie reglement, oor die wyse waarop die opening van die vergadering plaasvind.

**7.2 Ring**

7.2.1 Die ringskommissie besluit, met inagneming van punt 2 van hierdie reglement, oor die wyse waarop die opening van die vergadering plaasvind.

**7.3 Sinode**

Die Taakspan vir die Beplanning van die Sinode besluit, met inagneming van punt 2 van hierdie reglement, oor die wyse waarop die opening van die vergadering plaasvind.

**8. VERKIESING VAN VOORSITTER**

**8.1 Kerkraad**

8.1.1 Die kerkraad verkies jaarliks ’n voorsitter uit die leraars en ouderlinge van die vergadering. *(Gegewe die gereformeerde kerkbegrip en die rol wat ’n bedienaar van die Woord in ’n gemeente behoort te speel met betrekking tot die teologiese en kerkregtelike leiding van die kerkraad en gemeente, is dit prinsipieel nie verkeerd as ’n leraar van ’n gemeente as voorsitter van ’n kerkraad optree nie. Kontrolemaatreëls moet getref word om ’n botsing van belange te voorkom. Die Ring het ’n belangrike toesigfunksie in hierdie verband.)*

8.1.2 Die verkiesing geskied volgens punt 9.2 van hierdie reglement.

**8.2 Ring**

8.2.1 Na konstituering en opening van die ringsvergadering word ’n voorsitter uit al die afgevaardigdes op ’n geslote stemwyse gekies.

8.2.2 Die verkiesing vind plaas volgens punt 9.2 van hierdie reglement.

8.2.3 Die tel van stemme word aan ’n taakspan opgedra wat vooraf deur die ringskommissie benoem is.

8.2.4 Ringskommissie

8.2.4.1 Die Ringskommissie bestaan uit ten minste vier lede.

8.2.4.2 Minstens drie lede, nl. die voorsitter, ondervoorsitter en skriba, word op die ringsvergadering tydens die vierjaarlikse sinodesitting verkies vir ’n termyn van vier jaar. Twee sekundus lede word ook aangewys. Die jaarlikse ringsitting verkies ten minste een addisionele lid (met sekundi). Die ringskommissie word per geslote stemwyse verkies. (sien Reglement van die Ring)

**8.3 Sinode**

8.3.1 Na konstituering en opening word die voorsitter op geslote stemwyse verkies.

8.3.2 ’n PSD of ander amptenaar wat as betaalde amptenaar in diens van die sinode staan is vanweë die moontlikheid van ’n botsing van belange nie as lid van die moderatuur verkiesbaar nie.

8.3.3 ’n Voorsitter mag nie vir meer as twee termyne in dieselfde amp verkies word nie.

8.3.4 Die verkiesing vind plaas volgens punt 9.2 van hierdie reglement.

8.3.5 Die opneem en tel van die stemme word aan ’n taakspan opgedra wat vooraf deur die Taakspan vir Beplanning van Sinode benoem is.

8.4 ’n PSD of ander amptenaar wat as betaalde amptenaar in diens van die sinode staan, is vanweë die moontlikheid van ’n botsing van belange nie as voorsitter van die sinodale diensgroep of taakspan waartoe hy/sy vir spesialisdiens toegewys is, verkiesbaar nie.

**9. STEMMING**

**9.1 Stemming oor sake**

9.1.1 Elke stemming geskied deur die aanwesige lede. Vir gewone werksaamhede moet meer as die helfte van die aanwesige lede (mits dit ’n kworum is) ten gunste van ’n voorstel stem om dit aanvaar te kry.

9.1.2 Oor alle sake wat nie algemene instemming ontvang nie, word daar gestem óf deur die opsteek van hande, óf ingeval van kontensieuse sake op geslote stemwyse, indien die voorsitter so reël.

9.1.3 In die geval van ’n voorstel met amendement(e), word die amendement(e) eers tot stemming gebring in opgaande orde vanaf die laaste wat ingedien is, en daarna die voorstel soos deur die aanvaarde amendement(e) gewysig. Slegs indien al die amendemente verwerp word, stem die vergadering oor die oorspronklike voorstel. Na elke stemming word die uitslag bekend gemaak.

9.1.4 Wanneer die stemming oor ’n saak gelykop is, moet die saak as onbeslis beskou word, maar dit kan by ’n later geleentheid weer voor die vergadering gebring word.

9.1.5 Indien die vergadering se dagbestuur oordeel dat die situasie dit vereis, kan ’n stemming oor ’n saak ook elektronies geskied.

**9.2 Stemming oor persone**

9.2.1 Indien die stemming op persone betrekking het, geskied dit op geslote stemwyse en wel op die volgende manier:
9.2.2 Verkiesing van ampsdraers van vergaderings
9.2.2.1 ’n Nominasielys word gevorm. Daarvoor word nie meer name op ’n nominasiebrief geplaas as die getal persone wat gekies moet word nie.
9.2.2.2 Slegs die name van persone wat nie onder amptelike kerklike tug is nie, mag op ’n groslys geplaas word.
9.2.2.3 Daar mag geen ooreenkoms of afspraak in stryd met die kerklike orde gemaak word nie.
9.2.2.4 Nadat die nominasielys opgestel is en voordat daar tot stemming oorgegaan word, mag die voorsitter of die taakspan wat die verkiesing hanteer, inligting verstrek in verband met die genomineerdes, met dien verstande dat hierdie mededelinge positief, saaklik en nie propagandisties van aard is nie.
9.2.3 Verkiesing van kerkraadslede: ouderlinge en diakens
9.2.3.1 ’n Nominasielys word gevorm. Daarvoor word nie meer name op ’n nominasiebrief geplaas as die getal persone wat gekies moet word nie.
9.2.3.2 ’n Kerkraad het die reg om ’n taakspan vir pre-advies te benoem. Die name van lidmate wat deur die taakspan vir pre-advies voorgelê word, word op die groslys geplaas, met dien verstande dat enige lid van die vergadering, die konsulent uitgesonderd, die reg behou om verdere nominasies op die groslys te plaas. Die taakspan vir pre-advies moet uit minstens vyf lede bestaan waarvan ten minste drie lede kerkraadslede moet wees. Lidmate kan ook benoem word.
9.2.3.3 Vir die verkiesing van kerkraadslede en ander ouderlinge en diakens, het belydende lidmate die reg om name by die skriba van die kerkraad/taakspan vir pre-advies in te dien.

**9.3 Adviserende teenwoordigheid**

9.3.1 Persone wat ’n vergadering in adviserende hoedanigheid bywoon, mag aan die besprekings deelneem, maar het nie stemreg nie. Hulle mag ook nie voorstelle maak of sekondeer nie.

## 10. BEROEPING/BENOEMING

### 10.1 Beroeping van ’n bedienaar van die Woord vir gemeente

10.1.1 Beroeping van bedienaars van die Woord vir ’n gemeente geskied volgens reglement 12 van die Kerkorde van die Algemene Sinode.

### 10.2 By benoeming van ’n bedienaar van die Woord in sinodale diens/kerkverband

10.2.1 Benoeming van bedienaars van die Woord vir ’n sinodale diens (PSD) geskied volgens Reglement 12 van die Kerkorde van die Algemene Sinode
10.2.2 Die moderamen benoem bedienaars van die Woord in sinodale diens en maak van ’n gevolmagtigde taakspan gebruik om die vakature te vul.
10.2.3 Die taakspan bestaan uit:
10.2.3.1 die dagbestuur van die diensgroep aan wie die vakature toegewys word;
10.2.3.2 die Sinodale Koördineringspan;
10.2.3.3 die moderatuur; (die voorsitter van die moderatuur tree as sameroeper op);
10.2.3.4 in geval van ’n vakature waar ’n beheerraad/taakspan betrokke is, vorm die dagbestuur van die beheerraad/taakspan deel van die taakspan.
10.2.3.5 die voorsitter van die pre-advies kommissie tree as voorsitter van die benoemingsvergadering op.
10.2.4 Hierdie taakspan tree ook as gevolmagtigde op met die aanstelling van senior amptenare van die sinode.
10.2.5 Vir die benoeming word van ’n pre-advieskommissie gebruik gemaak, wat aan die taakspan leiding gee oor moontlike kandidate. Die kommissie word saamgestel uit twee lede van elk van die liggame wat in 10.2.3 genoem word (een lid kan nie twee liggame terselfdertyd verteenwoordig nie). Elke liggaam wys sy eie twee lede aan.
10.2.6 Die pre-advieskommissie:
10.2.6.1 stel die vakature so wyd moontlik in die kerklike media bekend, met ’n volledige uiteensetting van die besondere vereistes wat ten opsigte van die pos gestel word;
10.2.6.2 ontvang die aansoeke en nominasies en verwerk dit volgens die vereistes van die pos, (lede van die moderamen kan ook nominasies by die taakspan indien);
10.2.6.3 het die reg om, nadat aansoeke ontvang is, die groslys nog verder aan te vul.
10.2.6.4 kan verdere inligting oor die persone wie se name op die groslys verskyn, inwin.

## 11. VERKIESING

### 11.1 Verkiesing van persone volgens geslote stemwyse

11.1.1 Nadat die nominasielys gesuiwer is, word daar vir soveel persone as wat verkies moet word, gestem.
11.1.2 Die persoon op wie die meeste stemme uitgebring is, is verkies, mits die getal stemme uitgebring meer as die helfte van die aanwesiges uitmaak (’n volstrekte meerderheid).
11.1.3 Indien niemand ’n volstrekte meerderheid van stemme van die aanwesige lede op hom/haar verenig

het nie, vind daar 'n verdere stemming plaas en wel uit die name wat die hoogste getal stemme verkry het en saam 'n volstrekte meerderheid verkry het.

11.1.4 Indien 'n gelyke getal stemme op twee of meer name op die groslys uitgebring is, op so 'n wyse dat daardeur meer name verkry is as wat vereis word, beslis die lot.

11.1.5 Indien die getal op die groslys presies dieselfde of minder as die getal vakatures is, moet daar vir of teen elke persoon gestem word. By 'n staking van stemme beslis die lot.

11.1.6 Indien die vergadering se dagbestuur oordeel dat die situasie dit vereis, kan die verkiesing van persone of die aanwysing van kommissies/taakspanne/projekspanne ook elektronies geskied.

**11.2 Verkiesing van persone volgens elektroniese stemwyse of omsendbrief**

11.2.1 Indien elektronies gestem word, is die werkswyse soos volg:

11.2.1.1 Die tersaaklike inligting, stemprosedure en keerdatum word duidelik in die korrespondensie aan die lede van die vergadering/kieskollege vermeld.

11.2.1.2 Stemgeregtigdes bring hul stemme volgens die voorgeskrewe prosedure uit.

11.2.1.3 Uitgebragte stemme moet teen die voorgeskrewe keerdatum ontvang word. Stemme wat laat ontvang word, word as bedorwe stemme geag.

11.2.1.4 Na afloop van die keerdatum en -tyd word bepaal of 'n volstrekte meerderheid deelgeneem het aan die stemming. Indien wel word die stemme getel.

**12. VOORBEREIDING, VERLOOP EN BESTUUR VAN KERKVERGADERINGE**

**12.1 Agenda**

12.1.1 Die agenda vir 'n kerkraadsvergadering word deur die voorsitter en dagbestuur van die kerkraad opgestel.

12.1.2 Die agenda vir 'n ringsvergadering word deur die skriba en die ringskommissie opgestel en moet, indien enigsins moontlik, twee weke voor die tyd aan die afgevaardigdes beskikbaar gestel word.

12.1.3 Die agenda vir die sinodevergadering word deur die moderamen saam met die taakspan vir beplanning van die sinode opgestel en moet elektronies minstens drie weke voor die vergadering aan die afgevaardigdes en sinodale amptenare beskikbaar gestel word. Dit kan ook in harde kopie aan afgevaardigdes beskikbaar gestel word, indien so versoek.

12.1.4 Indien die dagbestuur so besluit kan buitengewone kerkvergaderings met 'n enkele saak op die agenda ook elektronies geskied. Dit moet met behoorlike kennisgewing geskied (sien par. 3 van die reglement) en op die werkswyse soos in par 11.2 van hierdie reglement uiteengesit. Tugsake kan nie elektronies afgehandel word nie.

**12.2 Voorsitter**

12.2.1 Die voorsitter stel die sake op die agenda aan die orde.

12.2.2 Die voorsitter of persoon wat die agendapunte namens 'n taakspan/diensgroep/kommissie voorhou, dra die agendapunte wat behandel moet word duidelik voor en gee by die behandeling daarvan die nodige toeligting. As die aangeleentheid dit vereis, mag wenke aan die hand gedoen word om die vergadering te help om tot 'n besluit te kom.

12.2.3 Wanneer 'n situasie in die vergadering ontstaan, waarvoor hierdie reglement nie voorsiening maak nie, handel die voorsitter volgens gebruik en eie oordeel.

12.2.4 In die geval van beswaar teen die handelswyse van die voorsitter beslis die vergadering.

**12.3 Spreekbeurte**

12.3.1 By die behandeling van sake is elke lid van die vergadering op 'n spreekbeurt geregtig.

12.3.2 As twee of meer lede gelyktydig opstaan, beslis die voorsitter wie die eerste spreekbeurt kry.

12.3.3 Geen lid van die vergadering is geregtig op meer as een spreekbeurt oor dieselfde saak nie, behalwe in geval van 'n verduideliking, óf as die vergadering daartoe verlof gee, óf as daar van die reg tot repliek gebruik gemaak word, óf as 'n amendement ingedien word.

12.3.4 Die voorsteller het reg tot repliek, maar nie die indiener van 'n amendement nie.

**12.4 Voorstelle, amendemente, beskrywingspunte, mosies van orde en versoekskrifte**

12.4.1 Kerkraad-, ring- en sinodevergaderings

12.4.1.1 Voorstelle en amendemente van lede van die vergadering moet skriftelik ingedien word en deur die voorsteller en sekondant onderteken wees.

12.4.1.2 Aanbevelings van diensgroepe en taakspanne of tydelike kommissies word as voorstelle aan die vergadering hanteer.

12.4.1.3 Behalwe in die geval van 'n voorstel deur 'n kommissie of van 'n indiener van 'n beskrywingspunt, het die lid van die vergadering wat eerste opstaan nadat die voorsitter 'n saak aan die orde gestel het die reg om die vergadering met 'n voorstel te dien.

12.4.1.4 Geen voorstel of amendement mag deur die voorsitter ontvang word voordat hy die saak of agendapunt aan die orde stel nie.

12.4.1.5 ’n Voorstel of amendement wat reeds ter tafel is, mag nie sonder die verlof van die vergadering teruggetrek word nie.
12.4.1.6 ’n Mosie van orde is ’n voorstel wat betrekking het op die volgorde waarin sake ter tafel moet kom, of dat die bespreking van ’n bepaalde saak opgeskort of beëindig word, of dat van ’n bepaalde saak afgestap word. ’n Ordemosie kan op enige tydstip gedurende die bespreking ingedien word en daaroor word dadelik sonder bespreking gestem. Dit word egter aan die oordeel van die voorsitter oorgelaat om die mosie terug te hou as hy/sy van mening is dat dit aangewend word om ’n behoorlike bespreking van die onderwerp te voorkom.
12.4.1.7 Persone wat ’n kerkvergadering in adviserende hoedanigheid bywoon, mag nie voorstelle maak of sekondeer nie.
12.4.1.8 Ongesensureerde lidmate mag ’n versoekskrif by kerkvergaderinge indien.

12.4.2 Sinodevergaderings
12.4.2.1 Voorstelle aan die sinode word ingedien deur sinodale diensgroepe en taakspanne, ringe, kerkrade en afgevaardigdes na die sinode.
12.4.2.2 Beskrywingspunte moet minstens drie maande voor die vergadering aan die skriba van die moderamen gestuur word. Beskrywingspunte wat nie drie maande voor die tyd die skriba bereik het nie, is nie ontvanklik vir die sinode nie.
12.4.2.3 Voorstelle of amendemente ten opsigte van aanbevelings en beskrywingspunte in die agenda van die sinode moet die skriba van die moderamen voor die aanvang van die sinode bereik.
Die volgende prosedure geld:
12.4.2.3.1 Die Taakspan vir Beplanning van Sinode verwys dit na die Tydelike Kommissie vir Algemene Sake.
12.4.2.3.2 Die insenders van beskrywingspunte, voorstelle en amendemente kry die geleentheid om hulle saak voor die Tydelike Kommissie vir Algemene Sake te stel.
12.4.2.3.3 Die aanbevelings van die Tydelike Kommissie dien as voorstelle voor die sinode.
12.4.2.3.4 Indien enige Tydelike Kommissie ’n aanbeveling doen wat ’n aanbeveling van ’n sinodale diensgroep of taakspan raak, word die tydelike kommissie se voorstel die amendement op die diensgroep of taakspan se oorspronklike voorstel.
12.4.2.3.5 Indien meer as een sinodale diensgroep of taakspan ’n voorstel oor dieselfde saak voor die vergadering het, reël die voorsitter watter een die voorstel is en watter een die amendement is.
12.4.2.3.6 Lede van die vergadering behou wel die reg om amendemente tydens die vergadering in te dien. Dit moet skriftelik by die skriba ingedien word.
12.4.2.4 Beskrywingspunte, voorstelle of amendemente wat veranderinge aan die reglemente ten doel het, moet in sodanige vorm wees as waarin die voorstellers meen dat dit in die reglemente opgeneem moet word.
12.4.2.4.1 Beskrywingspunte moet, elk op ’n aparte vel, in duplikaat na die skriba van die sinode gestuur word.
12.4.2.5 Spoedeisende sake van besondere en algemene belang mag deur die vergadering in behandeling geneem word, indien die vergadering daartoe besluit na besinning en aanbeveling van die moderatuur.
12.4.2.6 Die inleier van ’n beskrywingspunt of ’n voorstel word beperk tot ’n spreekbeurt van nie meer as tien minute nie, behalwe met spesiale toestemming van die vergadering.
12.4.2.7 Ander sprekers word beperk tot ’n spreekbeurt van nie meer as vyf minute nie, behalwe met spesiale toestemming van die vergadering.

**12.5 Elektroniese kerkvergaderings (kerkrade, ringe en moderamen)**

12.5.1 Elektroniese kerkvergaderings:
12.5.1.1 is buitengewone vergaderings wat ten doel het om spoedeisende besluite oor nie-kontroversiële sake te neem;
12.5.1.2 word deur ’n dagbestuur van ’n kerkvergadering slegs belê vir enkele dringende besluite wat geneem moet word;
12.5.1.3 is nie bedoel vir sake vir revisie nie;
12.5.1.4 behoort die uitsondering te wees;
12.5.1.5 ’n dagbestuur kan advies van die aktuarius van die sinode inwin indien hulle twyfel oor die meriete van die saak.
12.5.2 Die prosedure vir ’n elektroniese vergadering moet ooreenstem met die prosedure van ’n gewone kerkvergadering. Daar moet behoorlik kennis gegee word, gekonstitueer word, besluite geneem word en genotuleer word.
12.5.3 Die lede van die vergadering moet ’n redelike tyd vooraf elektronies (e-pos of sms) kennis ontvang dat hulle op ’n spesifieke datum moet besluit oor ’n saak. Hulle moet antwoord of hulle die kennisgewing ontvang het. Met hierdie antwoord gee hulle terselfdertyd toestemming dat hulle gereed is vir stemming. Daar moet seker gemaak word dat alle lede kennis gekry het van die vergadering.

12.5.4 Met die eerste kennisgewing kan al die tersaaklike inligting, motivering en aanbevelings reeds gestuur word.
12.5.5 Op die tyd (datum) van die vergadering word die e-pos aan almal uitgestuur (gevolg deur ’n SMS) met die versoek dat hulle op ’n bepaalde datum binne ’n sekere tydgleuf moet stem. Daar moet ’n redelike tyd (2 tot 5 dae) toegelaat word.
12.5.6 Indien meer as die helfte reageer word dit as ’n wettige vergadering beskou (gekonstitueer). ’n Gewone meerderheid van lede wat reageer het, se stem word die besluit.
12.5.7 Geen stem kan ontvang word na die vasgestelde keertyd nie. Dit sou “buite” die vergadering wees. Die e-posse sal deur skriba van vergadering geverifieer moet word.
12.5.8 Indien geen besluit geneem kan word nie (vanweë te min wat antwoord) kan ’n volgende vergadering belê word.
12.5.9 Die notule van die elektroniese vergadering word op die volgende gewone vergadering goedgekeur.

**12.6 Elektroniese vergaderings vir kommissies, taakspanne en diensgroepe**
12.6.1 Dit staan kommissies, taakspanne en diensgroepe vry om elektroniese vergaderings te hou met toestemming van en soos ooreengekom deur die lede van die betrokke groep.

**12.7 Revisie (hersiening van besluite**) (Sien reglement 19 van die Algemene Sinode**)**
12.7.1 Algemeen
12.7.1.1 Revisie behels die hersiening van ’n besluit tydens dieselfde of 'n volgende gewone vergadering op versoek van ’n lid van die vergadering.
12.7.1.2 Revisie van besluite kan toegestaan word, indien oortuigend aangevoer word:
12.7.1.2.1 dat sekere aspekte van die saak waarom dit gaan in die bespreking tydens die vergadering glad nie of onvoldoende aandag gekry het;
12.7.1.2.2 dat daar inligting na vore gekom het wat die hersiening van die besluit noodsaak.
12.7.2 By kerkraadsvergaderings
12.7.2.1 Besluite wat eenmaal geneem is, mag met vermelding van die spesifieke saak na voorafgaande kennisgewing (bv deur die agenda) en met toestemming van die vergadering in revisie gebring word.
12.7.2.2 Die toestaan van die revisie en die bespreking van die saak waaroor die besluit gaan, kan by dieselfde vergadering plaasvind.
12.7.2.3 ’n Besluit kan ook by dieselfde vergadering waartydens dit geneem is in revisie kom, indien die vergadering eenparig toestemming verleen. Indien hierdie eenparige toestemming nie verkry word nie, kan kennis van revisie vir die volgende kerkraadsvergadering gegee word ten einde die toestemming van daardie vergadering met ’n meerderheid van stemme te verkry.
12.7.3 Revisie van besluite by meerdere vergaderinge
12.7.3.1 Elke kennisgewing van revisie word na die Tydelike Taakspan vir Regte (by sinode) of die Ringskommissie (by ring) verwys.
12.7.3.2 Die aansoeker kry geleentheid om sy redes vir die versoek tot revisie persoonlik aan die taakspan/kommissie voor te lê.
12.7.3.3 Die taakspan/kommissie maak na oorweging ’n aanbeveling ten opsigte van elke kennisgewing van revisie aan die kerkvergadering.
12.7.3.4 Indien revisie deur die kerkvergadering toegestaan word, dien die saak voor die vergadering by ’n geleentheid en tyd soos deur die moderatuur of ringskommissie bepaal.
12.7.3.5 ’n Saak kan ook vir oorweging aan ’n volgende vergadering voorgelê word deur middel van die agenda of ’n beskrywingspunt.
12.7.3.6 Revisie kan ook deur middel van ’n appèl voor ’n vergadering kom. (Vergelyk Artikel 23 van die Kerkorde.)

**13. VOORLEGGINGS OF VERSLAE**
**13.1 Kerkraad**
13.1.1 Voorleggings of verslae van kerkraadskommissies en diensgroepe kan voor ’n kerkraadsvergadering aan die lede beskikbaar gestel word. Dit moet egter as vertroulik beskou word.

**13.2 Ring**
13.2.1 Voorleggings of verslae van alle ringskommissies, diensgroepe, taakspanne en ander persone wat opdragte van die ring moet uitvoer, moet volgens die reëling van die ringskommissie voor die ringsvergadering by die skriba van die ringskommissie wees wat dit saam met ander toepaslike stukke minstens twee weke voor die ringsvergadering aan afgevaardigdes beskikbaar stel.

**13.3 Sinode**
13.3.1 Voorleggings van alle sinodale diensgroepe en verslae van taakspanne/diensgroepe en ander persone wat opdragte van die sinode moes uitvoer, moet die skriba van die moderamen minstens twee maande voor die sinode bereik en moet minstens vier weke voor die aanvang van die sinode aan die

afgevaardigdes van kerkrade beskikbaar gestel word.

**14. PERMANENTE DIENSGROEPE, TAAKSPANNE EN KOMMISSIES VAN KERKVERGADERINGE**

**14.1 Aanwysing**

14.1.1 Kerkraad

14.1.1.1 Diensgroepe, taakspanne en permanente kommissies van die kerkraad word deur die kerkraad goedgekeur.

14.1.2. Ring

14.1.2.1 Diensgroepe, taakspanne en permanente kommissies van die ring word deur die ringsvergadering goedgekeur.

14.1.2.2 Die ringskommissie word per geslote stemwyse verkies.

14.1.3 Sinode

14.1.3.1 Diensgroepe en taakspanne van die sinode word deur die vergadering goedgekeur nadat 'n voorlegging van die Tydelike Taakspan vir Kommissies (wat bestaan uit die voorsitters van vorige diensgroepe en taakspanne asook die skriba van elke ring) ontvang is. Die assessor neem hier leiding.

**15. TYDELIKE TAAKSPANNE EN KOMMISSIES VAN KERKVERGADERINGE**

**15.1 Aanwysing**

15.1.1 Kerkraad

15.1.1.1 Tydelike taakspanne en kommissies van die kerkraad word deur die vergadering goedgekeur.

15.1.2 Ring

15.1.2.1 Tydelike taakspanne en kommissies van die ring word deur die ringskommissie benoem en deur die vergadering goedgekeur.

15.1.3 Sinode

15.1.3.1 Tydelike sinodale taakspanne word deur die Taakspan vir Beplanning van die Sinode aangewys en moet sover moontlik uit die lede van die ooreenstemmende permanente diensgroepe en taakspanne bestaan.

15.1.3.2 Tydelike sinodale taakspanne kan deur die Taakspan vir Beplanning van die Sinode opgeroep word om voor die aanvang van die sinode te vergader.

15.1.4 ’n Kerkvergadering kan benewens sy lede van enige lidmaat gebruik maak om in ’n tydelike taakspan te dien.

**15.2 Funksionering**

15.2.1 Tydelike taakspanne behandel beskrywingspunte en ander sake wat na hulle verwys word en dien die vergadering met aanbevelings.

**16. NOTULE**

**16.1 Kerkraad**

16.1.1 Die skriba teken aan wat in die vergadering behandel word en voer die opdragte uit. Die volledige verslag wat voor die kerkraad gedien het, sowel as die finale besluit word in die notule opgeneem. Ander belangrike sake word ook genotuleer.

16.1.2 Die voorstelle en amendemente wat deur lede ingedien word, ook die wat nie aanvaar word nie, word in die notule opgeneem.

16.1.3 Die besluite van die vergadering kan onmiddellik uitgevoer word.

16.1.4 Die notule van die kerkraadsvergadering word verkieslik een week na die vergadering (elektronies of anders) aan die lede beskikbaar gestel. Indien lede hieroor kommentaar wil lewer, kan dit by die skriba van die kerkraad ingedien word. Normaalweg word die notule van die kerkraadsvergadering van die vorige sitting aan die vergadering voorgelê en deur die voorsitter geteken nadat dit goedgekeur is. ’n Voorstel om die notule goed te keur, moet gesekondeer word. (Indien die notule volledig beskikbaar is, kan dit by dieselfde vergadering goedgekeur word.)

**16.2 Ring**

16.2.1 Die skriba teken aan wat in die vergadering behandel word en voer die opdragte van die vergadering uit. Slegs die besluite van die vergadering en ander belangrike sake word genotuleer.

16.2.2 Die voorstelle en amendemente wat deur lede ingedien word, ook die wat nie aanvaar word nie, word in die notule opgeneem.

16.2.3 Die besluite van die vergadering kan uitgevoer word nadat die notule goedgekeur is.

16.2.4 Die notule van die ringsitting word deur die ringskommissie goedgekeur. Die notule, sowel as besluiteregister word verkieslik binne twee weke na die ringsitting elektronies aan al die lede wat teenwoordig was, asook aan al die gemeentes in die ring, beskikbaar gestel.

**16.3 Sinode**

16.3.1 Die skriba, met behulp van ’n Taakspan vir Notulering (deur die Taakspan vir Beplanning van die Sinode aangewys) teken aan wat op die vergadering behandel word en voer die besluite uit. Slegs die

besluite van die vergadering en ander sake waarop die vergadering besluit, word genotuleer.

16.3.2 Die voorstelle en amendemente wat deur lede ingedien word, ook die wat nie aanvaar word nie, word in die notule opgeneem.

16.3.3 Die daaglikse notule van die sinodesitting word die volgende dag deur die vergadering goedgekeur. Die laaste dag se notule word deur die moderatuur goedgekeur.

16.3.4 Besluite wat deur die sinode geneem word (soos vervat in die Handelinge asook die wysiging van die reglemente) tree in werking met die verskyning van die gedrukte of elektroniese publikasie van die Handelinge van die sinode, tensy die sinode anders besluit.

16.3.5 Binne een maand na afloop van die sinode, stuur die skriba van die sinode die handelinge van die vergadering (notule) en besluiteregister elektronies na al die afgevaardigdes asook na elke gemeente. Lede wat ’n skriftelike kopie van die handelinge wil ontvang, rig ’n versoek aan die skriba van die sinode.

16.3.6 Die besluite van die moderamenvergadering kan uitgevoer word nadat die notule goedgekeur is.

16.3.7 Die notule van moderamenvergaderings word deur die moderatuur op sy eersvolgende vergadering goedgekeur.

---

## 2. REGLEMENT VIR DIE RING

Hierdie reglement is aanvullend tot die Kerkorde (artikel 29-31), met die spesifieke doel om die kerkordelike artikels in die ringe van Wes-en-Suid-Kaap toe te pas.

**1. DIE RING**

Die ring is ’n uitdrukking van die kerkverband wat gemeentes onderling groepeer met die oog op onderlinge samewerking en ondersteuning asook behoorlike kerklike dissipline.

**2. SAMESTELLING VAN DIE RING**

2.1 Die ring word saamgestel uit gemeentes wat geografies gegroepeer is. Hierdie groepering van gemeentes word van tyd tot tyd deur die sinode gedoen.

2.2 Die ring vergader een maal per jaar of soos deur die betrokke sinode bepaal. (Kerkorde Artikel 29)

**3. WERKSAAMHEDE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE RING**

Die ring het ’n pastorale- en toesigfunksie sowel as ’n toerustings- en begeleidende taak ten opsigte van elke ringsgemeente. Sien ook artikel 31 van die Kerkorde.

**3.1 Amptelike ringsbesoek (visitasie)**

3.1.1 Die ring bring minstens een maal in die termyn tussen gewone sinodesittings ’n amptelike ringsbesoek (visitasie) aan elke gemeente.

3.1.2 Die taakspan van die ring wat die amptelike ringsbesoek uitvoer bestaan uit:

3.1.2.1 minstens twee lede van die ringskommissie;

3.1.2.2 ’n lid wat deur Communitas aangewys word.

3.1.3 Die amptelike ringsbesoek geskied aan die hand van kriteria in die dokument: Stand van gemeentes.

**3.2 Pastorale funksie**

Tot die pastorale funksie van die ring behoort:

3.2.1 geestelike en materiële ondersteuning aan elke gemeente;

3.2.2 advies en hulp om elke gemeente in staat te stel om haar roeping uit te leef.

**3.3 Toerustingsfunksie**

Tot die toerustingsfunksie van die ring behoort:

3.3.1 die ontwikkeling van ’n gesamentlike missionale roeping vir die ringsgebied;

3.3.2 die begeleiding van gemeentes tot die konkrete uitleef van hierdie roeping.

**3.4 Begeleidingsfunksie**

Tot die begeleidingsfunksie van die ring behoort:

3.4.1 die ontwikkeling en begeleiding van ampsdraers met die oog op leierskap en verantwoordbaarheid.

**3.5 Opsig- en tugfunksie**

Die opsig- en tugfunksie van die ring behels:

3.5.1 om toe te sien dat alles in die ringsgemeentes volgens kerklike reëlings geskied (Kerkorde Artikel 31);

3.5.2 die opsig-, tug- en dissipline oor alle ouderlinge, diakens en bedienaars van die Woord, wat emeriti en

proponente insluit (Kerkorde Artikel 31.7).

3.5.3 die bevoegdheid om ’n saak wat ’n mindere vergadering moes afhandel, onder die volgende omstandighede te hanteer:

3.5.3.1 waar ’n mindere vergadering nie bestaan nie;

3.5.3.2 in geval van onvermoë of wanbestuur by die mindere vergadering. (Sien Kerkorde Artikel 22.2)

**3.6 Vakature vir bedienaar van die Woord in ’n ringsgemeente (Artikel 31.3 en Reglement 12 van die Kerkorde)**

3.6.1 Die ring/ringskommissie het ’n verantwoordelikheid om in samewerking met ’n kerkraad toe te sien dat ’n vakature so spoedig moontlik gevul word (die Kerkorde, Artikel 7, reglement vir die Ringskriba van die Sinode van Wes-en-Suid-Kaap, reglement vir die kerkraad van die Sinode van Wes-en-Suid-Kaap en reglement vir Bedienaar van die Woord van die Sinode van Wes-en-Suid-Kaap).

**3.7 Beroeping en bevestiging van ’n bedienaar van die Woord (Artikel 31.2 en Reglement 12 van die Kerkorde)**

3.7.1 By die beroeping en bevestiging van ’n bedienaar van die Woord, sien die ring toe dat daar aan al die kerkordelike vereistes voldoen is (Kerkorde artikel 7 en 8, reglement vir Bedienaars van die Woord en reglement vir Skriba van die Ringskommissie van die Sinode van Wes-en-Suid-Kaap).

3.7.2 Die ring sien toe dat 'n behoorlike induksie van die bedienaar van die Woord in die gemeente gedoen word. Die dienste van die Sinodale Taakspan vir Predikantebegeleiding (STP) kan hiervoor gebruik word.

**3.8 Uitdienstreding van ’n bedienaar van die Woord (Artikel 11, 12 en 31.2 asook reglement 11 van die Kerkorde)**

3.8.1 By uitdienstreding sien die ringskommissie toe dat daar aan al die kerkordelike vereistes voldoen is (die Kerkorde artikel 11 en 12).

3.8.2 Die ringskommissie sien toe dat bedienaars van die Woord na die bereiking van ouderdom 65 aftree. Met uitsondering kan die kerkraad aanbeveel dat ’n leraar tot ’n maksimum van nog ses maande in diens van die gemeente bly. (Kerkorde Funksionele Besluit 13)

**3.9 Herstel van bevoegdheid van ’n bedienaar van die Woord of proponent (Artikel 31.2 asook reglement 11 van die Kerkorde)**

3.9.1 Die ring se rol in die hantering van ’n aansoek om herstel van bevoegdheid van predikante en proponente is uiteengesit in: die reglement vir die Reëling van die Bevoegdheid van Bedienaars van die Woord, Proponente en Emeriti van die Algemene Sinode, asook in die Riglyne vir Hantering van Aansoeke om Herstel van Bevoegdheid van die Sinode van die Wes-en-Suid-Kaap.

**3.10 Nuwe gemeente-ontwikkeling, samesmelting, stigting, grenslyne en naamsverandering van gemeentes (Kerkorde artikel 31.4)**

3.10.1 Die ontwikkeling van ’n nuwe gemeente in die ringsgebied word deur die ring begelei in samewerking met die Sinodale Taakspan vir Nuwe Gemeente-ontwikkeling (GKS). Die stigting van ’n nuwe gemeente in die ringsgebied kan ook deur die ring geïnisieer word.

3.10.2 Die ring het ’n verantwoordelikheid ten opsigte van die stigting, kombinering, eenwording en samesmelting van gemeentes in die ring. (Kerkorde reglement 23: Reglement vir die Vermeerdering, Kombinering, Eenwording en Samesmelting van Gemeentes en die Vorming van ’n nuwe Kerkverband van die Algemene Sinode.)

3.10.3 Die verandering van grenslyne van bestaande gemeentes is die verantwoordelikheid van die ring. Kostes hieraan verbonde word deur die betrokke gemeentes gedra.

3.10.4 Die naamsverandering van ’n bestaande gemeente geskied met goedkeuring van die ring, waarna dit deur die moderamen goedgekeur moet word en in die *Kerkbode* bekend gemaak word. Alle koste in dié verband is vir die rekening van die betrokke gemeente.

**3.11 Verskillende kerkverbande – kombinasie van werksaamhede (Kerkorde artikel 31.4)**

3.11.1 Die rol van die ring in die kombinasie van werksaamhede van gemeentes en ringe uit verskillende kerkverbande, word volledig uiteengesit in die Reglement vir die Vermeerdering, Kombinering, Eenwording en Samesmelting van Gemeentes en vir die Vorming van ’n nuwe Kerkverband van die Algemene Sinode.

**3.12 Kerklike geskille, dissiplinêre- en tugsake (Artikel 31.7 asook reglemente 17 en 18 van die Kerkorde)**

3.12.1 Kerklike geskille, dissiplinêre- en tugsake word deur die ring volgens kerkordelike riglyne hanteer (Kerkorde artikel 59-66, reglement vir Tug en Dissipline van die Algemene Sinode).

3.12.2 Kerklike geskille, dissiplinêre- en tugsake word deur die ringsregskommissie as gevolmagtigde on-

dersoekliggaam van die ring volgens kerkordelike riglyne hanteer (sien 4.2.4 en 5 van hierdie reglement).

3.12.3 Kerklike geskille, dissiplinêre- en tugsake kan ook deur die ring/ringskommissie verwys word na ’n ander ring vir hantering.

**3.13 Kerklike appèlle (Kerkorde artikel 31.5)**

3.13.1 Kerklike appèlle word deur die ring/ringkommissie na ’n appèlliggaam as gevolmagtigde kommissie verwys om volgens kerkordelike riglyne te hanteer (sien artikel 23 van die Kerkorde asook punt 7.2 van hierdie reglement).

**3.14 Beperkte bevoegdheid op versoek van kerkrade (Kerkorde Artikel 16.1.8, 31.9, 48.3.5)**

3.14.1 Die ring kan, op versoek van kerkrade, beperkte bevoegdheid toeken, bv vir die lei van eredienste aan ouderlinge.

**4. VERGADERING VAN DIE RING (RINGSITTING)**

Oor die samestelling, konstituering en ordereëlings van die ringsvergadering, sien die reglement van Orde van die Sinode van Wes-en-Suid-Kaap.

**4.1 Samestelling van die ringsvergadering**

4.1.1 Die ringsvergadering word saamgestel uit afgevaardigdes van die ringsgemeentes.

4.1.2 Die samestelling van die afvaardiging is soos volg:

4.1.2.1 al die bedienaars van die Woord van ’n gemeente. Waar ’n predikantspos vakant is, kan ’n kerkraadslid in die plek van die vakante pos afgevaardig word;

4.1.2.2 een kerkraadslid vir elke predikantspos. ’n Afgevaardigde of sekundus kan uit die korpus van alle ouderlinge en diakens in die gemeente gekies word.

4.1.3 Vir elke afgevaardigde (bedienaar van die Woord sowel as kerkraadslid) word ’n kerkraadslid as sekundus aangewys.

4.1.4 Die primarius- en die sekundus kerkraadslid kan mekaar tydens die ringsitting vervang, behalwe wanneer ’n amptelike ondersoek aan die gang is. Waar vervanging plaasvind, moet die afvaardigende kerkraad self vir die addisionele koste instaan.

**4.2 Geloofsbriewe vir ringsvergadering (sien ook die reglement van Orde van die Sinode van Wes-en-Suid-Kaap)**

4.2.1 Kerkrade voorsien die ringsvergadering by elke vergadering van die geloofsbriewe van die afvaardiging met hul sekundi.

4.2.2 Geloofsbriewe van afgevaardigdes moet voor die aanvang van die vergadering by die skriba van die ring ingelewer word.

**4.3 Konstituering van die ringsvergadering (sien ook die reglement van Orde van die Sinode van die Wes-en-Suid-Kaap)**

4.3.1 Om te konstitueer moet meer as die helfte (volstrekte meerderheid) van die vereiste aantal afgevaardigdes (sien punt 4.1van hierdie reglement) teenwoordig wees.

4.3.2 ’n Kworum (meer as die helfte) van die afgevaardigdes moet teenwoordig wees om te konstitueer vir gewone werksaamhede asook vir tugsake.

**4.4 Die werksaamhede van die jaarlikse ringsvergadering**

4.4.1 Elke ringsvergadering kies sy eie voorsitter wat, vir die duur van die vergadering, saam met die skriba leiding van die vergadering neem.

4.4.2 Ringsvergaderings

4.4.2.1 soek na die wil van die Here met betrekking tot roeping en gesamentlike werksaamhede van die ring;

4.4.2.2 neem verslae van die ringskommissie oor die werksaamhede van gemeentes wat besoek is (visitasie) in behandeling;

4.4.2.3 neem sake wat van belang is vir die ringsgemeentes in behandeling.

**4.5 Konstituering van ringsvergadering tydens ’n sinodesitting**

4.5.1 Afgevaardigdes na die sinode dien as personeel van die ringsvergadering wat tydens die sinode konstitueer om sake af te handel.

4.5.2 Indien ’n nuwe ring deur die sinode saamgestel word, konstitueer hierdie ring met die afgevaardigdes van die betrokke gemeentes tydens die sinode.

**4.6 Ordereëlings en prosedures vir vergaderinge van die ring**

4.6.1 Sien reglement van Orde van die Sinode van Wes-en-Suid-Kaap.

**5. RINGSKOMMISSIE**

Die ringskommissie word op die ringsvergadering tydens die gewone sinodesitting vir die termyn tussen die sinodevergaderings verkies en neem leiding om toe te sien dat die onderskeie funksies en verantwoordelikhede van die ring (punt 3 van hierdie reglement) na behore nagekom word.

**5.1 Samestelling**

5.1.1 Die ringskommissie bestaan uit ten minste drie permanente lede :

5.1.1.1 ’n voorsitter (’n bedienaar van die Woord) wat die ring verteenwoordig op die moderamen vir die termyn tussen sinodes;

5.1.1.2 ’n ondervoorsitter (’n bedienaar van die Woord) wat ook as sekundus optree vir die voorsitter van die ringskommissie op die moderamen vir die termyn tussen sinodes;

5.1.1.3 ’n skriba (’n bedienaar van die Woord) wat as skriba van die ring sowel as skriba van die ringskommissie dien vir die termyn tussen sinodes;

5.1.1.4 minstens een addisionele lid wat jaarliks tydens die ringsitting verkies word. Hierdie lid word reeds by die ringsvergadering tydens die sinode vir een jaar verkies.

5.1.1.5 ’n Sekunduslid vir elke lid van die ringskommissie word op die ringsvergadering tydens die gewone sinodesitting vir die termyn tussen die sinodevergaderings verkies. Die uitsondering is die sekundus vir die addisionele lid wat net vir een jaar verkies word.

5.1.1.6 Die ringskommissie kan in geval van vakatures, sekundi-lede in volgorde oproep.

5.1.1.7 Lede van die ringskommissie verdien jaarliks 10 VBO punte.

**5.2 Pligte en verantwoordelikhede van die ringskommissie**

Die ringskommissie:

5.2.1 verskaf kontinuïteit aan die werksaamhede van die ring wanneer die ring nie in sitting is nie en vergader so dikwels as wat nodig mag wees;

5.2.2 gee uitvoering aan alle opdragte, take en funksies soos deur die Kerkorde en reglemente voorgeskryf;

5.2.3 neem alle spoedeisende sake in behandeling;

5.2.4 sien toe dat kerklike geskille, opsig en tug volgens kerkordelike riglyne hanteer word;

5.2.5 dra sorg dat die werksaamhede en verantwoordelikhede van die ring (sien punt 3 van hierdie reglement) uitgevoer word;

5.2.6 sien toe dat daar namens die ring, minstens eenkeer in die termyn tussen sinodes, ’n amptelike ringsbesoek (ringsvisitasie) aan elke ringsgemeente gebring word. (Sien ook 3.1 van hierdie reglement)

5.2.7. sien toe dat 'n induksie van elke bedienaar van die Woord wat in ringsgemeente bevestig word, gedoen word; (Sien 3.7.2 van hierdie reglement)

5.2.8 hou noukeurig notule van sy vergaderings en lewer tydens ’n ringsvergadering verslag van al sy werksaamhede;

5.2.9 het die bevoegdheid en verantwoordelikheid om ringsvergaderings byeen te roep;

5.2.10 stel die agenda van ’n ringsvergadering saam en tref alle reëlings met die oog op die vergadering.

5.2.11 sien toe dat die notules van die ringsvergadering deur die voorsitter van die ringskommissie en skriba onderteken word nadat die ring of die ringskommissie dit goedgekeur het.

**5.3 Pligte en verantwoordelikhede van die voorsitter van die ringskommissie**

Die voorsitter:

5.3.1 neem verantwoordelikheid vir alle take wat normaalweg aan ’n voorsitter toegedeel word;

5.3.2 neem leiding en verantwoordelikheid om toe te sien dat die werksaamhede en verantwoordelikhede van die ring (sien punt 3 van hierdie reglement) na behore nagekom word;

5.3.3 verteenwoordig die ring op die moderamen sowel as op die ringsleiersforum vir die termyn tussen sinodes.

**5.4 Pligte en verantwoordelikhede van die skriba van die ring/ringskommissie**

5.4.1 Die rol en taak van die skriba word uiteengesit in die reglement vir Ringskriba van die Sinode van Wes-en-Suid-Kaap.

**6. RINGSREGSKOMMISSIE**

6.1 Die ring benoem ’n permanente regskommissie wat bestaan uit minstens drie lede met minstens twee sekundi. Hulle word as gevolmagtigdes vir amptelike ondersoeke of appèlsake benoem.

6.2 Indien die ring besluit om van ’n gevolmagtigde ondersoekliggaam gebruik te maak om ’n ondersoek te doen volgens artikel 63 en 64 van die Kerkorde, tree die ringsregskommissie (drie lede) saam met twee deskundige lede, soos in oorleg met die aktuarius van die sinode aangewys, as gevolmagtigde ondersoekliggaam op. Behalwe die genoemde vyf lede kan ander kundige lidmate van binne of buite die ring ook deur die ondersoekliggaam as volwaardige lede gekoöpteer word. Die ondersoekliggaam

moet uit minstens vyf lede bestaan waarvan ten minste drie lede van die laaste ringsvergadering moet wees (reglement vir Tug en Dissipline van die Algemene Sinode).

6.3 Die aktuarius moet van alle tug- en dissiplinêre ondersoeke of appèlsake in kennis gestel word. Na afhandeling van 'n ringsondersoek moet die bevinding van die ondersoekliggaam binne een week aan die aktuarius van die sinode vir kennisname gestuur word.

6.4 Indien die ringsregskommissie regsadvies met koste-implikasies wil inwin, is toestemming van die ring of ringskommissie nodig.

**7. RINGSAPPÈLLIGGAAM**

7.1 Die ringsappèlliggaam hanteer alle appèlle teen kerkrade of hulle gevolmagtigde kommissies.

7.2 Die ringsregskommissie tree as gevolmagtigde appèlliggaam op. Indien nodig kan twee deskundige lede op aanbeveling van die aktuarius met volle stemreg deur die ringsappèlliggaam gekoöpteer word.

7.3 Indien die ringsappèlliggaam regsadvies met koste-implikasies wil inwin, is toestemming van die ring of ringskommissie nodig (sien reglement vir Appèl of Beswaar van die Algemene Sinode vir volledige uiteensetting insake die hantering van 'n appèl).

**8. RINGSFONDS**

8.1 'n Ring kan 'n ringsfonds skep deur bydraes van elke gemeente in sy gebied te vorder.

8.2 Die ring begroot tydens die ringsitting vir die onkostes en vorder dit van gemeentes in.

8.3 Die ringsfonds word aangewend vir die koste van administrasie of enige onderneming in ringsbelang.

8.4 Koste wat deur kommissies van die ring (ook ringskommissie) aangegaan word, moet vooraf deur die ring of ringskommissie goedgekeur word en word betaal:

8.4.1 uit die ringsfonds;

8.4.2 of, deur die saakgelastigde van die sinode, indien die ring nie oor sodanige fonds beskik nie.

8.5 Die skriba van die ring beheer en administreer die fonds volgens opdrag van en met verslag aan die ringsvergadering.

8.6 Die skriba van die ring moet jaarliks 'n finansiële staat van die fonds opstel en dit deur die ringskommissie laat nagaan, met verslag aan die ring.

8.7 Die ring betaal jaarliks aan die ringskommissie 'n gepaste honorarium.

**9. KONSULENT**

9.1 Die ring benoem vir elke gemeente 'n konsulent om tydens vakatures of langdurige afwesigheid van bedienaars van die Woord die noodsaaklike ampspligte (sien die Kerkorde artikel 9) in oorleg met die kerkraad waar te neem. Kerkrade word van die benoeming in kennis gestel.

9.2 Noodsaaklike ampspligte behels o.a.:

9.2.1 bywoon van alle kerkraadsvergaderings (indien so versoek kan hy/sy ook as voorsitter optree);

9.2.2 dagbestuursvergaderings;

9.2.3 verkondiging van die Woord (waar nodig);

9.2.4 bevestiging van ampsdraers;

9.2.5 bediening van die sakramente;

9.2.6 bevestiging van lidmate;

9.2.7 ander geleenthede waar 'n leraar se teenwoordigheid noodsaaklik is.

9.3 Die reis en verblyfkostes van die konsulent word deur die vakante gemeente gedra, soos uiteengesit in die reglement van die Kerkraad van die Sinode van Wes-en-Suid-Kaap.

9.4 Die konsulent doen aan die ring verslag van sy/haar werksaamhede in 'n gemeente.

9.5 'n Predikant mag nie konsulent wees van die gemeente waar hy/sy in diens staan nie.

**10. VERTEENWOORDIGING OP DIE MODERAMEN**

10.1 Die ring word vir die termyn tussen sinodes op die moderamen, verteenwoordig deur:

10.1.1 die voorsitter van die ringskommissie;

10.1.2 'n ouderling of diaken wat tydens die sinode aangewys word.

10.2 Indien 'n verteenwoordiger op die moderamen nie teenwoordig kan wees nie, word hulle vervang deur sekundi lede wat op die ringsvergadering tydens die sinode aangewys is.

**11. DIE RINGSLEIERSFORUM**

11.1 Die ringsleiersforum:

11.1.1 word saamgestel uit die voorsitters van die ringskommissies van die onderskeie ringe in die sinodale gebied;

11.1.2 vergader twee keer 'n jaar voor elke moderamenvergadering;

11.1.3 kies 'n voorsitter en skriba uit eie geledere;

11.1.4 bespreek sake wat die bediening van gemeentes en ringe raak;

11.1.5 plaas sake van belang op die agenda van die moderamen.

**12. DIE RING AS REGSPERSOON**

12.1 Elke ring is as outonome regspersoon onafhanklik van die gemeentes waaruit die ring saamgestel is.

12.2 Sien reglement vir die Reëling van Eiendomme, Goedere en Fondse van die Algemene Sinode vir meer besonderhede oor die ring as regspersoon.

---

## 3. REGLEMENT VIR DIE KERKRAAD

Hierdie reglement moet in samehang met Artikels 26-28 van die Kerkorde gelees word.

**1. SAMESTELLING VAN KERKRAAD**

1.1 ’n Kerkraad (gemeentekerkraad) word saamgestel uit al die bedienaars van die Woord (ongeag die tipe predikantspos waarin aangestel) van die gemeente asook ouderlinge en diakens wat as kerkraadslede verkies is (die Kerkorde, Artikel 26.2).

1.2 Die minimum aantal lede vir ’n kerkraad is ’n bedienaar van die Woord, twee ouderlinge en twee diakens.

1.3 Elke gemeente het ’n predikantspos (al is dit nie gevul nie). Vir elke predikantspos moet daar ten minste twee ouderlingsposte en twee diakensposte wees.

1.4 Elke kerkraad het die reg om, met inagneming van 1.2, na die eis van omstandighede sy ledetal vas te stel.

1.5 Kerkraadslede hoef nie almal in die gemeentekerkraad te dien nie, maar moet minstens lid wees van ’n gedesentraliseerde kerkraad (die Kerkorde, Artikel 27) van die gemeente.

1.6. Kerkraadslede van die kerkraad of gedesentraliseerde kerkraad kan afgevaardig word na meerdere vergaderings.

**2. VERKIESING VAN KERKRAAD**

2.1 ’n Kerkraad word verkies uit kundige lidmate wat voldoen aan die Bybelse eise vir gemeenteleiers soos onder andere in 1 Tim. 3:1-13 beskryf.

2.2 Alle vakatures op die kerkraad moet so spoedig moontlik gevul word.

2.3 ’n Kerkraad het die reg om by die verkiesing van ampsdraers ’n taakspan van pre-advies te benoem. Die taakspan moet uit minstens vyf lede saamgestel word, waarvan drie lede ouderlinge en/of diakens is. Lidmate kan ook op die taakspan dien (9.2.3.3 van reglement van Orde van die Sinode van Wes-en-Suid-Kaap);

2.4 Kerkraadslede word op ’n kerkraadsvergadering verkies.

2.5 Verkose kerkraadslede word so spoedig moontlik skriftelik (elektronies geld as skriftelik) van hulle verkiesing in kennis gestel.

2.6 Verkose en herverkose kerkraadslede se name word op twee agtereenvolgende Sondae na die vêrkiesing aan die gemeente vir approbasie (stilswyende goedkeuring) bekend gemaak.

2.7 Indien ’n beswaar teen enige verkose kerkraadslid ontvang word, belê die voorsitter sonder versuim ’n kerkraadsvergadering (nie gedesentraliseerde kerkraadsvergadering nie) om die beswaar te oorweeg.

2.7.1 Tydens die oorweging kan die beswaarmaker en die persoon oor wie die beswaar gaan, aangehoor word.

2.7.2 Indien nodig, word ’n tugondersoek in terme van artikel 59-66 van die Kerkorde gedoen.

2.7.3 Indien ’n beswaar grondig bevind word, word die verkiesing nietig verklaar en word ’n ander persoon as kerkraadslid verkies.

2.8 Ouderlinge of diakens kan nie in die amp bevestig word alvorens hulle bewys van lidmaatskap ontvang en in die lidmaatregister aangeteken is nie.

2.8.1 Die bevestiging van nuutverkose kerkraadslede aan wie approbasie verleen is, vind so spoedig moontlik plaas. Kerkraadslede wat in dieselfde amp herkies is en aan wie approbasie verleen is, word nie weer bevestig nie.

2.8.2 Die bevestiging word waargeneem deur enige van:

2.8.2.1 ’n plaaslike bedienaar van die Woord;

2.8.2.2 die konsulent;

2.8.2.3 ’n ander bedienaar van die Woord op versoek van die kerkraad.

**3. DIENSTERMYN VAN KERKRAADSLEDE**

3.1 Elke kerkraad bepaal die dienstermyn van kerkraadslede.

3.2 Kerkrade moet toesien dat daar sover moontlik gereelde wisseling van kerkraadslede plaasvind.

4. **VOORSITTER VAN DIE KERKRAAD**

4.1 ’n Kerkraad verkies jaarliks ’n voorsitter aan die hand van die reglement van Orde (Sien reglement 1.8.1 van Wes-en-Suid-Kaap).
4.2 Take van die voorsitter
4.2.1 Die voorsitter van die vergadering :
4.2.1.1 is verantwoordelik vir die leiding en ordelike verloop van die vergadering;
4.2.1.2 is saam met al die leraars verantwoordelik vir die opstel van ’n agenda vir die kerkraadsvergadering;
4.2.1.3 stel agendapunte tydens die vergadering aan die orde;
4.2.1.4 sien toe dat die verlangde toeligting by die behandeling van agendapunte gegee word;
4.2.1.5 onderteken saam met die skriba die notule van die vergadering;
4.2.1.6 roep in samewerking met die dagbestuur van die kerkraad buitengewone vergaderings van die kerkraad byeen (sien 4.8 van hierdie reglement);
4.2.1.7 is sameroeper van die dagbestuur.
4.2.2 Indien die aangeleentheid dit vereis, mag die voorsitter wenke/toeligting aan die hand doen om die vergadering te help om tot ’n besluit te kom.
4.2.3 Wanneer ’n situasie in die vergadering ontstaan, waarvoor die Kerkorde en reglemente nie voorsiening maak nie, handel die voorsitter volgens gebruik en eie oordeel. In die geval van beswaar teen die handelswyse van die voorsitter beslis die vergadering.

Gegewe die gereformeerde kerkbegrip en die rol wat ’n bedienaar van die Woord in ’n gemeente behoort te speel met betrekking tot die teologiese en kerkregtelike leiding van die kerkraad en gemeente, is dit prinsipieel nie verkeerd as ’n leraar van ’n gemeente as voorsitter van ’n kerkraad optree nie. Kontrolemaatreëls moet egter getref word om ’n botsing van belange te voorkom. Die Ring het ’n belangrike toesigfunksie in hierdie verband.

## 5. SKRIBA VAN DIE KERKRAAD

5.1 ’n Kerkraadsvergadering het ’n skriba wat die kennisgewing en notulering van die vergadering behartig.
5.2 Die skriba word deur die vergadering aangewys.
5.3 Indien die skriba nie lid van die vergadering is nie (bv saakgelastigde, administratiewe beampte, ens.), moet die kerkraad toestemming gee dat hy/sy die vergadering mag bywoon. Sodanige toestemming kan eenmalig geskied.
5.4 Die skriba voer opdragte van die voorsitter uit wat verband hou met die vergadering.
5.5 Die skriba behartig alle korrespondensie aan en van die kerkraad (tensy anders besluit deur die kerkraad) in ooreenstemming met die besluite van die vergadering.
5.6 Die notule van ’n kerkraadsvergadering word deur die skriba saam met die voorsitter onderteken nadat dit deur die vergadering goedgekeur is.
5.7 Die skriba/saakgelastigde mag vanweë die beginsel van botsende belange nie ’n direkte familielid van die voorsitter van die kerkraad of enige kommissie wees nie.

## 6. FINANSIËLE BEAMPTE VAN DIE KERKRAAD

6.1 Die Kerkraad stel ’n finansiële beampte aan. (Sien reglement 18 Wes-en-Suid-Kaap).
6.2 Die finansiële beampte mag vanweë die beginsel van botsende belange nie ’n direkte familielid van die voorsitter van die kerkraad of enige kommissie wees nie.

## 7. VERGADERING VAN KERKRAAD

7.1 ’n Kerkraad vergader minstens vier keer per jaar.
7.2 Gewone kerkraadsvergaderings geskied na bekendmaking by die erediens en skriftelike (elektroniese) kennisgewing aan die lede.
7.3 ’n Kerkraadsvergadering is ’n geslote vergadering tensy die kerkraad anders besluit.
7.4 Christus regeer die kerk deur sy Woord en Gees, daarom moet ’n predikant kragtens sy/haar diens in die gemeente as bedienaar van die Woord altyd saam met die kerkraad vergader. Wanneer sake bespreek word wat enige lid van die vergadering direk raak (voorsitter en predikante ingesluit), moet hy/sy die vergadering tydelik verlaat indien so besluit word deur die vergadering.
7.5 Indien geen plaaslike bedienaar van die Woord by ’n kerkraadsvergadering teenwoordig kan wees nie, moet die konsulent of ’n ander predikant deur die ring/ringskommissie daartoe gemagtig, die vergadering adviserend namens die ring bywoon, met verslag aan die ring/ringskommissie. Die persoon kan ook op versoek van die kerkraad as voorsitter optree.
7.6 Die opening van kerkraadsvergaderings geskied deur ’n bedienaar van die Woord.
7.7 Die bedienaar van die Woord is saam met die voorsitter van die vergadering verantwoordelik dat die geestelike- aard en waardes tydens kerkraadsvergaderings gehandhaaf word.

7.8 Kerkraadsvergaderings geskied in biddende afhanklikheid van God die Vader, in erkenning van Jesus Christus as die hoof van die kerk, onder leiding van die Heilige Gees en aan die hand van die Bybel as Woord van God.

7.9 Kerkraadsvergaderings is luisterende vergaderings waar deurlopend na die wil van God gesoek word aan die hand van die volgende beginsels: luister na die Woord, luister na die kerk (belydenisskrifte en kerkpraktyk), luister na mekaar en luister na die wêreld.

7.10 Kerkraadsvergaderings word deurlopend gekenmerk deur die volgende waardes: eerbaarheid, vertroue, deernis, openheid, verantwoordbaarheid en vertroulikheid.

7.11 Buitengewone vergaderings van die kerkraad:

7.11.1 Die dagbestuur is verplig om oor die moontlikheid van ’n buitengewone vergadering te beslis sodra een of meer lede van die kerkraad, met opgaaf van redes, hom daartoe versoek.

7.11.2 Die byeenroep van ’n buitengewone vergadering geskied met opgaaf van redes en met skriftelike/elektroniese kennisgewing aan al die kerkraadslede.

7.11.3 ’n Buitengewone vergadering mag slegs dié sake bespreek waarvoor dit belê is.

7.11.4 Revisiebesluite kan nie by buitengewone vergaderings geneem word nie.

## 8. ROEPING VAN DIE KERKRAAD

8.1 Die kerkraad se primêre roeping is leierskap met betrekking tot:

8.1.1 die missionale aard van die gemeente;

8.1.2 die toerusting van gelowiges vir hulle dienswerk;

8.1.3 die opbou van die gemeente as liggaam van Christus (Efesiërs. 4:12).

## 9. TAAK VAN DIE KERKRAAD

Die taak van die kerkraad behels:

### 9.1 Bediening

9.1.1 die reël van eredienste (waaronder doop en nagmaal) asook ander geestelike byeenkomste (Kerkorde Artikel 48 en 49);

9.1.2 die toesig (opsig) oor die leer en lewe van lidmate en die besondere ampte van die gemeente asook die handhawing van kerklike orde en tug (Kerkorde, Artikel 59-66). Hierdie take kan nie na ’n gedesentraliseerde kerkraad afgewentel word nie;

9.1.3 die bemagtiging, begeleiding en toerusting van lidmate vir hulle kerklike dienswerk ;

9.1.4 die toerusting en toelating van nuwe lidmate wat belydenis van geloof aflê;

9.1.5 die bestudering van die kerk se leer en ander aktuele sake vir voorligting aan die gemeente;

### 9 .2 Lidmate en registers

9.2.1 die hantering van alle lidmaatskap aangeleenthede volgens kerklike besluite (reglement vir Kerklike Lidmaatskap van die Sinode van-Wes-en-Suid-Kaap);

### 9.3 Ekumene

9.3.1 die behartiging van skakeling met gemeentes van die familie van NG Kerke en ander Christelike kerke om uitdrukking te gee aan die soeke tot groter eenheid (Kerkorde Artikel 70);

### 9.4 Huwelike

9.4.1 die reëling en bevordering van die kerklike bevestiging van huwelike en die bepaling van fooie vir huwelike wat in die plaaslike gemeente bevestig word;

### 9.5 Eiendom en fondse

9.5.1 die beheer oor en bestuur van die eiendom en fondse van die gemeente volgens kerklike reglemente (reglement vir Kerklike Fondse en reglement vir die Beheer van Kerklike Goedere en Regsverteenwoordiging van die Sinode van Wes-en-Suid-Kaap);

9.5.2 die insameling van dankoffers en ander fondse soos deur die kerkraad besluit;

9.5.3 verslag aan die ring en die sinode (volgens riglyne Saakgelastigde verskaf);

### 9.6 Personeel

9.6.1 die samestelling van ’n diensverhoudingskommissie (DVK) wat volgens kerklike reglemente na die belange, vergoeding asook die effektiewe dienslewering van die bedienaars van die Woord en ander werknemers in diens van die kerkraad, omsien;

### 9.7 Argief

9.7.1 die instandhouding van die gemeentelike argief (reglement vir die Sinodale Taakspan Argief van die Sinode van Wes-en-Suid-Kaap);

**9.8 Ring en sinode**

9.8.1 die voorsiening van geloofsbriewe van afgevaardigdes en sekundi vir elke vergadering van die ring of sinode;

9.8.2 die jaarlikse voorsiening (voor 31 Mei) van een oorspronklik getekende eksemplaar en een afskrif van die gemeente se geouditeerde finansiële state aan die Saakgelastigde van die sinode (die Saakgelastigde besorg die oorspronklik getekende eksemplaar aan die argief);

9.8.3 die beskikbaarstelling van alle gemeente-informasie wat deur die ring of sinode aangevra mag word;

**9.9 Bedienaar van die Woord**

9.9.1 die hantering van alle sake i.v.m. die predikantspos volgens kerklike reglemente .

**10. DIE TAAK VAN DIE KERKRAAD TEN OPSIGTE VAN DIE SKEP, VUL VAN ’N PREDIKANTSPOS**

Hierdie punt van die reglement moet in samehang met reglement 12 van die Algemene Sinode en aanvullende reglemente van Wes-en-Suid-Kaap gelees word.

10.1 Enige predikantspos (voltyds of deeltyds) kan slegs geskep/gevul word, indien die ring/ringskommissie betrek is.

10.2 By die ontstaan van ’n vakature gee ’n kerkraad deur die voorsitter of konsulent dadelik aan die skriba van die ringskommissie en die saakgelastigde van die sinode kennis.

10.3 By die ontstaan van ’n vakature moet die kerkraad so spoedig moontlik ’n beroep uitbring. Dit geskied in samewerking met die ring of ringskommissie (Kerkorde Artikel 8.1).

10.4 By die bevestiging en uitdienstreding van ’n bedienaar van die Woord moet die kerkraad in samewerking met die ringskommissie toesien dat daar aan al die kerkordelike vereistes voldoen word (Kerkorde, Artikels 8.3,11 en 12).

10.5 Die kerkraad gaan ’n diensooreenkoms met die bedienaar van die Woord aan volgens kerklike reglemente.

10.6 Die vergoeding van die bedienaar van die Woord geskied volgens die riglyne van reglement vir Bedienaar van die Woord van die Sinode van Wes-en-Suid-Kaap, asook die jongste vergoedingskale van die Algemene Sinode.

10.7 Die kerkraad neem verantwoordelikheid vir die beroepte bedienaar van die Woord vanaf die datum van demissie by sy/haar vorige gemeente. Wanneer ’n predikant voor sy/haar bevestiging in die nuwe gemeente siek word, medies ongeskik verklaar word of te sterwe kom, neem die beroepende kerkraad steeds verantwoordelikheid vir hom/haar. In die geval van proponente, begin die verantwoordelikheid vanaf die datum van bevestiging.

10.8 Die kerkraad wat beroep sorg vir die vervoer en verhuising van die beroepte en sy/haar afhanklikes en hulle roerende besittings, binne redelike perke.

10.9 Die bevestiging vind so spoedig moontlik plaas nadat aan die kerkordelike vereistes voldoen is

10.10 Na die bevestiging gee die kerkraad kennis aan:

10.10.1 die skriba van die ringskommissie;

10.10.2 die skriba van die Algemene Steunspan Predikantesake

10.10.3 die Kerklike Media;

10.10.4 die Saakgelastigde van die sinode;

10.10.5 die Aktuarius (ingeval van ’n proponent).

**11. DIE TAAK VAN DIE KERKRAAD BY DEMISSIE VAN ’N BEDIENAAR VAN DIE WOORD**

11.1 Demissie geskied by ’n kerkraadsvergadering waar die konsulent of ’n ander predikant uit die ring teenwoordig is (reglement 30 asook vorm 8 en 9 Wes-en-Suid-Kaap).

11.2 Die ringskommissie, die Saakgelastigde van die sinode, Algemene Steunspan Predikantesake en die *Kerkbode* word in kennis gestel van die demissie.

11.3 Die kerkraad sien toe dat ’n bedienaar van die Woord na bereiking van die ouderdom van 65 emeriteer. In buitengewone omstandighede mag ’n leraar op versoek van die kerkraad vir tot maksimum ses maande langer in diens van die kerkraad aanbly. Uitdienstreding geskied volgens kerklike reglemente (reglement 12.12.1 Algemene Sinode).

**12. TAKE VAN DIE KERKRAAD BY DIE AFSTERWE VAN ’N BEDIENAAR VAN DIE WOORD**

12.1 Wanneer ’n bedienaar van die Woord wat in diens van ’n gemeente staan te sterwe kom, is sy/haar huweliksmaat en kinders vir drie maande geregtig op die volgende: volledige vergoedingspakket (reistoelaag uitgesluit) en drie maande behuisingsvoordele, in beide gevalle soos voor afsterwe.

12.2 Wanneer ’n bedienaar van die Woord wat in diens van ’n gemeente staan te sterwe kom en geen huweliksmaat of minderjarige kinders nalaat nie, is bloedverwante en meerderjarige kinders wat van hom/haar afhanklik was, vir twee maande geregtig op die volgende: die volledige vergoedingspakket (reistoelaag uitgesluit) en behuisingsvoordele, in beide gevalle soos voor afsterwe.

12.3 Bogenoemde reëling is ook van toepassing in geval van die afsterwe van bedienaars van die Woord in diens van die kerkverband.

**13. FUNKSIONERING VAN KERKRAAD**

13.1 ’n Kerkraad het die reg om huishoudelike reglemente op te stel mits dit nie in stryd met die Kerkorde, reglemente en besluite van die sinode is nie.
Die kerkraad kan na die eis van omstandighede verskillende take met of sonder volmag toewys aan taakspanne/diensgroepe/kommissies.

13.3 ’n Kerkraad moet kommissies, diensgroepe en taakspanne se opdrag en bevoegdheid duidelik omskryf en moet toesien dat daar binne hierdie mandaat opgetree word.

13.4 Kerkrade word aangemoedig om van ’n dagbestuur gebruik te maak, en dit geskied op die volgende wyse:

13.4.1 Die dagbestuur word deur die vergadering uit lede van die kerkraad saamgestel.

13.4.1.1 Die ledetal van die dagbestuur word deur die vergadering bepaal.

13.4.1.2 Die voorsitter van die kerkraad sowel as minstens een bedienaar van die Woord is ex officio lede van die dagbestuur.

13.4.1.3 Die dagbestuur vergader wanneer nodig en hanteer alle spoedeisende sake sover moontlik in ooreenstemming met kerkraadsbesluite en met verslag aan die kerkraad.

**14. KERKRAAD WAT BEDANK OF DISFUNKSIONEEL GERAAK HET**

14.1 Wanneer ’n hele kerkraad bedank of nie langer kan funksioneer nie, moet die voorsitter van die kerkraad, met opgaaf van redes, onmiddellik die skriba van die ringskommissie skriftelik in kennis stel.

14.2 Die ringskommissie moet sonder versuim ’n vergadering van die kerkraad belê waarop gepoog moet word om die redes vir die toedrag van sake uit die weg te ruim.

14.3 Indien die ringskommissie nie daarin slaag om die kerkraad te oorreed om hul bedanking terug te trek nie, word aan die voorsitter van die kerkraad opdrag gegee om so spoedig moontlik ’n vergadering van die gemeente te belê om in ooreenstemming met die reglement vir die Vermeerdering, Kombinering, Eenwording en Samesmelting van Gemeentes, en vir die Vorming van ’n nuwe Kerkverband van die Algemene Sinode ’n ander kerkraad te verkies.

14.4 Intussen tree die ringskommissie in die plek van die kerkraad op (reglement van die Ring van die Sinode van Wes-en-Suid-Kaap).

14.5 Die koste van die ringskommissie in verband met die aangeleentheid, word deur die betrokke gemeente gedra.

**15. GEDESENTRALISEERDE KERKRAAD (BV WYKSKERKRAAD)**

15.1 Die term gedesentraliseerde kerkrade verwys na groeperinge in die gemeente wat met beperkte bevoegdhede in opdrag van die kerkraad, gedelegeerde take van die gemeentekerkraad verrig.

15.2 Gedesentraliseerde kerkrade het beperkte bevoegdhede. Die finale opsig- en tugfunksie berus by die gemeentekerkraad .

15.3 Gedesentraliseerde kerkrade moet duidelik omskrewe bevoegdhede hê, met goedkeuring van die ring ( Kerkorde, Artikel 27.1).

15.4 Gedesentraliseerde kerkrade word saamgestel uit bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens. Alle ouderlinge en diakens van die gedesentraliseerde kerkraad hoef nie op die gemeentekerkraad te dien nie. Wykskerkrade is een voorbeeld hiervan.

**16. WYKSKERKRADE**

16.1 ’n Kerkraad mag besluit om die gemeente in twee of meer wyksgemeentes te organiseer. ’n Wyksgemeente bestaan uit lidmate wat deur een of meer bedienaars van die Woord bearbei word en het ’n eie wykskerkraad (gedesentraliseerde kerkraad).

16.2 ’n Kerkraad gee aan ’n wykskerkraad (gedesentraliseerde kerkraad) ’n duidelik omskrewe bevoegdheid. Hierdie reëlings word in ’n huishoudelike reglement opgeneem.

16.3 Wykskerkrade kan kerkraadslede vir die betrokke wyksgemeente kies. Vir die verkiesing geld die gewone verkiesingsprosedures (reglement van Orde van die Sinode van Wes-en-Suid-Kaap).

16.4 Tugondersoeke van lidmate en die beroeping en diensverhoudinge van bedienaars van die Woord kan nie aan wykskerkrade gedelegeer word nie.

**17. KONSULENT**

17.1 Die ring benoem vir elke gemeente ’n konsulent om tydens die vakature of langdurige afwesigheid van ’n bedienaar van die Woord die noodsaaklike ampspligte (die Kerkorde, artikel 9) in oorleg met die kerkraad waar te neem. Kerkrade word van die benoeming van die konsulent in kennis gestel.

17.2 Kostes

17.2.1 Reis- en verblyfkostes (volgens sinodale riglyne) en ander noodsaaklike onkoste van die konsulent word deur die kerkraad van die vakante gemeente gedra.

17.2.2 Die konsulent oorhandig aan die vakante kerkraad maandeliks ’n gedetailleerde kostestaat. Dit sluit in: kilometers afgelê, verblyfkostes en ander noodsaaklike kostes.

17.2.3 Vir meer besonderhede oor konsulent sien die reglement vir die Ring van die Sinode van Wes-en-

Suid-Kaap.

## 4. REGLEMENT VIR DIE FUNKSIONERING VAN DIE SINODE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA (WES-EN-SUID-KAAP)

Hierdie reglement moet in samehang met artikel 32 tot 37 van die Kerkorde gelees word.

**1. Naam**
Die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (NG Kerk in SA).

**2. Roeping**
2.1 Die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (Wes-en-Suid-Kaap) bestaan uit gemeentes wat saam deur God geroep en gestuur is.
2.2 Gemeentes en ringe van die sinode leef hulle roeping uit binne netwerke en vennootskappe in die groter sinodale gebied.
2.3 Die sinode skep ruimtes waarbinne vennootskappe en netwerke tot stand kan kom.
2.4 Die sinode se werksaamhede word deur sy roeping bepaal.

**3. Samestelling van die sinode**
3.1 Die Sinode (kerkverband) van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (Wes-en-Suid-Kaap) word saamgestel uit al die gemeentes binne die grense van die sinodale gebied soos goedgekeur deur die sinodevergadering van 1979, asook gemeentes wat sedertdien binne die grense gestig is of sal word. Hulle vorm die Nederduitse Gereformeerde Kerkverband op grondslag van die Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en die Dordtse leerreëls, Ekumeniese belydenisse, die Kerkorde van die NG Kerk en die aanvullende reglemente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in SA (Wes-en-Suid-Kaap).
3.2 Die sinodevergadering bestaan uit die afvaardiging van al die gemeentes in die kerkverband van die sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in SA (Wes-en-Suid-Kaap).

**4. Afvaardiging na die sinode**
4.1 Die kerkraad van elke gemeente vaardig die bedienaars van die Woord in sy diens af, saam met ’n gelyke aantal ouderlinge/diakens.
4.2 Indien geen ouderling of diaken as afgevaardigde beskikbaar is nie, kan ’n kerkraad een amptelike waarnemer van die gemeente op koste van die sinode stuur. So ’n amptelike waarnemer het wel spreekreg, maar nie stemreg nie.
4.3 Die sinode dra die koste van die afgevaardigdes.
4.4 Vir elke afgevaardigde word ’n sekundus aangewys. Die primarius- en sekundus afgevaardigdes mag mekaar tydens die sinode afwisselend vervang, behalwe waar ’n tugsaak aan die orde is. Waar een afgevaardigde deur ’n ander vervang word, moet die betrokke kerkraad self vir die addisionele koste instaan.
4.5 Indien ’n afgevaardigde sonder geldige verskoning die sitting van ’n sinode nie bywoon nie, sal die betrokke kerkraad verantwoordelik gehou word vir die volle koste van die afgevaardigde (dit sluit verblyf, etes en administrasiekoste in).
4.6 Indien die voorsitters van sinodale diensgroepe en taakspanne nie deur gemeentes afgevaardig word nie, het hulle adviserende sittingsreg, op koste van die sinode.
4.7 Predikante in sinodale diens (PSD’s) wat nie afgevaardigdes is nie, het adviserende sittingsreg op koste van die sinode.
4.8 Dosente van die teologiese kweekskool wat nie afgevaardigdes is nie, kan die sinode adviserend bywoon.

**5. Vergaderings van die sinode**
5.1 Die sinode vergader ten minste elke vier jaar, sover moontlik in die jaar na ’n gewone vergadering van die Algemene Sinode (sien die Kerkorde, artikel 34).
5.2 ’n Gewone sinodevergadering word ten minste ’n jaar tevore deur ’n kennisgewing van die skriba van die moderamen aan die kerkrade, byeengeroep.
5.3 Die sinodevergadering funksioneer volgens die reglement van orde.

**6. Buitengewone sinode**

6.1 ’n Buitengewone vergadering van die sinode kan deur die moderamen belê word wanneer die belange van die kerk in die algemeen of sake van groot belang na die oordeel van die moderamen dit vereis.
6.2 Kennisgewing van so ’n vergadering moet binne redelike tyd vooraf geskied.
6.3 Die buitengewone sinode het ’n beperkte sakelys wat deur die moderamen bepaal word.
6.3 Die vergadering van die buitengewone sinode word saamgestel volgens par. 3 van hierdie reglement.
6.4 Die voorsitter van die moderamen tree as voorsitter van die vergadering op.
6.5 Die moderatuur vervul die funksies waarvoor hulle aangewys is.
6.6 Sinodale diensgroepe en taakspanne word nie nuut aangewys nie.
6.7 Bestaande sinodale diensgroepe en taakspanne adviseer die sinode oor die sakelys, waar van toepassing.

**7. Taakspan vir beplanning van die sinodevergadering**

7.1 Die moderamen wys twee jaar voor die sinode ’n taakspan aan wat die beplanning en organisering van die sinode onder leiding van die Saakgelastigde of die skriba van die sinode behartig met verslag aan die moderamen.
7.2 Die moderatuur dien op die taakspan.
7.3 Die taakspan doen aanbevelings met betrekking tot:
7.3.1 die formaat waarin die vergadering sal geskied;
7.3.2 die orde waarin die agenda behandel word;
7.3.3 die tydsindeling en program waarvolgens die vergadering sal verloop;
7.3.4 alle praktiese reëlings om die werksaamhede van die sinode te bespoedig en te vergemaklik.
7.4 Die taakspan:
7.4.1 sien toe dat die roeping van die sinode in die beplanning verreken word;
7.4.2 neem verantwoordelikheid vir die aanstel van taakspanne vir administrasie, notule en logistiek vir die duur van die sinodesitting;
7.4.3 handel met vertoë en laatstukke wat die aandag van die sinode verdien;
7.4.4 benoem tydelike kommissies/taakspanne vir sinode soos tydelike taakspan vir regte, algemene sake, aanwysing van kommissies en aankondiginge.
7.5 Die taakspan doen verslag aan die moderamen.

**8. Die agenda vir die sinode**

8.1 Die agenda vir die sinode word, in samewerking met gemeentes, ringe, diensgroepe en taakspanne deur die moderamen gefinaliseer.
8.2 Gemeentes en ringe stuur ten minste drie maande voor die sinode sake vir bespreking aan die skriba van die moderamen.
8.3 Diensgroepe, taakspanne en die moderamen se voorleggings moet minstens twee maande voor die sinode deur die skriba van die moderamen ontvang word.
8.4 Tydens die sinodesitting bepaal die vergadering self die prioriteite en roeping van die sinode.

**9. Taak en bevoegdheid van die sinode:**

Sien die Kerkorde, Artikel 35

**10. Sinodale diensgroepe, taakspanne en projekspanne**

Die roeping van die sinode word deur diensgroepe, taakspanne en projekspanne uitgeleef.

10.1 Diensgroepe

Die sinode het vyf diensgroepe nl:
10.1.1 Diensgroep vir Gemeentebegeleiding/Communitas (SDG)
10.1.2 Diensgroep vir Toerusting (SDT)
10.1.3 Diensgroep vir Getuienisaksie (SDGA)
10.1.4 Diensgroep vir Armoede en Sorg (SKDB)
10.1.5 Diensgroep vir Ondersteuningsdienste (SDO)

10.2 Take van diensgroepe

Diensgroepe:
10.2.1 fokus op spesialisgebiede en funksioneer volgens die roeping en beleid van die sinode;
10.2.2 lewer ’n diens aan gemeentes en ringe deur die skep en koördinering van netwerke en vennootskappe in die sinodale gebied;
10.2.3 rus gemeentes, taakspanne en projekspanne toe vir hulle dienswerk;
10.2.4 ondersteun taak- en projekspanne in hulle werksaamhede;
10.2.5 koördineer die werksaamhede van taak- en projekspanne;

10.2.6 bestuur die begroting van die diensgroep;
10.2.7 vergader minstens een keer;
10.2.8 doen verslag aan die moderamen.

10.3. Samestelling van diensgroepe
10.3.1 Diensgroepe (behalwe SDO) word ringsgewys saamgestel tydens die sinode. Elke ring benoem ’n primarius- en sekundusverteenwoordiger vir elke diensgroep.
10.3.2 Diensgroep vir Ondersteuning bestaan slegs uit die voorsitters van die taakspanne.
10.3.3 Diensgroepe konstitueer tydens die sinodevergadering om ’n voorsitter, ondervoorsitter en skriba te verkies.
10.3.4 Leiers van die taakspanne dien ampshalwe in die diensgroep waaronder die taakspan ressorteer.
10.3.5 PSD’s word deur die moderamen aan diensgroepe toegewys.
10.3.6 Verteenwoordigers van beide geslagte moet sover moontlik op diensgroepe dien.
10.3.7 Die termyn van alle diensgroepe van die sinode duur van gewone sinodesitting tot gewone sinodesitting.

10.4 Samestelling van dagbestuur van diensgroepe
10.4.1 Voorsitter, ondervoorsitter en skriba
10.4.2 Taakspanleiers
10.4.3 PSD’s aan die diensgroep toegewys

10.5 Take van dagbestuur van diensgroepe
10.5.1 Funksioneer as dagbestuur van ’n diensgroep, met verslag aan die diensgroep.
10.5.2 Wys ’n PSD aan om as koördineerder van die diensgroep en sy PSD’s te funksioneer.

**11. Taakspanne**

Omskrywing: Taakspanne bestaan uit lidmate (dit sluit predikante in) wat ’n spesifieke roeping of gawe en passie vir ’n saak het. Taakspanne fokus op die roeping waarvoor hulle verantwoordelik is.

11.1 Samestelling van taakspanne
11.1.1 Taakspanne deur diensgroepe aangewys:
11.1.1.1 bestaan uit ’n minimum van vyf lede. (Hier kan ringsverteenwoordigers ook persone uit die ringe en gemeentes nomineer.)

11.1.2 Taakspanne deur sinodevergadering aangewys:
11.1.2.1 Taakspanne van die Diensgroep vir Ondersteuningsdienste, nl die Taakspanne vir Regte, Finansies en Administrasie, Diensverhoudinge, Eiendomme, Argief en Kommunikasie:
11.1.2.1.1 word deur die sinode saamgestel;
11.1.2.1.2 konstitueer na afloop van die sinode en wys ’n voorsitter, ondervoorsitter en skriba aan;
11.1.2.1.3 se leiers/voorsitter dien op die diensgroep vir ondersteuningsdienste.
11.1.2.2 Kuratorium
11.1.2.3 Verteenwoordigers van beide geslagte moet sover moontlik op die taakspanne dien.
11.1.2.4 Die termyn van alle taakspanne van die sinode duur van gewone sinodesitting tot gewone sinodesitting.

11.2 Funksionering van taakspanne:
Taakspanne:
11.2.1. verrig hul werksaamhede volgens die roeping, beleid en besluite van die sinode;
11.2.2 is nie verantwoordelik vir administrasie of algemene bestuur van diensgroepe nie;
11.2.3 se werkswyse hang af van hulle spesifieke taak;
11.2.4 lewer verslag aan die diensgroep, maar behou ook die reg om direk aan die sinode verslag te doen.

**12. Projekspanne**

**Omskrywing:** Projekspanne word deur die sinode/moderamen aangewys om uitvoering te gee aan ŉ spesifieke roepingsopdrag of besluit. Hierdie projekte kan normaalweg nie deur ŉ diensgroep gedoen word nie.

12.1 Samestelling en funksionering
Projekspanne:
12.1.1 word saamgestel volgens die opdrag wat hulle ontvang;
12.1.2 word saamgestel uit lidmate wat ’n gawe, passie en roeping het wat aansluit by die projek;
12.1.3 het ’n keerdatum om die projek af te handel;
12.1.4 ontbind nadat die projek afgehandel is;

12.1.5 doen verslag aan die liggaam van wie die opdrag ontvang is.
12.2.1 Verteenwoordigers van beide geslagte moet sover moontlik op die projekspanne dien.

**13. Predikante in sinodale diens (PSD)**

Omskrywing: 'n Predikant in Sinodale Diens (PSD) is 'n bedienaar van die Woord wat voltyds of deeltyds volgens 'n ooreenkoms met die persoon of sy/haar werkgewer deur die sinode *vergoed word.*

13.1 Aanstelling
13.1.1 Die aanstelling van 'n PSD word deur die moderamen gedoen.
13.1.2 Indien 'n PSD-pos vakant raak, besluit die moderamen op aanbeveling van die moderatuur, of die pos weer gevul moet word en op welke wyse. Indien 'n pos weer gevul word, handel die moderamen volgens die riglyne in die reglement van orde (sien reglement 1.10.2).
13.1.3 Die moderamen bepaal die opdrag van 'n PSD en kan die opdrag van 'n PSD na gelang van omstandighede wysig.
13.1.4 Vanweë die moontlikheid van botsing van belange kan 'n PSD nie voorsitter wees van enige vergadering/diensgroep of taakspan aan wie hy/sy verslag moet lewer nie.

13.2 Toesig en versorging
13.2.1 Alle aangeleenthede met betrekking tot die diensverhoudinge van PSD's word namens die moderamen deur die Taakspan vir Diensverhoudinge behartig.
13.2.2 Die toesig oor en versorging van die PSD's word namens die moderamen en in samewerking met die diensgroep aan wie 'n PSD toegewys is deur die Taakspan vir Diensverhoudinge behartig.

**14. Sinodale verteenwoordigers**

Die sinode benoem die volgende verteenwoordigers:
14.1 Bybelgenootskap
Die sinode benoem twee primariuslede en twee sekundusse.
14.2 Hugenote-kollegeraad
Die sinode benoem een primariuslid en een sekunduslid.
14.3 Hoofbestuur VCSV
Die sinode benoem een primariuslid en een sekunduslid.
14.4 Direkteure vir die Instituut vir Dowes
Sewe lede word deur die sinode aangewys.
14.5 Goeie Hoop Behuisingsmaatskappy (GHBM)
Die kerk se verteenwoordiging in die direksie van die maatskappy mag nooit minder as twaalf lede wees nie. Die moderamen hou hieroor toesig en benoem lede vir die ledevergadering.
14.6 Badisa
Die moderamen wys die NG Kerk verteenwoordigers op Badisa aan op aanbeveling van die SKDB.
14.7 Pensioenfondstrustees
Verteenwoordigers word aangewys volgens die reëls van die pensioenfonds.
14.8 Indien enige vakature by bogenoemde verteenwoordigers in die reses ontstaan, wys die moderatuur 'n plaasvervanger aan met verslag aan die moderamen.

**15. Samestelling van die afvaardiging na die Algemene Sinode**

15.1 Die Algemene Sinode bepaal die getal afgevaardigdes na aanleiding van 'n goedgekeurde formule.
15.2 Die NG Kerk in SA se afvaardiging word saamgestel, met die volgende as basis:
15.2.1 die moderatuur;
15.2.2 diensgroepvoorsitters;
15.2.3 taakspanvoorsitters van Finansies en Administrasie, Regte en Leerstellige en Aktuele sake;
15.2.4 persone volgens die diskresie van die moderamen/moderatuur;
15.2.5 ringsverteenwoordigers (aanvullend tot bogenoemde).
15.3 Daar moet sover moontlik minstens een verteenwoordiger van elke ring na die Algemene Sinode gestuur word.
15.4 Die moderamen/moderatuur finaliseer die sinode se afvaardiging na die Algemene Sinode.

**16. Reglemente en beslissings**

16.1 Sinodale reglemente is bindend van aard.
16.2 Sinodale reglemente word deur die sinode goedgekeur, tensy die sinode die moderamen spesifiek opdrag gee om sekere reglemente af te handel.
16.3 Sinodale riglyne is rigtinggewend van aard en word in die reglementebundel opgeneem.

16.4 Alle reglemente word in die Sinode van die NG Kerk in SA (Wes-en-Suid-Kaap) se reglementebundel opgeneem. Die reglementebundel verskyn so spoedig moontlik na afloop van die sinode (sien reglement van die STR en Aktuarius).

16.5 Elke gemeente in die sinodale streek dra sorg dat elke leraar, voorsitter van die sinodekerkraad en kerkkantoor die nuutste reglementebundel op koste van die gemeente ontvang.

16.6 Besluite wat deur die sinode geneem word (soos vervat in die Handelinge asook die wysiging van die reglemente) tree in werking met verskyning van die gedrukte of elektroniese publikasie van die Handelinge van die sinode tensy die sinode anders besluit.

16.7 Die sinode mag die reglemente opskort (suspendeer) of daarvan vrystelling verleen met ’n volstrekte meerderheid.

16.8 Die besluite of beslissings (uitsprake) van die sinode met betrekking tot sake wat deur mindere vergaderinge behandel en in geval van beroep voor hom gebring is, is finaal wat die kerklike remedies betref (sien ook Kerkorde, artikel 65.3).

16.9 Enige voorstelle tot wysiginge/afwyking van reglemente kan nie voor die vergadering dien, alvorens dit nie na die Sinodale Taakspan Regte (STR) verwys is en kerkordelik gekontroleer is nie.

---

## 5. REGLEMENT VIR DIE MODERATUUR

**1. Naam**

Moderatuur van die Sinode van die NG Kerk in Suid-Afrika.

**2. Samestelling**

Die moderatuur bestaan uit:

2.1 ses verkose lede wat aan die begin van die sinode verkies word;

2.2 twee nie-predikante wat aan die einde van die sinode verkies word;

2.3 die voorsitter van die Sinodale Koördineringspan (SKS) (adviserend)

2.4 die saakgelastigde (PSD) van die sinode (adviserend)

***Ses verkose lede:*** *moderator (voorsitter); assessor (ondervoorsitter); aktuarius (kerkreg adviseur); skriba (sekretaris) en twee addisionele lede.*

*Bogenoemde word* ***aan die begin*** *van die sinode verkies en gee leiding tydens die vergadering.*

***Twee nie-predikantlede: aan die einde*** *van die sinode verkies die vergadering twee nie-predikante uit ’n kortlys van minstens vier persone wat deur die taakspan vir die samestelling van kommissies benoem word, na konsultasie met ringskribas.*

*Minstens twee verteenwoordigers uit elke geslag moet op die moderatuur dien. Indien dit nie met die verkiesing realiseer nie, koöpteer die moderamen persone om hierdie doelwit te bereik.*

’n PSD of ander amptenaar wat as betaalde amptenaar in diens van die sinode staan, is vanweë die moontlikheid van ’n botsing van belange nie as lid van die moderatuur verkiesbaar nie.

**3. Opdrag**

Die moderatuur:

3.1 gee leiding tydens die sinodevergadering;

3.2 tree na die sinodevergadering as dagbestuur van die moderamen op;

3.3 gee leiding in die sinodale gebied en by moderamenvergaderings;

3.4 bedien die moderamen met strategiese voorstelle oor die roeping (visie) van die sinode/moderamen en die uitvoering daarvan;

3.5 bedien die moderamen met ’n strategie oor die voortsetting en plasing van PSD-poste ;

3.6 neem verantwoordelikheid vir die kommunikasie van die sinode;

3.7 doen verantwoording aan die moderamen.

**4. Vakatures**

4.1 ’n Vakature op die moderatuur ontstaan wanneer ’n lid:

4.1.1 bedank,

4.1.2 sterf,

4.1.3 die kerkverband opsê,

4.1.4 nie meer in die hoedanigheid waartoe hy/sy verkies is, dien nie, (sien 2),

4.1.5 uit die sinodale gebied vertrek.

4.2 ’n Predikant vakature op die moderatuur ontstaan ook wanneer ’n predikant emeriteer of bevoegdheid verloor.

4.3 Wanneer ’n lid van die moderatuur ingevolge paragraaf 2 verkies is en na ’n ander gemeente binne die sinodale gebied verhuis, bly hy/sy lid van die moderatuur.

4.4 Indien ’n vakature ontstaan ten opsigte van ’n lid van die moderatuur wat ingevolge paragraaf 2 verkies is, verkies die moderamen uit die geledere van al die afgevaardigdes na die vorige sinode ’n persoon ten einde die vakature te vul.

**5. Logistieke ondersteuning van moderatuur**

5.1 Die sinode voorsien aan die moderator, aktuarius en skriba en ander lede van die moderatuur die nodige logistieke ondersteuning om hulle taak na behore te kan uitvoer. Enige toerusting bly die eiendom van die sinode.
5.2 Die sinode voorsien aan die lede van die moderatuur ’n kantoor.
5.3 Die sinode voorsien sekretariële hulp aan die moderatuur.

---

## 6. REGLEMENT VIR DIE MODERAMEN

**1. Naam**

Moderamen van die Sinode van die NG Kerk in Suid-Afrika.

**2. Samestelling**

Die moderamen word soos volg saamgestel:
2.1 die moderatuur;
2.2 een bedienaar van die Woord (die voorsitter van die ringskommissie) uit elke ring in die sinodale gebied;
2.3 een ouderling/diaken uit elke ring in die sinodale gebied;
2.4 voorsitters van die volgende sinodale taakspanne wat die moderamen oor bestuur moet adviseer nl
2.4.1 Sinodale Taakspan vir Regte (STR)
2.4.2 Sinodale Taak span vir Finansies en Administrasie (STFA)
2.4.3 Sinodale Taakspan vir Diensverhoudinge (STD)
2.4.4 Sinodale Taakspan vir Eiendomme (STE);
2.5 die voorsitter van die Sinodale Taakspan vir Leerstellige en Aktuele sake
2.6 PSD’s dien adviserend;
2.7 Kommunikasiebeampte dien adviserend
2.8 leiers van taakspanne kan deur die voorsitters van die diensgroep genooi word wanneer ’n betrokke taakspan se verslag dien.

**3. Opdrag**

Die moderamen het na ’n sinodevergadering die volgende opdrag:

3.1 Leidinggewend
Die moderamen:
3.1.1 verskaf leiding en kontinuïteit ten opsigte van sinodale werksaamhede, vennootskappe en netwerk van sinodale aktiwiteite;
3.1.2 gee leiding ten einde alle sinodale werksaamhede te belyn met die roeping en beleid van die sinode;
3.1.3 stel, in samewerking met gemeentes, die agenda van die volgende sinodevergadering saam;
3.1.4 stel die taakspan vir beplanning van die volgende sinode saam;
3.1.5 belê ’n buitengewone sinode na die eis van omstandighede.

3.2 Bestuur en koördinering
Die moderamen:
3.2.1 is verantwoordelik vir die bestuur, beplanning en koördinering van die werksaamhede van die sinode en sien toe dat die diensgroepe en taakspanne volgens die netwerkbeginsels funksioneer; (Vir hierdie taak kan die moderamen ’n taakspan soos die Sinodale Koördineringspan [SKS] aanwys.)
3.2.2 dra sorg dat die roeping en beleid van die sinode op alle vlakke van die kerkverband uitgevoer word;
3.2.3 tree toesighoudend en ondersteunend op ten opsigte van sinodale diensgroepe. Diensgroepe doen aan die moderamen verslag;
3.2.4 handel alle dringende sake en besluite in algemene belang van die kerk af;
3.2.5 behartig die aanstelling en bestuur van PSD’s en senior amptenare in diens van die sinode;
3.2.6 besluit in samewerking met die betrokke sinodale diensgroepe oor die verkoop en aankoop van vaste en ander bates van die sinode (vir werkswyse sien reglement van STFA 5.2);
3.2.7 hanteer aansoeke om bevoegdheid van predikante en proponente;
3.2.8 finaliseer die afvaardiging na die Algemene Sinode volgens besluite van die sinode.

3.3 Skakeling
Die moderamen:
3.3.1 hanteer ekumeniese skakeling namens die sinode;
3.3.2 behartig skakeling met owerhede;
3.3.3 verteenwoordig die kerkverband in alle gevalle waarvoor geen voorsiening gemaak is nie;
3.3.4 kommunikeer met ringe en gemeentes.

3.4 Verantwoordbaarheid
3.4.1 Die moderamen se opdrag eindig by die eersvolgende gewone sinodevergadering en doen daar volledig verslag van sy werksaamhede.

**4. Vergaderings**
4.1 Die moderamen vergader een of twee keer per jaar.
4.2 Die notule van die moderamenvergadering word deur die moderatuur op sy eersvolgende vergadering goedgekeur.
4.3 Na afloop van elke vergadering word die besluite van die vergadering deur die skriba aan die gemeentes gestuur.

**5. Aanvul van vakatures**
5.1 ’n Vakature in die moderamen ontstaan wanneer ’n lid nie meer dien in die hoedanigheid waarin hy/sy tot die moderamen verkies is nie, of indien hy/sy uit die sinodale gebied vertrek het.
5.2 In geval van ringsverteenwoordigers op die moderamen word vakatures deur die moderamen uit die sekundi aangevul. Indien sekundi nie beskikbaar is nie, verkies die moderamen ’n plaasvervanger op aanbeveling van die ring.
5.3 In geval van ander verteenwoordigers op die moderamen word vakatures deur die moderamen uit die sekundi aangevul.
5.3 Wat vakatures op die moderatuur betref, sien die reglement van die moderatuur.

---

## 7. REGLEMENT VIR DIE SINODALE DIENSGROEP ONDERSTEUNINGSDIENSTE (SDO)

**1. Naam**
Die Sinodale Diensgroep Ondersteuningsdienste (SDO).

**2. Samestelling**
2.1 Die Sinodale Diensgroep Ondersteuningsdienste (SDO) word saamgestel uit die voorsitters van die volgende taakspanne:
2.1.1 Sinodale Taakspan Argief (STA)
2.1.2 Sinodale Taakspan Diensverhoudinge (STD)
2.1.3 Sinodale Taakspan Eiendomme (STE)
2.1.4 Sinodale Taakspan Finansies en Administrasie (STFA)
2.1.5 Sinodale Taakspan vir Kommunikasie (STK)
2.1.6 Sinodale Taakspan Regte (STR)
2.2 Die Saakgelastigde (Diensgroep Koördineerder)
2.4 Die SDO verkies tydens die konstitueringvergadering na die sinodesitting ’n voorsitter. Die saakgelastigde tree ampshalwe as skriba op.

**3. Roeping**
3.1 Die SDO en sy taakspanne se besondere taak is om aan die sinode ondersteuning te bied vir die verwesenliking van die sinode se roeping.
3.2 Die SDO koördineer die werksaamhede en bevorder die onderlinge samewerking en netwerkvorming tussen die diensgroep se taakspanne.

**4. Vergaderings**
4.1 Die Sinodale Diensgroep Ondersteuningsdienste (SDO) vergader wanneer nodig.

**5. Verantwoordbaarheid**
5.1 Die SDO doen verslag van sy algemene werksaamhede aan die moderamen/sinode.
5.2. Die SDO se taakspanne doen van hulle spesifieke werksaamhede direk verslag aan die moderamen/sinode.

---

# 8. REGLEMENT VIR DIE DIENSGROEP GEMEENTEBEGELEIDING (SDG)

**1. Naam**

Die Diensgroep Gemeentebegeleiding van die NG Kerk Wes-en-Suid-Kaap

**2. Samestelling**

2.1 Een primarius- met sekundusverteenwoordiger uit elke ring.
2.2 Al die PSD's aan Communitas toegewys.
2.3 Die diensgroep konstitueer tydens die sinode en verkies 'n voorsitter, ondervoorsitter, skriba en twee addisionele lede as diensgroepbestuur (met vyf sekundi). Hierdie vyf verkose lede dien namens die diensgroep op die Communitasraad.
2.4 Die voorsitter dien op die SKS
2.5 Die diensgroep vergader wanneer nodig.

**3. Roeping**

Die SDG bely dat die drie-enige God gemeentes roep, versamel, vernuwe en stuur. Daarom is sy roeping om:

3.1 gemeentes en gemeenteleiers te begelei om geloofsonderskeidend te ontdek waar die drie-enige God werksaam is;
3.2 saam met gemeentes en gemeenteleiers te ontdek hoe God se nuwe wêreld deurbreek in die transformasie van mense en gemeenskappe;
3.3 saam met gemeentes en gemeenteleiers te leer hoe om geïntegreerd by God se werk aan te sluit.

**4. Taak**

Die SDG is in lyn met die roeping van die sinode, verantwoordelik vir:

4.1 toerusting en begeleiding van gemeenteleiers in die uitvoering van hul pligte;
4.2 die skep van netwerke tussen gemeentes en ander diensgroepe;
4.3 die ontwikkeling van vennootskappe;
4.4 toegespitste navorsing oor gemeentes;
4.5 die ontwikkeling van nuwe materiaal en prosesse wat gemeenteleiers in gemeentes kan aanwend.

**5. Funksionering**

5.1 SDG funksioneer in 'n eenheidsbediening saam met verteenwoordigers van die VGKSA Kaapland as die Gesamentlike Diensgroep vir Gemeentebegeleiding naamlik Communitas
5.2 Die gesamentlike SDG funksioneer volgens die reglement vir Communitas wat deur beide kerke van tyd tot tyd goedgekeur word.
5.3 Indien die ander kerke hul deelname onttrek, funksioneer die SDG as Communitas en word bestuur deur die Communitasraad met sy dagbestuur, soos in 6-8 aangedui hieronder.

**6. Samestelling van Communitasraad**

6.1 Vyf verkose lede soos in 2.3
6.2 Voorsitters van die volgende taakspanne.
6.2.1 Gemeentebegeleiding
6.2.2 Predikantebegeleiding
6.2.3 Kinder-, Jeug- en Familiebediening
6.2.4 Taakspan vir Nuwe Geloofsgemeenskap Ontwikkeling (NGGO)
6.2.5 Vrouebegeleiding (NGK)
6.3 Al die PSD's aan Communitas toegewys.
6.4 Die raad vergader minstens een keer per jaar.

**7. TAAK VAN DIE COMMUNITASRAAD**

7.1 Die Communitasraad is verantwoordelik vir die oorhoofse strategie, doelwitte en toesig van die diensgroep en bestuur die volgende take van die diensgroep.

7.2 Communitasraad:
7.2.1 bestuur die take van die diensgroep en bepaal eie funksionering;
7.2.2 wys taakspanne aan om die roeping van die diensgroep te dien;
7.2.3 bestuur en versorg die PSD'S aan die diensgroep toegewys in samewerking met die STD

**8. Die dagbestuur van die Communitasraad**

8.1 Die voorsitters en ondervoorsitter van die Communitasraad
8.2 Al die PSD's aan die diensgroep toegewys.

**9. Verantwoordbaarheid**
Die diensgroep doen deurlopend verslag aan die moderamen/sinode van die NGK Wes-en-Suid-Kaap.

---

## 9. REGLEMENT VIR DIE GESAMENTLIKE DIENSGROEP VIR GEMEENTEBEGELEIDING (COMMUNITAS)

**1. NAAM**
Die Diensgroep Gemeentebegeleiding van die NG Kerk Wes-en-Suid-Kaap en VGKSA Kaapland is ’n gesamentlike bediening van die twee kerke en funksioneer onder die naam Communitas.

**2. SAMESTELLING VAN COMMUNITASRAAD**
2.1 Vyf lede elk van die deelnemende kerke.
Die diensgroep/bediening van elke deelnemende kerk wys ’n voorsitter, ondervoorsitter, skriba en twee addisionele lede met sekundi aan. Hierdie vyf persone dien namens die onderskeie kerke op die gesamentlike Communitasraad.
2.2 Voorsitters van die volgende taakspanne.
2.2.1 Gemeentebegeleiding
2.2.2 Predikantebediening
2.2.3 Kinder-, Jeug- en Familiebediening
2.2.4 Taakspan vir Nuwe Geloofsgemeenskap Ontwikkeling (NGGO)
2.2.5 Vrouebediening (NGK)
2.2.6 Vrouebediening (VGKSA)
2.2.7 Mannebediening (VGKSA)
2.2.8 Christian Youth Movement (CYM) (VGKSA)
2.3 Al die PSD’s aan Communitas toegewys.
2.4 Die raad het die reg op koöpsie.
2.5 Die Communitasraad verkies twee voorsitters, een uit elk van die twee kerke en ’n skriba.
2.6 Indien enige van die lede gedurende die termyn bedank, word hy/sy deur ‘die sekunduslid vervang.
2.7 Die raad vergader minstens een keer per jaar.

**3. ROEPING**
Communitas bely dat die drie-enige God gemeentes roep, versamel, vernuwe en stuur. Daarom is sy roeping om:
3.1 gemeentes en gemeenteleiers te begelei om geloofsonderskeidend te ontdek waar die drie-enige God werksaam is;
3.2 saam met gemeentes en gemeenteleiers te ontdek hoe God se nuwe wêreld deurbreek in die transformasie van mense en gemeenskappe;
3.3 saam met gemeentes en gemeenteleiers te leer hoe om geïntegreerd by God se werk aan te sluit.

**4. TAAK VAN DIE COMMUNITASRAAD**
4.1 Communitasraad is verantwoordelik vir die oorhoofse strategie, doelwitte en toesig van die diensgroep en bestuur die volgende take van die diensgroep:
4.1.1 in lyn met die roeping van die sinodes, verantwoordelik vir: toerusting en begeleiding van gemeenteleiers in die uitvoering van hul pligte;
4.1.2 die skep van netwerke tussen gemeentes en ander diensgroepe;
4.1.3 die ontwikkeling van vennootskappe;
4.1.4 toegespitste navorsing oor gemeentes;
4.1.5 die ontwikkeling van nuwe materiaal en prosesse wat gemeenteleiers in gemeentes toerus.

4.2 Communitasraad:
4.2.1 bestuur die take van die diensgroep en bepaal eie funksionering;
4.2.2 wys taakspanne aan om die roeping van die diensgroep te dien;
4.2.3 bestuur en versorg die PSD’S aan die diensgroep toegewys in samewerking met die STD.

**5. DIE DAGBESTUUR VAN DIE COMMUNITASRAAD**
5.1 Die voorsitters van die Communitasraad (en ook om die beurt sameroepers van die dagbestuur).
5.2 Die twee ondervoorsitters van die onderskeie kerke.
5.3 Al die PSD’s aan die diensgroep toegewys.
5.4 Die dagbestuur hanteer alle bestuursaangeleenthede van Communitas soos deur die Communitasraad opgedra en vergader wanneer nodig.

**6. FUNKSIONERING**

Vir die funksionering van Communitas word ’n diensspan saamgestel wat funksioneer soos deur die Communitasraad goedgekeur.

**7. VERANTWOORDBAARHEID**

Die diensgroep doen deurlopend verslag aan die Sinodale Kommissie van die VGK en die Moderamen van die NGK asook aan beide sinodes.

---

## 10. REGLEMENT VIR DIE SINODALE DIENSGROEP VIR DIENS VAN BARMHARTIGHEID (SKDB)

**1. Naam**

Die Sinodale Diensgroep vir Diens van Barmhartigheid (SKDB).

**2. Samestelling**

Die Sinodale Diensgroep vir Diens van Barmhartigheid word soos volg saamgestel:

2.1 Een verteenwoordiger van elke ring van die sinode. Tydens die sinodesitting benoem elke ring ’n primarius- en sekundusverteenwoordiger.

2.2 Die PSD’s wat deur die moderamen aan die diensgroep toegewys is.

2.3 Kundiges soos deur die sinode benoem.

2.4 Die diensgroep konstitueer tydens die sinodevergadering om ’n voorsitter en ondervoorsitter, sekretaris en addisionele lid te verkies. Hierdie vier verkose lede dien namens die diensgroep op die Gesamentlike bestuursraad van Armoede en Sorg. Hierdie voorsitter en ondervoorsitter is ook die primarius- en sekundus afgevaardigdes van hierdie diensgroep na die moderamen en SKS. (Sien reglement van Orde van die Sinode van die NGK Wes-en-Suid-Kaap.)

**3. Roeping**

3.1 SKDB voer die roeping van die sinode op die gebied van armoede en sorg uit deur gemeentes en ringe by te staan om hul missionêre roeping ten volle uit te leef.

**4. Funksionering**

4.1 SKDB funksioneer in ’n eenheidsbediening saam met verteenwoordigers van die VGKSA Kaapland as die Gesamentlike Diensgroep vir Armoede en Sorg (AS)

4.2 Die AS funksioneer volgens die reglement vir die Gesamentlike Diensgroep vir Armoede en Sorg wat deur beide kerke van tyd tot tyd goedgekeur word

4.3 ’n Tweede bediening wat tussen die kerke gevestig is, is Badisa. Dit is die gesamentlike barmhartigheidsaksie van die twee kerke wat as ’n nie-regeringsorganisasie en openbare weldaadorganisasie geregistreer is. Die NG Kerk in SA word op die ledevergadering van Badisa verteenwoordig deur verteenwoordigers wat deur die moderamen, aangewys word. Die SKDB maak hieroor ’n aanbeveling aan die moderamen.

**5. Verantwoordbaarheid**

5.1 Die diensgroep lewer verslag van die werksaamhede van AS en Badisa aan die moderamen en die Sinode van die NG Kerk in SA (Wes-en-Suid-Kaap).

---

## 11. REGLEMENT VIR DIE GESAMENTLIKE DIENSGROEP VIR ARMOEDE EN SORG

UITGANGSPUNT

Die diensgroep word as ’n eenheidsbediening gestruktureer as uitdrukking van die belydenis van die eenheid van die twee kerke en die ideaal van een kerkverband. Die reglement maak voorsiening vir die realiteit dat daar nog verskillende kerke bestaan. Die diensgroep tree op as ’n eenheid om gemeentediakonaat te bevorder. Badisa is ’n integrale deel van die kerk se diakonaat en dit is A&S se verantwoordelikheid om dit te bevorder.

**1. NAAM EN GRONDSLAG**

1.1 Die Gesamentlike Diensgroep Armoede en Sorg (A&S)

1.2 Dit is ’n diensgroep van die NG Kerk in SA (Wes-en-Suid-Kaap) en die Verenigende Gereformeerde

Kerk in Suider-Afrika: Kaapland.

1.3 Die A&S vind sy grondslag in die Bybelse opdrag tot barmhartigheid, Drie Formuliere van Eenheid en die Belydenis van Belhar.

1.4 Die A&S werk vanuit die teologiese beginsel “Missio Dei” en is verbind daartoe om missionale diakonaat in gemeentes te bevorder.

**2. SAMESTELLING**

2.1 Die Bediening vir A&S is saamgestel uit al die ringsverteenwoordigers van Sinodale Kommissie vir Diakonale Dienste (SKDD) en dié van die Sinodale Diensgroep vir Diens van Barmhartigheid (SKDB) van die NG Kerk.

2.2 Die SKDB en SKDD konstitueer na onderskeie Sinodes volgens hulle eie reglement en funksioneer dan gesamentlik deur A&S.

2.3 In gevalle waar afsonderlike besluite deur die samewerkende kerke statutêr vereis word, sal slegs daardie kerk se lede aan die besluitneming deelneem in die onderskeie vergaderinge.

**3. DOEL EN FUNKSIE VAN DIE DIENSGROEP A&S**

Die doel van die A&S is:

**3.1 Barmhartigheid**

3.1.1 Ontwikkel ’n visie en strategie vir gemeentediakonaat.

3.1.2 Ontwikkel die verhoudings tussen NG en VG kerk, gemeentes en Badisa, en bevorder die ondersteuning van Badisa.

3.1.3 Koördineer nood- en-ramphulp

**3.2 Pastoraat**

3.2.1 Ontwikkel netwerk vir hospitaal pastoraat

3.2.2 Ontwikkel netwerk vir pastorale terapie

**3.3 Bestuur van eiendomme**

3.3.1 GHBM

3.3.2 SKDB en SKDD eiendomme

**3.4 Bestuur testamentêre bemakings aan SKDB en SKDD**

**3.5 Bestuur fondse: rampfonds en ander**

**4. BESTUUR**

4.1 Die A&S funksioneer deur ’n Bestuursraad, Dagbestuur, Bestuurspan (PSD’s) en Taakgroepe.

**4.2 Bestuursraad: Armoede en Sorg**

4.2.1 Samestelling

Die Bestuursraad word as volg saamgestel:

4.2.1.1 SKDD en SKDB konstitueer na hul kerke se onderskeie Sinodes volgens hulle onderskeie reglemente. Die ringsverteenwoordigers van SKDD en dié van die SKDB vorm saam die Bestuursraad van Armoede en Sorg.

4.2.1.2 Predikante in sinodale diens.

4.2.1.3 Deskundiges soos gekoöpteer deur die Bestuursraad (adviserend).

4.2.1.4 Persone uit ander kommissies van die kerke soos gekoöpteer deur die Bestuursraad (adviserend).

4.2.1.5 Dosent(e) in Diakoniologie binne die bedieningsgebied van die partye (adviserend).

4.2.1.6 Die Bestuurspan van Badisa (adviserend).

4.2.1.7 Vir elkeen van die lede in 4.2.1.1 en 4.2.1.4 word ’n sekundus benoem.

4.2.1.8 Vakatures in die Bestuursraad A&S word deur die betrokke lidkerk gevul.

4.2.2 Vergaderings van die bestuursraad: Die Bestuursraad van die A&S vergader minstens een maal per jaar. ’n Kworum vir die Bestuursraad is 50% plus een van die lede.

4.2.3 Taak

4.2.3.1 Verantwoordelik vir bepaling van strategie en beleid vir die uitvoering van die werksaamheid van die diensgroep A&S en die diakonaat van die onderskeie kerke.

4.2.3.2 Verantwoordelik vir die goedkeuring van die begroting vir diensgroep.

4.3.2.3 Die Bestuursraad kan na behoefte taakgroepe aanwys.

4.2.3.4 Vakatures in die Dagbestuur word deur die lede van die Bestuursraad gevul.

4.2.3.5 Beplan navorsing en deurgee van inligting en voorligting oor die diakonale opdrag van die kerk aan gemeentes en kerkvergaderinge.

4.2.3.6 Adviseer die onderskeie sinodes, ringe en gemeentes in verband met beleid en praktiese uitvoering

van diakonaat.
4.2.3.7 Voer enige opdrag van of deur een of albei van die kerke uit.
4.2.3.8 Doen verslag aan die betrokke kerkvergaderinge van die Diensgroep se werksaamhede.
4.2.3.9 Benoem verteenwoordigers van die A&S op ander sinodale kommissies.
4.2.3.10 Ontwikkel voorstelle vir kerkordelike bepalinge ten opsigte van die funksionering van kommissies vir diakonaat van ringe en kerkrade.
4.2.3.11 Keur reglemente vir taakgroepe en funksionering van Badisa goed.
4.2.3.12 Ontvang verslae van Badisa en GHBM oor hulle werksaamhede en lê dit voor aan die Moderamen en Sinodes.
4.2.3.13 Sien toe dat SKDD en SKDB persone benoem in ooreenstemming met hul kerke se eie beleid.
4.2.4 Funksionarisse
4.2.4.1 Voorsitter en ondervoorsitter. Die Bestuursraad van die A&S wys ’n voorsitter en ondervoorsitter aan vir ’n termyn van vier (4) jaar om die Bestuursraad en Dagbestuur vergaderings te lei, verkieslik uit lede van die onderskeie kerke.
4.2.4.2 Sekretaris. Die Bestuursraad wys ’n sekretaris vir die administratiewe funksionering vir ’n bepaalde tyd aan.

**4.3 Dagbestuur**
4.3.1 Samestelling
4.3.1.1 Die Dagbestuur as volg word saamgestel met ’n gelyke aantal verteenwoordigers van die twee kerke uit die Bestuursraad:
4.3.1.2 Die Voorsitter, ondervoorsitter van die Bestuursraad.
4.3.1.3 Al die PSD’s in diens van die Diensgroep A&S.
4.3.1.4 Vier VGK en vier NGK verteenwoordiger uit die Bestuursraad.
4.3.1.5 ’n Verteenwoordiger van Badisa se Bestuurspan (adviserend).
4.3.2 Vergaderings
4.3.2.1 Die dagbestuur vergader so dikwels soos nodig, maar minstens drie maal per jaar. ’n Kworum vir die dagbestuur is 50% plus een van die lede.
4.3.3 Taak
Die dagbestuur:
4.3.3.1 Is verantwoordbaar aan die Bestuursraad van A&S en hanteer alle sake wat deur die Bestuursraad na hom verwys word.
4.3.3.2 Hanteer alle sake wat op sy agenda kom en wat binne die bevoegdheid val wat die Bestuursraad aan hom toegeken het .
4.3.3.3 Rapporteer sy handelinge, optrede en aanbevelings aan die Bestuursraad.
4.3.3.4 Beplan die Bestuursraadvergadering.
4.3.3.5 Hanteer spoedeisende sake en sake wat deur die Bestuursraad en Taakgroepe aan hulle opgedra word.
4.3.3.6 Adviseer die Bestuursraad oor die wyse waarop die A&S deur sy werksaamhede die proses van eenwording in die NG Kerk familie kan bevorder.
4.3.3.7 Doen finansiële beplanning en bestuur in ooreenstemming met die mandaat van die goedgekeurde Bestuursraad begroting, asook binne die raamwerk van die onderskeie kerke se finansiële beleide en lewer verslag hieroor aan die Bestuursraad.
4.3.3.8 Bou netwerke en skakel met interkerklike groepe, ander kerke, ekumeniese liggame en owerheids-instansies.
4.3.3.9 Doen verslag aan die Bestuursraad van werksaamhede.
4.3.3.10 Sien toe dat die strategie en beleid van die Bestuursraad ten opsigte van die hooftake van die Diens-groep uitgevoer word en maak voorstelle om die strategie en uitvoering te verbeter.
4.3.3.11 Hou toesig oor, bestuur en evalueer die personeel van die Diensgroep Armoede en Sorg binne die vereistes van die Taakspan Diensverhoudinge.
4.3.4 Funksionarisse van die Dagbestuur
4.3.4.1 Voorsitter en ondervoorsitter. Die voorsitter en ondervoorsitter van die Bestuursraad tree op as voor-sitter en ondervoorsitter van die Dagbestuur.
4.3.4.2 Sekretaris. Die sekretaresse van die Diensgroep funksioneer as skriba van die Dagbestuur.

**5. FINANSIES EN BATES**
**5.1 Finansies**
5.1.1 Die lidkerke dra by tot die A&S begroting op ’n wyse en volgens ’n formule soos dit van tyd tot tyd bepaal word deur die lidkerke se kommissies wat fondse administreer.
5.1.2 Die Dagbestuur stel ’n begroting vir al die werksaamhede, projekte en vergaderinge kragtens hierdie reglement op met die oog op voorlegging aan en goedkeuring deur Bestuursraad.
5.1.3 Die Dagbestuur besit die bevoegdheid om binne die riglyne van die goedgekeurde begroting, fondse aan te wend volgens die prioriteite wat die Bestuursraad vir ’n betrokke finansiële jaar bepaal het.

**5.2 Beheer en beskikking van bates**

5.2.1 Bates van die lidkerke is in die naam van die betrokke kerk geregistreer en die beheer en beskikking daaroor geskied volgens die bepalinge en reglemente van die betrokke kerke.

5.2.2 Aangesien die A&S geen regspersoonlikheid is nie kan die A&S nie self eiendom besit nie.

5.2.3 Indien daar die nodigheid van nuwe bates ontstaan, bring die A&S sodanige versoek na een van die lidkerke, wat dan daaroor sal besluit. Indien die lidkerk sodanige bate aanskaf, bly dit eiendom van die lidkerk en word ook volgens die lidkerk se reglemente bestuur en beheer.

5.2.4 Die A&S kan glad nie lenings aangaan nie. Alle finansiële ondersteuning en begroting geskied altyd deur een van die lidkerke en wel volgens die betrokke lidkerk se finansiële beleid.

5.2.5 Alleen die lidkerk in wie se naam bates geregistreer is, kan besluit oor die koop en verkoop van bates. Die Bestuursraad kan aan so lidkerk ŉ versoek rig.

**6. NOTULERING EN ELEKTRONIESE VERGADERINGS**

6.1 Alle besluite en aksies van die Bestuurspan, Dagbestuur, Taakgroepe en PSD's moet duidelik genotuleer word.

6.2 Elektroniese vergaderings van die Bestuursraad en Dagbestuur mag in uitsonderlike gevalle gehou word ooreenkomstig reglement van Orde Sinode van Wes-en-Suid-Kaap 12.6.

**7. PERSONEEL**

7.1. Die indiensstelling, werkopdragte en vergoeding van personeel en die vul van vakatures word hanteer ooreenkomstig die personeelbeleid van die onderskeie kerke.

7.2 Vakatures in die sinodale- en administratiewe poste van die lidkerke word deur die betrokke lidkerk in wie se diens die pos sorteer, gevul. Dit word in samewerking met die A&S gedoen volgens die ordereëls van die betrokke lidkerk.

**8. VERSLAGGEWING**

Een verslag word opgestel wat aan albei kerke se kerkvergaderinge voorgelê word.

**9. ONTBINDING**

Indien die Diensgroep vir Armoede en Sorg ontbind of indien een van die deelnemende kerke onttrek, neem die kerke weer afsonderlik verantwoordelikheid vir die werksaamhede volgens eie reglemente.

---

## 12. REGLEMENT VIR DIE SINODALE DIENSGROEP TOERUSTING (SDT)

**1. Naam**

Die Sinodale Diensgroep Toerusting (SDT).

**2. Samestelling**

Die Sinodale Diensgroep Toerusting (SDT) word soos volg saamgestel:

2.1 ŉ Ringsverteenwoordiger uit elk van die ringe met sekundes;

2.2 PSD vir Kerklike Opleiding;

2.3 PSD vir die Teologiese Seminarium;

2.4 PSD vir die Teologiese Navorsing;

2.5 Die diensgroep verkies tydens die sinode ŉ voorsitter, ondervoorsitter en skriba.

2.6 Voorsitters van die onderskeie taakspanne dien in Diensgroep sodra hulle aangewys is.

**3. DAGBESTUUR**

3.1 Die voorsitter, ondervoorsitter en skriba

3.2 PSD vir Kerklike Opleiding

3.3 Die voorsitters van die volgende taakspanne:

3.3.1 Sinodale Taakspan Verdere Bedieningopleiding (STVBO);

3.3.2 Sinodale Taakspan Leer en Aktuele Sake (STLAS);

3.3.3 Sinodale Taakspan Kuratorium (STK);

3.3.4 Sinodale Taakspan Lidmaatbemagtiging (STL).

3.4 Die dagbestuur doen verslag van werksaamhede aan die diensgroep.

**3. Taak**

Die SDT se taak is om in lyn met die roeping van die sinode:

3.1 aan gemeentes en predikante die nodige toerusting en opleiding te verskaf;

3.2 die taakspanne te koördineer sodat die roeping van die sinode uitgeleef word en

3.3 netwerke te vestig.

**4. Vergaderings**
Die SDT vergader wanneer nodig.

**5. Verantwoordbaarheid**
5.1 Die SDT doen verslag van sy algemene werksaamhede aan die moderamen/sinode.
5.2. Die SDT se taakspanne doen van hulle spesifieke werksaamhede direk verslag aan die moderamen en die sinode.

---

## 13. REGLEMENT VIR DIE SINODALE KOÖRDINERINGSPAN

**1. NAAM**
Die Sinodale Koördineringspan van die Sinode van die Wes-en-Suid-Kaap (SKS).

**2. SAMESTELLING**
2.1 Die SKS word soos volg saamgestel:
2.1.1 die diensgroepkoördineerders (PSD’s van diensgroepe). Elke diensgroep wys self 'n sekundus vir die diensgroepkoördineerder aan;
2.1.2 twee lede van die moderamen (met sekundi), soos jaarliks deur die moderamen aangewys (indien moontlik moet ten minste een ŉ lid van die moderatuur wees);
2.1.3 die Kommunikasiebeampte;
2.1.4. voorsitters van diensgroepe.

**3. OPDRAG VAN DIE SKS**
3.1 Die SKS is verantwoordelik om namens die moderamen die bestuur en koördinering van die sinodale netwerk van diensgroepe en personeel te behartig. Die SKS koördineer en bestuur die werksaamhede van die diensgroepe in soverre dit nie die bestuursfunksies van diensgroepe en taakspanne dupliseer of daarmee in konflik is nie.

**4. TAKE**
Die SKS bestuur en koördineer die werksaamhede van die 5 diensgroepe en personeel deur:
4.1 die optimale bemagtiging en funksionering van elke diensgroep te bevorder;
4.2 samewerking tussen diensgroepe te verseker;
4.3 toe te sien dat die aanwending van diensgroepe, mannekrag, finansies en kapasiteit van die sinode die roeping en besluite van die sinode ten beste dien;
4.4 toe te sien dat die besluite van die sinode en moderamen wat betrekking het op die werksaamhede van die sinode effektief uitgevoer word deur die onderskeie diensgroepe;
4.5 toe te sien dat diensgroepe deur netwerkvorming (taakspanne, ringe en gemeentes) saamwerk aan gemeenskaplike roepinge;
4.6 toe te sien dat inligting oor die sinodale werksaamhede effektief aan die hele sinodale sisteem, ringe en gemeentes, besorg word.
4.7 saam met die moderatuur, en die dagbestuur van ŉ diensgroep waar ’n vakature vir 'n PSD of senior ontstaan het, op te tree as benoemingsvergadering namens die moderamen;
4.8 in samewerking met die Sinodale Taakspan vir Diensverhoudinge (STD), goedkeuring vir enige aanstellings en diensvoorwaardes van personeel (uitgesluit PSD’s en senior amptenare) van die onderskeie diensgroepe te verleen;
4.9 in samewerking met die Sinodale Taakspan vir Diensverhoudinge (STD), toe te sien dat daar doeltreffende bestuur, ontwikkeling en aanwending van sinodale personeel (uitgesluit PSD’S en senior amptenare) plaasvind;
4.10 by elke gewone moderamenvergadering verslag te doen van sy werksaamhede.

**5. FUNKSIONERING**
5.1 Met die eerste vergadering na afloop van die sinode roep die Saakgelastigde die vergadering saam.
5.2 Die SKS verkies ’n voorsitter wat tot met die volgende sinode dien.
5.3 Die voorsitter dien adviserend op die moderatuur.
5.4 ’n Sinodale amptenaar word jaarliks deur die SKS aangewys om as notulerende skriba van die vergadering van die SKS op te tree.
5.5 Die SKS vergader maandeliks vir die uitvoer van sy take.
5.6 Die SKS se maandelikse agenda:
5.5.1 maak voorsiening vir die bespreking van die werksaamhede van elke diensgroep met sy onderskeie

taakspanne;

5.5.2 hanteer ad hoc-sake wat vooraf onder die aandag van die voorsitter gebring is en wat vooraf deur hom/haar onder die aandag van die lede van die vergadering gebring is met die oog op lede se deeglike voorbereiding vir die vergadering.

---

## 14. GESAMENTLIKE REGLEMENT VIR DIE GESAMENTLIKE SINODALE KOÖRDINERINGSPAN VAN DIE NG KERK IN DIE WES-EN-SUID-KAAP EN DIE VGKSA KAAPLAND (WES-KAAP) (GSKS)

**1. OOREENKOMS**

1.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (Wes-en-Suid-Kaap) en die Verenigende Gereformeerde Kerk van Kaapland kom hiermee ooreen om die bedieningswerksaamhede van die twee kerke gesamentlik te doen.

1.2 Die betrokke bedieningsterreine is die van Getuienislewering (KGA), Gemeentebegeleiding (Communitas), Toerusting en Aanbidding, Armoede en Sorg.

1.3 Met elke bedieningsterrein word 'n gesamentlike reglement van funksionering opgestel.

1.4 'n Gesamentlike koördineringspan sal verantwoordelikheid aanvaar vir die gesamentlike koördinering en bestuur van die onderskeie bedieningsterreine namens die moderamen (NG Kerk) en die Sinodale kommissie (VG Kerk). Hiervoor word daar 'n Gesamentlike reglement opgestel.

1.4 Indien een van die kerke aan die samewerking onttrek, funksioneer die diensgroepe en SKS volgens die eie reglemente van die betrokke kerk.

**2 REGLEMENT VAN DIE GESAMENTLIKE KOöRDINERINGSPAN (GSKS)**

2.1. Naam

Die Gesamentlike Sinodale Koördineringspan van die NGK en VGKSA .(GSKS)

2.2. Samestelling

2.2.1 Die GSKS word soos volg saamgestel:

2.2.1.1 die diensgroepkoördineerders (PSD's van diensgroepe) van beide kerke. Elke diensgroep wys self 'n sekundus vir die diensgroepkoördineerder aan;

2.2.1.2 Twee verteenwoordigers van die sinodale kommissie/moderamen van die twee kerke. Elke kerk wys die verteenwoordiger volgens sy eie reglement van die SKS aan.

2.2.1.3. Voorsitters van gesamentlike diensgroepe van beide kerke.

2.2.1.4 Kommunikasiebeampte van die NG Kerk en die VG Kerk.

**3. OPDRAG VAN DIE GSKS**

3.1 Die GSKS is verantwoordelik om namens die moderamen (NG Kerk) en die sinodale kommissie (VG Kerk) die koördinering van die gesamentlike werksaamhede van die sinodale diensgroepe te behartig, Die GSKS koördineer en bestuur die gesamentlike werksaamhede van die diensgroepe in soverre dit nie die bestuursfunksies van diensgroepe en taakspanne dupliseer of daarmee in konflik is nie.

**4. TAKE**

Die GSKS koördineer die werksaamhede van die gesamentlike diensgroepe deur:

4.1 die optimale bemagtiging en funksionering van elke diensgroep te bevorder;

4.2 samewerking tussen diensgroepe te verseker;

4.3 toe te sien dat die besluite van die onderskeie sinodes en moderamen/sinodale kommissie wat betrekking het op die gesamentlike werksaamhede effektief uitgevoer word deur die onderskeie diensgroepe;

4.4 toe te sien dat diensgroepe deur netwerkvorming ( tussen taakspanne, ringe en gemeentes) saamwerk aan gemeenskaplike roepinge;

4.5 by elke gewone vergadering van die moderamen/sinodale kommissie verslag te doen van sy werksaamhede.

4.6 sake wat die onderskeie regspersoonlikhede en ondersteuningsdienste van die sinodes raak word afsonderlik deur die betrokke kerke volgens hul eie reglemente hanteer.

4.7 Verteenwoordigers van die twee kerke se administratiewe en finansiële dienste kan adviserend in die GSKS dien.

**5. FUNKSIONERING**

5.1 Die GSKS se personeel verander na afloop van elke kerk se sinodevergadering. Dit sou beteken dat die verskillende kerke se nuwe personeel nie op dieselfde tyd by die GSKS aansluit nie.

5.2 Die GSKS verkies jaarliks ’n voorsitter. (Die voorsitter vervang nie ’n kerk se voorsitter van die SKS nie)
5.3 ’n Sinodale amptenaar (om die beurt deur die twee kerke) word jaarliks deur die GSKS aangewys om as notulerende skriba van die vergadering op te tree.
5.4 Die GSKS vergader twee maandeliks vir die uitvoer van sy take. Elke kerk staan in vir sy lede se onkoste.
5.5 Elke kerk stel sy eie begroting vir die werksaamheid op en doen die werk so ver moontlik gesamentlik.

---

## 15. REGLEMENT VIR DIE SINODALE TAAKSPAN DIENSVERHOUDINGE (STD)

**1. NAAM**

Die Sinodale Taakspan Diensverhoudinge van die NG Kerk in SA (STD).

**2. ROEPING**

Om uitvoering te gee aan die sinode se roeping en strategie in soverre dit die doeltreffende benutting, bestuur en versorging van sinodale personeel aangaan.

**3. SAMESTELLING EN FUNKSIONERING**

3.1 Die STD word soos volg saamgestel:
3.1.1 vier lede met sekundi deur die sinode aangewys;
3.1.2 hoogstens drie kundige lede deur taakspan self aangewys;
3.1.3 een verteenwoordiger van die Sinodale Taakspan Regte (STR) ;
3.1.4 een verteenwoordiger (vir die Sinodale Taakspan Finansies en Administrasie (STFA);
3.1.6 die Aktuarius;
3.1.7 Saakgelastigde;
3.1.8 bestuurder: Menslike Hulpbronne.
(3.1.1 tot 3.1.4 moet nie amptenare/PSD’s van die sinode wees nie)
3.2 Die STD konstitueer binne drie weke na elke sinode en wys ’n voorsitter en ondervoorsitter aan vir ’n termyn van vier jaar. Indien die voorsitter en/of ondervoorsitter bedank, word ’n plaasvervanger verkies.
3.3 Indien enige van die aangewese lede in die termyn bedank, word hulle deur die sekundi vervang.
3.4 Die voorsitter, ondervoorsitter en nog ’n lid vorm saam met die Saakgelastigde en bestuurder Menslike hulpbronne die dagbestuur.
3.5 Die bestuurder: Menslike Hulpbronne is verantwoordelik vir die skribaat van die vergadering.

**4. VERGADERINGS**

4.1 Die STD vergader kwartaalliks indien nodig, maar minstens drie keer per jaar.
4.2 ’n Kworum is meer as die helfte van die taakspan.
4.3 Elektroniese vergaderings kan in spoedeisende gevalle gehou word. Dieselfde vereistes as dié vir ’n gewone vergadering is van toepassing.
4.4 Behoorlike kennisgewing van elke vergadering moet aan al die lede gegee word.

**5. OPDRAG**

Die STD:
5.1 bestuur die diensverhoudinge van die sinode en sy werknemers;
5.2 lewer strategiese insette rondom die vul van poste van amptenare;
5.3 besluit in samewerking met die SKS oor vakatures van amptenare;
5.4 ontwikkel en implementeer ’n personeelbeleid ooreenkomstig die sinode se roeping, beleid en strategie;
5.5 ontwikkel en implementeer alle dienskontrakte van werknemers in diens van die sinode;
5.6 verseker dat daar vir alle personeel duidelike en opgedateerde taakomskrywings en ontwikkelingsplanne is;
5.7 gee uitvoering aan alle diensooreenkomste van werknemers in diens van die sinode;
5.8 evalueer deurlopend die personeelbeleid en die implikasies van die arbeidsreg en die Kerkorde op diensverhoudinge;
5.9 doen aanbevelings oor vergoeding;
5.10 skakel met die Algemene Sinode se Taakspan: Diensverhoudinge (ATDV);
5.11 is verantwoordelik aan die moderamen;
5.12 verleen advies ten opsigte van diensverhouding aangeleenthede aan gemeentes.

**6. ALGEMEEN**

6.1 Die STD kan in die uitvoering van sy opdrag onafhanklike professionele advies inwin.

6.2 Die STD handhaaf die beginsel dat daar nooit gedurende besluite oor salarisse, voordele en enige personeelhandeling botsing van belange mag wees nie.

6.3 Die STD ressorteer onder die Sinodale Diensgroep vir Ondersteuningsdienste.

6.4 Die STD koördineer met Communitas in die ontwikkeling van ’n diensleweringplan aan gemeentes.

---

## 16. REGLEMENT VIR DIE SINODALE TAAKSPAN FINANSIES EN ADMINISTRASIE (STFA)

Hierdie reglement is ondergeskik aan en moet in samehang met reglement 20 van die Kerkorde gelees word.

**1. NAAM**

Die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie (STFA).

**2. SAMESTELLING**

2.1 Die STFA word soos volg saamgestel:

2.1.1 vier kundige lede deur die sinode aangewys;

2.1.2 vyf predikante/ouderlinge/diakens deur die sinode aangewys;

2.1.3 die voorsitter van die Sinodale Taakspan Eiendomme (STE);

2.1.4 die Saakgelastigde.

2.2 Die STFA konstitueer na elke sinode en wys ’n voorsitter en ondervoorsitter aan vir die termyn tussen sinodevergaderings.

**3. ROEPING**

3.1 Om die kerk op ’n pad van verantwoordelike Bybelse rentmeesterskap te lei.

**4. TAAK**

4.1 Die bestuur en beplanning van die administrasie van die sinode.

4.2 Die administrasie en bestuur van fondse, finansies, goedere en eiendomme van die sinode wat behartig word deur die kerkkantoor onder leiding van die Saakgelastigde.

4.3 Die uitvoering van die bepalinge van reglemente vir Kerklike Fondse.

4.4 Die advies oor die bestuur van kerklike goedere van kerkrade en ringe volgens reglemente vir Beheer van Kerklike Goedere en Regsverteenwoordiging.

4.5 Die hantering van alle regsgedinge, of prosesse van geregtelike aard, in samewerking met die STR, namens die sinode en diensgroepe/taakspanne van die sinode.

4.6 Die nodige skakeling met ringe en kerkrade asook met ander sinodes en die Algemene Sinode.

4.7 Die finansiële beplanning en strategie van die sinode.

4.8 Die bestuur van die sinode se fondse sodat die roeping van die sinode prioriteit geniet.

4.9 Die bestuur van die sinode se fondse sodat gemeentes, diensgroepe en taakspanne in staat gestel word om hulle roeping uit te leef.

4.10 Doen verslag aan die sinode/moderamen van bogenoemde take.

**5. BEVOEGDHEID**

5.1 Die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie (STFA) bestuur (verhuring ingesluit) namens die moderamen die bates van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, behalwe in daardie gevalle waarin die sinode/moderamen van tyd tot tyd die bestuursbevoegdheid aan enige spesifieke taakspan/diensgroep mag oordra vir die uitvoering van enige bepaalde taak of ten opsigte van enige inrigting, instituut of tehuis.

5.2 In die geval van beskikkingsbevoegdheid (aankoop en vervreemding) van eiendom word die besluit deur die moderamen geneem. Dit kan ter vergadering of elektronies gedoen word.

5.3 Die STFA het die bevoegdheid om namens die sinode/moderamen:

5.3.1 roerende en onroerende bates in oorleg met die moderamen en die sinodale taakspan vir eiendomme te koop en te verkoop, te huur en te verhuur volgens die werkswyse in 5.2 uiteengesit;

5.3.2 verbande oor onroerende goed en notariële verbande oor roerende goed te verleen en om roerende goed in pand te gee;

5.3.3 serwitute oor onroerende goed te verleen;

5.3.4 lenings aan te gaan teen sodanige rentekoers op sodanige terme en teen die verskaffing van sodanige sekuriteite soos tussen die STFA en die geldskieter ooreengekom word;

5.3.5 die verpligtinge van derde partye te waarborg;
5.3.6 geld teen rente of vry van rente uit te leen op sodanige terme soos tussen die STFA en die geldopnemer ooreengekom word en teen die verskaffing van sodanige sekuriteit of sonder die verskaffing van sekuriteit soos die STFA mag bepaal;
5.3.7 geld te belê teen sodanige sekuriteit en op sodanige terme soos die STFA mag goed ag en in die besonder ook in aandele, effekte of regte in groeifondse of maatskappye, hetsy op die effektebeurs genoteer al dan nie en die oordeel oor die veiligheid van die sekuriteit berus uitsluitlik by die STFA of sy gemagtigdes;
5.3.8 roerende en onroerende goed in oorleg met moderamen te skenk;
5.3.9 ooreenkomste van enige ander aard wat nie deur die voorgaande gedek word nie te sluit;
5.3.10 die aanstelling te aanvaar en op te tree as trustee ten opsigte van enige fonds of goed wat vir ’n bepaalde doel of vir enige besondere werksaamheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in trust aan die kerk bemaak of geskenk is of wat die kerk andersins toeval.
5.4. Die STFA doen oor bogenoemde aan die sinode/moderamen verslag.

**6. DIE SAAKGELASTIGDE**

6.1 Die Saakgelastigde is ex officio lid en skriba van die STFA.
6.2 Vir die funksie en take van die Saakgelastigde sien die reglement vir die Saakgelastigde.

**7. TEKENMAGTE**

7.1 Die Saakgelastigde teken alle amptelike dokumente en kontrakte namens die sinode, die moderamen en die STFA, behalwe in gevalle waar die moderamen op aanbeveling van die Diensgroep vir Ondersteuningsdienste anders besluit.

**8. REGSGEDINGE**

8.1 Die STFA en STR voer gesamentlik alle regsgedinge, of prosesse van geregtelike aard, namens die sinode en diensgroepe/taakspanne van die sinode, hetsy as eiser of verweerder, hetsy as applikant of respondent.
8.2 Die Saakgelastigde teken alle stukke wat nodig is om regsgedinge of prosesse van geregtelike aard in te stel of te verdedig, behalwe as die STFA en STR gesamentlik anders besluit. Prosesstukke word aan die Saakgelastigde bestel.
8.3 Waar die belange van ’n bepaalde sinodale inrigting, instituut of tehuis onder die beheer van enige diensgroep/taakspan deur die sinode benoem, in ’n regsgeding betrokke is, word die regsgeding, met gesamentlike toestemming van die STFA en STR, deur die betrokke taakspan/diensgroep gevoer en die voorsitter van die betrokke taakspan/diensgroep teken alle stukke i.v.m. sodanige gedingvoering met dien verstande dat die STFA in sodanige geding optree totdat die betrokke taakspan/diensgroep die gedingvoering oorgeneem het en met dien verstande dat die STFA en STR op enige tydstip kan besluit om self die gedingvoering te onderneem.
8.4 Indien die prosesstuk waardeur ’n regsgeding of proses van geregtelike aard teen die kerk ingestel word, bestel word aan enigiemand anders as die Saakgelastigde, word sodanige stuk onmiddellik aan die Saakgelastigde besorg.
8.5 Wanneer ’n kerkraad of ring in ’n regsgeding betrokke raak, word die geding in naam van die betrokke kerkraad/gemeente of ring gevoer en is hulle verantwoordelik vir alle koste daaraan verbonde. Die betrokke kerkvergadering behoort met die STR/ringsregs-kommissie oorleg te pleeg.
8.6 In geval van ’n regsgeding kan ’n ring of ’n kerkraad, via die ring waartoe die kerkraad behoort, by die STFA aansoek doen om finansiële ondersteuning deur die kerkverband, mits die ring in die aansoek kan aantoon dat die nodige advies ingewin is en dat daar afdoende gehou is by die betrokke kerkorde artikels en reglemente.
8.7 Die STFA en STR kan op koste van die sinode regsadvies inwin soos benodig.

**9. ADMINISTRASIE**

9.1 Die STFA bestuur namens die sinode/moderamen die administrasie van die sinode.
9.2 Vir die administrasie van die verskillende fondse moet elke fonds wat in die sinodale kantore geadministreer word, jaarliks ’n bedrag as administratiewe fooi bydra volgens ’n persentasie soos deur die STFA bepaal.
9.3 Vir buitengewone uitgawes van diensgroepe en taakspanne, soos bonusse, geskenke, voorskotte en lenings uit enige sinodale fondse, moet die toestemming van STFA vooraf verkry word.
9.4 In gevalle waar daar onduidelikheid heers of verskille is oor die regsgeldigheid van enige eise of rekeninge van die sinodale administrasie en/of taakspanne en diensgroepe, beslis die STFA.
9.5 Alle taakspanne en diensgroepe wat beheer oor sinodale eiendomme het, moet jaarliks tussen 1 Maart en 31 Augustus ’n staat van bates en laste aan die Saakgelastigde stuur vir voorlegging aan die STFA.

9.6 Vir die behoorlike verantwoording van alle gelde moet minstens die Saakgelastigde en soveel ander lede van die personeel as wat die Saakgelastigde mag aanbeveel, deur veilige waarborgpolisse gedek word.
9.7 Die STFA ontvang jaarliks 'n volledige verslag van die kerk se ouditeure, wat ondersoek doen na alle fondse asook die bestuur daarvan.

---

## 17. REGLEMENT VIR KERKLIKE FONDSE

Hierdie reglement is ondergeskik aan en moet saamgelees word met ooreenstemmende reglement 20 van die Kerkorde.

**1. ALGEMENE KERKLIKE FONDSE**

1.1 Die reglement is van toepassing op die insameling en beheer van alle kerklike fondse. Die fondse word verdeel in gemeentelike, rings-, en sinodale fondse.
1.2 Die reglement is bindend vir alle kerklike instansies, diensgroepe en taakspanne, asook die gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika wat reeds gestig is of nog gestig sal word.
1.3 Volgens die Bybel is lidmate geroep om as rentmeesters met dankbaarheid en offervaardigheid voorsiening te maak vir kerklike uitgawes. Die beheer en besteding daarvan moet volgens die beginsels van Bybelse rentmeesterskap op 'n ordelike wyse geskied.
1.4 Behoorlike rekeningkundige rekords van alle fondse moet gehou word. Omvattende interne beheermaatreëls en verslagdoening oor alle fondse wat deur kerklike instansies en kommissies bestuur word, moet bepaal en nagekom word.

**2. GEMEENTEFONDSE**

2.1 Gemeentefondse word gevind deur lidmate te wys op die voorreg en verantwoordelikheid van hulle rentmeesterskap. Behalwe die beskikbaarstelling van hulle tyd en gawes, gee lidmate as rentmeesters ook deur:
2.1.1 dankoffers by openbare eredienste,
2.1.2 vrywillige dankoffers, en
2.1.3 ander inkomste, insamelings en bydraes.
2.2 Elke gemeente se gemeentefondse staan onder beheer van die kerkraad.
2.3 Gemeentefondse word aangewend vir uitgawes in belang van die bediening soos bepaal deur die kerkraad. Bedieningsuitgawes sluit die volgende in: vergoeding van predikante en amptenare, instandhouding van kerklike geboue, onderhoud van sorgbehoewendes, ander gemeentelike uitgawes en verpligte bydraes vir die sinodale fondse.
2.4 Om skuld of tekorte te voorkom, stel die kerkraad aan die begin van elke boekjaar 'n begroting van inkomste en uitgawes op. Die kerkraad bestuur hierdie begroting met verslag aan die gemeente.
2.5 Die kerkraad moet:
2.5.1 toesien dat behoorlike finansiële boekhouding van alle geldelike aktiwiteite en fondse wat in die gemeente bestuur word, geskied;
2.5.2 moet jaarliks 'n finansiële staat van sodanige fondse opstel en dit deur 'n IRBA (*Independent Regulatory Board for Auditors*) geregistreerde ouditeur, wat nie lid van die kerkraad is nie, laat oudit.
2.6 Alle sinodale bydraes (soos sinodale aandeel en gemeentelike deuroffers wat vir instansies ingesamel word) en bydraes wat verband hou met die personeel van die gemeente (soos pensioen-en mediesefondspremies) is 'n verpligting wat elke kerkraad as deel van die kerkverband moet nakom. Die kerkraad sorg dat hierdie gelde maandeliks aan die kantoor van die Saakgelastigde oorbetaal word.
2.7 Kerkraadsvergaderings word deur elke lid sonder enige vergoeding bygewoon.
2.8 Finansiële beampte van die kerkraad:
2.8.1 doen geen uitbetaling sonder die goedkeuring van die kerkraad of 'n ander gevolmagtigde liggaam nie;
2.8.2 belê geen geld sonder genoegsame waarborg en sonder goedkeuring van die kerkraad nie;
2.8.3 bly aanspreeklik vir alle geld wat uitbetaal of belê is sonder voorkennis of toestemming van die kerkraad;
2.8.4 hou behoorlik boek en sorg dat alle uitstaande skulde betaal word, sowel deur die kerkraad aan die krediteure as deur die debiteure aan die gemeente. By weiering of vertraging van die debiteure word sodanige versuim dadelik by die kerkraad aanhangig gemaak;
2.8.5 is belas met die ontvangs van sinodale offers en bydraes en alle ander geld wat deur die gemeente bygedra of ten behoewe van die sinodale fondse gehef word en stuur dit onverwyld aan die kantoor van die saakgelastigde; en
2.8.6 gee op 'n tyd, soos deur die kerkraad vasgestel, aan gemeentelede die geleentheid om insae in die

finansiële state van die gemeente te verkry.

2.9 Gemeentes se finansiële jaar strek van 1 Maart tot die laaste dag van Februarie in die daaropvolgende jaar.

**3. RINGSFONDSE**

3.1 ’n Ring kan ’n ringsfonds opbou deur kollektes of vaste bydraes van elke gemeente in sy gebied te vorder. Hierdie fonds word waar toepaslik aangewend vir die koste van administrasie of enige onderneming in belang van die ring.

3.2 Die skriba beheer en administreer die fonds volgens opdrag van die ring.

3.3 Die ring sien toe dat daar jaarliks ’n finansiële staat van fondse opgestel word en dat dit deur die ringskommissie nagegaan en goedgekeur word.

3.4 Ringe sien toe dat gemeentes hul geldelike verpligtinge ten opsigte van sinodale aandeel en ander offers nakom.

3.5 Ringe se finansiële jaar strek van 1 Maart tot die laaste dag van Februarie in die daaropvolgende jaar.

**4. SINODALE FONDSE**

4.1 Die Sinode administreer al die fondse waaroor hy beskik deur die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie (STFA).

4.2 Sinodale diensgroepe en taakspanne en instansies met selfstandige boekhouding, stel in oorleg met die STFA ’n IRBA (*Independent Regulatory Board for Auditors*) geregistreerde ouditeur aan, terwyl die ontslag/vervanging van ’n ouditeur ook in oorleg met die STFA geskied.

4.3 Insameling van fondse. Die sinode vind sy fondse deur:

4.3.1 Sinodale aandeel van gemeentes

4.3.1.1 Die sinodale begroting word hoofsaaklik befonds deur gemeentelike bydraes wat bepaal word volgens elke gemeente se vermoë. Gemeentes se sinodale aandeel word deur ’n formule bepaal wat van tyd tot tyd deur die STFA aangepas en deur die Moderamen goedgekeur word voordat dit aan gemeentes voorsien word.

4.3.2 Sinodale en spesiale gemeentelike deuroffers soos van tyd tot tyd deur die STFA met goedkeuring van die sinode/moderamen bepaal. Die STFA het die bevoegdheid om te bepaal:

4.3.2.1 watter deuroffers primêre sinodale werksaamhede bevorder en daarom as verpligte sinodale deuroffers geld;

4.3.2.2 watter instansies se werksaamhede as sekondêre werksaamhede gereken word en daarom deur spesiale deuroffers, waaroor kerkrade self kan besluit, befonds word.

4.3.3 Opbrengs van reserwefondse en ander fondse.

4.4 Finansiële Bestuur

4.4.1 Die sinode se finansies word volgens ’n inkomstebepaalde-begroting, in ooreenstemming met die sinode en moderamen se prioriteite, tussen die verskillende diensgroepe verdeel. ’n Diensgroep se uitgawes mag nie die toegekende deel van die begroting oorskry nie.

4.4.2 ’n Diensgroep se oorskot (of tekort) in ’n finansiële jaar word na die volgende finansiële jaar oorgedra.

4.4.3 Diensgroepe/taakspanne kan uit die opbrengs van reserwes/trustfondse wat aan hulle toegewys is, die begroting aanvul nadat genoegsame voorsiening vir kapitaalgroei gemaak is en die STFA hulle toestemming gegee het.

4.4.4 Reis- en ander kostes vir kerklike vergaderings en verpligtinge word betaal volgens riglyne soos van tyd tot tyd deur die STFA vasgestel.

4.4.5 In die jaar waarin die sinode vergader, kan elke kerkraad vir ’n spesiale bydrae per afgevaardigde gevra word om die koste van die vergadering te delg.

4.5 Opdragte voor en tydens sinode- en moderamenvergaderings. Die STFA:

4.5.1 doen aan die vergadering ’n voorlegging oor die wyse waarop die STFA en diensgroep vir ondersteuning rentmeesterskap in die sinodale gebied bevorder het;

4.5.2 lewer aan die vergadering verslag oor die verskillende fondse wat onder beheer van die saakgelastigde in die kerkkantoor is;

4.5.3 doen verslag van die geouditeerde finansiële state van die sinodale fondse;

4.5.4 lê die sinodale begroting aan die vergadering voor;

4.5.5 bedien die sinode met advies ten opsigte van beskrywingspunte en voorstelle met finansiële implikasies of wat die begroting kan affekteer; en

4.5.6 gee aan enige lid van die vergadering die geleentheid om op aanvraag insae in geouditeerde finansiële state van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika te verkry.

4.6 Die Sinode se finansiële jaar strek van 1 Maart tot die laaste dag van Februarie in die daaropvolgende jaar.

## 18. REGLEMENT VIR DIE REËLING VAN EIENDOMME, GOEDERE EN FONDSE

1. **SINODALE EIENDOMME, GOEDERE EN FONDSE**

1.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in sinodale verband is ’n regspersoon en die sinode of sy gevolmagtigde(s) is sy orgaan/organe.

1.1.1 Die Sinodale Taakspan Finansies en Administrasie (STFA) is die Sinode se gevolmagtigde ten opsigte van eiendomme, goedere en fondse.

1.1.2 Die STFA en STR voer gesamentlik alle regsgedinge, of prosesse van geregtelike aard, namens die Sinode, hetsy as eiser of verweerder, hetsy as applikant of respondent.

1.1.3 Die Saakgelastigde teken namens die Sinode en die Moderamen alle amptelike dokumente en kontrakte en ook alle stukke wat nodig is om regsgedinge of prosesse van geregtelike aard in te stel of te verdedig. Prosesstukke word aan die Saakgelastigde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika bestel.

1.2 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika is die eienaar van alle roerende en onroerende bates wat deur die sinode beheer en verkry word en vaste eiendom word in die naam van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika geregistreer.

1.3 Eiendomme, goedere en fondse word geadministreer deur die sinode se gevolmagtigde wat die fondse en bates hanteer met verslag aan die sinode.

1.4 Onderhewig daaraan dat die inkomste en eiendom van die sinode, met inbegrip van eiendom of inkomste wat deur die sinode se gevolmagtigde(s) bestuur word, nie aan enige persoon uitgekeer mag word nie, maar uitsluitlik aangewend mag word vir die beoefening van die aktiwiteite van die sinode en die bevordering van die oogmerke waarvoor dit ingestel is en om tussentydse beleggings te maak, 9met dien verstande dat niks wat hierin bepaal is, die betaling te goeder trou belet van redelike besoldiging [synde vergoeding wat nie oormatig is nie, inaggenome wat algemeen as redelik geag word in die sektor en met betrekking tot die diens gelewer] aan enige werknemer of beampte van die sinode vir dienste wat sodanige persoon werklik aan die sinode gelewer het nie0 is die gevolmagtigde soos in 1.3 hierbo aangedui, bevoeg om in opdrag van die sinode enige regshandeling wat verband hou met die beskikking, verkryging, vervreemding, beswaring of versekering van die betrokke bates te verrig met insluiting van die volgende:

1.4.1 Om eiendomme, roerend en/of onroerend te verkry deur skenking, erflating, aankoop, huur of enige ander wyse.

1.4.1.1 Alle skenkings en bemakings aan die sinode word deur die sinode se gevolmagtigde(s) hanteer en bestuur. Wanneer skenkings en bemakings volgens wetlike eise anders hanteer moet word, moet die korrekte voorskrifte nagekom word met verantwoording aan die sinode. Die sinode sal nie ’n skenking wat herroeplik op aandrang van die skenker is, vir ander redes as die wesenlike versuim om aan die aangewese oogmerke en voorwaardes van bedoelde skenking te voldoen (met inbegrip van enige wanvoorstelling met betrekking tot die belastingaftrekbaarheid daarvan ingevolge Artikel 18A van die Inkomstebelastingwet), aanvaar nie, met dien verstande dat ’n skenker nie enige voorwaarde mag oplê wat bedoelde skenker of enige verbonde persoon met betrekking tot bedoelde skenker in staat kan stel om enige direkte of indirekte voordeel uit die aanwending van die skenking te verkry nie.

1.4.1.2 Indien ’n skenking/bemaking vir ’n spesifieke doel gemaak word, moet dit ten behoewe van daardie gespesifiseerde doel aangewend word.

1.4.2 Om eiendomme, roerend en/of onroerend, te verkoop, te verruil, te verhuur, te skenk of op enige ander wyse te vervreem, te verbind, in pand, as sekuriteit of as borge te gee, of op enige ander wyse te beswaar met dien verstande dat:

1.4.2.1 skenkings slegs gemaak mag word ter bevordering van die doelstellings van die sinode of aan teologiese studente of aan bedienaars van die Woord, werknemers en amptenare in diens van kerkvergaderinge van die NG Kerk, asook aan godsdienstige, liefdadigheids en/of opvoedkundige inrigtings wat ingevolge die bepalings van die Inkomstebelastingwet van belasting vrygestel is;

1.4.2.2 slegs sekuriteit gegee mag word vir die verpligtinge van die sinode.

1.4.3 Om gelde onder sy beheer te belê en om sodanige beleggings te gelde te maak, op te vra, te kanselleer, te sedeer, te verander of andersins daarmee te handel met dien verstande dat beleggings slegs gemaak mag word:

1.4.3.1 by geregistreerde finansiële instellings, soos omskryf in Artikel 1 van die Wet op Finansiële Instellings (Wet 39 van 1984); en/of

1.4.3.2 in aandele genoteer op ’n aandelebeurs soos omskryf in Artikel 1 van die Wet op Beheer van Aandelebeurse, 1985 (Wet 1 van 1985) omskryf; en/of

1.4.3.3 in die ander versigtige beleggings in finansiële instrumente en bates wat die Kommissaris: Suid-Afrikaanse Inkomstediens bepaal, na oorlegpleging met die Uitvoerende Beampte van die Raad op Finansiële Dienste en die Direkteur van Organisasies Sonder Winsoogmerk;

1.4.3.4 met dien verstande dat die sinode of sy gevolmagtigde(s) nieteenstaande bostaande beperkings:
(a) ’n belegging (uitgesluit ’n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit) wat dit as ’n skenking, bemaking of erflating verkry, mag behou in die vorm waarin dit verkry is;
(b) ’n belegging in die vorm van ’n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit (of enige bate in so ’n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit) wat dit as ’n skenking, bemaking of erflating voor 1

Januarie 2001 verkry het, mag behou of voortsit in die vorm waarin dit verkry is vir ’n tydperk van vyf jaar na 1 Januarie 2001.

1.4.4 Om gelde uit te leen op eerste verband oor vaste eiendom of ander sekuriteit wat hy mag goeddink aan teologiese studente, bedienaars van die Woord, werknemers en amptenare in diens van kerkvergaderinge van die NG Kerk, asook aan godsdienstige, liefdadigheids- en/of opvoedkundige inrigtings wat ingevolge die bepalings van die Inkomstebelastingwet van belasting vrygestel is.

1.5 In alle regsgedinge of dispute oor eiendomme, goedere en fondse tree die sinode se gevolmagtigde wat die fondse en bates hanteer, soos in 1.3 hierbo aangedui, sonder meer bepaalde lasgewing sowel eisend as verwerend ten behoewe van die sinode op na goedkeuring van die STR.

1.6 Die sinode sal nie ’n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit bedryf nie, behalwe in die mate wat:

1.6.1 die bruto inkomste uit bedoelde besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit verkry, nie die bedrag of persentasie wat die Inkomstebelastingwet van tyd tot tyd mag toelaat, te bowe gaan nie; of

1.6.2 die onderneming of aktiwiteit:

1.6.2.1 integraal en direk verwant is tot die oogmerk van die sinode; en

1.6.2.2 beoefen of uitgevoer word op ’n grondslag waarvan wesenlik die geheel gerig is op die verhaling van koste en wat nie onregverdige mededinging met betrekking tot belasbare entiteite tot gevolg sal hê nie.

1.6.3 die onderneming of aktiwiteit, indien nie integraal en direk verwant aan die oogmerk van die sinode nie, van ’n toevallige aard is en wesenlik onderneem word met vrywillige bystand sonder vergoeding; of

1.6.4 die onderneming of aktiwiteit deur die minister van Finansies by kennisgewing in die Staatskoerant goedgekeur is.

1.7 In geval van ontbinding van die sinode moet alle eiendomme, goedere en fondse tussen die samestellende gemeentes na verhouding van die getal belydende lidmate in elke gemeente ten tye van die ontbinding verdeel word met dien verstande dat ’n gemeente slegs in die verdeling van die sinode se bates mag deel indien dit ingevolge Artikel 30 van die Inkomstebelastingwet, Wet 58 van 1962, soos gewysig, goedgekeur is as Openbare Weldaadorganisasie.

## 2. RINGSEIENDOMME, GOEDERE EN FONDSE

2.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in ringsverband is ’n regspersoon en die ringsvergadering of sy gevolmagtigde(s) is sy orgaan.

2.1.1 Die Ringskommissie is die ring se gevolmagtigde ten opsigte van eiendomme, goedere en fondse [Sien reglement 24: 4].

2.1.2 Die Ringskommissie en die Ringsregskommissie voer gesamentlik alle regsgedinge, of prosesse van geregtelike aard, namens die ring, hetsy as eiser of verweerder, hetsy as applikant of respondent [Sien reglement 24: 5].

2.1.3 Die Ringskriba teken namens die ring alle amptelike dokumente en kontrakte en ook alle stukke wat nodig is om regsgedinge of prosesse van geregtelike aard in te stel of te verdedig . Prosesstukke word aan die Ringskriba van die betrokke ring bestel [Sien reglement 25].

2.2 Die Nederduitse Gereformeerde Ring van [naam van ring] is die eienaar van alle roerende en onroerende bates wat deur die ring beheer en verkry word en vaste eiendom word in die naam van die Nederduitse Gereformeerde Ring van [naam van ring] geregistreer.

2.3 Eiendomme, goedere en fondse word geadministreer deur die ring se gevolmagtigde wat die fondse en bates hanteer met verslag aan die ringsvergadering.

2.4 Onderhewig daaraan dat die inkomste en eiendom van die ring, met inbegrip van eiendom of inkomste wat deur die ring se gevolmagtigde(s) bestuur word, nie aan enige persoon uitgekeer mag word nie maar uitsluitlik aangewend mag word vir die beoefening van die aktiwiteite van die ring en die bevordering van die oogmerke waarvoor dit ingestel is en om tussentydse beleggings te maak, [met dien verstande dat niks wat hierin bepaal is, die betaling te goeder trou belet van redelike besoldiging (synde vergoeding wat nie oormatig is nie, inaggenome wat algemeen as redelik geag word in die sektor en met betrekking tot die diens gelewer) aan enige werknemer of beampte van die ring vir dienste wat sodanige persoon werklik aan die ring gelewer het nie] is die gevolmagtigde soos in 2.3 hierbo aangedui, bevoeg om in opdrag van die ring enige regshandeling wat verband hou met die beskikking, verkryging, vervreemding, beswaring of versekering van die betrokke bates te verrig met insluiting van die volgende:

2.4.1 Om eiendomme, roerend en/of onroerend, te verkry deur skenking, erflating, aankoop, huur of op enige ander wyse

2.4.1.1 Alle skenkings en bemakings aan die ring word deur die ring se gevolmagtigde(s) hanteer en bestuur. Wanneer skenkings en bemakings volgens wetlike eise anders hanteer moet word, moet die korrekte voorskrifte nagekom word met verantwoording aan die ring. Die ring sal nie ’n skenking wat herroeplik op aandrang van die skenker is, vir ander redes as die wesenlike versuim om aan die aangewese oogmerke en voorwaardes van bedoelde skenking te voldoen (met inbegrip van enige wanvoorstelling met betrekking tot die belastingaftrekbaarheid daarvan ingevolge Artikel 18A van die Inkomstebe-

lastingwet), aanvaar nie, met dien verstande dat ’n skenker nie enige voorwaarde mag oplê wat bedoelde skenker of enige verbonde persoon met betrekking tot bedoelde skenker in staat kan stel om enige direkte of indirekte voordeel uit die aanwending van die skenking te verkry nie.

2.4.1.2 Indien ’n skenking/bemaking vir ’n spesifieke doel gemaak word, moet dit ten behoewe van daardie gespesifiseerde doel aangewend word.

2.4.2 Om eiendomme, roerend en/of onroerend, te verkoop, te verruil, te verhuur, te skenk of op enige ander wyse te vervreem, te verbind, in pand, as sekuriteit of as borg te gee, of op enige ander wyse te beswaar met dien verstande dat:

2.4.2.1 skenkings slegs gemaak mag word ter bevordering van die doelstellings van die ring of aan teologiese studente of aan bedienaars van die Woord, werknemers en amptenare in diens van kerkvergaderinge van die NG Kerk, asook aan godsdienstige, liefdadigheids- en/of opvoedkundige inrigtings wat ingevolge die bepalings van die Inkomstebelastingwet van belasting vrygestel is;

2.4.2.2 slegs sekuriteit gegee mag word vir die verpligtinge van die ring.

2.4.3 Om gelde onder sy beheer te belê en om sodanige beleggings te gelde te maak, op te vra, te kanselleer, te sedeer, te verander of andersins daarmee te handel met dien verstande dat beleggings slegs gemaak mag word:

2.4.3.1 by geregistreerde finansiële instellings, soos omskryf in Artikel 1 van die Wet op Finansiële Instellings (Wet 39 van 1984); en/of

2.4.3.2 in aandele genoteer op ’n aandelebeurs soos omskryf in Artikel 1 van die Wet op Beheer van Aandelebeurse, 1985 (Wet 1 van 1985) omskryf; en/of

2.4.3.3 in die ander versigtige beleggings in finansiële instrumente en bates wat die Kommissaris: Suid-Afrikaanse Inkomstediens bepaal, na oorlegpleging met die Uitvoerende Beampte van die Raad op Finansiële Dienste en die Direkteur van Organisasies Sonder Winsoogmerk;

2.4.3.4 met dien verstande dat die ring of sy gevolmagtigde(s) nieteenstaande bostaande beperkings:
(a) ’n belegging (uitgesluit ’n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit) wat dit as ’n skenking, bemaking of erflating verkry, mag behou in die vorm waarin dit verkry is;
(b) ’n belegging in die vorm van ’n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit (of enige bate in so ’n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit) wat dit as ’n skenking, bemaking of erflating voor 1 Januarie 2001 verkry het, mag behou of voortsit in die vorm waarin dit verkry is vir ’n tydperk van 5 jaar na 1 Januarie 2001.

2.4.4 Om gelde uit te leen op eerste verband oor vaste eiendom of ander sekuriteit wat hy mag goeddink aan teologiese studente, bedienaars van die Woord, werknemers en amptenare in diens van kerkvergaderinge van die NG Kerk, asook aan godsdienstige, liefdadigheids- en/of opvoedkundige inrigtings wat ingevolge die bepalings van die Inkomstebelastingwet van belasting vrygestel is.

2.5 In alle regsgedinge of dispute oor eiendomme, goedere en fondse tree die ring se gevolmagtigde soos in 2.3 hierbo aangedui, sonder meer bepaalde lasgewing sowel eisend as verwerend ten behoewe van die ring op, met goedkeuring van die ring of sy gevolmagtigde. Die ring word egter ten sterkste aanbeveel om in sodanige situasies die advies van die STR te verkry.

2.6 Die ring sal nie ’n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit bedryf nie, behalwe in die mate wat:

2.6.1 die bruto inkomste uit bedoelde besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit verkry, nie die bedrag of persentasie wat die Inkomstebelastingwet van tyd tot tyd mag toelaat, te bowe gaan nie; of

2.6.2 die onderneming of aktiwiteit:

2.6.2.1 integraal en direk verwant is tot die oogmerk van die ring; en

2.6.2.2 beoefen of uitgevoer word op ’n grondslag waarvan wesenlik die geheel gerig is op die verhaling van koste en wat nie onregverdige mededinging met betrekking tot belasbare entiteite tot gevolg sal hê nie.

2.6.3 die onderneming of aktiwiteit, indien nie integraal en direk verwant aan die oogmerk van die ring nie, van ’n toevallige aard is en wesenlik onderneem word met vrywillige bystand sonder vergoeding; of

2.6.4 die onderneming of aktiwiteit deur die minister van Finansies by kennisgewing in die Staatskoerant goedgekeur is.

2.7 by die ontbinding van die ring, en die inlywing van die ring by ’n ander NG ring of ringe na goedkeuring deur die sinode, word die bates wat oorbly, na voldoening van al die ring se verpligtinge gegee of oorgemaak aan die ander ring(e) wat ingevolge Artikel 30 van die Inkomstebelastingwet goedgekeur is as Openbare Weldaadorganisasie(s).

## 3. GEMEENTELIKE EIENDOMME, GOEDERE EN FONDSE

3.1 Elke gemeente is ’n regspersoon en die kerkraad of sy gevolmagtigde(s) is sy orgaan.

3.2 Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente [naam van gemeente] is dus die eienaar van alle roerende en onroerende bates wat deur die kerkraad beheer en verkry word en vaste eiendom word in die naam van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente [naam van gemeente] geregistreer.

3.3 Eiendomme, goedere en fondse word geadministreer deur die kerkraad met jaarlikse verslag aan die gemeente en ring.

3.4 Onderhewig daaraan dat die inkomste en eiendom van die gemeente nie aan enige persoon uitgekeer mag word nie maar uitsluitlik aangewend mag word vir die beoefening van die aktiwiteite van die gemeente en die bevordering van die oogmerke waarvoor dit ingestel is en om tussentydse belegging te maak, [met dien verstande dat niks wat hierin bepaal is, die betaling te goeder trou belet van redelike besoldiging (synde vergoeding wat nie oormatig is nie, inaggenome wat algemeen as redelik geag word in die sektor en met betrekking tot die diens gelewer) aan enige werknemer, lidmaat of beampte van die gemeente vir dienste wat sodanige persoon werklik aan die gemeente gelewer het nie] is die kerkraad bevoeg om enige regshandeling wat verband hou met die beskikking, verkryging, vervreemding, beswaring of versekering van die betrokke bates te verrig met insluiting van die volgende:

3.4.1 Om eiendomme, roerend en/of onroerend te verkry deur skenking, erflating, aankoop, huur of op enige ander wyse.

3.4.1.1 Alle skenkings en bemakings aan die gemeente word deur die kerkraad hanteer en bestuur. Wanneer skenkings en bemakings volgens wetlike eise anders hanteer moet word, moet die korrekte voorskrifte nagekom word met verantwoording aan die gemeente. Die kerkraad sal nie 'n skenking wat herroeplik op aandrang van die skenker is, vir ander redes as die wesenlike versuim om aan die aangewese oogmerke en voorwaardes van bedoelde skenking te voldoen (met inbegrip van enige wanvoorstelling met betrekking tot die belastingaftrekbaarheid daarvan ingevolge artikel 18A van die Inkomstebelastingwet), aanvaar nie, met dien verstande dat 'n skenker nie enige voorwaarde mag oplê wat bedoelde skenker of enige verbonde persoon met betrekking tot bedoelde skenker in staat kan stel om enige direkte of indirekte voordeel uit die aanwending van die skenking te verkry nie.

3.4.1.2 Indien 'n skenking/bemaking vir 'n spesifieke doel gemaak word, moet dit ten behoewe van daardie gespesifiseerde doel aangewend word.

3.4.2 Om eiendomme, roerend en/of onroerend, te verkoop, te verruil, te verhuur, te skenk of op enige ander wyse te vervreem, te verbind, in pand, as sekuriteit of as borg te gee, of op enige ander wyse te beswaar met dien verstande dat:

3.4.2.1 slegs sekuriteit gegee mag word vir die verpligtinge van die gemeente;

3.4.2.2 skenkings slegs gemaak mag word ter bevordering van die doelstellings van die gemeente of aan teologiese studente, bedienaars van die Woord, werknemers en amptenare in diens van kerkvergadering van die NG Kerk, asook aan godsdienstige, liefdadigheids- en/of opvoedkundige inrigtings wat ingevolge die bepalings van die Inkomstebelastingwet van belasting vrygestel is en

3.4.2.3 die skenking van onroerende goed as volg hanteer word:

(a) Die kerkraad kan onroerende goed slegs skenk met 'n besluit geneem deur twee derdes van die lede wat by 'n wettige kerkraadsvergadering teenwoordig is.

(b) 'n Besluit van die kerkraad oor die skenking van onroerende goed, word aan die gemeente bekend gemaak by geleentheid van 'n gewone erediens op twee opeenvolgende Sondae, met vermelding daarvan dat besware daarteen skriftelik by die skriba ingedien moet word binne sewe dae na die tweede bekendmaking.

(c) Besware wat nie binne die gemelde tydperk ingedien word nie, word nie oorweeg nie.

(d) Enige beswaar wat ingedien word, kan by 'n vergadering van die kerkraad gehandhaaf word deur 'n meerderheid van stemme van die aanwesige lede en daarmee verval die voorgenome skenking. Indien die beswaar nie met 'n meerderheid van stemme gehandhaaf word nie, verklaar die voorsitter dat dit verwerp is.

(e) Indien 'n beswaar verwerp word, word die beswaarmaker skriftelik daarvan verwittig en kan hy/sy binne veertien dae nadat die kennisgewing van verwerping per aangetekende pos aan die beswaarmaker afgestuur of persoonlik afgelewer is, skriftelik by die ring appelleer. Die beslissing van die ring oor die appèl is finaal.

(f) Indien geen beswaar teen die voorgenome skenking ingedien word nie, of indien alle besware teruggetrek word, of indien enige besware wat ingedien is na verwerping deur die kerkraad nie deur die ring gehandhaaf word nie, word die besluit van die kerkraad om die onroerende goed te skenk, finaal.

3.4.3 Om gelde onder sy beheer te belê en om sodanige beleggings te gelde te maak, op te vra, te kanselleer, te sedeer, te verander of andersins daarmee te handel met dien verstande dat beleggings slegs gemaak mag word:

3.4.3.1 by geregistreerde finansiële instellings, soos omskryf in Artikel 1 van die Wet op Finansiële Instellings (Wet 39 van 1984); en/of

3.4.3.2 in aandele genoteer op 'n aandelebeurs soos omskryf in Artikel 1 van die Wet op Beheer van Aandelebeurse, 1985 (Wet 1 van 1985) omskryf; en/of

3.4.3.3 in die ander versigtige beleggings in finansiële instrumente en bates wat die Kommissaris: Suid-Afrikaanse Inkomstediens bepaal, na oorlegpleging met die Uitvoerende Beampte van die Raad op Finansiële Dienste en die Direkteur van Organisasies Sonder Winsoogmerk;

3.4.3.4 met dien verstande dat die kerkraad nieteenstaande bostaande beperkings:

3.4.3.4.1 'n belegging (uitgesluit 'n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit) wat dit as 'n skenking, be-

making of erflating verkry, mag behou in die vorm waarin dit verkry is;

3.4.3.4.2 ’n belegging in die vorm van ’n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit (of enige bate in so ’n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit) wat dit as ’n skenking, bemaking of erflating voor 1 Januarie 2001 verkry het, mag behou of voortsit in die vorm waarin dit verkry is vir ’n tydperk van 5 jaar na 1 Januarie 2001.

3.4.4 Om gelde uit te leen op eerste verband oor vaste eiendom of ander sekuriteit wat hy mag goeddink aan teologiese studente, bedienaars van die Woord, werknemers en amptenare in diens van kerkvergaderinge van die NG Kerk, asook aan godsdienstige, liefdadigheids- en/of opvoedkundige inrigtings wat ingevolge die bepalings van die Inkomstebelastingwet van belasting vrygestel is.

3.5 In alle regsgedinge of dispute oor eiendomme, goedere en fondse tree die kerkraad sonder meer bepaalde lasgewing sowel eisend as verwerend en ten behoewe van die gemeente op. Die kerkraad word egter ten sterkste aanbeveel om in sodanige situasie die advies van die STR te verkry.

3.6 Die gemeente sal nie ’n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit bedryf nie, behalwe in die mate wat:

3.6.1 die bruto inkomste uit bedoelde besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit verkry, nie die bedrag of persentasie wat die Inkomstebelastingwet van tyd tot tyd mag toelaat, te bowe gaan nie; of

3.6.2 die onderneming of aktiwiteit:

3.6.2.1 integraal en direk verwant is tot die oogmerk van die gemeente; en

3.6.2.2 beoefen of uitgevoer word op ’n grondslag waarvan wesenlik die geheel gerig is op die verhaling van koste en wat nie onregverdige mededinging met betrekking tot belasbare entiteite tot gevolg sal hê nie;

3.6.3 die onderneming of aktiwiteit, indien nie integraal en direk verwant aan die oogmerk van die gemeente nie, van ’n toevallige aard is en wesenlik onderneem word met vrywillige bystand sonder vergoeding; of

3.6.4 die onderneming of aktiwiteit deur die minister van Finansies by kennisgewing in die Staatskoerant goedgekeur is.

3.7 In geval van ontbinding van ’n gemeente sonder dat die gemeente by ’n ander gemeente van die NG Kerk ingelyf word, word die bates van die gemeente wat oorbly na voldoening aan al sy verpligtinge, gegee of oorgemaak aan ’n ander gemeente of inrigting, met doelstellings soortgelyk aan die van die gemeente en wat ingevolge Artikel 30 van die Inkomstebelastingwet, Wet 58 van 1962, soos gewysig, goedgekeur is as Openbare Weldaadorganisasie.

---

## 19. REGLEMENT VIR DIE SINODALE TAAKSPAN EIENDOMME (STE)

**1. NAAM**

1.1 Die Sinodale Taakspan Eiendomme (STE).

**2. SAMESTELLING EN FUNKSIONERING**

2.1 Die STE word soos volg saamgestel:

2.1.1 drie lede met sekundi deur sinode aangewys;

2.1.2 minstens twee kundige lede deur STE aangewys;

2.1.3 een lid van die Sinodale Taakspan Finansies en Administrasie (STFA);

2.1.4 een lid van die Sinodale Taakspan Regte (STR);

2.1.5 die Saakgelastigde;

2.1.6 die Bestuurder Eiendomme.

2.2 Die STE konstitueer na elke sinode en wys ’n voorsitter en ondervoorsitter aan vir die termyn tussen sinodevergadering.

2.3 Die voorsitter van die STE het sitting op die STFA asook op die Moderamen.

**3. OPDRAG**

3.1 Die STE se opdrag is om uitvoering te gee aan die Sinode se roeping as verantwoordelike rentmeester met betrekking tot al die eiendomme wat geregistreer is in die naam van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (Wes-en-Suid-Kaap).

**4. TAAK**

Die STE:

4.1 sien toe dat die instandhouding van alle eiendomme na behore geskied,

4.2 sien toe dat alle eiendomme na behore verseker is en kontroleer jaarliks dat sodanige versekering markverwant aangepas word,
4.3 dra sorg dat gebruik- en huurooreenkomste behoorlik opgestel, bekragtig en uitgevoer word en jaarliks hernu word,
4.4 doen aanbevelings aan die STFA en die moderamen/sinode oor die koop en verkoop van eiendomme,
4.5 ondersteun diensgroepe en instansies van die sinode om toegewysde eiendomme optimaal te benut en
4.6 bepaal riglyne vir en maak aanbevelings aan die moderamen/sinode oor ontwikkeling en strukturele veranderings met betrekking tot alle eiendomme van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

**5. WERKSWYSE**

Die STE:

5.1 het volmag om binne sy begroting kontrakteurs, regsgeleerdes bestuursagente en konsultante aan te stel vir die uitvoering van sy taak.
5.2 handhaaf die beginsel dat daar, in die uitvoering van sy taak, nooit ’n botsing van belange mag wees nie.
5.3 ontvang jaarliks verslag oor instandhouding, bestuur en verhuring ten opsigte van die verskillende eiendomme.
5.4 Diensgroepe en taakspanne wat op een of ander wyse met ’n eiendom wil handel, hetsy deur ’n transaksie (koop-, verkoop-, verhuring- of skenkingstransaksie), verbetering, instandhouding of alternatiewe aanwending, maak ’n voorlegging aan die STE wat daarmee handel ooreenkomstig punt 4 van hierdie reglement
5.5 Indien ’n instansie, wie se eiendom in die naam van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika geregistreer is, op een of ander wyse met ’n eiendom wil handel, hetsy deur ’n transaksie (koop-, verkoop-, verhuring- of skenkingstransaksie), verbetering, instandhouding of alternatiewe aanwending, word ’n voorlegging aan die STE gemaak, om daarmee te handel ooreenkomstig punt 4 van hierdie reglement, met inagneming van:
5.5.1 die titelvoorwaardes op die betrokke transportakte,
5.5.2 die historiese agtergrond van die betrokke eiendom,
5.5.3 wie die kapitale en inkomstebegunstigde ten opsigte van die eiendoms is,
5.5.4 beperkings wat deur die NGK in SA op die instansie se handelinge geplaas is,
5.5.5 die instansie se rekord van vaste bate transaksies.

**6. VERGADERINGS**

6.1 Die STE vergader wanneer nodig, maar minstens een maal per jaar.

**7. VERANTWOORDBAARHEID**

7.1 Die STE doen verslag aan die moderamen en sinode.

---

## 20. REGLEMENT VIR GELOOF EN LEWE.

## OOREENKOMS EN GESAMENTLIKE REGLEMENT VAN STLAS NGK WES-EN-SUID-KAAP EN SKLAS VGKSA KAAPLAND

Ooreenkoms tussen die NG Kerk van die Wes-en-Suid-Kaapland en die VG Kerk Kaapland.
Hiermee kom die NG Kerk van Wes-en-Suid-Kaapland en die VG Kerk Kaapland ooreen om die sinodale werksaamhede ten opsigte van leer en aktuele sake gesamentlik te doen. *Geloof en Lewe* word as ’n gesamentlike taakspan/bediening gestruktureer as uitdrukking van die belydenis van die eenheid van die gemelde kerke en die ideaal van een kerkverband wat reeds deur al die deelnemende kerke aanvaar is.

Die drie algemene geloofsbelydenisse, die Drie Formuliere van Eenheid en Belydenis van Belhar is die belydenisgrondslag waarvolgens die taakspan/bediening handel. Om uitdrukking te gee aan hierdie ooreenkoms word ’n gesamentlike reglement opgestel. Die reglement maak wel voorsiening vir die realiteit dat daar nog verskillende kerke bestaan. In die uitvoering van die roeping tot getuienis, tree Geloof en Lewe egter as ’n eenheid op en word daar ’n gesamentlike getuienis gelewer, gesamentlike aksies onderneem en met een stem na die lidkerke, ander kerke en die wêreld gekommunikeer.

**1. NAAM**
1.1 Geloof en Lewe (Faith and Life) – Gesamentlike Taakspan/Bediening vir Leer en Aktuele Sake.

**2. STATUS**
2.1 Geloof en Lewe is 'n gesamentlike aksie van die NG Kerk Wes-en-Suid-Kaapland en die VG Kerk Kaapland en lewer verslag aan die onderskeie kerkvergaderinge.
2.2 Die verteenwoordigers van die lidkerke van Geloof en Lewe is steeds gebonde aan die besluite van hulle eie kerke.
2.3 Indien een van die deelnemende kerke onttrek, funksioneer elke kerk volgens sy eie reglement.

**3. ROEPING**
3.1 Om 'n gesamentlike diens te lewer deur advies te verskaf, nadenke en gesprek te stimuleer en studiestukke voor te berei vir sake wat verband hou met die belydenis en lewe van die kerke, aktuele sake, kwessies wat op die terrein van publieke getuienis lê en die kommunikasie daarvan deur die toepaslike strukture.

**4. SAMESTELLING**
4.1 Geloof en Lewe word saamgestel uit die lede soos deur die onderskeie kerke aangewys.
4.2 Algemene vergadering:
Die algemene vergadering is 'n gesamentlike vergadering van verteenwoordigers van die twee kerke.
4.3 Dagbestuur:
Die dagbestuur bestaan uit vier lede uit elke kerk. Die dagbestuur stel die agenda van die algemene vergadering op.
4.4 Geloof en Lewe bestuur die pos van PSD vir Teologiese Navorsing, wat in terme van normale aanstellingsprosedures 'n lidmaat van of die NG Kerk of VG Kerk kan wees.
4.5 Die PSD vir Teologiese Navorsing is ex officio lid van Geloof en Lewe en dien ook adviserend in die dagbestuur.
4.6 Die PSD vir Publieke Getuienis is ex officio lid van Geloof en Lewe.

**5. FUNKSIONERING**
5.1 Geloof en Lewe funksioneer kragtens hierdie reglement.
5.2 Die onderskeie vergaderings (NGK/VGK) vergader wanneer nodig. Daar kan ook elektronies/per korrespondensie vergader word.
5.3 Kundige lede kan met enige vergadering betrek word.
5.4 Voorsitters soos deur die kerke aangewys, tree op rotasiebasis op, of soos versoek deur die vergadering.
5.5 Die sekretariaat/skribaat van Geloof en Lewe word hanteer deur die PSD vir Teologiese Navorsing en sy/haar kantoor, wat ook as die logistieke ondersteuningspunt vir Geloof en Lewe sal funksioneer.
5.6 Vakatures word deur die onderskeie kerke gevul (VGK en NGK). Vakatures in die dagbestuur word deur die dagbestuur uit lede van die afgevaardigdes aangevul.

**6. TAAK**
6.1 Geloof en Lewe verrig die take met betrekking tot leerstellige en belydenis-aangeleenthede, soos deur die kerke aan hulle opgedra. Dit mag voortspruit uit 'n kerkvergadering, of 'n versoek aan hulle gerig. Die wyse van afhandeling word deur die dagbestuur in samewerking met die betrokke partye bepaal.
6.2 Geloof en Lewe is in 'n dienende hoedanigheid tot beskikking van die kerk(e) tot opbou van die geloof en lewe van lidmate.

**7. FONDSE**
7.1 Bestaande fondse bly die besit van die onderskeie kerke. Daar word by elke lidkerk vir fondse begroot en die fondse beskikbaar, word volgens die finansiële beleide van die onderskeie kerke gebruik. Vir spesifieke doeleindes kan fondse na ooreenkoms gesamentlik gebruik word.

**8. VERSLAGGEWING**
8.1 'n Gesamentlike verslag word aan die onderskeie kerkvergaderinge voorgelê soos wat die kerkvergaderinge dit vereis. Die onderskeie kerke se taakspan/bediening het egter die reg om ook oor 'n kerkeie saak aan sy eie kerkvergadering verslag te lewer.

**9. WYSIGINGSKLOUSULE**
9.1 Die reglement kan op aanbeveling van die gesamentlike taakspan/bediening deur die betrokke kerkvergaderinge van die lidkerke gewysig word.

## 21. REGLEMENT VIR PROTOKOL (KOÖRDINERING VAN DIENSLEWERING AAN GEMEENTE EN BEDIENAARS VAN DIE WOORD)

**1. NAAM**

Protokol vir:

1.1 gekoördineerde dienslewering aan gemeentes,
1.2 gekoördineerde dienslewering aan bedienaars van die Woord
1.3 gekoördineerde missionale vernuwing.

**2. PROTOKOL VIR GEKOÖRDINEERDE DIENSLEWERING AAN GEMEENTES**

**2.1 Taak**

2.1.1 Die koördinering en sinkronisering van die verskeidenheid dienste wat deur sinodale taakspanne in die NG Kerk Wes-en-Suid-Kaap en VGKSA Wes-Kaap aan gemeentes gelewer word.

**2.2 Funksionering**

2.2.1 Protokol funksioneer as 'n netwerk tussen al die taakspanne wat dienste aan gemeentes lewer en staan onder leiding van die Sinodale Taakspan vir Gemeentebegeleiding.
2.2.2 Taakspanne meld alle versoeke en navrae van gemeentes asook ander sake van belang by Protokol aan.
2.2.3 Protokol:
2.2.3.1 ontwikkel 'n gesamentlike strategie van dienslewering, wys 'n primêre begeleier aan en koördineer die dienste van taakspanne;
2.2.3.2 adviseer STFA ten opsigte van finansiële hulp aan bestaande en nuwe gemeentes (vars uitdrukking van kerkwees);
2.2.3.3 ontwikkel en hou 'n geïntegreerde databasis oor gemeentes in stand;
2.2.3.4 lê jaarliks 'n verslag oor die stand van gemeentes aan die moderamen voor;
2.2.3.5 doen verslag aan SKS;
2.2.3.6 vergader maandeliks.

**2.3 Samestelling**

2.3.1 Sinodale Taakspan vir Gemeentebegeleiding (STG) tree as sameroeper op.
2.3.2 Protokol word saamgestel uit verteenwoordigers van die volgende taakspanne/diensgroepe:
2.3.2.1 Gemeentes
Sinodale Taakspan vir Gemeentebegeleiding (STG)
Sinodale Taakspan vir Predikantebegeleiding (STP)
Sinodale Taakspan vir Kinder-, Jeug- en Familiebediening (STKJF)
Sinodale Taakspan vir Vrouebegeleiding (STV)
Sinodale Taakspan vir Nuwe Gemeente-ontwikkeling en Kerklike Samewerking (STNGO)
2.3.2.2 Ondersteuning
Sinodale Taakspan vir Diensverhoudinge (STD)
Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie (STFA)
Sinodale Taakspan vir Regte (STR)
2.3.2.3 Toerusting
Sinodale Taakspan vir Verdere Bedieningsontwikkeling (STVBO)
2.3.2.4 Diensgroepe
Sinodale Diensgroep vir Armoede en Sorg (A&S)
Sinodale Taakspan vir Getuienis deur Gemeentes en Kerkverband (STGGK)

**3. PROTOKOL VIR GEKOÖRDINEERDE DIENSLEWERING AAN BEDIENAARS VAN DIE WOORD**

**3.1 Taak**

3.1.1 Die koördinering en sinkronisering van dienste aan predikante wat persoonlik van aard is. Die werkgroep vir gemeentebegeleiding kan sake hierheen verwys.

**3.2 Funksionering**

3.2.1 Die werkgroep hanteer aangeleenthede met betrekking tot predikante wat deur taakspanne verwys word.

**3.3 Samestelling**

3.3.1 Die volgende persone is lid van die werkgroep:
3.3.1.1 PSD: Predikantebegeleiding
3.3.1.2 Lede van die Predikanteversorgingspan
3.3.1.3 Gekoöpteerde lede wat direk met bedienaars van die Woord werk.

3.3.2 Die PSD: Predikantebegeleiding (STP) tree as sameroeper op.

**4. PROTOKOL VIR GEKOÖRDINEERDE MISSIONALE VERNUWING**

**4.1 Taak**

4.1.1 Die werkgroep koördineer die ontwikkeling van missionale prototipe programme en prosesse vir gemeentes en die opleiding van leraars en gemeenteleiers ten opsigte hiervan.

**4.2 Samestelling**

4.2.1 Verteenwoordigers van die volgende taakspanne:
4.2.1.1 Sinodale Taakspan vir Verdere Bedieningsontwikkeling (STVBO)
4.2.1.2 Sinodale Taakspan vir Gemeentebegeleiding (STG)
4.2.1.3 Sinodale Taakspan vir Predikantebegeleiding (STP)
4.2.1.4 Sinodale Taakspan vir Kinder-, Jeug- en Familiebediening (STKJF)
4.2.1.5 Sinodale Taakspan vir Nuwe Gemeente-ontwikkeling en Kerklike Samewerking (STGKS)
4.2.1.6 Sinodale Diensgroep vir Armoede en Sorg (A&S)
4.2.1.7 Sinodale Taakspan vir Getuienis deur Gemeentes en Kerkverband (STGGK)
4.2.2 Die Sinodale Taakspan vir Verdere Bedieningsontwikkeling (STVBO) tree as sameroeper op.

---

## 22. REGLEMENT VIR KERKLIKE MEDIASIE IN DIE WES EN SUID-KAAP SINODE

**1. NAAM**

1.1 Sinodale Mediasiespan (SMS)

**2. TAAK**

2.1 Die SMS fasiliteer gevalle van konflik/dispute binne die sinodale gebied tot versoening, deur middel van ’n formele gestruktureerde mediasieproses.

**3. OMSKRYWING VAN MEDIASIE**

3.1 Mediasie is ŉ vrywillige proses om geskille deur middel van wedersydse ooreenkoms te besleg. Dit is ŉ onafhanklike en vertroulike proses waar die onderskeie partye met hulp van ŉ onpartydige fasiliterende mediator na ’n oplossing vir die konflik soek. Dit geskied sonder benadeling van regte, waar slegs die getekende ooreenkoms bekendgemaak word. Die partye kom onder leiding van die mediator self tot ŉ ooreenkoms wat in belang van beide partye is.

**4. SAMESTELLING**

4.1 Die Sinodale Mediasiespan is ’n taakspan wat onder leiding van die Sinodale Taakspan vir Regte funksioneer. Belydende lidmate van die NG Kerk wat volgens die staat se riglyne by ’n geakkrediteerde instansie opgelei is, kan deur die STR aanbeveel word om as lede van die Sinodale Mediasiespan te dien. Die sinode/moderamen wys die mediasiespan op aanbeveling van die STR aan. Die aktuarius tree as koördineerder van die span op.

**5. FUNKSIONERING**

5.1 Mediasie word deur ŉ geakkrediteerde mediator gedoen.
5.2 Mediasie in die kerklike omgewing kan soms ŉ eiesoortige karakter aanneem.
5.3 Versoeke vir mediasie kan deur gemeentes, ringe asook sinodale diensgroepe en taakspanne by die STR of aktuarius aangemeld word.
5.4 Ringe en kerkrade meld eers sake van konflik/dispuut vir mediasie aan voordat daar met ŉ amptelike ondersoek begin word.
5.5 Mediasie is nie van toepassing in geval van ergerlike wangedrag (sien reglement 18.6.1 van die Kerkorde) wat tot ŉ tug- of -dissiplinêre handeling kan lei. Indien daar onsekerheid hieroor is, kan die aktuarius of STR gekontak word.
5.6 Die betrokke partye kies self ’n mediator uit die lede van die SMS. Indien nie, sal ŉ geskikte mediator deur die aktuarius aangewys word. Na afloop van die mediasie word slegs inligting wat noodsaaklik is om die ooreenkoms in werking te stel aan die kerkvergadering openbaar. Die volle ooreenkoms sal slegs met toestemming van die betrokke partye aan die betrokke kerkvergadering bekend gemaak kan word.
5.7 Indien die mediasie onsuksesvol is, word slegs die uitkoms gerapporteer sonder bykomende inligting.

---

# 23. REGLEMENT VIR DIE SINODALE TAAKSPAN VIR KOMMUNIKASIE (STK)

**1. NAAM**

1.1 Die Sinodale Taakspan vir Kommunikasie (STK).

**2. TAAK**

2.1 Die Sinodale Taakspan vir Kommunikasie is verantwoordelik vir:
2.1.1 die uitvoering van die sinode se kommunikasiebehoeftes deur middel in die sinodale nuusbrief en ander kommunikasiemiddele van die sinode;
2.1.2 die ontwikkeling en gereelde opgradering van 'n kommunikasiestrategie, plan, protokol en beleid, asook die evaluering daarvan;
2.1.4 dra sorg dat die beleid en plan uitgevoer word;
2.1.5 die vertaling (soos en wanneer dit benodig word) van amptelike kommunikasie;
2.1.6 die toesig oor die werk van die Kommunikasiebeampte.

**3. SAMESTELLING**

3.1 Die Sinodale Taakspan vir Kommunikasie word soos volg saamgestel:
3.1.1 die Kommunikasiebeampte;
3.1.2 die Saakgelastigde;
3.1.3 een kommunikasieverteenwoordiger (met 'n sekundus) uit elk van die vyf diensgroepe;
3.1.4 die skriba van die sinode of 'n ander verteenwoordiger van die moderatuur;
3.1.5 die STK kan kundiges vir spesifieke take koöpteer. Hierdie kundiges het nie stemreg nie.

**4. FUNKSIONERING**

4.1 Die STK vergader minstens twee keer per jaar.
4.2 Die STK konstitueer na elke sinodesitting en wys 'n voorsitter en ondervoorsitter aan vir die termyn tussen sinodesittings.
4.3 Die Kommunikasiebeampte is die skriba en het sitting op die moderamen.
4.4 Die STK is 'n taakspan van die Sinodale Diensgroep Ondersteuningsdienste (SDO).
4.5 Die STK het volmag om binne die STK se begroting konsultante en diensverskaffers aan stel vir die uitvoering van die STK se opdrag.
4.6 Elektroniese vergaderings mag gehou word.

**5. KOMMUNIKASIEBEAMPTE**

5.1 Die Kommunikasiebeampte se taak is:
5.1.1 skakeling met diensgroepe, taakspanne en ander sinodale werksaamhede met die oog op die insameling en verspreiding van inligting in die sinode;
5.1.2 om sinode- en moderamenvergaderings asook vergaderings van diensgroepe en taakspanne (waar nodig) by te woon met die oog op die insameling en verspreiding van inligting in die sinode;
5.1.3 om 'n netwerk van medewerkers te vestig met die oog op die insameling en verspreiding van inligting;
5.1.4 om as redakteur van *VrydagNuus* verantwoordelikheid te neem vir die opstel en verspreiding van die weeklikse nuusbrief;
5.1.5 om die skakel te wees met ander media en dit, soos en wanneer nodig, te gebruik met die oog op die insameling en verspreiding van inligting;
5.1.6 om die moderatuur te ondersteun met die taalkundige afronding van verklarings en mediavrystellings wanneer na die openbare domein gekommunikeer moet word;
5.1.7 om die Taakspan vir Kommunikasie te adviseer oor nuwe kommunikasiegeleenthede in die elektroniese media;
5.1.8 om die begroting van die taakspan te bestuur;
5.1.9 om 'n databasis met kontakbesonderhede van alle persone, instansies en diensverskaffers waarmee die sinodale struktuur skakel, op te bou en in stand te hou;
5.1.10 die opstel en gereelde opdatering van inligtingspamflette en
5.1.11 die hou van 'n sinodale almanak waarop die datums van die sinode- en moderamenvergaderings en jaarvergaderings van diensgroepe en taakspanne aangedui word.
5.1.12 Die Kommunikasiebeampte het adviserende sitting op die moderamen.

**6. VERANTWOORDBAARHEID**

6.1 Die STK doen verslag aan die moderamen en sinode.

## 24. REGLEMENT VIR APPÈLLIGGAME (RING EN SINODE) VAN DIE SINODE VAN DIE WES-EN-SUID-KAAP

Hierdie reglement moet saam gelees word met artikel 65.1 van die Kerkorde, asook reglement 19 van die Algemene Sinode.

**1. RINGSAPPÈLLIGGAAM**
Die ringsappèlliggaam is 'n gevolmagtigde liggaam wat alle appèlsake namens die ring hanteer en afhandelingsbevoegdheid het.

**1.1 Samestelling**
1.1.1 Die ring stel tydens die gewone jaarlikse ringsitting 'n gevolmagtigde ringsappèlliggaam soos volg saam:
1.1.2 drie lede van die Ring Taakspan Regte met sekundi.

**1.2 Funksionering**
1.2.1 Die ringsappèlliggaam hanteer alle appèlle teen kerkrade of hul gevolmagtigde kommissies aan die hand van artikel 65.1 van die Kerkorde, asook reglement 19 van die Algemene Sinode.

**2. SINODALE APPÈLLIGGAAM**
Die Sinodale Appèlliggaam (SAL) is 'n gevolmagtigde liggaam wat alle appèlsake namens die Sinode van die Wes-en-Suid-Kaap hanteer en afhandelingsbevoegdheid het.

**2.1 Samestelling**
2.1.1 Die Sinodale Appèlliggaam word tydens die sinodesitting soos volg saamgestel:
2.1.1.1 die dagbestuur van die Sinodale Taakspan Regte (STR) wat ook as dagbestuur van die SAL funksioneer
2.1.1.2 minstens twee lede wat deur die dagbestuur opgeroep word uit die lys van lede vir die appèlliggaam soos deur die sinode aangewys,
2.1.1.3 hoogstens twee kundige lede kan volgens die diskresie van die dagbestuur gekoöpteer word.
2.1.2 Die voorsitter van die STR tree as voorsitter van die SAL op.

**2.2 Taak**
2.2.1 Die SAL hanteer alle appèlsake met volmag van die sinode om die saak af te handel.

**2.3 Funksionering**
2.3.1 Wanneer 'n appèl ontvang word, oordeel die dagbestuur van die STR of die appèl ontvanklik is.
2.3.2 Indien die appèl ontvanklik is, roep die dagbestuur die SAL bymekaar volgens 2.1. van hierdie reglement.
2.3.3 Die hantering van die appèl geskied aan die hand van artikel 65.1 van die Kerkorde, asook reglement 19 van die Algemene Sinode.

---

## 25. REGLEMENT VIR DIE GESAMENTLIKE TAAKSPAN VIR PUBLIEKE GETUIENIS (GTPG)

**1. NAAM**
1.1 Die Gesamentlike Taakspan vir Publieke Getuienis (GTPG). Die taakspan is 'n gesamentlike taakspan tussen die VG Kerk Kaapland en die NG Kerk in Suid-Afrika.

**2. TAAK**
2.1 Die Gesamentlike Taakspan vir Publieke Getuienis is verantwoordelik vir:
2.1.1 die skep van platforms vir openbare dialoog;
2.1.2 openbare netwerkvorming;
2.1.3 openbare skakeling met NRO's, sakelui, regeringslui om kerke se standpunte te stel;
2.1.4 begeleiding van gemeentes met die oog op getuienis in die openbare domein;
2.1.5 interkerklike ekumene;
2.1.6 die bemarking van die werksaamhede van die kerk;
2.1.7 kommunikasie na buite oor openbare aangeleenthede op versoek van die twee moderature
2.1.8 verteenwoordiging van die NG Kerk in SA en VG Kerk Kaapland by parlementêre en wetgewende prosesse.

2.1.9 hou toesig oor die werk van die PSD Publieke Getuienis
2.1.10 Indien een van die deelnemende kerke onttrek, funksioneer elke kerk volgens sy eie reglement.

**3. SAMESTELLING**
3.1 Die Sinodale Taakspan vir Publieke Getuienis word soos volg saamgestel:
3.1.1 PSD Publieke Getuienis
3.1.2 moderator en assessor van die van die twee samewerkende kerke
3.1.3 voorsitters van STLAS van die twee kerke;
3.1.4 vier lede deur KGA aangewys (twee van elke samewerkende kerk);
3.1.5 PSD van KGA (diensgroepkoördineerder)
3.1.6 PSD Teologiese Navorsing
3.1.7 een verteenwoordiger van Armoede en Sorg of Badisa
3.1.8 verteenwoordiger van die Algemene Sinode van die NG Kerk (volgens ooreenkoms)

**4. FUNKSIONERING**
4.1 Die GTPG vergader minstens drie keer per jaar.
4.2 Die GTPG wys jaarliks ’n voorsitter en ondervoorsitter aan.
4.3 Die GTPG is ’n taakspan van die Sinodale Diensgroep vir Getuienis (KGA).
4.4 Elektroniese vergaderings mag gehou word.

**5. VERANTWOORDBAARHEID**
5.1 Die GTPG doen verslag aan die moderamen/sinodale kommissies en sinodes.

---

## 26. REGLEMENT VIR DIE SINODALE TAAKSPAN VIR PUBLIEKE GETUIENIS (STPG)

**1. NAAM**
1.1 Die Sinodale Taakspan vir Publieke Getuienis (STPG).

**2. TAAK**
2.1 Die Sinodale Taakspan vir Publieke Getuienis is verantwoordelik vir:
2.1.1 die skep van platforms vir openbare dialoog;
2.1.2 openbare netwerkvorming;
2.1.3 openbare skakeling met NRO’s, sakelui, regeringslui om kerk se standpunte te stel;
2.1.4 begeleiding van gemeentes met die oog op getuienis in die openbare domein;
2.1.5 interkerklike ekumene;
2.1.6 die bemarking van die werksaamhede van die kerk;
2.1.7 kommunikasie na buite oor openbare aangeleenthede op versoek van die moderatuur;
2.1.8 verteenwoordiging van die NG Kerk in SA by parlementêre en wetgewende prosesse en
2.1.9 hou toesig oor die PSD Publieke Getuienis.

**3. SAMESTELLING**
3.1 Die Sinodale Taakspan vir Publieke Getuienis word soos volg saamgestel:
3.1.1 PSD Publieke Getuienis
3.1.2 moderator en assessor van die sinode
3.1.3 voorsitter van STLAS;
3.1.4 twee lede deur SDGA benoem;
3.1.5 PSD van KGA/SDGA (diensgroepkoördineerder)
3.1.6 PSD Teologiese Navorsing
3.1.7 een verteenwoordiger van Armoede en Sorg of Badisa
3.1.8 verteenwoordiger van die Algemene Sinode van die NG Kerk (volgens ooreenkoms)

**4. FUNKSIONERING**
4.1 Die STPG vergader minstens drie keer per jaar.
4.2 Die STPG konstitueer na elke sinodesitting en wys ’n voorsitter en ondervoorsitter aan vir die termyn tussen sinodesittings.
4.3 Die STPG is ’n taakspan van die Sinodale Diensgroep vir Getuienis (KGA).
4.4 Elektroniese vergaderings mag gehou word.
4.5 Doen sy werk in koördinering met die Gesamentlike Taakspan vir Publieke Getuienis (GTPG).

**5. VERANTWOORDBAARHEID**
5.1 Die STPG doen verslag aan die moderamen en sinode.

---

# BESKRYWINGSPUNTE

## 1. HIDROBREKING – Ring van Beaufort

Die Herenigende Ring van Beaufort (NG Kerk) en Carnavon (VGKSA) het op 21 Augustus 2014 die volgende besluit oor hidrobreking geneem:

"Die Ring neem met bekommernis kennis daarvan dat die eksplorasie van skaliegas in die Karoo sal voortgaan. Ons moedig lidmate aan om op alle vlakke by hierdie proses betrokke te raak. Ons pleit dat hierdie proses deursigtig moet wees. Indien daar genoeg reserwes gevind word en skaliegas kommersieel ontgin gaan word, dan stel ons die volgende voorwaardes:
a. Toegang tot skoon water vir mens, plant en dier moet gewaarborg word. Selfs al beteken dit water uit die Oranjerivier-stelsel.
b. Die plaaslike gemeenskap moet vroegtydig bemagtig word om in diens geneem te word in die toekoms.
c. Blywende, nuttige infrastrukture moet opgerig word (Voorbeelde: hospitale en skole).
d. Baie groot betrokkenheid van die mynmaatskappy by die plaaslike skole en gemeenskappe.
e. Regte van grondeienaars moet gerespekteer word.
f. Proses moet onderhewig wees aan deeglike omgewingsimpakstudies en monitering.
g. Moedig lidmate aan om hernieubare energieprojekte aan te pak."

Die Ring versoek dat hierdie besluit aan die Sinode voorgelê word.

**Albertus van Zyl**
**Lid van Herenigende Ring van Beaufort en Carnavon**

---

## 2. GETAL AFGEVAARDIGDES NA DIE SINODESITTING – Ring van Somerset-Wes

Goeiedag Salomi

Die volgende punt is by die ringsitting van die ring van Somerset-Wes (10 September 2014 te Gordonsbaai gemeente) goedgekeur om deurgegee te word as beskrywingspunt vir die sinodesitting van die Wes-en-Suid-Kaapland sinode in Mei 2015:

Die beskrywingspunt gaan oor regl 2 punt 4.1 "Die kerkraad van elke gemeente vaardig die bedienaars van die Woord in sy diens af, saam met 'n gelyke getal ouderlinge/diakens," en vra in wese dat **die moderatuur met 'n nuwe voorstel na die sinode kom oor hoe die getal afgevaardigdes verminder kan word**.
Ek was uitstedig tydens die ringsitting en dra dus die boodskap oor soos ek dit ontvang het.
Ek vertou dat dit so in orde is.
Vriendelike groete,

**Marcell Mey**
**Ringskriba: Ring van Somerset-Wes**

---

## 3. BEDIENING AAN DOWES TE WORCESTER-DE LA BAT – Ring van Worcester

### 3.1 Agtergrond

Tydens die vergadering van die Ring van Worcester (7-9 September 2014) dien die voorstel *Geestelike Bediening De la Bat Gemeente Worcester*. Die vergadering 'taak die Ringskommissie … om die proses te monitor en te fasiliteer…'.
Die verslag wat by die ringsvergadering dien, was een van die uitvloeisels van 'n werkswinkel wat op 17 Junie 2014 met verskeie rolspelers gehou is.
Op 24 Oktober 2014 fasiliteer die ringskommissie 'n gesprek tussen verskeie rolspeles (leiers en lidmate van Worcester-De la Bat gemeente, verteenwoordigers van die NID, die Wes-en-Suid-Kaapland Sinode, en die ring van Worcester). Moontlikhede oor die herstrukturering van die poste by die gemeente en moontlikhede vir fondse, word bespreek.

Die STFA (9 November 2014) se Aanbeveling 2 “Die STFA versoek Communitas om so spoedig moontlik (desnoods in samewerking met die Ring van Worcester en die STFA) die NG Gemeente Worcester-De la Bat te help om ’n langtermyn strategiese plan vir ’n volhoubare bediening op te stel.”
Op 27 Januarie 2015 lei Communitas ’n werkswinkel in Worcester.
Gedurende hierdie tydperk (van die ringsvergadering tot nou) het die ringskommissie ’n aantal gesprekke met ds Andri Eloff oor die bediening van die Dowes.

**3.2 Gevolgtrekking**
Uit die werkswinkels en gesprekke word dit vir die Ringskommissie duidelik:
dat die Worcester-De la Bat gemeente onder erge finansiële druk funksioneer. Dit is moeilik om as gemeente te oorleef, ten spyte van die ondersteuning van die ringsgemeentes en sinodale kollektes.
die gemeente Worcester-De la Bat se bedienings verantwoordelikhede het geweldig uitgebrei. Hierdie gemeente het ’n missionale punt geword waarin Dowes oor grense heen bedien word (geografiese-, politiese-, en generatiewe grense). (Sien aangehegde stukke om beeld hiervan te kry.)
Hierdie druk raak die leraar van die Worcester-De la Bat gemeente se vermoë om goed te funksioneer. Dit vra dat die leraar en ander leiers in die gemeente ’n baie groot deel van hulle tyd wy aan fondsinsameling en die skakeling met instansies wat fondse behartig.

Die Ringskommissie is van mening dat:
- die Worcester-De la Bat gemeente op ’n besondere wyse geposisioneer is om die evangelie te verkondig aan Dowes in Suid-Afrika en Afrika. Die gemeente se eredienste word bygewoon deur studente van oor die hele Suider-Afrika, daar is skoolkinders, afgetredenes, selfs ook horendes! Eredienste word in Afrikaanse Gebaretaal aangebied, en getolk in Engelse Gebaretaal. Die leraar, jeugwerker en ander personeel is betrokke by al die persone aan wie die NID dienste aanbied (sien die Jaarboek; Sinode (Wes-en-Suid-Kaap); Diensgroep vir Armoede en Sorg 2.5).
- By die gemeente is daar ’n wonderlike moontlikheid en ’n groot behoefte aan die pastorale versorging van Dowes.

Die Ringskommissie is sterk onder die indruk van hierdie tweeledige roeping:
- die evangelisasie van Dowes in Suider-Afrika
- die verskaffing van pastoraat aan Dowes.

**3.3 Aanbeveling**
- Ds Andri Eloff word beroep as tentmaker na die Worcester-De la Bat gemeente. Die bedoeling is hom die geleentheid te gee om te fokus op die pastoraat aan Dowes.
- Die aanstelling van ’n leraar/brugpredikant in ’n kontrak-pos. Die persoon tree op as fondswerwer/kommunikasiebeampte vir die Bediening aan die Dowes. Hier is die fokus op die werwing van fondse, die kommunikasie met ondersteuners, die bewusmaak van die missionale roeping van die kerk in die breë om die Dowe gemeenskap met die evangelie te bedien.

**3.4 Versoek**
Die Ringskommissie versoek die Skriba van die Wes-en-Suid-Kaapland sinode om die *Bediening van die Dowes* as ’n beskrywingspunt op die agenda van Mei 2015 se Sinodesitting te plaas. Die Ringskommissie onderneem om met al die verskillende rolspelers (STFA, NID, De la Bat gemeente, ea) gesprekke te voer ter voorbereiding van die vergadering.

**Rousseau Malan**
**(namens die Ringskommissie van Worcester)**

# VERSLAG VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA AAN DIE NG KERK IN SUID-AFRIKA (WES-EN-SUID-KAAP) – TYDENS DIE SINODE VAN MEI 2015

## 1. MISSIONALE VENNOOTSKAP

Die NG Kerk het ŉ besonderse verhouding met die Bybelgenootskap. **Die Bybelgenootskap is ŉ verlengstuk van die kerk se missionale taak.** Die NG Kerk het sitting op die Algemene Jaarvergadering van die Bybelgenootskap en hou ook toesig oor die werk van die Bybelgenootskap**.** Die Bybelgenootskap doen dan ook verslag aan die Algemene Sinode van die NG Kerk, asook aan die deelnemende sinodes. Op die oomblik is die NG Kerk die grootste deelnemende kerk (van 38 deelnemende kerke) by die Bybelgenootskap in Suid Afrika. Vertalings word op versoek van kerke onderneem, en die verspreiding geskied met die kerke as medewerkers.

Die Bybelgenootskap is ŉ missionale organisasie wat werk doen wat gemeentes nie op hul eie kan doen nie nl Bybelvertaling en Bybelverspreiding op ŉ breë front. Sedert die vorige Sinode is verskeie projekte van stapel gestuur, in baie gevalle in samewerking met gemeentes, wat bygedra het om die Woord in mense se hande te plaas – soms vir die heel eerste keer!

**Hoogtepunte** die afgelope vier jaar was die:

- Ingebruikneming van die IsiNdebele Bybel in November 2012. Dit is die laaste van die 11 amptelike tale wat nou hul eie Bybel het.
- bekendstelling van die *Nuwe Testament en Psalms: ŉ Direkte Vertaling*: Maart 2014
- verspreiding van meer as 4 miljoen Bybels in die afgelope vier jaar in Suid-Afrika.
- verspreiding van meer as 1.5 miljoen gratis Selfoonbybels asook e- Bybels in Suid-Afrika
- implementering en verdere ontwikkeling van 'n Bybelgebaseerde geletterdheidsprogram.
- implementering van die Bybelluisterprogram (BLP) op die Audi- Bybel en MP3.

## 2. VERTALING VAN DIE BYBEL

Daar is verskeie vertalingsprojekte afgehandel en daar word op die oomblik drie vertalingsprojekte voortgesit:

- “Nou kan ek maar sterf,” was die woorde van die 91-jarige vader Mtsweni toe hy sy isiNdebele-Bybel in ontvangs neem gedurende 'n luisterryke naweek, 23-24 November 2012, met die bekendstelling van die eerste volledige isiNdebele-Bybel. Vertaalwerk aan die Ou Testament en hersiening van die Nuwe Testament het 11 jaar geduur. Met die verskyning van hierdie Bybel is die sirkel voltooi, nadat die Setswana-Bybel reeds in 1857 verskyn het. Al 11 ons amptelike tale beskik nou oor 'n volledige Bybel!

- Die Bybel: ’n direkte vertaling: In Maart 2014 is die Nuwe Testament en Psalms van die Bybel Direkte Vertaling bekend gestel in Kaapstad Moedergemeente. Die Ou Testament se vertaling vorder fluks. Om meer hieroor te lees gaan na: www.bybeldirektevertaling.co.za. Prof Bernard Combrink is die projekleier.

- ’n Engelse Bybel vir Dowes: Hierdie projek, met dr RP Hough as projekleier, het in 2011 begin. Die vertaling toon bestendige vordering en die vertaalspan hoop om die basiese vertaling teen 2016 af te handel. Die terugvoer van die dowe kerklike lesers is baie positief. Die Evangelie van Markus kan by www.englishbibleforthedeaf.co.za gelees word en kommentaar van dowe lesers word reeds ontvang.

- ’n isiZulu-Bybel: Die vertaalspan onder leiding van die projekleier, prof JA van Rooy, het die basiese vertaling (fase een) van al die Bybelboeke voltooi. Intussen werk die hersieningskomitee van hierdie vertaling onverpoos, en alles word in die werk gestel om te verseker dat die publikasie van hierdie Bybel nie vertraag word nie.

## 3. BYBELVERSPREIDING – GEDRUKTE BYBELS

Meer as 4 miljoen gedrukte Bybels is die afgelope vier jaar versprei. Die **Uitreikbybels** in Afrikaans, Engels, Zulu, Xhosa en Pedi (Noord-Sotho), wat nou slegs R40 elk kos, maak ongeveer 25% van die verspreiding uit.

Die Bybelgenootskap het die afgelope vier jaar 1354 2700 **gratis Bybels**, aan **Graad 7-leerders** in skole in arm gebiede voorsien. Elke jaar kom ŉ ander streek in die Wes-en Suid-Kaap aan die beurt, waar Gr 7 Bybels versprei word. Gemeentes is baie betrokke in die verspreiding hiervan. Daar is 77 701 gratis Bybels aan **mense in gevangenis** voorsien.

’n Verskeidenheid van **Bybelseleksies oor spesifieke temas** kan gratis by www.bybelgenootskap.co.za afgelaai word en gebruik word in gemeentelike bedienings.

Die Bybelgenootskap het die afgelope vier jaar 95 941 gratis Bybels aan **arm mense** gegee wat nie ’n Bybel kan bekostig nie. Gemeentes van die Wes-en-Suid-Kaap is ook baie betrokke in die operasionele verspreiding hiervan.

Die Bybelgenootskap is ook aktief betrokke by die **#imagine beweging** om jongmense aan te moedig om hulle Bybels te lees.

## 4. BYBELVERSPREIDING – DIGITALE BYBELS

Om met die ontwikkelings in die digitale arena nie agter te raak nie, stel sekere uitdagings en geleenthede. Oor die afgelope tydperk het die BSA sowat 101 nuwe Bybels en Bybelgedeeltes in verskeie digitale formate en op verskeie digitale platforms bekendgestel. Die meeste van ons Bybels is gedurende die jaar suksesvol via *Kindle Direct Publishing* in Amazon se e-winkels bekendgestel. Verskeie e-Bybels is geskep, wat onder andere kruisverwysings en addisionele navigasie bevat wat dit aansienlik meer lesersvriendelik maak.

Meer as 1 860 000 **Selfoonbybels** in al 11 landstale is die afgelope vier jaar gratis by m.bibles.co.za of www.youversion.com afgelaai. Ander **digitale formate** sluit in Bybels **aanlyn op Internet** (www.bybel.co.za en www.bibles.co.za) en **e-Bybels** vir elektroniese lesers. Op die Facebook-bladsy, op Twitter, asook per e-pos by vers@versndag.co.za, word ook gereeld Bybelgedeeltes gedeel, en dit blyk in 'n groot behoefte te voorsien. 'n Wye verskeidenheid gratis Bybelhulpmiddels wat interaksie met die Bybel bevorder, is beskikbaar by www.bybelgenootskap.co.za en kan afgelaai word. Verskillende formate, onder andere pdf-, ePub-, mobi- en MP3-formaat, is beskikbaar vir aflaai.

## 5. BYBELVERSPREIDING – OUDIOBYBELS

Die **Bybelluisterprogram** (BLP) is in volle swang. Die program maak gebruik van enkelstemvoorlesings van die volledige Bybel en is tans beskikbaar in Afrikaans (1933/1953- en 1983-vertaling), Engels (KJV), Zulu, Pedi, Xhosa en Setswana. Die Engelse opname van die ‘Good News’ word tans voorberei. Die Sotho-opname word tans gedoen en die Nuwe Testament in Tsonga, Venda en Swati is beskikbaar. Al 11 ons tale sal oor 'n tydperk van 'n paar jaar opgeneem word. Die AudiBybel van Davar Partners International word as terugspeelmeganisme gebruik. Deur die BLP word die AudiBybel gratis beskikbaar gestel aan groepe, individue, ongeletterdes, siggestremdes, armes, ensovoorts, om te verseker dat die Bybel vir almal toeganklik is.

## 6. BYBELGEBASEERDE GELETTERDHEIDSPROGRAM

*My eerste Bybel Doen en Leer Boek* en die opvolger *My 2de Bybel Doen en Leer Boek* word gebruik om veral kinders te help om nie net lees- en skryfvaardighede aan te leer nie, maar om hulle ook op hierdie manier aan die Bybel voor te stel. Die program word beskikbaar gestel aan vrywilligers wat die materiaal in gepaste omgewings te implementeer. Dit is reeds in Afrikaans en Engels beskikbaar en die Xhosa-weergawe sal eersdaags voltooi wees.

## 7. INTERNASIONALE BETROKKENHEID

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika is lid van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe, wat uit 146 lede bestaan, en is gevolglik ook betrokke buite ons eie grense. Die Bybelgenootskap gee byvoorbeeld ook spesiale ondersteuning aan **Bybelgenootskappe in ons buurlande**, Swaziland, Lesotho, Botswana en Namibië, asook vir Bybelvertaalwerk in Suidelike Afrika. Wêreldwyd versprei Bybelgenootskappe ongeveer 30 miljoen Bybels per jaar.

Die Bybelgenootskap het 'n besondere band deur die Wêreldbond van Bybelgenootskappe met die kerk in China. Die **Amity Printing Company**, wat ook al ons Bybels druk, het in 2012/13 die 100 miljoenste Bybel wat hulle sedert 1987 gedruk het, gevier. 60 miljoen van hierdie Bybels was vir China self. Die Bybel is vandag die topverkoperboek in China! Bykans R1 miljoen is die afgelope jare via die Bybelgenootskap deur donateurs vir Bybelwerk in China bygedra.

## 8. DIE NG KERK SE GROOT ROL

Daar bestaan steeds ’n **noue verbintenis en vennootskap** tussen die **NG Kerk en die BSA**. Dit blyk onder andere uit vele Algemene Sinodale en ander Sinodale besluite van die verlede met betrekking tot die Bybelgenootskap, die finansiële bydraes van gemeentes en lidmate, die betrokkenheid van kundige teoloë en lidmate by die vertaling van die Bybel, soos *Die Bybel: 'n Direkte Vertaling*, asook die Engelse Bybel vir Dowes, inisiatiewe ten opsigte van Bybelverspreidingsprojekte, NG Kerklidmate wat dien in die verskillende streekkomitees, die Algemene Jaarvergadering (ook die twee direkte verteenwoordigers) en die Raad van Direkteure. Ds Gerrit Kritzinger het verlede jaar as Hoofsekretaris van die Bybelgenootskap uitgetree en Rev Dirk Gevers van die Uniting Presbyterian Church is in sy plek aangestel.

Die afgelope vier jaar het ds Smuts Janse van Rensburg en Hendrik van Huyssteen die NG Kerk in die Wes-en-Suid-Kaap by die Wes-Kaap streekkomitee van die Bybelgenootskap met onderskeiding verteenwoordig.

Predikante in diens van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika word beroep deur die Algemene Steunspan vir Bybelvertaling, -verklaring en -verspreiding. Daar is 10 NG predikante in diens van die Bybelgenootskap.

**In die Wes- en Suid-Kaap is Dr Quintus Heine die Organiserende Sekretaris** en die Bybelgenootskap se skakelpersoon in die Wes- en Suid-Kaap. Hy is tans ook ‘n leraar by die NG Gemeente Die Parke. Hy kan gekontak word by heine@biblesociety.co.za of 021 910 8781.

## 9. AANBEVELINGS

9.1 Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika spreek sy groot en opregte dank uit teenoor die leraars, gemeentes, lidmate en akademici van die NG Kerk in SA (Wes-en-Suid-Kaap) vir hul besondere en volgehoue ondersteuning van die Bybelgenootskap in gebede, in bydraes, in Bybelvertaling, in die verspreiding van die Bybel.

**9.2 Aanbeveling 1**
**Die Sinode versoek alle gemeentes en lidmate om deur volgehoue gebeds- en finansiële ondersteuning aktief by die verskillende programme van die Bybelgenootskap betrokke te wees. Elke R42 help die Bybelgenootskap om een Bybel bekostigbaar beskikbaar te stel en kan as doelwit per lidmaat per jaar gestel word. Soos die Algemene Sinode versoek het, moedig die Sinode gemeentes aan om tydens Pinkster (vir Bybelverspreiding) en op Bybelsondag (vir Bybelvertaling) spesiale kollektes op te neem.**

**9.3 Aanbeveling 2**
**Die Sinode benoem weer twee verteenwoordigers op die streekkomitee van die Bybelgenootskap van die Wes-Kaap.**

**Dr Quintus Heine**
**Organiserende sekretaris van die Bybelgenootskap: Wes Kaap**

# Afgevaardigdes

| Nr | Gemeente | Predikant (of sekundus) | Kerkraadslid |
|---|---|---|---|
| 1 | Aggeneys | Me Santa Plaisier (Sek) | Me Charmain Engelbrecht |
| 2 | Agter-Paarl | Ds Johannes Nortier | Me Antoinette Rossouw |
| 3 | Albertinia | Ds Marius le Roux<br>Ds Frik Smith | Mnr Boy Janse van Rensburg<br>Me Eleen Uys |
| 4 | Alexanderbaai | Ds Nadine Maletzki | Mnr Len Schreuder |
| 5 | Ashton | Ds Francois Herselman | Mnr Kobus van den Berg |
| 6 | Aurora | Ds Johan Jacobs | Mnr Frans Coetzee |
| 7 | Barrydale | Ds Willie van Zyl | Mnr Johnny Southey |
| 8 | Beaufort-Wes | Ds Japie van Straaten | Mnr Jan Stadler |
| 9 | Bellville | Ds Herman Burger | Me Louisa Crafford |
| 10 | Bellville-Noord | Ds Kobus van Rooyen | Me Lenie du Toit |
| 11 | Bellville-Oos | Ds Bennie du Plessis | Mnr Paul Kruger |
| 12 | Bellville-Riebeeck | Ds Johan Botha | Mnr Kobus Terblanche |
| 13 | Bellville-Uitsig | Dr Francois Swart<br>Mnr Erik Moller (Sek) | Mnr Philip Viljoen<br>Mnr André van Rhyn |
| 14 | Bellville-Vallei | Ds Kobus Swarts | Mnr Koos Malan |
| 15 | Bellville-Wes | Ds Willie Badenhorst | Me Lydia Britz |
| 16 | Blanco | Ds Francois Mulder<br>Ds Cornie Pretorius | Mnr Gerrie Cronje |
| 17 | Bloubergstrand | Ds Thinus Britz<br>Ds Elmarie Dercksen<br>Ds Marietjie Steyn | Mnr Roodt Griesel<br>Mnr Henk Koekemoer<br>Mnr Johann Schmidt |
| 18 | Boesmanland | Ds Tallie van den Heever | Mnr Hendri Niehaus |
| 19 | Bothasig | Ds Gustaf Meyer | Me Anette van Dyk |
| 20 | Brackenfell | Ds Johan Mocke | Mnr Francois Conradie<br>Mnr Ettienne Verster |
| 21 | Brackenfell-Proteahoogte | Ds Christo Botha<br>Ds Siegfried Louw<br>Ds Danie Murray | Mnr Barend Botha<br>Me Collette de Wet<br>Mnr Alex Neethling |
| 22 | Brackenfell-Wes | Ds Christo Klopper<br>Dr Guillaume Smit | Mnr Nico Burden<br>Me San-Mari Grundlingh |
| 23 | Brandwacht | Ds Tertius Conradie | Mnr Japie Coetzer |
| 24 | Bredasdorp | Ds Braam Coetzee<br>Ds Stan Voges | Mnr Danie Möller<br>Mnr Gerhard Visser |
| 25 | Buffeljagsrivier | Ds Dirkie van Heerden | Mnr Andries Truter |
| 26 | Caledon | Ds Jannie Hougaard<br>Ds Marinus Theron | Mnr Johan De Villiers<br>Me Marlene Rousseau |
| 27 | Caledon-Wes | Ds Awie Brand | Ds Jan Theron |
| 28 | Calitzdorp | Ds Gerhard van Tonder | Mnr Johan Cloete |
| 29 | Calvinia | Ds Roy Thorne | Mnr Bertus Visagie |
| 30 | Calvinia-Hantam | Ds Edward Archer | Mnr Gerrit Brynard |
| 31 | CPRC | Dr Francois Wessels | Mnr Harry Levin |
| 32 | Ceres | Ds Pierre Marais | Mnr Christoff Louw |
| 33 | Ceresvallei | Ds Frankie Gerber | Mnr Sakkie Du Toit |
| 34 | Citrusdal | Ds Daniel Van Zyl<br>Ds JB Wessels | Mnr Sarel Eloff<br>Me Elenize Jonker |
| 35 | Clanwilliam | Ds Jacques Greyling | Prop EJ Leach |
| 36 | Constantia | Ds Elsché Eygelaar | Dr Hester Myburgh |
| 37 | Danabaai | Ds Wehan Geldenhuys | Mnr Jan Dippenaar |
| 38 | Darling | Ds Lindi Claassen<br>Ds Kallie le Roux | Mnr Jan Marais<br>Mnr Lukas Wentzel |
| 39 | De la Bat | Dr Jan Nieder-Heitmann | Mnr Claude Swart |

| Nr | Gemeente | Predikant (of sekundus) | Kerkraadslid |
|---|---|---|---|
| 40 | De Rust | Ds Hennie van Loggerenberg | Mnr Dirk Steyn |
| 41 | De Tyger | Ds Johan van der Merwe | Mnr Stefan Carstens |
| 42 | Die Gemeenskapskerk | Ds Philip Botha | Mnr Antonie Botha |
| 43 | Die Paarl | Ds Fanie Kriel<br>Ds Bekker Nieuwoudt | Mnr Frik Bosman<br>Me Konette van Rooyen |
| 44 | Die Strand | Ds Marcel Vosloo | Mnr Francois Moller |
| 45 | Die Vleie | Ds Dawie le Roux | Me Noeline Rossouw |
| 46 | Drakenstein | Ds Christo van Wyk | Mnr Pieter Theron |
| 47 | Drieankerbaai | Ds Fourie Truter<br>Ds Martin Steyn | Mnr Francois Kitshoff<br>Me Adriana Schoeman |
| 48 | Durbanville | Ds Gys van Schoor<br>Ds Andre van Wyk<br>Dr Tinus van Zyl<br>Ds Rian Verster | Mnr Johan Benadé<br>Me Jackie Pretorius<br>Mnr Stephan Pretorius<br>Mnr Dawie Theron |
| 49 | Durbanville-Bergsig | Ds Johan Els<br>Ds Philip Scholtz<br>Ds Eric Swanepoel<br>Ds Schalk van Wyk | Mnr Louis Blignaut<br>Me Heidi Botes<br>Mnr Evert Loubser<br>Mnr Johann van Tonder |
| 50 | Eendekuil | Me Marié Grobbelaar (Sek) | Mnr Hanri Theron |
| 51 | Franschhoek | Ds Peet Bester | Mnr Carel Goosen |
| 52 | Fraserburg | Ds Wessel Oosthuizen | Me Leonie Oosthuizen |
| 53 | Gamka-Oos | Ds Albertus van Zyl | Me Santie Pienaar |
| 54 | Gamkavallei | Ds René Potgieter | Me Daleen Bailey |
| 55 | Gansbaai | Ds Willie Kotze<br>Ds Dirk van Dyk | Mnr Lukas Geldenhuys<br>Me Hermine Groenewald |
| 56 | Garies | Ds Gideon Basson | Mnr Wouter Jordaan |
| 57 | George | Dr Steve van der Walt | Mnr Pieter Esterhuizen |
| 58 | George-Bergsig | Ds Charl du Plessis<br>Ds Rudolph Grobler<br>Ds Anton Louw<br>Ds Hannes Pretorius | Mnr Maritz Stander<br>Mnr Sarel Theron<br>Me Odile Joubert<br>Mnr Roelie Verdoes |
| 59 | George-Denneoord | Ds Vernon Bekker<br>Ds Gideon Volschenk | Mnr Fanie van Niekerk |
| 60 | George-Suid | Ds Floors Meyer<br>Ds Johann Winterbach | Mnr George Kuyler<br>Me Annemarie Marx |
| 61 | George-Tuinedal | Ds Pieter van Santen | Mnr Willie Fry |
| 62 | Goodwood | Ds Gerhard van der Merwe | Mnr Theo Mostert |
| 63 | Goodwoodpark | Ds Faani Engelbrecht<br>Mnr Michael Beukes | Me Marna Burger<br>Mnr Flip van Tonder |
| 64 | Gordonsbaai | Ds Strydom Bruwer<br>Dr Jannie Le Roux | Mnr Johan Botes<br>Me Emélia Victor |
| 65 | Goudini | Ds André O'Kennedy<br>Mnr Hennie Joubert (Sek) | Mnr Gerhard de Wet<br>Mnr Danie Viljoen |
| 66 | Graafwater | Ds Dokkie Lintvelt | Me Claudie Lintvelt |
| 67 | Grabouw | Ds Derick Lambrechts | Mnr Japie Louw |
| 68 | Greyton | Ds Marius Greeff | Mnr Steyn de Wet |
| 69 | Groot-Brakrivier | Ds Danie Goosen<br>Ds Paul Roodt | Me Heloïse van der Merwe<br>Me Agatha van der Vyver |
| 70 | Grootmist | | |
| 71 | Hartenbos | Ds Dawid de Wet<br>Ds Johan Engelbrecht<br>Ds Willem Smit | Mnr Douw Coetsee<br>Mnr Japie Pretorius<br>Mnr Des Sampson |
| 72 | Heidekoppie | Ds Francois Preiss<br>Ds Anton Roux | Mnr Piet Gouws<br>Mnr Pieter Scholtz |

| Nr | Gemeente | Predikant (of sekundus) | Kerkraadslid |
|---|---|---|---|
| 73 | Heidelberg | Ds Lourens van Vuuren<br>Ds Heinie Vermeulen | Mnr Gawie Breytenbach<br>Me Anita Swart |
| 74 | Helderberg | Dr Paul Barnard<br>Ds Jurie Goosen<br>Dr Breda Ludik<br>Dr Danie Möller<br>Dr Danie O'Kennedy<br>Ds Melanie Smit<br>Ds Hannes Theron | Dr Elize Morkel<br>Mnr André Westraat |
| 75 | Herbertsdale | Ds Hennie Stander | Mnr Willie Erasmus |
| 76 | Hermanus | Ds Corné Kemp<br>Ds Charel Nel | Mnr Gerhard Burger<br>Mnr Hugo Hanekom |
| 77 | Herold | Ds Gert Nothnagel | Me Maretha van der Westhuizen |
| 78 | Hopefield | Ds Clifford James | Mnr Pieter Cilliers |
| 79 | Hottentots-Holland | Ds Ewald Jansen van Rensburg<br>Ds Hennie Fouché | Prof Christo Bester<br>Mnr Heinrich Venter |
| 80 | Houtbaai | Ds Gerhard Pietersen | Mnr Jelte Feenstra |
| 81 | Kaapstad | Ds Riaan de Villiers<br>Ds Johan van Rooyen | Me Marthie Schoeman<br>Mnr Louis van der Riet |
| 82 | Kamieskroon | Ds Jimmy de Villiers | Mnr Marius van Wyk |
| 83 | Kangovalleie | Ds Smuts Janse van Rensburg | Me Anza de Jager |
| 84 | Karatara | Ds Marius Coetzee<br>Ds Francois van Tonder | Mnr Freek Eksteen<br>Mnr Barry Gerber |
| 85 | Kenridge | Dr Johann du Plessis<br>Ds Willem Lötter<br>Ds Johan Steenkamp<br>Ds Christi Thirion | Me Linda Hoffman<br>Me Melanie Thirion<br>Mnr Philip Venter |
| 86 | Klawer | Ds John Smit | Me Nella Wiese |
| 87 | Kleinmond | Ds Barry Lordan<br>Ds Nico Rabe | Mnr Francois Cruywagen<br>Mnr Nico Jacobs |
| 88 | Knysna | Dr Daniel de Wet<br>Ds Christo Landman | Mnr Gerrit Barnard<br>Mnr Hector Dreyer |
| 89 | Koringberg | Ds Arnold van der Westhuizen | Mnr Henri Warnich |
| 90 | Kraaifontein | Dr Andrie Kilian | Mnr Oupa Matthee |
| 91 | Kraaifontein-Noord | Ds Heinrich Götze<br>Dr Johann Theron | Dr Colin Carstens<br>Me Jo-Anne Smuts |
| 92 | Kuilsrivier | Dr Willie Cilliers<br>Ds Helené Fouché | Mnr Nico Burger<br>Mnr Dennis Horn |
| 93 | Kuilsrivier-De Eike | Ds Chris Barnardo<br>Ds Hannes Burger<br>Ds Johan Morkel | Me Sorina Greeff<br>Me Daphne Jordaan |
| 94 | Kuilsrivier-Digtebij | Ds Bianca Botha | Me Joey Swart |
| 95 | Kuilsrivier-Suid | Ds Hennie du Pisanie<br>Ds Jannie du Plessis<br>Ds John le Roux | Mnr Reggy Berry<br>Mnr Diederick Gerber<br>Me Suzette van der Merwe |
| 96 | La Belle | Ds Johan Vollgraaff | Mnr Andrew Wiid |
| 97 | La Rochelle | Dr Elsje Büchner<br>Ds Wouter Olivier<br>Ds Willem Venter | Mnr Pieter Anker<br>Mnr Johnny Lourens |
| 98 | Laaiplek | Ds Kotie Kritzinger | Mnr Paul Fouché |
| 99 | Ladismith | Ds Daan Fourie | Mnr Frits Saayman |
| 100 | Laingsburg | Ds Chris Cronje | Me Petra Ackerman |
| 101 | Lambertsbaai | Ds Adriaan Haasbroek | Mnr David Smit |

| Nr | Gemeente | Predikant (of sekundus) | Kerkraadslid |
|---|---|---|---|
| 102 | Langebaan | Ds Kobus de Kock<br>Ds Gert Oosthuizen | Mnr Ewald Schoeman<br>Mnr Coenie van der Berg |
| 103 | Leeu-Gamka | | Mnr Danie le Grange |
| 104 | Leipoldtville | Ds Hennie de Kock | Me Anne Laubscher |
| 105 | Loeriesfontein | Dr Nico van der Westhuizen | Mnr Lammie Brand |
| 106 | Lourensrivier-Strand | Ds Petrie de Villiers<br>Ds Leopold van Huyssteen | |
| 107 | Lutzville | Ds Hennie Burden<br>Ds Wikus Lambrechts | Me Christelle Huisamen<br>Mnr Jacob Louw |
| 108 | Maitland | Dr Charlene van der Walt | Me Amanda Wileman |
| 109 | McGregor | Ds Hennie Strydom | Mnr Christiaan Viviers |
| 110 | Melkbosstrand | Dr Marius Falck<br>Ds Kenny Pritchard<br>Dr Hennie Swanepoel | Me Elsabe Thiart<br>Mnr Cornelius Pepler |
| 111 | Merweville | Ds Herman Burger | Mnr Johan Van Heerden |
| 112 | Montagu | Dr Kobus de Jager<br>Ds Charl van Rensburg | Mnr Kallie Coetzee<br>Prof Flip de Wet |
| 113 | Monte Vista | Ds André Reyneke<br>Ds Jako van Dyk | Mnr Christie Esterhuyse<br>Me Wilna Swart |
| 114 | Moorreesburg | Ds Daan Wium | Mnr Tom de Koker<br>Me Franci de Koker |
| 115 | Mosselbaai | Ds Pierrié Kies<br>Ds Henri Meyer<br>Dr Gerrie van Deventer | Me Lorinda Maritz<br>Mnr Cor Muller<br>Me Marie van Nierop |
| 116 | Mosselbaai-Suid | Ds Robert Knobel<br>Ds André Kritzinger<br>Ds Danie Smit | Me Anna van der Westhuizen<br>Me Elizé Wolmarans |
| 117 | Murray | Ds Deon Koegelenberg<br>Ds Andrew Kruger<br>Ds Louis Smith | Mnr Retief Jordaan<br>Mnr Bernard Joubert<br>Mnr Martin van Niekerk |
| 118 | Namakwaland | Ds Steyn McCarthy<br>Ds Nicol Smit | Mnr Christie Dippenaar<br>Mnr Buks Mostert |
| 119 | Napier | | |
| 120 | Nieuwoudtville | Ds Elmo Evert | Mnr Kolie Louw |
| 121 | Nuwerus | Ds Paul Langeveldt | Mnr Dirk van der Westhuizen |
| 122 | Observatory | | Me Madaleen du Toit |
| 123 | Onrusrivier | Dr Wilhelm Burger<br>Ds Michiel de Kock | Mnr Carel van der Merwe<br>Mnr Piet van Zyl |
| 124 | Oostersee | Dr Marius Nel<br>Ds Jampie Nel | Mnr Gerhard Barnard<br>Mnr Nelis Cronje |
| 125 | Op-die-Berg | Ds Bossie Muller<br>Mnr Pieter Grove (Sek) | Mnr Stephan Naude<br>Mnr Willem Reynolds |
| 126 | Ottery | Ds Lizette Louw | Me Louna Erasmus |
| 127 | Oudtshoorn | Ds Schalk Kotzé<br>Ds Gerrit van Schalkwyk | Me Anita Koen<br>Ds Stronkie van Wyngaard |
| 128 | Oudtshoorn-Noord | Ds Wilmar Matthee | Mnr Zannie van der Walt |
| 129 | Oudtshoorn-Park | Ds Jannie Fourie | Mnr Kobus Nel |
| 130 | Oudtshoorn-Suid | Mnr Naas Jonker (Sek) | Me Maria Killian |
| 131 | Oudtshoorn-Welgeluk | Ds Andries Potgieter | Mnr Bennie Ungerer |
| 132 | Oudtshoorn-Wes | Ds Jan Marais<br>Ds André Orffer | Mnr Christo Cloete<br>Me Magriet Jacobs |
| 133 | Outeniqualand | Ds Japie Beyers | Mnr Almero de Lange |

| Nr | Gemeente | Predikant (of sekundus) | Kerkraadslid |
|---|---|---|---|
| 134 | Paarlberg | Ds Hugo Biermann<br>Ds Bernard Malherbe<br>Dr Pieter van der Walt<br>Ds Christo van Staden | Mnr Stephan Krige<br>Mnr Hubert Loubser<br>Mnr Mike van Vuuren<br>Mnr Johan Visser |
| 135 | Paarl-Vallei | Dr Deon Bester<br>Ds Gawie van Broekhuizen | Mnr Anton Christie<br>Mnr Ben de Goede |
| 136 | Parke-gemeente | Dr Quintus Heine<br>Ds Charl Stander<br>Mnr Hannes Human (Sek) | Me Elsabe Burmeister<br>Mnr Chris Groenewald<br>Mnr Ryno van Jaarsveld |
| 137 | Parow | Ds Stephan Bredenhann<br>Ds Arrie van Eck | Mnr Robbie Barnard<br>Mnr Gert van Wyk |
| 138 | Parow-Noord | Ds George Rauch | Me Elise van Niekerk |
| 139 | Parow-Panorama | Ds Etienne Nolte | Me Irénke Berko<br>Me Ronel Nolte |
| 140 | Parowvallei | Ds Riaan Britz | Me Rosa Fölscher |
| 141 | Parowvallei-Oos | Dr Theo Swart | Mnr Kobus Smit |
| 142 | Parow-Welgelegen | Ds Alwyn Carstens<br>Dr Michiel Strauss<br>Ds Divan Vrey | Mnr Dario Carzola<br>Mnr Piet Koornhof<br>Mnr Raymond Strydom |
| 143 | Philadelphia | Ds Philip Davids | Mnr Deon Lourens |
| 144 | Piketberg | Ds Martin Goosen<br>Ds Johan Smit | Me Hanlie Linde<br>Mnr Driaan Pretorius |
| 145 | Pinelands | Dr Tiana Bosman | Me Hanlie Marais |
| 146 | Plettenbergbaai | Ds Chris du Preez<br>Ds Willie Smith | Mnr André Ebersohn<br>Me Charmaine Smith |
| 147 | Plumstead | Ds Hannes Koegelenberg | Mnr Ronald van Zyl |
| 148 | Pofadder | Ds Alwyn Roux | Mnr Wynie Maass |
| 149 | Port Nolloth | Ds Aldo Liebenberg | Mnr Eddie Engelbrecht |
| 150 | Porterville | Ds Rikus Fouché<br>Ds Albé Theunissen | Mnr Leopold Human<br>Mnr Willem van der Merwe |
| 151 | Prince Alfred’s Hamlet | Ds Pieter Roeloffse | Mnr Danie Goosen |
| 152 | Prins Albert | Ds Chris Briers | Mnr Johan Badenhorst |
| 153 | Redelinghuys | Ds Jan van Schoor | |
| 154 | Reebok | Ds Chris de Wet<br>Ds Gerhard van Dyk<br>Dr Kobus van Zyl | Mnr Willem Bezuidenhout<br>Me Connie Bezuidenhout<br>Mnr Kruger de Wet |
| 155 | Richmond | Ds Erik Botha | Mnr Hendrik Ackermann |
| 156 | Riebeek-Kasteel | Ds André du Plessis | Me Jessie Graven |
| 157 | Riebeek Valley CC | | |
| 158 | Riebeek-Wes | Ds André Duvenhage | Mnr Hannes Laubscher |
| 159 | Riversdal | Ds Andrè Jordaan<br>Ds Jasper van der Westhuizen | Mnr Kobus Fourie<br>Mnr Stephan Lamprecht |
| 160 | Riversdal-Wes | Ds Deon Beyers | Mnr Langenhoven Saayman |
| 161 | Riviersonderend | Ds Kobus Pretorius | Me Joanie Pretorius |
| 162 | Robertson | Ds Marius Joubert | Me Ansie Joubert |
| 163 | Robertson-Oos | Ds Ken Pritchard<br>Ds Almo Zietsman | Mnr Deon Joubert<br>Mnr Koos Joubert |
| 164 | Rondebosch | Ds Jan Momsen | Me Karen Nefdt |
| 165 | Ruyterwacht | Ds Thinus Jansen van Vuuren | Mnr Pikkie Conradie |
| 166 | Saldanha | Ds Jakes Barnard<br>Ds Kotzé Olivier | Me Liesel Botes<br>Mnr Wikus Jansen van Rensburg |
| 167 | Simon van der Stel | Me Jacoba Hanekom (Sek) | Mnr Willem Hanekom |
| 168 | Simondium | Dr Eddie Orsmond | Mnr Michael Koch |
| 169 | Simonstad | Ds Danie Batt | Me Lynne Marais |

| Nr | Gemeente | Predikant (of sekundus) | Kerkraadslid |
|---|---|---|---|
| 170 | Somerset-Wes | Ds Johan van Niekerk | Mnr Chris Miles |
| 171 | Sonnekus | Ds Riaan Esterhuyse | |
| 172 | Sonstraal | Ds André Agenbag<br>Ds Andries Cilliers<br>Ds Johann Schutte<br>Ds Cassie Wait | Me Sarah Groenewald<br>Ds Carika Hanekom<br>Mnr Jakoos Olivier<br>Mnr Johan Zaayman |
| 173 | St Helenabaai | Ds Richard Holloway | Mnr Willie Spamer |
| 174 | St Stephens | Dr Lectus Steenkamp | Mnr Deon Beyers |
| 175 | Stanford | Ds Neil Olwagen | Mnr Johan van Zyl |
| 176 | Stellenberg | Ds Marius Breytenbach<br>Ds Anriëtte de Ridder<br>Ds Why Duvenhage<br>Ds Bremer Gericke<br>Dr Braam Hanekom<br>Ds Callie Visagie | Mnr Jan Odendaal<br>Mnr Kobus Otto<br>Mnr Hennie Pretorius<br>Mnr Mike van Deventer<br>Me Karen Visagie |
| 177 | Stellenbosch | Ds Marié Britz<br>Ds Irénée Heyns<br>Dr Frederick Marais<br>Dr Johan van der Merwe<br>Dr Richard van Wyk<br>Ds Jan van Zyl | Me Giselle Botha<br>Mnr Jan Greyling<br>Mnr Estian Mentz<br>Mnr Amos Petersen<br>Mnr Ruben Scheepers<br>Mnr Lionel Hutton |
| 178 | Stellenbosch-Noord | Ds Liena Hoffman<br>Ds Lambert Jacobs<br>Dr Retief Müller | Me Ammi de Villiers<br>Prop Ettienne Ellis<br>Me Miriam Terblanche |
| 179 | Stellenbosch-Sentraal | Ds Dolf du Plooy | Dr Kosie Smit |
| 180 | Stellenbosch-Welgelegen | Ds Theunis Botha<br>Dr Coenie Burger<br>Ds Leon Cronje<br>Dr Leon Fouché<br>Ds Monty Sahd | Prof Johan de Villiers<br>Mnr Ronnie Kriel<br>Me Nadia Marais<br>Me Susan van Zyl |
| 181 | Stellenbosch-Wes | Dr Almatine Leene | Mnr Carel van der Merwe |
| 182 | Stilbaai | Ds Vian Louw<br>Ds Francois Taljaard | Me Lorraine Jardine<br>Mnr Zas van Eeden |
| 183 | Strand-Noord | Ds Leon Marais<br>Ds Marcell Mey<br>Ds Constant van der Merwe | Mnr Steph du Toit<br>Mnr Frans Joubert<br>Mnr Gert Moelich |
| 184 | Suider-Paarl | Ds Theo Hay<br>Ds Carel van Wyk | Ds Nico Kriek<br>Mnr Johan Pienaar |
| 185 | Suider-Strand | Ds Christo Benadé<br>Ds Samantha Chamberlain<br>Ds Carel Smith<br>Ds Gerhard Stoffberg | Me Gerrie Lambrechts<br>Me Sulet van der Bergh<br>Me Dalene van Schalkwyk |
| 186 | Suidpunt | Ds Franziska Andrag-Meyer<br>Ds Dirk Oosthuizen | Me Christa Visser<br>Mnr Nic Visser |
| 187 | Sutherland | Ds Wilhelm Jordaan | Me Heiletje Coetzee |
| 188 | Swartland | Ds Friederich Claassen<br>Ds Johan O'Kennedy<br>Ds Jacobus Snyders<br>Ds Hans Steyn | Me Marianna Barnard<br>Mnr Willie Basson<br>Mnr Louw Benadé<br>Mnr Kallie Spamer |
| 189 | Swartland-Noord | Ds George Prinsloo<br>Ds Jan Steyn | Mnr Siebert Coetzee<br>Mnr Appie van der Merwe |
| 190 | Swellendam | Ds Gawie Gouws<br>Ds Hennie van Wyk | Me Maryna Jansen van Rensburg<br>Mnr Matthias Streicher |

| Nr | Gemeente | Predikant (of sekundus) | Kerkraadslid |
|---|---|---|---|
| 191 | Tableview | Ds Johannes Mouton<br>Ds Niel Steyn | Prop Miga Coetsee<br>Ds Geo de Kock |
| 192 | Tafelberg | | Mnr Gielie Mulder |
| 193 | Tamboerskloof | Ds Hendrik Scott | Mnr Luan Serfontein |
| 194 | Thornton | Ds Koos Janse van Rensburg | Me Ria Theron |
| 195 | Toringkerk | Ds Jaco Thom<br>Ds Jana Visagie | Mnr Ryno Els<br>Mnr Dries Erwee |
| 196 | Touwsrivier | Ds Nico Grobler | Me Beatie Cynkin |
| 197 | Tulbagh | Ds Chris Eksteen | Me Riana Furniss |
| 198 | Uniondale | Ds Petrus Carstens | Mnr Wilhelm Keyser |
| 199 | Vandermerwe | Ds Jakkie du Preez<br>Ds Willem Liebenberg | Mnr Kevin Godfrey<br>Mnr Johan Rheeders |
| 200 | Vanwyksdorp | Ds Bertus Jordaan | Mnr Andre Britz |
| 201 | Vanrhynsdorp | Ds Christoff Koch | Mnr Matt Kellerman |
| 202 | Vasco | Ds Willie Viljoen | Me Estelle Visser |
| 203 | Velddrif | Ds Charl van Schalkwyk | Mnr Freddie Oosthuizen |
| 204 | Victoria-Wes | Ds Manus Duminy | Mnr Luther Vlok |
| 205 | Villiersdorp | Ds MC Engelbrecht<br>Dr Chris Franken | |
| 206 | Vishoek | Ds Martin Barnard<br>Ds Jan van Heerden | Mnr Bokkie du Rand<br>Mnr Frik Terblanche |
| 207 | Volmoed | Ds Andre Fourie | Mnr Johan van der Nest |
| 208 | Vredelust | Ds Tertius van den Berg<br>Ds Leon Venter | Mnr Chris Mathys |
| 209 | Vredenburg | Ds Erik Basson<br>Ds Thys du Toit | Mnr Martiens Victor<br>Me Adela Adlem<br>Me Suselna Theart |
| 210 | Vredenburg-Akkerdyk | Ds Willie Greeff | Ds Marius Britz |
| 211 | Vredendal | Ds Jan Fourie<br>Ds Anton Verwey | Me Miemie van Tiddens<br>Me Katinka Voight |
| 212 | Vredendal-Wes | Ds Pottie Viviers | Mnr Carel van der Merwe<br>Mnr Alro van der Spuy |
| 213 | Vrijzee | Dr Johan Janse van Rensburg | Me Noeleen Kempen |
| 214 | Welgemoed | Ds Nelis Janse van Rensburg<br>Ds Heerden van Niekerk<br>Ds Wouter van Velden<br>Dr Danie van Zyl | Dr Kristy Hansen<br>Mnr Berté le Roux<br>Mnr Christo Spies<br>Mnr Marcel van der Walt |
| 215 | Wellington | Ds Eric Bernardo<br>Ds Lettie Büchner<br>Ds Bennie Janse van Rensburg<br>Prof Christo Thesnaar<br>Dr Willie van der Merwe | Mnr Riaan Enslin<br>Prop Angelique Havenga<br>Mnr Kobus Mouton<br>Mnr Dawie Theron<br>Mnr Jandré Viljoen |
| 216 | Wellington-Noord | Ds Francois Human | Mnr Johan Crous |
| 217 | Wellington-Oos | Ds Jan Grobbelaar<br>Ds Nico van As<br>Dr Hennie van Deventer<br>Dr Ryk van Velden | Mnr Manie Jurgens<br>Me Alet Berry<br>Mnr Raymond Driescher<br>Mnr Danie Theart |
| 218 | Wolseley | Ds Wouter van Velden | Mnr Dirk Viljoen |
| 219 | Worcester | Ds Nioma Venter<br>Ds Jurie Wessels | Mnr Carel van der Merwe<br>Me Sonja van Deventer |
| 220 | Worcester-Audenberg | Ds GP Kellermann<br>Ds Kobus Kriel | Mnr Dippie Dippenaar<br>Mnr Vasie Hager |
| 221 | Worcester-Brandwag | Ds Danie le Roux | Me Christina van der Merwe |

| Nr | Gemeente | Predikant (of sekundus) | Kerkraadslid |
|---|---|---|---|
| 222 | Worcester-De la Bat | Ds Andri Eloff<br>Ds Mia Lintvelt<br>Ds Jan Oberholzer | Prop Anthony Salie<br>Me Louise van Belkum<br>Me Betty Wanza |
| 223 | Worcester-Noord | Ds Phanus Bester<br>Ds Johan Nieuwenhuizen | Mnr Gerhard Swart<br>Mnr Bennie Visser |
| 224 | Worcester-Oos | Ds Chris Cronje<br>Ds Dennis Douglas | Mnr Koos Conradie<br>Me Freda du Toit |
| 225 | Worcester-Vallei | Ds Stefaans Burden<br>Ds Rousseau Malan<br>Ds Hans Steyn | Me Marie-Louise du Preez<br>Me Maretha Hofmeyr<br>Me Ster Maree Stofberg |
| 226 | Wynberg | Dr Danie Nel | Mnr Kenneth Williams |
| 227 | Ysterplaat | Ds Hannes Steenkamp | Me Marie van Rhyn |
| 228 | Ysterplaat-Suid | Ds André Lötter | Mnr Jurie Matthee |
| 229 | Zwaanswyk | Ds Dewald Louw | Mnr Hennie Terblanche |

## Predikante in Sinodale Diens (PSD's)

Diensgroep vir Armoede en Sorg: Dr Deon Bruwer, dr Koos Van der Vyver en ds Carl Swart.
Diensgroep vir Getuienis: Dr Johan Botha en dr Kobus Odendaal.
Diensgroep vir Gemeentebegeleiding: Ds Gielie Loubser, dr Pierre Goosen en ds Peter Adams.
Diensgroep vir Toerusting: Dr Ben du Toit.
Diensgroep vir Ondersteuning: Ds Bossie Minnaar.
(Sommige PSD's is gekoppel aan gemeentes en is afgevaardigdes van daardie gemeentes: Dr Braam Hanekom, dr Coenie Burger, dr Frederick Marais, dr Francois Wessels en ds Leon Venter.)

## Verteenwoordiger

Vrouebegeleiding: Antoinette Muller.

## Samewerkende ringe se VGKSA-lede

Wesland: Ds Eugéne Beukes en ds Lysander Prins.
Tulbagh: Ds Sean Esterhuizen en ds George Cloete.

## Gemeentejaarstudente

Me Nicola Alberts, me Rozelle Bosch, me Annemarie de Kock Malan, mnr Anton Duvenhage, mnr Marnus Havenga, mnr Nico Lochner, mnr Lenois Stander, mnr Schalk Treurnicht en me Maryke Uys. (Enkele klaslede is as volwaardige kerkraadslede afgevaardig: Me Odile Joubert, me Konette van Rooyen, mnr Stephan Naude en mnr Amos Petersen.)

## Personeel en diverse ander persone

**Administrasie**
Me Mickey Bouwer, me Karen Minnaar, mnr Kenny Raats, me Salomi Steenkamp, me Elmien Theron en me Stephanie van der Merwe.

**Kommunikasie**
Me Marieta Visagie.

**Media**
*Die Burger*: Me Anika Marais.
*Kerkbode*: Mnr Neels Jackson, me Conette le Roux.
*LiG*: Me Francine van Niekerk.




- Aftrede en belegging
- Gesondheid en welstand
- Persoonlike finansiële beplannig
- Lewens- en ongeskiktheidsdekking

www.alexanderforbes.com

'n Gelisensieerde finansiële diensteverskaffer

ALEXANDERFORBES


Securing your financial well-being

BYBEL-MEDIA

# Bybel-Media

## is ’n kerklike diens wat Christelike inhoud vir geloofsvorming en bediening beskikbaar stel.

- Ons inhoud is teologies verantwoord en maklik toeganklik. Dit is
  - inklusief
  - oopkop
  - eg Suider-Afrikaans
- en in ’n verskeidenheid formate vir verskillende ouderdomsgroepe beskikbaar:
  - as kursusse
  - gedruk
  - digitaal.
- Verder borg ons ’n reeks ontwikkelingsinisiatiewe:
  - opleiding
  - bemagtiging van nie-lesers
  - ontwikkeling van eietydse kerkmusiek
  - geestelike opbou van gevangenes.



pwc